



**DIE IDEOLOGIESE GRONDSLAE EN ONTWIKKELING
VAN DIE BLANKE FASCISTIESE BEWEGINGS
IN SUID-AFRIKA, 1945-1995**

deur

MYDA MARISTA VISSER

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

**Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria
Pretoria
1999**

Leier: Dr. J.E.H. Grobler
Medeleier: Mej. M. van Heerden



"Do not let yourself be confused by the uproar that will now reign throughout the world. The lies will one day break down under their own weight and the truth will again triumph. The hour will come when we shall stand pure and undefiled as our aims and our beliefs have always been."

- *Dr. Joseph Goebbels, Bertyn, 1945-04-28*

"Within fifteen years we will begin to be talked about again, and within twenty nazism will again be a force."

- *Dr. Alfred Rosenberg, Nürnberg, 1946*

"A new movement is starting in the outside world. The renaissance of the National Socialist Movement has begun We are beginning the struggle for our ideas and for the liberation of the world from Jewish domination. The day will come when the swastika flag will fly again ..."

- *National Socialist Movement, Londen, 1963*

"Groot was hy wat eenkeer gesê het: 'Alleen wie veg om sy reg, het die reg om te lewe, want op hierdie aardbol is daar geen plek vir lafaards nie.' Die skepper van hierdie wysgerige slagkreet is ongelukkig nie meer daar nie. ... Sy naam sal egter voortlewe totdat hierdie planeet weer soos eens sonder mense deur die eter sweef. Die Kommunistiese vloedwaters rol onheilspellend nader. Traag, misdadig traag, kom die Weste tot besinning ... Groot, onmiskenbaar groot, sal sy naam eendag weer aan die Westerse uitspannel verskyn ... Adolf Hitler!"

- *Robey Leibbrandt, Suid-Afrika, 1966*

"...Great hatred, little room,
Maimed us at the start.
I carry from my mother's womb
A fanatic heart."

- *W.B. Yeats*



INHOUD

BEDANKINGS	i
AFKORTINGS	ii
DEFINISIES	iv
INLEIDING	1
HOOFSTUK I	
FASCISME EN DIE VOORTBESTAAN DAARVAN NA 1945	
1. <u>Die fascistiese raaisel</u>	9
2. <u>Die algemene fascisme</u>	11
a. 'n Definisie van die algemene fascisme	11
b. Kernidees van die algemene fascisme	13
i. Populistiese ultra-nasionalisme	13
ii. Rassisme	15
iii. Revolusionêre idealisme	16
iv. Elitisme	17
v. Modernisme	18
vi. Ekonomiese beleid	19
vii. Buitelandse beleid	20
viii. Die fascistiese paradoks	20
c. Fascisme en die regs	21
3. <u>Die voortbestaan van die fascisme na 1945</u>	23
a. Denazifikasie en die Koue Oorlog	24
i. Die Geallieerde oormame van Italië en Duitsland	24
ii. Die aanvang van die Koue Oorlog	25
iii. Die Nazi-vlugtelinge	27
b. Die opkoms van die na-oorlogse fascisme	29
i. Koördinerings van aktiwiteite	30
ii. Fascistiese internasionalisasie	31
iii. Fascisme en regse ekstremisme	34
4. <u>Die omvang van die na-oorlogse fascisme</u>	35
a. Neo-Nazisme	36



i.	Nostalgieese fascisme	36
ii.	Mimetiese fascisme	37
b.	Neo-fascisme	39
i.	Kripto-fascisme	39
ii.	Holocaust Revisionisme	40
iii.	Die Konserwatiewe Revolusie	41
iv.	Revolusionêre Nasionalisme	43
c.	Hoofkenmerke van die na-oorlogse fascisme	44
i.	Organisatoriese ingewikkeldheid en ideologiese verskeidenheid	44
ii.	Ideologiese en organisatoriese vernuwing	44
iii.	Die internasionalisering van die fascisme	45

HOOFSTUK II

FASCISME IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE FASCISTIESE ERA, 1922-1945

1.	<u>Die ontstaan van die fascisme in Suid-Afrika</u>	48
2.	<u>Suid-Afrika en die Nasionaal-Sosialisme</u>	49
a.	Die Duitsers in Suid-Afrika	49
b.	Die ontstaan van die Nazi-beweging in Suid-Afrika	50
c.	Nazi-aktiwiteite in die Unie	52
i.	Die Duitse gemeenskap	52
ii.	Spioenasie	54
iii.	Propaganda	56
3.	<u>Inheemse fascistiese bewegings</u>	58
a.	Anti-Semitiese geüniformeerde bewegings	58
i.	Die Gryshemde	59
ii.	Ideologiese beskouings	59
iii.	Die Gryshemde as fascistiese beweging	62
iv.	Ander anti-Semitiese geüniformeerde bewegings	63
b.	Die Ossewa-Brandwag	63
i.	Stigting	63
ii.	Dr. J.F.J. van Rensburg	64
iii.	Ideologiese beskouings	65
iv.	Die Ossewa-Brandwag as fascistiese beweging	69
c.	Die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle	70
i.	Robey Leibbrandt	70
ii.	Ideologiese beskouings	71
iii.	Die stigting van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle	72

iv.	Inhegtenisname en vonnis	72
v.	Die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle as fascistiese beweging	73
d.	Die Nuwe Orde	74
i.	Oswald Pirow	74
ii.	Die stigting van die Nuwe Orde	75
iii.	Ideologiese beskouings	75
iv.	Die Nuwe Orde as fascistiese beweging	78
4.	<u>Die verval van die fascisme in Suid-Afrika</u>	79
a.	Die ontbinding van die fascistiese bewegings	79
i.	Die Gryshemde	79
ii.	Die Ossewa-Brandwag	81
iii.	Robey Leibbrandt	82
iv.	Die Nuwe Orde	82
b.	Die vervolging van kollaborateurs	83
c.	Die Nasionale oorwinning van 1948	85
5.	<u>Fascisme en Afrikanemasionalisme</u>	86
a.	Die opkoms van die Nasionale Party en Afrikanemasionalisme	86
b.	Die invloed van die fascisme op Afrikanemasionalisme en Apartheid	88
 HOOFSTUK III		
NEO-NAZISME IN SUID-AFRIKA: NOSTALGIESE FASCISME, 1945-1995		
1.	<u>Nostalgiese fascisme</u>	90
2.	<u>Die Duitsers</u>	90
a.	Nazi immigrante	90
b.	Kontak met die buiteland	93
c.	Duitse organisasies en koerante	95
i.	Deutscher Arbeitskreis	95
ii.	Kameradschaft ehemaliger Deutscher Soldaten und Internierter	95
iii.	Hulpvereniging "Freiheit für Rudolf Hess"	96
iv.	Duitse koerante	98
3.	<u>Die Suid-Amerikaanse verbintenis</u>	99
4.	<u>Die Britse bewegings</u>	101
a.	Die Mosleyiete	101
i.	Oswald Mosley	101



ii. Mosleyiete in Suid-Afrika	102
b. Die Candour League	103
i. A.K. Chesterton	103
ii. Die Candour League of South Africa	105
5. <u>Afrikanerbewegings</u>	105
a. Die Boerenasie	106
i. Stigting	106
ii. Ideologiese beskouings	107
iii. Die Boerenasie as fascistiese beweging	108
b. Die Afrikaner Weerstandsbeweging	109
i. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis	109
ii. E.N. Terre'Blanche	111
iii. Organiseringsstruktuur	114
iv. Ideologiese beskouings	116
v. Die AWB en ander regse organisasies	124
vi. Simboliek	125
vii. Die AWB as fascistiese beweging	127
HOOFSTUK IV	
NEO-NAZISME IN SUID-AFRIKA: MIMETIESE FASCISME, 1970-1995	
1. <u>Mimetiese fascisme</u>	131
2. <u>Die National Front</u>	131
a. Die National Front in Brittanje	131
b. Die South African National Front	133
c. Brendan J. Willmer	134
d. Die South African Patriot	135
3. <u>Die Wit Kommando</u>	136
4. <u>Die Ku Klux Klan</u>	137
a. Die Ku Klux Klan in die VSA	137
i. Die oorspronklike beweging	137
ii. Die KKK-herlewing	138
iii. Die KKK na 1945	140
b. Die Ku Klux Klan in Suid-Afrika	141
5. <u>Die NSDAP/AO-SA</u>	142



a.	Die NSDAP/AO in die VSA	142
b.	NSDAP/AO-SA in Suid-Afrika	144
6. <u>Die Kerk van die Skepper</u>		146
a.	Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis	146
b.	Ideologiese beskouings	148
c.	Die Kerk van die Skepper as fascistiese beweging	155
7. <u>Die Blanke Bevrydingsbeweging</u>		156
a.	Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis	156
b.	Ideologiese beskouings	159
c.	Die BBB en ander regse bewegings	163
d.	Die BBB as fascistiese beweging	164
8. <u>Die Vermeulen-netwerk</u>		165
a.	Die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste	165
b.	Die Wêreld-Apartheidsbeweging	167
c.	Die Wêreld-Preserviste-Beweging	168
d.	Die Nasionaal-Sosialistiese Partisane	170
e.	Internasionale bande	172
9. <u>Suid-Afrikaanse Skinheads</u>		172
 HOOFSTUK V		
NEO-FASCISTIESE GROEPERINGS IN SUID-AFRIKA, 1970-1995		
1. <u>Neo-fascisme</u>		174
2. <u>Kripto-fascisme</u>		174
a.	Politieke drukgroepe	174
i.	Deutsche Bürgerinitiative	174
ii.	Die National Forum	176
iii.	Publikasies en uitgewersgroepe	178
b.	Politieke partye en bewegings	182
i.	Die Herstigte Nasionale Party	182
ii.	Die Konserwatiewe Party	183
iii.	Die Boerestaat Party	185
iv.	Ander regse bewegings	188
3. <u>Holocaust Revisionisme</u>		188

a.	Die ontstaan en ontwikkeling van die Holocaust Revisionisme	189
b.	Die Holocaust Revisionisme in Suid-Afrika	192
4.	<u>Die Konserwatiewe Revolusie</u>	196
a.	Die romantieke nasionalisme	197
b.	Anti-liberalisme, anti-materialisme en die beklemtoning van etnisiteit	199
c.	Elitisme en die aristokratiese wêreldbeskouing	200
HOOFSTUK VI		
DIE IDEOLOGIESE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE FASCISME		
1.	<u>Europese en Suid-Afrikaanse ideologiese grondslae</u>	203
a.	Palingenetiese ultra-nasionalisme	204
b.	Rassisme	207
i.	Idees oor rassemeerderwaardigheid	207
ii.	Die Ariese mite en Germaanse kultus	210
iii.	Anti-Semitisme	213
c.	Revolusionêre idealisme	216
i.	Fascistiese aktivisme	216
ii.	Fascistiese simboliek	218
d.	Elitisme en die totalitêre staat	222
e.	Ekonomiese beskouings	224
f.	Organisatoriese en ideologiese verskeidenheid	226
2.	<u>Kriteria vir die totstandkoming van die fascisme</u>	227
3.	<u>Fascistiese bewegings in perspektief</u>	229
4.	<u>Gevolgtrekking</u>	231
	BRONNE	237
	OPSOMMING	247
	SUMMARY	249

BEDANKINGS

Die voltooiing van so 'n uitgebreide studie is 'n groot en omvattende taak wat nie sonder 'n mate van frustrasie geskied nie. Sonder die morele onderskraging van vriende en familie sou dit nie moontlik gewees het nie. Ook 'n besondere woord van dank aan my studieleiers, dr. J.E.H Grobler en Mej. M. Van Heerden, vir hul geduld en woorde van aanmoediging.

Ek is verder dankbaar teenoor die personeel van die Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria vir die vele biblioteeklenings wat hulle moes verwerk, asook teenoor diegene wat die moeite gedoen het om my briewe te beantwoord, en in besonder:

Aaron Breitbart, navorsingsbeampte van die Simon Wiesenthal Sentrum in Kalifornië, VSA;
George Harris, die skrywer van *The dark side of Europe* (Edinburgh, 1994); en
Margot Trask, bibliotekaresse van die Institute of Contemporary History and Wiener Library Limited in Londen, Brittanje.

Die geldelike bydrae van die Universiteit van Pretoria in die vorm van 'n Nagraadse Studiebeurs en die toekenning van die Nederlandse Studiefondsbeurs vir Nagraadse Studente deur die Nederlandse Ambassade, word met dankbaarheid erken.

M.M. Visser

Pretoria, November 1999



AFKORTINGS

ADK	Afrikaans-Duitse-Kultuurvereniging
AET	Aksie Eie Toekoms
AFB	Afrikaner Fascistiese Beweging
ANS	Afrikaner Nasionaal-Sosialiste
AO	Auslandsorganisasie [Buitelandse Afdeling]
AV	Afrikaner-Volkswag
AVF	Afrikaner-Volksfront
AWB	Afrikaner Weerstandsbeweging
AZAPO	Azanian People's Organisation
BBB	Blanke Bevrydingsbeweging
BNB	Blanke Nasionale Beweging
BNP	British National Party
BSP	Boerestaats Party
BSS	British Secret Service
BOSS	Bureau of State Security
BUF	British Union of Fascists
BVB	Boere Vryheidsbeweging
BWB	Boere Weerstandsbeweging
CEDADE	Circulo Español de Amigos de Europa [Spaanse Kring van Vriende van Europa]
CFR	Council of Foreign Relations
CIA	Central Intelligence Agency
CIC	United States Counter Intelligence Corps
COTC	Church of the Creator
CP-86	Centrum Partij 86 [Sentrumparty 86]
CROWCASS	Central Registry of War Criminals and Security Suspects
DAF	Deutsche Arbeitsfront [Duitse Arbeidsfront]
DBI	Deutsche Bürgerinitiative [Duitse Burgers Inisiatief]
DDF	Die Dietse Federasie
DRP	Deutsche Reichspartei [Duitse Ryksparty]
DVU	Deutsche Volks Union [Duitse Volksunie]
ECA	European Cultural Association
ELO	European Liaison Office
EPM	European People's Movement
FANE	Fédération d'action nationale et européenne [Federasie van Nasionale en Europese Aksie]
FN	Front National [Nasionale Front]
FNE	Faisceaux nationaux et européens [Nasionale en Europese Vereniging]
GESTAPO	Geheime Staatspolizei [Veiligheidspolisie]
GRECE	Groupement de recherche et d'études pour la civilisation européenne [Navorsings- en Studiegroep oor die Europese Beskawing]
HIAG	Hilfsgemeinschaft auf Gegenseitigkeit der Soldaten der Ehemaligen Waffen-SS [Onderlinge Hulpvereniging vir Soldate van die Voormalige Waffen-SS]
HNP	Herenigde Nasionale Party of Volksparty
HNP	Herstigte Nasionale Party
IHR	Institute for Historical Review
JBS	John Birch Society
JDO	Jewish Defense Organization
JDL	Jewish Defense League
KG	Kommandant-Generaal
KKK	Ku Klux Klan
KP	Konserwatiewe Party
KvS	Kerk van die Skepper
LEL	League of Empire Loyalists



MSI	Movimento Sociale Italiano [Italiaanse Sosiale Beweging]
NAAWP	National Association for the Advancement of White People
NAR	Nuclei Armati Rivoluzionari [Gewapende Revolusionêre Selle]
NEO	New European Order
NF	National Front
NO	Nuwe Orde
NP	Nasionale Party
NPD	Nationaldemokratische Partei Deutschlands [Nasionaal-Demokratiese Party van Duitsland]
NSDAP	Nationalsozialistische Deutsche Arbeiterpartei [Nasionaal-Sosialistiese Duitse Arbeidersparty]
NSDAP/AO	NSDAP-Auslands- und Aufbauorganisation [NSDAP / Buitelandse en Opbou-organisasie]
NSDAP/AO-SA	NSDAP/AO-Suid-Afrika
NSKG	National Socialist Combat Groups
NSLB	Nationalsozialistische Lehrerbund [Nasionaal-Sosialistiese Onderwysersvereniging]
NYL	National Youth League
OB	Ossewa-Brandwag
ODESSA	Organization Der Ehemaligen SS-Angehöriger [Organisasie van Voormalige SS-lede]
OVD	Orde van die Dood
PLO	Palestine Liberation Organisation
PNF	Partito Nazionale Fascista [Nasionale Fascistiese Party]
REP	Die Republikaner [Die Republikeine]
RUMOSA	Republican Unity Movement of South Africa
SA	Sturmabteilung [Stormafdeling]
SACNS	Suid-Afrikaanse Christelike Nasionaal-Sosialistiese Beweging
SANF	South African National Front
SANP	Suid-Afrikaanse Nasionale Party
SANSB	Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese Bond
SD	Sicherheitsdienst [Geheime diens]
SHARP	Skin Head Against Racial Prejudice
SJ	Stormjaers
SORBE	Sozialorganische Ordnungsbewegung Europas [Sosial-Organiese Reëlmatige Beweging van Europa]
SS	Schutzstaffeln [Beskermingseenheid (Nazi Polisie)]
TNS	Tuks Nasionaal-Sosialiste
UCT	University of Cape Town
UDF	United Democratic Front
UNIDO	United International Defence Organization
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
USSR	Unie van Sosialistiese Sowjet Republieke
VB	Vlaams Blok [Vlaamse Blok]
VMO	Vlaamse Militanten Orde [Vlaamse Militante Orde]
VN	Verenigde Nasies
VOS	Vlaamse Oud-Strydersbond
VP	Verenigde Party
VSA	Verenigde State van Amerika
WAB	Wêreld-Apartheidsbeweging
WACL	World Anti-Communist League
WAM	White Alliance Movement
WGI	Western Goals Institute
WLB	White Liberation Movement
WPB	Wêreld-Preserviste-Beweging
WSG Hoffmann	Wehrsportgruppe Hoffmann [Hoffmann Militêre Sportgroep]
WUNS	World Union of National Socialists
ZAR	Zuid-Afrikaanse Republiek

DEFINISIES

denazifikasie:	vrymaking van die Nazi-ideologie; die proses wat deur die Geallieerde oorwinnaars na die einde van die Tweede Wêreldoorlog in veral Duitsland gevolg is om alle tekens van die Nazi's se instellings en ideologie te vernietig
elitisme:	'n geloof of stelsel waarvolgens die samelewing deur 'n elite of uitgesoekte keurgroep regeer behoort te word
fascisme:	'n outoritêre, nasionalistiese politieke ideologie wat onder meer sterk teen demokrasie, kommunisme en liberalisme gekant is
Holocaust:	die massa volksmoord van Jode wat tussen 1941-1945 deur die Nazi's in Duitsland gepleeg is
ideologie:	'n versameling van idees wat die geloof of opvattinge van 'n volk, samelewing of politieke stelsel reflekteer; die sluit gewoonlik spekulasie oor verskeie maatskaplike en staatkundige vraagstukke in
kripto:	betreffende iets wat in die geheim plaasvind of 'n bedekte betekenis het; in hierdie geval kripto-fascisme, bv. bewegings wat nie openlik fascisties is nie, maar wel verborge fascistiese kenmerke of doelstellings het
mimeties:	nabootsing; binne hierdie konteks verwys dit spesifiek na daardie politieke bewegings wat elemente van die Nazi's se Nasionaal-Sosialisme in hul ideologie of struktuur inkorporeer
palingenese:	wedergeboorte of herskepping; binne hierdie konteks die herskepping van die nasionale gemeenskap om van beweerde negatiewe en ondermynende elemente ontslae te raak
partisane:	lede van 'n gewapende weerstandsbeweging, opstandelinge, versetstryders
populisties:	betreffende 'n politikus of ander persoon wat voorgee om die belange van die gewone mense of die massa voorop te stel
preserviste:	persone wat iets wil bewaar; binne hierdie konteks bewaarders van die Westerse beskawing en kultuur
Revisionisme:	binne hierdie konteks die strewe van veral regsgeestes om die geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlog en die Joodse Holocaust te hersien en die euwels van die Nazi's te ontken of in gunstiger woorde te omskryf

INLEIDING

*"... the seed-bed which South Africa provides for fascism has become more, not less, fertile since 1945."*¹

- Roger Griffin

Kultuur vorm die lewenstyl van 'n samelewing. Dit omsluit die mens se wysheid en sy geesteshouding en behels enige vorm van politieke, staatkundige, ekonomiese, maatskaplike, judisiële, artistieke, opvoedkundige en godsdienstige aktiwiteit. Aangesien kultuur die vervulling van lewens- en waarheidsbehoefte is, sentreer die Kultuurgeskiedenis as wetenskaplike vakrigting noodwendig rondom hierdie begrippe en veronderstel dit die vasstelling van alle lewensvorme, skeppingsvorme en denkvorme. Die Kultuurgeskiedenis poog daarom om die vorm, struktuur, funksie en sin van alle beskawingsverskynsels en die verbande daartussen binne 'n bepaalde kultuurperiode te bestudeer.²

Alhoewel die moderne mens nie meer noodwendig volksverbonde is nie, strewende hy as kuddedier steeds daarna om aan 'n spesifieke godsdienstige, politieke of 'filosofiese' groep te behoort. J.M. Kirsten bepleit in hierdie verband 'n verruiming van die eietydse kulturbegrip, sodat dit op die menslike lewenswyse in sy geheel en op die gebeure van die mens se aktiewe betrokkenheid by sy omringende wêreld, van toepassing gemaak kan word.³ O.J.O. Ferreira merk dan ook op dat die moderne mens nie meer sy identiteit aan die geskiedenis van die groep waartoe hy in werklikheid behoort nie, maar aan die lewenstyl en kultuur van die groep waartoe hy wil behoort, ontleen. Hy vermaan verder dat die voortbestaan van die Kultuurgeskiedenis slegs verseker kan word indien die vak, deur die verklaring van eietydse verskynsels en probleme, relevant gemaak word.⁴ Binne die moderne konteks moet die Kultuurgeskiedenis derhalwe poog om weg te beweeg van die tradisionele kulturbegrip en volksverbondenheid waarin dit vir so lank vasgevang was en lewer hierdie studie hopelik 'n bydrae in dié verband.

'n Belangrike verskynsel binne die kontemporêre wêreld is die neiging van state en gemeenskappe om toenemend rondom gedeelde beskawingswaardes saam te snoer. Gevolglik word die grense tussen die Westerse, Oosterse, Midde-Oosterse, Latyns-Amerikaanse en Afrikaanse beskawings al hoe duideliker getrek en is toekomstige botsings tussen die verskeie onderliggende waardestrukture en lewensbeskouings onvermydelik. Politieke navorsers is van mening dat die internasionale stryd van die toekoms nie noodwendig meer rondom state sal draai nie, maar eerder rondom hierdie beskawingswaardes, en derhalwe tussen etniese, godsdienstige en ander belangegroepes, sal geskied.⁵ A.D. Smith sluit hierby aan deur aan te voer dat daar gedurende die sewentiger- en tagtigerjare 'n opwelling van etniese bewegings en sentimente was en dat die getal en intensiteit van

¹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 158.

² P.G. Nel, *Kultuurfilosofie, kultuurbeskouings en kultuurgeskiedenis*, pp. 2, 6, 15, 28-29.

³ J.M. Kirsten, *Verskuiwing in die eietydse kulturbegrip*, S.A. *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(1), Januarie 1985, p. 5.

⁴ O.J.O. Ferreira, *Kultuurgeskiedenis by 'n kruispad*, S.A. *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(2), November 1997, pp. 118, 122.

⁵ D. Geldenhuys, *Suid-Afrika is 'n samelewing wat verskeurd is*, *Rapport*, 1995-05-28, p. 21; J. Du Plessis, *Getalle nie meer demokrasie-kern*, *Rapport*, 1994-08-14, p. 21.

etniese konflikte regdeur die wêreld teen die vroeë negentigerjare vermeerder het. Dit is daarom volgens hom noodsaaklik om tot 'n groter begrip van die oorspronge van etniese konflikte en die nasionalistiese bewegings wat wêreldvrede bedreig, te kom.⁶ Binne hierdie konteks speel 'n verstandhouding van die fascisme as een van die belangrikste vormende magte van die twintigste eeu, nie net as 'n politieke beweging nie, maar ook as 'n lewens- en wêreldbeskouing, 'n belangrike rol. J.C. Moll het dan ook verklaar dat die breë front waarop daar van die groter wordende bedreiging van die fascisme gepraat word, vereis dat helderheid verkry moet word oor presies wat die fascisme is, hoe dit tot stand gekom het en watter gevare dit inhou.⁷

Volgens Roger Griffin is die fascisme se huidige potensiaal as 'n selfvernuwende bron van georganiseerde rassehaat, op 'n sosio-politieke en sielkundige vlak diep verbonde aan die groeiende venynigheid van etniese nasionalisme, separatisme en vreemdelingehaat regoor die wêreld. Binne hierdie konteks beklemtoon die fascisme hoe maklik die natuurlike menslike behoefte aan voortreflikheid en saamhorigheid selfs binne die 'beskaafde' wêreld tot patologiese vorme van sosiale en politieke energie verdraai kan word.⁸ Dit sluit aan by Smith se bogenoemde pleidooi tot groter begrip van die vernietigende magte wat vrede en vooruitgang binne die moderne samelewing in gevaar stel. 'n Studie van die fascisme as 'n relevante en kontemporêre verskynsel is derhalwe binne hierdie konteks, en as deel van die moderne studieveld van die Kultuurgeskiedenis, geregverdig.

Volgens A.J. Joes word daar gewoonlik drie tipes besware teen 'n studie van die fascisme gemaak, en die eerste hiervan is dat objektiewe studie van die verskynsel op grond van emosionele beweegredes verwerp word. Hiervolgens word alle fascismes met Nazisme in verband gebring, sodat die diepgaande en verstaanbare openbare afkeer jeens die Nazisme op alle uitdrukkings van die fascisme toegepas word. Die gevolg is 'n algemene voorneme onder navorsers om die fascistiese verskynsel, as iets wat slegs tot die mensdom se donker en grusame verlede behoort, te ignoreer.⁹ Griffin verklaar in hierdie verband egter dat daar geen rede in beginsel bestaan oor hoekom die negatiewe aspekte van die menslike wese nie ook akademies of ter algemene belangstelling ontleed kan word nie. Deur aan die verskynsel volle ideologiese status te verleen, beteken volgens hom nie dat die ideologie gerehabiliteer, die onheil daarvan verbloem word of dat die navorser enigsins die doelstellings van die fascisme onderskraag nie.¹⁰ Ferreira wys ook daarop dat die kultuurhistorikus sensitief moet wees vir die belange en probleme van die gemeenskap waarbinne hy leef en dat omstrede onderwerpe nie vermy moet word nie.¹¹

Tweedens word die fascisme, gesien as 'n belangrike verskynsel van die tussenoorlogse periode in Europa en spesifiek van die Italiaanse en Duitse regerings wat in 1945 deur die Westers-Russiese

⁶ A.D. Smith, Chosen peoples: why ethnic groups survive, *Ethnic and Racial Studies* 15(3), July 1992, p. 436.

⁷ J.C. Moll, *Fascisme - die problematiek van verklaringsvariante; Fascisme en Suid-Afrika*, p. 2.

⁸ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. xii.

⁹ A.J. Joes, *Fascism in the contemporary world*, p. 3.

¹⁰ R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 1, 11.

¹¹ O.J.O. Ferreira, Die kultuurhistorikus en die gemeenskap, *Die Kultuurhistorikus* 2(2), Oktober 1987, pp. 9-10.

Alliansie verslaan is, as irrelevant binne die hedendaagse konteks beskou. Dit is egter die mening van verskeie navorsers dat die fascisme na 1945 'n vrugbare teelaarde binne die Derde Wêreld gevind het,¹² terwyl die oplewing van fascistiese bewegings in Europa en hul betrokkenheid by geweld gedurende die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare, ook op die relevansie en aktualiteit van die onderwerp dui. Griffin is van mening dat alhoewel die fascisme se potensiaal om 'n regeringstelsel tot stand te bring saam met die Spilmoondhede aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog vernietig is, dit as 'n politieke ideologie wat steeds in staat is om nuwe bewegings voort te bring en as 'n permanente onderdeel van die moderne politieke kultuur, beskou moet word.¹³

Die derde probleem aangaande die studie van die fascisme is volgens Joes die siening dat die ideologie, vanweë die probleme rondom die definisie daarvan en die tekort aan akademiese konsensus oor die aard van die verskynsel, nie veel betekenis as 'n algemene onderskeidende politieke afdeling het nie.¹⁴ Een van die grootste probleme in hierdie verband is die soeke na 'n fascistiese minimum en die debat oor die bestaan van 'n ideologiese kern wat kenmerkend van alle fascistiese bewegings is. Binne hierdie konteks identifiseer Griffin in *The nature of fascism* (1993) die fascistiese minimum nie volgens ideologiese onderdele nie, maar wel in terme van die voorkoms van 'n gemeenskaplike mitiese kern. Die werk vul 'n belangrike leemte in die studie van die generiese of algemene fascisme en gee terselfdertyd 'n handige indeling van die fascisme na 1945 en die uiteenlopende verskynsels wat dit behels. Griffin se bespreking van Suid-Afrikaanse bewegings laat egter veel te wense oor, aangesien sy gebruik van sekere sekondêre en nie-objektiewe bronne hom verkeerdelik laat aflei het dat organisasies soos die Voortrekkers en Oranjewerkers, fascisties sou wees. Die oppervlakkige beoordeling van die Suid-Afrikaanse fascisme buite rekening gelaat, is sy navorsing oor en indeling van die fascisme as politieke verskynsel wel as grondslag vir hierdie studie gebruik.

Ten spyte van bogenoemde besware was daar volgens Larsen en andere tog die afgelope dekades 'n groot oplewing in die studie van die fascisme, nie net as 'n politieke verskynsel en ekonomiese stelsel nie, maar ook as 'n stelsel van kulturele veronderstellings en waardes. Hierdie transnasionale en interdisiplinêre belangstelling het 'n wye verskeidenheid literatuur, waaronder biografiese studies van fascistiese leiers, tradisionele verhalende geskiedsbekrywings, ontledings van verkiesingsuitslae, besprekings oor die fascistiese ideologie en teoretiese uiteensettings daarvan, te voorskyn laat kom. 'n Uitvloeisel hiervan was ook 'n groeiende akademiese debat oor die begrip van die fascisme self.¹⁵

Saam hiermee gaan die benadering van die studie van die fascisme as 'n algemene verskynsel wat nie net aan Europa uniek is nie, maar wat ook in die na-oorlogse tyd vrugbare teelaarde in die res van die wêreld gevind het. Joes het met sy *Fascism in the contemporary world* (1978) een van die eerste pogings aangewend om die fascistiese ideologie en praktyk in Europa met die Derde Wêreld te

¹² A.J. Joes, *Fascism in the contemporary world*, pp. 3-5; sien P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 208-223.

¹³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. xii.

¹⁴ A.J. Joes, *Fascism in the contemporary world*, pp. 3, 5-6.

¹⁵ S.U. Larsen (ed.) et al., *Who were the fascists*, p. 9.

verbind. Suid-Afrika is egter hierin buite rekening gelaat. P.M. Hayes het in *Fascism* (1973) 'n hoofstuk ingesluit oor die proto-fascistiese verskynsels binne sekere post-koloniale Afrikastate. Hy beskryf hierin die Nasionale Party-regering van Suid-Afrika as fascisties en beweer dan dat die volskaalse toepassing van fascistiese idees in Afrika slegs in Suid-Afrika plaasgevind het. Alhoewel hy toegee dat die ander swart Afrikastate wel onder kortstondige diktatorskappe binne periodes van demokratiese verval en proto-fascisme weggesink het, is hy van mening dat die fascisme in 'n modeme Afrika-konteks slegs na die sistematiese en onverbiddelike toepassing van rassistiese en totalitêre leerstellings in Suid-Afrika, naamlik Apartheid, verwys.¹⁶

Dit illustreer dan ook die probleem dat die meeste werke oor die na-oorlogse fascisme in Suid-Afrika hoofsaaklik op Apartheid fokus en die rassistiese wetgewing in Suid-Afrika met die Nazisme vergelyk. Hierdie benadering word veral deur navorsers wat vanuit 'n Marxisties-geïntereerde agtergrond werk, onderskryf. Die gevolg hiervan is dat die werklike fascistiese organisasies in die land grootliks binne studies oor die fascisme in Suid-Afrika geïgnoreer word. 'n Voorbeeld is die boek van Brian Bunting, *The rise of the South African Reich* (1964), wat op 'n stadium deur die Suid-Afrikaanse regering verbied is. Dit handel hoofsaaklik oor die Nasionale Party-regering en dié se Apartheidsbeleid, maar bevat tog ook inligting ten opsigte van enkele na-oorlogse fascistiese bewegings en individue in Suid-Afrika. 'n Belowend klinkende titel is dié van Howard Simson, *The social origins of Afrikaner fascism and its apartheid policy* (1980), maar dit handel uitsluitlik oor Apartheid vanuit 'n Marxisties-ekonomiese oogpunt. 'n Meer objektiewe akademiese en multidissiplinêre ontleding van die fascisme is die werk van J.C. Moll, *Fascisme - die problematiek van verklaringsvariante; Fascisme en Suid-Afrika* (1985), wat as 'n inleidende studiestuk tot die studie van die fascisme vir nagraadse studente geskryf is. Die slothoofstuk oor die fascisme en Suid-Afrika handel hoofsaaklik oor die aanklagte dat Suid-Afrika 'n fascistiese staat sou wees en verwys slegs kortliks na enkele fascistiese bewegings. Moll meld dan ook in sy voorwoord dat dit vanweë die groot omvang van die tema, slegs 'n voorlopige en onvolledige verkenning is en dat die onderwerp nog veel breër ondersoek en in diepte ontleed kan word.

Denis Eisenberg het met sy studie van die fascisme as 'n algemene verskynsel wat in die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog 'n sekere oplewing beleef het, *The re-emergence of fascism* (1967), 'n belangrike bydrae tot die studie van die na-oorlogse fascisme en dié se uiteenlopende verskynsels gelewer. Sy hoofstuk oor Suid-Afrika gee 'n oorsig oor die fascistiese verskynsels in die tusseoorlogse tydperk en lê klem op die veronderstelde fascistiese kenmerke van die Suid-Afrikaanse regering. Die werk raak egter ook aan die meer openlike fascistiese bewegings en gee 'n insiggewende oorsig van die fascisme in Suid-Afrika tot en met die laat sestigerjare. Die studie bevat egter sekere feitefoute en 'n groot tekortkoming is die nalating aan Eisenberg se kant om die bronne wat hy vir sy navorsing gebruik het, te meld. Ander werke wat moontlik ook inligting oor Suid-Afrika kon bevat, *Fascism today* (1970) van A. Del Boca en M. Giovana, en die MA-verhandeling van S.

¹⁶ P.M. Hayes, *Fascism*, p. 223.

Uran, *Fascism and National Socialism in South Africa* (University of Wisconsin, 1975), kon nie opgespoor word nie.

'n Belangrike verwysingswerk oor die ekstremistiese regse politiek in die kontemporêre wêreld, is ten spyte van enkele feitefoute, *The radical right* (1987) van C. Ó'Maoláin. Dit bevat inligting oor 'n wye verskeidenheid regse en fascistiese bewegings van regoor die wêreld, insluitende Suid-Afrika. Ó'Maoláin tipeer egter die bewegings wat hy bespreek losweg onder terme soos 'neo-Nazi', 'wit supremasisties', 'anti-Semities' en 'fascisties', sonder om enige teoretiese uiteensetting van die eienskaplike kenmerke van regse en fascistiese bewegings te gee. 'n Suid-Afrikaanse ekwivalent wat op organisasies van regoor die politieke spektrum fokus en waarin inligting oor enkele plaaslike regse en fascistiese bewegings opgeteken is, is *Die politieke organisasies van Suid-Afrika A-Z* (1991) van H. Kotze en A. Greyling.

Die regse politieke beweging in Suid-Afrika kan losweg in die volgende onderafdelings ingedeel word: konserwatiewe regse politieke partye, die volkstaters en meer ekstremistiese Boerestaters wat enkele paramilitêre bewegings insluit, 'n wye verskeidenheid kulturele, godsdienstige en ekonomiese organisasies, en die meer openlik rassistiese en fascistiese groeperings wat 'n baie klein persentasie van die regse beweging uitmaak. Enkele gepubliseerde en ongepubliseerde navorsingstukke het al oor die blanke regse politiek in Suid-Afrika verskyn.¹⁷ Die regsgesinde politiek word egter hierin as geheel behandel, geen onderskeid word tussen fascistiese en regse groepe gemaak nie, en geen ideologiese agtergrond of tipering word gegee nie. Afgesien van hierdie tekortkominge, is hierdie werke wel belangrik ten opsigte van die feite wat oor enkele fascistiese bewegings daarin opgeneem is.

Die AWB is feitlik die enigste na-oorlogse fascistiese beweging waaroor gepubliseerde werke verskyn het. Die eerste hiervan, *Die opmars van die AWB*, is in 1988 deur twee AWB-lede, P.J. Kotzé en C.P. Beyers, geskryf en is 'n subjektiewe beskrywing van die geskiedenis van die AWB en die oogmerke van die beweging. Die regse joernalis, Arthur Kemp, het in 1990 *Victory or violence: the story of the AWB* die lig laat sien. Dit is in 'n joernalistieke verhalende vorm geskryf en alhoewel Kemp toegang tot primêre bronne gehad het en onderhoude met enkele AWB-lede gevoer het, het hy nagelaat om 'n bronnelys by die boek in te sluit. In 1995 het Kays Smit, 'n voormalige Hoofsekretaris van die AWB, in 'n herinneringskrif oor sy betrokkenheid by die beweging tussen 1977 en 1991, *Die wel en weë van die AWB*, sekere beskuldigings teen die leier gemaak en enkele wanpraktyke binne die beweging geopenbaar. Hierdie werke is hoofsaaklik vanuit 'n geskiedsbeskrywende of verhalende oogpunt geskryf en alhoewel almal 'n uiteensetting van die AWB se ideologiese standpunte gee, ontbreek enige kritiese besprekings daarvan en word die ideologie ook nie in perspektief geplaas of

¹⁷ Sien bv. J. Van Rooyen, *Hard right* (1994); H. Zille, *The right wing in South African politics*, in P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa* (1988); J. Grobbelaar *et al.*, *Vir volk en vaderland* (1989); J.J. Van Tonder, *Die ver-regse groepe in die Suid-Afrikaanse politieke spektrum*, *Buurman* 12(3), Maart-Mei 1982; D. Welsh, *South Africa's ultra-right I-II*, *Patterns of Prejudice* 22(4), 1988 & 23(1), 1989; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UNISA, 1992.

getipeer nie. Die beskuldigings van fascisme teen die AWB word deur Kotzé en Beyers ontken, terwyl Kays nie werklik daaraan raak nie en Kemp dit net oorsigtelik bespreek.

Die heimlike en agterdochtige aard van baie van die fascistiese bewegings bemoeilik die insameling van inligting. Dit is dan ook nie altyd moontlik om die interne publikasies van die bewegings te raadpleeg nie, aangesien nie almal kopieë van hul koerante of nuusbriewe aan die staatsbiblioteke gestuur het nie. Die grootste bron van inligting oor die fascisme in Suid-Afrika is derhalwe gewone koerante en tydskrifte. Soms is die enigste inligting wat oor 'n spesifieke beweging bekend is, in enkele berigte deur die pers opgeteken. Dit is egter 'n onbegonne taak om alles deur te werk. Hierdie bron is daarom nie heeltemal uitgeput nie en veel kan nog oor hierdie onderwerp nagevors word. Foto's wat in boeke en koerante verskyn het, is 'n ander kultuurhistoriese bron waaruit enkele feite aangaande uniforms, kentekens en simboliek, afgelei kon word.

Griffin sluit aan by die sienings van Joes wanneer hy opmerk dat daar 'n ooglopende gebrek aan akademië is wat bereid is om die aaneenskakeling tussen die tussenoorlogse en na-oorlogse fascisme, hetsy op 'n ideologiese of organisatoriese vlak, te ondersoek. Dit kan waarskynlik gedeeltelik aan die volgehoue konsensusleemte oor die definisie van die fascisme, asook 'n veronderstelling dat 'ware' fascisme saam met Mussolini en Hitler vernietig is, toegeskryf word. Dit kan verder verbind word met die eienaardige leemte wat opgegroeï het rondom die bespreking van die fascisme as 'n historiese verskynsel.¹⁸ Feitlik al die publikasies oor die fascisme in Suid-Afrika handel oor die bewegings van die tussenoorlogse periode,¹⁹ en aangesien daar geen navorsingswerk oor die fascistiese bewegings wat sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika ontstaan het, bestaan nie, poog hierdie studie gevolglik om daardie leemte te vul.

Die doel van die verhandeling sal wees om 'n oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die fascistiese bewegings in Suid-Afrika sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog te gee en om die onderlinge verbande tussen ideologieë, organisasies en individue aan te toon. Dit sal uiteindelik bepaal tot watter mate die impuls vir die ontstaan van die fascistiese bewegings deur buitelandse idees of meer direk deur Suid-Afrikaanse historiese en politieke faktore beïnvloed is. Dit sal ook help om die breë regse politiek in perspektief te verstaan deurdat dit as 'n maatstaf kan dien waarmee die beweerde fascistiese eienskappe van sekere organisasies vergelyk kan word ten einde byvoorbeeld verwysings na sommige bewegings as neo-Nazi óf wetenskaplik te regverdig óf om ter wille van objektiwiteit ongegronde beskuldigings te voorkom. Laastens bied 'n studie van hierdie lewensbeskouing ook 'n blik op die psige van die mensdom en dié se strewe om die onbekende wêreld om hom deur die skep van 'n eie werklikheid verstaanbaar te maak.

¹⁸ R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 311.

¹⁹ Sien bv. A. Hagemann, *Suidafrika und das 'Dritte Reich'. Rassenpolitische Affinität und machtpolitische Rivalität*, gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Bielefeld, 1988; P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras*. (Potchefstroom, 1991); F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1972.

Ferreira wys daarop dat kultuurhistoriese werke rofweg in verhalende, beskrywende en ontleedende kultuurgeskiedskrywing verdeel kan word. Omdat die onderskeid daartussen op die doel en vorm van die navorsingswerk dui, is geeneen van hierdie onderafdelings volgens hom beter as die ander of 'n aanduiding van die gehalte van die werk nie.²⁰ Die polemieke rondom objektiwiteit in die geskiedskrywing is nou verbonde aan die onderwerp van 'n studie. Aangesien ontleedende geskiedskrywing in 'n groot mate deur die beskouings en verwysingsveld van die navorser gelei word, ontstaan die vraag of 'n kontroversiële onderwerp soos die fascisme, wel objektief ontleed kan word. Alhoewel daar met die skrywe van hierdie werk en die beoordeling van die bronne krities gewerk is, val die studie derhalwe meer in die beskrywende afdeling. Daar is deurgaans gepoog om objektief na die verskynsel te kyk en geen morele lesse word daarom hierin aangebied nie. Verskoning word wel gemaak vir sekere aanhalings wat vir lesers aanstootlik mag wees, maar wat binne konteks geregverdig is om die ekstremistiese en onrealistiese aard van die bepaalde bewegings te illustreer. Hierdie benadering sluit aan by die siening van Moll dat 'n komplekse politieke verskynsel soos die fascisme, nie net nougesette intellektuele gedissiplineerdheid en selfstandigheid nie, maar ook 'n hoë mate van onemosionele en objektiewe afsydigheid van die navorser vereis. Hy waarsku verder dat daar teen die moontlikheid dat morele oordele die plek van wetenskaplike ondersoek kan inneem, gewaak moet word.²¹

Die eerste hoofstuk handel oor die fascisme as algemene politieke ideologie en daar is reeds aangedui dat Roger Griffin se definisie van die fascisme as fondament hiervoor gebruik is. Enkele kenmerke waaraan fascistiese bewegings uitgeken kan word, word bespreek, gevolg deur 'n oorsig van die ontwikkeling van die fascisme na 1945. Die gebruik van die term 'fascisme' in hierdie werk is algemeen en verwys na beide die tussenoorlogse en na-oorlogse verskynsels. Indien dit met 'n hoofletter aangedui word, verwys dit spesifiek na die beweging van Mussolini wat die term die eerste keer gebruik het.

Die tweede hoofstuk handel oor die fascistiese bewegings in Suid-Afrika gedurende die tydperk tussen die twee wêreldoorloë en dien, soos die voorafgaande hoofstuk, as belangrike agtergrond om die ontstaan en ontwikkeling van Suid-Afrika se na-oorlogse fascistiese bewegings binne perspektief te plaas en te verstaan. Aangesien hierdie studie op die buiteparlementêre fascistiese bewegings konsentreer, word daar slegs kortliks aandag gegee aan die invloed wat die fascisme op Afrikanemasionalisme en Apartheid gehad het. Die fascistiese kenmerke wat wel moontlik binne die Suid-Afrikaanse regering teenwoordig kon wees, word buite rekening gelaat, aangesien daar reeds vele werke daarvoor bestaan en dit in der waarheid 'n studie op sy eie sou regverdig.

Die derde hoofstuk beskryf die nostalgiese fascistiese bewegings wat hoofsaaklik voor 1970 in Suid-Afrika gefloreer het. Alhoewel die meeste van hierdie bewegings takke van oorsese groeperings was, was daar ook enkele inheemse groepe wat die idees van die tussenoorlogse periode wou laat

²⁰ O.J.O. Ferreira, Die kultuurhistorikus en die gemeenskap, *Die Kultuurhistorikus* 2(2), Oktober 1987, p. 9.

²¹ J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 12.

voortleef. Die vierde hoofstuk behandel die meer ekstremistiese en mimetiese bewegings wat veral sedert die sewentigerjare hul verskyning begin maak het, terwyl die vyfde hoofstuk 'n wye verskeidenheid van neo-fascistiese verskynsels omsluit en op die fascistiese beïnvloeding van enkele regse bewegings dui. Griffin se gebruik van die term 'neo-fascisme' kan verwarring skep. Die term word gewoonlik algemeen gebruik om die openlike of bedekte fascistiese bewegings wat na die Tweede Wêreldoorlog verskyn het, aan te dui. In hierdie studie verwys dit binne die vyfde hoofstuk egter spesifiek na sekere na-oorlogse verskynsels wat nie onder die nostalgiese of mimetiese fascisme ingedeel kan word nie. Waar die voorafgaande hoofstukke die ontwikkeling van die fascistiese bewegings in Suid-Afrika bespreek, vorm die sesde hoofstuk die slotgedeelte wat poog om die ideologiese grondslae wat in die vorige dele beskryf is en die verskillende bewegings ten grondslag lê, uit te lig en binne perspektief te plaas.

Gesien in die lig van die ingewikkelde formele en informele nasionale en internasionale verbintenisse tussen die fascistiese bewegings, die skakels tussen nuwe en ou bewegings, en die handeling van individue wat van beweging tot beweging beweeg of gelyktydig met verskeie bewegings geassosieer word, is Griffin van mening dat die onderwerp van die na-oorlogse fascisme 'n oneindige navorsingsveld omvat. Daarom sal elke ideaal-tipes definisie van die fascisme ook verskillende klassifikasiesistels volg en verskillende onderafdelings van die verskynsel voorstel.²² Die praktyk laat hom nie maklik in vaste afdelings indeel nie en idees as nie-tasbare werklikhede kan nie tot 'n spesifieke tydperk ingeperk word nie. Die voorgestelde afdelings en tematiese bespreking van die onderwerp is derhalwe bloot ter wille van wetenskaplikheid en struktuur genoodsaak. F.A. Van Jaarsveld het dan ook daarop gedui dat die ordening van feite binne 'n sistematiese verklaringsamehang ideaal-tipes is, en aangesien dit nêrens in die werklikheid voorhande kom nie, dien dit uitsluitlik daartoe om die volheid van die bestudeerde verskynsels vertolkbaar te maak.²³

Die studie van die geskiedenis en die verskynsels van die verlede en hede is 'n skeppingswerk, 'n rekonstruksie en 'n vertolking van die werklikheid. Die werklikheid self kan nie vasgevang word nie. Deur die studie van so 'n omvangryke en kontroversiële onderwerp verkry 'n mens 'n insig en begrip nie net van die wêreld om jou nie, maar ook 'n insig oor die onsekere menslike siel wat die lewe om hom meer verklaarbaar wil maak. Die bekende historikus, F.A. Van Jaarsveld, het aangevoer dat die geskiedskrywer niks kan bydra om die aard van die samelewing te verander nie en dat die geskiedenis slegs kan help om dit te verstaan en te verklaar.²⁴ Hopelik dien hierdie studie daartoe om die fascistiese verskynsel in Suid-Afrika te verklaar en te verstaan, sodat die potensiële gevaar daarvan vir die ontaarding van die mens se gees en die regverdiging van geweld vroegtydig geïdentifiseer en oorkom kan word.

²² R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 311-312.

²³ F.A. Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, pp. 122-123.

²⁴ F.A. Van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing*, p. 151.

HOOFSTUK I

FASCISME EN DIE VOORTBESTAAN DAARVAN NA 1945

*"... few problems in recent European history have generated more controversy than the interpretation of fascism."*¹

- S.G. Payne

1. Die fascistiese raaisel

Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het die verval van die Westerse wêreld se voorheen stabiele nasionale en internasionale politieke stelsels ingelei. Alhoewel die wortels van die fascisme tot diep in die Europese geskiedenis nagespeur kan word, was die verskynsel hoofsaaklik 'n reaksie op die oorlog en die revolusionêre veranderinge wat dit in die Europese samelewing, politiek en kultuur teweeggebring het. Die onmiddellike oorsprong van die ideologie kan derhalwe tot die politieke omstandighede in Italië aan die begin van die twintigste eeu teruggevoer word.²

Italië se toetrede tot die oorlog in 1915 was hoofsaaklik die gevolg van 'n intensiewe buiteparlementêre veldtog deur 'n groep revolusionêre intervensioniste en het nooit die goedkeuring van die meerderheid inwoners weggedra nie. Die intervensioniste, bestaande uit sosialiste, sindikaliste, republikeine en anargiste, was van mening dat Italië se deelname aan die wenkant voordele vir die land sou inhou in die vorm van gebiedsuitbreiding, internasionale aansien en die instelling van 'n nuwe post-liberale en dinamiese outoritêre regering. Die teleurstellende uitkoms van die vredesluiting het groot ontugtering en ontevredenheid onder oud-soldate veroorsaak. Hulle het die skuld vir Italië se vemedereende neerlae voor die deur van die neutrale, onpatriotiese sosialiste en die liberale heersersklas gelê. Dwarsdeur Italië het verenigings van oud-stryders (*fasci di combattimento*) met uiteenlopende programme tot stand gekom. Onder die inisiatief van Benito Mussolini (1883-1945) is 'n vergadering in Maart 1919 in Milaan belê waar die verskillende Fasci (bestaande uit oud-soldate, Futuriste en neo-sindikaliste) tot die Fasci Italiano di Combattimento saamgesmelt het. Vanweë die bedreiging van die Kommunisme het die Fasci se ondersteuningsbasis sedert 1920 ook na die platteland uitgebrei en in Oktober 1921 is die beweging in die Partito Nazionale Fascista (PNF) geherorganiseer. In 1922 het Mussolini sy befaarde Mars na Rome geloods waarmee hy 'n suksesvolle staatsgreep afgedwing en as Eerste Minister van 'n koalisieregering aangestel is. Hierna sou die politieke beweging wat hy begin het onder die naam van die Fascisme 'n omwenteling in die Europese politiek veroorsaak.³

Die woord *Fascio* is sedert 1914 deur verskeie pro-oorlogsgroepe gebruik, en alhoewel dit in die verlede enige linkse of regse politieke groepering omskryf het, is dit hierna hoofsaaklik gebruik om na die intervensioniste te verwys. Sedert 1919 is dit egter uitsluitlik met Mussolini se beweging geassosieër. Die

¹ S.G. Payne, *Fascism*, p. 191.

² P.M. Hayes, *Fascism*, p. 18; J. Krieger (ed.), *The Oxford companion to politics of the world*, p. 294.

³ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 56, 64, 66-67; J.C. Moll, *Fascisme - die problematiek van verklaringsvariante; Fascisme en Suid-Afrika*, pp. 13-14; S.G. Payne, *Fascism*, pp. 45-46.

woord *Fascio* beteken 'n bondel of groep en binne 'n politieke konteks verwys dit na 'n Bond of Vereniging. Dit kan teruggevoer word tot die Latynse woord *fascis*, 'n bondel berkelatte wat om 'n byl vasgebind is en in die Romeinse Ryk gesag gesimboliseer het. Hierdie simbool is dan ook later deur Mussolini se Fascistiese beweging as embleem aangeneem.⁴

Die woord Fascisme is dus aanvanklik gebruik om die politieke stelsel van Mussolini, wat die Italiaanse politiek van 1919 tot 1945 oorheers het, te omskryf. Marxistiese teoretici en anti-fasciste het dit egter gou as verkleinerende term begin gebruik vir enige regeringstelsel of beweging wat teen verteenwoordigende regering of Marxisme gekant was en na 1922 is dit algemeen gebruik om al meer uiteenlopende politieke verskynsels te beskryf. Die gevolg was dat die woord geleidelik sy omskrywende waarde verloor het. Na die Tweede Wêreldoorlog het dit 'n emosioneel belaaide woord van afkeuring geword waarmee feitlik enige onderdrukkende, outoritêre of elitêre regeringstelsel of aktiwiteit omskryf is. Gevolglik is willekeurige kriteria waaronder die voorkoms van verpersoonlike diktatoriale mag, politieke geweld, anti-demokrasie, anti-kommunisme, nasionalisme, rassisme en militarisme, al gebruik om uiteenlopende bewinde soos dié van Franco in Spanje, Perón in Argentinië, Verwoerd in Suid-Afrika, Thatcher in Brittanje, Reagan in Amerika en Pinochét in Chile, as fascisties te karakteriseer.⁵

Fascisme het, vanweë die misdade wat in die naam daarvan gepleeg is, vir baie mense 'n skelterm en die omskrywing van onheil geword en gevolglik is die woord in die gewone omgangstaal feitlik buite herkenning verdraai. Dit is, byvoorbeeld, al gebruik om voorvalle van vandalisme en skurkery in stede en by sokkerwedstryde te beskryf ongeag of die geweldplegers bewustelik deur fascistiese politieke doelwitte en idees gemotiveer is of nie. Dit is ook gebruik om na motorfietsbendes, radikale anti-rook aktiviste (die sogenaamde gesondheidsfasciste) en regse teronistegroepe te verwys. Binne 'n politieke konteks is dit veral deur propagandiste van die voormalige USSR en linkse revolusionêres as 'n verkleinerende term vir enigeen regs van die spreker se politieke posisie gebruik.⁶ Die aanwending van die term fascis het dan ook 'n standaardtegniek geword om kontroversiële kommentaar op politieke ontwikkelings te lewer en om terselfdertyd openbare simpatie van politieke teenstanders te ontnem.⁷

Hierdie misbruik van die term maak die onderskeiding van betekenis uiters moeilik en is een van die oorsake van die verwarring wat daar binne akademiese kringe en die sosiale wetenskappe oor die presiese aard van die fascisme bestaan. Politieke analiste en historici probeer sedert Mussolini se bewindsoomame interpretasies formuleer wat die fascistiese verskynsel sal verklaar. Sedertdien is verskeie uiteenlopende interpretasies en definisies ten opsigte van die fascisme bewoord, maar geen akademiese ooreenstemming kon nog bereik word nie. Die meningsverskille tussen navorsers gaan nie soseer oor die

⁴ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 64; J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 13; N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, p. 320; J. Krieger (ed.), *The Oxford companion to politics of the world*, p. 294.

⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 1-2; J. Krieger (ed.), *The Oxford companion to politics of the world*, p. 294; J.C. Moll, *Fascisme ...*, pp. 1-2; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 3-4.

⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 2; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 1, 27-28; J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 2; J. Krieger (ed.), *The Oxford companion to politics of the world*, p. 295; E. Hyams, *A dictionary of modern revolution*, p. 87.

⁷ P.M. Hayes, *Fascism*, p. 9. Dit kan genoem word dat die woord kommunis op dieselfde manier misbruik word.

bestaande feite nie, maar wel oor die interpretasie daarvan, en daarom is die debat van die afgelope paar dekades gekenmerk deur twis en omstredeheid.⁸

Sommige skrywers, byvoorbeeld, sien die fascisme bloot as 'n ver-regse radikaliserings en beskryf die fascistiese bewegings van die tussenoorlogse periode as die aksies van terroriste en individuele diktators. Andere beskou die fascisme as 'n nuwe mag wat van die radikale regsers verskil het en uiteindelik 'n belangrike faktor binne die Europese geskiedenis en elders geword het. Sommige beskou dit as 'n verskynsel wat tot die tussenoorlogse tyd beperk was en wat, vanweë die verskille tussen die ideologies gemotiveerde Nazi-beweging van Duitsland en die meer opportunistiese Fascistiese variante, eintlik slegs op Mussolini se beweging toepasbaar is. Ander aanvaar wel die bestaan van 'n familie van algemene fascisties, maar sluit Nazisme as 'n unieke beweging daarvan uit. Vir andere is die fascisme 'n algemene en internasionale verskynsel wat nie net tot die tussenoorlogse tyd beperk was nie en waarvan die Nazisme en/of Fascisme bloot die mees volledige uitdrukking was.⁹ Aangesien die meeste fasciste hulself deel ag van 'n algemene beweging wat die samelewing wil verander, en omdat daar 'n basiese patroon van beïnvloeding, samewerking en interaksie tussen die verskillende groepe ten opsigte van die siening van 'n nuwe fascistiese orde wat hulle met mekaar deel, bestaan,¹⁰ volg hierdie studie die laasgenoemde interpretasie van die fascisme as 'n algemene en internasionale verskynsel.

Ten spyte van die formulering van uiteenlopende teorieë en benaderings het min navorsers egter gepoog om 'n empiriese definisie van die fascisme te skep. Daar word gewoonlik veronderstel dat die identiteit van die fasciste verstaan word en alle regse outoritêre en anti-linkse groepe word dikwels ook onder die term saamgevoeg. Hierdie afwesigheid van 'n empiriese definisie van wat met fascisme bedoel word en die presiese groepe waarna die term verwys, is volgens Payne 'n groot struikelblok in die begripmatige verduideliking van die verskynsel.¹¹ Uit bogenoemde blyk die belangrikheid daarvan om die kernidees en leerstellings wat alle voor- en na-oorlogse fascistiese bewegings in gemeen het, te identifiseer.¹²

2. Die algemene fascisme

a. 'n Definisie van die algemene fascisme

Griffin het hom dit ten doel gestel om die fascistiese raaisel op te los deur 'n bondige definisie te formuleer wat die kernidees van alle ou en nuwe fascistiese bewegings van regoor die wêreld sal omsluit. Hiervolgens omskryf hy die fascisme as 'n soort politieke ideologie waarvan die mitiese kern in sy verskeie

⁸ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 1; P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 9, 224; R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 2, 6; S.G. Payne, *The concept of fascism*, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, pp. 14, 19; N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, p. 320.

⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 4-6; N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, p. 320. Sien ook R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 245-307 vir 'n oorsig oor die verskillende uiteenlopende benaderings t.o.v. die fascisme.

¹⁰ H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, p. 5.

¹¹ S.G. Payne, *The concept of fascism*, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, p. 14.

¹² P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 4.

omvormings, 'n palingenetiese of herlewingsvorm van populistiese ultra-nasionalisme is.¹³ Ter wille van duidelikheid regverdig die terminologie nadere beskrywing.

Volgens Griffin is dit noodsaaklik om 'n onderskeid te tref tussen religieuse en politieke ideologie. Religieuse ideologie bevestig die voorrang van die metafisiese bo die sekulêre, terwyl politieke ideologie regverdiging verkry uit 'n kosmologie wat die behoud of verandering van die samelewing as afhanklik van menslike bemiddeling beskou. Daar is 'n belangrike verskil tussen sekulêre politieke bewegings, selfs dié wat tradisionele godsdienstige waardes voorstaan, en politieke militante vorme van georganiseerde en geopenbaarde godsdienste wat die belangrikheid van die geloof, bo die sekulêre magte wat dit verswak, wil herstel. Verskeie politieke bewegings regverdig hulself deur hul beleide met die morele oortuigings van 'n spesifieke geloof te identifiseer. In sodanige gevalle word godsdienstige voorskrifte sonder die amptelike goedkeuring van die godsdienshoofde aangeroop, en wel op so 'n manier dat die politieke en menslike in die plek van die spirituele en metafisiese bemiddeling vooropgestel word. Religieuse politiek word gekenmerk deur die manier waarop sekulêre beleide in godsdienstige terme verklaar word.¹⁴ Alhoewel die fascisme wel in Brasilië, Roemenië, Spanje, België en Suid-Afrika die vorm van religieuse politiek aangeneem het, is die verskynsel volgens Griffin 'n politieke ideologie en nie 'n soort surrogaatgodsdienst soos al deur ander skrywers beweer is nie.¹⁵

Die mitiese kern van 'n politieke ideologie is die fundamentele politieke mite wat aktiviste en ondersteuners mobiliseer. Die politieke mite verwys nie net na spesifieke historiese mites wat ter regverdiging uitgebuit word nie, maar omdat emosie ook 'n belangrike rol in politieke idees speel, ook na die irrasionele hoofbron of dryfveer van alle ideologieë. 'n Mite is meer as 'n verhaal, 'n analogie of 'n metafisiese waarheid. Dit gee 'n doel en betekenis aan 'n beskawing en is 'n bewegende en vormende krag. Daar word hier met mities dus nie die fiktiewe of denkbeeldige bedoel nie, maar wel die inspirerende en revolusionêre mag wat enige ideologie, ongeag klaarblyklike rasionaliteit en pragmatisme, kan uitoefen.¹⁶ Omdat die fascisme vreemdsoortig en veelvoudig in sy verskeie tasbare openbarings is, bestaan gelyksoortigheid vir Griffin slegs in die ideologie se laagste gemene deler of ideaal-tipes mitiese kern, naamlik 'n herlewingsvorm van populistiese ultra-nasionalisme.¹⁷

Die palingenetiese mite van herlewing of hergeboorte, die sogenaamde feniks-motief, is 'n algemene term vir die siening van 'n radikale nuwe begin na 'n periode van vernietiging of skynbare ontbinding, en verwys na 'n revolusionêre nuwe orde wat emosionele mag aan 'n ideologie verskaf. By 'n politieke ideologie sal die siening rondom 'n nuwe samelewing wat deur menslike handeling ingestel moet word, sentreer. Die kern van die politieke herlewingsmite is die geloof dat daar deur 'n waterskeiding of draaipunt in die historiese proses geleef word. Die huidige samelewing se skynbare korrupsie, anargie, verdrukking en verval word beskou as veranderlik, as 'n hoogtepunt wat bereik is en as 'n teken dat die era sy einde bereik

¹³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 26.

¹⁴ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 29-32.

¹⁵ Sien R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 32; M. Baigent *et al.*, *The messianic legacy*, pp. 191-205.

¹⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 27-28; J.B. Whisker, Introduction to the English edition, in A. Rosenberg, *The myth of the twentieth century*, pp. xxvi-xxvii.

¹⁷ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 32.

het en dat 'n nuwe orde te voorskyn gaan kom. 'n Kenmerkende submite van sodanige verwagtings is die idee dat 'n 'nuwe mens' ook bestem is om te verskyn. In hierdie verband het Joseph Goebbels byvoorbeeld aangevoer: "Revolutions create new men first, then new times."¹⁸ Die palingenetiese politieke mite kan wel na 'n terugwaartse nostalgie vir die herstel van die verlede verwys, maar die term sal sy analiserende waarde verloor indien dit tot ultra-konserwatiewe of reaksionêre bewegings met geen sin aan revolusionêre ontwikkeling of nuwe geboorte nie, uitgebrei word. Alhoewel inspirasie uit die verlede geput kan word, wys die tydspyl voorwaarts en nie terugwaarts nie en die herlewingsmite kan derhalwe deel wees van alle ideologieë, behalwe die mees nostalgiese, in hul utopiese, revolusionêre fases. In kombinasie met populistiese ultra-nasionalisme, met ander woorde die herlewing van die totale nasionale gemeenskap, verwys dit egter na iets spesifiek fascisties.¹⁹

b. Kernidees van die algemene fascisme

Bogenoemde definisie veronderstel egter nie dat alle fascistiese groepe fundamenteel dieselfde is en nie van mekaar ten opsigte van nasionale eienskappe, idees, waardes en doelwitte kan verskil nie. Volgens Payne het baie verwaring ontstaan vanweë die veronderstelling dat indien die fascisme as 'n algemene verskynsel geïdentifiseer kan word, dit noodwendig ook as 'n eenvormige ideologie met gelykoortige eienskappe beskou kan word. In der waarheid sluit die ideologie 'n wye verskeidenheid subtypes in.²⁰ Griffin se definisie maak spesifiek voorsiening vir uitgebreide ideologiese ongelykoortigheid tussen verskillende bewegings, en selfs binne dieselfde beweging, maar enkele algemene kernidees as algemene eienskappe van alle fascistiese bewegings kan wel daaruit onderskei word.²¹ Hierdie kernidees is nie uniek aan die fascisme nie en kom ook binne ander radikale groepe voor. Die volgende uiteensetting daarvan moet daarom slegs beskou word as die minimum gemeenskaplike eienskappe wat, in kombinasie met mekaar, fascistiese bewegings kan identifiseer en van ander politieke bewegings kan onderskei.²²

i. Populistiese ultra-nasionalisme

Nasionalisme, waarvan die populistiese ultra-nasionalisme 'n onderafdeling is, is een van die belangrikste magte in die vorming van die moderne geskiedenis en is 'n onderdeel van 'n wye verskeidenheid teenstrydige politieke stelsels en ideologieë. Populisme verwys in hierdie sin na magte wat, ten spyte van 'n leidende elite, van massaondersteuning as basis vir hul regverdiging afhanklik is. Omdat die volk of ras die belangrikste politieke eenheid is, wil populistes binne hierdie konteks dus die ondersteuning van die hele volk of ras mobiliseer. Ultra-nasionalisme verwys na 'n radikale of oordrewe vorm van nasionalisme wat aggressief, eksklusief, chauvinisties en histories selektief van aard is, wat die verering van die nasionale bewustheid beklemtoon, 'n veragting toon vir minderhede en ander volke en gewoonlik ook militarisme,

¹⁸ J. Goebbels, *Michael. A novel*, p. 27. Joseph Goebbels (1897-1945) was Minister van Propaganda en Kulturele Verligting in Nazi-Duitsland. Die genoemde boek is teen ca. 1923 geskryf en kan gesien word as "... a distillation of National Socialist theology, a blueprint of its then-present and future concerns." (A. Parfrey, Preface, in J. Goebbels, *Michael*, p. vi).

¹⁹ Sien R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 33-36.

²⁰ S.G. Payne, The concept of fascism, in S.U. Larsen (ed.) et al., *Who were the fascists*, p. 21.

²¹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 27.

²² Sien S.G. Payne, The concept of fascism, in S.U. Larsen (ed.) et al., *Who were the fascists*, pp. 20, 21.

imperialisme en rassisme bevorder. Populistiese ultra-nasionalisme is daarom gebaseer op die visie van die volk as iets groots, heroïes en suiwer; 'n rasse, historiese, spirituele of organiese werklikheid, 'n natuurlike orde wat besmet kan word deur rasvermenging, immigrasie, die anargistiese en onpatriotiese liberale individualisme, internasionale sosialisme en die ander vreemde magte van die moderne samelewing soos die opkoms van die massamens, die verval van morele waardes, die gelykheidsleer, kosmopolitanisme, feminisme en verbruikersdruk.²³

Die liberalisme se beskouing van die onderlinge verbondenheid van die wêreld is nie versoenbaar met die ultra-nasionalistiese siening nie en derhalwe verwerp die fascisme enigiets wat met liberale instellings of die tradisie van die Verligtingshumanisme verband hou. Die gelykmakende effek van die liberalisme en die lewensomstandighede van die industriële samelewing word verwerp, omdat daar geglo word dat dit uiteindelik die nasionale tradisies, die etniese en nasionale identiteit en daarom ook die totale gemeenskapslewe, sal vernietig.²⁴ Populistiese ultra-nasionalisme verwerp ook die beginsels van absolutisme en pluralistiese verteenwoordigende regering. Anti-demokrasie kan verskeie vorme aanneem, maar behels gewoonlik 'n strewe na 'n sterk regering en 'n staat wat verhewe is bo partye en faksies, 'n afkeer aan parlementêre regering en 'n liefde vir orde en dissipline. Volgens die fascisme is demokrasie en die voorkoms van vrye verkiesings 'n teken van swakheid en korrupsie van die nasionale gees en werk dit verdelend op die volk in. Die demokrasie is verder ook nie versoenbaar met die fascisme se basiese aristokratiese beginsels nie.²⁵ In die woorde van Joseph Goebbels: "Aristocracy = Rule by the best. Nations never govern themselves."²⁶

Fascisme word gewoonlik gekenmerk deur 'n venynige, onversetlike en propagandistiese verwerping van die Marxisme en kommunisme. Die fascisme glo aan die bestaan van 'n natuurlike ongelykheid tussen verskillende volke en rasse en selfs tussen leier en volgeling binne dieselfde volk of ras. Dit is daarom gekant teen die kommunisme se proletariese internasionalisme en beskou hulself as die enigstes wat die volk van 'n kommunistiese revolusie kan red. Die kommunisme beskou klas as die basiese eenheid van politieke mobilisasie en die klassestryd wat daardeur voortgebring word, verdeel en verswak die nasionale solidariteit en kan tot die vernietiging van nasionale onafhanklikheid en identiteit lei en moet daarom vernietig word.²⁷

²³ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 36-37; M. Billig, The extreme right: continuities in anti-Semitic conspiracy theory in post-war Europe, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 147; P. Hainsworth, Introduction. The cutting edge: The extreme right in post-war western Europe and the USA, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 9-10; L.L. Snyder, *Encyclopedia of nationalism*, p. 53.

²⁴ M. Billig, The extreme right ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 147; R. Griffin, *The nature of Fascism*, p. 37; N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, pp. 279-280.

²⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 37; C. Seton-Watson, Fascism in contemporary Europe, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 348; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 9; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, p. 277.

²⁶ J. Goebbels, *Michael*, p. 92.

²⁷ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 13; M. Billig, The extreme right ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 147; P. Hainsworth, Introduction ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 12.

ii. Rassisme

Die totale mobilisasie van die volk of ras behels ook 'n negatiewe element, deurdat dit gewoonlik téén ander groepe geskied. Die beskerming van die nasionale gemeenskap teen 'anargistiese' magte en die pogings om 'n gevoel van uniekheid en gemeenskaplike bestemming te herskep, veroorsaak dat die fascisme wesenlik rassisties is. Die fascisme beskou egter nie noodwendig die volk kultureel en histories ten opsigte van biologiese en genetiese terme of die mite van 'n suiwer ras nie, en dit is ook nie intrinsiek dat spesifieke groepe soos Jode, Slawe of Asiërs, uitgesoek moet word vir vervolging nie.²⁸ Volgens Griffin hang die venynigheid en voorwerp van fascistiese rassisme van verskeie bydraende faktore af waaronder die voorkoms van 'n bestaande tradisie van vreemdelingehaat en rassevervolging wat deur die fascistiese beweging as 'n integrale deel van sy herlewingsmite en as werktuig vir massamobilisering gebruik kan word.²⁹

Gedurende die tussenoorlogse periode was anti-Semitisme die belangrikste vorm van rassisme. Ten spyte van die sporadiese voorkoms van swastika-graffiti en die skending van Joodse sinagoges en begraafplase, was openlike anti-Semitisme egter sedertdien 'n rare verskynsel. Dit kan waarskynlik aan die feit dat die gruwels van die Holocaust 'n anti-Semitiese houding grootliks gediskrediteer het, en omdat die ou Joodse stereotipe binne die veranderende sosiale omstandighede begin verdwyn het, toegeskryf word. Die anti-Semitiese tradisie is egter so diep in die Europese geskiedenis gewortel dat dit huidiglik bly voortleef in die vorm van die Holocaust Revisionisme en die sogenaamde Joodse samesweringsteorie.³⁰

Ten spyte van die groeiende aantal anti-Semitiese voorvalle in veral Oos-Europa gedurende die tagtigerjare, verwys Billig na die vervangbaarheid van politieke vooroordele en noem hy dat etnosentriese partydigheid in die na-oorlogse periode eerder teen die meer sigbare minderheidsgroepe en immigrante as teen die Jode gerig is.³¹ 'n Beleid van anti-immigrasie en vreemdelingehaat het dan ook 'n belangrike mobilisasietema vir die meeste hedendaagse fascistiese groepe geword. Die stroom asielsoekers en vlugtlinge uit verskeie wêrelddele na Wes-Europa word deur hierdie bewegings gelyk gestel met die voorkoms van werkloosheid, misdaad, stedelike ontaarding, siektes, verlaagde standaarde en nasionale verval. Die ermosies van die werkers- en laer middelklasse en veral jong werkloos, word opgesweep deur voor te gee dat die immigrante besig is om Europa te 'koloniseer' en 'n bedreiging vir die oorspronklike inwoners inhou.³²

²⁸ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 48; M. Billig, *The extreme right ...*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 147.

²⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 48.

³⁰ C. Seton-Watson, *Fascism in contemporary Europe*, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 344; N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, p. 289; M. Billig, *The extreme right ...*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, pp. 152-153, 162.

³¹ M. Billig, *The extreme right ...*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, pp. 151, 153.

³² C. Seton-Watson, *Fascism in contemporary Europe*, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 344; P. Hainsworth, *Introduction ...*, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 8-9, 13-14, 17.

iii. Revolusionêre idealisme

Fascistiese idees verwerp ekonomiese determinisme en materialisme en beklemtoon filosofiese vitalisme, idealisme en die metafisika van die wil waar geglo word dat wilskrag nodig is om denke en aksie te verenig en woorde in daad te verander.³³ Volgens Viereck kan min materiële probleme stand hou teen die mens se intellek en verbeelding en was Hitler se triomf gedeeltelik die triomf van menslike wilskrag oor materie, van nasionale politieke beweegredes oor ekonomiese dryfvere, en van geloof oor wat logika as 'n oormag kon beskryf.³⁴ Die doel van die fascisme se idealisme is die skep van 'n nuwe mens en 'n nuwe sekulêre kulturele styl van fisiese en artistieke uitbundigheid wat moed en durf bewonder.³⁵ Aktiwisme is daarom belangriker as denke en sluit aan by die fascisme se basiese anti-intellektualisme. Opvoeding en professionele kennis lei die mens weg van die instinktiewe en vir 'n fascist is instink belangriker as intellek. Volgens Goebbels: "The miracle of a nation never lies in the brain, but only in the blood."³⁶ Die fascisme se intellektuele tradisie is daarom propagandisties van aard en arm in vergelyking met dié van die Marxisme en Liberalisme. Ten spyte van Hitler se *Mein Kampf* en *Der Mythos des 20. Jahrhunderts* van Alfred Rosenberg (1893-1946), bestaan daar volgens sommige skrywers in werklikheid geen fundamentele werke soos dié van Marx en Lenin, wat as basis van die ideologie kan dien nie.³⁷ Griffin wys egter daarop dat die fascisme se anti-rasionalisme dit nie verhoed het om 'n groot hoeveelheid woordryke en selfs belese ideologiese werke te ontwikkel of om geselekteerde gedeeltes van die filosofiese en wetenskaplike tradisies van die Weste tot hul eie voordeel aan te wend nie.³⁸

Fascisme is 'n revolusionêre mag wat alle volkselemente wil koördineer in 'n radikale nuwe samelewingstipe met 'n nuwe etos en nuwe politieke, ekonomiese en kulturele strukture. 'n Kemidee binne hierdie konteks is die nasie se val van grootheid en die agteruitgang van die volksgemeenskap. Die fascistiese glo dat die vernietiging wat deur hulle begin is, 'n noodsaaklike voorvereiste vir heropbouing is en dat die individu die volk kan herstel as hy deur middel van aktiwisme en geloof binne die gemeenskap herbore word.³⁹ Volgens Miller is die fascisme 'n opvatting van 'n saamhorige en herenigde volk en daarom word groot klem gelê op verbymarste, parades en uniforms, en op 'n gemeenskaplike liturgie waar beraadslaging en debat deur liedere, fakkels en die verering van fisiese krag, geweld en wreedaardigheid verdring is.⁴⁰ Ten spyte van die fascisme se poging om sy beskouings met historiese, kulturele, godsdienstige en wetenskaplike 'feite' te rasionaliseer, is die emosionele mag daaragter in irrasionele dryfvere en mitiese veronderstellings gewortel. Die fascisme het derhalwe 'n romantiese en emosionele

³³ S.G. Payne, *Fascism*, pp. 10-11; P. Viereck, *Metapolitics*, pp. 278-279.

³⁴ P. Viereck, *Metapolitics*, p. 279.

³⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 47; Z. Sternhell, *Fascism*, in D. Miller (ed.), *The Blackwell encyclopaedia of political thought*, p. 150.

³⁶ J. Goebbels, *Michael*, p. 26.

³⁷ Sien P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 20; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 13-14, 277; M. Billig, *The extreme right ...*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 148; R. Eatwell, *The nature of the right*, 2: *The right as a variety of "styles of thought"*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 71.

³⁸ R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 6.

³⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 48; R. Eatwell, *The nature of the right*, 1: *Is there an "essentialist" philosophical core?*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 58.

⁴⁰ Z. Sternhell, *Fascism*, in D. Miller (ed.), *The Blackwell encyclopaedia of political thought*, p. 150.

benadering tot probleme van politieke aksie. Dit verklaar hul liefde vir aggressie en hul positiewe evaluering van geweld en die idee van ewige stryd.⁴¹

Massamobilisasie is 'n belangrike doelwit van die fascisme en sluit aan by pogings tot groter politieke militarisering, die gebruik van militêre terminologie en onderskeidingstekens, en die vorming van burgermagroepe. Vir die fascisme is die stryd om 'n ideaal meer eerbaar as 'n samelewing wat op individualisme en profyt gebaseer is. Militarisme word dus ook geassosieër met die kultus van die supermens, die held en die dood, met die mistiek van opoffering, en 'n gevoel van saamhorigheid en kameraderie. Hiermee saam gaan die fascisme se verering van die manlike beginsel wat aansluit by die organiese samelewingsbeskouing. Die regte van die man is dominant terwyl die vrou se rol by die huis is waar sy kinders in die wêreld moet bring om die sterkte en suiwerheid van die ras of volk te onderhou. Dit het ook 'n verband met die fascisme se verering van die jeug bo die ander generasies as die volk se nuwe lewenskrag waarby die kultus van aksie en die wil tot 'n nuwe ideaal inherent aansluiting vind.⁴²

iv. Elitisme

Die fascisme lê sterk klem op die massa en pas sosialistiese tegnieke van massapropaganda en organisasie vir hul eie doeleindes aan. Dit is in werklikheid 'n kombinasie van nasionalisme en sosialisme, maar bevry van laasgenoemde se humanitêre sentimentalisme en Marxistiese dialektiek. Omdat die fascisme verder sterk klem lê op populêre aktivisme, alle klasse binne die volk gelyk wil stel en die bestaande elite as ondinamies en vervalte verwerp, kan dit in 'n sin as 'n anti-elitêre mag beskou word.⁴³ Goebbels het egter aangevoer dat revolusies altyd deur individue gevorm word en dat die massa bloot saamgesleur word.⁴⁴ Alhoewel die ultra-nasionale mite van die fascisme rondom die skep van 'n nasionale gemeenskap sentreer, is die drywende mag daaragter dus nie die spontane protes van die massas nie, maar 'n self-aangestelde elite wat aan hulself die vermoë toeken om die 'ware' behoeftes van die volk te interpreteer. Die fascisme probeer wel om deur middel van opsweping en propaganda in 'n massabeweging te ontwikkel, maar dit word altyd opgelê deur 'n elite in die naam van 'n nasionale gemeenskap wat nog, nadat die beweging die mag oorgeneem het, deur middel van heropvoeding, propaganda en sosiale beheer verwesenlik moet word.⁴⁵

Die fascisme is nie net elitêr in sy taktiek om mag te bekom nie, maar ook in sy basiese samelewingsbeskouing. Die verteenwoordiging van die volk se wil beteken in 'n fascistiese samelewing die toevertrouing van gesag aan 'n elite of leier. Die individu, wat deel is van die organiese samelewing, moet

⁴¹ J. Krieger (ed.), *The Oxford companion to politics of the world*, p. 294; S.G. Payne, *Fascism*, p. 12; R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 27; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, p. 317; H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, p. 19.

⁴² R. Eatwell, The nature of the right, 1 ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 57; S.G. Payne, *Fascism*, pp. 11-13; C. Seton-Watson, *Fascism in contemporary Europe*, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, pp. 345-346; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 26.

⁴³ R. Eatwell, The nature of the right, 1 ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 55; P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 63, 67; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 15-16.

⁴⁴ J. Goebbels, *Michael*, p. 27.

⁴⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 41.

gehoorsaam wees aan die staat soos deur die leier verpersoonlik en moet bereid wees om alles op te offer ter wille van die glorie van die volk. Daar bestaan geen individuele vryhede of regte nie. Die fascisme se strewe ten opsigte van die staat is nie beperk tot tradisionele gesagstelsels soos die monargie of korporatisme nie, maar behels 'n nuwe nasionale, sekulêre staat wat gewoonlik outoritêr en republikeins van aard is. Die fascisme is dus populisties in inhoud en retoriek, maar elitêr in die praktyk. Die elitisme kom ook te voorskyn in die beginsel van anti-demokrasie, die deurlopende rassisme, die mite van die nuwe fascistiese mens en in die organisatoriese verskynsels van die paramilitêre elite en die leiersfiguur.⁴⁶

Die tradisionele en wetlike begrippe van gesag word deur die fascisme verwerp ten gunste van 'n besielde elite aan die hoof van 'n massabeweging. Die meeste fascistiese bewegings funksioneer op die basis van verkose leierskap (ten minste deur die party elite) en die leierkultus is nie noodwendig 'n kernkomponent van die algemene fascisme nie. Tog is daar 'n neiging om die funksie van leierskap, hiërargie en onderdanigheid te beklemtoon en neig die meeste fascistiese bewegings na 'n outoritêre, charismatiese, individuele leierskapstyl van bevelvoering. Die leierskapsbeginsel en idee van onfeilbaarheid wat daarmee geassosieër word, word dikwels as versekering voorgehou om die teenstrydighede tussen propaganda en die werklikheid te oorkom. Die fascisme is dus 'n charismatiese politieke mag en, waar grondwetlike meganismes in 'n liberale demokrasie die vreedsame verandering van ministers, staatshoofde en regerings verseker, beteken die dood van 'n fascistiese leier gewoonlik ook die ontbinding van die regeringstelsel of beweging wat hy verpersoonlik het.⁴⁷

v. Modernisme

Die fascisme se verwerping van die moderne liberale samelewing se verstedeliking, industrialisasie, liberale opvoeding, rasionele materialisme, individualisme, sosiale onderskeiding en pluralistiese selfstandigheid, word soms deur teoretici geïnterpreteer as 'n verwerping van die modernisme self. Die fascisme interpreteer die geskiedenis volgens mitologiese terme en die primitiewe kom wel in die partyrituele, die gebruik van antieke simbole en die rassegevoel tot uiting. Die brutaliteit van politieke aksies dui in 'n mate ook op die verwerping van beskaafde waardes. Tog vorm die ideologie eintlik 'n kombinasie van modernisme en anti-modernisme. Die Italiaanse beweging van Mussolini het klem gelê op die samestelling van nuwe industrieë, tegnologiese futurisme en produktiwiteit, en is beïnvloed deur die Futuristiese kunstenaars wat die moontlikhede van die moderne tegnologie beklemtoon het en teen beide die internasionale, onpatriotiese sosialiste en die rustige konserwatiewes gekant was. Die fascisme toon in der waarheid 'n groot respek vir die moderne samelewing, materiële vooruitgang en die moderne tegnologie wat deur die ondersteuners daarvan behou en uitgebuit word.⁴⁸

⁴⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 41; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 12; S.G. Payne, *Fascism*, p. 9; P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 48-49.

⁴⁷ S.G. Payne, *Fascism*, pp. 13-14; S.G. Payne, *The concept of fascism*, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, p. 21; R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 42-43; P.M. Hayes, *Fascism*, p. 163.

⁴⁸ S.G. Payne, *The concept of fascism*, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, p.18; H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, pp. 18, 26-27; N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, pp. 320-322.

Cantor kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat die fascisme aan die een kant voordeel uit die modernisme getrek het en selfs in 'n mate 'n aaklige en dodelike spotbeeld daarvan geword het. Aan die ander kant is die fascisme teenstrydig met die modernisme ten opsigte van die voorkoms van historisme, neo-Victorianisme, en die onderskrywing van die populisme in die kultuurbeleid en die verhaal in die kunste.⁴⁹ Griffin wys egter daarop dat ten spyte daarvan dat sekere fascistiese mites wel radikaal anti-stedelik, anti-sekulêr en/of nostalgies ten opsigte van 'n voor-industriële heroïese idille is, dit eintlik bloot die ontaardende elemente van die moderne samelewing is wat verwerp word. Die fascisme bou retories op die glorieryke eras in die nasionale geskiedenis om 'n herskeppende etos op te roep as voorvereiste vir 'n nasionale hergeboorte en nie om sosio-politieke patrone vir herhaling aan die hand te doen nie. Die fascisme verwerp slegs die vervalde eienskappe van moderniteit om dit met 'n nuwe samelewingstipe te vervang en verteenwoordig daarom eerder 'n alternatiewe moderniteit as 'n verwerping daarvan.⁵⁰

vi. Ekonomiese beleid

Die ekonomiese doelwitte van die meeste fascistiese bewegings is gewoonlik vaag en daar bestaan in werklikheid geen universele fascistiese ekonomiese program nie. Marxiste kritiseer die fascisme verkeerdelik as die laaste vashouplek van die kapitalisme. Binne 'n fascistiese staat word die kapitalisme wel beskerming en sekuriteit gebied, maar ten koste van sy onafhanklikheid. Fascistiese ekonomiese beleid word gewoonlik binne 'n ideologiese raamwerk saamgevoeg sonder om veel aandag aan die praktiese behoeftes en ekonomiese wense van sy ondersteuners te gee. Dringende vrae oor ekonomiese aktiwiteite word dikwels met beloftes van die volbrenging van 'n sogenaamde 'goue land' ter syde gestel. Fascisme se verwerping van klasgrense en die beklemtoning van die nie-ekonomiese waardes van die individu en samelewing soos heroïsme, self-opoffering, dissipline en kameraderie, onderskei dit van die klasbewuste en ekonomies gedetermineerde ideologieë van die kapitalisme en sosialisme.⁵¹

Outarkie (of selfvoorsiening) is dikwels 'n eienskap van fascistiese ekonomiese denke, omdat dit nasionale heropbou kan verseker. Dit word ook geassosieër met die idee van die korporatiewe staat alhoewel korporatisme nie noodwendig 'n doelwit van die algemene fascisme is nie. Die korporatiewe staat sluit aan by die organiese beskouing van die samelewing, en alhoewel dit bloot 'n organisatoriese struktuur vir industriële beheer is, bied dit 'n effektiewe derde weg tussen kapitalistiese individualisme en sosiaal-kommunisme.⁵² Volgens Seton-Watson behels die korporatiewe droom 'n organiese of nasionaal-sosialistiese staat waarin kapitaal en arbeid, die gesin, beroepsrigtings en die plaaslike gemeenskap, ter wille van die verhewe belange van die volk, geïntegreer word.⁵³

⁴⁹ N.F. Cantor, *Twentieth century culture*, p. 322.

⁵⁰ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 47.

⁵¹ Sien P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 22; S.G. Payne, *Fascism*, p. 9; H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, pp. 216-218; A.S. Milward, *Towards a political economy of fascism*, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, pp. 61, 64; P.M. Hayes, *Fascism*, p. 172.

⁵² P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 89, 105; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 23-24; S.G. Payne, *Fascism*, p. 9.

⁵³ C. Seton-Watson, *Fascism in contemporary Europe*, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 349.

Outarkie en korporatisme is nie uitsluitlik fascistiese begrippe nie en die fascisme huldig in werklikheid min oorspronklike idees ten opsigte van die ekonomie. Die fascisme se ekonomiese beskouing is 'n sintese van linkse en regse beginsels waar privaatbesit as die basis van die gemeenskap aanvaar word, maar die staat beheer oor sakebelange verkry. In kort kan genoem word dat die fascisme na 'n nuwe tipe geregleerde, geïntegreerde, nasionale ekonomiese struktuur strewende om in 'n mate sosiale verhoudinge te omvorm. Hierdie struktuur kan 'n nasionaal-sindikalistiese, nasionaal-sosialistiese of nasionaal-korporatistiese vorm aanneem.⁵⁴

vii. Buitelandse beleid

Alhoewel die idees oor nasionalisme en rassemeerderwaardigheid, en die verering van oorlog as 'n oorlewingsstryd, regverdiging kan bied vir anneksasie en verowering, is die algemene fascisme nie inherent imperialisties nie. Die fascisme soek egter wel na 'n nuwe orde ten opsigte van buitelandse betrekkinge, na nuwe alliansies of verhoudings met kontemporêre magte en 'n nuwe status vir die vaderland in die wêreld. As 'n vorm van ultra-nasionalisme sal die fascisme ook reageer teen enige sigbare teken van skynbare nasionale swakheid, hetsy buitelandse dominasie, demografiese afname of vemedering binne die internasionale politieke sfeer, maar die beklemtoning van die hergeboorte van die nasionale gemeenskap impliseer nie noodwendig 'n behoefte aan meer leefruimte of verowering nie.⁵⁵

Die algemene fascisme kan drie beleide ten opsigte van verhoudings met ander lande handhaaf: 'n neutrale beleid, waar ideologie as 'n eksklusief plaaslike saak beskou word; 'n imperiale beleid, waarvolgens 'n volk 'n veronderstelde historiese bestemming het om grondgebied uit te brei of om oor ander te heers; en 'n universele beleid, wat met 'n gevoel van saamhorigheid met ander volke wat ook probeer om hulself te herskep, geassosieër word. 'n Belangrike tema van die kontemporêre fascisme is juis die idee van 'n 'Europa van Volke'. Dit behels die beklemtoning van Europese eenheid, van nasionalisme binne 'n groter Europa en die herlewering van 'n onafhanklike Europese vasteland om as 'n derde mag tussen Moskou en Washington te funksioneer.⁵⁶

viii. Die fascistiese paradoks

Kedward beskou die fascisme as 'n ingewikkelde sintese van botsende idees tot 'n nuwe en unieke geheel om 'n 'derde weg' te vorm tussen kapitalisme en sosialisme, rasionalisme en irrasionalisme, die beskaafde en primitiewe, die massa en die elite. Die fascisme het verskillende idees, metodes en instellings binne 'n eenheid saamgesnoer wat so vol teenstrydighede was dat 'n vroeë verval van die beweging algemeen

⁵⁴ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 23; R. Eatwell, The nature of the right, 1 ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 50; R. Eatwell, Conceptualizing the right: Marxism's central errors, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 30; S.G. Payne, The concept of fascism, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, p. 21.

⁵⁵ S.G. Payne, *Fascism*, p. 10; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 25; R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 48-49.

⁵⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 49; C. Seton-Watson, Fascism in contemporary Europe, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 347.

voorspel is. Omdat die aard van die fascisme nie konstant is nie, beklemtoon Kedward hierdie een sentrale eienskap, die paradoks, as die kragpunt van die ideologie.⁵⁷

Die paradoks veroorsaak egter ook 'n inherente strukturele swakheid wat die fascisme se doeltreffendheid as politieke mag beperk en veroorsaak dat dit net 'n randstandige rol in die vorming van die sosio-politieke orde van die moderne samelewing speel. Die kernite is ontvanklik vir verskeie interpretasies van idees en beleide, sodat 'n verskeidenheid wedywerende faksies en strominge binne selfs dieselfde beweging voortgebring kan word. Faksiestryd is daarom algemeen as gevolg van die spanning wat daar tussen ideologie, beleid en leierskap bestaan, en verskille oor die interpretasie van die ideologie en die keuse van taktiek en programme is dikwels ineengevleg met die binnegevegte van leidende persoonlikhede. Daar is, vanweë pogings om verskillende belange te dien of om meer onmiddellike doelwitte te bereik, gewoonlik ook teenstrydighede tussen die ideologiese basis en die praktyk. In hierdie geval kan slegs effektiewe leierskap en taktiek 'n beweging tot 'n relatiewe samehangende geheel vorm wat net in ideale toestande 'n groot aantal ondersteuners sal trek. Dit veroorsaak dat die fascisme net 'n opposisionele mag is solank as wat die klimaat van nasionale krisis voortduur en dat dit 'n reaksionêre, onderdrukkende mag word sodra dit bewind oomeem.⁵⁸ Volgens Griffin kan die fascisme daarom slegs sy momentum en samehang behou deur aanhoudend voorvalle te ontketen wat oënskynlik die belofte van permanente revolusie of aanhoudende wedergeboorte vervul.⁵⁹

c. Fascisme en die regses

Bogenoemde kernidees kan, in geheel, gebruik word om 'n omskrywing te gee van wat met die fascisme bedoel word. Baie daarvan is egter nie uniek aan die fascisme nie en word ook onder regse en selfs revolusionêre linkse groeperings aangetref.⁶⁰ Omdat die fascisme algemeen as 'n ver-regse ideologie beskou word, maar alle ver-regse groeperings nie noodwendig fascisties is nie,⁶¹ is dit nodig dat die fascisme se verhouding met die regse politiek duideliker omskryf word.

Aan die begin van die twintigste eeu het nuwe groepe konserwatiewe outoritêre en radikaal regse groeperings ontstaan wat dikwels met die fascisme in verband gebring is, omdat hulle soms dieselfde doelwitte gehad het, teen dieselfde dinge soos Marxisme en Liberalisme gekant was en vanweë taktiese en pragmatiese redes verskeie alliansies met mekaar gevorm het.⁶² Volgens Griffin wys die fascisme se ultra-nasionalisme, die vyandigheid teenoor beide die gelykheidsleer en die internasionale sosialisme, die samewerking met tradisionele regse of konserwatiewe magte en die voortdurende beroeping op fundamentele geestelike waardes ook op die verwantskap daarvan met die breë regse ideologie.⁶³ Ten

⁵⁷ H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, pp. 6, 9-10, 19, 26-27, 32-33, 34.

⁵⁸ Sien R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 39-40, 43-44; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 20-22; P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 17-18, 164; S.J. Woolf, Introduction, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, pp. 10-13.

⁵⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 40.

⁶⁰ Sien bv. R. Eatwell, The nature of the right, 1 ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, pp. 48-57.

⁶¹ M. Billig, The extreme right ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 146.

⁶² S.G. Payne, *Fascism*, pp. 14-15.

⁶³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 49.

spyte hiervan is die fascisme se verband met die regsse uiters problematies, nog te meer omdat die begrip van die regsgeesinde politiek self moeilik omskryfbaar is.⁶⁴

Taktiese alliansies met regse groepe word slegs deur die fascisme gevorm om mag te bekom en te behou, terwyl die beklemtoning van glorieryke elemente in die nasionale tradisie nie soos by die regsse, 'n terugkeer na 'n legendariese goue era beteken nie. Die verlede word bloot as mitiese krag en inspirasie vir die nuwe orde gebruik varweë die ewige waarhede wat dit vir die opkomende nasionale gemeenskap kan bevat. Omdat die fascisme anti-konserwatief is en veg vir 'n nuwe visie, 'n derde weg en 'n radikale breuk met alle tradisionele partye en ideologieë, sal dit volgens Griffin dalk beter wees om dit in 'n afdeling van sy eie, dit wil sê bokant die indeling tussen links en regs, te plaas.⁶⁵ Dit sluit ook aan by die sienings van ander skrywers wat beweer dat die fascisme, omdat dit parlementêre demokrasie verwerp en poog om 'n middeweg tussen die kapitalisme en kommunisme te vind, eerder 'n politieke leerstelling van die ekstreme of revolusionêre middelpunt is.⁶⁶ Griffin noem egter dat dit vir praktiese doeleindes redelik is om die fascisme as 'n soort onderafdeling, met sy eie spesifieke eienskappe, van die ultra-regse politiek te beskou.⁶⁷

Volgens Payne is dit nodig om 'n onderskeid te tref tussen die fascisme en regse outoritarisme, omdat die oorsaak van verwarring by die identifikasie en definisie van die algemene fascisme juis in 'n mislukking lê om tussen fascistiese bewegings en die nie-fascistiese (soms proto-fascistiese) konserwatiewe outoritêre en radikale regse groepe te onderskei. Die fascisme en konserwatiewe outoritêres verteenwoordig kultureel en filosofies twee teenoorstaande pole, terwyl verskeie elemente van die radikale regsse tussenin gevind word: Die konserwatiewe, outoritêre regsse is geneig om hulself van die fasciste te onderskei, terwyl die radikale regsse soms doelbewus die verskille verberg. Die konserwatiewe, outoritêre regsse is meer gematigd en konserwatief as die fasciste, en selfs in gevalle waar die openbare estetika en choreografie van die fascisme oorgeneem word, is die simboliek meer tradisioneel en word meer direkte konserwatiewe onafgebrokenheid beklemtoon. Die radikale regsse is weer meer regs as die fasciste. Hulle is ter wille van ondersteuning verbind tot die bestaande elite en strukture en is nie bereid om die klaslose massamobilisasie en vereiste sosiale, ekonomiese en kulturele verandering van die fascisme te aanvaar nie. Wat betref geweld, outoritarisme, militarisme en imperialisme is hulle soms net so fanaties soos die fasciste en verskil hulle in hierdie opsig van die outoritêre regsse.⁶⁸

Die konserwatiewe outoritêres se filosofie en ideologie is gebaseer op 'n kombinasie van rasionalisme, pragmatisme en godsdiens, in teenstelling met die fascisme se kulturele mistiek en sekulêre vitalisme, irrasionalisme en neo-idealisme. Hulle is slegs in 'n beperkte sin anti-konserwatief, omdat hulle met die meer gematigde, parlementêre vorme van konserwatisme wil breek, maar wetlike bestendigheid wil behou.

⁶⁴ Sien bv. P. Hainsworth, Introduction ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 3.

⁶⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 49-50.

⁶⁶ Sien R. Eatwell, The rise of 'left-right' terminology: The confusions of Social Science, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, pp. 36-37, 38.

⁶⁷ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 50.

⁶⁸ S.G. Payne, The concept of fascism, in S.U. Larsen (ed.) *et al.*, *Who were the fascists*, p. 22; S.G. Payne, *Fascism*, pp. 14-15, 17, 18, 20-21.

Die radikale regses wil weer die bestaande liberale politieke stelsel vernietig, maar bepleit in die plek daarvan eerder monargisme of Katolieke neo-korporatisme as die meer radikale vorme van diktatorskap. Die regses se elitisme en eise om streng leierskap word getemper deur hul beroeping op tradisionele wettighede. Alhoewel die outoritêre regses soms daarin slaag om massaondersteuning te mobiliseer, het die radikale regses min populêre trefkrag. Hulle bestaan uit tradisionele elites en nie nuwe groeperings van gedeklasseerde radikale nie, en hul doel is eerder die manipulasie van die bestaande stelsel as politieke oorwinning vanaf die straat. Die radikale regses is daarom tot 'n groot mate van die weermag vir ondersteuning afhanklik en omdat hulle nie met die bestaande weermag wil meeding nie, verwerp hulle die fascistiese beginsel van 'n burgermag en massa militarisering. Al drie groepe beklemtoon ekonomiese ontwikkeling, maar terwyl die fasciste groter voorrang aan modernisme gee, wend die outoritêre en radikale regses hulle tot korporatisme. Al drie staan ook sosiale eenheid en ekonomiese harmonie voor, maar vir die regses beteken dit bloot die behoud en versterking van die bestaande sosiale hiërargie. Die fascisme is daarenteen 'n revolusionêre mag wat die sosiale klas- en statusverhoudings van die samelewing wil verander.⁶⁹

Afgesien van bogenoemde is daar steeds 'n aantal bewegings met 'n palingenetiese ultra-nasionale kern wat nie duidelik binne die fascistiese afdeling pas nie. Die mees problematiese is dié wat die retoriek van 'n hergebore volk gebruik en die liberalisme in teorie verwerp, maar te elitêr of utopies is om 'n massabeweging op te bou om mag deur 'n kombinasie van wetmatigheid en geweld te bekom. Hierdie sogenaamde proto-fasciste breek in die praktyk nooit radikaal met die parlementêre demokrasie en tradisionele konserwatisme nie. Hulle is nie radikaal genoeg om die tradisionele regerende elite en die bestaande politieke orde te vernietig om 'n nuwe orde tot stand te bring nie, en hulle plaas hulself nooit in 'n posisie om hul woorde in revolusionêre daade te omskep nie. Ware fascisme is wel radikaal genoeg in sy strewes, uitermatig in sy taktiek en aksiegeoriënteerd in sy denkwysse om ten minste te probeer om 'n revolusionêre massabeweging te vorm om mag mee oor te neem.⁷⁰

3. Die voortbestaan van die fascisme na 1945

"It is only too true that Fascism and Nazism have not been rooted out. They are there. They are dormant at this present time, but it is possible that they might once more be fanned into flame."⁷¹

- Lord Jowitt, Britse Laerhuis, Desember 1946

Alhoewel daar algemeen geglo is dat die fascisme in 1945 vernietig is, het die Geallieerde militêre oorwinning oor die magte van Hitler en Mussolini egter nie daarin geslaag om fascistiese idees, instellings en ambisies uit te wis nie. Wilkinson voer aan dat baie navorsers verbysterd is deur hierdie oorlewing van Nazi ekstremisme en fascisme en dat dit die politieke wetenskap se bestaande teorieë oor politieke

⁶⁹ S.G. Payne, The concept of fascism, in S.U. Larsen (ed.) et al., *Who were the fascists*, p. 23; S.G. Payne, *Fascism*, pp. 17-20.

⁷⁰ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 50-51.

⁷¹ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 22-23.

deelname en rasionele politieke keuse, misken.⁷² Die raaisel verdwyn egter indien dit teen die agtergrond van die na-oorlogse gebeure gesien word.

a. Denazifikasie en die Koue Oorlog

i. Die Geallieerde oormame van Italië en Duitsland

Die Geallieerde oormame van Italië was in 'n sin minder ontwrigtend as in die geval van Duitsland. Die Geallieerdes het nie die hulpbronne gehad om die Fascistiese elemente uit die Italiaanse establishment, polisie, kerk en regsbank te verwyder nie en baie Fasciste het gevolglik in hul staatsposte aangebly. Verder het Italië gou die status van 'ere-oorwinnaar' verkry en het die Geallieerde magte, anders as later in Duitsland en Oostenryk, nie veel in Italiaanse interne sake ingemeng nie. Alhoewel die grondwet van die nuwe Italiaanse Republiek die herinstelling van die PNF verbied het, het ondersteuners van Mussolini in 1946 die Movimento Sociale Italiano (MSI) gestig om die tradisionele Fascistiese stemme te trek.⁷³ Volgens Von Beyme het die beperkte uitwerking van 'defascistisasie', die relatiewe bloedlose Fascistiese rekord, die beperkte en toevallige, tog regsgedwonge vervolging van die Fascisme, en die volharding van 'n breë sfeer van persoonlike privaatheid, alles bygedra tot die voorbereiding van 'n relatiewe vinnige hersiening van regse ekstremisme in Italië.⁷⁴

Met die Geallieerde oormame van Duitsland is egter 'n omvattende proses van denazifikasie van stapel gestuur in 'n poging om die Nasionaal-Sosialisme se indoktrinering te verbreek en om 'n Nazi herlewing te voorkom. Tydens die Potsdam-konferensie⁷⁵ is voorsiening gemaak vir die kansellering van alle Nazi-wetgewing en die ontbinding van die Nationalsozialistische Deutsche Arbeiterpartei (NSDAP), die arrestasie en verhoor van oorlogsmisdadigers en ander invloedryke Nazi-leiers en senior amptenare, en aanvanklik ook vir die verwydering van alle lede van die NSDAP uit openbare en semi-openbare poste en posisies van verantwoordelikheid binne privaatondernemings. Die Geallieerde intelligensiedienste het vir die eerste twee jaar na die oorlog hoofsaaklik op die waarneming van moontlike ondergrondse weerstandsbewegings en die aankeer van oorlogsmisdadigers gekonsentreer. Teen die middel van 1947 was dit egter duidelik dat daar nie veel gevaar van 'n groot Nazi herlewing was nie. In 1945 is 'n sentrale register, *Central Registry of War Criminals and Security Suspects* (CROWCASS), opgestel om die vervolging van oorlogsmisdadigers aan te help. Onvoldoende hulpbronne, fondse en personeel, en die onenigheid onder die Geallieerdes oor die interpretasie van beleide ten opsigte van oorlogsmisdade en

⁷² P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 1, 9.

⁷³ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 55-56; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 10; K. Von Beyme, Right-wing extremism in post-war Europe, *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 8-9.

⁷⁴ K. Von Beyme, Right-wing extremism in post-war Europe, *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 8-9.

⁷⁵ W. Friedmann, *The Allied military government of Germany*, verskaf afskrifte van amptelike dokumente soos die Potsdam Ooreenkoms (pp. 261-269), dokumente tov denazifikasie soos die *Control Council Directive No. 24; Removal from office and from positions of responsibility of Nazis and of persons hostile to Allied purposes* (pp. 308-314), en *Control Council Directive No. 38; The arrest and punishment of war criminals, Nazis and militarists and the interment, control and surveillance of potentially dangerous Germans* (pp. 314-326).

strawwe, het veroorsaak dat baie Nazi's daarin geslaag het om hul identiteit te verander of om in senior posisies aan te bly.⁷⁶

Duitsland is met die beëindiging van die oorlog in chaos gedompel, die ekonomie is feitlik vernietig en groot getalle mense het rondgetrek of geprobeer om na die Weste te vlug. Vir 'n tyd lank was sigarette en sjokolade die enigste handelsmiddele en gevolglik was handel op die swartmark of spioenasie die enigste maniere waardeur 'n bestaan gemaak kon word. Die Geallieerde administrateurs het boonop die heksejag op oorlogsmisdadigers as 'n verdere bron van wanorde beskou, omdat hulle al meer van oud-Nazi's afhanklik geraak het om die staatsdiens te laat funksioneer. Sonder die hulp van Duitse kollaborateurs sou die beheer, polisiëring en heropbou van die land ondenkbaar gewees het. Die Geallieerde intelligensiedienste het daarom immunititeit aan Nazi's begin gee in ruil vir geheime inligting wat hul doelwitte kon bevorder. Die proses van denazifikasie het onprakties begin lyk, die onderskeie Geallieerde militêre regerings het geen uniforme beleid ten opsigte daarvan gevolg nie en meningsverskille oor die toepassing daarvan was algemeen.⁷⁷

Die Britte, Amerikaners en Franse het besluit om die bestaande sosiale en ekonomiese stelsel te behou en is gevolglik voor die keuse gestel om óf feitlik alle industriële leiers wat met die Nazi-regering geassosieërd was, te arresteer, óf om geregtigheid ter wille van die herstel van 'n ekonomiese en administratiewe infrastruktuur, op te offer. Die gevolg was dat minder individue geïdentifiseer en vervolg is as wat moontlik was, en dat veral diegene in hoë posisies binne die industrieë, bankwese en regbank met rus gelaat is. Die USSR het die ingewikkelde denazifikasieproses van die ander vermy en ekonomiese beheer aan 'n nuwe bestuurdersklas oorgedra, sodat baie oud-konsentrasiekampinwoners en oud-kommuniste, soms sonder die nodige kwalifikasies of ondervinding, aangestel is. Die Russe het denazifikasie hoofsaaklik aan die Duitse organisasies wat hulle polities vertrou het, oorgelaat. Baie oud-Nazi's het egter ook in senior poste binne die groot sakebelange en weermag van Oos-Duitsland aangebly. In Augustus 1947 het die USSR die Weste voorgespring deur aan te kondig dat die gewone NSDAP-lede voortaan volledige politieke en burgerregte sou geniet en dat denazifikasie slegs tot oorlogsmisdadigers, aktiewe Nazi's en oud-lede van kriminele organisasies soos die SS, SD en Gestapo, beperk sou wees.⁷⁸

ii. Die aanvang van die Koue Oorlog

Betrekkinge binne die Alliansie het gou vertroebel en teen 1948 het 'n oorlog tussen die Weste en die USSR na 'n groot moontlikheid begin lyk. Met die aanvang van die Koue Oorlog het die Geallieerde intelligensiedienste se fokus vanaf oorlogsmisdadigers na die onderdrukking en monitering van kommunisme en die inwin van inligting oor die USSR, verskuif. Gevolglik was hulle al meer bereid om

⁷⁶ W. Friedmann, *The Allied military government of Germany*, pp. 111-112, 118; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 52-53; D. Childs, *The far right in Germany since 1945*, in L. Cheles (ed.) *et al.*, *Neo-fascism in Europe*, p. 68; M. Linklater *et al.*, *The fourth reich*, pp. 135, 136.

⁷⁷ W. Friedmann, *The Allied military government of Germany*, pp. 113-114; M. Linklater *et al.*, *The fourth reich*, p. 134; J. Loftus, *The Belarus secret*, p. 60.

⁷⁸ W. Friedmann, *The Allied military government of Germany*, pp. 113, 119, 122, 124-125; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 52-53; Anon., *Für ehrliche zusammenarbeit*, *Der Spiegel* 19, 1994-05-09, p. 91.

misdade oor die hoof te sien in ruil vir die kennis en ondervinding wat oud-lede van die Nazi's se geheime dienste soos die Abwehr (militêre intelligensie), SD en Gestapo, hulle kon bied. Verskeie senior Nazi intelligensiebeamptes het op hierdie manier immuniteit en selfs 'n nuwe loopbaan gekoop soos in die geval van die Gestapo-hoof in Lyons, Klaus Barbie (1913-1991) wat in Frankryk vir oorlogsmisdade gesoek is en deur 'n deel van die Amerikaanse intelligensiediens beskerm is. Die bekendste was egter Reinhard Gehlen, die Nazi hoof van militêre intelligensie aan die Oosfront, wat kort na die oorlog sy spioenasienetwerk agter die Ystergordyn en sy intelligensie oor die USSR ter beskikking van die VSA gestel het. Hy is daarna toegelaat om sy eie intelligensieryk onder toesig van die CIA in Wes-Duitsland op te bou, en in 1956 het hy amptelik hoof van die Federale Republiek se geheime diens geword. Verskeie oud-spioene van die Derde Ryk is deur Gehlen gewerf en vals dokumente en skuilname is aan die oorlogsmisdadigers onder hulle verskaf om hulle teen vervolging te beskerm. Ook die USSR het oud-Nazi's vir militêre en intelligensiekringe gewerf en sedert 1952 is oud-lede van die Gestapo en offisiere van die Abwehr, waaronder vele oorlogsmisdadigers, ook deur die Oos-Duitse geheime polisie in diens geneem.⁷⁹

Sedert 1948 het 'n afdeling van die Amerikaanse geheime dienste 'n ondergrondse netwerk in die vorm van kommando-eenhede agter die Ystergordyn beplan om, in die geval van 'n oorlog met die USSR, die kommunistiese aantog te vertraag en om as gidse vir die Geallieerde inval op te tree. As kern van hierdie guemillamagte is Oos-Europese Nazi kollaborateurs, wat soortgelyke werk vir die magte van die Derde Ryk verrig het, gewerf. Van hierdie mense, waarvan baie ook vir oorlogsmisdade gesoek is, het later beskerming en 'n veilige toevlug in die VSA gevind. 'n Soortgelyke anti-kommunistiese paramilitêre front is regdeur Wes-Europa (insluitende Swede en Switserland) gevorm. In 1990 is die Italiaanse groep, Gladio, wat 'n rol in die interne politiek van Italië gespeel en onder meer regse terroristegroepe gefinansier het, ontmasker. Dit is na bewering in 1972 ontbind. Soortgelyke operasies het ook in België, Nederland, Portugal, Turkye en Frankryk aan die lig gekom. Die Griekse netwerk, Sheepskin, is eers in 1988 ontbind. In Duitsland is oud-Nazi's van die SS en Waffen-SS met die medewete van onder andere die kanselier, Konrad Adenauer, deur die Britse Secret Intelligence Service (SIS) gewerf en opgelei en binne die spioenasienetwerk van Gehlen opgeneem.⁸⁰

Die Koue Oorlog was dus direk of indirek 'n seën vir baie Nazi-misdadigers. In die vroeë vyftigerjare het duisende amnestie ontvang en teen 1951 was die meeste doodsvonnisse versag en helfte van die skuldigbevindes, insluitende al die industriële leiers, vrygelaat. Die Koue Oorlog het Wes-Duitsland nader aan die Weste gebring en Adenauer het daarop begin sinspeel dat die volgehoue vervolging van Nazi-misdadigers Duitsland se ondersteuning van die Westerse Alliansie in gevaar kon stel. In 1955 het hy 'n geheime protokol met die VSA onderteken waarin ooreengekom is dat bekende regse ekstremiste nie meer aktief wetlik vervolg sou word nie. Op 5 Mei 1955 het die Geallieerdes die verantwoordelikheid van vervolging aan die Wes-Duitse regering oorgedra wat dit weer in 1958 aan die elf deelstate van die

⁷⁹ Sien G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 3; M. Linklater *et al.*, *The fourth reich*, pp. 133, 135; L. Loftus, *The Belarus secret*, pp. 9, 54-57; EIR, *Dope, Inc.*, p. 374; Anon., Für ehrliche Zusammenarbeit, *Der Spiegel* 19, 1994-05-09, pp. 84, 87.

⁸⁰ J. Loftus, *The Belarus secret*, pp. 9-11, 84-85; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 241-245.

Bondsrepubliek gedelegeer het. Ten spyte daarvan dat statistiek vanweë hierdie desentralisasie moeilik bekombaar is, is die beskikbare syfers tog insiggewend: Van die beweerde 100 000 skuldiges wat by teregstellingspanne betrokke was, het die Geallieerdes 50 000 gearrester waarvan slegs 5025 skuldig bevind is. Van die 818 ter dood veroordeeldes is net 489 tereggestel. Helfte van die skuldiges is nooit gevind of aangeraak nie, terwyl slegs 20% van alle aangehoudenes voor die gereg gebring is. Van alle skuldigbevindings het 90% voor 1954 plaasgevind en die eienaardige Duitse judisiële proses en ineengestremde wetsopset het dus baie Nazi's bevoordeel.⁸¹ Ook in die VSA kon slegs 'n handvol verdagtes teen 1973 deur immigrasiebeamptes vervolgt word aangesien die agtervolging van Nazi-misdadigers in die VSA na bewering deur politieke druk vanuit Washington gedwarsboom is.⁸² Wilkinson verklaar gevolglik dat, gegee die teenstrydige beleide van die Geallieerde magte se besettingstrookowerhede en die ondoeltreffende metodes wat vir denazifikasie in Duitsland aangewend is, dit maklik is om te verstaan hoe groepe Nazi's en onboetvaardige voorstanders van die ideologie daarin geslaag het om te oorleef.⁸³

iii. Die Nazi-vlugtelinge

Afgesien van diegene wat daarin geslaag het om in die burgerlike omgewing weg te sink of wat deur die Geallieerdes oorgesien is, het baie Nazi's ook daarin geslaag om tydens die chaos van die Duitse neerlaag en die uitbreiding van die Koue Oorlog, verantwoordelikheid vir hul wandade te ontduik deur via Italië, Spanje en selfs Denemarke na Latyns-Amerika en elders te vlug. Teen die middel van 1945 het verskeie haastig georganiseerde reddingsgroepe tot stand gekom om die vlugtendes te help soos Lock Gates, The Spider, Silent Help, Brotherhood, HIAG en ODESSA. Sommige het slegs in naam bestaan terwyl ander bloot groepe avonturiers was wat vir kort tye geopereer en dan verdwyn het. Van almal is die Organization Der Ehemaligen SS-Angehöriger (ODESSA) waarskynlik die mees bekende vanweë Frederick Forsyth se roman, *The ODESSA Files*, en die mitologie wat daar rondom gebou is. Meer as werklikheid is egter van hierdie organisasie gemaak en daar is geen bewyse dat dit 'n enkele, samehangende netwerk was nie. Volgens die argiewe van die United States Counter Intelligence Corps (CIC) het verskeie klein groepies oud-SS kamerade die term gebruik om aan hulself meer belangrikheid te verleen.⁸⁴ Farago beweer ook dat ODESSA geopenbaar is as die grootste en sluste van die reddingsgroepe, maar in werklikheid slegs 'n losse groepering vryskutters was en nooit veel gewig in die ondergrondse Nazi-beweging gedra het nie. 'n Ander groep, Kameradenwerk, wat deur Hans-Ulrich Rudel (†1982) na sy vrylating in 1946 gestig is en ook met Otto Skorzeny (1908-1975), die bevryder van Mussolini, geassosieër is, was volgens hom eintlik wat ODESSA voorgegee het om te wees. Rudel, een van Nazi-Duitsland se top vegvlieëners, Hitler se gunsteling soldaat en 'n fanatieke Nazi, het na die oorlog 'n groot haat jeens die oorwinnaars gekoester en amper man-alleen die mees verreikende en bes gefinansierde van al die reddingsgroepe op die been

⁸¹ L. Farago, *Aftermath*, pp. 15-16, 18-20; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 3; M. Schmidt, *The new reich*, p. 244.

⁸² L. Farago, *Aftermath*, p. 13.

⁸³ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 55.

⁸⁴ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 51; L. Farago, *Aftermath*, pp. 157-158, 161, 168-169; M. Schmidt, *The new reich*, p. 42; M. Linklater et al., *The fourth reich*, pp. 137-138.

gebring. Hy het sy fondse vanaf vriende onder die Duitse finansiers en industrialiste, wie hy waarskynlik afgepers het om hul Nazi-verlede geheim te hou, verkry.⁸⁵

Anders as wat soms vermoed is, was die doel van hierdie reddingsgroepe nie om 'n internasionale neo-Nazi netwerk te vorm nie, maar om hul lede te help om in vryheid aan die lewe te kon bly. Hulp is gelewer in die vorm van vervalste identiteitsdokumente, die organisering van veilige wegkruipplekke, sluikhandelary en in 'n beperkte mate ook die onwettige oorsteek van grense. Vir roetes na die Midde-Ooste of Suid-Amerika het vlugteling egter eerder op die hulp van nasionalistiese Oostenrykse en Duitse priesters gesteun.⁸⁶ Selfs Geallieerde geheime dienste het, soos in die geval van Klaus Barbie, van priesters en amptenare van die Internasionale Rooikruis gebruik gemaak om hul agente en kollaborateurs na veiligheid te bring.⁸⁷ Farago beweer ook dat geeneen van die reddingsgroepe die uitgebreide organisasie en hulpbronne van die Vatikaan se vlugtelingeburo kon ewenaar nie. Selfs Rudel se Kameradenwerk het swaar op hulp van die kerk, wat vyftien jaar na die oorlog steeds vlugtendes na veiligheid gehelp het, gesteun. Die hooffiguur in die Vatikaan se reddingspogings was biskop Alois Hudal (1885-1963) wat na bewering ongeveer 50 000 Nazi's, Fasciste en Nazi-kollaborateurs gehelp het deur vervalste identiteitskaarte aan hulle te verskaf en skuilplekke te reël totdat hulle uit Europa gesmokkel kon word. Hudal was deel van 'n groep pro-Nazi geestelikes in Rome wat, ten spyte van hul bewerings dat hul reddingswerk bloot om die red van siele gaan, die Nazisme as 'n bondgenoot in die stryd teen die Marxisme beskou het.⁸⁸

Baie Duitsers en ander Europeërs het na die oorlog wettiglik na ander lande geëmigreer of is vanweë hul vaardighede deur immigrasiebeamptes gewerf. Daar moet daarom onthou word dat nie almal wat Europa verlaat het, oorlogsmisdadigers of selfs vurige fasciste was nie. Ten spyte hiervan het Nazi's, Fasciste en Nazi-kollaborateurs van regoor Oos- en Wes-Europa, waarvan baie vir oorlogsmisdade of hoogverraad gesoek is, wel in verskeie lande asiel verkry. Onder die Franco-regering in Spanje het vele 'n veilige toevlug gevind, waaronder die Belgiese Waffen SS-leier, Léon Degrelle (1906-1994), wat *in absentia* ter dood veroordeel is vir hoogverraad, en Otto Skorzeny wat na 'n verblyf in Suid-Amerika, sy tuiste in Madrid gemaak het. Spanje het na die oorlog 'n belangrike middelpunt van fascistiese aktiwiteit asook 'n hoofkontakpunt tussen Europese neo-fasciste en Nazi-vlugteling in Suid-Amerika geword.⁸⁹ Die regering van Juan Perón in Argentinië en die militêre regerings in Chili, Colombia, Ecuador, Mexiko, Peru, Uruguay en Bolivië het ook 'n toevlug aan vele fasciste gebied. Baie van hierdie vlugteling het hul tegniese kennis en dienste vir hul aangenome lande aangebied en binne die geheime dienste en polisie of as militêre raadgewers en instruktors gewerk. Wetenskaplikes het gehelp met kernnavorsing en met die ontwikkeling van militêre industrieë.⁹⁰ In Egipte, onder president Nasser, het vele Duitse wetenskaplikes in die wapen- en militêre industrie gewerk en het oud-militêre as raadgewers en instruktors

⁸⁵ L. Farago, *Aftermath*, pp. 168-169; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 131.

⁸⁶ M. Linklater et al., *The fourth reich*, p. 138.

⁸⁷ Sien M. Linklater et al., *The fourth reich*, pp. 183-185.

⁸⁸ L. Farago, *Aftermath*, pp. 169-170, 182-183, 185, 188, 190-191.

⁸⁹ M. Linklater et al., *The fourth reich*, p. 203; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 128; Simon Wiesenthal Center (SWC), *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 9; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 256-258, 262.

⁹⁰ Sien D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 265-278, 283.

in die Egiptiese weermag, lugmag en vloot opgetree.⁹¹ Die VSA en USSR het ook van Nazi-wetenskaplikes gebruik gemaak alhoewel nie almal van hulle oorlogsmisdadigers of selfs vurige Nasionaal-Sosialiste was nie. 'n Bekende voorbeeld is die geval van Wernher von Braun, die vuurpylpionier en tegniese direkteur van die Nazi's se Peenemünde-projek, wat na die oorlog na die VSA gebring is en sonder wie se navorsing NASA se suksesvolle ruimteprogramme feitlik ondenkbaar sou wees.⁹²

Baie van hierdie uitgewekenes, asook diegene wat daarin geslaag het om met hul lewens in Europa voort te gaan, het nooit hul fascistiese en nasionaal-sosialistiese idees, anti-Semitisme en afkeer van die parlementêre demokrasie laat vaar nie. Die vlugtelinge het kontak behou met mekaar asook met neo-fasciste in Europa en baie van die ontvlugtingsroetes bestaan steeds om vlugtelinge of neo-fascistiese terroriste na veiligheid te bring. Sommige oud-Nazi's soos Skorzeny en Barbie, het by dwelm- en wapenhandelnettewerke betrokke geraak, en geld word soms aan neo-fascistiese groepe vir geïsoleerde aksies beskikbaar gestel. Propaganda soos die boeke wat Degrelle oor die SS geskryf het, die herinneringskrifte van legendariese Nazi's soos Rudel, en die vertaling van *Mein Kampf* in byvoorbeeld Spaans en Arabies, dien om die Nazi-idees lewendig te hou. Baie van hierdie oud-Nazi's het ook hul wêreldbeskouing aan hul nageslag oorgedra, sodat die idees van die tussenoorlogse periode bly voortleef het. Die vestiging van uitgeweke fascistiese gemeenskappe het daarom 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die na-oorlogse fascisme gespeel.⁹³

b. Die opkoms van die na-oorlogse fascisme

Wetgewing teen die herinstelling van die ou fascistiese partye, die opswep van rassehaat en die algemene taboes wat daar oor die fascistiese tydperk in lande soos Frankryk en Duitsland bestaan, het veroorsaak dat na-oorlogse fascistiese groepe hul ware doelwitte, wortels en verbintenisse onder 'n meer subtiele en rasionele benadering moes wegsteek. Daarby is die oorblywende fascistiese tendense in veral Duitsland as 'n verleentheid beskou wat die land se ontwikkeling en heraanvaarding binne die internasionale gemeenskap kon belemmer, sodat die owerheid die gevaar van fascistiese ekstremiste óf op die agtergrond gehou óf geïgnoreer het. Die na-oorlogse fascisme het dus in 'n mate binne die verregse politiek met sy klem op anti-kommunisme, weggeraak en daar is soms selfs doelbewus probeer om die fascistiese groepe met die meer tradisionele regses te verenig.⁹⁴ Dit is daarom moeilik om die opkoms van die na-oorlogse fascisme apart van die breë regse politiek te beskryf.

⁹¹ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 314-316, 322.

⁹² Sien J. Loftus, *The Belarus secret*, pp. 82-83; Anon., V-2 rocket chief inspired moon rocket, *The South African Observer* 14(9), August 1969, p. 6.

⁹³ Sien P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 6, 128; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 19-20, 320-321, 322, 324; M. Linklater et al., *The fourth reich*, pp. 237-238, 271; EIR, *Dope, Inc.*, pp. 372-374; SWC, *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 9; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 42, 43; L. Farago, *Aftermath*, pp. 75-77, 169, 233-234, 307, 310, 453.

⁹⁴ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 6-7; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 23.

i. Koördinerings van aktiwiteite

Volgens Eisenberg kan drie leierskapstrominge binne die na-oorlogse fascisme onderskei word, naamlik die oud-Nazi's en -Fasciste; die voor-oorlogse fascistiese leiers soos Oswald Mosley van die British Union of Fascists (BUF), wat hulle programme by die na-oorlogse wêreld aangepas het; en die jonger generasie van regse ekstremiste.⁹⁵ Sedert die oorlog is verskeie pogings aangewend om 'n Fascistiese Internasionaal te skep om die aktiwiteite van die verskillende groepe te koördineer. So vroeg as 1946 het stigters van die MSI in Italië Nazi's na Rome genooi om 'n European Study Committee te vorm. 'n Mondstuk, *Europa Unita*, is begin en kontak is gemaak met Nazi's in Duitsland, Rex-ondersteuners in België, Quislings in Noorweë, Mussert-aktiviste in Nederland, lede van die Spaanse Falange, die National Renaissance Party in die VSA en met van die fascistiese leiers wat na Suid-Amerika gevlug het. Onder inisiatief van die MSI en die Sweed Per Engdahl, is 'n aantal verdere ontmoetings in 1950 gereël. Dit het tot die Malmö Konferensie in Swede in 1951 gelei waar verteenwoordigers uit Italië, Spanje, Duitsland, Oostenryk, Frankryk, Brittanje, België, Nederland, Swede, Denemarke, Noorweë, Finland en 'n aantal Hongaarse bannelinge, die European Social Movement of Malmö Internasionaal gestig het. Ongeveer sestig bewegings is hierby geaffilieër en 'n sekretariaat is in Rome opgestel wat later na Trieste en weer na Malmö verskuif het. Daar is besluit om kontak te behou met die Association Argentine-Europe, 'n koördinerende liggaam bestaande uit bykans twintig Nazi-groepe onder die leierskap van Rudel, asook met die Arab Union en die Scandinavian-Arab Fascist League wat deur John Alling vanuit Denemarke en prof. Johannes von Leers, die Nazi-propagandis en eertydse regterhand van Joseph Goebbels, vanuit Kaïro beheer is.⁹⁶

Tweespalt in die beweging het gou tussen die gematigdes en meer militantes ontstaan. Laasgenoemde het saamgegroepeer binne die European Liaison Office (ELO) wat in 1951 in Zürich en in 1952 in Parys onder die leierskap van die Switserse Nazi, G.A. Amaudruz, ontmoet het. Bande is gevestig met die oud-Mufti van Palestina, Ierse en Turkse nasionaliste, Falangiste, ekstremiste binne die MSI en met die Amerikaanse National Renaissance Party. In 1953 is gepoog om die twee groeperings in Parys binne 'n European People's Movement (EPM) bymekaar te bring. Verteenwoordigers van die VSA, Duitsland, Italië, Brittanje, Spanje, België, Portugal, die Midde-Ooste, Switserland en Argentinië het die byeenkoms bygewoon. 'n Verdere verenigende poging het in 1954 in Hannover, Wes-Duitsland plaasgevind met die totstandkoming van die New European Order (NEO) met Amaudruz as leier. Verskeie kongresse en geheime ontmoetings is in die daaropvolgende jare gehou wat bygewoon is deur afgevaardigdes van Egipte, Sirië, Portugal, Latyns-Amerika, Oostenryk, België en Duitsland. Die beweging is ook geassosieër met verskeie Italiaanse, Kanadese, Kroatiese, Franse en Britse groepe. Sedert die vroeë tagtigerjare het die beweging se belangrikheid begin afneem en een van die laaste byeenkomste het in 1981 in Barcelona plaasgevind.⁹⁷

⁹⁵ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 20-21.

⁹⁶ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 22-24, 317.

⁹⁷ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 24-25, 238; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 271-272.

Die belangrikste koördinerende poging van die tagtigerjare het gesentreer rondom die aktiwiteite van die NSDAP/Auslands- und Aufbauorganisation (NSDAP/AO) in Lincoln, Nebraska waarvan die Duits-Amerikaner, Gerhard Lauck, as frontfiguur optree. Alhoewel die beweging, wat uit 'n aantal geheime selle en Europese frontorganisasies bestaan, sy aktiwiteite in Duitsland konsentreer, het dit lede van regoor die wêreld en veral in Swede, Oostenryk, Hongarye, Australië en Suid-Afrika. Die Nederlandse Nazi, Gerrit Et Wolsink (1926-), tree as internasionale koördineerder vir die beweging op en het kontakte in onder meer Suid-Afrika, Australië, Brittanje, Suid-Amerika en die VSA.⁹⁸ *SS-Hauptsturmführer* (Kaptein) Wolsink, wat tydens die oorlog deel was van die berugte Brandenburg Afdeling wat vir verskeie wandade verantwoordelik was, insluitende die teregstelling van Amerikaanse krygsgevangenes by Malmedy in 1944, is nooit vir sy oorlogsmisdade vervolg nie. Alhoewel hy in 1946 vir agt jaar tronk toe gestuur is, is hy in 1947 vrygelaat op voorwaarde dat hy die Geallieerdes met hul Koue Oorlog-aksies teen die USSR help, terwyl vanselfsprekend aangeneem is dat hy met sy Nazi-aktiwiteite sou voortgaan.⁹⁹

Verskeie ander openlike en geheime groeperings het sedert 1945 tot stand gekom, waaronder byvoorbeeld die Northern European Ring, die World Union of National Socialists (WUNS), Jeune Europe en die Euro-Ring. Die meeste het egter nie 'n belangrike rol op 'n globale of selfs Europese skaal gespeel nie. Hulle het wel gedien om tradisies lewendig te hou, idees te implementeer en om tot 'n mate aksies te koördineer, maar samewerking is grootliks deur nasionale belange en ideologiese tweespalt beperk.¹⁰⁰ Eisenberg voer dan ook aan dat die na-oorlogse fascisme deur die voortdurende stigting van nuwe partye, pogings tot vereniging, twis weens beleidsverskille, hergroeperings en die vorming van nuwe internasionale verbintenisse onder 'n oorvloed van name, gekenmerk is.¹⁰¹

ii. Fascistiese internasionalisasie

Sedert 1945 en veral sedert die sewentigerjare is die na-oorlogse fascisme deur 'n groter mate van internasionalisasie gekenmerk. Dit het die gevolg gehad dat spesifieke bedrywighede in een land geneig was om soortgelyke handelinge of bewegings elders voort te bring. In Desember 1959 byvoorbeeld, is swastikas en anti-Joodse slagspreuke op die Keulen-sinagoge in Wes-Duitsland aangebring. Binne dae het soortgelyke dade van vandalisme ook in Swede, Australië, België, Brittanje, Noorweë, Italië en ander dele van Wes-Duitsland plaasgevind. Die ontvoering van Adolf Eichmann in 1960 uit Argentinië deur die Israeli's het die uitbreek van verskeie anti-Semitiese voorvalle in onder meer Suid-Amerika, Australië, die VSA, Italië, Spanje en België tot gevolg gehad.¹⁰² 'n Ander koördinerende veldtog regdeur die Weste was die propagandapogings om Rudolf Hess uit Spandau te bevry. Na Hess se dood in 1987 het sy laaste rusplek in die Beierse dorp Wunsiedel gou in 'n bedevaartsplek vir Nazi's uit onder meer Brittanje,

⁹⁸ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 387; E. Jensen, International Nazi cooperation: a terrorist-orientated network, in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 86-88; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 46-47, 54, 219, 239.

⁹⁹ M. Schmidt, *The new reich*, pp. 237-240.

¹⁰⁰ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 26; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 80.

¹⁰¹ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 21-22.

¹⁰² D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 10-12; P. Hainsworth, Introduction ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 23; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 81; L. Farago, *Aftermath*, p. 280.

Frankryk, Spanje, België en Nederland verander, en in 1990 het die Wunsiedel-optog, ten spyte daarvan dat dit deur die grootste deel van die pers geïgnoreer is, tot een van die grootste internasionale byeenkomste ontwikkel.¹⁰³

Soortgelyke byeenkomste word jaarliks in Spanje en die Belgiese stad, Diksmuide, gehou.¹⁰⁴ Die sogenaamde Ijzerbedevaart na Diksmuide vind onder die borgskap van die nou verbanne Vlaamse Militanten Orde (VMO) en dié se opvolgorganisasies plaas. Parades in swart uniforms word gehou ter nagedagtenis van die soldate wat gedurende die oorlog aan die kant van Nazi-Duitsland gesneuwel het. Buitelandse groepe wat gewoonlik die gedenkmars bywoon sluit die League of St. George, die British Movement en die National Front van Brittanje, die MSI en Nuclei Armati Rivoluzionari (NAR) van Italië, Circulo Español de Amigos de Europa (CEDADE) uit Spanje, die National States' Rights Party van die VSA, en die Franse Faisceaux nationalistes européens (FNE, voorheen FANE), in.¹⁰⁵ Op 20 November elke jaar word Franco se dood in Spanje deur regse groepe herdenk. Ook hierdie byeenkoms word deur buitelandse groepe en veral Italiaanse fasciste bygewoon.¹⁰⁶

Daar vind 'n groot mate van samewerking tussen ultra-regse en ander elemente ten opsigte van terroristevelddogte plaas. Dit beteken nie noodwendig dat daar 'n internasionale beweging bestaan wat fascistiese terrorisme bevorder nie. Harris wys daarop dat dit logies is dat groepe met soortgelyke historiese en ideologiese oorspronge en doelwitte sal saamwerk, gesamentlik vergader, inligting uitruil en selfs opleidingskampe organiseer.¹⁰⁷ Gedurende die sewentigerjare het daar nouer samewerking betreffende para-militêre opleiding en die uitruil van wapens en kundigheid, tussen ver-regse groepe ontstaan. Die verhoging van fascistiese geweld in die laat sewentigerjare het 'n hoogtepunt bereik met die bomontploffings by die Rue Copernic-sinagoge in Parys en in Bologna en München in 1980. Dit het gou duidelik geword hoe maklik dit vir die terroriste was om te verdwyn en van land tot land te reis soos in die geval van die Italiaanse terroriste wat vir die Bologna-aanval verantwoordelik was en vir lank skuiling in Brittanje gevind het.¹⁰⁸ In die sewentigerjare het sommige Nazi's ook nouer met die Palestynse Al-Fatah en ander PLO-groepe begin saamwerk en vele het as raadgewers en instrukteurs in opleidingskampe in die Midde-Ooste opgetree. Enkele fasciste het hulself as huursoldate aangebied soos die Italiaanse terroris, Stefano delle Chiaie, wat na bewering as raadgever vir Jonas Savimbi in Angola gewerk het. Ook in die geval van die onlangse burgeroorlog in Kroasië en Bosnië het enkele Oostenrykse en Duitse neo-Nazi's as huursoldate aan die kant van Kroasië geveg. Daar bestaan verder ook skakels tussen sekere Engelse en Italiaanse groepe en Muammar al-Qaddafi in Libië, terwyl verskeie neo-Nazi's Saddam Hussein gedurende die Golfoorlog gesteun het.¹⁰⁹

¹⁰³ M. Schmidt, *The new reich*, p. 20.

¹⁰⁴ M. Schmidt, *The new reich*, p. 20.

¹⁰⁵ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 86, 126; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 23, 31.

¹⁰⁶ S. Elwood, *The extreme right in Spain: a dying species?*, in L. Cheles (ed.) *et al.*, *Neo-fascism in Europe*, p. 155.

¹⁰⁷ G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 132.

¹⁰⁸ Sien D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 15; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 117-118; E. Jensen, *International Nazi cooperation ...*, in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 81; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 120; M. Schmidt, *The new reich*, p. 236.

¹⁰⁹ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 125-126; G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 133-135; M. Schmidt, *The new reich*, p. 26; E. Jensen, *International Nazi cooperation ...*, in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 91-92.

Die internasionale handel in fascistiese publikasies het gedurende die sewentigerjare begin groei, maar reeds voor dit was daar al samewerking in dié verband. In 1947 is 'n koerant, *Der Weg*, deur Johannes von Leers in Buenos Aires begin om as 'n mondstuk vir die uitgeweke fasciste in Latyns-Amerika te dien. Dit is ook na ander dele van die wêreld, waaronder Wes-Duitsland en Oostenryk, versprei en is geldelik ondersteun deur Duitse industrialiste en sakemanne in Buenos Aires, ryk boere in die Argentynse platteland en Duitsers in Suid-Afrika. 'n Uitgewery, Dürer Verlag, het boeke oor die Tweede Wêreldoorlog en pseudo-wetenskaplike werke versprei. *Der Weg* is in 1957 onder dwang van die Argentynse owerheid gesluit. *Nation Europa*, wat in 1951 begin is en vanuit die Beierse stad Coburg gepubliseer word, is een van die belangrikste spreekbuis van die internasionale fascisme en word steeds onder verskeie buitelandse fascistiese groepe versprei.¹¹⁰ Samisdad Publishers, wat vanuit Toronto in Kanada deur Ernst Zündel beheer word, dien as een van die hoofsentra vir die vervaardiging en verspreiding van Nazi-propaganda. Gerhard Lauck van die NSDAP/AO in Nebraska is 'n ander Nazi-entrepreneur wat boeke, swastikas, Nazi-vlae en kentekens regoor die wêreld versprei.¹¹¹

Sedert die sestigerjare was daar binne regse kringe in Europa 'n groter belangstelling in die groeiende regse aktivisme in die VSA en verskeie skakels is gevolglik tussen Europese en Amerikaanse neo-Nazi's opgebou. Europeërs soos die Brit Colin Jordan en die Duitser Manfred Roeder, samel fondse in die VSA in, terwyl veteraan Nazi's soos Thies Christophersen, lesingtoere in die VSA en Kanada hou om skakels met die Nazi-groepe in daardie lande te versterk. Leiers van neo-Nazi bewegings en die Ku Klux Klan (KKK) in die VSA het Europa al besoek en selfs daarin geslaag om ondersteuningsgroepe van die KKK in Brittanje en Wes-Duitsland te stig.¹¹² Laasgenoemde kontakte is vergemaklik deur middel van regses onder die Amerikaanse troepe wat in Duitsland diens gedoen het.¹¹³

Hierdie pogings tot internasionale samewerking tussen fascistiese groepe moet egter nie oorbeklemtoon word nie, omdat persoonlike afguns, mededinging en die beklemtoning van volk en ras dikwels spanning tussen die verskillende groepe veroorsaak. In Junie 1981, byvoorbeeld, het gevegte tussen jong Britse, Vlaamse en Duitse fasciste by Diksmuide uitgebreek. Taalverskille werk ook beperkend op internasionale samewerking in soos in die geval van Christophersen wat gehore tydens sy propagandatoere in die VSA slegs in Duits kon toespreek. Veral Duitse groepe was nog altyd afhanklik van internasionale verbintenisse, omdat streng staatsbeheer hulle dwing om hul publikasies oorsee te laat druk, maar daar is waarskynlik geen sentrale Euro-fascistiese organisasie wat al die aktiwiteite van nasionale bewegings en hul veldtogte koördineer nie.¹¹⁴ Hainsworth wys daarop dat alhoewel internasionale verbintenisse en wedersydse uitruiling van idees belangrike elemente van die na-oorlogse ekstremistiese regsgesinde politiek vorm, dit

¹¹⁰ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 14, 201, 285.

¹¹¹ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 86-87; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 201, 219.

¹¹² D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 15; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 87-88.

¹¹³ Sien G. Kromschröder, Heil Hitler! gil die Ku Klux Klan, *Die Huisgenoot*, 1981-10-15, p. 124.

¹¹⁴ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 85, 127; K. Von Beyme, Rightwing extremism in post-war Europe, *West European Politics* 11(2), April 1988, p. 12.

nie oordryf moet word of gebruik moet word om teorieë van 'n sogenaamde 'swart' of fascistiese internasionaal te staaf nie.¹¹⁵

iii. Fascisme en regse ekstremisme

Die probleme wat die fascisme sedert 1945 in die politieke strydperk ondervind het, kan nie aan 'n gebrek aan ideologie of selfs ondersteuning toegeskryf word nie, maar eerder aan 'n afwesigheid van politieke aansien en fatsoenlikheid. Dit is hier waar ontwikkelinge in die intellektuele regsgesinde politiek gedurende die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare, in die vorm van die Revisionisme en die Nuwe Regse-ideologie, 'n belangrike invloed sou hê op die vooruitsigte van die fascisme in die wêreld. Die intellektuele regses het gehelp om die fascisme se basiese rassistiese en anti-demokratiese filosofie te herformuleer en om dit op mense se waarneming van alledaagse probleme toepaslik te maak.¹¹⁶

Die sosio-ekonomiese krisis van die sewentiger- en tagtigerjare wat deur ekonomiese verval, groter werkloosheid en die aanhoudende mislukking van die ortodokse politieke partye om oplossings te vind, veroorsaak is, het nuwe geleenthede aan die ekstremistiese regse en fascistiese groepe gebied om hul ondersteuningsbasis uit te brei. Eisenberg het reeds in 1967 daarteen gewaarsku dat die onderstrome van rassisme en vooroordeel aanwesig in die Europese samelewing, deur kwaadstokery opgesweepte kan word en groter toepaslikheid aan die fascisme kan verleen.¹¹⁷ Sedert die sestigerjare is Europa toenemend deur immigrante vanuit die Derde Wêreld oorstroom, maar die ekonomiese handelslapse van die laat sewentigerjare en die gevolglike styging in werkloosheid, het tot 'n algemene vyandigheid teen immigrasie gelei en aan die ekstremistiese regsgesindes nuwe politieke geleenthede gebied. Die sosio-ekonomiese toestande het die politieke klimaat ontvanklik gemaak vir fascistiese idees wat die situasie uitgebuit en die vooroordele gevolg het eerder as om dit te inisieër. Volgens Joseph Goebbels: "An upheaval is initially impelled by a revolutionary type, not by social misery. The latter is an added factor. The revolutionary exploits it in order to achieve his power-political goals."¹¹⁸ Sedert die tagtigerjare is die ver-regses in Europa se belangrikste doelwitte nou verbonde aan die immigrasie-kwessie en gevolglik is die fundamentele rassisme van die ekstremistiese regsgesindes tot binne die agenda van die hoofstroom politiek gedra.¹¹⁹

Die nuwe vorme van regse ekstremistiese geweld wat in die tagtigerjare toenemend teen immigrante en vlugtelingen gemik is, is nou verbind met die opkoms van 'n nuwe regs radikale jeugkultuur of die sogenaamde Skinhead-beweging. Alhoewel die kultuur wortels in die sewentigerjare het, het dit in die laat tagtigerjare begin kulmineer en 'n hoogtepunt bereik met die hereniging van Duitsland in 1992. Volgens 'n woordvoerder van die Duitse geheime diens gaan dit gepaard met die verwerping van die innerlike waardes van die samelewing en kan dit beskryf word as 'n soort 1968-beweging van regs, maar van 'n

¹¹⁵ P. Hainsworth, Introduction ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 24.

¹¹⁶ G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 11, 18-19; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 96.

¹¹⁷ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 28-29.

¹¹⁸ J. Goebbels, *Michael*, p. 27.

¹¹⁹ Sien G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 22-23, 26; P. Hainsworth, Introduction ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 14; S. Sullivan, Europe's fire on the right, *Newsweek* 111(15), 1988-04-11, p. 8.

ander aard en sonder enige oorspronge in die universiteite.¹²⁰ Hierdie beweging bestaan uit revolusionêre jeugdige wat met idealisme en 'n veragting vir die stelsel, wat hulle as vervalde en selfvernietigend beskou, vervul is. Hulle glo dat 'n ware revolusie van waardes die ou orde kan vernietig, sodat 'n nuwe een soos die feniks uit die as tot stand kan kom. Hulle beskou nie die hippiekultuur as ware rebellie nie, omdat dit deur die stelsel self geskep is en noem dat hulle eintlik die Ware Rebelle is en daarom deur die stelsel vervolgt word.¹²¹ Jensen noem hulle die 'SA-troepe van die nuwe era'¹²² en die musiek waarna hulle luister bring vir hom beelde terug van Hitler se jong straatvegters en die Holocaust, behalwe dat die geweld hierdie keer nie teen die Jode gerig is nie, maar teen alle vreemdelinge soos *Endsieg* se lied oor die Turke illustreer:

Gooi hulle in die tronk
of gooi hulle in die konsentrasiekamp,
ver weg van my in die woesteny,
maar stuur hulle vir goed weg.
Vermoor hul kinders, onteer hul vroue,
vernietig hul ras,
en so sal hulle jou vrees.¹²³

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die fascisme nie in 1945 vernietig is nie, maar dat die fascistiese doelwitte en idees lewend gehou is en dat daar selfs 'n mate van persoonlike en ideologiese bestendigheid was. Volgens Harris is dit 'n gevaarlike mite om te glo dat die fascisme as 'n idee ook saam met die militêre neerlaag van die fascistiese magte of Spilmoondhede vernietig is. Hy beweer dat dit gedurende die negentigerjare ooglopend geword het dat die fascisme nie as 'n verkiesings- en sosiale mag of as 'n ondergrondse beweging, dood is nie.¹²⁴ Griffin wys ook daarop dat die fascisme sedert 1945 wel as 'n revolusionêre mag vernietig is, maar nie as 'n politieke subkultuur nie en dat dit steeds 'n hardnekkige bekwaamheid ten opsigte van oorlewing en aanpassing by 'n veranderende omgewing, toon.¹²⁵

4. Die omvang van die na-oorlogse fascisme

Vanweë die fascisme se aanpassing by die na-oorlogse omstandighede is die probleem volgens Griffin nie om enige tekens daarvan te vind nie, maar wel om die tallose openbarings daarvan van die toenemende ultra-regse verskynsels te onderskei. Om die onderskeiding van die fascistiese bewegings te vergemaklik noem hy verder dat verskeie regse groeperings daarvan uitgesluit kan word: Hieronder val fundamentalistiese religieuse politieke groepe, reaksionêre militêre of diktatoriale regeringstelsels, en verregse politieke partye met 'n reformistiese eerder as 'n revolusionêre benadering ten opsigte van hul beleide oor ras, immigrasie en nasionalisme. Anti-sosialistiese, anti-statistiese, elitêre vorme van konserwatisme, asook groeperings waarvan die joernalistieke of aktivistiese veldtogte geen bloudruk vir 'n nuwe orde bevat nie, op 'n enkele doelwit konsentreer (hetsy anti-sosialisties, anti-immigrasie of anti-

¹²⁰ E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 81.

¹²¹ Sien Anon., 'n Jeugrevolusie!, *Dexter* 3(2), Februarie 1992, p. 5; D. Pols, Revolusie!, *Dexter* 3(4), Mei 1992, p. 11.

¹²² E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 86.

¹²³ E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 93-94: "Steckt sie in den Kerker oder steckt sie in KZ, von mir aus in die Wüste, aber schickt sie endlich weg. Tötet ihre Kinder, schändet ihre Frauen, vernichtet ihre Rasse, und so werdet ihr sie grauen."

¹²⁴ G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 15.

¹²⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 161.

Semities), en daarom bloot as ver-regse drukgroepe op die *status quo* inwerk, val ook nie onder die fascisme nie. Dieselfde geld vir separatistiese of irredentistiese nasionaliste wat, ten spyte van die gebruik van palingenetiese retoriek en terrorisme, vir demokratiese doelwitte veg, naamlik 'n bevryde of verenigde nasionale gemeenskap binne 'n eie liberale of demokratiese sosialistiese staat. Ten spyte van hierdie uitsluitings bly daar steeds honderde aktivistiese en joernalistieke organisasies oor waarvan die politieke kernmiteme 'n kombinasie van palingenetiese ultra-nasionalisme is, maar wat vanweë die unieke samelopende en historiese faktore in elke land, en die intrinsieke veranderlikheid teenwoordig in alle utopiese politiek, tot 'n verskeidenheid vreemdsoortige ideologieë ontwikkel het.¹²⁶ Hierdie bewegings kan rofweg onder die neo-Nazisme en neo-fascisme as onderafdelings van die algemene fascisme ingedeel word.

a. Neo-Nazisme

Die meerderheid korttempore fascistiese groeperings beskou Hitler as die grootste fascistiese leier en volg Nazisme as rolmodel in hul stryd teen agteruitgang na. Terwyl blanke heerssugtiges en anti-Semiete buite Duitsland Hitler se beweging as 'n stryd ter wille van alle Ariërs of blankes interpreteer, ondersteun Duitse fasciste soms ook 'n pan-Ariese of pan-Europese vorm van internasionale Nazisme. Die gevolg is dat die Nasionaal-Sosialisme verinternasionaliseer is tot 'n soort Universele Nazisme.¹²⁷ Volgens Griffin kan hierdie vorm van neo-Nazisme 'n nostalgiese of mimetiese gestalte aanneem.¹²⁸

i. Nostalgiese fascisme

Nostalgiese fascisme verwys na daardie bewegings wat die basiese wêreldbeskouing en stryd van die tussenoorlogse fascistiese bewegings opneem, maar hul programme en taktiek by die veranderende na-oorlogse omstandighede aanpas.¹²⁹ Die Italiaanse MSI is 'n unieke voorbeeld van 'n tussenoorlogse beweging wat as 'n politieke party herleef het en 'n permanent deel van die nasionale politieke lewe geword het. Dit is op 26 Desember 1946 in Rome deur oud-Fasciste en leiersfigure van die Italiaanse Sosiale Republiek (die sogenaamde Salò Republiek) wat van 1943 tot 1945 in Noord-Italië deur Mussolini gelei is, gestig. Giorgio Almirante (†1988), die algemene sekretaris van die MSI vanaf 1946 tot 1950 en weer vanaf 1969 tot 1988, was 'n lid van die Salò Kabinet, terwyl Mussolini se eie kleindogter, Alessandra Mussolini,¹³⁰ in 'n verkiesing in 1993 daarin geslaag het om as MSI-kandidaat 44% van die stemme in Napels te trek. Die MSI is sedert 1948 in die Italiaanse parlement verteenwoordig en besit ook 'n aantal setels in die Europese parlement. Sedert 1946 het dit geleidelik vanaf 'n nostalgiese neo-Fascistiese beweging tot 'n volwaardige neo-fascistiese organisasie ontwikkel.¹³¹

¹²⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 161-162.

¹²⁷ P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 5, 27; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 313.

¹²⁸ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 163.

¹²⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 163.

¹³⁰ Alessandra Mussolini, (1961-), is die dogter van Mussolini se jongste seun, Romano, en Maria Scicolone, suster van die aktrise Sophia Loren. Sien Anon., *Fascisme met 'n pruil*, *Insig*, Mei 1992, p. 21.

¹³¹ Sien R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 163; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 170; R. Chiarini, 'The Movimento Sociale Italiano: A historical profile', in L. Cheles (ed.) *et al.*, *Neo-fascism in Europe*, pp. 19-39; P. Ignazi, 'The changing profile of the Italian Social Movement', in P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 75-92; M.

Sedert 1945 was daar ook in Wes-Duitsland verskeie pogings om 'n neo-Nazi beweging volgens die patroon van die ou NSDAP van Hitler te skep en om die Nazi-stryd om 'n nuwe orde te laat voortleef. Hierdie pogings het ontwikkel tot 'n hoogs gefaksionaliseerde subkultuur wat uit oud-Nazi's en lede van die jonger generasies bestaan en organisatories die volgende groeperings insluit: oud-soldate verenigings soos die *Hilfsgemeinschaft auf Gegenseitigkeit der Soldaten der Ehemaligen Waffen-SS (HIAG)*, uitgewers soos Kritik Verlag van Thies Christophersen, tydskrifte soos *Der Neue Beobachter*, en terroristegroepe soos die Wehrsportsgruppe Hoffmann.¹³²

Daar was ook in ander lande 'n aantal randstandige en onsuksesvolle pogings om die tussenoorlogse bewegings te laat herleef. Verskeie Britse bewegings soos die Union Movement, die Action Society en die League of St. George, het byvoorbeeld ontstaan as middele vir die politieke ambisies van Oswald Mosley, die leier van die voor-oorlogse BUF, en sy volgelinge. Daar was ook pogings om die Rex-beweging in België, die Falange in Spanje en die Action Française in Frankryk te herstig. Die Hongaarse Beweging binne die uitgeweke Hongaarse gemeenskap in Australië was 'n direkte opvolger van die tussenoorlogse fascistiese bewegings in Hongarye.¹³³

ii. Mimetiese fascisme

Nazisme het, as gevolg van die sukses van die Hitler-regeringstelsel, sedert 1945 'n belangrike rolmodel vir fasciste regoor die wêreld geword. As 'n bron van ultra-nasionalisme en rassisme is dit verbruikersvriendelik genoeg om deur enigiemand wat deur die kontemporêre agteruitgang beangs word of bloot onvergenoegd voel, aanvaar te word. Nazisme is sedert 1945 gemistifiseer en veral die swastika is sedertdien dikwels deur Punks en verskeie sektes, waaronder Sataniste, gebruik om 'n anti-sosiale boodskap uit te dra. Dit is derhalwe belangrik om te onderskei tussen die blote gebruik van Nazi-onderskeidingstekens, slagspreuke en die verering van die SS en Hitler as medium vir rassehaat, vandalisme of uitdagende anti-sosiale gedrag, en 'n ware toewyding tot die Nasionaal-Sosialisme se palingenetiese visie.¹³⁴ Die volharding van laasgenoemde nie-kosmetiese Nazisme het tot die volgende verskynsels aanleiding gegee.

In verskeie lande het mimetiese Nazi-partye soos die British Movement in Brittanje, wat die meer inheemse vorme van fascisme geïgnoreer en eerder die Nasionaal-Sosialisme as model nagevolg het, tot stand gekom. Soms het dit ook gebeur dat inheemse fascistiese groepe, en veral paramilitêre en terroristegroepe, vernazifiseer is. In België kan die voorbeeld van die Vlaams Blok (VB), waarvan die wortels tot die voor-oorlogse fascistiese bewegings terugstrek, genoem word. Die leier, Karel Dillen (1925-

Caciagli, The Movimento Sociale Italiano - Destra Nazionale and neo-fascism in Italy, *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 19-32; Anon., Die alten Dämonen tanzen, *Der Spiegel* 1, 1994-01-03, p. 99.

¹³² R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 163-164; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 129, 137-138, 142.

¹³³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 163.

¹³⁴ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 164; N. Goodrick-Clarke, *The occult roots of Nazism*, p. 217.

), was in die na-oorlogse tyd by verskeie fascistiese bewegings betrokke en was ook op 'n stadium lid van die Komitee van die Nazi Malmö Internasionaal.¹³⁵

Nazisme is ook binne alle vorme van blanke heerssugtigheid regdeur die wêreld opgeneem. Die VSA byvoorbeeld, het 'n diepgewortelde subkultuur van inheemse politieke Christelikheid en rassisme soos in die tradisie van die KKK gesien kan word. Sedert 1945 is hierdie groeperings egter toenemend deur die palingenetiese beskouing beïnvloed, sodat dele van die subkultuur vemazifiseer is. Openlike fascistiese vorme van religieuse en sekulêre blanke meerderwaardigheid het gevolglik ontstaan, asook 'n nuwe vorm van fascistiese aktivisme vanuit die nalatenskap van die Viëtnam-oorlog, naamlik Survivalisme, wat maklik met die fascisme se anti-kommunisme en rassistiese terrorisme versoenbaar is.¹³⁶

Soos reeds bespreek, bestaan daar 'n uitgebreide netwerk van skakels tussen Nazi-groepe in Europa en elders wat kontak behou deur middel van internasionale byeenkomste soos dié by Diksmuide, maar ook meer spesifiek deur 'n aantal organisasies wat as die basis van 'n Nazi Internasionaal gevorm is om die deurlopende verspreiding van Nazi boeke en tydskrifte te verseker. Voorbeelde sluit in CEDADE in Spanje, die NSDAP/AO in Amerika, WUNS in Amerika en Denemarke en die Viking Youth, 'n internasionale jeugbeweging.¹³⁷

'n Belangrike deel van die skinhead-subkultuur is ook tot Nazi-styl rassisme bekeer. Die skinhead-kultuur dateer terug tot die sestigerjare toe dit onder Britse jeugdiges van die werkersklas as 'n apolitiese reaksie teen die hippiebeweging, werkloosheid en die opbreek van agterbuurte wat die tradisionele sosiale netwerk vernietig het, ontstaan het. Die beweging is, ironies genoeg, beïnvloed deur ska-musiek, 'n voorloper van reggae, wat van die Wes-Indiese Eilande na Brittanje oorgewaaai het en gewild was onder die *rudies* of *rude boys* van die Karibiese Eilande. Die Wes-Indiese *rude boys* het hul hare kort geskeer en helderkleurige kruisbande gedra wat deur die Britse *mods* nagevolg is en later 'n handelsmerk van die skinheads geword het. Gedurende die sewentigerjare het die skinheads onder opsweping van die National Front (NF) verpolitiseerd geraak en het die beweging uiteindelik in drie strome verdeel, naamlik die rassistiese en nasionaal-sosialistiese Nazi-Skins of Boneheads, die Red Skins of SHARP (Skin Head Against Racial Prejudice), en 'n derde groepering wat apolities probeer bly het. Die Nazi skinhead-beweging het gedurende die tagtigerjare vanaf Brittanje na Duitsland, België, Nederland, Skandinawië, Hongarye, Pole en selfs die VSA en Kanada versprei. Die skinheads word gekenmerk deur kaalgeskeerde koppe, die dra van Doc Martens, swart of groen vlieëniersbaadjies, T-hemde en kamoefleerbroeke. Hulle is gewoonlik getatoeër en luister na rassistiese rockmusiek bekend as Oi.¹³⁸ Die skinhead-beweging se potensiaal vir geweld word deur rassistiese groepe uitgebuit wat Skins werf om aan straatgeweld teen immigrante deel te

¹³⁵ Sien R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 164; G. Ford (ed.), *Fascist Europe*, p. 9; C.T. Husbands, Belgium: Flemish legions on the march, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 134-135, 138; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 25.

¹³⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 165; M. Cox, Beyond the fringe: The extreme right in the United States, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 296-299.

¹³⁷ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 165.

¹³⁸ Oi-musiek is so genoem "... because 'Oi' is a shout to gain attention ...". J. Roberts, Music's new dawn, *The South African Patriot* 21, January - March 1984, p. 8.



neem.¹³⁹ Die koue brutaliteit van hierdie beweging word deur die Duitse Oi-groep Störkraft in hul lied, *Söldner* (Huursoldate), geïllustreer:

Hy is 'n Skinhead en Fascis,
Hy het nie hare nie en is 'n rassis.
Moraal en hart besit hy nie;
haat en geweld beskryf sy gesig.
Hy's lief vir oorlog en hy's lief vir geweld;
en as jy sy vyand is,
dan maak ek jou dood.¹⁴⁰

b. Neo-fascisme

Volgens Griffin kan die ontstaan van groeperings wat, ten spyte van hul navolging van palingenetiese ultra-nasionalistiese doelwitte, of oorspronklike temas en eiesoortige kulturele uitdrukkings binne die hoofstroom tussenoorlogse politieke groeperings ingevoer het, of dit ter wille van nuwe grondredes verwerp het, as een van die belangrikste ontwikkelings binne die na-oorlogse ultra-regse politiek beskou word.¹⁴¹ Hierdie vorm van neo-fascisme wil nie, soos in die geval van neo-Nazisme, vroeëre bewegings laat herleef nie, maar bied iets nuut in die plek daarvan aan. Dit omvat daarom verskeie uiteenlopende en selfs teenstrydige verskynsels soos die kripto-fascisme, Holocaust Revisionisme, en die idees van die Konserwatiewe Revolusie en Revolusionêre Nasionalisme.

i. Kripto-fascisme

Kripto-fascisme verwys na die latente ultra-nasionalisme wat binne 'n aantal drukgroepe en politieke partye verteenwoordig is en wat ten spyte daarvan dat hulle hul amptelik tot die liberale demokrasie verbind en selfs van die tussenoorlogse regerings en spesifiek die Derde Ryk distansieer, tog oud-lede van hierdie regerings in uitvoerende posisies aanstel, fascistiese lede en befondsing aantrek en deur hul joernalistieke aktiwiteite en affiliasies as brûe tussen die ver-regses en ultra-regses dien. Voorbeelde van sodanige drukgroepe is die Focus Policy Group van die Revisionis David Irving in Brittanje, wat as die kern van 'n nuwe ultra-regse beweging gevorm is, en die Deutsche Bürgerinitiative van Manfred Roeder, 'n bekende binne die neo-Nazi beweging van Duitsland.¹⁴²

Sommige skynbare demokratiese politieke partye toon kripto-fascistiese neigings in die sin dat hul beleide ten opsigte van aktuele sake (soos immigrasie, Europa, ekologie, VIGS en Rusland) dikwels verborge en fascistiese werksprogramme bevat. Hierdie partye verander soms woorde soos 'liberaal', 'progressief' en 'vryheid' in eufemismes vir ultra-regse denke. 'n Voorbeeld is die Duitse Republikaaner (REP) van Franz

¹³⁹ Sien A. Brink, Skinheads kan nie geskeer word oor dieselfde kam nie, *Beeld*, 1993-09-08, p. 9; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 82-84, 94; G. Ford (ed.), *Fascist Europe*, pp. 44-46; Anon., Rassistiese gebulder in nuwe punk-musiek, *Kalender (Beeld)*, 1992-11-24, p. 2; M. Cox, Beyond the fringe ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 300.

¹⁴⁰ E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 83-84: "Er ist ein Skinhead und Fascist, Er hat 'ne Glatze und ist Rassist. Moral und Hertz besitzt er nicht; Hass und Gewalt zeichnen sein Gesicht. Er i lebt den Krieg und liebt die Gewalt; und bist du sein Feind, dann mach ich dich Kalt."

¹⁴¹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 166.

¹⁴² R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 166-167; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 124; SWC, *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 15.

Schönhuber wat in 1989 ses setels in die Europese parlement verower het. Schönhuber is 'n oud-lid van die SS terwyl sy algemene sekretaris, Harald Neubauer, na bewering 'n lid van die NSDAP/AO was en bande met die neo-Nazi beweging in Duitsland het.¹⁴³ Persone met fascistiese beskouings word gewoonlik ook aangetrek deur partye met 'n sterk anti-immigrante platform soos in die geval van die Nederlandse Sentrumparty, die Progressiewe Partye van Noorweë en Denemarke, en die Franse Front National van Jean-Marie Le Pen, wat onder meer oud-Vichy ondersteuners en selfs oud-lede van die Waffen-SS onder sy stigterslede tel.¹⁴⁴

ii. Holocaust Revisionisme

Sedert die sewentigerjare het pogings om die geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlog volgens neo-Nazi standpunte te herskryf, begin toeneem. Hierdie sogenaamde Historiese of Holocaust Revisionisme wat die Holocaust of sekere aspekte daarvan ontken, stel egter nie belang in die eerlike herinterpretasie van die geskiedenis, akademiese debat of historiese waarhede nie. Dit vorm eerder deel van die samesweringsinterpretasie van die politiek en dien as propaganda om fascistiese idees te bevorder. Die oorlogsmisdade wat deur die Nazi's se soeke na 'n Nuwe Orde veroorsaak is, was 'n groot terugslag vir die geloofwaardigheid en beeld van die fascisme. Die bewustelike geringskating, relativisering of selfs die 'wegtoor' van hierdie misdade, speel dus 'n belangrike rol in die rehabilitasie van palingenetiese ultra-nasionalisme en die herstel van die fascisme se populêre basis.¹⁴⁵

Revisionistiese pogings kan gewoonlik in twee onderafdelings verdeel word. Die 'platvoerse' vorm van revisionisme ontken die moord van die ses miljoen Jode en maak dit as 'n historiese mite af wat deur die Jode self geskep is om kompensasie van die Duitsers af te pers en om die ontstaan van die Israeliese staat te verseker. Die meer 'gesofistikeerde' vorm bestaan uit 'n industrie van selfaangestelde internasionale 'kenners' waarvan baie wel 'n tersiêre opvoeding het, maar nie opgeleide of professionele historici is nie. Hierdie 'akademiese' Revisioniste gebruik drogredenering en kwade trou om werklike probleme in die metodologie van die sosiale wetenskappe en empiriese leemtes in die historiese rekord, uit te buit. Hulle boots ortodokse akademiese navorsing, publikasie- en verspreidingstegnieke na om die goedwillige of misverstaande aard van die Nazi-projek vir 'n nuwe Europese orde te veronderstel.¹⁴⁶

Die ontkenning van die Holocaust vorm deel van die breë anti-Semitiese verskynsel wat onder alle politieke oortuigings gevind word en is daarom nie 'n uitsluitlik fascistiese eienskap nie.¹⁴⁷ Dit het egter 'n

¹⁴³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 167; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 133; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 12, 222-223; SWC, *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 14.

¹⁴⁴ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 167; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 93-95.

¹⁴⁵ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 96; R. Eatwell, The Holocaust denial: a study in propaganda technique, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, pp. 121-122; M. Billig, The extreme right: continuities in anti-Semitic conspiracy theory in post-war Europe, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 157; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 216-217; R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 167.

¹⁴⁶ R. Eatwell, The Holocaust denial: a study in propaganda technique, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, pp. 124-125; R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 167-168.

¹⁴⁷ Sien R. Eatwell, The Holocaust denial ..., in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, pp. 122-123; M. Billig, The extreme right ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 158; Anon., Holocaust: myths & horrors, *Survey* 30(2), June 1988, pp. 241-242.

spesifieke aantrekking vir fascistiese en rassistiese groepe en speel 'n belangrike rol in die ekumenisering van die na-oorlogse fascisme deurdat dit as gemeenskaplike terrein en kommunikasiekanaal tussen nostalgiese, mimetiese en neo-fasciste dien. Die Institute for Historical Review (IHR) wat in 1978 in Kalifornië gestig is, is een van die belangrikste organisasies binne die internasionale fascistiese netwerk waarvan die internasionale skakels op die IHR se Revisionistiese kongresse sigbaar word.¹⁴⁸ Die IHR beheer die verspreiding van publikasies na die Historical Review Press in Brittanje en publiseer *The Journal of Historical Review*. Onder lede en ondersteuners van die Instituut val Duitse, Franse, Britse en Amerikaanse Revisioniste,¹⁴⁹ asook neo-Nazi's wêreldwyd, lede van die KKK, 'n aantal Nazi-oorlogsmisdadigers en burgers van sekere Arabiese state.¹⁵⁰

Die Revisioniste word onwetend aangehelp deur ortodokse historici soos die Duitser Ernst Nolte, wat die uniekheid van die Holocaust bevraagteken en poog om die Duitse kollektiewe skuld en die Nazi-era te herinterpreteer. Die sogenaamde *Historikerstreit* wat hierdeur in Duitsland ontketen is, vorm deel van 'n breëre nasionale identiteitskrisis binne die Duitse samelewing, maar die debat skep ook 'n nuwe klimaat waarin die weerstand teen Revisionistiese propagandiste afgebreek word. Die Revisioniste saai verwarring oor die feite van die Holocaust en die grootste gevaar daarvan lê in die invloed wat dit op die waardes en beskouings van die algemene publiek kan hê.¹⁵¹ "The lies of the myth-makers confuse the ignorant and poison the memory of humanity. And when the contemporary witnesses are dead, who knows what effect such obnoxious and cranky falsifications may have in undermining the historical truth about the genocidal abominations? With the passage of time the traumatic impact of such crimes and their memories fades, and myths will increasingly encroach on authentic history."¹⁵²

iii. Die Konserwatiewe Revolusie

Thatcherisme en Reaganisme was die gevolg van 'n intellektuele heroorweging binne die konserwatiewe partye van Brittanje en die VSA gedurende die sewentigerjare. Gelyktydig hiermee het 'n meer radikale vorm van Nuwe Regse-ideologie op die Europese vasteland ontstaan wat gepoog het om die romantiese nasionalisme van die laat negentiende en vroeë twintigste eeue te laat herleef.¹⁵³ Die ideologie van die Neue Rechte in Duitsland is gebaseer op die Konserwatiewe Revolusie-beweging van die Weimar-tyd, 'n losse groepering van intellektuele (waaronder Edgar Jung, Oswald Spengler en Ernst Jünger) wat gekant was teen die tradisionele konserwatisme en die parlementêre demokrasie en wat 'n nuwe revolusionêre nasionalisme wou bewerkstellig. Hulle het in 'n mate gehelp om die weg vir die Nasionaal-Sosialisme voor

¹⁴⁸ Sien bv. M. Schmidt, *The new reich*, pp. 193-210.

¹⁴⁹ Die mees prominente Revisioniste is Robert Faurisson (Frankryk), Arthur Butz (VSA), Wilhelm Stäglich (Duitsland), Ernst Zündel (Kanada), David Irving (Brittanje), en Ditlieb Felderer (Swede). C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 117.

¹⁵⁰ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 167; R. Eatwell, *The Holocaust denial ...*, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, pp. 120-121, 139; Anon., *Holocaust: myths & horrors*, *Survey* 30(2), June 1988, pp. 242-244; M. Schmidt, *The new reich*, p. 205.

¹⁵¹ Sien M. Schmidt, *The new reich*, pp. 124-147; R. Eatwell, *The Holocaust denial ...*, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-Fascism in Europe*, p. 142; S. Sullivan, *Ghosts of the Nazis*, *Newsweek* 109(16), 1987-04-20, pp. 21, 24-25, 27; Anon., 'Ein historisches Recht Hitlers?', *Der Spiegel* 40, 1994-10-03, pp. 83 ev.; J. Leinemann, *Der doppelte Außenseiter*, *Der Spiegel* 22, 1994-05-30, pp. 30-33; R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 168; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 98-99.

¹⁵² Anon., *Holocaust: myths & horrors*, *Survey* 30(2), June 1988, p. 244.

¹⁵³ G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 18; N. O'Sullivan, *The new right: The quest for a civil philosophy in Europe and America*, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 175.

te berei deurdat hul idees akademiëci se intellektuele weerstand teen die Nazi-ideologie verswak het. Hierdie idees herteef in die huidige Nuwe Regses se anti-liberalisme en hul bepleiting van 'n gesagstaat waarin die individu onderhewig sal wees aan die algemene wil. Hulle ondersteun derhalwe nasionale bevrydingsbewegings en etno-pluralisme en is gekant teen die Westerse materialisme en die sogenaamde 'wodka-kola-kultuur'. *Junge Freiheit*, wat hoofsaaklik deur studente beheer word, is die mondstuk van die beweging.¹⁵⁴

Die bekendste en invloedrykste weergawe van hierdie ideologie is egter die Nouvelle Droite in Frankryk wat hoofsaaklik deur GRECE (Groupement de recherche et d'études pour la civilisation européenne) verteenwoordig word. GRECE, wat in 1968 deur 'n groep jong intellektuele, waaronder Alain de Benoist, gestig is, het teen 1978 'n mate van openbare aanvaarding begin geniet. Onder die beweging se beskermhere is bekende name in regse en rassistiese kringe soos Robert Faurisson, Hans Eysenck, Konrad Lorenz en Roger Pearson. GRECE het sy eie uitgewery (Copemic), publiseer tydskrifte soos *Nouvelle Ecole* en *Éléments*, en bereik ook die wyer publiek deur middel van *Le Figaro Magazine* (die Saterdag supplement van *Le Figaro*) wat deur hulle oorgeneem is.¹⁵⁵

Die Nouvelle Droite is nie soseer 'n politieke beweging nie, maar 'n intellektuele en kulturele mag wat beweer dat hul idees wetenskaplik gefundeerd is. Die aard van 'n samelewing word volgens hulle eerder deur etniese as ekonomiese faktore bepaal, en daarom het erflikheid 'n belangriker invloed op menslike ontwikkeling as die omgewing. Hulle pas die sosio-biologiese teorieë van Eysenck en Arthur Jensen, wat die intelligensieverskille tussen rasse beklemtoon, aan om hul argumente teen rasvermenging en vir rasverbetering (eugenetika) te ondersteun. Hulle lê klem op die meerderwaardigheid van die sogenaamde Indo-Europese erfenis en dui op die wenslikheid van 'n hiërargiese en aristokratiese samelewing geregeer deur 'n elite. Hulle verwerp derhalwe die beginsels van gelykheid en politieke demokrasie en is gekant teen die materiële politieke en sosiale stelsels van die VSA en USSR, die beginsels van die Marxisme en die humane Joods-Christelike tradisie. Hulle beklemtoon eerder die waardes van 'n vereerde Indo-Europese heidenisme waarby navorsing oor Noorse mites en tradisies en Indo-Europese argeologie aansluiting vind. Die Nouvelle Droite staan daarom simpatiek teenoor 'n transnasionale, Europese identiteit waarin elke volk die reg sal hê om sy eie leefwyse te bewaar.¹⁵⁶

Die Italiaanse weergawe sentreer rondom die sogenaamde Tradisionalisme, 'n alternatiewe kosmologie en geskiedenisfilosofie, in die werke van Julius Evola (1898-1974). Volgens hom was die moderne Westerse wêreld die gevolg van 2000 jaar van agteruitgang en gevolglik het hy 'n verenigde Europa, gegrond op die ewige geestelike waardes van die oorspronklike Tradisie wat hierdie tyd vooraf gegaan het, probeer

¹⁵⁴ M. Schmidt, *The new reich*, pp. 181-182; R. Woods, The radical right: The 'conservative revolutionaries' in Germany, in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, pp. 125-127.

¹⁵⁵ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 97; D. Johnson, The new right in France, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, pp. 235-236; P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 101.

¹⁵⁶ Sien D. Johnson, The new right in France, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, pp. 240-241; N. O'Sullivan, The new right ..., in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, pp. 176-177; R. Eatwell, The nature of the right, 2: The right as a variety of 'styles of thought', in R. Eatwell & N. O'Sullivan (eds.), *The nature of the right*, p. 73; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 102, 142-143; S. Sullivan, Europe's fire on the right, *Newsweek* 111(15), 1988-04-11, p. 13; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 18.

bevorder. Evola het 'n groot invloed op die Italiaanse na-oorlogse fascistiese kultuur gehad. Die werke wat hy sedert die twintigerjare geskryf het, het van okkulte, mitologiese en fascistiese bronne 'n opstand teen die moderne wêreld en dié se gelykmakende demo-liberalisme gesmee, en daardeur 'n bloudruk geskep vir 'n nuwe wêreld wat weereens op die hiërargiese Tradisie gebaseer sou wees.¹⁵⁷

Die Nuwe Regses verwerp geweld en konsentreer eerder op die beïnvloeding van die openbare mening deur mense se sienings en waardestrukture te verander. Hulle bevorder nie openlik fascistiese of blanke heerssugtige idees nie, maar vorm 'n intellektuele forum waarin elitisme, pan-Europese en kwasifascistiese idees ontwikkel word. Dit dien as 'n platform vir die regse interpretasie van sosiale, ekonomiese, rasse, kulturele, genetiese en historiese temas. Daardeur verskaf dit ook indirek grondredes vir denkwyses wat apartheid, anti-liberalisme en anti-kommunisme voortbring, en tot dade van terrorisme en geweld teen die beweerde bronne van verval lei. Die Nuwe Regses bied 'n totale lewensbeskouing wat die verval van die huidige era diagnoseer en vooruitsigte bied van 'n supra-individuele redding in 'n nuwe era van uitmuntendheid, nasionale uniekheid en kulturele eiesoortigheid. Beide Evola en enkele stigters van GRECE het noue kontakte met die Revisionisme en was ook betrokke by pro-Nazi vorme van die Italiaanse en Franse fascisme gedurende die dertigerjare. Die Nuwe Regses speel derhalwe 'n belangrike rol in die internasionalisering van die fascisme. Evola se werke is al in verskeie tale vertaal en studiesentra is in Italië, Frankryk en Mexiko gestig. GRECE se literatuur is in Engels, Portugees en Italiaans vertaal en daar bestaan verspreide studiekeringe in Luxembour en Switserland. 'n Uitlaat vir hul idees word ook gevind in die Duitse Thule Seminaar, *Scorpion* in Brittanje en *Vouloir* in België.¹⁵⁸

iv. Revolusionêre Nasionalisme

Die term Revolusionêre Nasionalisme verwys na groepe wat alle tussenoorlogse fascistiese regeringstelsels, insluitende Fascisme en Nazisme, as rolmodelle verwerp en eerder inspirasie uit meer randstandige bewegings put. Dit is 'n meer 'linkse' vorm van fascisme (dit wil sê anti-kapitalisties, maar nie sosialisties nie) wat soms Strasserisme genoem word, verwysend na die ideologiese faksie binne die Nazisme wat in die twintigerjare deur die broers Otto en Gregor Strasser gelei is. Moderne Strasserisme het basies te doen met die politiek van die Derde Posisie wat probeer om 'n derde weg tussen die kommunisme en liberalisme te vind.¹⁵⁹ Die beweging gebruik ook terme soos 'nasionaal-demokrasie' en 'die politieke soldaat' en het baie in gemeen met die ideologie van die Nuwe Regses. Vir hulle gaan dit egter nie net om 'n kulturele revolusie nie, maar deur gelyktydig op die ideologiese en paramilitêre fronte te werk, poog hulle om 'n nuwe tipe elite, wat fisiese heroïsme en die spirituele sal verenig, te skep.¹⁶⁰

¹⁵⁷ R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 315, 343; R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 169.

¹⁵⁸ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 98; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 101, 143; R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 169.

¹⁵⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 166.

¹⁶⁰ R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 315.

c. Hoofkenmerke van die na-oorlogse fascisme

i. Organisasoriese ingewikkeldheid en ideologiese verskeidenheid

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die na-oorlogse fascisme feitlik al die organisatoriese vorme van politieke aktiwiteit omvat. Fascistiese verskynsels wissel van pseudo-demokratiese politieke partye, drukgroepe, internasionale en nasionale sambreelorganisasies, pseudo-akademiese instansies, uitgewerye, tydskrifte en adreslyste tot plaaslike besprekingsgroepe en terroristeselle. 'n Belangrike rol word ook gespeel deur 'n aantal geheime beskermhare wat finansiële ondersteuning bied en die verskeie individue wat dit op hulself neem om die verskillende wetenskaplike, joernalistieke en propagandistiese ideologiese basisse aan die subkultuur te verskaf. Die fascistiese subkultuur is egter uiters onstabiel en onbestendig en daar vind 'n voortdurende vorming en ontbinding van bewegings en alliansies langs die meer stabiele formasies plaas. Hierdie chroniese strukturele swakheid veroorsaak dat daar feitlik geen beweging op nasionale of internasionale vlak is met die vermoë om 'n nuwe *lingua franca* uit die ou en nuwe dialekte van palingenetiese ultra-nasionalisme en sy organisasies te vorm nie. Die lidmaatskap van die meeste groeperings is ook uiters gering en selfs die grootste na-oorlogse fascistiese bewegings het te min ondersteuning om werklik 'n bedreiging vir die Westerse demokrasie te word.¹⁶¹

ii. Ideologiese en organisatoriese vernuwing

Alhoewel die fascisme nie meer 'n belangrike nasionale revolusionêre mag is nie, het dit wel vanweë sy vermoë om by die veranderende na-oorlogse werklikheid aan te pas, moontlikhede as 'n politieke mag. Behalwe vir ideologiese aanpassings, behels hierdie vernuwing ook 'n tegnologiese aspek soos die gebruik van rekenaars en die skep van rekenaarspeletjies. Daar is ten minste agt sodanige speletjies, waaronder die *Anti Türkentest* vervaardig in 1986 in Buchenwald deur Hitler & Hess, die *Ariertest* vervaardig deur Adolf Hitler Software Ltd., en *KZ Manager*, wat in Duitsland, Oostenryk en Nederland versprei word. In die speletjies word die speler se vermoë om tussen Ariërs en Jode te onderskei en om 'n Nazi-doodskamp te beheer, getoets. Die speletjies is op die Holocaust gebaseer, maar die Jode word dikwels deur Turke vervang soos op een speletjie waar 'n afbeelding van Hitler sê: "I'm coming back! And then I put all Tuerks into the Gas-Room!" [sic]¹⁶² 'n Meningsopname onder hoërskoolleerlinge in Oostenryk het aangetoon dat 40% bewus was van die speletjies, terwyl 22% dit al gesien het. Volgens 'n woordvoerder van die Simon Wiesenthal Sentrum in Los Angeles is die speletjies die werk van neo-Nazi propagandiste wat, deur middel van 'n tegnologie wat relatief vreemd aan die ouers is, jong volgelinge vir hul bewegings soek.¹⁶³

Wat ideologiese vernuwing betref, neem fascistiese groepe soms kontemporêre sake soos VIGS en feminisme op, terwyl die vereniging van Duitsland tot 1989 'n prominente kwessie vir Duitse groepe was. Daar was ook pogings om die sogenaamde Groen groepe te infiltrer, omdat die ekologie as 'n Trojaanse

¹⁶¹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 170.

¹⁶² SWC, *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 26.

¹⁶³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 170; SWC, *The neo-Nazi movement in Germany*, pp. 26-27; Anon., Terminator III, in J. Keith (ed.), *Secret and suppressed*, p. 97.

Perd beskou is waarmee fascistiese idees tot binne die ortodokse politieke debat gebring kon word. Die belangrikste ideologiese veruwing van die na-oorlogse periode was egter 'n direkte uitvloeisel van die fascisme se organisatoriese internasionalisasie, naamlik 'n internasionale of universele interpretasie van die fascisme as 'n stryd om beginsels wat na regte die basis van die sosio-politiek in elke land behoort te vorm, op dieselfde manier as wat sosialiste en liberaliste hul waardes as vanselfsprekend beskou.¹⁶⁴

iii. Die internasionalisering van die fascisme

Hierdie internasionale dimensie is nie bloot 'n dekmantel vir die behoud van kontakte tussen ekstremiste nie. Omdat dit terugval op die vroeëre fascistiese ideale van 'n Europese broederskap, vorm dit 'n sleutelement in die kontinuïteit van fascistiese denke en aksies. Alhoewel die Italiaanse beweging as inspirasie vir ander groepe gedien het, was die Fascisme gedurende die twintigerjare 'n streng nasionalistiese mag. Eers teen die laat twintigerjare het Fascistiese leiers van die internasionale implikasies van hul strewes bewus geword. Teen 1933 het Duitsland Rome as 'n soort Nazi-mekka vervang en met die uitbreek van die Spaanse Burgeroorlog in 1936 het die internasionale fascisme teen die internasionale bolsjewisme te staan gekom. Sedert die veertigerjare het die idee van 'n verenigde Europa deel geword van fascistiese propaganda. Beide Oswald Mosley en die manifesto van Mussolini se Salò Republiek het die totstandkoming van 'n Europese Gemeenskap bepleit, omdat geglo is dat slegs die bevordering van 'n nuwe Europese patriotisme die verval van Europa kon keer. Die Franse, Deense, Nederlandse, Belgiese en ander vrywilligers wat in die Waffen-SS geveg het, is as 'n bewys gesien dat Europa wel verenig kon word.¹⁶⁵

Sedertdien is verskeie neo-Nazi en neo-fascistiese groepe gevorm om internasionale aktiwiteite van 'n propagandistiese en terroristiese aard te koördineer, en daar bestaan 'n wye netwerk van individuele organisasies waarvan sommige selfs tot by nie-Europese terroristegroepe soos die PLO, strek. Die konfederale siening van 'n 'Europa van Volke' is 'n belangrike onderdeel van die kontemporêre fascisme wat gekant is teen die amptelike Europese Gemeenskap se plurale demokrasie. Hulle glo dat die samewerking tussen alle lande wat 'n eie fascistiese revolusie deurgemaak het, die proses van verval in Europa sal keer en die vasteland se geboortereg as die middelpunt van 'n meerderwaardige beskawing sal herstel. Die pan-Europeërs deel 'n afkeur aan die gelykheidsleer, Amerikaanse en Russiese oorheersing en staan 'n apartheidsvorm van rassisme voor waarvolgens sterk volke elk in hul eie tuisland woon. Hierdie siening strek tot by die Kroatse, die Walliesers en die Bretonse nasionaliste, en verklaar bande tussen separatiste onder hierdie volke en fascistiese groepe.¹⁶⁶

¹⁶⁴ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 171.

¹⁶⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 171; S.J. Woolf, Introduction, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 14; G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 28-31. Die Waffen-SS het bestaan uit meer as 1 miljoen vrywilligers uit 11 lande waaronder ook Kroatiese Moslems en ander nie-Europeërs (Sien bv. E.W.W. Fowler, *Nazi regalia*, pp. 99, 117). Die fascisme se eenaardige bande met die Arabiere en PLO kan waarskynlik na hierdie groepe, en 'n gemeenskaplike anti-Semitisme, terugvoer word.

¹⁶⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 171-172; G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 28-29.

Woolf wys egter op die internasionale fascistiese beweging se onlogiese idees en veral die teenstrydighede tussen die nasionalisme van alle fascistiese bewegings en die fascisme se internasionale strewes.¹⁶⁷ Die sogenaamde Nuwe Orde sou die oorwinning van sekere fascistiese groepe oor ander beteken. Die nasionalisme van die Nazi Nuwe Orde was nie werklik trans-nasionaal nie, maar eerder 'n rasbewuste vorm van nasionalisme waarin die Duitsers dominant sou wees.¹⁶⁸ Volgens Krejčí is daar daarom nie enige kwessie van 'n Fascistiese of Nasionaal-Sosialistiese Internasionaal nie, maar slegs tydelike taktiese samewerking tussen volke met soortgelyke regeringstelsels en belange.¹⁶⁹ Een van die prominentste leiers van die neo-Nazi beweging in Duitsland, Michael Kühnen, het dan ook in die laat tagtigerjare daarop gewys dat alhoewel bande met 'medestryders' in die suidelike Europese lande soos Spanje en Italië, gekweek moet word, hulle nooit 'kamerade' kan wees nie: "During the time of struggle, ... we must use our friends abroad, but after the seizure of power, we would have to make a careful racial selection. From the Aryan point of view, these inferior peoples might be allowed to continue to embrace fascism, ... but no dark foreigner could ever be a real National Socialist."¹⁷⁰

Ten spyte hiervan kan die aantrekkingskrag van die rasbewuste vorm van nasionalisme nie onderskat word nie. Die Nazi-filosof Alfred Rosenberg het reeds in 1930 daarop gewys dat die bloed (met ander woorde ras) die mite of dryfveer van die twintigste eeu is: "Today a new faith is awakening - the Mythos of the blood; the belief that to defend the blood is also to defend the divine nature of man in general."¹⁷¹ Volgens Hermann Rauschning het Hitler na bewering in privaatgesprekke ook daarop gewys dat nasionalisme iets van die verlede is en dat dit deur 'n rassekonsep vervang moes word: "... 'The historically grown peoples will not be the determining concept in the future; but the race concept, which is hidden behind it 'In place of it (customary local nationalism), there will be comprehension among the members of the same valuable master-race, though they speak different languages.'"¹⁷²

Hierdie idee van Rasse-Nasionalisme of Rasse-Sosialisme was na 1945 onaanvaarbaar as 'n politieke ideologie. Tog het dit sedert die tagtigerjare 'n groeiende politieke beweging in die Westerse wêreld onder rassistiese groeperings, en veral dié wat die sogenaamde 'Renaissance van die Wit Man' voorstaan, geword. Hierdie bewegings glo dat die blanke ras in 'n oorlewingstryd gewikkel is en hom deur middel van propaganda, demografie (verhoogde geboortesfer) en gewapende bedrywighede, moet voorberei op die komende 'heilige rasse-oorlog' wat onafwendbaar is. Inspirasie hiervoor word geput uit boeke soos *The Turner Diaries*,¹⁷³ wat al die *Mein Kampf* van die tagtigerjare genoem is. Dit is deur William Pierce, die sekretaris van die neo-Nazi National Alliance in die VSA, geskryf en handel oor 'n fascistiese revolusie wat

¹⁶⁷ S.J. Woolf, Introduction, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 15.

¹⁶⁸ Sien S.J. Woolf, Introduction, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 15; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, p. 235.

¹⁶⁹ J. Krejčí, Introduction: concepts of right and left, in L. Cheles (ed.) et al., *Neo-fascism in Europe*, p. 4.

¹⁷⁰ I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 168.

¹⁷¹ A. Rosenberg, *The myth of the twentieth century*, p. 65.

¹⁷² H. Rauschning, *Gespräche mit Hitler*, pp. 218-220, soos aangehaal in H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 233-234.

¹⁷³ Die boek wat in 1978 onder die pseudo-naam Andrew Macdonald, verskyn het, het al ten minste twee keer as ngljn vir wit terroristegroep gediën, nl. *The Order* waarvan die leier, Robert Mathews, in die vroeë 1980s in 'n skietvoorval deur die FBI gedood is, en waarskynlik ook vir die bomaanval in 1995 in Oklahoma. Sien H. Löw, The cult of violence: The Swedish racist counterculture, in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 70, 76; M. O'Regan, Regse militante nou Amerika se nagmerrie, *Rapport*, 1995-04-30, p. 25.

Amerika en uiteindelik die wêreld oorneem.¹⁷⁴ Volgens Tommy Rydén, leier van die Kerk van die Skepper in Swede: "The holy fight for the survival ... of our people is universal, the murder of a child in South Africa is an attack on us, the imprisonment of an activist in France is an aggression against us. For us there is only one race and one fight".¹⁷⁵

Rydén beklemtoon hiermee die universele karakter van die fascistiese stryd om selfbehoud en nasionale grootsheid. In die voorafgaande bladsye is dan ook aangetoon dat die algemene fascisme 'n ingewikkelde politieke ideologie is wat veral sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog 'n verskeidenheid openbaringsvorme omvat het. Verskeie ondersteuners van die Duitse en Italiaanse fascistiese regeringstelsels gedurende die dertiger- en veertigerjare, het na die oorlog steeds hul ideologiese beskouings uitgedra. Die oorsigtelike bespreking van die ontwikkeling van die fascisme na 1945 het verder aangedui dat die fascistiese ideologie vanweë die behoud van onderlinge individuele en organisatoriese verbintenisse op 'n internasionale vlak en 'n vereenselwiging met elemente vanuit die regse ekstremistiese politiek, bly voortbestaan en selfs verder ontwikkel het. Gevolglik bestaan daar vandag verskeie mimetiese, nostalgiese en neo-fascistiese variasies daarvan. Ten spyte van onderlinge verskille, het al hierdie bewegings 'n ideologiese mitiese kern wat fokus op die herskepping van die nasionale gemeenskap, in gemeen, en sekere ideaal-tipes kerndeeds waaraan alle fascistiese bewegings uitgeken kan word, kan ook onderskei word. Hierdie gemeenskaplike ideologiese onderdele sluit onder meer die populistiese ultra-nasionalisme, rassisme, revolusionisme, elitisme, outoritarisme, eklektisisme, modernisme en 'n gekantheid teen die liberalisme, demokrasie, kommunisme, rasionalisme en materialisme in.

Suid-Afrika het geensins hierdie invloed vrygespring nie en was sedert die twintiger- en dertigerjare, soos baie ander Westerse lande, ook deur die ideologie geraak. Gevolglik het die fascisme gedurende die tussenoorlogse periode, maar ook in die periode sedert die Tweede Wêreldoorlog tot die huidige, as een van die belangrikste vormende magte van die twintigste eeu, verskillende groepe in Suid-Afrika volgens omstandighede laat ontstaan wat elk die fascistiese beginsels op hul eie manier vertolk het. Hierdie bewegings het kontak met hul buitelandse eweknieë behou en hul ontstaan en ontwikkeling kan daarom nie van die ontwikkelingsgeskiedenis van die verskynsel in die buiteland losgemaak word nie. Daar sal vervolgens oorsigtelik na die plaaslike voorkoms van die fascisme gedurende die sogenaamde Fascistiese Era van die twintiger-, dertiger- en veertigerjare gekyk word, alvorens die daaropvolgende nostalgiese, mimetiese en neo-fascistiese manifestasies daarvan in Suid-Afrika bespreek word.

¹⁷⁴ Anon., White renaissance, *The South African Patriot* 20, October - December 1983, p. 3; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 377-378; H. Löw, The cult of violence ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 75-76.

¹⁷⁵ H. Löw, The cult of violence ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 75.

HOOFSTUK II

FASCISME IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE FASCISTIESE ERA, 1922-1945

*"Hitler's Mein Kampf shows the way to greatness - the path of South Africa. Hitler gave the Germans a calling. He gave them a fanaticism which causes them to stand back to no one. We must follow his example because only by such holy fanaticism can the Afrikaner nation achieve its calling."*¹

- Ds. J.D. Vorster, 15 September 1940

1. Die ontstaan van die fascisme in Suid-Afrika

Die Westerse beskawing het na 1918 deur 'n fase van ontnugtering, pessimisme, sosio-ekonomiese verval en politieke onsekerheid gegaan. Dit het die weg vir die vestiging van die fascisme as 'n nuwe ideologiese struktuur wat belooft om hierdie probleme op te los, gebaan. Sedert 1922 tot 1945 was die fascisme 'n belangrike mag binne die Europese politiek en gevolglik staan die tydperk tussen die twee wêreldoorloë dan ook bekend as die Era van die Fascisme. Mussolini se Italiaanse Fascisme het as voorbeeld en inspirasie vir verskeie ander lande gedien, en mimetiese fascistiese groepe het gedurende die twintigerjare in onder meer Frankryk, Brittanje, Swede en Roemenië ontstaan. Sedert die begin van die dertigerjare het Hitler se suksesvolle Nasionaal-Sosialistiese beweging in Duitsland egter die belangrikste rolmodel vir Europese groepe geword.² Suid-Afrika, as 'n uithoek van die Westerse beskawing, het in hierdie tydperk soortgelyke sosio-ekonomiese probleme en politieke onsekerheid beleef en die voorbeeld van die Europese fascisme het gevolglik ook hier ingang gevind.

Daar kan waarskynlik aangeneem word dat die Unie van Suid-Afrika, as 'n onderdeel van die Britse Ryk, ook deur Britse fascistiese bewegings beïnvloed is. Die eerste verwysing na 'n fascistiese beweging in Suid-Afrika is dan ook in 1925 toe die Britse Fascisti hul verskyning hier gemaak het.³ Min is verder oor hierdie groep bekend, alhoewel dit waarskynlik verband gehou het met 'n gelyknamige beweging in Brittanje. Die British Fascisti (later die British Fascists) is in Mei 1923 in Brittanje deur Rotha Lintorn-Orman gestig met lord Garvagh, en na Januarie 1924, brigadier-generaal R.B.D. Blakeney, as president. Alhoewel die Italiaanse Fascisme as bron van inspirasie deur die stigters erken is, was dit aanvanklik bloot 'n anti-kommunistiese beweging wat eers teen die dertigerjare 'n meer openlik fascistiese program gevolg het. Byeenkomste is versier met die Union Jack, lede het die Fascistiese saluut gegee en in 1927 is die blou hemp as amptelike uniform aanvaar. In 1924 het militante elemente weggebreek om die meer openlik fascistiese National Fascisti te vorm. Hierdie splintergroep het die Italiaanse swart hemp as uniform gekies en ook van Fascistiese mites en simbole, waaronder die byl en *fascies*, gebruik gemaak. Nie een van die twee bewegings het egter 'n groot invloed op die publiek gehad nie en min mense was van hul bestaan

¹ W.H. Vatcher, *White laager*, p. 63.

² R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 216-218; J. Kriegler (ed.), *The Oxford companion to politics of the world*, p. 294; H.R. Trevor-Roper, *The phenomenon of fascism*, in S.J. Woolf (ed.), *European fascism*, p. 18.

³ Anon., *Nemesis in South Africa*, *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960, p. 23.

bewus. Die British Fascists het gedurende die twintigerjare 'n paar duisend lede gehad waarvan slegs 300 in 1934 oor was. Die National Fascisti se ledetal was selfs meer beperk.⁴

Teen 1932 het bogenoemde twee bewegings heelwat van hul lede en ondersteuning aan die nuut gestigte *British Union of Fascists* (BUF) verloor. Dit is egter onbekend watter invloed die BUF, wat deur Sir Oswald Mosley op die voorbeeld van die Duitse model gestig is en as Brittanje se bekendste fascistiese beweging beskou word, in hierdie tyd op Suid-Afrika gehad het. Die beweging se impak in Engeland self het buitendien teen die laat dertigerjare begin afneem en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is baie van die leiers geïnterneer en die beweging se aktiwiteite beperk.⁵

Afgesien van bogenoemde was dit egter die Duitse variasie van die fascisme wat, soos ook in verskeie ander Europese lande, 'n belangrike rol in Suid-Afrika gespeel en die fascisme hier gevestig het. Dit het gebeur nie net omdat Hitler die Fascisme en Mussolini se invloed gedurende die dertigerjare begin oorskadu het nie, maar ook omdat Duitsland se geskiedenis van betrekkinge met die negentiende-eeuse Boererepublieke, die Afrikaner se etniese en taalkundige verwantskap aan die Duitser en die bestaan van 'n gevestigde Duitse gemeenskap in Suid-Afrika, die potensiaal vir Nazi-involed alhier verhoog het.⁶

2. Suid-Afrika en die Nasionaal-Sosialisme

a. Die Duitsers in Suid-Afrika

Duitsland se belangstelling in suidelike Afrika dateer terug tot die sewentigerjare van die negentiende eeu toe raadgewers die Duitse kanselier, Otto von Bismarck, in 'n verslag op die moontlikhede vir die Duitse Ryk gewys het indien 'n Duitse protektoraat oor Transvaal uitgeroep sou word. Gelyktydig hiermee het die presidente van die ZAR en Oranje Vrystaat in hul pogings om 'n nie-Britse hawe vir betrekkinge met die buiteland te vind, die Duitsers in Delagoabaai geïnteresseerd probeer maak. Ekonomiese en strategiese redes het Duitsland se belangstelling in die subkontinent verhoog en in 1884 is die huidige Namibië geannekseer. Die bedreiging van 'n Duitse invloedssfeer in suidelike Afrika en die Duitse belangstelling in St. Luciabaai was belangrike faktore in die omsingelingsbeleid wat Brittanje jeens die Boererepublieke gevolg het. Tydens die mislukte Jameson-inval van 1896 het die meeste Duitse uitlanders agter president Kruger gestaan terwyl keiser Wilhelm II 'n telegram van gelukwensing en ondersteuning aan die ZAR-regering gestuur het. Hierdie gebeure sou 'n bydrae lewer om Duits-Afrikaner simpatieë teen 'n gemeenskaplike Britse vyand te verstewig en verklaar die Nasionale Afrikaner se latere pro-Duitse houding gedurende die twee wêreldoorloë. Ook gedurende die Anglo-Boereoorlog was Duitsland die twee Boererepublieke simpatiek gesind, alhoewel die ingewikkelde internasionale diplomاسie van die tyd die direkte ingryping van die keiser verhoed het.

⁴ Sien R. Benewick, *The Fascist movement in Britain*, pp. 27-32, 36-38.

⁵ Sien C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 322; R. Benewick, *The Fascist movement in Britain*, pp. 264, 294.

⁶ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 5, 71.

Tydens die eerste paar dekades van die twintigste eeu het Duitsland in 'n belangrike handelsvennoot van die Unie ontwikkel.⁷ Duitsland se belangstelling in Suid-Afrika, alhoewel dit al dikwels in terme van die etniese verwantskap tussen die Afrikaner en Duitser verklaar is, het derhalwe hoofsaaklik rondom subjektiewe ekonomiese redes gesentreer. Gedurende die dertigerjare is 'n ideologiese komponent hierby gevoeg wat spesifiek op die Duitse gemeenskap in die land gemik was.

Die eerste Duitse immigrante na Suid-Afrika het gedurende die sewentiende en agtiende eeu as individue in diens van die VOC na die Kaap gekom. Hulle het gou hul Duitse identiteit verloor en in die nuwe Afrikaanse volk wat in hierdie tyd ontstaan het, opgegaan. Gedurende die negentiende eeu het talle Duitsers in groeps- en familieverband na Suid-Afrika geïmmigreer en hulle veral in die Kaap en Natal gevestig en ook verskeie Duitse sendingstasies tot stand gebring. Binne hierdie groepsnedersettings het hulle die Duitse kulturele identiteit behou deur hul eie skole en kerke te stig. In die twintigste eeu het verdere immigrasie vanuit die geïndustrialiseerde en verstedelike wêreld plaasgevind, sodat ook 'n stedelike Duitse gemeenskap ontstaan het waarvan sommige lede hulle Duitse burgerskap behou en andere Duitssprekende Suid-Afrikaners geword het. Na die Nasionaal-Sosialistiese oorwinning in Duitsland in 1933 het hierdie Duitse nedersettings en sendingstasies in fokuspeunte vir die aktiwiteite van die NSDAP se buitelandse afdeling, die *Auslandsorganisation* (AO), verander.⁸

b. Die ontstaan van die Nazi-beweging in Suid-Afrika

Alhoewel ledewerwing vir die NSDAP in die destydse Suidwes-Afrika reeds sedert 1928 plaasgevind het, sou dit 'n paar jaar langer vat vir organisatoriese strukture van die party om in Suid-Afrika tot stand te kom.⁹ Die eerste spore van die NSDAP in die Unie het in November 1931 in Oos-Londen te voorskyn gekom, maar dit sou vanaf Kaapstad wees dat 'n onsistematiese uitbreiding van die beweging aanvang geneem het. Prof. Hermann Bohle, 'n dosent in elektriese ingenieurswese aan die Engelstalige Universiteit van Kaapstad (UCT), was die eerste *Landesgruppenleiter* van die NSDAP in Suid-Afrika. Hy was ook die stigter van die Deutsche Verein en dit was juis tydens 'n lesing oor die kommunisme en die Hitler-beweging voor hierdie groep in Mei 1932 dat wrywing met die Joodse lede ontstaan het. Tydens 'n byeenkoms in die Royal Hotel kort daarna stig hy dan 'n *Ortsgruppe* van die NSDAP in Kaapstad. Aan die einde van 1934 verlaat Bohle Suid-Afrika om gesondheidsredes en neem tydelik die leiding van die Deutsch-Südafrikanischen Gesellschaft in Berlyn oor. Later sou hy in 'n belangrike raadgevende posisie oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede vir die NSDAP in Berlyn werk. Ook Hellmut Kirchner, die tesourier van die Nazi *Landesgruppe* in die Unie vanaf 1935 tot 1939, keer na Duitsland terug waar hy sekretaris van die Deutsch-Südafrikanischen Gesellschaft onder Bohle word. Na Bohle se vertrek neem die Duitse konsul in Kaapstad, Bruno Stiller, die leiding

⁷ Sien P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 71-72; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Bielefeld, 1988, pp. 38-40, 43.

⁸ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 70-71; F.A. Van Jaarsveld, Die Duitse feesjaar in suidelike Afrika 1992, in SAVK, *Die kultuurhistoriese bydrae van die Duitssprekendes in Suid-Afrika*, pp. 6-8.

⁹ Sien P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 16-17.

van die *Landesgruppe* oor. Sy opswepende en propagandistiese aktiwiteite het hom gou ongewild in die Unie gemaak en ter wille van diplomatieke immuniteit is hy vanaf 1934 tot 1939 as kanselier in die Duitse Gesantskap in Pretoria aangestel.¹⁰

Die NSDAP *Landesgruppe* in Suid-Afrika is organisatories verdeel in 'n *Kreisleitung* in Transvaal met die AEG-vertegenwoordiger, Oswald Kroenert, as *Kreisleiter*. Hieronder het vyf *Ortsgruppen* in Kaapstad, Johannesburg, Oos-Londen, Pretoria en Durban geval, asook 'n aantal *Stützpunkte* in Port Elizabeth, Bloemfontein, Philippi en Tzaneen. Afgesien van ekonomiese en handelsaangeleenthede, was daar ook afdelings binne die *Landesgruppe* vir die Winterhilfswerk, die pers, radio en film, die Hafendienst en kulturele aangeleenthede. Die party se aktiwiteite in die Unie is grootliks vanuit fondse wat deur die Winterhilfswerk ingesamel is, gefinansier. Aktiwiteite is hoofsaaklik gerig op die verspreiding van die Nazi-ideologie onder die Duitsers in die Unie. Daar is gepoog om deur middel van indoktrinering die aktiwiteite van alle Duitse burgers in die land, maar ook Duitse Suid-Afrikanners, met dié van die Derde Ryk te koördineer om sodoende ook die buitelandse Duitsers binne die 'ware volksgemeenskap' terug te bring.¹¹

Die beheer en koördinerende van alle party-aktiwiteite oorsees en dus ook dié van die *Landesgruppe* in Suid-Afrika, was die verantwoordelikheid van die AO van die NSDAP. Ernst Wilhelm Bohle, die seun van Hermann Bohle, is in 1933 amptelik deur Hitler as *Gauleiter* van die AO aangestel. Alhoewel hy in 1903 in Engeland gebore is, het hy in Suid-Afrika grootgeword. In 1920 het hy op sestienjarige ouderdom vir die eerste keer na Duitsland vertrek waar hy later as kommersiële klerk gewerk het. Hy het gevolglik 'n groot belangstelling in die Unie en dié se Nazifikasie gehad.¹²

Die AO het die Duitsers in die buiteland ingedeel in die *Volksdeutschen* wat burgers van hul onderskeie lande geword het, en die *Auslandsdeutschen* of *Reichsdeutschen* wat steeds burgers van die Derde Ryk was.¹³ Volgens Ernst Bohle was die Nasionaal-Sosialisme die wêreldbeskouing en politieke oortuiging van alle *Reichsdeutschen* en gevolglik het die Nazi-beweging en die Ryk die reg gehad om hul burgers in die buiteland hierin op te voed: "Die Auslandsorganisation der Nationalsozialistischen Deutschen Arbeiterpartei ist im engeren Sinne die zusammenfassung aller Bürger des Deutsches Reiches im Auslande, die mitglieder der NSDAP sind. Da die Nationalsozialistische Partei im neuen Reich das alleinige Recht besitzt, das ganze Volk weltanschaulich und politisch auszurichten, ist die Auslandsorganisation logischer weise zur führung aller Reichsdeutschen im Auslande bestimmt."¹⁴ Ten spyte van ontkenning deur Bohle dat die AO

¹⁰ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 17-18, 73, 82; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, pp. 65-66; O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 126-127.

¹¹ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 18; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 67.

¹² P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 18, 73; O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 81, 83.

¹³ E.W. Bohle, *Der Auslandsdeutsche ein wertvolles Bindeglied zwischen dem Reich und den anderen Völkern der Erde, in Verband Deutscher Vereine im Ausland, Wir Deutsche in der Welt*, p. 10.

¹⁴ E.W. Bohle, *Der Auslandsdeutsche ... in Verband Deutscher Vereine im Ausland, Wir Deutsche in der Welt*, p. 9. sien ook p. 11. Vrye vertaling: Die buitelandse afdeling van die NSDAP is in 'n sin die sameflansing van alle Duitse burgers in die buiteland wat lede van die NSDAP is. Waar die NSDAP in die nuwe Ryk die alleenreg besit om die ganse volk filosofies en polities te onderrig, is die AO logieserwyse vir die leiding van alle Duitse burgers in die buiteland bestem.

nie die plig gehad het om die *Volksdeutschen* te organiseer nie en ook nie inmenging in die binnelandse sake van vreemde state geduld het nie, het verskeie verteenwoordigers van die AO tog by plaaslike aangeleenthede betrokke geraak en selfs met opposisiepartye en ondergrondse opruiende aksies meegewerk.¹⁵ Alhoewel Nazi-aktiwiteite in Suid-Afrika hoofsaaklik op die skep van 'n magsbasis onder Duitssprekende Unieburgers en die Duitsers in die land gerig is, is spioenasie en die bevordering van die Nazi-saak onder Nasionaliste en ander nie-Duitsers, nie buite rekening gelaat nie.¹⁶

c. Nazi-aktiwiteite in die Unie

i. Die Duitse gemeenskap

Hermann Bohle se organisasie was slegs die punt van 'n ondergrondse netwerk wat baie van die organisasies wat in Duitsland met die NSDAP geassosieer is, waaronder ook die SA en SS, omsluit het. Dit het beteken dat die Duitse gemeenskap feitlik op elke vlak deur middel van frontorganisasies en hul eie koerante, skole en kerke geïndoktrineer is.¹⁷ 'n Aantal onderwysers onder die leiding van Hellmut Kirchner, het tot die Nationalsozialistische Lehrerbund (NSLB) behoort, wat gereeld konferensies gehou het en verslae aan die buitelandse afdeling van die NSLB in Berlyn gestuur het. Teen Maart 1939 het net vyftien aktiewe lede van ten minste agt verskillende skole en sentra regdeur die land, aan hierdie elite groepie behoort wat dit op hulself geneem het om die Duitse jeug volgens Nasionaal-Sosialistiese beginsels op te voed. Die jeug self is ook georganiseer en verskeie Nazi-jeugbyeenkomste is gedurende die dertigerjare in Transvaal en die Kaap gehou. Tydens hierdie byeenkomste het 'n aantal oud-Germaanse rites en gebruike waaronder die vuurkultus, die sonnewenderite en Wodanisme, wat die aanbidding van die oud-Germaanse oppergod Wodan (Odin) behels het, te voorskyn gekom. Bruno Stiller was na bewering grootliks verantwoordelik vir die invoer van hierdie Nazi-gebruike en die aanbidding van Wodan in Suid-Afrika.¹⁸

Professionele groepe soos die Lehrerbund, het onder die Verband Deutsche Berufsgruppen geval wat weer op sy beurt 'n tak van die Deutsche Arbeitsfront (DAF) was. Duitse werkers is aangemoedig om by die DAF aan te sluit om wrywing tussen die klasse en arbeidsgeskille te voorkom, maar vir die NSDAP het dit 'n belangriker onderliggende funksie verrig. Elke tak van die DAF is gelei deur 'n leier of 'n aangewysde verteenwoordiger van die Nazi-tak in die gebied. Alle lede van die DAF het onder die dissiplinêre beheer van 'n aangewysde NSDAP-lid geval wat weer direk onder die senior verteenwoordiger van die AO gedien het. Die party het hierdeur beheer oor 'n groter aantal Duitsers verkry as wat andersins deur gewone partystrukture moontlik sou wees, aangesien Duitsers wat nie in

¹⁵ Sien E.W. Bohle, *Der Auslandsdeutsche ...*, in Verband Deutscher Vereine im Ausland, *Wir Deutsche in der Welt*, pp. 10-11; O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 86, 87-88.

¹⁶ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 18, 73.

¹⁷ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 18, 74, 76.

¹⁸ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 76; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 66; O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 125-126, 127.

die politiek geïnteresseerd was nie, op hierdie manier gedwing is om by minder openlike Nazi-groepe aan te sluit.¹⁹

Nazi-propaganda het die Duitse gemeenskappe in die platteland dikwels deur middel van die kerk bereik. Volgens die destydse Duitse konsul in Durban, Otto Von Strahl, het enkele van die Duitse sendelinge in Natal hulle met die politiek bemoei en was die leier van die Nazi *Ortsgruppe* in Durban byvoorbeeld 'n sendeling wat in Port Shepstone gewoon het. Die Duitsers in die platteland het een of twee keer per jaar bymekaar gekom om hul sogenaamde 'Duitse dae' te vier. Hierdie byeenkomste is mettertyd heeltemal vernazifiseer en behalwe vir toesprake wat Nazi-Duitsland en Hitler verheerlik het, is groot hoeveelhede gedrukte propaganda uitgedeel. Kontak met die gebeure in Duitsland is ook behou deur middel van die aantal Duitse besoekers wat as amptelike redenaars van die Derde Ryk (*Reichsredner*) deur die land getoer en lesings oor 'die wonderwerk in die Heimat' gehou het.²⁰

Die Nazi's in Suid-Afrika het aanvanklik probleme ondervind met die skep van 'n eie spreekbuis vir propagandadoeleindes, omdat hulle nie finansieël met die meer gevestigde Duitse koerante, die *Deutsche-Afrika-Post* in Johannesburg en die *Deutsch-Afrikaner* in Pretoria, kon meeding nie. Die *Deutsch-Afrikaner* het egter gou onder die Nazi's se beheer gekom en teen 1934 was dit die amptelike lyfblad van die NSDAP in die Unie. Die redakteur, Wilhelm Stark, was as agent van die AO die Duitse Gesantskap in Pretoria behulpsaam en het gereeld oor die aktiwiteite van die Duitsers in Suid-Afrika aan Berlyn gerapporteer. Die koerant het Nazi-aktiwiteite in die Unie gedek en gereeld foto's van Duitse persoonlikhede en gebeure ontvang, wat hulle verplig was om te publiseer en verder onder simpatieke individue en die Suid-Afrikaanse pers te versprei. Die koerant was ook verantwoordelik vir die verspreiding van pamflette wat die suksesse van die Derde Ryk ten opsigte van sosiale welsyn en tegnologie geprys het. Deur middel van hierdie propaganda is gepoog om 'n militante anti-Britse en anti-Smuts houding onder die Duitssprekendes en Afrikaner-Nasionaliste te bevorder. Die koerant is plaaslik gefinansier deur die vele Duitse maatskappye wat gedwing is om daarop in te skryf en daarin te adverteer.²¹

Ten spyte van bogenoemde moet die invloed van die Nazi's in Suid-Afrika egter nie oorbeklemtoon word nie. Volgens Von Strahl is die manier waarop Nazi-strukture, welsynsorganisasies, judisiële en opvoedingstelsels, die organisering van Nazi-feesdae en die Nazi's se godsdiensterpretasie, op alle Duitsers afdedwing is, nie deur almal verstaan nie en het dit dikwels tot konflik en ontevredenheid gelei.²² Die Duitse gemeenskap was boonop heterogeen en daar was 'n merkbare verskil tussen die Duitse handelslui in die stedelike gebiede en die Duitse boere en vakmanne op die platteland. Hierdie verskil is verskerp deurdat die meeste van die 30 000 *Volksdeutsche* in die Unie in die landelike gebiede gewoon het, teenoor die 2100 *Reichsdeutsche* wat hulle hoofsaaklik in die metropole rondom Johannesburg, Pretoria en Kaapstad gevestig het. Die lidmaatskap van die

¹⁹ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 76-77.

²⁰ Sien O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 114, 115, 116, 117-118, 120-121.

²¹ A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 69; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 74-75.

²² O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, p. 83.

NSDAP in Suid-Afrika was buitendien uiters gering. Voor 1933 het die party slegs 31 lede gehad wat na 1933 tot 'n skamele 336 verhoog het en gevolglik was slegs een uit elke ses *Reichsdeutsche* lid van die party. Dit kan waarskynlik aan die groot persentasie handelslui binne hierdie gemeenskap toegeskryf word wat vanweë taktiese en fundamentele oorwegings teen die Nasionaal-Sosialisme gekant was. Die meerderheid *Volksdeutsche* was streng godsdienstig en het derhalwe antagonisties gestaan jeens die godsdiensoorwegings van die NSDAP. Die meeste was ook nasionaal en monargisties gesind, het met heimweë teruggedink aan die ou Keiserryk, en kon derhalwe nie met die nuwe Nasionaal-Sosialistiese gees vertrou raak nie. Boonop was daar ook konflik tussen die AO, wat hulle voortdurend met politieke en ekonomiese sake bemoei het, en die Duitse Departement van Buitelandse Sake. Hierdie onenigheid en heterogene karakter van die Duitse samelewing het veroorsaak dat die Nazi's se sogenaamde *Gleichschaltungsversuche* of pogings tot die koördinering van die Duitse gemeenskap in Suid-Afrika, grootliks bemoeilik is.²³

ii. Spioenasie

Agente van die NSDAP het op die skepe 'n oog oor die passassiers en hul politieke uitlatings gehou en gereeld verslae aan die Navigasie-afdeling van die AO in Hamburg gestuur. 'n Kaartindeks is hiervolgens gehou waarvan kopieë ook aan die Gestapo gestuur is. In hierdie verband het die Hafendienst, wat kantore in feitlik elke hawe in die Unie gehad het, ook nou met die geheime agente van die Gestapo in die land saamgewerk. Lede van die SS en Gestapo was regdeur die land binne Suid-Afrikaanse firmas en fabriekke, die handelswêreld, sendingstasies, myne, koerantuitgewers, apteke, slagters, bakkerie en selfs die kantore van die diplomatieke verteenwoordigers van die Derde Ryk en binne die Duitse Gesantskap in Pretoria, versprei waar hulle as agente van die Duitse regering gewerk het. Verslae is opgestel oor die aktiwiteite van die Duitsers in die land, vyandige bewegings en opponerende persoonlikhede, en aan die Gestapo in Berlyn gestuur. Ook van die besoekers wat vir propagandadoeleindes deur die land gereis het, is verwag om volledige verslae oor hul besoek en waarnemings na Duitsland te stuur.²⁴ Volgens Furlong wys die bestaan van 'n spesiale telegraafkode en geheime adresse vir kommunikasie met Duitsland daarop dat die Duitsers nie net in die beheer van die Duitssprekendes in Suid-Afrika belanggestel het nie, maar dat daar reeds voor die uitbreek van die oorlog waarskynlik ook 'n uitgebreide spioenasienetwerk in die Unie was wat veral inligting oor die skeepsvaart om die Kaap, na Duitsland gestuur het.²⁵

Dit was egter eers met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog dat die Derde Ryk se spioenasie-aktiwiteite in die Unie 'n wyer omvang begin aanneem het. Met Suid-Afrika se oorlogsverklaring in September 1939 was die Duitse diplomate verplig om via Mosambiek na Duitsland terug te keer. Dr. Luitpold Werz, die senior sekretaris van die Duitse Gesantskap sedert 1937 en konsul in Pretoria sedert 1938, het egter in Lourenço Marques (Maputo) agtergebly, vanwaar hy 'n spioenasiebasis vir

²³ Sien A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, pp. 65, 66, 68-71, 74; O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 84, 116.

²⁴ Sien O. Von Strahl, *Seven years as a Nazi consul*, pp. 110-111, 120; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 18.

²⁵ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 19.

Duitsland beheer het. Na bewering was Werz die direkte verteenwoordiger van die gevreesde SS-leier Heinrich Himmler in Suid-Afrika en het hy alle Duitse aktiwiteite in die land beheer. Hy was 'n sleutelfiguur in die organisering en beheer van die militêre en plaaslike inligting wat deur Duitse agente en ontsnapte geïnterneerdes vanuit die Unie na Lourenço Marques gebring is. Van hier het Werz dan die nodige inligting met gekodeerde telegramme na die Buitelandse Kantoor in Berlyn deurgestuur.²⁶

In Januarie 1942 is besluit om deur middel van 'n radiosender direk met die Unie in verbinding te tree. Die taak het 'n ontsnapte Duitse geïnterneerde met die kodenaam "Felix" (Lothar Sittig) toegekóm en teen Mei 1942 het die eerste uitsending na Mosambiek deurgekom waarna Werz die inligting per telegram na Berlyn gestuur het. In Julie 1943 het Felix egter met die hulp van lede van die Ossewa-Brandwag (OB), direk na Berlyn begin uitsaai. Felix was vir sy sukses in 'n groot mate van die OB afhanklik van wie hy beskerming, hulp met die uitsendings en geld ontvang het. Die OB was tot 'n groot mate verantwoordelik vir die logistieke en ander militêre inligting, veral ten opsigte van die skeepsvaart om die Kaap, wat deur Duitse agente na Mosambiek gebring is, en het ook industriële diamante wat noodsaaklik vir die Duitse oorlogsmasjien was, na Werz deurgesmokkel. Hierdie aktiwiteite het tot 'n einde gekóm toe Werz en ander Duitsers in Oktober 1944 deur die Portugese owerhede gedeporteer is. Onderweg na Duitsland via Lissabon, is die skip egter deur die Britse vloot onderskep waarna Werz-hulle gevange geneem is.²⁷

Agente van die Derde Ryk is deur sowel die Abwehr (die Duitse militêre intelligensie) as die intelligensieafdeling van die Duitse Departement Buitelandse Sake, die Dienstalle Ribbentrop, na suidelike Afrika gestuur. Hierdie twee afdelings het dikwels onafhanklik en in teenstrydige onbewustheid van mekaar gewerk. Die Abwehr is in drie afdelings verdeel waarvan Afdeling II verantwoordelik was vir die organisering van sabotasie en ondermyning in vyandelike gebiede. Binne die Dienstalle Ribbentrop was Rudolf Karlowa, hoof van die diplomatieke korps in Afrika en vroeër Duitse konsul in Suidwes-Afrika, veral behep met Suid-Afrikaanse sake.²⁸ Die enigste operasie wat die Duitse geheime dienste egter in Suid-Afrika ondemeem het, is gesamentlik deur Kurt Haller van Abwehr II en Karlowa beplan, en het bekend gestaan as Operasie Weissdom. Die persoon wat vir hierdie werk gekies is, was Robey Leibbrandt, 'n Suid-Afrikaner van geboorte. Leibbrandt se weerbarstige en eiewyse houding het egter sy sending, wat later bespreek sal word, laat misluk en volgens George Visser, wat by die polisieondersoek teen Leibbrandt betrokke was, was daar beweringe dat Werz opdrag gegee het dat hy gelikwedeer moes word. In Desember 1941, 'n paar maande na sy landing in Junie 1941 aan die kus van Namakwaland, is Leibbrandt egter in hegtenis geneem. Die doel van Operasie Weissdom was volgens Haller om 'n basis in Suid-Afrika te skep en

²⁶ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 129; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 285; G.C. Visser, *OB*, pp. 13, 47-48, 82.

²⁷ G.C. Visser, *OB*, pp. 48, 49, 85-86, 89-90; A. Hagemann, Very special relations: The 'Third Reich' and the Union of South Africa, 1933-1939, *South African Historical Journal* 27, 1992, p. 141; P.F. van der Schyff, Verset teen "Empire-oorlog", in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, p. 248.

²⁸ A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 290; G.C. Visser, *OB*, pp. 46-47; R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 65.

om met behulp van die OB, skeepsvaartinstellings, hawedienste en oorlogsindustrië te ontwig en tweedrag binne die Unie-weermag te saai.²⁹

Volgens Visser is daar derhalwe geen melding van 'n politieke sluipmoord gemaak nie, alhoewel Leibbrandt wel beplan het om Smuts te vermoor.³⁰ Die doelstellings van Operasie Weissdom het volgens Visser ooreengestem met die amptelike beleid van die Duitse Buitelandse Kantoor jeens Suid-Afrika soos aan hom verwoord deur een van Karlowa se senior amptenare.³¹ "We held the opinion that the overthrowing of the Smuts Government by means of violence was quite impossible. So our policy in the Union was to stir up internal political trouble which would embarrass the Smuts Government and force it to keep as many troops as possible at home instead of sending them overseas. We hoped that the increase in political strife would lead to the Smuts Government being dislodged from power by constitutional means. Then a Government sympathetic towards Germany would be in power."³² Dit sluit aan by Duitsland se ondersteuning en beloftes van hulp aan die OB en die enkele pogings om deur middel van boodskappe van Duitse agente die parlementêre opposisie en spesifiek dr. D.F. Malan te beïnvloed om die Suid-Afrikaanse regering tot neutraliteit te dwing.³³ 'n Neutrale Suid-Afrika of 'n simpatieke pro-Duitse regering was van groot strategiese belang vir die Duitse oorlogspoging, terwyl dit die Geallieerde saak nadelig kon raak.³⁴ Hierdie pogings tot ondermyning sluit aan by die Nazi's se pogings tot propaganda en opsweping in die Unie.

iii. Propaganda

Reeds voor die oorlog het 'n vloed Nazi-propaganda deur middel van die Deutscher Fichtebund en *Weltdienst* die Unie binnegestroom. Die Fichtebund is in 1935 gestig om Duitsland se onskuld in die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog te bewys. Verskeie pamflette, wat soms direk aan individue gepos of in ander handelsware verpak is, is na oorsese lande gestuur. Die pamflette wat na Suid-Afrika gesmokkel is, was in foutlose Afrikaans en het hoofsaaklik oor die suksesse van die Nazi-regeringstelsel en die 'Joods-Bolsjewistiese gevaar' gehandel. Die *Weltdienst*, 'n halfmaandelikse omsendbrief, is in agt tale gepubliseer. Daar is veral op Joodse aktiwiteite en beweerde rituele gekonsentreer en die parlementêre stelsel is as Joods beskryf. Die inhoud van hierdie

²⁹ Sien G.C. Visser, *OB*, pp. 54-55, 60-61; R. Leibbrandt, *Geen genade*, pp. 83-84, 142.

³⁰ Sien G.C. Visser, *OB*, p. 55; R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 210. Ook volgens H. Strydom, *Vir Volk en Führer*, p. 1, het Operasie Weissdom onder meer die sluipmoord van Suid-Afrikaanse politieke en nywerheidsleiers, waaronder spesifiek Smuts en Ernest Oppenheimer, behels.

³¹ Waarskynlik H. Bielfeld, 'n voormalige Duitse konsul in Pretoria, en hoof van Politieke Afdeling X (die afdeling oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede) van die *Auswärtigen Amt* (Buitelandse Sake). Sien G.C. Visser, *OB*, p. 55; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 288; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 157.

³² G.C. Visser, *OB*, p. 55.

³³ Hier word spesifiek verwys na die besoek van Thyra Denk, vrou van die Nazi agent Hans Denk, aan dr. Malan in Januarie 1940. Sy gee die boodskap deur dat indien SA 'n aparte vrede met Duitsland sou sluit, SA se onafhanklikheid erken sou word en dat die Britse Protektorate en Rhodesië daarby geïnkorporeer sou word. In Januarie/Februarie 1940 besoek Marietje Radley en in Mei 1940 Will Radley SA met dieselfde doel en boodskap. Sien P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 176-177; P.F. van der Schyff, *Verset teen "Empire-oorlog"*, in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 243-254; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, pp. 298-301.

³⁴ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 121, 130-131.

propagandastukke het die ontstaan van anti-Semitiese bewegings regoor die wêreld, ook in Suid-Afrika, bevorder.³⁵

Met die uitbreek van die oorlog het Radio Zeesen, die Duitse kortgolfroep, die belangrikste manier van buitelandse propaganda geword. Vanaf die dorpie Zeesen by Königswusterhausen naby Berlyn, is propaganda in agtien tale vanaf Oktober 1939 na die buiteland uitgesaai. Teen 1944 het die aantal nie-Duitse programme tot 47 vermeerder. In September 1939 is die verantwoordelikheid van buitelandse uitsendings vanaf Goebbels se Ministerie van Propaganda na Ribbentrop se Departement van Buitelandse Sake oorgeplaas, alhoewel eersgenoemde steeds 'n mate van beheer daarvoor behou het. Die hoof van die Afrika-afdeling, waarna daar in Duits, Engels, Portugees, Frans en Afrikaans uitgesaai is, was Walter Grohé, terwyl dr. Wolfgang Oetting³⁶ in beheer van die Suid-Afrikaanse uitsendings was. Die belangrikste rol is egter deur die hoofomroeper, dr. Eric Holm, wat in Duitsland gestudeer en in 1938 deur die Duitsers gewerf is, gespeel. Ander omroepers was die twee Suid-Afrikaanse studente in Duitsland, Jan Adriaan Strauss (Neef Buurman) en Michael Johannes Pienaar (Neef Hermaans), die Duitser Eckart W. Becker (Neef Sagie), wat in Suid-Afrika gestudeer het, en Johannes Jacobus Snoek (Neef Bokkies).³⁷

Afrikaanse programme het teen die einde van 1941 uit dramas, kinderstories, literêre temas, klassieke en populêre musiek, volksang, vertalings van politieke toesprake, lesings, nuus en kommentaar bestaan. Die nuus is belangrik geag vanweë die propagandawaarde daarvan en het gevolglik meer as 50% van die uitsaaityd in beslag geneem. Die propaganda was oorwegend anti-Semities (maar volgens die Suid-Afrikaanse tradisie van die Hoggenheimer-karikatuur), anti-Brits en anti-Smuts, en die Nasionale opposisie is gereeld tot rebellie aangemoedig. Afgesien van die amptelike Duitse nuusagentskap is inligting vir die uitsendings ook vanaf die Buitelandse Kantoor se Politieke Afdeling X, gemoeid met Suid-Afrikaanse aangeleenthede, verkry. Die Buitelandse Kantoor het die inligting deur middel van die telegramme vanaf die Duitse konsulaat in Mosambiek ontvang wat dit weer vanaf Suid-Afrikaanse koerante en Duitse agente in die Unie gekry het. Afgesien van propaganda is Zeesen, en veral die aandprogram "Greetings from the Fatherland", ook deur Berlyn gebruik om gekodeerde instruksies aan sy agente in die Unie deur te stuur.³⁸

Die anti-Britse en neutraalgesinde Afrikaner was grootliks ontvanklik vir die fyn beplande propaganda van Radio Zeesen en die diens was gewild onder en goed ontvang deur die opposisiegeleeders in Suid-Afrika. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die propaganda eenvoudig was en van

³⁵ P. J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 83; A. H. Jonker, *Israel*, pp. 122-123.

³⁶ Oetting het vroeër aan die Universiteit van Pretoria gestudeer en was 'n lid van die Afrikaans-Duitse-Kultuurvereniging (ADK). Hy het ook in 1937 op Duitse nedersettings in SA gespioeneer. Sien C. Marx, 'Dear listeners in South Africa': German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941, *South African Historical Journal* 27, 1992, p. 151.

³⁷ C. Marx, 'Dear listeners in South Africa' ..., *South African Historical Journal* 27, 1992, pp. 148-152; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 288; Pienaar se feite in sy herinneringskrif verskil egter effens van die navorsing van Marx. Hiervolgens het Zeesen in 49 tale uitgesaai en was die stasie aanvanklik in Berlyn gestasioneer. Na die aanvalle op Berlyn is die stasie einde 1943 na Königswusterhausen verskuif. Na 'n jaar, vanweë die aankomende Russiese troepe, is dit in twee groepe verdeel by Landshut naby München en by Helmstedt naby Hannover. Sien M. J. Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, pp. 58-59.

³⁸ C. Marx, 'Dear listeners in South Africa' ..., *South African Historical Journal* 27, 1992, pp. 149, 151-152, 165-166; A. Hagemann, *Südafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 288; G. C. Visser, *OB*, p. 86.

bestaande plaaslike vooroordele en sosiale vrese gebruik gemaak het. Blatante Nazi-propaganda is vermy, aangesien die hoofdoel die bevordering van Afrikanemasionalisme, die destabilisasie van die Suid-Afrikaanse regering en die opsetlike dwarsboring van dié se oorlogspoging was. Die opposisie is daarby as 'n kollektiewe geheel gesteun en, alhoewel daar na 1942 al meer op die OB gekonsentreer is, is hul gesamentlike pro-neutraliteitshouding in die plek van hul verskille beklemtoon.³⁹

Furlong verklaar dat die vooroorlogse propaganda grootliks op die geïsoleerde platteland en op diegene met 'n beperkte opvoedkundige agtergrond 'n invloed gehad het. Dit het veral die ontevredenheid onder die militante Afrikanerjeug en die blankes wat die minste deur die ekonomiese oplewing na die Depressie geraak is, uitgebuit. Dat die Nazi-propaganda tot 'n mate suksesvol was, kan bewys word deur die feit dat daar 'n wydverspreide anti-regering en pro-Nazi sentiment in die weermag en onder onderwysers en leerlinge in Afrikaanse skole was.⁴⁰ Tog was hierdie sienings ook simptome van die tydsges, sodat selfs genl. J.B.M. Hertzog in Oktober 1941 in 'n persverklaring genoem het dat die Nasionaal-Sosialisme in sy wese nie eksklusief aan enige spesifieke land of volk behoort nie. Hy het verder aangevoer dat die oorspronge daarvan na sekere omstandighede, vereistes en behoeftes teruggevoer kon word, en dat die ideologie waar hierdie oorsprongsbronne ookal bestaan, hetsy in Duitsland of Suid-Afrika, gegrond sal wees.⁴¹

3. Inheemse fascistiese bewegings

a. Anti-Semitiese geüniformeerde bewegings

'n Paar maande na Hitler se magsoorneming in Duitsland in 1933, het 'n aantal geüniformeerde of sogenaamde hembewegings in Suid-Afrika ontstaan wat hulle spesifiek op anti-Semitisme toegespits het. Alhoewel Suid-Afrika 'n eie tradisie van anti-Semitisme gehad het,⁴² was die sienings van hierdie bewegings van 'n ander en meer Europese aard wat in voorbeeld en propaganda deur die Nazi's bevorder is. Hierdie hembewegings was die eerste inheemse Suid-Afrikaanse nabootsings van die fascisme en was op die Italiaanse Swarthemde, die Duitse Bruinhemde (SA) en die ander geüniformeerde fascistiese organisasies van tussenoorlogse Europa gegrond. Alhoewel die hembewegings nie sonder die voorbeeld en aanmoediging van die Nazi-regering sou ontstaan het nie, sou hulle ook nie so vinnig versprei het indien plaaslike toestande nie gunstig vir hul ontstaan was nie.⁴³

³⁹ C. Marx, 'Dear listeners in South Africa' ..., *South African Historical Journal* 27, 1992, pp. 155-156, 157, 161, 165, 170, 171; A. Hagemann, *Suidafrika und das 'Dritte Reich'*, p. 288.

⁴⁰ Sien P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 83, 149-150.

⁴¹ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 154.

⁴² Sien M. Shain, *The roots of antisemitism in South Africa*, p. 142.

⁴³ P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 16, 20, 26, 27.

i. Die Gryshemde

Van al hierdie groeperings was die Gryshemde van Louis Theodor Weichardt die belangrikste. Weichardt is op 21 Mei 1894 in Paarl gebore waarna sy ouers na Pretoria verhuis het. In 1906 het hy 'n skool in Natal bygewoon en in 1912 het hy vir verdere opleiding na Duitsland vertrek. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het hy by die Duitse weermag aangesluit waarna hy na drie jaar as swaar gewonde ontslaan is. In 1923 het hy saam met sy vrou na Suid-Afrika teruggekeer, by die Nasionale Party aangesluit en sy eie invoerbesigheid in Kaapstad begin.⁴⁴ In die vroeë dertigerjare is hy egter in meer as een opsig ontnugter. Suid-Afrika het van die goudstandaard afgestap waarna hy persoonlike verliese gely het, genls. Hertzog en Smuts het 'n koalisieregering gevorm, Joodse immigrasie na Suid-Afrika is vermeerder en anti-Duitse betogings het 'n paar maande na Hitler se magsoorname uitbreek om protes teen die behandeling van die Jode in Duitsland aan te teken. 'n Boikot van Duitse goedere en 'n veldtog teen Unieburgers van Duitse afkoms is ook van stapel gestuur. Weichardt het besluit om 'n vergadering op 26 Oktober 1933 in die Afrikaner-Koffiehuis in Kaapstad te hou. Meer as 7000 mense het opgedaag om te luister hoe Weichardt die Nasionaal-Sosialisme verheerlik en as oplossing voorhou en op die 'Joodse gevaar' wys wat hy vir al die probleme verantwoordelik gehou het. 'n Paar dae later is die Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese Beweging (SACNS) gestig en kort daarna die paramilitêre Suid-Afrikaanse Gryshemde wat orde op vergaderings moes hou.⁴⁵

Die beweging het dus soos die NSDAP met sy SA en SS, uit 'n politieke groepering en 'n paramilitêre elite groep bestaan wat 'n selfstandige kemeenheid van ongeveer 2000 lede gevorm het, maar steeds onder die leiding van Weichardt gefunksioneer het. Die politieke beweging het vanaf sy ontstaan in 1933 tot sy ontbinding in 1950 verskeie vorme aangeneem waaronder die Suid-Afrikaanse Nasionale Party (SANP) sedert ongeveer Mei 1934 en die Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese Bond (SANSB) sedert Oktober 1940. Ten spyte hiervan het die pers selde tussen die verskillende vorme onderskei en daarna met 'n gemeenskaplike naam, die Gryshemde, verwys. Hierdie benadering sal ook hier gevolg word, veral aangesien die verskillende vorme nooit van die basiese beginsels van die eerste ideologiese program afgewyk het nie.⁴⁶

ii. Ideologiese beskouings

Vir die Gryshemde was rasse-onderskeiding en rasse-indeling 'n beginsel van die lewende natuur en derhalwe 'n vereiste vir wêreldorde. Hulle het gevolglik na die suiwerheid van die historiese ras, Aries-Europese (Nordiese) heerskappy en na staatstoestig oor ander rassegroepe gestrewe. Ten opsigte van die swart volke en die Kleurlinge het die Gryshemde 'n beleid van segregasie en afsonderlike ontwikkeling voorgestel, terwyl repatriasie volgens hulle die Indiërprobleem sou oplos.

⁴⁴ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1972, p. 36; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 57.

⁴⁵ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 37-41.

⁴⁶ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 42-46, 50, 56.

Alhoewel die Afrikaner en Engelsman onderskeidelik tot die Nederlandse en Anglo-Saksiese volksgroepe behoort, vorm beide deel van die Germaanse kultuurgemeenskap, en die Gryshemde wou derhalwe 'n biologiese eenheid tussen Engelse en Afrikaners handhaaf. Pogings om hierdie eenheid te versteur is sterk veroordeel, en alhoewel hulle nie Afrikanerdominasie bo die Engelse wou bevestig nie, het hulle tog gevoel dat die Afrikaner, as gevolg van die dinamiek van sy taal en sy hoë besef van rassuiwerheid, die kerngroep moes uitmaak wat in die wording van die nasie die res van die volk moes besiel en begeester.⁴⁷ Hierdie beskouing is 'n voorbeeld van die paradoks wat in die fascistiese ideologie opgesluit lê. In plaas van eenheid sou so 'n beleid eerder skeuring en twis veroorsaak aangesien eenheid slegs moontlik sou wees indien die Engelse óf gedwing óf, wat heel onwaarskynlik gelyk het, vrywillig sou besluit om in die Afrikanervolk op te gaan.

Onder die beweging se ondersteuners het Duitsers, Afrikaners en inderdaad ook heelwat Engelse getel, en die hoofdoel van die Gryshemde was om, sonder inagneming van klas en rykdom, deur middel van 'n bondgenootskap van rasgenote 'n bloed en bodembepaalde Suid-Afrikaanse volksgemeenskap te skep. Hierdie nuwe nasionalisme sou geen onderskeid tussen Nederlander, Hugenoot of Engelsman tref nie, maar slegs Suid-Afrikaners erken. Dit sou ook alle persone van suiwer Europese of Ariese afkoms, wat Suid-Afrika as hul enigste tuiste sou aanvaar en binne al hul sosiale, ekonomiese en politieke aktiwiteite die leuse van "Suid-Afrika Eerste" sou vooropstel, tot die nuwe Suid-Afrikaanse volk verwelkom.⁴⁸

Binne hierdie konteks is die Jode as 'n onassimileerbare rassegroep en vreemde element in die volksliggaam beskou wat deur middel van hul parasitiese aksies die ewewig van die volksliggaam versteur het. Daar is geglo dat die Jode intemasionalisties en daarom die vernaamste propagandiste van die liberalisme, kosmopolitanisme, kapitalisme, imperialisme en denasionalistiese intemasionalisme (kommunisme) is. Daar is beweer dat die Jode na wêreldheerskappy gestreef het en dat hulle die Christelike Suid-Afrikaanse volk ekonomies en polities wou verslaaf om deur middel van die kommunisme, 'n regeringstelsel te vestig wat alle mag en rykdom in Joodse hande sou konsentreer. Die Gryshemde het die Nasionaal-Sosialisme as die enigste mag beskou wat die 'Joodse Kommunisme' soos vir hulle ondersteun deur die 'Joodse Kapitalisme', kon beveg. Alhoewel die Gryshemde beweer het dat hulle nie 'n gees van haat teen die Jode probeer vaardig maak het nie en dat hulle dit teen die Jood as uitbouter en nie soseer teen die Jode as 'n ras gehad het nie, het rassistiese anti-Semitisme tog 'n belangrike onderdeel van hul ideologie gevorm.⁴⁹

Die Gryshemde het die demokraties-liberalistiese staats- en regeringstelsel en die partypolitiek as vals, uitheems, verdelend en diktatoriaal verwerp en gepleit dat dit met 'n ware volksregering vervang moes word. Daar moes slegs een allesoorheersende politieke volksorganisasie wees wat die

⁴⁷ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 72-76; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 58.

⁴⁸ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 59, 75, 84-85.

⁴⁹ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 77-79; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 58.

volksgemeenskap tot 'n geordende en selfstandige eenheid sou verbind. Hierdie eenheid sou 'n volkstaat (dus nie 'n diktatuur nie) en 'n leierstaat (dus nie 'n parlementêre staat nie) wees. Die Gryshemde het gepleit vir 'n geenpartystelsel in 'n nasionaal-sosialistiese eenvolkstaat wat deur verantwoordelike leierskap geregeer word en waar die bestaande stelsel van gebiedsverteenwoordiging deur 'n stelsel van beroepsverteenvoording vervang moes word. Die Nasionale Leier sou deur middel van regverdigheid as maatstaf regeer en was slegs aan homself, sy volk en God verantwoordbaar.⁵⁰ Vir die Gryshemde sou die volksorganisasie nie die staatsorganisasie word nie, maar sou laasgenoemde uit die beste kragte van die volk saamgestel word. In hierdie opsig het hulle van die Nazi's verskil wat die NSDAP as die elite beskou het wat die volk moes lei. Die staat was vir hulle die volk as georganiseerde eenheid, 'n magsorganisasie wat alle volksgenote omsluit het en daarom 'n volkstaat. Omdat die volk en staat as 'n organiese geheel beskou is, was die volkstaat 'n totalitêre staat.⁵¹

Ten spyte van paramilitêre organisering in die Geüniformeerde Gryshemde, het die organisasie nie geblyk gewelddadig te wees nie. Lede is byvoorbeeld verbied om enige aanvalle op Jode te doen, hulle te beledig of anonieme briewe aan hulle te skryf. Groot waarde is aan karakter en selfdisipline geheg, en fisiese en morele moed, gehoorsaamheid en lojaliteit is hoog aangeprys. Alhoewel die Gryshemde se standpunt jeens geweld nie duidelik uit Van Heerden se navorsing afgelei kan word nie, was die beweging eerder defensief as offensief van aard en is hul aktivisme waarskynlik deur die inagneming van Christelike beginsels versag.⁵²

Die Gryshemde het 'n revolusie nodig geag om die bestaande toestande te bekamp. Hierdie revolusie sou egter nie gewelddadig wees nie, maar 'n geestelike, kulturele en grondwetlike revolusie deur wet en orde. Dit sou gebeur by wyse van 'n spesiale beroep op 'jong Suid-Afrika' en op ras. In die plek van die ou stelsel moes die nasionaal-sosialisme wat vir hulle 'n lewens- en wêreldbeskouing was, gevestig word deur middel van die revolusie van die mens se siel en gees en die herrangskikking en herwaardering van sy lewenswaardes. Hul doel was derhalwe om die Afrikaner-volksgemeenskap tot 'n organiese volkstaat, in inhoud en vorm 'n nasionaal-sosialistiese republiek, gebaseer op verantwoordelike leierskap en 'n korporatiewe grondslag, te organiseer. Na die bereiking hiervan kon die algemene doel, die verheffing van die volk, verwesenlik word.⁵³

Die enigste manier om hierdie waardeverandering te bereik was om die beginsels van Christus op die reëling van die gemeenskap toe te pas. Die Gryshemde het klem gelê op godsdiens, Christelikheid en geloof, en nie op kerkdienste en dogma nie, en alhoewel hulle godsdiensvryheid voorgestaan het,

⁵⁰ Volgens F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, p. 65, was die idee van verantwoordelike leierskap nie net van toepassing op die Nasionale Leier nie, maar ook op die kleinste vertakking van die volkslewe. Verantwoordelikheid beweeg dus opwaarts. Dit verskil m.i. van die Nazi's waar die Führer die enigste verantwoordelikheid geneem het en sy volgelinge hulself kon regverdig deur te noem dat hulle bloot bevele uitgevoer het. Daar lê derhalwe 'n paradoks in die Gryshemde se weergawe deurdat mens kan aanvoer dat die volgelinge kan weier om 'n bevel uit te voer indien hy self verantwoordelikheid op hom moet neem.

⁵¹ Sien F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 61, 64-68.

⁵² F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 43, 45.

⁵³ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 57-59.

was hulle in 'n mate vyandiggesind teenoor die Calvinisme. Laasgenoemde was vir hulle rassevreemd en gebaseer op die Joodse godsdiens, sedes en aanskouings. Hulle het gevolglik na 'n praktiese Christendom gestrewe wat deur middel van woord en daad die gees van Christus prakties in die volkslewe sou laat posvat. Hierdie gees van Christus was die leerstelling van naasteliefde wat volgens hulle die fondament van die ware sosialisme was.⁵⁴ Dit stem ooreen met die idees van Goebbels wat onder meer geskryf het: "The idea of sacrifice first gained visible shape in Christ. Sacrifice is intrinsic to socialism. Sacrifice oneself for others. The Jew, however, does not understand this at all. His socialism consists of sacrificing others for himself."⁵⁵ Goebbels verklaar verder: "Life is sacrifice for your neighbor: And my neighbor is the one with the same blood. Blood is still the best and the most enduring glue. ... The modern German is marked not so much by intelligence and intellect as the new principle, unreflected devotion, sacrifice, loyalty to one's nation. ... We modern Germans are something like Christ Socialists."⁵⁶ Scher beweer derhalwe verkeerdelik dat die Gryshemde in terme van hul Christelike doelstellings van die Nazi's verskil het.⁵⁷

iii. Die Gryshemde as fascistiese beweging

Die Gryshemde se uiterlike nabootsing van die Nazi's, soos die gebruik van die swastikavlag,⁵⁸ die grys uniform met 'n swastika-armband, die saluut en terminologie soos 'Heil Suid-Afrika!' en 'Heil Weichardt', het dikwels tot beskuldigings van 'n Duitse verbintenis aanleiding gegee. Ten spyte van Weichardt se ontkenning was daar wel 'n mate van kontak tussen hom en Nazi's in suidelike Afrika. Sy beweging se amptelike mondstuk, *Die waarheid - The Truth*, is met *Der Deutsch-Afrikaner* uitgeruil en kopieë is ook aan die Deutsche Kolonialgesellschaft, 'n Bertynse frontorganisasie vir Nazi-belange in die voormalige Duitse kolonies, gestuur. Nazi's in Suid-Afrika is verder deur Duitsland aangemoedig om by die Gryshemde en soortgelyke anti-Semitiese bewegings aan te sluit en daar is bewyse van kontak tussen hierdie groepe en Bruno Stiller, die tweede leier van die NSDAP in Suid-Afrika. Nazi's in Suidwes-Afrika het Weichardt as 'n eerlike, fanatieke Nazi beskou en na sy beweging as die Suid-Afrikaanse susterbeweging verwys.⁵⁹

Dit blyk uit die bostaande ideologiese uiteensetting dat die Gryshemde tot 'n groot mate aan die kerneienskappe van die fascisme voldoen het. Hieronder val die populisme van die beweging, die rasgebonde ultra-nasionalisme waarmee 'n nuwe Suid-Afrikaanse volksgemeenskap geskep sou word, die nuwe samelewingstipe wat deur middel van 'n revolusie van die gees en waardestelsels moes plaasvind, die korporatiewe inslag en die totalitêre staat waarbinne 'n elite die volk sou lei. Ook volgens Scher is dit duidelik dat die Gryshemde ideologies 'n wesentlik nasionaal-sosialistiese beweging was, omdat hulle teen die demokrasie, partystelsel en parlementêre staat gekant was, en in

⁵⁴ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 69-71.

⁵⁵ J. Goebbels, *Michael*, p. 66.

⁵⁶ J. Goebbels, *Michael*, p. 65.

⁵⁷ Sien D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 58.

⁵⁸ 'n Oranje swastika op 'n wit sirkel teen 'n blou agtergrond. F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, p. 44.

⁵⁹ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 81-82; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 23-25.

navolging van Hitler, die ewels van die wêreld aan die Jode toegeskryf en anti-Semitisme bevorder het. Hul uniforms, swastika-embleem, demagogiese opswepery, leierskapskultus en organisatoriese strukture was volgens Scher ook op die Nazi-lees geskoei.⁶⁰

iv. Ander anti-Semitiese geüniformeerde bewegings

Die ander kleiner anti-Semitiese bewegings was in baie gevalle splintergroepe wat van Weichardt se beweging af weggebreek het. Een daarvan was die South African Fascists van Johannes Strauss von Moltke, voorheen leier van die Gryshemde in Port Elizabeth. Sy groep was hoofsaaklik aktief in die Vrystaat en Oos-Kaap. In Januarie 1935 het Weichardt se regterhand, J.H.H. de Waal Jr., weggebreek en die Gentile Protection League gevorm wat hoofsaaklik op die 'Joodse bedreiging' gefokus het. In Kaapstad is die anti-Joodse People's Movement deur H.S. Terblanche gelei. Sedert Desember 1933 was Manie Wessels se Suid-Afrikaanse Nasionale Demokratiese Party of Swarthemde aktief in die Vrystaat en Transvaal werksaam. Chris Havemann het later hiervan weggebreek en sy eie Swarthemorganisasie, Die Volksbeweging, in die Johannesburggebied gestig.⁶¹

Hierdie hembewegings het hul grootste ondersteuners onder armblikes, die werkersklas, plattelandse Afrikaners en die jeug getrek, met ander woorde mense wat vanweë 'n beperkte opvoeding of bitterheid oor hul sosio-ekonomiese omstandighede, vatbaar was vir propaganda wat die Jood as sondebok uitgelik het. Die meeste het egter op die politieke kantlyn gebly en teen die laat dertigerjare het nog net die Gryshemde 'n mate van politieke mag gehad. Met die uitbreek van die oorlog is Weichardt egter verbied om byeenkomste toe te spreek en in Oktober 1944 is hy geïnterneer. Teen hierdie tyd het die Gryshemde reeds vanaf 'n massabeweging tot 'n marginale elitegroep verander en het nuwe groepe soos die Ossewa-Brandwag en die Nuwe Orde, die beweging as die proponente van 'n Suid-Afrikaanse variasie van die fascisme oorskadu.⁶²

b. Die Ossewa-Brandwag

i. Stigting

Die Afrikaner se stryd teen Britse imperialisme is na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) voortgesit in die vorm van 'n politieke stryd wat gepoog het om die Afrikaner se ideale langs 'n grondwetlike weg te bereik. In hierdie tydperk is die Nasionale Party gebore en het Afrikanemasionalisme en die vryheidstrewer, ondanks tweespalt, begin gedy. Die Voortrekkereëufees en die simboliese Ossewatrek van 1938 het as 'n katalisator op die sluimerende nasionalisme ingewerk en die kulturele

⁶⁰ D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 58.

⁶¹ D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 56; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 21-22, 25, 41.

⁶² D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 66; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 22, 34.

ontwaking rondom die fees sou uiteindelik op 'n volksontwaking uitloop. Hierdie beskouing en beleving van 'n gemeenskaplike pioniersverlede van stryd en opoffering vir die ideaal van 'n eie volk en staat, het die Afrikaner van 'n onsigbare eenheidsband bewus gemaak. Die algemene versugting om hierdie wondergees van Afrikanereenheid en -vryheid te bestendig het aanleiding gegee tot die stigting van die OB as nasionale beweging op 4 Februarie 1939 in Bloemfontein. Kolonel J.C.C. Laas het as die eerste hoofleier en organiseerder opgetree.⁶³

Laas het sedert die middel dertigerjare gepoog om die Verdedigingsmagte in die Vrystaat te verafrikaans en te dissiplineer, terwyl die vorming van kemeenhede binne die Burgermag sedert 1937 ook deur die nuwe administrateur van die Vrystaat, dr. J.F.J. van Rensburg, aangemoedig is. Hierdie sogenaamde Brandwagte is aan die Eeufeesvieringe gekoppel en het van die eerste kemelemente van die nuwe beweging uitgemaak, vandaar die naam Ossewa-Brandwag. Alhoewel die OB aanvanklik 'n suiwer kultuurbeweging was met die ideaal om die tradisies en beginsels van die Afrikaner te handhaaf en uit te bou, was die organisasie daarvan op die Boerekommandostelsel gebaseer en was die militêre karakter van die beweging dus van die begin af aanwesig. Lidmaatskap het teen Junie 1939 reeds op 100 000 lede gestaan en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het 'n gunstige klimaat geskep waarin die OB kon gedy en waarin die politieke motiewe van die beweging meer op die voorgrond getree het. Gedurende 1940 is 'n aparte, aktivistiese en gedissiplineerde groep, die Stormjaers, binne die OB gevorm om deur militante aksies te poog om die regering se oorlogspoging lam te lê en om, wanneer die geleentheid van 'n Duitse oorwinning hom voordoet, die staatsgesag in Suid-Afrika oor te neem. Laas is in 1940 genoodsaak om vanweë wanorganisasie en ontevredenheid met sy leierskap, te bedank en in November 1940 is die Vrystaatse administrateur gevra om die leierskap oor te neem. In Januarie 1941 het Hans van Rensburg amptelik Kommandant-Generaal (KG) van die Ossewa-Brandwag geword en daarmee 'n belowende loopbaan in die staatsdiens vaarwel geroep. Hierna sou die OB 'n koersverandering ondergaan en onder die ferm leierskap van Van Rensburg in 'n magtige en omvattende volksbeweging verander.⁶⁴

ii. Dr. J.F.J. van Rensburg

Johannes Frederik Janse van Rensburg is op 24 September 1898 in Winburg gebore. Hy het na sy skoolopleiding 'n M.A. in Duits, 'n LL.B. en in 1930 'n doktorsgraad in die regte behaal. In 1924 is hy as privaatsekretaris van die Minister van Justisie aangestel en in 1925 het hy regsadviseur vir die regering in die kantoor van die prokureur-generaal geword. In 1930 is hy aangestel as Ondersekretaris en in 1933 as Sekretaris van Justisie. In 1937 word hy op die buitengewone jong ouderdom van agt-en-dertig jaar Administrateur van die Vrystaat. Sy bewondering en belangstelling

⁶³ P.F. Van der Schyff & J.J. Badenhorst, "Vuurkje in die droë gras", in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 4, 7-10; J.H. Le Roux, Die Voortrekkereuefees en die stigting van die Ossewa-Brandwag, *Acta diurna historica* 2(3), September 1973, p. 2.

⁶⁴ J.H. Le Roux, Die Voortrekkereuefees en die stigting van die Ossewa-Brandwag, *Acta diurna historica* 2(3), September 1973, pp. 2-3; P.F. Van der Schyff & J.J. Badenhorst, "Vuurkje in die droë gras", in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 10-11, 15-17, 36; L.M. Fourie, Mobilisering van die Afrikanerdom, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 47-48.

in die militêre laat hom in 1927 by die Pretoria-regiment van die Verdedigingsmag aansluit. In 1934 is hy aangestel as aanvoerder van die Delarey-regiment en in 1937 bevelvoerder van die Vierde Brigade in Bloemfontein. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hy die rang van kolonel beklee en was hy die eerste offisier in Suid-Afrika wat paradebevele in Afrikaans gegee het. Hy sou later militêre dissipline as 'n bepalende faktor in die opbou van die volk benadruk. In 1936 het hy Duitsland besoek waar die rol van die sosialisme in die nasionale lewe en die Duitse voorbeeld op militêre gebied besielend op hom ingewerk het.⁶⁵ Sy kortstondige ontmoeting met Hitler tydens 'n onthaal het, soos met baie ander van sy tydsgenote, 'n geweldige indruk op hom gemaak: "To me that man with the compelling, mysterious eyes was solely a personality. But what a personality! For the first time in my existence I sensed an understanding of the miracle of Joan of Arc and other fateful, irrational phenomenon ..."⁶⁶ In 1944 het hy twee Amerikaners in 'n onderhoud met sy antwoord op hul vraag oor sy indrukke van Hitler, verbaas: "... he replied: 'Hitler is [sic] ein Heiliger', and translated that he actually meant Hitler was a saint. He said that the air in Hitler's presence was charged and that if we believed at all in the supernatural - 'which is something that you either do believe in or you don't' - then we would know, as he did, that he was in the presence of a force that was outside the mundane world."⁶⁷

iii. Ideologiese beskouings

Die Afrikanervolk as 'n organiese eenheid was 'n sentrale gedagte in die ideologie van die OB en die leuse "volksbelang bo eiebelang" is dikwels gebruik. Die volk is as 'n groeiende eenheid gesien wat homself uitbrei deur middel van voortplanting en die inlywing van vreemdelinge. Nie alle vreemdelinge was egter assimileerbaar nie en groot klem is gelê op die behoud van bloedsuiwerheid aangesien bloedvermenging tot die verswakking van die blanke ras kon lei. Die OB het gevolglik 'n beleid van gebiedsafskeiding bepleit waarvolgens die swartes, Indiërs en Kleurlinge in hul eie gebiede onder die voogdskap van die blanke kon ontwikkel. Die Jode is as 'n nie-Europese ras en dus as onassimileerbaar met die Afrikaner, beskou. Die Jood is veroordeel vanweë sy onnasionale, merkantilistiese gees en sy beweerde vereenselwiging met beide die kapitalisme en die kommunisme. Daar is voorgestel dat 'n beroepskwotastelsel die persentasie Jode in 'n toekomstige volkstaat beperk en dat bloedvermenging tussen Jode en lede van die blanke ras verbied moes word. Tog het die OB se geskryfte feitlik geen anti-Joodse propaganda bevat nie en was anti-Semitisme nie sterk in die beweging aanwesig nie. Dit kan waarskynlik aan die invloed van die Calvinisme toegeskryf word waar geglo is dat daar 'n seën op die Jode as volk van God rus en dat hulle dus nie ongestraf vervolgd mag word nie.⁶⁸

⁶⁵ P.F. Van der Schyff & J.J. Badenhorst, "Vuurtjie in die droë gras", in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 3-5, 18; L.M. Fourie, Mobilisering van die Afrikanerdom, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 48-49; H. Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 31, 45, 101-102, 121; C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, pp. 747-748.

⁶⁶ H. Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 108.

⁶⁷ G.C. Visser, *OB*, pp. 157-158.

⁶⁸ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 298-301.

Alhoewel die OB verklaar het dat hulle teen Britse Imperialisme gekant was, maar nie teen die Suid-Afrikaanse Engelse nie, en dat Engelssprekende blankes wel assimileerbaar was, was hul uitsprake hieroor dubbelsinnig. Die toetssteen van ware Afrikanerskap was volgens hulle die getrouheid aan een gemeenskaplike vaderland, Suid-Afrika, en gevolglik is sogenaamde Engelssprekende Afrikaners in OB-geledere aanvaar. Ook Van Rensburg was ten spyte van sy sterk pro-Duitse houding, nie teen die Engelse gekant nie: "... the two worlds of the spirit, that I had learnt to know and to appreciate: the English and the German. I am grateful to be able to say that I felt them to be mutually supplementary to, and not exclusive of, each other. Anglophile, Germanophile: but always only the 'philos', the friend. For ... I was, in the ultimate resort, a Boer!"⁶⁹ In 1950 is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou in 'n vrye Suid-Afrikaanse republiek as bestemming gestel, alhoewel hierdie siening nie heeltemal met die OB se beskouing van die volk as organiese en kulturele eenheid, gestrook het nie.⁷⁰

Die OB het homself as die draer van die volk se lewensbeskouing en die herskepper van die organiese Afrikanerdom gesien. In die Afrikaner se geskiedenis van stryd teen die Britse Ryk is die Afrikaner ook deur die Britse liberalisme en kapitalisme beïnvloed en 'n radikale omwenteling was nodig om die Afrikaner weer onafhanklik en getrou aan sy eie aard te maak. Die tydperk ván die Boererepublieke is gevolglik as 'n goue era geïdealiseer en as 'n model vir die toekomstige staat voorgelê. In hierdie proses het die OB egter hul eie beskouings op die Boereverlede geprojekteer.⁷¹

Die OB as volksbeweging wou 'n organiese gesagstaat of volkstaat daarstel wat volgens hulle van die suiwer magstaat (diktatuur) en die liberalistiese wetstaat (demokrasie) verskil het. Die OB was nie teen die demokrasie as stelsel gekant nie, maar wel teen die parlementêre demokrasie as die regeringsvorm van die liberale individualisme. Daar is genoem dat die owerheid uit die volk opkom en in belang daarvan regeer, maar dat dit sy gesag van God en nie die volk nie, ontvang en dat dit dus nie 'n volksoewereiniteit soos by die liberalistiese demokrasie was nie. Tog was die gesagstaat vir die OB nie 'n diktatuur of totalitêre staat nie en sou staatsingryping slegs voorkom indien die volkswelvaart dit vereis. Die OB het homself egter as 'n totalitêre beweging gesien wat die hele Afrikaanse volkswelvaart wou herskep en 'n nuwe samelewingsorde wou daarstel deur die stigting van 'n volkstaat waarin daar 'n besondere rol aan die OB toegeken sou word. Die OB se ideaal van 'n partylose staat was egter nie dieselfde as die nastrewing van 'n eenpartystaat, soos in Duitsland en Italië, met die OB as enigste party nie. En alhoewel sterk leierskap voorgestaan is, sou die magte van die toekomstige president tot 'n mate beperk wees. Die OB se staatsbeskouing was derhalwe betreklik vaag en dubbelsinnig.⁷²

⁶⁹ H. Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 26.

⁷⁰ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, p. 302; G.C. Visser, *OB*, pp. 163-164.

⁷¹ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 303, 305-307.

⁷² P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 307-311.

Die strewe van die OB was nasionaal en sosiaal van aard en het die ekonomiese en maatskaplike opheffing van die Afrikaner as doelstelling gehad. Sosialisme, maar 'n volkseie, nasionale sosialisme en nie die internasionale sosialisme (kommunisme) nie, sou die algemene ekonomiese stelsel van 'n nuwe bedeling word. In die OB se maatskaplike beskouing het die gesin as die bousteen van die volk sentraal gestaan en is as die kemelement van die beweging beskou. Die verstedeliking en verarming van die Afrikaner en die invloed van die individualistiese liberalisme, het 'n gesinskrisis veroorsaak en die gesinslewe moes daarom hervorm word sodat die Afrikanervolk herskep kon word. Dit moes gebou word op die organiese volksbegrip waarvolgens een vir almal en almal vir een is. Verder is daar klem gelê op die noodsaaklikheid van groot gesinne en daar is daarop gewys dat terwyl die man beroepsarbeid verrig, die vrou se taak by die huis lê. Die opvoeding van die kind moes sowel geestelik as fisies geskied en die instelling van 'n tydperk van volksdiens (arbeidsdiens), soos ook deur die NSDAP in Duitsland toegepas is, is voorgestel om die gesindheid van volksbelang bo eiebelang te bevorder en om klasseverskille uit te wis. Dit het derhalwe ook gegaan om die aankweek van 'n bepaalde gesindheid, die sogenaamde Brandwaggees, waarin arbeid as diens aan die volk gesien is. Die volkshervorming sou 'n gesindheidsverandering behels waarin diens aan die medemens 'n lewenshouding sou word en waarin gepoog moes word om die Christelike gebod van naasteliefde prakties uit te leef. Hierdie siening of sogenaamde Christelik-sosiale arbeidsgesindheid, toon ooreenkomste met die reeds bespreekte godsdienstige idees van Goebbels en die Gryshemde. De Klerk kom tereg tot die gevolgtrekking dat die OB nie rekening gehou het met die Afrikaner se individualisme nie en dat hulle nie net die eie aard van die volk tot sy reg wou laat kom nie, maar dit wesenlik wou verander.⁷³

Die OB wou die geestelike hervorming van die Afrikaner bewerkstellig deur die gees van kapitalisme onder die volk uit te roei. Hulle wou egter nie privaatinisiatief ophef nie, maar dit eerder in 'n rigting stuur waar dit vir die volk voordelig sou wees. Onder die OB se volksosialisme moes rykdom ewerediger versprei word, die arbeidsverdeling volgens klasse of magsgroepe en die teenstelling tussen werknemer en werkgewer uitgewis word. Daar moes eerder 'n organiese verdeling van beroepsgroepe wees waarin die werkerselement ook 'n aandeel in die bestuur sou hê. Die beroepsgroepe moes op hul beurt weer deur middel van 'n beroepsraad 'n aandeel in die landsregering geniet. Die toekomstige gesagstaat is daarom ook 'n korporatiewe staat, maar dit impliseer nie staatsosialisme nie aangesien die beroepsgroepe hulself moet organiseer. Die staat sou wel 'n belangrike taak in die maatskaplike en ekonomiese ordening van die volk verrig ten einde die beoogde hervormings teweeg te bring, werkloosheid te bekamp en om loon- en prysbeheer toe te pas om sodoende die welvaartspeil van die volk te handhaaf. Die nasionalisering van natuurlike hulpbronne, produksiebronne, mineraalregte, die vervoerstelsel, groot banke, sleutelnywerhede en propagandamiddele, is ook voorgestaan. De Klerk wys daarop dat die meeste van die groot banke en ondernemings van hierdie tyd onder Engelse of buitelandse beheer was, en dat nasionalisering dus gesien is as 'n metode om die nie-Afrikanerinvloed in die ekonomie teen te staan. Hy noem

⁷³ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 311-314.

verder dat die OB se ekonomiese beskouing van die moderne sosialistiese stelsels verskil en alhoewel dit ooreenkomste toon met die fascistiese state van die tussenoorlogse periode, dit in baie opsigte eerder ooreenstem met die stelsels van die sogenaamde Europese welsynstate soos Brittanje, Nederland en Swede.⁷⁴

Die OB het homself as 'n volksbeweging beskou wat met omvattende politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele oogmerke, die Afrikaner se nasionale strewe vertolk en beliggaam het. Vir hulle het dit nie net gegaan om die blote daarstelling van 'n republikeinse staat nie, maar om die instelling van 'n totale nuwe samelewing. Daar is derhalwe klem gelê op die doeltreffende dissiplinerende van die volk en van volgelinge is volkome gehoorsaamheid en getrouheid verwag. Die OB het hom deel gesien van 'n algemene wêreldbeskouing wat 'n geestelike omwenteling moes bewerkstellig deur die herskepping van die grondslae en instelling van die blanke se sosiale en staatkundige struktuur in 'n Christelike Nasionale Republikeinse Gesagstaat. Die wyse waarop dit bereik moes word is nie duidelik gemaak nie, maar die ideaal sou langs 'n revolusionêre weg verweselik word en daar is dan ook dikwels van gewapende optrede melding gemaak.⁷⁵ In 1944 noem Van Rensburg: "We ... believe in real National Socialism achieved by revolutionary means - and when I say revolution I actually mean armed rebellion."⁷⁶ Die OB het 'n Christelik-Nasionale lewensopvatting gehuldig maar die omskrywing daarvan was vaag en dubbelsinnig. Van Rensburg het by geleentheid aangevoer dat die OB se Christelike Nasionale, net soos die Fascisme in Italië en die Nasionaal-Sosialisme in Duitsland, die uiting is van 'n nuwe gees van volksbelang wat in elke land op sy eie wyse na vore gekom het.⁷⁷

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ideologie van die OB 'n samehangende geheel gevorm het, maar tog ook baie onduidelikhede en teenstrydighede bevat het. Dit kan onder meer toegeskryf word aan die spanning wat daar tussen die werklikheid en die utopiese toekomsideaal wat in die ideologie sentraal gestel is, bestaan het. Daarby is die beleid deur verskillende persone gevorm wat weer deur verskillende en selfs teenstrydige lewensbeskouings, waaronder die Calvinisme en neo-Fichteanisme, beïnvloed is. Tog kan dit ook genoem word dat die gewone lid nie soseer vanweë die ideologie na die OB aangetrek is nie, maar eerder deur die aktivisme en gees van kameraderie wat daarin gedurende die moeilike oorlogsjare gevind kon word.⁷⁸ Dit was ook die geval met die ander fascistiese bewegings van die tyd. Hermann Göring het byvoorbeeld by die Nüremberg-verhoor verklaar "... that he had 'joined the party because it was revolutionary, not because of that ideological stuff.'"⁷⁹

⁷⁴ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 314-316.

⁷⁵ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 292, 295-297.

⁷⁶ G.C. Visser, *OB*, pp. 167-168.

⁷⁷ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, p. 298.

⁷⁸ Sien P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 316-318, 321.

⁷⁹ Soos aangehaal in H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, p. 18.

iv. Die Ossewa-Brandwag as fascistiese beweging

Die OB vertoon uiterlik in terme van die gebruik van simboliek ooreenkomste met die ander fascistiese bewegings van die tussenoorlogse periode, alhoewel dit in 'n mate deur die noodregulasies tydens die oorlog, wat 'n verbod op die dra van uniforms en driloefeninge geplaas het, gedemp is. Spesiale uniforms is wel ontwerp, maar die verbod op die dra daarvan het dit in onbruik laat verval. Uniforme drag is egter by byeenkomste gedra om klas- en standverskille uit te wis en 'n gevoel van kameraderie te skep. Dit het bestaan uit 'n vaal broek, wit hemp en serp in die provinsiale kleur vir die mans en 'n wit rok en hoed vir die vroue. Driloefeninge, optogte en vurige toesprake was algemeen op OB-byeenkomste, asook die gebruik van vlae, en spesifiek die ou Vierkleur van die ZAR, ter wille van die propagandawaarde daarvan. Afgesien van die OB se eie saluut ('n gebuigde regterarm voor die bors) het Van Rensburg soms ook na toesprake 'n saluut gegee wat baie soos die Nazi 'Heil Hitler' saluut gelyk het. Die OB se embleem, 'n arend met uitgestrekte vlerke en 'n wawiel met 'n afbeelding van 'n ossewa daarin, het ooreenkomste getoon met dié van die Nazi's. Alhoewel Suid-Afrikaanse simbole soos die ossewa en wawiel gebruik is en die arend as motief aan die embleem van die Vrystaatse regiment van Laas ontleen is, herinner die gestileerde arend met die sirkelmotief aan sy pote sterk aan die sogenaamde *Wehrmachtadler* van Nazi-Duitsland.⁸⁰

Die OB vertoon ideologies al die kemelemente van die algemene fascisme, soos die ultra-nasionale organiese volksbeskouing, anti-liberalisme, die klem op populisme en die instelling van 'n nuwe samelewingsorde wat ook 'n gesindheidsverandering sou behels. De Klerk kom tot dieselfde gevolgtrekking en wys veral op die kombinasie van nasionalisme en sosialisme, die anti-demokratiese en anti-kommunistiese inslag, die elemente van aktivisme en militarisme, die idee van die organiese en korporatiewe staat en die klem op sterk leierskap, wat alles op die OB se verwantskap met die ander vorme van die fascisme dui. Dit was vir De Klerk nie net die gevolg van navolging nie, maar ook van beïnvloeding deur gemeenskaplike geestestrominge en omstandighede. In die beklemtoning van die volk en rassesuiwerheid, en die verbondenheid aan die bodem, toon die OB ooreenkomste met die Nasionaal-Sosialisme alhoewel dit ten opsigte van die mite van die Ariese ras, die verering van Germaanse heidense idees en die afwesigheid van 'n felle anti-Semitisme, van die Nazi's verskil het. Daarby vertoon die OB se ideologie ook unieke kenmerke soos die Protestants-Christelike inslag en die aansluiting by Afrikanertradisies soos die kommando-organisasie en die strewe om die ou Boererepublieke te herstel, wat aan dit 'n eie karakter gee en 'n inheemse Suid-Afrikaanse variasie van die fascisme maak.⁸¹

⁸⁰ P.J.J. Prinsloo, Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 341, 347, 348, 358, sien ook p. xxiv; D. Harrison, *The white tribe of Africa*, p. 129; L.M. Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid 1939-1942*, D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1987, p. 304.

⁸¹ P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 319-320; Sien ook L.M. Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid 1939-1942*, p. 305.

c. Die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle

'n Ander groepering wat nou aan die OB verbonde was en dit later groot skade berokken het, was die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle van Robey Leibbrandt wat deur die Duitsers as agent na Suid-Afrika gestuur is.

i. Robey Leibbrandt

Sydney Robey Leibbrandt is op 25 Januarie 1913 in Potchefstroom gebore en was van kleins af onverskrokke en avontuurlustig. Die jong Robey het ook 'n lewendige belangstelling in die liggaamsopvoeding, natuurgenesing en gesondheidsleer gehad en het in 1929 op sestienjarige ouderdom sy Vrystaatkleure in boks verwerf. Na skool het hy die Militêre Kollege te Voortrekkerhoogte bygewoon waarna hy in 1932 by die Suid-Afrikaanse Polisie en in 1935 by die Spoorwegpolisie aangesluit het. In 1934 was hy lid van die Suid-Afrikaanse Statebondspan en in 1936 is hy tot die Springbokspan vir die Olimpiese Spele in Berlyn gekies. Dit was juis hierdie besoek aan Nazi-Duitsland wat 'n radikale omwenteling in Leibbrandt, wat tot dusver nie veel in die politiek belanggestel het nie, teweeg sou bring.⁸² Die nasietrots van die Duitsers het hom politiek bewus gemaak en met die verbymars tydens die Olimpiese Spele het die figuur van Adolf Hitler 'n onuitwisbare en emosionele indruk op hom gemaak:

Op die bevel: 'Oë Regs!' het ons almal in die rigting van Adolf Hitler gekyk. Vandag nog weet ek nie wat met my op daardie oomblik gebeur het nie ... Ek het stip na hom gekyk. Meteens is ek deur 'n vreemde gewaarwording beetgepak. Of dit sy nederige drag of sy magnetiese persoonlikheid was wat my geboei het, weet ek nog steeds nie, maar dit was vir my komplete of 'n hipnotiese krag my bemeester het. Ek het geen marsmusiek meer gehoor nie en meganies gemarsjeer. Soos 'n outomaat het ek die res van die bevel - 'Oë front' en 'hoede op' - gegee. Daar was 'n klein verwarring. Die bevel is nie na wense uitgevoer nie Dit was alles my fout. By die aanskouing van Adolf Hitler het die Duits-lerse bloed ontstuiwig deur my Afrikanerhart gebruis en ek het in my eie moedertaal die bevel gegee. Miskien het ek probeer om die Führer te beïndruk. Ek wou aan hom in die taal van genl. De Wet vertel dat hier voor hom nasate van 'n heroïese volk verbymarsjeer.⁸³

Na die Spele het Leibbrandt 'n kursus in liggaamsopvoeding in Duitsland gevolg en op uitnodiging van 'n naamgenoot, dr. Georg Leibbrandt, die Ryksampsleier onder Alfred Rosenberg, die Rykspartyfees te Nüremberg as gas van die Duitse regering bygewoon. Aan die einde van 1936 keer Leibbrandt na Suid-Afrika terug, tree uit die Spoorwegpolisie en spits hom op die beroepskryt toe. In 1937 verower hy die gesogte swaargewigtitel van Suid-Afrika. Hierna vertrek hy na Londen om 'n kursus in masseerwerk en heilgimnastiek te volg en daarna reis hy na Denemarke, Swede, Finland, Pole en Hongarye om 'n studie van die liggaamsopvoedkunde in daardie lande te maak. In Desember 1938 keer hy na Duitsland terug om sy studies aan die Ryksakademie vir Liggaamsopvoeding in Berlyn voort te sit. Hier het die Nasionaal-Sosialistiese beskouing van die liggaamsopvoeding 'n groot indruk op hom gemaak en het hy 'n groot bewondering vir die Duitsers

⁸² J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 12, 16-22.

⁸³ R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 36.

ontwikkel. Vir die Nazi's was die mens 'n politieke wese wat met geheel sy hart, siel, liggaam, gees en verstand aan die volk waarin hy gebore is, behoort het. Dit was gevolglik elke mens se plig om hierdie eiendom van die volk tot die hoogste grens van ontplooiing te ontwikkel, te staal en te smee tot die eer van die volksgemeenskap. Leibbrandt is veral beïndruk deur die waarde wat aan die daad en voorbeeld geheg is en volgens hom het die Nasionaal-Sosialisme basies op opbouende daad in diens van jou eie volk en vaderland neergekom. Die gevolg was dat Leibbrandt tot 'n fanatieke en oortuigde Nasionaal-Sosialis ontwikkel het.⁸⁴

ii. Ideologiese beskouings

Vir Leibbrandt was die Nasionaal-Sosialistiese beskouing egter nie 'n verloëning van sy Suid-Afrikanerskap nie en het hy geredeneer dat net soos Christus 'n nuwe tydvak met sy godsdienstleerstellings ingelei het, Hitler ook besig was om 'n nuwe idee en wêreldbeskouing aan alle volke te verkondig. Alle Nasionaal-Sosialiste was derhalwe vir hom nie Duitsers of Duitse lakeie nie, maar navolgers van die idee van Adolf Hitler en hy het beweer dat hoe sterker sy toegeneentheid tot die Nasionaal-Sosialisme gegroei het, hoe groter het sy liefde vir sy eie volk en vaderland geword.⁸⁵ Vir hom was die Nasionaal-Sosialisme "... geen teoretiese polemiek nie, maar die lewende simbool van *liefde, daad en opoffering*: ja van *alles wat skoon, edel en heilig* is vir die opbou, bestaan en bloei van *elke volk*."⁸⁶ Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog wou hy derhalwe na Suid-Afrika terugkeer om hierdie idee van Adolf Hitler "... in die siel van die Afrikanervolk te kerf."⁸⁷

Leibbrandt het beweer dat hy vrywillig na Suid-Afrika gekom het, dat hy niks met die Duitse geheime diens (*Abwehr*) te doen wou hê nie, dat hy nie 'n Duitse agent was nie, en dat hy nie eens geweet het dat sy onderneming na Suid-Afrika as *Weissdom* bekend gestaan het nie.⁸⁸ Hierdie ontkenning het hy soos volg verantwoord:

Volgens die immanente wette van die Adolf Hitler-begrip behoort elkeen met sy hele hart, siel, liggaam, gees en verstand aan daardie volk waaruit, waarin en vir wie hy gebore is. Enige oortreding of valse vertolking van daardie fundamentele wet ontnem so 'n persoon die reg om rond te loop en te pronk as 'n sogenaamde Nasionaal-Sosialis, want dan is hy geen Nasionaal-Sosialis meer nie, maar 'n Internasionaal-Sosialis ... Met ander woorde, indien ek as Afrikaner 'n oortuigde Nasionaal-Sosialis is, word ek deur daardie einste wette verplig om alleen vir die Afrikanervolk te stry, te ly en te sterwe.⁸⁹

Tog kan dit nie ontken word dat die Duitse geheime dienste wel by Operasie Weissdom en Leibbrandt se koms na Suid-Afrika betrokke was nie. Leibbrandt het ook ter voorbereiding vir sy reis nie net by die Duitse weermag se valskermeenheid aangesluit nie, maar nadat hy tot korporaal bevorder is, ook spesiale opleiding in sabotasie ondergaan.⁹⁰

⁸⁴ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 23-27; R. Leibbrandt, *Geen genade*, pp. 50-59.

⁸⁵ R. Leibbrandt, *Geen genade*, pp. 56, 58-60.

⁸⁶ R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 171. Leibbrandt kursiveer.

⁸⁷ R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 171.

⁸⁸ Sien R. Leibbrandt, *Geen genade*, pp. 76, 96, 111, 169, 170.

⁸⁹ R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 111.

⁹⁰ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 28-29; G.C. Visser, *OB*, p. 56.

iii. Die stigting van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle

In Suid-Afrika is Leibbrandt ontnugter deur die ontvangs wat hy van die OB-leiding gekry het en het hy hulle van onaktiwiteit en bombasme beskuldig. Dit sou uiteindelik uitloop op 'n botsing met Hans van Rensburg en die oor-en-weer slinger van beskuldigings. Leibbrandt het gevolglik sy eie organisasie op die been gebring wat hy die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle genoem het en waarvan hy die lede hoofsaaklik vanuit die Stormjaerafdeling van die OB gewerf het.⁹¹

Om sy volgelinge se lojaliteit te verseker het hy 'n bloedeed opgestel wat soos volg begin het: "My strewe en stryd is om die vryheid en onafhanklikheid van die Afrikanervolk in Suid-Afrika, en die opbou van 'n Nasionaal-Sosialistiese staat met die idee van Adolf Hitler as grondslag, aangepas by die karakter van die Afrikanervolk."⁹² Dit was nie sy doel om 'n massabeweging te stig nie, maar 'n klein kerngroep wat hy tot 'n hegte, vegtende eenheid wou smee. Hy het geglo dat die slaankrag van 'n militêr-georiënteerde organisasie nie in getalsterkte berus nie, maar in die gees waarmee die lede besiel is. Hy het ontken dat hy 'n staatsgreep wou uitvoer of 'n burgeroorlog wou begin. Hy het van die veronderstelling uitgegaan dat die land se interne stabiliteit en Suid-Afrika se oorlogspoging rondom die leiersfiguur van genl. Smuts gedraai het. Hy het derhalwe beplan om Smuts te vermoor sodat Suid-Afrika se bondgenootskap met Kommunistiese Rusland opgehef kon word en om as teken vir sy volgelinge te dien dat hulle kon begin om die verbindingslinies na die Noorde te saboteer.⁹³

iv. Inhegtenisname en vonnis

Die polisie het teen ongeveer die begin van Oktober 1941 op Leibbrandt se spoor gekom en geprobeer om hom te arresteer. Aan die begin van Desember het hy 'n pamflet, gerig aan die "Kamerade van die Suid-Afrikaanse Polisie", oor groot dele van die Transvaal en Vrystaat versprei. Hierin het hy te velde getrek teen die Smuts-regering en dié se bondgenootskap met Kommunistiese Rusland, die Jode as die vaders, skeppers, leiers en opswepers van die moderne Kommunisme, en teen Hans van Rensburg as leier van die OB. Op 24 Desember 1941 is Leibbrandt in 'n polisie-lokval aangekeer. Sy inhegtenisname het 'n kettingreaksie veroorsaak waarin die polisie ook op lede van die Stormjaers toegeslaan het.⁹⁴ Volgens Hans van Rensburg was die polisie tot op daardie stadium redelik onbewus van die OB se ondergrondse aktiwiteite: "... we ... kept them more or less hypnotized by the open and public O.B. activities. There was so much to be seen of the O.B. aboveground, that they appeared to have overlooked that there could be anything else below. But Leibbrandt, whom we had to perforce to confine to S.J. circles (for our own security as well as his), had dug himself into our

⁹¹ Sien J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 36-37; H. Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 210-211.

⁹² R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 107.

⁹³ R. Leibbrandt, *Geen genade*, pp. 107-108, 209-210.

⁹⁴ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 40-41, 45, 51, 61.

ranks so deeply that, when they arrested him, they uncovered tracks leading all over the show. Tracks which were, largely, those of anti-Leibbrandt S.J.s.⁹⁵

Leibbrandt is in Maart 1942 aangekla van hoogverraad en in Maart 1943 skuldig bevind en ter dood veroordeel.⁹⁶ In sy hoftoespraak het hy te velde getrek teen die demokrasie, "... die jonger broer van die verpestende Kommunisme met die ewige Jood as vader van beide."⁹⁷ Hy het ontken dat hy 'n Duitse agent was, maar eerder 'n swaarbeproefde Afrikaner en 'n trotse en fanatieke soldaat van die idee van Adolf Hitler. Na konsul-generaal Rudolf Karlowa, aan wie hy ook sy outobiografie opgedra het, het hy verwys as die Duitse vader van die Afrikanervolk. Hy het ook genoem dat die heil en redding van die Afrikaner nie berus "... in sinlose kruisietrekery nie, maar in *daad* en onbaatsugtige *opoffering* in diens van die volksgemeenskap, soos geopenbaar deur die vaandeldraers van die idee van hom wat deur die Almagtige gestuur is om die volke van hierdie planeet uit die moeras van verdrukking en ellende te verlos ... Adolf Hitler!"⁹⁸ Na die aanhoor van die doodsvonnis het hy met 'n uitgestrekte regterarm luid geantwoord: "Ek groet die dood! Die Vierkleur hoog!"⁹⁹ Sy appèlsaak het in Desember 1943 misluk, maar twee dae voor Kersfees is sy vonnis deur Smuts tot lewenslange tronkstraf versag. Teen die middel van 1947 is hy, na 'n hongerstaking, na die interneringskamp te Baviaanspoort oorgeplaas.¹⁰⁰

v. Die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle as fascistiese beweging

Alhoewel die beweging nie 'n massabeweging was nie en hoofsaaklik rondom die figuur van Leibbrandt gesentreer was, is dit tog belangrik vir hierdie studie deurdat dit 'n voorbeeld van direkte beïnvloeding deur Nazi-Duitsland in Suid-Afrika is. Leibbrandt was 'n selferkende fanatieke Nazi en in die ideologie wat hy gepropageer het, kom die volgende fascistiese elemente sterk na vore: 'n sterk nasionalisme en organiese volksbeskouing, anti-demokrasie, anti-kommunisme, anti-Semitisme, aktivisme en 'n idealisme wat deur sy emosionele woordgebruik en sy propagering van die mistiek van opoffering in diens van die volk, aangevuur is. As sterk leiersfiguur het hy bewondering by sy volgelinge afgedwing en deur sy omstrede optrede en uitsprake, 'n legende in sy tyd geword. Harry Lawrence, die destydse Minister van Binnelandse Sake, het daarop gesinspeel dat hy 'n groot gevaar vir die regering kon inhou: "Leibbrandt was a man of mixed qualities. He was brave, but he was also very obstinate, hard and brutal, and a fanatic who had fallen under the spell of Hitler. Had we not apprehended him when we did ... South Africa might have endured a wave of sabotage that could have effectively hindered the war effort."¹⁰¹

⁹⁵ H. Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 212.

⁹⁶ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 62, 69.

⁹⁷ R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 170.

⁹⁸ R. Leibbrandt, *Geen genade*, pp. 171-172. Leibbrandt kursiveer.

⁹⁹ R. Leibbrandt, *Geen genade*, p. 172.

¹⁰⁰ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 72-74.

¹⁰¹ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, p. 58. In hierdie verband wys H. Strydom, *Vir Volk en Führer*, p. 255, ook daarop dat die omvang van die sabotasiepogings in Suid-Afrika deur die regering stil gehou is en veel meer was as wat in die pers berig is.

d. Die Nuwe Orde

Terwyl die Gryshemde, Ossewa-Brandwag en Nasionaal-Sosialistiese Rebelle buiteparlementêre organisasies was wat met die uitsondering van Leibbrandt se groep, reeds voor die oorlog ontstaan het, was die Nuwe Orde-beweging van adv. Oswald Pirow 'n parlementêre drukgroep en 'n direkte gevolg van die oorlog en spesifiek van die Duitse militêre suksesse gedurende 1940.¹⁰²

i. Oswald Pirow

Oswald Pirow is op 14 Augustus 1890 in Aberdeen gebore, maar het in Potchefstroom en Duitsland skool gegaan. Sy huistaal was Duits, hy was lid van die Duitse Klub en Evangelies-Lutherse gemeente, en van sy familie het nog in Duitsland gewoon, met die gevolg dat hy gereeld kontak met Duitsland gehad het. Nadat hy 'n doktorsgraad in Duitsland verwerf het, het hy sy studies in die regte in Londen voltooi. In hierdie tyd het hy die Engelse spiesgooikampioenskap ingepalm en ook uitblink in boks, swem, stoei, naellope, boogskiet, perdry en ringtennis. Hy was 'n kranige jagter, kon goed viool speel en was vier tale magtig. In 1914 het hy hom in Pretoria in vennootskap met Tielman Roos as advokaat gevestig. In 1924 is hy tot die Volksraad verkies en vanaf 1929 het hy as Minister in die volgende portefeuljes gedien: Justisie (1929-1933), Spoorweë en Hawens (1933-1938), Handel en Nywerheid (1938-1939) en Verdediging (1933-1939). Dit was juis sy beplanning en herorganisasie van die verdedigingsmag wat Smuts in staat gestel het om dit in 1939 vinnig tot oorlogsgereedheid te bring. In hierdie tydperk het hy, in sy persoonlike hoedanigheid, erkenning verleen aan Duitsland se eise om die teruggawe van sy voormalige kolonies. In 1933 het hy op 'n ampsbesoek aan Duitsland die nuwe kanselier, Adolf Hitler, persoonlik ontmoet.¹⁰³ Hierdie ontmoeting het 'n groot indruk op hom gemaak en vir hom was die Duitse leier se woorde "... 'so reusagtig as die berge daar buitekant Dit was die taal, die lewensbeskouing van die twintigste, die rewolusionêre eeu.'¹⁰⁴ Vir Pirow was Hitler die grootste staatsman van sy tyd en moontlik selfs die grootste van die laaste duisend jaar. Ook Hitler was na bewering beïndruk en volgens die staatsekretaris, Hans Dieckhoff, het hy selde van 'n vreemde staatsman soveel gehou as van Pirow.¹⁰⁵

In 1938 het Pirow op 'n Europese toer vertrek en die staatshoofde Ant3nio Salazar van Portugal, wie ook 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak het, en Francisco Franco van Spanje besoek. Na 'n besoek aan Londen is hy weer na Duitsland waar hy deur die Minister van Ekonomiese Sake, Walter Funk, die Opperbevelhebber van die Duitse Weermag, veldmaarskalk Wilhelm Keitel, en prins Otto

¹⁰² F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, p. 153.

¹⁰³ J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, p. 109; H. Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 50; F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, p. 154; W. Van der Merwe, Suid-Afrika en "appeasement": Oswald Pirow se "vredesending" na Nazi-Duitsland in November 1938, *Kleio* 20, 1988, p. 33; C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 631.

¹⁰⁴ W. Van der Merwe, Suid-Afrika en "appeasement": Oswald Pirow se "vredesending" na Nazi-Duitsland in November 1938, *Kleio* 20, 1988, p. 34.

¹⁰⁵ W. Van der Merwe, Suid-Afrika en "appeasement": Oswald Pirow se "vredesending" na Nazi-Duitsland in November 1938, *Kleio* 20, 1988, p. 34.

von Bismarck ontmoet is. Hy het ook met Hermann Göring, Opperbevelhebber van die Lugmag en naas Hitler die magtigste man in Nazi-Duitsland, en met Joachim Ribbentrop, die Minister van Buitelandse Sake, samesprekings gevoer. Hiema het hy Hitler vir byna 'n volle uur by die Berghof ontmoet. Hierdie tweede besoek het gesentreer rondom 'n poging om as bemiddelaar, veral ten opsigte van die Joodse kwessie, tussen Brittanje en Duitsland op te tree, maar sy sogenaamde vredesending om die uitbreek van die wêreldoorlog te verhoed, het misluk.¹⁰⁶ Hiema het hy na Rome gereis om Mussolini te probeer oorreed om as tussenganger tussen Hitler en die Jode op te tree, maar hy het hiermee 'n uiters negatiewe indruk op die *Duce* gemaak. Mussolini het aangevoer dat Pirow 'n uitstekende voorbeeld is "... van die mate waarin 'n ras onder 'n ander 'hemel kan afsink' en 'dat dit nouliks denkbaar is dat Pirow se vader nog 'n Duitser was. Pirow is heeltemal reg wanneer hy homself as 'n Afrikaner bestempel.'"¹⁰⁷

ii. Die stigting van die Nuwe Orde

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 skaar Pirow hom by die anti-oorloggesindes binne die Herenigde Nasionale Party of Volksparty (HNP). Na Maart 1940 begin hy egter met die verkondiging van sy idee van 'n nuwe orde wat bestem is om te verskyn. Hierdie idees is deur sy besoek aan Nazi-Duitsland beïnvloed en hy het geglo dat die Nasionaal-Sosialistiese ideologie ook Suid-Afrika se probleme kon oplos. 'n Gunstige klimaat vir die verkondiging van hierdie idees is deur onder meer 'n groot deel van die Afrikaner se verset teen die oorlogspoging waarin hulle ingedwing is, hul weersin teen Engeland, die Afrikaner se herleefde vryheidsdrang, en die Duitse militêre suksesse gedurende die oorlog, geskep. Alhoewel Pirow nie die enigste persoon was wat die idee van 'n nuwe orde verkondig het nie, was hy die enigste een wat duidelik daarop uitgebrei het. Op 25 September 1940 het hy die Christelike Republikeinse Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese Studiekring gestig waarvan die naam kort daarna tot die Nuwe Orde-studiekring verander het. In Desember 1940 het hy sy beleidsverklaring, wat gunstig deur koerante en sommige lede van die NP ontvang is, in 'n pamflet, *Nuwe Orde vir Suid-Afrika*, uiteengesit.¹⁰⁸

iii. Ideologiese beskouings

Vir Pirow het die mensdom, as 'n resultaat van die kapitalisme, in 'n toestand van maatskaplike onrus, armoede en ellende verval. Vanweë die eienskappe van die demokrasie kon hierdie proses nie verhinder of herstel word nie. Sosialistiese pogings om oplossings hiervoor te soek het in die praktyk uiting gegee aan die kommunisme en nasionaal-sosialisme as teenoorstaande wêreldbeskouings. Pirow het die kommunisme met sy internasionale karakter en verheffing van die werkersklas en die materiële, ten gunste van die nasionaal-sosialisme wat die nasie bo groeps- of

¹⁰⁶ W. Van der Merwe, Suid-Afrika en "appeasement": Oswald Pirow se "vredesending" na Nazi-Duitsland in November 1938, *Kleio* 20, 1988, pp. 37-38, 43-45.

¹⁰⁷ W. Van der Merwe, Suid-Afrika en "appeasement": Oswald Pirow se "vredesending" na Nazi-Duitsland in November 1938, *Kleio* 20, 1988, p. 50.

¹⁰⁸ Sien F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 154-155, 158, 159-161, 162-163, 187; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, p. 109.

individuele belange wou verhef, verwerp. Die nasionaal-sosialisme was egter niks nuuts nie, maar bloot 'n kragtiger beleving van elemente in elke volk se kultuur en karakter, en gevolglik is dit orals waar dit verskyn het, gegrondves op die karakter en tradisies van die betrokke volk. Die nasionaal-sosialisme vertoon derhalwe gemeenskaplike eienskappe, maar openbaar in elke land sy eie besondere kenmerke.¹⁰⁹

Die doelstellings van 'n Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialisme sal derhalwe volgens Pirow die verwerping van die demokrasie en die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Christelike blanke nasionaal-sosialistiese republiek, afgeskei van die Britse Ryk en gegrondves op staatsgesag en volksdisipline, daarstel. Die geldmaatstaf sal in die volkslewe verwerp word ten gunste van die herstel van etiese waardes en morele oorwegings. Die staat sal beheer oor alle volkskragte en nasionale hulpbronne uitoefen ter oplossing van die armblanke-vraagstuk, die ekonomiese beveiliging van die middelstand en die redding van die boer. Ten slotte sal die blanke beskawing in die Unie, en waar moontlik ook elders in Afrika, gehandhaaf word.¹¹⁰ Alhoewel daar bepaal is dat die Nuwe Orde vir Suid-Afrika Christelik moet wees deurdat die etiese waardes van die Christelike leer oral in die volkslewe die deurslag moes gee, het Pirow 'n onverskillige houding jeens die Calvinisme, wat in sekere aspekte teenstrydig met sy beleid was, ingeneem.¹¹¹

Alle denasionaliserende, liberalistiese, volksvyandige en onassimileerbare persone sou ontkieser word en seggenskap in die volkslewe sou slegs tot diegene beperk wees wat die leuse van "Suid-Afrika alleen" uitleef. Hiervolgens sou Engelssprekendes welkom wees mits hulle Suid-Afrika as enigste vaderland aanvaar, en alhoewel die Afrikaner voorrang sou geniet, sou albei volksdele se taal en kultuurregte beskerm word. Die Jode wat na 1914 na Suid-Afrika geïmmigreer het, is as onassimileerbaar beskou, terwyl verdere Joodse immigrasie belet sou word. Geen verdere verwysings na die Jode kom voor nie en Pirow het hom dan ook na die oorlog sterk uitgespreek teen enige anti-Semitiese propaganda wat volgens hom op argumente van bloed en ras, misdaadstatistiek en godsdiensgeskille gebaseer was. Ten opsigte van die nie-blankes sou 'n beleid van Christelike voogdyskap, afskeiding en eiesoortige ontwikkeling gevolg word, alhoewel ook hulle onderworpe sou wees aan verpligte dissiplinêre arbeidsdiens.¹¹²

Oor die staatsvorm van die toekomstige republiek was Pirow vaag en het hy genoem dat meer aandag daaraan geskenk sal word nadat die republiek verkry is. Hy het egter aangevoer dat die president deur die burgers verkies sou word, dat 'n Uitvoerende Raad van ministers deur die president aangestel sou word en dat helfte van die Volksraad deur die volk gekies en die res deur die president uit die gildes saamgestel sou word. In die nuwe staat sou geen politieke partye of partypolitiek as middels om die land te regeer, wees nie. Die Nuwe Orde wou die sogenaamde

¹⁰⁹ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 163-164, 186.

¹¹⁰ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, p. 164; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, p. 104.

¹¹¹ Sien F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 165, 174-178.

¹¹² F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 165, 166-169; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, p. 103, 107.

liberalistiese, kapitalistiese demokrasie, wat hulle as 'n uitbuitende stelsel beskou het waarin die grootkapitaal en liberalistiese pers seggenskap het en waarin ekonomiese begrippe etiese waardes vervang het, vernietig. Tog het Pirow ook verklaar dat hy dit nie teen die bestaan van partye as sodanig het nie, maar wel teen die partystelsel. Die NP moes derhalwe verbreed word om die ander Afrikaanse organisasies binne 'n breë Christelike Nasionaal-Sosialistiese Volksbeweging saam te snoer wat die huidige partystelsel sou vervang. Die totstandkoming van die nuwe staat sou nie afhanklik wees van 'n Duitse oorwinning of geweld nie, maar wel deur die gebruikmaking van die bestaande grondwetlike middele. Pirow het geglo dat 'n onafwendbare politieke, ekonomiese en maatskaplike ineenstorting op die einde van die oorlog sou volg en die Volksbeweging moes dan op die regte tydstip ingryp om 'n verkiesing af te dwing waarin slegs diegene wat ten gunste was van 'n Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese stelsel, verkies sou word.¹¹³

Die staat sou deur middel van nasionalisasie beheer uitoefen oor die goudmynbedryf, alle sleutelindustriële, die groot kapitaal en die bank- en geldwese, alle groot grondbesit vir spekulasiedoeleindes, en al die propagandamiddele. Privaatbesit is as 'n bestendige invloed en karakterbouende faktor in die volkslewe beskou en klein nywerhede en besighede sou teen monopolieë beskerm word. Die verskillende beroepe sou volgens gildes ingedeel word wat deur 'n Gilderaad, waarvan die helfte deur die gildelede en die res deur die regering verkies sou word, beheer word. Die gilde sou 'n mate van selfstandigheid geniet en moes lede teen werkloosheid beskerm, hulp aan afgetredenes, wese en weduwees voorsien, en sorg vir voldoende behuising en ontspanning. Hierdie stelsel van beroepsverteenvoordinging het ooreengestem met die Italiaanse gildestelsel behalwe dat die sindikate tussen die gilde en die gesin as kleinste eenheid van die organiese geheel, in die Nuwe Orde se weergawe weggelaat is.¹¹⁴

Die gesin as kleinste eenheid binne die volksgemeenskap kon die groter geheel beïnvloed en gevolglik is groot klem op die bevordering van die gesinslewe gelê. Die vervlakking van gesinsverhoudings, wat volgens hulle deur die kapitalisme teweeggebring is, kon teengewerk word deur die ekonomiese welsyn van die gesin te waarborg deur middel van die vasstelling van lone, die voorsiening van behuising, grondbesit en mediese dienste. Alhoewel klassestryd deur staatsbemiddeling uitgeskakel sou word, is daar tog sterk klem op die bestendiging van die middelklas geplaas. Die middelklas is as die vernaamste draer van die Nuwe Orde beskou en gevolglik was 'n sterk en tevrede middelklas die beste waarborg vir die volk se toekoms. Dit sou bereik word deur middel van staatsbeheer oor lewenskoste en werksvoorsiening, 'n huiseienaarsstelsel, die voorsiening van mediese fasiliteite en moontlikhede vir doeltreffende ontspanning, die versorging van bejaardes, die beskerming van die boer, werker en ander lede van

¹¹³ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 165-166, 169-173; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 103, 108. Vir Van Heerden is dit verwarrend wanneer Pirow die demokratiese instellings van die Boererepublieke nastreef en 'n diktatuur verwerp, maar tegelykertyd die demokrasie wil vernietig (p. 170). Pirow het m.i. egter nie 'n diktatuur voorgestel nie, omdat sy staatshoof in diens van die volk sou regeer. Gevolglik is daar, ten minste in die teorie, 'n verskil tussen 'n diktatuur en die outoritarisme van 'n fascistiese staat.

¹¹⁴ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 178-180, 185-186; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, p. 105.

die middelklas teen moontlike verliese, en die waarborging van opleiding vir die jeug. Die Nuwe Orde toon derhalwe 'n sterk ooreenkoms met die Fascisme wat ook gepoog het om die middelklas te bestendig.¹¹⁵

Om die Nuwe Orde se nuwe samelewingsorde tot stand te bring was 'n mate van sosiale omvorming noodsaaklik. Gevolglik is die dissiplinerende en opleidende van die hele volk tot nasiediens bepleit en moes elke landsburger in burgerplig, ordentlikheid en fatsoenlikheid opgelei word. Deur algemene verpligte liggaamsopleiding, die bevordering van 'n higiëniese leefwyse, die verskaffing van voldoende mediese dienste, voedsel, behuising en ontspanning, sou 'n hoër peil van volksgesondheid gehandhaaf word. Daar sou verder 'n doelbewuste regstelling van Nasionale Foute en 'n aanmoediging van Nasionale Deugde wees. Die staat sou ook die opleiding van die bevolking in geheel deur onder meer die pers, radio, skoolgeboue en bioskope, waarnaem. Die jeug sou deur 'n Christelik-georiënteerde nasionaal-sosialistiese onderwysstelsel opgevoed word en lidmaatskap van die Voortrekkerbeweging sou verpligtend wees. Naskoolse militêre diensplig sou verpligtend wees vir seuns in spesiale Diensbataljonne en dogters in die Kappiekommando's. Hierdie beleid vertoon ooreenkomste met die Italiaanse PNF se vereistes van 'n burgerlik-militêre karakter vir die bevolking, asook met soortgelyke beskouings van verpligte arbeidsdiens en die indeling van die jeug in jeugbewegings onder die Nazi's.¹¹⁶

iv. Die Nuwe Orde as fascistiese beweging

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Nuwe Orde aan die vereistes van die algemene fascisme voldoen. In hul verabsoluttering van die staat en die beskouing van die volk as korporatiewe geheel waarin individue en beroepsorganisasies 'n mate van selfstandigheid geniet, die beklemtoning van die middelstand en gesin, die gildestelsel, die bevordering van 'n Christelike grondslag, arbeidsplig en skoon lewe, en die klem op assimileerbaarheid eerder as rassuiwerheid, toon die Nuwe Orde 'n groter ooreenkoms met die Fascisme soos dit in Italië en Portugal toegepas is, as met die Duitse model. Alhoewel daar nie 'n sterk klem op aktivisme is nie, is daar soos hierbo gesien, wel gepoog om 'n burgerlik-militêre karakter aan die bevolking te gee. Ander Fascistiese kenmerke sluit in die verwerping van die parlementêre demokrasie, die klem op staatsgesag binne een politieke party, die anti-kommunisme, anti-liberalisme, korporatiewe en sosiale ekonomiese inslag, anti-materialisme, idealisme en strewe om die organiese volksgeheel ekonomies en maatskaplik op te hef en 'n nuwe samelewingsorde deur middel van sosiale omvorming te skep.¹¹⁷

¹¹⁵ Sien F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 180-183; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 106-108.

¹¹⁶ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, p. 182; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 106, 107-108.

¹¹⁷ Sien vir agtergrond F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 23-24, 26-29.

4. Die verval van die fascisme in Suid-Afrika

Een van die belangrikste faktore wat tot die verval van die fascistiese bewegings in Suid-Afrika aanleiding gegee het, was die vredesluiting in 1945. Hiermee is die belangrikste vertolkers van die ideologie in Europa verslaan en omdat die bewegings in Suid-Afrika sterk deur die Europese Fascisme en Nasionaal-Sosialisme beïnvloed is, moes hulle noodwendig hul doelstellings en betekenis heroorweeg. Die meeste bewegings het voortgegaan met die verkondiging van hul idees, maar die momentum wat hulle uit die oorlog geput het, het lankal begin afneem. Een van die faktore wat hiertoe bygedra het, was die opkoms van die HNP wat reeds met die algemene verkiesing van 1943 bewys het dat hy die enigste ware verteenwoordiger van die Nasionale Afrikaner op staatkundige gebied was en dat die nasionaal-sosialistiese organisasies hul groeikrag begin verloor het.¹¹⁸

a. Die ontbinding van die fascistiese bewegings

i. Die Gryshemde

Die Gryshemde is as aktivistiese beweging reeds sedert 1939 deur die OB op die agtergrond geskuif. Met die uitbreek van die oorlog is die beweging belet om vergaderings te hou, maar Weichardt het ten spyte van waarskuwings aangehou om uitlokkende stellings te maak. Hy is uiteindelik in Oktober 1944 geïntemeer en dr. T. Stoffberg het hiema die leiding waargeneem. Die Gryshemde was egter tot en met Weichardt se vrylating in Februarie 1946 feitlik onaktief.¹¹⁹

Met die nederlaag van Italië en Duitsland is die Gryshemde gedwing om hul strategie te verander, alhoewel hulle genoem het dat hul beleid nooit op 'n Duitse oorwinning gebaseer was nie en dat die keuse vir die wêreld steeds tussen die nasionaal-sosialisme en die internasionale sosialisme was. Binne die Suid-Afrikaanse konteks het dit volgens hulle neergekom op 'n swart of wit oorwinning. Hulle het derhalwe vasgehou aan hul nasionaal-sosialistiese beginsels, maar rassesuiverheid uitgesonder as vereiste vir samewerking tussen alle groepe in Suid-Afrika. Die gevolg was dat die klem vanaf die implementering van 'n nasionaal-sosialistiese staat na die behoud van die blanke beskawing in Suid-Afrika verskuif het. Hulle het derhalwe die idee van volksamehorigheid en die behoud van die blanke beskawing as hul eerste prioriteit verkondig. Sterk klem is daarom ook gelê op versoening met Malan se HNP en Havenga se Afrikanerparty. Waar Weichardt se versoeningspogings in die verlede rondom die vereniging van die opposisiegroepe gedraai het, het hy in 1943 'n Afrikaner-volksfront met beide Malan en Smuts voorgestel. Hierna het hy sy steun aan die HNP in verkiesings toegesê en in Februarie 1946 het hy die HNP as die parlementêre front van die Nasionale Afrikaner erken. Weichardt het ook sy bondgenootskap met die NO erken en die OB gevra

¹¹⁸ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 328, 336-338.

¹¹⁹ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 94, 337, 339; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 66.

om hul lot by die HNP in te gooi. Hy het ook 'n beroep gedoen op lede van die Verenigde Party (VP) om te help met wit eenheid, terwyl lede van die Arbeidersparty aangemoedig is om by die wit sosialiste aan te sluit.¹²⁰

Volgens Weichardt het die politieke magsewewig vanaf die platteland na die stad verskuif, en in Maart 1947 is besluit dat die Gryshemde hul voortaan vir die werker gaan beywer om die verstedelike Afrikaner teen kommunistiese vakunies te beskerm. Weichardt het aangevoer dat alhoewel die beweging hierdeur 'n sosialistiese rigting ingeneem het, dit 'n nasionale en rasbewuste sosialisme was in teenstelling met die internasionale sosialisme van die kommunisme. In April 1947 is die beweging se naam na die Blanke Werkersparty van Suid-Afrika verander en is die *Blanke Front* as mondstuk uitgegee. Die Geüniformeerde Gryshemde het egter as afsonderlike groep binne die party bly voortbestaan, alhoewel 'n oranje, wit en blou kleurbaadjie nou die plek van die grys uniform ingeneem het.¹²¹

Na die Nasionale oorwinning van 1948, waarin Weichardt sy steun aan die HNP toegesê het, was daar min redes vir die voortbestaan van die Gryshemde wat teen hierdie tyd lankal as magsfaktor uit die politiek geskakel is. Die beleidsverandering na die oorlog was ongewild by die meeste lede en die beweging het teen die laat veertigerjare min ondersteuning geniet. In Mei 1949 het Weichardt aangekondig dat hy by die HNP aangesluit het en sy ondersteuners aangemoedig om hom te volg. In Junie 1949 is besluit dat die party sou ontbind maar dat die Geüniformeerde Gryshemde sou bly voortbestaan as waarborg vir die aktiewe bestryding van die kommunisme wat volgens hom die blanke beskawing bedreig het. Vanweë 'n gebrek aan belangstelling is ook die Gryshemde in Mei 1950 ontbind om die weg voor te berei vir 'n Bond van Ariese Gemeenskap. Van laasgenoemde is egter niks verder weer gehoor nie.¹²²

Weichardt is hierna verkies tot voorsitter van die Liesbeektak van die NP en was in die 1953 verkiesing 'n onsuksesvolle kandidaat vir Maitland. In 1955 is hy tot die vergrote Senaat verkies en het vanaf 1956 tot 1966 as genomineerde senator gedien waarna hy tot Senator van Natal verkies is. Gedurende sy parlementêre loopbaan moes hy dikwels bont staan om sy vroeëre sienings te verdedig. Hy het by geleentheid genoem dat hy dit nooit teen die Jode as ras gehad het nie en hy het dan ook die vlag van swastika-graffiti in die vroeë sestigerjare veroordeel. In 1970 het hy uit die politiek getree en op 26 Oktober 1985 is hy op die ouderdom van 92 jaar stil en vergete oorlede.¹²³

¹²⁰ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 337, 338-340; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 66-68.

¹²¹ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 52-54; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 67.

¹²² F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 54-56; D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, p. 68.

¹²³ D.M. Scher, Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement, *Kleio* 18, 1986, pp. 68-70.

ii. Die Ossewa-Brandwag

Die OB en HNP het in 1940 'n ooreenkoms gesluit waarvolgens die HNP op die politieke terrein werksaam sou wees en die OB op die nie-politieke. In Augustus 1941 het Van Rensburg egter 'n sydelingse aanval op die HNP gedoen en aangesien die OB al meer op die politieke terrein begin beweeg het, het die verhouding tussen die twee organisasies begin versleg. Die agteruitgang van die OB as magsbeweging het na die finale breuk met Malan se HNP in 1942 'n aanvang geneem toe die twee bewegings openlik vyandig teenoor mekaar gestaan en 'n groot aantal Nasionaliste die OB verlaat het. In Junie 1944 het die OB die stigting van 'n parlementêre of volksfront voorgestel om die kragte van die Afrikanerdom te mobiliseer sodat 'n vernietigende veldtog teen die parlementarisme op sy eie terrein gevoer kon word. Briewe is in Februarie 1945 in verband hiermee aan die leiers van die HNP, Afrikanerparty, NO en Gryshemde gestuur, maar die voorstel is deur almal verwerp. Pirow en Weichardt het reeds in Oktober 1944 verklaar dat samewerking met die OB nie moontlik was nie omdat die beweging volgens hulle nie nasionaal-sosialisties genoeg was nie. Die algemene houding van die HNP in 1946 was ten gunste van versoening indien almal die Christelik-Nasionale en demokraties republikeinse grondslag as enigste basis vir samewerking aanvaar. Ten spyte van Van Rensburg se stelling dat die poorte van die wêreld nou vir die kommunisme oopgestaan het en dat alle onderlinge geskille in Suid-Afrika moes verdwyn, kon eenheid vir die OB egter slegs geskied op grond van die gemeenskaplike verwerping van die partystelsel.¹²⁴

Na 1945 was die aktivistiese stryd iets van die verlede en het die OB se invloed vinnig begin afneem. Hul republikeinse ideaal was afhanklik van 'n Duitse oorwinning en Duitsland se neerlaag het teen hulle getuig. Die OB het egter geweier om sy beginsels te versaak en in Februarie 1946 noem Van Rensburg dat sosialisme onvermydelik is en dat die enigste vraagstuk is of die volk 'n nasionale of internasionale sosialisme gaan kies. Teen hierdie tyd was die OB nie meer 'n belangrike faktor in die politiek nie en was die organisasiestruktuur besig om in duie te stort. Ledegeld is nie meer betaal nie en lede het min belangstelling in byeenkomste getoon. Dit was duidelik dat die OB geen politieke basis meer gehad het nie en dat die HNP die steun van die meeste Transvaalse boere en blanke werkers in die stede geniet het. Toestande vir samewerking met Havenga se Afrikanerparty was gunstig en baie lede het by die party aangesluit. Die gevolg was dat die Afrikanerparty deur die OB geïnfiltreer is, maar met die versaking van laasgenoemde se beginsels. Daar is beseft dat 'n omvattende samelewingshervorming nie meer moontlik was nie en in 1950 is die OB se doelstelling gestel as die opbou van een Afrikanervolk (met die insluiting van Engelssprekendes) met een trou in 'n vrye republiek van Suid-Afrika. In 1954 is die beweging egter ontbind. Van Rensburg het hierna in verskeie raadgevende regeringsliggame met betrekking tot groepsgebiede gedien en was ook lid van die bestuursliggame van SANLAM, SANTAM en Federale Mynbou. Benewens sy outobiografie in 1956, *Their paths crossed mine*, het hy ook in 1946 'n verhaal, *Sonder gewere; 'n verhaal van nog 'n*

¹²⁴ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 337, 342-345, 347-348, 353; P.F. Van der Schyff, *Verset teen "Empire-oorlog"*, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 250-251, 260; L.M. Fourie, *Mobilisering van die Afrikanerdom*, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 47, 124-125; C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 748.

ronde, onder die skuilnaam S.J. de Jongh laat verskyn. In 1962 het hy finaal uit die openbare lewe getree en hom op sy plaas Mooi Eiland naby Parys, wat deur OB-ondersteuners aan hom geskenk is, gevestig. Hy is op 25 September 1966 oorlede en in 1967 is 'n klein monument op sy grafsteen deur adv. B.J. Vorster onthul.¹²⁵

iii. Robey Leibbrandt

Na sy vrylating in 1948 het Leibbrandt weens sy reputasie gesukkel om werk te kry en het hy vir 'n tyd na die beroepskryt teruggekeer. In 1949 is hy getroud en mettertyd kon hy 'n blommeplaas by Honeydew bekostig. Hierna het hy en sy gesin na Springbok verhuis waar hy in vennootskap 'n slaghuis geopen en uiteindelik finansiële stabiliteit bereik het. Later het hy na Bloemfontein verhuis waar hy 'n motorhawe, Robey Leibbrandt Motors, geopen het, maar sy kwynende gesondheid het hom genoodsaak om dit te verkoop. 'n Skryfbehoeftewinkel wat hy hierna begin het, het ook misluk.¹²⁶

Na sy vrylating het hy hom steeds met die politiek bemoei. Reeds in 1950 het hy sy eerste openbare anti-kommunistiese toespraak in Windhoek gehou en sy Anti-Kommunistiese Beskermingsfront ter bestryding van die kommunisme in Suid-Afrika geloods. Hy het 'n aantal pamflette, *Ontwaak Blank Suid-Afrika*, uitgegee waarin hy in suiwer Afrikaans teen die gevare en bedreigings van die kommunisme gewaarsku het. Sy nasionalisme was egter nie etnies eksklusief nie en het alle blankes ingesluit. Tydens 'n onderhoud het hy erken dat hy steeds in die Nasionaal-Sosialisme, wat hy as 'n leefwyse beskou het, geglo het. Hy het na *Mein Kampf* as sy Bybel verwys en bygevoeg dat hy 'n Nasionaal-Sosialis sal bly tot die dag dat hy sterf. In 1963 het hy 'n lasteraksie teen die *Sunday Times*, wat in 'n artikel na hom as 'n selferkende Nazi saboteur en spioen verwys het, gewen. In 1964 het hy egter die appèlsaak verloor waardeur hy finansiël vernietig is en verplig was om sy woning en motor te verkoop. In 1965 het Leibbrandt daarin geslaag om 'n suksesvolle groentewinkel in Ladybrand te open. Hy is op 1 Augustus 1966 aan 'n hartkwaal oorlede.¹²⁷

iv. Die Nuwe Orde

Alhoewel die Nuwe Orde 'n drukgroep binne die HNP gevorm het, het Pirow se nasionaal-sosialistiese uitsprake teenkanting van die partyleiding, wat teen groepsvorming binne die party gekant was, ontlok. In 1942 het Pirow aangedui dat die Nuwe Orde voortaan as 'n onafhanklike parlementêre groep sal funksioneer, alhoewel hy sou voortgaan om die HNP te steun. In 1943 het hy besluit om nie aan die verkiesing deel te neem nie en die sewentien Nuwe Orde-Volksraadslede het gevolglik

¹²⁵ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 350, 357, 358-360; L.M. Fourie, Mobilisering van die Afrikanerdom, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, p. 132; P. De Klerk, Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, p. 297; C.J. Beyers, (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, pp. 748-749.

¹²⁶ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 82-83.

¹²⁷ J.H. Le Roux, *Robey Leibbrandt*, pp. 83-85; G.C. Visser, *OB*, pp. 201-206.

hul setels verloor. Pirow het hiema 'n nuusbrieff, *Nuwe Orde*, uitgegee waarin hy die HNP skerp aangeval het. Pirow se invloed het teen hierdie tyd egter begin afneem. Volgens hom was die Nuwe Orde se hoofdoel om die Nasionaal-Sosialistiese lewensbeskouing in Suid-Afrika te vestig en hy het genoem dat hy die HNP sou steun totdat die partystelsel uitgeleef was. In September 1944 het die Nuwe Orde ook gepoog om die verskille tussen al die Afrikanerorganisasies uit te wis, maar die daarstel van 'n nasionaal-sosialistiese grondslag as voorwaarde vir samewerking het by voorbaat die HNP met sy Christelik-Nasionale grondslag uitgesluit. Teen die einde van die oorlog het Pirow aangevoer dat 'n militêre nederlaag nie die krag van 'n idee kan stuit nie, dat die NO nooit die Fascisme en Nasionaal-Sosialisme geïdealiseer het nie en daarom ook nie saam met dit sou verdwyn nie. In Junie 1946 bied Pirow aan om die HNP te steun mits dié sy stryd teen die NO en OB staak. Na Malan en Havenga se bekendmaking van hul ooreenkoms om in die volgende verkiesing saam te werk, sê die Nuwe Orde sy steun daaraan toe en moedig sy lede aan om by een van die twee partye aan te sluit. Met die 1948-verkiesing is twee NO-lede vir die HNP en AP onderskeidelik verkies, terwyl 'n derde in 1958 vir die NP verkies is. Die ander veertien, insluitende Pirow, het hulle aan die aktiewe politiek onttrek, alhoewel die *Nuwe Orde* nog tot in die vyftigerjare gepubliseer is.¹²⁸

Pirow het hiema weinig invloed binne die Afrikanerpolitiek gehad en het tot met 1957 sy aandag aan sy regspraktyk gewei waarna hy hom op sy plaas in die Laeveld gevestig het. Na 1948 het hy ook as skrywer ontluik en verskeie verhale gepubliseer waaronder die seunsverhaal *Piet Potlood* (1948) en ander wat van 'n diepgaande kennis van die swartes getuig het soos *Mlungu Mungoma of die Blanke waarsêer* (1949), *Sjangani* (1950), *Sikororo* (1952) en *Ashambeni* (1955). In 1950 het hy die biografie *James Barry Munnik Hertzog* voltooi. Gedurende die laat vyftigerjare was hy weer in die kollig toe hy vanaf 1958 op versoek van die regering tot die hof teruggekeer het as die hoofstaatsaanklaer in die Hoogverraadsaak (1956-1961) teen Nelson Mandela en ander anti-Apartheidaktiviste. Op 11 Oktober 1959 is hy egter onverwags na 'n beroerte oorlede.¹²⁹ Volgens Mandela: "... despite Pirow's noxious political views, he was a humane man without the virulent personal racism of the government he was acting for. His habitual polite reference to us as 'Africans' ... contrasted with his supremacist political leanings. In a curious way, our small world ... seemed balanced when, each morning, we observed Pirow reading the right-wing *Nuwe Order* [sic] at his table and Bram Fischer reading the left-wing *New Age* at ours."¹³⁰

b. Die vervolging van kollaborateurs

Met die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die Geallieerdes beslag gelê op die Duitse Argiewe, en die dokumente oor ondermyningsbedrywighede in Suid-Afrika en skakeling met Duitsland is deur

¹²⁸ F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 337, 340-2, 349; J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 109-110; C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 632; N.M. Stultz, *The Nationalists in opposition 1934-1948*, pp. 76, 78.

¹²⁹ J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, p. 110; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 245; N. Mandela, *Long walk to freedom*, pp. 198, 220; C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*, p. 632.

¹³⁰ N. Mandela, *Long walk to freedom*, p. 220.

die Britse Militêre Intelligensie aan die Suid-Afrikaanse regering deurgegee. Die dokumente het gehandel oor voorvalle van hoogverraad en kollaborasie met die Duitsers deur Unieburgers in Duitsland en het die volgende ingesluit: die Zeesen-omroepers, die weergee van militêre inligting deur krygsgevangenes, vrywilligers wat by die Britse Vryekorps van die Waffen-SS aangesluit het, en die verraaiing van ontsnapte krygsgevangenes.¹³¹

Smuts het in 1946 besluit dat die bewerings van hoogverraad teen Suid-Afrikaners, waaronder ook Hans van Rensburg en ander OB-lede, ondersoek moes word. In Junie 1946 het Harry Lawrence hierdie besluit van Smuts aan Lawrence Conrad Barrett, die destydse onder-prokureur-generaal, en George C. Visser van die polisie wat gedurende die oorlog by ondersoeke teen onder meer die OB betrokke was, oorgedra. Hulle sou as lede van die Barrett-sending die buiteland besoek om inligting in te samel in die hoedanigheid van *Law Officer of Union War Prosecutions* en *Special Investigator, Union War Prosecutions* onderskeidelik. Die Rein-sending onder leiding van die assistent-prokureur-generaal van Transvaal, Rudolph Rein, het teen hierdie tyd reeds ter wille van die Departement van Buitelandse Sake na Duitsland vertrek waar hulle verskeie dokumente, onder meer uit 'n pulpfabriek en 'n soutmyn waar dit weggesteek is, gered het. Die ongeveer 700 dokumente wat oor die OB en ander Suid-Afrikaners gehandel het, is op mikrofilm vasgelê en veral die dokumente van die Duitse Buitelandse Kantoor was inkriminerend. Die Barrett-sending het Rein-hulle in Junie 1946 in Engeland ontmoet voordat hulle in Augustus na Duitsland vertrek het om sekere gevangenes, waaronder Werz, te ondervra. Werz is later deur 'n denazifikasiehof geklaar waarna hy weer by die Wes-Duitse diplomatieke korps aangesluit het. Ene Elferink, wat as Duitse agent in die Unie onder die kodenaam "Hamlet" opgetree het, is hierna in Nederland besoek waar die Nederlanders hom vir Leibbrandt wou uitruil vir beweerde oorlogsmisdade wat dié as lid van die Duitse valskermeenheid in Nederland sou gepleeg het. Elferink het egter sy samewerking geweier en is later sonder enige aanklag vrygelaat. Na 'n verdere besoek aan Italië deur Visser het die Barrett-sending in November 1946 na Suid-Afrika teruggekeer.¹³²

Die afvaardiging het genoeg getuienis teen veral Van Rensburg ingesamel en teen Desember 1947 is die *Barrett Mission Report* saam met 'n polisiedossier aan Lawrence oorhandig. Teen hierdie tyd het Van Rensburg homself ook begin voorberei op 'n veroordeling en vonnis en het hy die dokument, *Rex versus Van Rensburg*, opgestel waarin hy homself verdedig. Die hoogverraadondersoek het egter ernstige verdeeldheid in die Smuts-kabinet veroorsaak. Nadat die finale verslag, *Rex versus Johannes Frederick Janse van Rensburg and others - Final Report of the Law Officer for Union War Prosecutions*, aan die parlement voorgelê is, was die meerderheidsgevoel dat almal voor die hof gedaag moes word. Smuts en andere het egter besluit dat daar tot na die algemene verkiesing in Mei 1948 gewag moes word voordat met die aanklagte begin word.¹³³

¹³¹ P.F. Van der Schyff, *Verset teen "Empire-oorlog"*, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, p. 261; G.C. Visser, *OB*, p. 176.

¹³² G.C. Visser, *OB*, pp. 177-179, 181, 184-185.

¹³³ G.C. Visser, *OB*, pp. 193-194; P.F. Van der Schyff, *Verset teen "Empire-oorlog"*, in P.F. Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, pp. 262-266.

c. Die Nasionale oorwinning van 1948

In Mei 1948 het die opposisie-koalisie tussen die HNP en die Afrikanerparty egter die verkiesing gewen en D.F. Malan het Eerste Minister geword met C.R. Swart as die nuwe Minister van Justisie. Dit het 'n einde gebring aan die beoogde hoogverraadondersoek en in Junie 1948 het die nuwe regering aangekondig dat alle politieke gevangenes vrygelaat gaan word waaronder die Zeesen-omroeper Eric Holm, wat in September 1946 tot tien jaar tronkstraf vir hoogverraad gevonniss is, en diegene wat lewenslange vonnisse moes uitdien soos Robey Leibbrandt en die twee Stormjaers H.S. van Blerk en Julian Visser. Die NP-regering het ook die verbod op die toelating van lede van die OB en Afrikaner Broederbond tot die staatsdiens, opgehef.¹³⁴

Na 1948 het die Gryshemde in die HNP opgegaan en Weichardt het 'n lid van die parlement geword. Johannes Strauss von Moltke, die eertydse onderleier van die Gryshemde en later leier van die South African Gentile National Socialist Movement, het voorsitter van die NP in Suidwes-Afrika en lid van die parlement geword. Hy het in 1961 weens gesondheidsredes uitgetree. Eric Holm het later 'n senior posisie binne die Departement van Opvoeding bekleed. Hy het verklaar dat hy nie skuldig gevoel het oor sy verlede nie, dat Hitler een van die grootste figure in die wêreldgeskiedenis was en dat dié se titaniese heroïsme eendag geregtig sal word. Adv. B.J. Vorster, assistent-hoofkommandant in die OB, het later Eerste Minister geword, terwyl sy veiligheidshoof en die stigter van die Buro van Staatsveiligheid (BOSS), Hendrik van den Bergh, 'n generaal in die OB was. Piet Meyer, inligtingshoof van die OB, was later voorsitter van die SAUK.¹³⁵ Die OB se rassebeleid, soos opgestel deur Geoff Cronjé, wie as een van die grondleggers van die Apartheidsideologie beskou word, is na 1948 deur die NP oorgeneem.¹³⁶

Gevolgtrek is Suid-Afrikaanse fascistiese ondersteuners nie net begenadig en van vervolging gevrywaar nie, maar ook binne die nuwe Nasionale staatstruktuur geïnkorporeer. Die NP se versoenende houding het baie kritiek van hul teenstanders ontlok, aangesien dit voorgekom het asof ondersteuners van die fascisme die mag in Suid-Afrika onder die dekmantel van die NP oorgeneem het. Furlong wys egter ten opsigte van hierdie beskuldigings daarop dat die verskillende ideologiese beskouings binne die NP nie buite rekening gelaat moet word nie. Prominente NP-leiers soos D.F. Malan, H.F. Verwoerd en J.G. Strijdom, was byvoorbeeld voorstanders van 'n meer tradisionele Afrikanemasionalisme en het hul radikale fascistiese opponente as die ekstremistiese eksponente van 'n volksvreemde ideologie probeer isoleer. Hierdie ideologiese verskille het veroorsaak dat Verwoerd gedurende die oorlog in sy hoedanigheid as redakteur van *Die Transvaler* dikwels kritiek

¹³⁴ G.C. Visser, *OB*, p. 196; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 244-245; D. Harrison, *The white tribe of Africa*, p. 126; W. Schellack, *The Afrikaners' Nazi links revisited*, *SA Historical Journal* 27, 1992, p. 174.

¹³⁵ Sien B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 65; A. Sparks, *The mind of South Africa*, p. 172; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 303.

¹³⁶ W. Schellack, *The Afrikaners' Nazi links revisited*, *SA Historical Journal* 27, 1992, p. 181.

teen die OB gelewer het en dat veral Strijdom na die oorlog sterk teen enige vorm van samewerking met lede van die OB en NO gekant was.¹³⁷

5. Fascisme en Afrikanemasionalisme

Volgens Schellack het die bewondering wat baie Afrikanemasionaliste gedurende die dertiger- en veertigerjare vir Hitler gehad het en sommige van hulle se pogings om nasionaal-sosialistiese idees na Suid-Afrika in te voer, veroorsaak dat Afrikanemasionalisme deur sommige navorsers en ander skrywers met die fascisme vergelyk is. Baie van hierdie skrywers het op die ooreenkomste tussen die Christelike Nasionalisme en Nasionaal-Sosialisme, waaronder die idee van rassesuiwerheid en die skeiding van openbare fasiliteite volgens ras, en die ekstreme nasionalisme, anti-liberalisme, anti-Marxisme en anti-parlementarisme van die twee ideologieë, gedui. Daar was egter ook belangrike verskille soos die Christelike Nasionalisme se klem op Christelikheid en Calvinisme en die Afrikaner se diepgewortelde demokratiese ingesteldheid, wat binne hierdie konteks in ag geneem moet word.¹³⁸

a. Die opkoms van die Nasionale Party en Afrikanemasionalisme

Die Nasionale Party is in 1914 deur genl. J.B.M. Hertzog gestig. In 1934 het dit met Smuts se Suid-Afrikaanse Party (SAP) saamgesmelt om die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (VP) te vorm. Die Kaapse leier van die NP, dr. D.F. Malan, het egter nie aan die samesmelting deelgeneem nie en kort daarna die Gesuiwerde Nasionale Party gestig. In Januarie 1940 het die Herenigde Nasionale Party (HNP), onder leiding van Hertzog en Malan, in opposisie tot Smuts se oorlogsverklaring tot stand gekom. Die eenheid was egter van korte duur deurdat Hertzog uit die politiek getree en 'n groep van sy ondersteuners die Afrikanerparty onder leiding van N.C. Havenga gestig het. In 1948 het Malan en Havenga 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan en die verkiesing gewen. In 1951 het die HNP en Afrikanerparty amptelik saamgesmelt om die Nasionale Party (NP) te vorm.¹³⁹

Alhoewel die Afrikaner aan die begin van die eeu nie bewustelik 'n bepaalde ideologie aangehang het nie, was daar tog na 1914 'n positiewe ontwaking van Afrikanemasionalisme wat teen 1933 opnuut deur die Nuwe Orde-gees van fascistiese Europa geïnspireer is. Die verstedeliking van die Afrikaner het tot 'n sosiale krisis en armblanke-vraagstuk in die stede aanleiding gegee, maar het ook voordele gehad deurdat daar 'n nuwe groep politieke intellektuele ontstaan het wat nie net in staat was om die gegriefdheid te bewoord nie, maar ook om 'n ideologie vir die 'redding van die volk' te formuleer. Afrikanemasionalisme is tot en met die begin van die eeu deur die Republikeinse Afrikaner se stryd teen die Britse Ryk geïnspireer, maar gedurende die eerste drie dekades van die twintigste eeu is 'n

¹³⁷ Sien P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, pp. 98, 200, 212-213, 244, 248.

¹³⁸ W. Schellack, *The Afrikaners' Nazi links revisited*, *SA Historical Journal* 27, 1992, p. 174; Sien bv. P.J. Furlong, *Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: an assessment of the historiography*, *SA Historical Journal* 27, 1992, pp. 113-126; F.J. Van Heerden, *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948*, pp. 319-320.

¹³⁹ J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 91-92.

nuwe dimensie hierby gevoeg. Die opkoms van die swart proletariaat het veroorsaak dat die vrees vir swart oorheersing die vrees vir verengelsing begin oorskadu het.¹⁴⁰

Gedurende die twintiger- en dertigerjare het die nuwe generasie van Afrikanerakademici soos H.F. Verwoerd, P.J. Meyer, Nico Diederichs, Hans Van Rensburg en Geoff Cronjé, vanweë hul studies in Duitsland onder die invloed van die neo-Fichteanisme gekom. Dit was geïnspireer deur die Duitse Romantieke filosofie van Johann Fichte, Friedrich Schlegel en J.D. Herder en het van die meer tradisionele Afrikaner se Calvinistiese nasionalisme en die twintigste-eeuse neo-Calvinisme verskil. Hierdie filosofie het 'n outoritêre en idealistiese tipe nasionalisme voorgestaan, die sogenaamde *völkische*-nasionaalisme van die Duitse Nasionaal-Sosialisme waar die volk as 'n organiese geheel beskou is. Die opkomende Nasionaal-Sosialisme in Duitsland het nie net as voorbeeld gedien nie, maar was ook 'n weerspieëling van wat baie jong Afrikanernasionaliste reeds geglo het. Hulle het daarin geslaag om die nuwe idees van fascistiese Europa, die idees van die ou Boererepublieke, die neo-Calvinisme van Abraham Kuyper en die ou klem op die kerk, gesin en volk van die tradisionele landelike Afrikaner, in 'n nuwe nasionalistiese politieke filosofie, naamlik die Christelike Nasionaalisme, te versoen. Diederichs, Meyer, Van Rensburg en Pirow was ten gunste van die invoer van nasionaal-sosialisme binne die hoofstroom van die Afrikaner se politieke ideologie, terwyl teoretici soos Bram Stoker en Cronjé 'n groot invloed op die ontwikkeling van 'n meer radikale rassebeleid wat later in Apartheid sou ontwikkel, gehad het. Die Broederbond, wat aanvanklik deur lede van die radikale regse politiek waaronder Diederichs, Meyer en Cronjé beheer is, het 'n belangrike rol in die skep van hierdie ideologie gespeel.¹⁴¹

Die opkoms van die radikale regse politieke beweging gedurende die dertigerjare met sy klem op rassesuiwerheid en die skep van 'n eksklusiewe Afrikaner republikeinse volkstaat, het verskil van die tradisionele segregasiebeleid van Hertzog en Smuts en het 'n bedreiging vir die meer tradisionele Afrikanernasionalisme van Malan ingehou. Malan-hulle se stryd teen die OB en ander radikale organisasies was egter nie net ideologies van aard nie. Die HNP was self pro-Duits en gekant teen die sogenaamde 'Brits-Joodse' demokrasie en hul woordeskat het ook woorde soos volksleier, volksfront en volkseenheid ingesluit. Die HNP se antagonisme teen die fascistiese bewegings soos die OB en die NO, het derhalwe meer om mag en beheer van die Afrikaner gegaan het en nie soseer oor enige ideologiese verskille nie. Hulle het hulself as die enigste party gesien wat die volk kon verteenwoordig en daarom is probeer voorkom dat die OB tot 'n politieke party omskep word. Daar is teen Pirow uitgevaar vanweë die HNP se klem op konformistiese dade en denke en die feit dat groepsvorming en afwykende rigtings nie binne die party geduld is nie. Teen 1943 het dit egter begin duidelik word dat Duitsland die oorlog sou verloor en gevolglik het die radikales se posisie begin verswak en het Malan se HNP groter steun begin geniet. Met die 1948-verkiesing is die skeuring geheel en is die radikale elemente binne die hoofstroom van die nasionale beweging geïnkorporeer.

¹⁴⁰ A. Sparks, *The mind of South Africa*, p. 147; L.M. Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid 1939-1942*, p. 297.

¹⁴¹ W. Schellack, 'The Afrikaners' Nazi links revisited', *SA Historical Journal* 27, 1992, pp. 176-177; P.J. Furtong, *Between crown and swastika*, pp. 88, 92, 94-95.

Die gevolg was dat die NP self mettertyd na regs beweeg het en dat sekere nasionaal-sosialistiese idees, wat later 'n rol in die skep van die Apartheidstaat sou speel, via die radikale regs in die party ingedra is.¹⁴²

b. Die invloed van die fascisme op Afrikanemasionalisme en Apartheid

Die belangrikste aanklagte teen en karakterisering van Suid-Afrika as 'n fascistiese staat het gewoonlik rondom enkele willekeurige kriteria gewentel. Hieronder was die voorkoms van blanke meerderwaardigheid of die sogenaamde Herrenvolk-idee, en die regering se onverdraagsaamheid teenoor opponente, die gebruik van terreur en fisieke geweld, indoktrinasië, en die staat se beheer oor propaganda en alle fasette van die openbare lewe. Die Apartheidstaat se wetgewing, wat op 'n rassegrondslag gebaseer was en onder meer die skeiding van groepsgebiede en openbare geriewe volgens ras afgedwing en bloedvermenging tussen rasse verbied het, is dikwels met die Nazi's se soortgelyke Nüremberg-wette vergelyk.¹⁴³ Ten spyte hiervan is verskeie skrywers van mening dat die Apartheidsideologie nie fascisties was nie en dat Suid-Afrika se eiesoortige problematiek nie vergelykings met Nazi-Duitsland regverdig het nie.¹⁴⁴ Moll kom dan ook tot die gevolgtrekking dat die Nasionale bewind in Suid-Afrika nie aan die minimumkenmerke van die fascisme voldoen het nie. Volgens die behoud van parlementêre demokrasie, die onafhanklikheid van die regstelsel, en die voorkoms van grondwetlike hervormingspogings, het dit van die fascisme verskil. Verder was daar 'n afwesigheid van 'n stelselmatige toepassing van geweld, die idee van onfeilbare leierskap is nie erken nie, en 'n aggressiewe uitbreidende buitelandse beleid is nie gevolg nie.¹⁴⁵

Binne hierdie konteks kan Apartheid eerder as 'n uitvloeisel van kolonialisme en die Calvinistiese idees van blanke voogdskap en die behoud van eiesoortigheid gesien word. Laasgenoemde Calvinistiese oorsprong van Apartheid se rassefilosofie moet egter nie oorbeklemtoon word nie. Du Toit het aangetoon dat die beskouing van Afrikaner-uitverkorenheid en die beweerde goddelike oorsprong van rassessekering, waarskynlik nie onder die vroeë Afrikanersamelewing aanwesig was nie en eers teen die laat negentiende eeu binne die volk se politieke ideologie ingedra is.¹⁴⁶ Die invloed wat die fascisme wel op Afrikanemasionalisme en die Apartheidsideologie gehad het, is moeilik bepaalbaar en val buite die bestek van hierdie studie. Daar sal derhalwe met die volgende gevolgtrekking volstaan word.

Volgens Hagemann moet Apartheid as 'n Suid-Afrikaanse verskynsel wat in die politieke, ekonomiese en sosiale geskiedenis van die land gewortel is, beskou word. Ten spyte daarvan dat sommige Afrikaner-intellektuele gedurende die dertigerjare deur Nazi-idees van outoritêre leierskap, anti-

¹⁴² W. Schellack, The Afrikaners' Nazi links revisited, *SA Historical Journal* 27, 1992, pp. 177-179; L.M. Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid 1939-1942*, pp. 173, 298, 306.

¹⁴³ J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 115.

¹⁴⁴ Sien J.C. Moll, *Fascisme ...*, pp. 132-135.

¹⁴⁵ J.C. Moll, *Fascisme ...*, pp. 164-165.

¹⁴⁶ A. Du Toit, No chosen people: The myth of the Calvinist origins of Afrikaner nationalism and racial ideology, *American Historical Review* 88, 1983, p. 951.

Semitisme en 'n korporatiewe ekonomiese stelsel beïnvloed is, kan die direkte invloed van die Nazi-ideologie op Apartheid na 1948 volgens hom nie bewys word nie. Hagemann en Furlong wys ook daarop dat alhoewel enkele Afrikaners soos Diederichs, Meyer, Van Rensburg en Pirow, die invoer van nasionaal-sosialisme na Suid-Afrika voorgestaan het en vele Afrikaners simpatiek jeens die Nuwe Orde in Duitsland was, die meerderheid dit as 'n buitelandse en vreemde ideologie beskou het en, vanweë die Afrikaner se stryd teen imperialisme, 'n te noue deelgenootskap met 'n vreemde moontheid wantrou het. Afgesien hiervan is nasionaal-sosialistiese idees oor ras en volk wel as 'positief' beskou en het dit 'n invloed op die volksiel gehad. Hierdie beskouings is egter nie net onveranderd oorgeneem nie, maar deur Afrikanemasionaliste binne hul eie variasie van Christelike Nasionalisme geïnkorporeer.¹⁴⁷

Alhoewel die HNP-leierskap hulself sedert 1943 al meer van die fascistiese bewegings begin distansieer het, is daar na die oorlog gepoog om al die verskillende Afrikanemasionalistiese faksies, waaronder die radikale regsies en fascistiese simpatiseerders, binne die party te verenig. Na die Nasionale-koalisie se verkiesingsoorwinning in 1948 is dikwels onregverdig beskuldigings van fascisme teen die Suid-Afrikaanse regering gemaak en die Apartheidsbeleid van die Nasionaliste is, sonder inagneming van die verskillende strominge binne die NP, openlik deur teenstanders as 'n vorm van Suid-Afrikaanse fascisme of Nazisme beskryf. Die gevolg hiervan was dat terwyl die Suid-Afrikaanse regering met fascisme gelyk gestel is en alle verwysings na die fascisme in die land met Apartheid in verband gebring is, die ware fascistiese groepe aan die kantlyn van die Suid-Afrikaanse politieke spektrum ongesiens gebly het en op die agtergrond ongestoord met hul bedrywighede kon voortgaan.

¹⁴⁷ A. Hagemann, Very special relations: The 'Third Reich' and the Union of South Africa, 1933-1939, *South African Historical Journal* 27, 1992, p. 147; W. Schellack, The Afrikaners' Nazi links revisited, *SA Historical Journal* 27, 1992, p. 177; P.J. Furlong, Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: an assessment of the historiography, *SA Historical Journal* 27, 1992, p. 119.



HOOFSTUK III

NEO-NAZISME IN SUID-AFRIKA: NOSTALGIESE FASCISME, 1945-1995

" They are neo-Nazis who tour South Africa making speeches on the supremacy of the white man and the need to defend it They go to your country thinking they have found a place where their discredited ideas on racial supremacy can take root and thrive again."

- Prins Hubert zu Lowenstein, Maart 1965

1. Nostalgie se fascisme

Neo-Nazisme word gewoonlik as 'n sambreelterm gebruik om die fascistiese groeperings van die na-oorlogse tyd, dit wil sê die periode na 1945, te beskryf. Dit kan meer spesifiek as die politieke verskynsel waarvolgens kontemporêre fascistiese bewegings beskouings van die nasionaal-sosialisme as rolmodel navolg, gedefinieer word. Die nostalgiese variasie van die neo-Nazisme verwys na daardie bewegings wat die basiese wêreldbeskouing en stryd van die fascistiese tussenoorlogse bewegings opneem, maar dit ook by die veranderende omstandighede en behoeftes van die na-oorlogse wêreld aanpas.²

Die ontdekking aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog van die Holocaust en ander oorlogsmisdade wat deur die aanhangers van die fascistiese ideologie gepleeg is, het hierdie tipe bewegings en die ideologie wat met hulle geassosieer is oor die algemeen gediskrediteer. In Europa het die geharde fasciste meestal ondergronds gegaan en die fascistiese groepe eers werklik teen die sestigerjare meer openlik te voorskyn gekom. Suid-Afrika, wat tydens die oorlog aan die kant van die Geallieerdes geveg het en nie 'n fascistiese regeringstelsel gehad het nie, het nooit dieselfde skuldprobleem as Italië, Duitsland en Frankryk, ondervind nie. Gevolglik het die Suid-Afrikaanse regering nie veel aandag aan die uitroeijing van die fascisme gegee nie en die plaaslike politieke opset het ook veroorsaak dat fascistiese groeperings, alhoewel aan die politieke kantlyn, redelik ongestoord met hul bedrywighede kon voortgaan. Baie van die bewegings het gesentreer rondom individue wat gedurende die oorlogstyd ondersteuners van die fascistiese ideologie in Suid-Afrika was en wat na die oorlog steeds gepoog het om hierdie idees te bevorder, en kan derhalwe hier onder die nostalgiese fascisme ingedeel word.

2. Die Duitsers

a. Nazi-immigrante

Na bewering het Suid-Afrika na die oorlog soos Suid-Amerika, 'n toevlug geword vir Duitse Nazi's, waaronder Nazi-amptenare en lede van die SS, wat Duitse en Duits-Afrikaanse kultuurorganisasies geïnfiltreer en gepoog het om die arrogante rassisme van die Hitler-beweging lewendig te hou. In

¹ Soos aangehaal in B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 72.

² R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 163.

1960 is daar in die *Wiener Library Bulletin*, wat radikale regse organisasies gemonitor het, beweer dat Suid-Afrika naas Argentinië, die grootste groep geharde Nazi's as enige ander land herberg. Die anonieme skrywer het egter ook genoem dat die Nazi's 'n baie klein persentasie van die Duitssprekende bevolking in die Unie en Suidwes-Afrika uitmaak.³ George Harris het beweer dat dit algemeen bekend en goed gedokumenteerd is dat baie Nazi's na Suid-Amerika en Suid-Afrika ontsnap het.⁴ Hy kon egter nie sy bronne vir hierdie bewering op navraag staaf nie en dit is daarom moeilik bepaalbaar of hy hierdie stelling vanweë feitelike inligting of bloot algemeen aanvaarde konvensie geopper het.⁵ Tog het Ingo Hasselbach, wat voorheen by die neo-Nazi beweging in Duitsland betrokke was, ook beweer dat hulle kontak met Nazi's in Suid-Amerika behou het en bygevoeg: "... this is one of the main sources of significant Nazi donations - South America, and also South Africa, in both of which places war criminals own businesses and ranches."⁶

Alhoewel die belangrikste Nazi-leiers meestal na Suid-Amerika gevlug het, is daar gevolglik verskeie bewerings dat enkele oorlogsmisdadigers ook na Suid-Afrika gekom het. Sedert 1950 het die regering se verskerpte immigrasiebeleid glo veroorsaak dat 'n aantal oud-lede van die SS hulle na bewering in Suid-Afrika gevestig het sonder dat enige vroeë gestel is. Baie Nederlandse en Belgiese Nazi's het ook na bewering na Suid-Afrika geïmmigreer en saam met die oud-SS lede vorm hulle die kern van die sogenaamde bittereinders. Daar was ook 'n aantal Duitsers wat vir 20 jaar of meer in Suid-Afrika gewoon en geweier het om te aanvaar dat Hitler 'n ewel was. Die Nazi-beweging in Suid-Afrika het na bewering in die Duitse Klubs van die Unie en die destydse Suidwes-Afrika gefloreer, ten spyte daarvan dat die meeste lede teen Nazi-idees gekant was. Senator Louis Weichardt was byvoorbeeld voorsitter van die Duitse Klub in Kaapstad.⁷

Sommige van hierdie aspirant-immigrante se verblyf in die land was egter kortstondig en enkeles is gedeporteer. *SS-Obersturmführer* (Luitenant) Hans Walter Zech-Nenntwich is in die Duitse hof skuldig bevind aan oorlogsmisdade en 'n vonnis van vier jaar tronkstraf opgelê. Hy het egter kort daarna uit die Brunswick-gevangenis ontsnap en in 1964 sy toevlug in Kaïro gevind waar baie Nazi's na die oorlog gaan skuil het. Tydens die oorlog was hy egter die Geallieerdes met propaganda behulpsaam en is gevolglik as 'n verraaier deur die ander Nazi's in Egipte gebrandmerk. Hy is uiteindelik gedwing om na Suid-Afrika te vlug, maar het hom later aan die Bonn-regering oorgegee.⁸

Theodor Soucek wat na die oorlog deur die Oostenrykse hof ter dood veroordeel en later begenadig is, was 'kanselier' van die Sozialorganische Ordnungsbewegung Europas (SORBE) wat na bewering

³ Anon., Hitlerites' refuge in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960, p. 27.

⁴ G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 3.

⁵ Navraag na sy bronne het die volgende antwoord opgelewer: "...I do not have in my possession all the documentation I used in order to prepare my book and it is therefore difficult to know what gave me the impression that a number of Nazis escaped to South Africa. Whether my argument was based on intuition rather than on something I had read somewhere I really could not say ...". Geskrewe inligting: G. Harris, c/o European Parliament, Bur. 5.075, BELII, 97-113 rue Belliard, B-1047, Brussels, Belgium, gepos 1995-10-6.

⁶ I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 161.

⁷ Anon., Hitlerites' refuge in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960, p. 27; J. Pauw, Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03, p. 18.

⁸ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 321.

in kontak met honderde nasionale verenigings regdeur Europa was. Soucek is deur die neo-Nazi-jeug van Oostenryk en Duitsland as een van hul toekomstige internasionale leiers beskou. Hy het egter na Suid-Afrika geëmigreer waar hy moeilikheid met die polisie opgetel en gedeporteer is. Hy het hom hierna in Madrid gevestig. Die onder-kanselier van SORBE, Konrad Windisch, het in 1955 *Der Trommler (Fighting Journal of Patriotic Youth)* in Wenen gestig. Korrespondente vir *Der Trommler* het ekstremiste in Australië, Suid-Afrika, Brittanje, Ierland, Spanje en Swede ingesluit en daar was ook bewerings van sterk bande met die Tacuara-beweging in Argentinië.⁹

Sommige van die immigrante het deur die jare noue bande met regse bewegings in die land opgebou. 'n Bekende figuur is Heinrich Beissner (ca. 1913-), 'n ou-loods van die Duitse Lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog, wat gereeld by byeenkomste van die AWB en Boerestaats Party opgemerk word. In 1989 het die AWB-lyfblad hierdie "driftige Herr Oberst" as een van die beweging se ywerigste werkers en *Sweepslag* se grootste vriend beskou.¹⁰ Kays Smit, voorheen finansiële sekretaris vir die AWB, het later op sarkastiese toon na hom verwys: "Selfs die gevaarlike SS-offisier, Stuka Vlieënier, Heinrich Beissner van die Duitse Hitler Nazi-beweging, erken hy was nie eers 'n sersant nie, net 'n gewone voetsoldaat."¹¹

Volgens Pauw woon Suid-Afrika se Nazi's, wat veral onder die Duitse en Nederlandse gemeenskappe in Pretoria voorkom, en wat beroepsmense en gesiene lede van die gemeenskap insluit, vir die afgelope vier dekades onder 'n kombens van geheimhouding. Daar is vandag egter baie min oud-Nazi's in Suid-Afrika oor aangesien die meeste reeds dood of bejaard is. Die Duitse gemeenskap, wat graag die herinneringe aan die Tweede Wêreldoorlog sou wou uitwis, swyg ook oor die algemeen oor die Nazi's onder hulle. Die oud-Nazi's, wat steeds 'n heldeverering vir Adolf Hitler en 'n haat teenoor die Jode, swartes en alle nie-Ariërs het, kom ook baie min in die openbaar bymekaar. In die vroeë sewentigerjare was daar 'n groot Nazi-vertoon toe dr. Karl Heusler,¹² een van die groot geeste van die beweging, oorlede is. Hy het 'n ware Nazi-begrafnis gekry, 'n swastikavlag is oor sy kis gedrapeer en die Hitler-saluut is by sy graf gegee. Die ander openbare geleenthede het rondom die vrylating en dood van Rudolf Hess gedraai en sal later bespreek word. Daar bestaan egter volgens Pauw geen formele bond of vereniging van oud-Nazi's nie en soos in ander lande is 'n formele Nazi-organisasie ook in Suid-Afrika verbode. Nazi-groepe regdeur die wêreld behou egter kontak met mekaar en 'n groot fees van oud-Nazi's word elke jaar in München gehou wat ook deur Suid-Afrikaners bygewoon word.¹³

⁹ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 27, 218-219.

¹⁰ *Sweepslag* 1(4), Junie 1989, pp. 6-7; *Boerestaats Nuusbrief* 3, 1990, p. 2.

¹¹ K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, p. 233.

¹² J. Pauw (Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03) verwys na ene dr. R. Heusler, maar dit is waarskynlik 'n fout.

¹³ J. Pauw, Heil Hitler in Pretoria, *Huisgenoot*, 1987-09-03, pp. 18-19.

b. Kontak met die buiteland

Suidelike Afrika was ook die teiken van amptelike en nie-amptelike gesante van Wes-Duitsland waaronder vorige Nazi's en verteenwoordigers van neo-Nazi organisasies. Prins Hubert zu Lowenstein, 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Wes-Duitse regering, wat in Maart 1965 deur Suid-Afrika getoer het, het teen die gevaar van hierdie infiltrasie gewaarsku en genoem dat die bewegings rasbewustheid en wit heerskappy verkondig. Een van hierdie groepe het juis die land besoek terwyl hy hier was.¹⁴

Die neo-Nazi weekblad *Deutsche Wochen-Zeitung* het in Maart 1965 'n besoek van 25 Duitsers aan Suid-Afrika georganiseer. Die groep is deur die redakteur Waldemar Schütz en die kulturele redakteur, Heinrich Hertle, gelei. Schütz was 'n lid van die NSDAP en 'n offisier van die Waffen-SS, terwyl Hertle as sekretaris vir Alfred Rosenberg opgetree het. Onder die besoekers was sakemanne wat 'n studie van die ekonomie van die land kom maak het asook 'n aantal aspirant-immigrante. Die groep is hartlik deur regeringsamptenare ontvang, waaronder die kommissaris-generaal van die Transkei, en het professore, joernaliste, opvoedkundiges en swart amptenare ontmoet. Hulle het verskeie Duitse klubs besoek en met goedkeuring van die apartheidsbeleid gepraat. Hul Duitse kontak in Pretoria was dr. Karl Heusler, die eienaar van die Veritas-Boekwinkel in Pretoria wat verskeie ekstremistiese ultra-regse en anti-Semitiese publikasies verkoop het.¹⁵ Die *Deutsche Wochen-Zeitung* is deur dr Gerhard Frey, leier van die Deutsche Volksunion (DVU) uitgegee. Frey is veral bekend vir sy publikasies wat op anti-Semitiese temas konsentreer en poog om Duitsland se oorlogsgeskiedenis te herskryf.¹⁶

'n Ander besoek wat in 1963 deur die *Deutsche Wochen-Zeitung* gereel is, was dié van Adolf von Thadden wie se ma in Oos-Londen gewoon het. Hy het daarna ook verskeie ander besoeke aan Suid-Afrika gebring en kontak met amptenare van denksoortige organisasies en prominente lede van die NP gemaak.¹⁷ Von Thadden was 'n leidende figuur binne die Deutsche Reichspartei (DRP) wat in 1950 in Duitsland deur ondersteuners van die NSDAP gestig is. Die leier was *SS-Brigadeführer* (Brigadier) Wilhelm Meinberg, 'n oud-lid van die Nazi *Reichstag*. Die Nationaldemokratische Partei Deutschlands (NPD) is in 1964 deur Von Thadden, Fritz Thielen en Waldemar Schütz en ander ondersteuners van die Hitler-regeringstelsel gestig en was tot die tagtigerjare een van die grootste ultra-regse partye in Duitsland. Von Thadden self het tot en met 1971 as leier van die NPD gedien.¹⁸

¹⁴ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, pp. 71-72.

¹⁵ Anon., Neo-Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 19(3), July 1965, p. 47; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 198, 311; D. Childs, The far right in Germany since 1945, in L. Cheles et al., *Neo-fascism in Europe*, p. 72; J.H.P. Serfontein, *Die verkrampde aanslag*, p. 34; sien *Afrika-Spiegel* 31, Juli 1965, p. 6 vir 'n advertensie van die Veritas-Buchhandlung.

¹⁶ R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 340; G. Ford, *Fascist Europe*, pp. 16-17.

¹⁷ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 72.

¹⁸ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 130, 140; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 198; D. Childs, The far right in Germany since 1945, in L. Cheles et al., *Neo-fascism in Europe*, p. 72; E. Zimmermann & T. Saalfeld, The three waves of West German right-wing extremism, in P.H. Merk & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 52, 54.

SS-*Sturmbannführer* (Majoor) Otto 'Scarface' Skorzeny (1908-1975) was een van die stigterslede van die Oostenrykse Nazi-party. In 1939 het hy by die Waffen-SS aangesluit en op 12 September 1943 was hy persoonlik verantwoordelik vir die bevryding van Benito Mussolini, wat deur die nuwe Italiaanse regering gevange gehou is. Op 20 Julie 1944 is Skorzeny, na die mislukte aanslag op Hitler se lewe, tydelik in beheer van die Duitse tuismagte geplaas. In November 1944 het hy die sabotasie-afdeling van die Derde Ryk se Sekuriteitskantoor oorgeneem waar hy verantwoordelik was vir die opleiding van inligtingsagente en terroriste uit regse bewegings in Frankryk, Spanje, Italië en België, sodat die oorlog agter die Geallieerde linies voortgesit kon word. Hy het op hierdie stadium ook 'n groot rol in die beplanning van ontsnappingsroetes vir Nazi-leiers gespeel. In April 1945 is hy deur die Amerikaners gevange geneem, maar in 1948 het hy uit 'n denazifikasiekamp ontsnap waarna hy na bewering deur die CIA gewerf is. Vanaf 1950 het hy sy tuiste in Madrid gemaak maar steeds wyd deur Europa en Suid-Amerika gereis. In 1953 het hy na bewering, onder leiding van die CIA, gehelp om die Egiptiese intelligensiediens op die been te bring en in 1969 het hy as veiligheidsraadgewer vir die Colombiaanse regering opgetree. In 1972 het Klaus Barbie beweer dat Skorzeny die hoof van 'n netwerk van ongeveer 100 000 Nazi-simpatiseerders in 22 lande was. In 1973 was hy ook betrokke by 'n regse sameswering om die Italiaanse regering omver te werp en bewerings van wapenhandel aan Moslem-fundamentaliste en ander organisasies is ook teen hom gemaak. Hy is in 1975 in Madrid oorlede.¹⁹

Skorzeny, wat 'n ingenieursbesigheid in Spanje asook 'n perdeplaas in Ierland gehad het, het Suid-Afrika in 1965 besoek om Spaanse industriële masjinerie by die Randse Paasskou uit te stal. Sy ingenieursbesigheid is na bewering as 'n front vir sy konsultasiedienste in onkonvensionele oorlogvoering gebruik. Senator Louis Weichardt het hom tydens 'n besoek aan Kaapstad as parlementêre gas ontvang. Tydens sy besoek aan Suid-Afrika het hy onder meer verklaar dat as hy sy lewe oor kon hê, hy weer vir Duitsland sou geveg het soos wat hy in die laaste oorlog gedoen het.²⁰ Na bewering het hy Suid-Afrika in November 1972 weer besoek en met hoë offisiere van die Suid-Afrikaanse Weermag ontmoet. Hy het by hierdie geleentheid 'n goue horlosie aan hulle gewys met 'n "M" en die datum van Mussolini se bevryding, "12.9.1943", daarop gegraveer.²¹

Ander bekende en gereelde besoekers aan Suid-Afrika sluit in Manfred Roeder en Thies Christophersen wat later bespreek sal word. Nie alle Nazi-simpatiseerders is egter tot die land toegelaat nie. So laat as 1981 byvoorbeeld, spreek Helen Suzman haar uit teen die toelating tot Suid-Afrika van Gerrit C. Blom, 'n SS-Stormjaer, Nazi-amptenaar en burgemeester van die besette stad Breda tydens die oorlog.²² Karl-Heinz Hoffmann (1937-), leier van die Wehrsportsgruppe Hoffmann (WSG Hoffmann), is ook in 1977 'n toeristevisum vir Suidwes-Afrika geweier.²³ Hoffman het in 1974 die WSG Hoffmann in Duitsland gestig as 'n opleidingsorganisasie vir ultra-regse

¹⁹ G. Harris, *The dark side of Europe*, pp. 4-6; EIR, *Dope, Inc.*, p. 374; W. Stevenson, *The Bormann brotherhood*, pp. 130, 147-154.

²⁰ Anon., Neo-Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 19(3), July 1965, p. 47.

²¹ W. Stevenson, *The Bormann brotherhood*, pp. 148-149, 153.

²² D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, p. 23.

²³ Anon., Antikommunistische Touristen in SA nicht gefragt?, *Der Deutsch-Südafrikaner* 2, März 1977, pp. 2-3.

militante. In 1977 is hy deur die Wes-Duitse regering vir die aanranding van studente en in 1979 vir die dra van 'n Nazi-uniform gevonnis. Sy beweging is in Januarie 1980 verban en was in September 1980 by die bomaanval op die München-bierfees betrokke. Hierna het hy na Beirut verhuis waar hy by Palestynse guerrillagroep betrokke geraak het. In 1986 is hy op aanklagte van vervalsing, die onwettige besit van wapens, ontvoering en die marteling van een van sy volgelinge, vir nege en 'n half jaar tronk toe gestuur. In Julie 1989 is hy op parool vrygelaat. In 'n onderhoud in 1977 het hy aangevoer dat hy nie in die destydse demokrasie in Wes-Duitsland geïnteresseerd was nie en dat 'n diktatorskap met die regte man aan bewind enigiets vir 'n volk kan doen.²⁴

c. Duitse organisasies en koerante

Verskeie regs-gesinde Duitse bewegings en publikasies is deur die jare in Suid-Afrika gestig waarvan sommige van die lede en ondersteuners simpatiek teenoor die Nazi-saak gestaan het. Slegs die enkeles waarvoor inligting gevind kon word, sal hier bespreek word.

i. Deutscher Arbeitskreis

Die Deutscher Arbeitskreis Volkstreuer Verbände im Südlichen Afrika (DAVA) (Werksgroep van Nasionaal Getroue Organisasies in Suidelike Afrika) is in Maart 1967 deur 'n groep Duitsers in Johannesburg gestig. Die hoofspreek tydens die stigtingsvergadering was Rolf Wenzlaff, 'n passer en draaier, wat die standpunte van die NPD ondersteun het. Die leier van die groep, Oskar Sheffler, was 'n motorhandelaar en 'n oud-lid van die NPD. Die doel van die beweging was om die sogenaamde 'skrikbewind' van die Geallieerd-erkende politieke partye in Wes-Duitsland te beëindig en om 'n nasionale bewustheid onder Duitsers in Suid-Afrika te bevorder.²⁵

ii. Kameradschaft ehemaliger Deutscher Soldaten und Internierter

Die oud-soldate vereniging, Kameradschaft ehemaliger Deutscher Soldaten und Internierter, was in 1970 verantwoordelik vir die oprigting van 'n gedenkteken ter ere van diegene wat gedurende die twee wêreldoorloë vir Duitsland gesterf het en veral gedurende die ses jaar lange 'stryd teen die Bolsjewisme en Plutokrasie' van die Tweede Wêreldoorlog hul lewens opgeoffer het. Die monument is op 8 November 1970 in die Duitse gedeelte van die Rebeccastraat-begraafplaas in Pretoria onthul.²⁶ Donasies vir hierdie doel is onder meer bymekaar gemaak deur vertoë in *Afrika-Spiegel* te publiseer en die redaksie het die oprigting van die gedenkteken geregverdig deur te noem dat 'n volk wat nie sy volksgetroue lede eer nie, nie werd is om te bestaan nie en gevolglik sy eie doodstydning skryf. Die oorlog van 1939-1945 is beskryf as 'n lang stryd om die selfbeskikkingsreg van die volk

²⁴ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 137-138; C.T. Husbands, *Militant neo-Nazism in the Federal Republic of Germany in the 1980s*, in L. Cheles et al., *Neo-fascism in Europe*, p. 115.

²⁵ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 73, sien ook p. 72.

²⁶ Anon., *Enthüllung des Ehrenmals für die für Deutschland Gefallenen und Gestorbenen*, *Afrika-Spiegel* 62, Jahreswende 1970/1971, p. 24.

waarin alle Duitsers van alle beroeps- en ouderdomsgroepe sonder enige klasonderskeid saam geveg het. Die finale ondergang is deur verraad en die opset van die wêreldpolitiek veroorsaak. Daar is verder aangevoer dat die gesneuweldes van die Duitse gewapende magte, die slagoffers van die bomterreur teen die vaderland, en diegene wat in die interneringskampe gesterf en geweier het om hulself deur verraad los te koop, met diepe ere en dankbaarheid erken word.²⁷

'n Heldegedenkfees is elke jaar in November deur die Kameradschaft in samewerking met die Akademie für Kultur und Zeitgeschichte by die gedenkteken gehou. In die sewentigerjare is hierdie byeenkomste deur lede van die Soldatenkameradschaften in Windhoek en Pretoria, en die Bond van Oud-Geïnterneerdes, bestaande uit oud-lede van die Ossewa-Brandwag onder leiding van Jan Ackerman, bygewoon. 'n Erewag is gewoonlik deur oud-lede van die vier afdelings van die Duitse gewapende magte, naamlik die weermag, lugmag, vloot en Waffen-SS, gevorm. Kranse is gelê, liedere soos "Der Guten Kamerad" is gesing en grond van gedenkbegraafplase in Europa sowel as van die Baviaanspoort interneringskamp, is soms by die monument gegooi. Hierna is boodskappe uit Argentinië, Brasilië, Berlyn en die VSA voorgelees.²⁸ In 1972 is Rudolf Hess en admiraal Karl Dönitz, Hitler se amptelike opvolger en die laaste president van die Derde Ryk, ook in 'n toespraak vereer. Na Hess is verwys as die 'groot stryder vir die Europese volkevrede' wat deur 'n perverse wêreld gevange gehou is terwyl diegene wat die oorlog aangehelp en daardeur die vernietiging van Duitsland en die bolsjewisering van die ganse Oos- en Middel-Oos-Europa teweeggebring het, volgens die spreker deur 'n geskiedenisontkundige wêreld as belangrike staatsmanne voorgestel is.²⁹

iii. Hulpvereniging "Freiheit für Rudolf Hess"

Rudolf Hess (1894-1987), Hitler se sekretaris en die derde onderleier van die Nazi Ryk, het op 10 Mei 1941 met 'n Messerschmitt-110 vliegtuig na Skotland gevlieg met die beweerde doel om 'n vredesooreenkoms met Brittanje te bewerkstellig. Hitler het kennis van hierdie plan ontken en aangevoer dat Hess kranksinnig geword het. Hess is deur die Britte gevange geneem en in 1946 by die Nüremberg-verhoor tot lewenslange tronkstraf gevonniss. Alhoewel hy onskuldig bevind is aan oorlogsmisdade of misdade teen die mensdom, is hy wel skuldig bevind aan misdade teen vrede. Hy is saam met sewe ander Nazi's in die Spandautronk in Wes-Berlyn gevange gehou, maar teen 1966 was die ander almal reeds vrygelaat en was Hess tot en met sy dood in 1987 die enigste gevangene. Ongeveer \$1 miljoen is jaarliks bestee om die tronk aan die gang te hou en alhoewel die Amerikaanse, Britse en Franse administrasie van die tronk bereid was om hom weens humanitêre redes vry te laat, het die Russe dit vanweë Hess se aandeel in die beplanning van Operasie Barbarossa, die inval van die Sowjet Unie, geveto.³⁰ Op 17 Augustus 1987 het Hess op die

²⁷ Anon., Gefallen und Gestorben für Deutschland, *Afrika-Spiegel* 60, Juli/August/September 1970, p. 6.

²⁸ Anon., Enthüllung des Ehrenmals für die für Deutschland Gefallenen und Gestorbenen, *Afrika-Spiegel* 62, Jahreswende 1970/1971, pp. 24-25; H. Walzl, Heldengedenkfeier 1971, *Afrika-Spiegel* 67, Jahreswende 1971/1972, pp. 7; Anon., Unsere Heldengedenkfeier 1972, *Afrika-Spiegel* 72, Januar/Februar 1973, pp. 8-9.

²⁹ H. Walzl, Heldengedenkfeier 1971, *Afrika-Spiegel* 67, Jahreswende 1971/1972, p. 7.

³⁰ Sien H. Thomas, *Hess*, pp. 51-52; "Hess, Rudolf", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia; M. Satchell, Rendezvous with destiny - Nazi style, *U.S. News & World Report* 103(9), 1987-08-31, p. 13; A. Nagorski, The ghost of Spandau, *Newsweek* 110(9), 1987-08-31, pp. 16-17.

ouderdom van 93 jaar selfmoord gepleeg alhoewel beweringe na die tyd ontstaan het dat hy vermoor is. Sy dood het simpatie onder veral die Duitse regs-gesindes gewek en 'n mars wat sedertdien jaarliks na sy graf in Wunsiedel gehou word, word deur neo-Nazi's uit verskeie lande waaronder Brittanje, Italië, Spanje, die VSA en Skandinawië, bygewoon.³¹

As gevolg van sy onboetvaardige houding en sy lang en eensame aanhouding, is Hess algemeen as die leidende martelaar van die moderne Nasionaal-Sosialistiese beweging beskou en verskeie versoeke om sy vrylating is deur die jare gemaak. Ook in Suid-Afrika het oud-Nazi's in 1976 'n betoging in Pretoria gehou en 'n petisie opgestel waarin die vrylating van Hess bepleit is.³² Die Hulpvereniging "Vryheid vir Rudolf Hess" is mettertyd los van enige politieke of ekonomiese bande in Duitsland gestig met die uitsluitlike doel om die vrylating van Hess uit die tronk te bewerkstellig. Die afgetrede generaal-majoor Max Sachsenheimer Freiburg het as voorsitter gedien met Hess se seun, Wolf Rüdiger Hess, as adjunk-voorsitter.³³ Die eerste vergadering van die Suid-Afrikaanse tak, onder leiding van Rolf Wenzlaff, het op 20 September 1968 in Johannesburg plaasgevind.³⁴

Na Hess se dood het Koos Vermeulen van die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste (ANS) na bewering 'n groot rol in die organisering van 'n gedenkdien vir Hess in Suid-Afrika gespeel. Die diens is op 20 Augustus 1987 in die Pretoria-Wes begraafplaas gehou en wel in dié deel wat vir die Duitse gemeenskap opsy gesit is. Gaste is individueel oor die telefoon genooi en sowat 250 mense, sommige met swastika-lapelwapens, het opgedaag. Onder die gaste was Kays Smit en P.W. Bingle van die AWB, Johan Schabert van die Blanke Bevrydingsbeweging (BBB), Meinhard Peters van die HNP en die buitelandse besoeker Thies Christophersen, 'n oud-soldaat en veral bekend vir sy boek waarin hy die Auschwitz-gebeure 'n leuen noem. Na 'n aantal toesprake, onder andere deur Schabert en Peters, is kranse by die steenmonument wat die gevalle Duitsers van die twee wêreldoorloë herdenk, gelê. 'n Musikale tussenspel het gevolg waarna twee groot swastikavlae stadig deur Vermeulen se twee kinders, geklee in die uniform van die Voortrekkerbeweging, ontplooi is.³⁵

Die voorval het wydverspreide skok in regeringskringe en die Joodse gemeenskap veroorsaak. Die Staatspresident, P.W. Botha, het soos volg gereageer: "Any organisation in this country which wants to start an anti-Jewish campaign will be acting in conflict with the law and convictions of this country, and I, and the Government, will not hesitate to oppose such actions. I reject national socialism and its dictatorial system in the strongest possible terms. The South African Government will not hesitate to act against any individual or organisation which threatens or besmirches any community or minority group in this country."³⁶ 'n Geheime Joodse organisasie, die Jewish Defence Organisation (JDO), 'n

³¹ M. Satchell, *Rendezvous with destiny - Nazi style*, *U.S. News & World Report*, 1987-08-31, p. 13; A. Nagorski, *The ghost of Spandau*, *Newsweek* 110(9), 1987-08-31, p. 17; J. Greenwald, *The inmate of Spandau's last wish*, *Time* 130(9), 1987-08-31, p. 9; I. Hasselbach, *Führer-Ex*, pp. 177-178.

³² J. Pauw, *Heil Hitler in Pretoria*, *Huisgenoot*, 1987-09-03, p. 19.

³³ Pamflet van die Hulpvereniging "Freiheit für Rudolf Hess", *Verklaring deur die gesin Hess*. (Hierdie ou pamflet, daterend ca. 1966, is in 1995 in die posbusse van woonstelblokke in Pretoria versprei).

³⁴ *Afrika-Spiegel* 50, Oktober/November 1968, p. 12.

³⁵ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 78-79.

³⁶ Soos aangehaal in Anon., *Nachruf für Rudolf Hess*, *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, August/Oktober 1987, p. 7.

frontorganisasie vir die militante Amerikaanse Rabbi Meir Kahane se Jewish Defence League (JDL), het die AWB gewaarsku dat hulle nie meer met die Jode van voor die Tweede Wêreldoorlog te doen gehad het nie en voorbereid moes wees om die nagevolge van hul anti-Semitisme te dra. Die huismure van Helmut Kirchner in Randburg is met die Ster van Dawid en die letters "JDO" ontsier omdat hy 'n swastikavlag halfmas in sy tuin gehang het, terwyl anti-BBB slagspreuke op die huis van die BBB-leier, Johan Schabot, aangebring is.³⁷

iv. Duitse koerante

Afrika-Spiegel is sedert 1962 tot Desember 1977 deur Helmut L. von Lichtenfeld in Johannesburg en later Pretoria, uitgegee en het korrespondente in Duitsland, Oostenryk, Switserland en die VSA gehad. Advertensies van buitelandse regse koerante en organisasies is soms geplaas soos Wilfred van Oven se *Deutsche kommentare am Rio de la Plata*, *Nation Europa*, *Der Handwerker* en die Wiking Jugend. Rudolf Hess se vrou, Ilse, het haar gastehuis, Die Bergherberg, daarin geadverteer, terwyl Louis Weichardt ook 'n aantal artikels vir die blad geskryf het. Die koerant was sterk Duits-nasionalisties en ten gunste van die vereniging van Oos- en Wes-Duitsland. In 1976 is 'n advertensie geplaas wat soos volg gelui het: "Deutschland 30 Jahre besetzt! 1945-1975. Nie vergessen. Immer daran denken."³⁸ Von Lichtenfeld, 'n vlootoffisier gedurende die Tweede Wêreldoorlog, was ook voorsitter van die Akademie für Kultur und Zeitgeschichte en het in hierdie hoedanigheid die jaarlikse heldegedenkfees in die Rebeccastraat-begraafplaas toegespeek. In 1977 het hy 'n pos by die *Deutsche Wochen-Zeitung* in Rosenheim, Duitsland, aanvaar en het die laaste uitgawe van *Afrika-Spiegel* gevolglik in Desember 1977 verskyn.³⁹

Der Deutsch-Südafrikaner is sedert Februarie 1977 tot en met 1989 as 'n onafhanklike maandblad in Swakopmund deur Wolfgang Rolf Schirmer uitgegee. Berigte uit verskeie regse koerante is in die koerant geplaas waaronder *Nation Europa*, *The Spotlight*, *La Plata Ruf*, *Die Afrikaner*, *The Thunderbolt*, *South African Observer*, *Deutsche Wochen-Zeitung*, *Die Bauernschaft* van Thies Christophersen, die *AWB-Bulletin*, asook advertensies en artikels van organisasies soos die United Klans of America, die National Alliance, die Britse League of St. George en die Wiking Jugend. Advertensies van Kritik-Verlag en Samisdat Verlag het ook verskyn, terwyl enkele artikels van Manfred Roeder gepubliseer is. Die koerant was oor die algemeen sterk Duits-nasionaal, anti-kommunisties en anti-Semities georiënteerd en ten gunste van blanke heerskappy en die Historiese Revisionisme.⁴⁰ 'n Aanhaling in 1988 het byvoorbeeld gelui: "Wer an die '6 millionen' glaubt - dem hat man das him geraubt"⁴¹.

³⁷ Anon., Visa that was revoked, *S.A. Observer* 32(11), August 1988, p. 13.

³⁸ Sien *Afrika-Spiegel* 88, 1976-01-20, teenoor p. 9. Vertaling: "Duitsland 30 jaar beset! 1945-1975. Moet nooit vergeet nie. Dink altyd daaraan".

³⁹ Sien *Afrika-Spiegel* 19, April 1964 - 100, 1977-12-16.

⁴⁰ Sien *Der Deutsch-Südafrikaner* 1, Februar 1977 - 53, Juni/Juli 1989.

⁴¹ Sien *Der Deutsch-Südafrikaner* 51, April/Mai 1988, p. 1. Vertaling: "Wie aan die '6 miljoen' glo is van sy brein beroof".

3. Die Suid-Amerikaanse verbintenis

Dit is reeds genoem dat Suid-Afrikaanse Duitsers die blad van Johannes von Leers, *Der Weg*, in Argentinië help finansier het. Hierbo is bygevoeg dat artikels van Duitse publikasies in Suid-Amerika ook in regse Suid-Afrikaanse Duitse koerante verskyn het. Kontak tussen Suid-Afrikaners en fascistiese ekstremiste in Suid-Amerika het egter verder gestrek as die blote uitruil van propaganda.

Gedurende die vroeë sestigerjare het Suid-Afrika 'n vlaag van anti-Semitisme beleef. Dit het waarskynlik 'n verband gehad met die skending in Desember 1959 van die Keulen-sinagoge in Duitsland wat wêreldwyd anti-Semitiese voorvalle veroorsaak het. Die Israeli's se ontvoering in Mei 1960 van Adolf Eichmann uit Argentinië vanweë sy aandeel in die Holocaust as die vervoerbestuurder van die Finale Oplossing, en sy gevolglike teregstelling in Jerusalem in Mei 1962, het waarskynlik ook 'n rol gespeel. In Januarie 1960 is die Wolmaransstraat-sinagoge in Johannesburg deur dinamiet beskadig en in 1961 is die voordeur van die Pretoria-sinagoge in 'n ontploffing verniel. In Junie 1962 was daar dinamietontploffings by die Joodse oorlogsgedenkteken in die Wespark-begraafplaas in Johannesburg en by die sinagoge in Kaapstad. In 1964 is die Pretoriase begraafplaas deur anti-Semitiese graffiti geskend.⁴²

Die speurder wat die Wolmaransstraat-ontploffing ondersoek het, het bevind dat 'n Argentynse fascistiese beweging, die Tacuara, vir baie van die voorvalle verantwoordelik was. 'n Aantal Hongaarse besigheidslui wat hulle na die val van die Nazi-regering in Suid-Afrika gevestig het, het die beweging glo finansiëel en moreel ondersteun. 'n Geheime altaar versier met 'n portret van Hitler, 'n swastika-vlag, Nazi-embleme en kopieë van *Mein Kampf*, is in 'n Johannesburgse woonstel ontdek. 'n Groot aantal dokumente en pamflette vanaf Suid-Amerika met instruksies oor die maak en gebruik van ploffstowwe, asook strooibiljette vol rassistiese propaganda, is ook gevind. Die pamflette is in Buenos Aires gedruk en maandeliks in groot bondels na Suid-Afrika gesmokkel. Dit was duidelik dat die Tacuara besig was om 'n ondersteuningsbasis in Johannesburg en ander Suid-Afrikaanse stede op te bou. Die polisie het bevind dat hierdie hoogs geheime fascistiese organisasie deels vir die ontploffings buite sinagoges en ander Joodse geboue en winkels, die aanbring van swastikas op mure en die vlaag anti-Semitiese graffiti in verskeie stede, verantwoordelik was.⁴³

Die Tacuara-beweging is in 1930 deur 'n hoërskoolkolier, Juan Queraltá, in Argentinië gestig. Die woord *tacuara*, wat spies in die inheemse taal beteken, verwys na die negentiende-eeuse *gauchos* wat onder die geharde diktator Juan Manuel de Rosa gedien het. Lede van die Tacuara is deur oud-SS en ander Nazi's, wat na die oorlog hul toevlug tot Argentinië geneem het, militêr opgelei en met 'n rassistiese ideologie geïndoktrineer. Hierdie jeugbeweging het hoofsaaklik bestaan uit die seuns van ryk aristokratiese families, grondeienaars en hoë offisiere van die weermag. Na die val van Juan

⁴² D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 297, 306-307; B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 69; A. Pretorius, Een se Nazi-jag laat wêreld onthou, *Beeld*, 1995-08-25, p. 9.

⁴³ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 296-297.

Domingo Perón se regering in 1955 het baie Nazi's uit Argentinië gevlug of, soos die Tacuara, ondergronds gegaan. Met die ontvoering van Eichmann het 'n hernude groei in die Tacuara en soortgelyke bewegings plaasgevind en 'n skielike vlag van terrorisme is teen die Jode van stapel gestuur. Gedurende die sestigerjare het die beweging 'n 'Heil Tacuara' saluut gehad asook slagspreuke soos "Patriotisme ja - Jode nee". Daar was na bewering tot 7000 aktiewe lede in Buenos Aires, maar daar was ook ondersteuners en lede in ander dele van die land, ander Suid-Amerikaanse state, asook in Suid-Afrika. Anti-Semitisme, wat tot 'n groot mate bloot gebruik is om onrus te stook, het die hoeksteen van hierdie opruiende en gewelddadige beweging gevorm. Die Tacuara self het aangevoer dat hulle met die een hand die kapitalisme en Sionisme en met die ander een die kommunisme beveg.⁴⁴

Die Tacuara het, afgesien van Suid-Afrika, verskeie internasionale bande met onder meer *Der Trommler* in Oostenryk en die Aryan Knights of the Ku Klux Klan in die VSA, gehad.⁴⁵ Volgens Farago was die Tacuara egter bloot 'n onderafdeling van 'n groter en meer sinistere beweging, die Tercer Mundo. Dit het ontwikkel uit 'n geheime konvensie wat in 1942 deur Argentinië se mees reaksionêre en pro-Nazi elemente gehou is. 'n Aksieprogram is uitgereik met die doel om nie net mag in Argentinië oor te neem nie, maar om ook die ideologiese oomame van Latyns-Amerika in samewerking met Nazi-Duitsland en die hiërargie van die Rooms Katolieke Kerk, te bewerkstellig. President Perón van Argentinië was een van die stigterslede en leiers vir ongeveer elf jaar. Na sy val in 1955 het kol. Juan Francisco Guevara die leierskap oorgeneem en ook vir die geleidelike paramilitarisering van die Tacuara as 'n vleuel van die beweging, gesorg. Mettertyd het verskeie splintergroepe rondom die sentrale idee gevorm totdat dit in die laat sestigerjare in die konsolidasie van al hierdie groepe in die Movimiento Sacerdote Pra el Tercer Mundo (Heilige Beweging vir 'n Derde Wêreld) gekulmineer het.⁴⁶

Die Tercer Mundo was 'n wêreldwye anti-kommunistiese koalisie van reaksionêre magte, bestaande uit inheemse Suid-Amerikaanse fasciste, radikale oorblyfsels van die Nasser-revolusie in Egipte, en selfs neo-Samurais in Japan, en is gesien as 'n globale opvolger vir Hitler se Nuwe Orde. Teen 1968 was daar takke in Portugal, Spanje, Italië, België, Libië, Algerië, Egipte, Irak, Jordanië, Iran, Taiwan, Japan, Paraguay, Bolivië, Peru en Venezuela. Finansiële hulp is na bewering vanaf beleggings van die weggesteekte skat van die Derde Ryk in Spanje, Portugal, Italië, Parys, Monaco, Luzern, Zürich asook die persoonlike skatkis van Perón, verkry.⁴⁷ Alhoewel daar nie enige verwysings na 'n Suid-Afrikaanse tak is nie, is die groepering waarskynlik plaaslik deur die Tacuara-beweging verteenwoordig.

⁴⁴ Sien D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 279-280, 287-289; L. Farago, *Aftermath*, p. 395.

⁴⁵ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 219, 125.

⁴⁶ L. Farago, *Aftermath*, pp. 395-396.

⁴⁷ L. Farago, *Aftermath*, pp. 395-396.

4. Die Britse bewegings

Ten spyte van Brittanje se algemene beeld gedurende die Tweede Wêreldoorlog as teenstander van die Nazisme, was daar afgesien van lede van die Britse fascistiese bewegings, ook pro-Duitse simpatiseerders onder die regerende elite wat teen Churchill se oorlogsverklaring gekant en ten gunste van vrede met Duitsland was.⁴⁸ Volgens Van Rooyen was die Engelssprekende bevolking in Suid-Afrika ook, ten spyte van hulle liberale beeld, nooit werklik afsydig jeens politieke konserwatisme en rassevooroordeel nie, en het die toename in Britse immigrante sedert 1945 die voorkoms van rassisme onder hulle versterk. Verskeie van hierdie immigrante was die fascistiese saak goedgesind: "South Africa was especially popular among those British immigrants who already carried with them the baggage of racial prejudice and were attracted by South Africa's image of being a country 'where the white man knew how to keep the black man in his place' ..."⁴⁹

So vroeg as Oktober 1949, byvoorbeeld, is die Brit J.L. Battersby, agt maande na sy aankoms in Suid-Afrika, as ongewenste immigrant verklaar. Hy het onder meer 'n kwartaalblad, *Nation. Towards a Gentile World Front*, wat as Hitler-vererend en anti-Semities beskryf is, gepubliseer. Hy het ook probeer geld insamel vir die immigrasie van geskikte Ariese weeskinders en daar was selfs sprake van 'n Hitler-sentrum in Newcastle.⁵⁰ Na-oorlogse Britse fascistiese bewegings se invloed het ook tot hier gestrek en takke is selfs in Suid-Afrika gestig. Van die bekendstes was die bewegings wat rondom die politieke sienings van Oswald Mosley gevorm is.

a. Die Mosleyiete

i. Oswald Mosley

Sir Oswald Emald Mosley (1896-1980) was gedurende die twintigerjare lid van die Britse parlement vir onder meer die Konserwatiewe Party, die Arbeiders en later vir sy eie wegbreekgroep, die New Party. Nadat 'n memorandum wat hy in 1930 oor ekonomiese hervorming aan die parlement voorgelê het, verwerp is, het hy met die politieke stelsel ontnugter geraak. In 1932 stig hy die British Union of Fascists (BUF), bestaande uit paramilitêre groepe met swart uniforms wat gereeld in straatgevegte met kommuniste en linkse militante betrokke was. Die beweging het kontak gehad met verskeie Fascistiese bewegings in Europa en spesifiek met Mussolini en het teen die laat dertigerjare onder die invloed van die Duitse Nasionaal-Sosialiste gekom. Vir Mosley was 'n ekonomiese oplewing die sleutel om Engeland tot sy vroeëre glorie te herstel. Die BUF het derhalwe 'n sentrale, korporatiewe en outarkiese ekonomie onder 'n sterk regering en los van die liberale demokrasie, voorgestaan. Anti-Semitisme en die idee van 'n internasionale Joodse sameswering het ook sterk in

⁴⁸ Sien J. Costello, *Ten days that saved the West*, pp. 102, 113-115.

⁴⁹ J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 103-104.

⁵⁰ Anon., *Hitler's friends in South Africa*, *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), 1950, p. 20; J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 152.

die beweging se retoriek gefigureer. In 1940 is die meeste van die leiers van die BUF, waaronder Mosley, geïnterneer en het die beweging vanself doodgeloop.⁵¹

Mosley het reeds gedurende die dertigerjare die idee van 'n verenigde fascistiese Europa probeer bevorder, 'n tema wat sedert die oorlog 'n deel van die hoofstroom fascistiese denke geword het. Gedurende sy internering het hy sy fascistiese visie uitgebrei en verander. Hy het geglo dat die eng nasionalisme van die Fascisme en Nazisme plek moes maak vir 'n pan-Europese nuwe orde. Dit sou as 'n soort 'derde weg' tussen die kommunisme en kapitalisme dien, en sterk klem is op die rol van die leier en die 'wil' gelê. Dit was 'n sintese tussen die fascisme en demokrasie, en ook 'n soeke na hergeboorte in 'n poging om 'n nuwe vorm van die menslike natuur te skep, naamlik 'n dinamiese en mededingende mens wat nie geldgesentreerd of individualisties was nie.⁵²

Na sy vrylating in 1943 het hy probeer om hierdie idees in sy beweging te laat herleef en in 1946 is 'n onsuksesvolle opvolgbeweging van die BUF, die British Union of Ex-Servicemen and Women, deur Mosley se sekretaris, Jeffrey Hamm, gestig. Hamm is na bewering gedurende die oorlog in Suid-Afrika geïnterneer. Mosley het die na-oorlogse tydperk hoofsaaklik in selfopgelede bannelingskap in Frankryk uitgedien terwyl hy vir die ekonomiese krisis in Brittanje, wat hy geglo het hom aan bewind sou bring, gewag het. In 1948 stig hy die Union Movement en in 1950 het hy 'n fascistiese kongres in Rome en in 1951 die Malmö-konferensie waartydens die European Social Movement gestig is, bygewoon. Mosley het groot klem gelê op internasionale bande tussen regse bewegings en het gereed met ekstremiste soos Rudel, Skorzeny en Almirante, beraadslaag. Teen die middel van die vyftigerjare was die Union Movement feitlik tot niet alhoewel dit nog tot die laat sewentigerjare deur Hamm gelei is. Mosley se idees is egter steeds in die tydskrifte *Action* en *The National European* gepubliseer. In 1974 het 'n skeuring binne die beweging tot die stigting van die League of St. George gelei, en in 1978 het die Action Society met Hamm as leier by die Union Movement oorgeneem. Die Action Society het die pan-Europese model nagevolg waarvolgens die skep van 'n nuwe magsblok bestaande uit Wes-Europa en die lande van die ou Statebond met blanke regerings, waaronder dus ook Suid-Afrika, bepleit is.⁵³

ii. Die Mosleyiete in Suid-Afrika

Oswald Mosley was na die oorlog 'n gereelde besoeker aan Suid-Afrika en is selfs deur die Eerste Minister en ander lede van die Kabinet ontvang. Hy het op 'n stadium twee funksionerende takke van sy beweging in Suid-Afrika gehad met Derek Alexander as sy hoofagent in Johannesburg. Hy het ook 'n tak van die Europa-Africa Association, wat 'n tweeweeklikse tydskrif, *Action*, gepubliseer het, in

⁵¹ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 323; H.R. Kedward, *Fascism in western Europe 1900-45*, pp. 88-90; S. Taylor, *The radical right in Britain*, in P.H. Merk & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 167-168; "Mosley, Sir Oswald Ernald", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

⁵² R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 174, 323; R. Eatwell, *Why has the extreme right failed in Britain?*, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 176.

⁵³ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 294, 323, 328; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 323; R. Eatwell, *Why has the extreme right failed in Britain?*, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 176; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 34-35, 38-40; G. Harris, *The dark side of Europe*, p. 31.

Johannesburg gestig. In 1959 is 'n tak van die internasionale European National Movement in Suid-Afrika onder die leierskap van Alexander gevorm.⁵⁴

In 1960 is 'n boikot van Suid-Afrikaanse goedere deur die Britse publiek, wat teen die rassebeleid van die Verwoerd-regering gekant was, deur die Union Movement teëgestaan. Mosleyiete en ongeveer 10 000 boikotters het later op Trafalgarplein in Londen gebots. Mosley se amptelike standpunt jeens Apartheid was dat dit oor die hele Afrikaanse vasteland ingestel moes word.⁵⁵ Tydens sy laaste besoek aan Suid-Afrika teen die middel sestigerjare, het hy aangekondig dat hy sy planne laat vaar het om sy Union Movement in Suid-Afrika te vestig, omdat hy nie 'n opposisie vir die NP wou stig nie. Volgens hom moes Afrika in wit en swart gebiede verdeel word en het hy Suid-Afrika uitgesonder as een van die gesondste plekke in die wêreld en Britse immigrante aangemoedig om by die NP aan te sluit. Hy het bygevoeg dat Suid-Afrika reeds vir baie generasies op die voorgrond van die rasseverhoudingsprobleem gestaan het en 'n voorbeeld vir die afsonderlike ontwikkeling van die rasse gestel het.⁵⁶

Een van Mosley se ondersteuners, William Webster, 'n professionele bokser, het Suid-Afrika in 1962 besoek met die doel om £100 000 van simpatieke sakelui in te samel. Die fondse sou in die Britse verkiesing aangewend word om honderd Mosley-kandidate in die verkiesing te plaas, sodat die Arbeidersteun verdeel kon word en die Konserwatiewe Party weer 'n oorwinning kon behaal.⁵⁷ Volgens Webster was die NP in Suid-Afrika op die regte pad met hul beleid: "They are much shrewder than you think. They are following the same path as Hitler did, but they will not be as hasty as he was. They are going very slowly now, but they will smash their enemies in the end."⁵⁸ Hierdie vyande het hy soos volg omskryf: "I don't have to tell you the Nazis went for the Jews and the Communists."⁵⁹ Hy het ook aangevoer dat die Mosleyiete slagspreuke teen die 'Swart Gevaar' in Brittanje as propaganda vir hul verkiesingsveldtog gebruik: "Beware of the Black man - he will steal your job, then your wife, and you will end up in his cooking-pot."⁶⁰

b. Die Candour League

i. A.K. Chesterton

Arthur Kenneth Chesterton (1899-1973), die neef van die bekende skrywer G.K. Chesterton, het op sestienjarige ouderdom by die Suid-Afrikaanse Infanterie aangesluit en gedurende die Eerste Wêreldoorlog in die Duits-Oos-Afrika-veldtog en later as offisier aan die Wesfront in Europa geveg. Op negentien het hy bevel oor 'n kompanie gevoer en die Militêre Kruis vir sy deelname in die aanval

⁵⁴ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 70; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 307.

⁵⁵ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 39.

⁵⁶ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 70.

⁵⁷ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 307-308.

⁵⁸ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.

⁵⁹ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.

⁶⁰ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.

op die Hindenburglyn ontvang. Volgens 'n biografiese beskrywing agter in sy boek, *The new unhappy lords*, was hy in 1922 instrumenteel om 'n einde aan die Rooi Opstand aan die Witwatersrand te bring deur 'n bajonetaanval op die rebellehoofkwartier in Fordsburg te lei. Oberholster se werk oor die mynwerkerstaking maak egter geen melding van Chesterton se aandeel nie.⁶¹ In 1933 het hy by die BUF aangesluit en was onder meer redakteur van die beweging se nuusbrief, *Blackshirt*, hoof van Publisiteit en Propaganda, en Mosley se biograaf. In 1938 het hy vanweë verskeie oorsake die taktiek en organisasie van die BUF, finaal met Mosley gebreek. Chesterton was een van die min BUF-leiers wat nie geïnterneer is nie en wat aan die Tweede Wêreldoorlog, as deel van die Britse magte in Somalië en Ethiopië, deelgeneem het. Hy was 'n joernalis wat vir nege jaar onderredakteur en hoofartikelskrywer vir *Truth* was totdat hy die redakteurskap van die *London Tidings* oorgeneem het. Vir vyf jaar het hy ook gereeld artikels oor internasionale aangeleenthede vir die *Journal* van die Royal United Service Institution geskryf voordat die Britse Oorlogskantoor sy artikels laat onderdruk het.⁶²

Chesterton het 'n obsessie gehad met die magte van verval en agteruitgang wat gedreig het om Brittanje te oorstrom en was tot en met sy dood die vertolker van 'n samesweringsteorie wat op die Joodse finansiers gefokus het. Hiervolgens was die Jode in 'n sameswering betrokke om nie net die Britse Ryk nie, maar die hele Ariese ras, te vernietig. Hy het homself na die oorlog van Mosley se pogings om die fascisme te laat herleef, gedistansieer, sy rassenasionalisme en anti-Semitisme aangepas en in plaas van 'n wedergebore Europa, eerder op 'n herbesiepte Britse Ryk gefokus.⁶³ In 1947 het hy onder meer verklaar dat die fascisme gefaal het: "It failed so disastrously that it is impossible even to mention the word without invoking, not what its adherents meant when they used it, but what its deadliest enemies intend people to believe it to have meant. And that is defeat indeed! ... [Fascism] has only been made to appear unreasonable because National Socialist Germany and Fascist Italy both turned lunatic, preferring military glory to ordered tranquillity and thereby furthered the cause of their own destruction. Because of their excesses ... these regimes invested Fascism with so rank an odour that even such sanity as it contained is now held suspect."⁶⁴

In 1953 stig Chesterton sy eie tydskrif *Candour*, wat wit heerssugtige sienings, anti-Semitisme, en die geloof in 'n Joodse sameswering vir wêreldoorheersing, verkondig het. In 1954 stig hy die League of Empire Loyalists (LEL) wat daarin gespesialiseer het om, uit protes teen die afbreek van die Britse Ryk deur die toekenning van onafhanklikheid aan die kolonies, byeenkomste van die Konserwatiewe Party te ontwrig. Die beweging is in 1967 in die National Front (NF) geïnkorporeer waarin Chesterton tot 1971 as voorsitter gedien het. In 1971 het hy die NF verlaat vanweë die neo-Nazistiese sienings

⁶¹ Sien A.G. Oberholster, *Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922*, (Pretoria, 1982).

⁶² Sien A.K. Chesterton, *The new unhappy lords*, teenoor p. 224; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 178; S. Taylor, *The radical right in Britain*, in P.H. Merk & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 168.

⁶³ R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 178, 322.

⁶⁴ A.K. Chesterton, *The importance of being Oswald*, *London Tidings* 85, 1947-11-29, soos aangehaal in R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 323.

van die res van die leierskap en *Candour* met hom saamgeneem. Na sy dood in 1973 het Rosine de Bounevialle die redakteurskap van die tydskrif oorgeneem.⁶⁵

Enkele Britse ekstremiste het gedurende die vyftigerjare by die LEL aangesluit en hul regse politieke skoling hierdeur ontvang. Die meerderheid lede van die LEL was egter konserwatiewes eerder as fasciste. Van die jonger radikale regsies het met tyd weggebreek en by die meer ekstremistiese bewegings, soos die Britons Society, die National Socialist Movement en die Greater Britain Movement, aangesluit. 'n Voorbeeld is Colin Jordan wat in 1955 by die LEL aangesluit maar die beweging te gematigd gevind het, en mettertyd tot een van Brittanje se aktiefste neo-Nazi opswepers ontwikkel het. In 1958 het hy die White Defence League en in 1962 die National Socialist Movement en die World Union of National Socialists (WUNS) gevorm.⁶⁶

ii. Die Candour League of South Africa

Chesterton het Suid-Afrika gereeld besoek en het noue bande met die leiers van die NP en die Rhodesian Front gehad. In Maart 1964 het hy 'n byeenkoms in die Hotel Cecil in Kaapstad toegesprek wat tot die stigting van die Kaapse tak van die Candour League gelei het. 'n Tak van die beweging is ook in Rhodesië gevorm.⁶⁷

Die Candour League of South Africa was ten gunste van wit heerskappy. 'n Teenboikot is begin teen lande soos Swede wat 'n sterk boikotbeweging teen Suid-Afrikaanse goedere gevoer het. Die blanke regering van Ian Smith in Rhodesië is ondersteun en 'n noodfonds vir Rhodesiese aankope is gestig. Die beweging het 'n lys uitgegee van die Britons Publishing Society, wat kopieë van die Protokolle van die Oudstes van Sion versprei en boeke waarin die Nüremberg-verhore, vrymesselary en Katolisisme aangeval is, verkoop het.⁶⁸

5. Afrikanerbewegings

Afgesien van hierdie buitelandse bewegings, het enkele inheemse fascistiese groeperings ook onder die Afrikanergemeenskap ontstaan. In die vorige hoofstuk is gesien dat 'n groot deel van die Nasionale Afrikanerdom deur die fascisme se klem op nasionalisme beïnvloed is en dat baie van die vooroorlogse fascistiese bewegings na die oorlog bly voortbestaan het. Die Gryshemde is in Mei 1950 amptelik ontbind alhoewel Weichardt tot en met 1970 aktief in die politiek betrokke was. Die Ossewa-Brandwag is eers in 1954 ontbind terwyl die Nuwe Orde teen 1958 opgehou funksioneer het. Ook Robey Leibbrandt het hom tot en met sy dood in 1966 steeds met die politiek bemoei. Een van

⁶⁵ C. Ó'Maolain, *The radical right*, pp. 299, 325; R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 178, 322; S. Taylor, The radical right in Britain, in P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 168.

⁶⁶ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 52; S. Taylor, The radical right in Britain, in P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 169; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 177; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 325.

⁶⁷ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71.

⁶⁸ B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 71; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 308.

die bekendste van die sogenaamde hempbewegings wat na die oorlog bly voortbestaan het, was die Boerenasie wat vervolgens bespreek sal word.

a. Die Boerenasie

i. Stigting

Die Boerenasie was 'n nasionaal-sosialistiese beweging wat in 1940 deur Salmon Gerhardus Maritz (1876-1940) gestig is en vir 'n kort tyd prominensie onder sy leierskap verkry het. Genl. Manie Maritz, soos hy beter bekend was, was 'n lid van die ZAR-polisie en het reeds gedurende die Anglo-Boereoorlog vanweë sy onverskrokkenheid bekendheid verwerf. Na die beëindiging van die oorlog het hy geweier om hom oor te gee en via Duitswes-Afrika na Europa uitgewyk. In 1907 het hy teruggekeer en in 1912 'n aanstelling in die Suid-Afrikaanse Polisie aanvaar. In 1914 was hy 'n offisier in die Unie Verdedigingsmag en het aan die mislukte Rebelle deelgeneem. Hierna het hy in selfopgelegde bannelingskap in Angola, Spanje, Portugal en Mosambiek gewoon totdat hy in 1923 na Suid-Afrika teruggekeer en drie jaar gevangenisstraf vir hoogverraad opgelê is. Hy is egter in 1924 vrygelaat. Teen 1936 het hy onder die invloed van die nasionaal-sosialisme gekom en in 1940 het hy die anti-parlementêre Volksparty en later die Boerenasie, gestig. Teen hierdie tyd het hy ook sy teorie oor die beweerde Joodse sameswering en inmenging in die Suid-Afrikaanse en wêreldpolitiek, wat hy in sy outobiografie, *My lewe en strewe*, uiteengesit het, ontwikkel. Hy is op 20 Desember 1940 in Pretoria in 'n motorongeluk oorlede.⁶⁹ Die onderleier van die Boerenasie, D.A.J. de Flamingh, voorheen een van die leiers van die Swarthemde, is in 1941 vanweë sy pro-Nazi aktiwiteite geïnterneer. Kolonel Laas, die eerste leier van die Ossewa-Brandwag, het ook vir 'n kort tyd by die Boerenasie aangesluit.⁷⁰

Die beweging is gedurende die sestigerjare deur 'n Natalse boer, 'kommandant-generaal' Ray K. Rudman, gelei. Die geskiedenis van die Boerenasie tussen die veertiger- en sestigerjare is onbekend en dit is onduidelik of Rudman die organisasie heropgerig en of dit in die voorafgaande twee dekades bly voortleef het. Rudman het reeds in die dertigerjare as fascistiese opsweper begin en was 'n generaal in die OB en ook een van die leiers van die Gryshemde. Hy het in die vyftigerjare berug geword vir sy openlike en venynige anti-Semitisme. Hy het vir 'n aantal jare propaganda versprei oor die sogenaamde Joodse bedreiging en die deportasie van alle Jode na Madagaskar voorgestel. Hy het ook 'n verering vir Nazi-Duitsland gehad, "... whose leaders ... were 'murdered at sham 'Nuremberg' for being 'guilty' for daring to try to prevent the satanic and blood-thirsty warmongers from exterminating their nation.'⁷¹ Sy pamflette was na bewering van 'n swak drukgehalte en vol

⁶⁹ J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, pp. 42-43; sien ook M. Maritz, *My lewe en strewe*, (Johannesburg, 1939).

⁷⁰ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 304-305; B. Bunting, *The rise of the South African Reich*, p. 84; P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 38.

⁷¹ Soos aangehaal in Anon., *Hitler's friends in South Africa*, *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), ca 1950, p. 20.

spel- en grammatikafoute. Hy het verder die Aryan Bookstore by Pietermaritzburg beheer wat anti-Semitiese propaganda en ander pro-Nazi materiaal versprei het.⁷²

ii. Ideologiese beskouings

Volgens Rudman was die Boerenasie 'n Nordiese organisasie wat Engelse, Afrikaners, Noorweërs, Duitsers en ander blanke volke binne hul geleedere wou hê. 'n Tak van die Boerenasie was juis die South African Anglo-Nordic Union wat ten doel die beskerming van die Protestantse erfenis gehad het en bande met soortgelyke bewegings in Skandinawië gevorm het. Die duplikasie van Rudman se pogings in twee verskillende bewegings met presies dieselfde doelstellings, is volgens Eisenberg 'n interessante weerspieëling op Suid-Afrika se omstrede rassevraagstuk. Die Boerenasie het die Afrikaanse fasciste getrek en die Nordic Union die Engelse: "The two communities have never really hit it off in South Africa, and even when there are such great links as a common admiration for Adolf Hitler and a united belief in national-socialism, his followers still decline to show brotherly love and insist on serving under two separate flags."⁷³

Die beweging was anti-Katoliek, anti-Indiër, anti-liberaal, anti-Joods, anti-kommunisties en gebaseer op Hitleriaanse ideale. Volgens Rudman: "The utterances of all prominent Jews and Communists are being filed for reference. We stand for the blood question. Blood is everything, and the biggest crime of those who are our members is to mix their blood."⁷⁴ Alle Indiërs moes na Indië gerepatrieer word en alle Jode na Israel, terwyl swartes geen staatsopvoeding moes ontvang nie. Rudman is teleurgestel deur die beleid van Verwoerd wat hy as te liberaal beskou het.⁷⁵ Volgens hom was dit verraad van die witman se erfenis om aan swartes sekere gebiede van die land te gee waar hulle hul eie state kon vorm en hy het sonder skroom genoem: "The kaffirs should be given nothing ..."⁷⁶. Volgens die sekretaris, luitenant-generaal C.F. Vermaak, het die Boerenasie gehoop om die kleurprobleem deur middel van Derde Ryk-metodes op te los: "Unfortunately I cannot here explain our solution for the colour question; but you will be able to form a rough idea of it if you turn your thoughts back to the Third Reich."⁷⁷

Die demokratiese staatsvorm is verwerp en sou deur 'n stelsel gebaseer op verantwoordelike leierskap en beroepsverteenvoording vervang word. Die beweging het filosofies na 'n Hegeliaanse staat gestrewe, naamlik die verering van die staat en die koördinasie van individuele belange met die geheel. Volgens die bekende filosoof G.W.F. Hegel (1770-1831) was die individu slegs volledig binne sosiale verwantskap en kon plig slegs binne 'n sosiale konteks bestaan. Die staat was vir hom

⁷² Anon., Hitler's friends in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), ca 1950, p. 20; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.

⁷³ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 305.

⁷⁴ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.

⁷⁵ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 304, 306; J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 153.

⁷⁶ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 306.

⁷⁷ Anon., Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962, p. 13.

die manifestasie van die algemene wil en die hoogste uitdrukking van die etiese gees. Lidmaatskap van die staat was daarom een van die individu se grootste pligte.⁷⁸

In September 1962 het Rudman 'n belangrike rol in die stigting van 'n nuwe party, die Suid-Afrikaanse Blanke Werkersbond, gespeel. Die beweging was ekstreem rassisties en het ten doel gehad die nasionalisering van alle minerale rykdomme, die afskaffing van die 'verraderlike Marxistiese en vreemde belastingstelsel', die repatriasie van alle uitlanders, geen opvoeding vir swartes en gratis jaarlikse vakansie treinkaartjies vir elke blanke gesin.⁷⁹

Die doel van die Boerenasie was volgens Rudman om die mag in die land oor te neem. Die beweging, met 'n beweerde ledetal van 40 000, se aktiwiteite is gedeeltelik in die geheim uitgevoer en daar is vermoed dat dit ook 'n paramilitêre onderdeel gehad het.⁸⁰ In Junie 1965 is onthul dat Rudman in kontak was met oud-Nazi's in Egipte in 'n poging om wapens vir sy beweging vanaf Noord-Afrika te bekom. In 'n brief na Kaïro wat met 'n swastika gestempel is, skryf hy: "Forward National Socialism. Heil Hitler."⁸¹

iii. Die Boerenasie as fascistiese beweging

Die Boerenasie het kontak behou met fascistiese ekstremiste in die buiteland en in 1962 is 'n verteenwoordiger na internasionale fascistiese kongresse in Europa gestuur. Die Argentynse leiers van die Tacuara-beweging was beïndruk deur die fascistiese sienings van Rudman, sodat hy 'n uitnodiging van Buenos Aires ontvang het om die beweging se eregeneraal in Suid-Afrika te word. Rudman was na bewering ook 'n verteenwoordiger van die Ku Klux Klan. Lede van die Boerenasie het mekaar met die simbool '88' gesalueer. 'H' is die agtste letter van die alfabet en die '88' staan dus vir 'HH' en beteken 'Heil Hitler'.⁸²

Alhoewel daar nie veel inligting oor die beweging verkry kon word nie, is dit tog uit die voorafgaande duidelik dat die Boerenasie aan die vereiste kenmerke van die fascisme voldoen. Hulle het 'n soort Ariese rassenasionalisme voorgestaan en was gekant teen die demokrasie, liberalisme, kommunisme en kapitalisme. Die beweging was ook rassisties en sterk anti-Semities georiënteerd. Hulle het 'n organiese, korporatiewe staat onder sterk leierskap voorgestaan en klem gelê op die regte van die blanke werkersklas. Boonop het die beweging 'n potensiaal vir geweld getoon en het Rudman ook 'n bewondering vir Hitler gehad: "We have borrowed much from National Socialism as proclaimed by Adolf Hitler in the Third Reich and have adapted it to South African conditions Above all it is our aim to free our Fatherland - which we love fanatically - from the forces which undermine our state and

⁷⁸ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304; Anon., Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962, p. 13; "Hegel, G(eorg) W(ilhelm) F(riedrich)", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

⁷⁹ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 305.

⁸⁰ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.

⁸¹ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 306.

⁸² D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, pp. 305-306; Anon., Nazis in South Africa, *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962, p. 13.

people. These include international capitalism, Roman Catholicism, the Jews, and other secret movements which aim at forming a state within a state.⁸³

b. Die Afrikaner Weerstandsbeweging

Alhoewel die Boerenasie die voortsetting van 'n beweging was wat voor 1945 ontstaan het en daarom hier onder die nostalgiese fascisme ingedeel word, het dit waarskynlik teen die sestigerjare in 'n meer mimetiese tipe organisasie ontwikkel. Dieselfde problematiek geld ook vir een van Suid-Afrika se bekendste politieke bewegings, die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB). Alhoewel die AWB in sy uiterlike kenmerke meer tot die mimetiese fascisme behoort, is dit ideologies 'n nostalgiese vorm van fascisme wat poog om baie van die ideale van die Ossewa-Brandwag te laat herleef en word daarom hier onder die nostalgiese fascisme bespreek.

i. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis

Die AWB is op 7 Julie 1973⁸⁴ in 'n motorhuis in Heidelberg, Transvaal deur Eugene Terre'Blanche, Jan Groenewald, J.J. Jordaan, D.J. Jordaan, Piet Preller, Renier Oosthuizen en Kobus Strydom gestig. Die doel van die beweging sou wees om Afrikaners wat nog met 'n idealisme vervul was in 'n buiteparlementêre organisasie saam te snoer, asook om weerstand te bied teen die sogenaamde 'paai- en weggeebeleid' van die NP-regering en alles wat volksvreemd en die Afrikaner vyandiggesind is. Gedurende die eerste ses jaar van die AWB se bestaan was die beweging klein, onbekend en leierloos. Die leierskapsmantel, wat aanvanklik aan die advokate Johan Rossouw en Chris Beyers aangebied is, het eers nadat hulle dit van die hand gewys het, in 1979 op die skouers van Eugene Terre'Blanche geval.⁸⁵

In 1977 het 'n aantal verhoogkunstenaars gepoog om die Breytenbach-teater vir alle rasse oopgestel te kry deur petisies in 'n aantal winkelsentrums te versprei. Dit het aanleiding gegee tot die eerste openbare optrede van die beweging toe 'n aantal AWB-lede dit op hulself geneem het om die petisies te vernietig. Die AWB het met hierdie optrede aangedui dat hy alle vorme van integrasie sou beveg. Dit was egter eers in Maart 1979, met die teer-en-veer van die historikus, prof. F.A. van Jaarsveld, omdat hy kwansuis die heiligheid van Geloftedag bevraagteken het, dat die AWB die openbare kollig betree en sy beeld as die bewaarder van Afrikanerinstellings en -waardes gebou is. Terre'Blanche en twaalf ander lede is van aanranding, betreding, *crimen injuria* en saakbeskadiging aangekla. Skielik het almal van die beweging geweet, die pers het aandag aan die AWB begin gee, die bywoning van vergaderings het verbeter en die ledetal het begin groei.⁸⁶

⁸³ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 304.

⁸⁴ Volgens Kays Smit is daar binne die AWB self onsekerheid oor die stigtingsdatum. Alhoewel dit amptelik as 1973 aangegee word, maak sommige dokumentasie melding van 1971. Smit twyfel ook oor die datum 7 Julie aangesien dit die drie-sewes-simboliek van die beweging versterk en boonop ook Martie Terre'Blanche se verjaarsdag is. Sien K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, pp. 7-8.

⁸⁵ AWB, *Program van beginsels*, pp. 10-11; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 25-26; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 5, 9.

⁸⁶ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 9-17; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 39-50, 103; S. Gastrow,

In 1982 word verskeie lede, waaronder Terre'Blanche, weens die onwettige besit van wapens en plofstof in hegtenis geneem. In 1983 is Terre'Blanche as gevolg hiervan 'n boete en twee opgeskorte vonnisse opgelê. In 1984 het die AWB, saam met die HNP en KP, 'n prominente rol in die stigting van die Afrikaner-Volkswag (AV) gespeel. Teen hierdie tyd het Terre'Blanche landswyd begin reis om massavergaderings toe te spreek en het hy met sy charisma heelwat steun vir die beweging gewerf. Gedurende 1986 en tydens die veldtog vir die algemene verkiesing van 1987 het die AWB verskeie vergaderings waar NP-ministers sou praat, opgebreek. Die meer gewelddadige sy van die beweging het nou sterker na vore getree, die AWB het wye mediadekking geniet en Terre'Blanche het groot gehore begin trek. Teen 1988 het die AWB 'n hoogtepunt bereik en die beweging het onstuitbaar gelyk.⁸⁷

In 1989 is Terre'Blanche van kwaadwillige saakbeskadiging en *crimen injuria* aangekla nadat hy die hekke van die Paardekraal-monument beskadig het. Stories het ook die rondte begin doen van 'n beweerde verhouding met Jani Allan, 'n rubriekskryfster vir die *Sunday Times*. Dit het aanleiding gegee tot die skorsing van enkele hooggeplaaste lede waaronder Jan Groenewald (onderleier), Alkmaar Swart (voorsitter van die Grootraad), Chris Jooste en Manie Maritz, nadat hulle om Terre'Blanche se bedanking gevra het. 'n Skeuring in die hoofraad en die bedanking van duisende gewone lede het gevolg. Groenewald, Swart en Jooste het in Mei 1989 die Boere-Vryheidsbeweging (BVB) gestig. Eddie von Maltitz het weggebreek met die Nuwe AWB wat later na die Boere-Weerstandsbeweging (BWB) verander het en waarvan Andrew Ford die leierskap oorgeneem het. Dries Alberts (hoof van reklame en inligting), Chris Beyers, Willie Olivier en Dave Barnett (hoof van Aquila, die beweging se private sekerheidsmaatskappy), het ook die beweging verlaat. Alhoewel die AWB hierdeur in 'n oorlewingstryd gedompel is, is die beweging in 1990 geherorganiseer en het dit ten spyte van die voorafbespreekte terugslae, teen die vroeë negentigerjare 'n mate van sy vroeëre steun teruggewen. Dit kan hoofsaaklik aan Terre'Blanche se charisma en die politieke toestand in die land na Februarie 1990, waarmee die finale verval van Apartheid ingelei is, toegeskryf word. Die AWB was egter 'n groot deel van sy intellektuele en gesiene leiers kwyt en kritiek teen die hoofleier het van tyd tot tyd steeds na vore getree. Bewerings dat Terre'Blanche 'n drankprobleem het en diktatoriaal optree, en dat die AWB se finansies benard was, het veroorsaak dat Gawie Volschenk in 1991 met vier Wenkommando's weggebreek en die Boerekommando gestig het. In Januarie 1991 het die hoofsekretaris, Kays Smit, bedank om by die HNP aan te sluit en in 1992 het Piet Rudolph ook die beweging verlaat.⁸⁸

Die AWB het met die totstandkoming van die wenkommando's in 1990 'n meer militante inslag gekry. Die beweging se dreigemente van oorlog indien 'n ANC-regering die bewind sou oorneem, en hul

Who's who in South African politics IV, p. 297.

⁸⁷ H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 61; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 240; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 58-70, 72-73; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 69-74, 76-77, 92, 99.

⁸⁸ H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, pp. 61-62; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 113-129; F. Lotter, Hoeveel lewens het Eugene Terre'Blanche?, *Beeld*, 1992-03-25; M. Van den Bergh, AWB geskud, *Transvaal*, 1991-03-01, pp. 1-2.

betrokkenheid by voorvalle van openbare opsweping, het al meer geword. In Augustus 1991 het Terre'Blanche byvoorbeeld 'n groot protesaksie teen 'n NP-vergadering in Ventersdorp waar president F.W. de Klerk sou praat, gelei. 'n Regse skare gewapen met vuurwapens, swepe, messe en selfgemaakte wapens, het na die saal gemarsjeer waarna hulle deur die polisie met traangas uiteengejaag is. Drie mense is in die voorval oorlede terwyl verskeie beseer is. Terre'Blanche het hierna verklaar dat die AWB besig was om sy kommando-eenhede vir revolusie voor te berei. In 1992 is Terre'Blanche vanweë sy aandeel aan die sogenaamde Slag van Ventersdorp tot agtien maande tronkstraf, opgeskort vir vyf jaar, gevonniss.⁸⁹

In Junie 1993 het die Afrikaner-Volksfront (AVF) 'n betoging by die Wêreld-Handelsentrum in Kempton Park, waar die KODESA-onderhandelings plaasgevind het, gereël om protes teen die bekragtiging van 'n datum vir die April 1994-verkieping aan te teken. AWB-lede het egter met 'n gepantserde voertuig deur die glasdeure gebars en die konferensiesaal met geweld beset. In Maart 1994 het die AVF as deel van die Vryheidsalliansie, 'n gewapende mag na Bophuthatswana gestuur om die onrustoestand daar te probeer bekamp. Die AWB het egter weereens die aksie gekeer en die wêreld is geskok toe drie AWB-lede koelbloedig deur 'n soldaat van die Bophuthatswana-weermag doodgeskiet is. Hierdie voorval het tot 'n finale breuk tussen die AVF en AWB gelei. Voor die April 1994-verkieping het verskeie bomontploffings regdeur die land plaasgevind en 44 mans, die meeste lede van die AWB se Ystergarde, is weens die besit van onwettige plofstof en sabotasie aangekla.⁹⁰

ii. E.N. Terre'Blanche

Eugene Ney Terre'Blanche, gebore op 31 Januarie 1944 in Ventersdorp, se naam het sinoniem geword met dié van die AWB. Sy vader was De Villebois Mareuil Terre'Blanche, vernoem na die Franse kolonel G.H.A.V. De Villebois-Mareuil (1847-1900) wat as veggeneraal en aanvoerder van die Vreemdelingskorps in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) aan Boerekant geveg het. Terre'Blanche se tweede naam kom vanaf dié van Napoleon se veldheer, generaal Michel Ney, vir wie Terre'Blanche na bewering 'n onnatuurlike bewondering het.⁹¹ Daar is deur die jare verskeie bewerings gemaak dat hy die spelling van sy van sou verander het om Wit Aarde te beteken, maar hy ontken dit: "Ons familie is baie Frans en het taamlik suiwer gebly. Die wat trots was op hul familie, het Terre'Blanche gebly."⁹² Dit is dan ook so dat die stamvader van die familie, die Franse Hugenoot Estienne Terreblanche of Terreblanque was, en dat in sommige dele van die familie die van wel in die volksmond tot Terblanche of selfs Terblans, vereenvoudig is. Die spelling van die AWB-leier se

⁸⁹ H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 62; S. Gastrow, *Who's who in South African politics IV*, p. 299; L. Du Preez, Terre'Blanche skuldig aan poging tot moord, *Beeld*, 1997-04-24, p. 1.

⁹⁰ A. Kemp, *Vuur en verraad*, pp. 1, 3, 22; T. Prinsloo, F. Greyling & F. Lötter, Regses se verset skop af, *Beeld*, 1993-06-25, p. 2; A. Mischke, Só lyk plesierige Afrikaners se 'piekniek', *Rapport*, 1993-06-27, p. 5; L. Venter, Borgtog vir 2de keer aan regses toegestaan ná bomontploffings, *Beeld*, 1994-08-30, p. 9.

⁹¹ A. Kemp, *Victory or violence*, p.2; H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 243; J. Kruger, Ventersdorp en sy mense, *Sarie Marais*, 1988-03-23, pp. 65-66; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p.37; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 1; J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, p. 27.

⁹² J. Kruger, Ventersdorp en sy mense, *Sarie Marais*, 1988-03-23, p. 66; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 240, beweer byvoorbeeld verkeerdlik dat Terre'Blanche in 1943 as Terblanche gebore is.

van op sy vader se sterfkennis word aangegee as Terre Blanche en dit wil voorkom asof die beweringe van sy naamsverandering ongegrond is.⁹³

Sy belangstelling in die politiek het reeds op skool begin. Hy was voorsitter van die debatsvereniging van die Hoër Volksskool in Potchefstroom en het sy eie kultuurorganisasie, Jong Afrikanerharte, begin. Terre'Blanche vertel self: "Vroeg in my hoërskooltyd het die koshuisvader my pa laat kom en gesê ek is besig om van die andersdenkende kinders te intimideer, dat ek my wil aan hulle opdwing. Die pak slae wat ek gekry het was oënskylik vir die spykers in my koshuiskamermuur waaraan ek foto's van Boerehelde soos Jopie Fourie en ander politieke leiers gehang het."⁹⁴ Na Matriek het hy hom by die polisie aangesluit en perdepartrollies vir die Veediefstaleenheid op die Suidwes-Botswana-grens gery. Dit was dan ook in Suidwes dat hy sy vrou, Martie Janse van Vuuren, ontmoet het. Later was hy verbonde aan die Staatspresidentswag wat verantwoordelik was vir die veiligheid van die Staatspresident en Eerste Minister se wonings. Na vier en 'n halwe jaar het hy die polisie verlaat en hom op die politiek toegespits. In 1970 staan hy op Heidelberg tydens die algemene verkiesing as onsuksesvolle kandidaat vir die HNP en werk ook as organiseerder vir die party, waarna hy tot 'n besef kom van die vergeefsheid van die partypolitiek en die parlementêre kookstelsel. Terre'Blanche het een aangenome dogter, Bea, en boer tussen die politiekery deur op sy plaas, Witrandjiesfontein, in die distrik Ventersdorp.⁹⁵

Terre'Blanche was ook voorsitter van die Afrikaanse Kultuurorganisasie van die SAP (AKPOL) en in 1969 het hy drie toekennings van die ATKV ontvang vir beste skrywer, akteur en regisseur van sy toneelstuk, *Iewers langs die wapad*, wat gedurende 1982 en 1983 as deel van 'n keuseboek vir Kaapse Sekondêre skole voorgeskryf is.⁹⁶ Hy het 'n groot liefde vir drama en poësie en is self 'n ywerige digter soos die volgende voorbeeld getuig:

O, land van skoonheid en van son,
O, land van purper awendgloed en skugter bron,
in jou wye eensaamheid lê die bitter selfverwyt:
in veragtelik lafhartigheids
het ons jou as Namibië weggesmyt.

Uit die vaal van jou gras,
deur die donker gevlekte klippe -
bloeddroes van 'n vergete ras.
Jou kranse, kermende lippe,
wat uit die gelyk en die gras
na boontoe beur om na God te tas,
terwyl eensaam winde treur
van die ontrou van ons ras

⁹³ C. Pama, *Die groot Afrikaanse familiënaamboek*, p. 317; P. Coertzen, *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*, p. 170; Sterfkennis, De Villebois Mareul [sic] Terre Blanche, Meester van die Hooggeregshof, Pretoria, nr. 8334/85.

⁹⁴ H. Retief, Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue, *Sarie* 40(42), 1990-04-18, p. 36.

⁹⁵ H. Retief, Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue, *Sarie* 40(42), 1990-04-18, p. 36; C. Van Reenen, Die vroue in Eugene se lewe ..., *Transvaler*, 1990-06-01, p. 9; M. Moller, Eerste vrou van die AWB, *Sarie* 45(14), 1992-04-29, pp. 32-33; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 2-4; A. Fischer & M. Albeldas (reds.), *A question of survival*, p. 176; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 3-4, 6.

⁹⁶ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 3-4; C. Van Reenen, Die vroue in Eugene se lewe ..., *Transvaler*, 1990-06-01, p. 9; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 4-5; Anon., Die waarheid agter die leuens: Eugene Terre'Blanche - orator en volksleier, *Boerant*, Augustus/September 1998, p. 8.

teenoor U, o Heer,
en hulle wat voor ons was.⁹⁷

Hierdie talent gebruik hy tot groot voordeel in sy vurige toesprake waarvoor hy so bekend is en waarvoor hy die bynaam van Groot Karwats gekry het. Hy word beskou as een van die beste redenaars in die land en ook die man wat die mooiste Afrikaans praat. Hy het die vermoë om op sy hardste vir minute lank te gil en dan ewe skielik sag en hees te praat. Dan skielik bou sy stem weer op en laat hy die hele gehoor skater van die lag, dan skielik is hy dodelik ernstig, dan weer laat hy mens amper huil, net om direk daarna onverwags 'n grap te vertel wat die gehoor laat skud. Sy styl word dikwels met dié van Adolf Hitler vergelyk en hy het die vermoë, volgens sommige joernaliste, om die gehoor se aandag te behou selfs al sou hy 'n telefoonboek opsê. Dit is merkwaardig juis te meer aangesien hy nie sy toesprake voor die tyd uitwerk nie.⁹⁸ Volgens Leach: "His speeches are a symphony to listen to: a quiet beginning, then the introduction of a melody which repeats itself at various pitches and at various decibel levels, and a grand finale. He never rants, he never hams it up. His words just roll out naturally, enthralling his audiences with their power, their imagery and their drama."⁹⁹

Die pers stel hom dikwels as 'n karikatuur en gewelddoener voor en hy is 'n groot gunsteling onder spotprenttekenaars. Vir sy volgelinge is hy egter bewonderingswaardig, 'n held, Die Leier, die Leeu van Wes-Transvaal. In die beweging se program van beginsels word hy soos volg beskryf: "Hy is 'n seun van die veld wat 'n ark moet bou; Hy is die kind van ware Afrikaner-nasionalisme; Hy is Godsmann, Volksman, Vaderlander; Hy is die Boerseun met 'n roeping - Dit is hy wat sy volk ... na 'n eie vrye Christelike Republikeinse Boerevolkstaat moet lei."¹⁰⁰ Volgens sy vrou, Martie, het hy 'n sagte hart, en is hy nie 'n moeilike of oordonderende man nie. Hy is lief vir die grond en perde, speel graag met sy honde en lees baie. Hy drink nie suiker in sy koffie en tee nie en weier nagereg in simpatie met honger Afrikanerkinders. Sy charisma is oorweldigend en dalk het die *Sunday Times* joernalis Jani Allan dit nog die raakste beskryf toe sy gesê het dat hy nie 'n vertrek binnestap nie, maar besit daarvan neem.¹⁰¹

Tog blyk dit dat sy vroeëre openbare beeld as 'n nederige en grootse volksheld grootliks oordryf is en reeds teen 1986 het daar al weerstand en ontevredenheid teen die beweging en sy leier ontstaan.¹⁰² Volgens Kays Smit het Terre'Blanche na bewering AWB-fondse vir sy eie persoonlike sake gebruik en is hy 'n alkoholis en vrouejagter. Ten spyte van die algemene siening is die meeste inwoners in Ventersdorp ook nie AWB-gesind nie: "Daar is bittermin mense wat vir Terre'Blanche respekteer. Hy is hoogs ongewild, maar ongelukkig swyg die meerderheid inwoners daarvoor."¹⁰³ Behalwe uit AWB-

⁹⁷ *Sweepslag* 2(1), Januarie 1990, p. 4.

⁹⁸ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 3-4; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 35-37; G. Leach, *The Afrikaners*, p. 155; Persoonlike ondervinding tydens 'n AWB-vergadering te Kempton Park, 1992-05-06.

⁹⁹ G. Leach, *The Afrikaners*, p. 155.

¹⁰⁰ AWB, *Program van beginsels*, p. 2.

¹⁰¹ M. Moller, Eerste vrou van die AWB, *Sarie* 45(14), 1992-04-29, pp. 32-33; H. Retief, Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue, *Sarie* 40(42), 1990-04-18, pp. 36-37, 42; A. Kemp, *Victory or violence*, p. 113.

¹⁰² K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, p. 81.

¹⁰³ K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, p. 274.

kringe self, was daar teen 1992 ook sterk geluide van afkeur uit ander regse groepe en is daar genoem dat: "As Terre'Blanche maar omgekom het in een van sy ongelukke, dan kon ons van hom 'n 'volksheid' gemaak het, begrawe het en 'n monument opgesit het. Nou sit ons egter met die leë dop!"¹⁰⁴ Volgens Van Rooyen het Terre'Blanche se reputasie as fratsemaker en sy lagwekkende openbare petaljes, soos om voor televisiekameras van sy perd af te val, hom tot 'n randfiguur binne die regse beweging teruggeskuif.¹⁰⁵

iii. Organisasoriese struktuur

Die aanvanklike interne struktuur van die AWB het baie met dié van 'n politieke party ooreengestem. Op takvlak was daar burgerrade waarvan die hoofbeampte van elk in 'n bepaalde streek, 'n streeksraad gevorm het. Die leiers van die streeksrade het weer gebiedsrade gevorm. Die belangrikste liggaam in die AWB, die Hoofraad, het uit die leier, die onderleier, die voorsitter van die Grootraad en die leiers van die streeks- en gebiedsrade bestaan. Die Uitvoerende Komitee, bestaande uit onder andere die leier, die onderleier, die hoofsekretaris en die administratiewe en finansiële sekretaris, is deur die leier aangestel en was verantwoordelik vir die struktuur, strategie en funksionering van die beweging. Die Grootraad, wat ook deur die leier aangestel is, was hoofsaaklik adviserend van aard en sonder enige uitvoerende magte. Die hoogste liggaam was die Opperraad, maar dit is egter nooit in werking gestel nie aangesien dit eers in die volkstaat as 'n soort uitvoerende kabinet geaktiveer sou word. 'n Landsraad sou op soortgelyke wyse ook eers in die volkstaat in werking tree. Daarbenewens was daar ook 'n jeugbeweging, die Boerejeug, en aangesien die grondwet bepaal dat geen vrou in 'n gesagsposisie oor 'n man mag staan nie, ook 'n afsonderlike organisasie, die Boervrou, waarin die vrouelede georganiseer is.¹⁰⁶

In 1990 is die AWB geherorganiseer en in Mei van daardie jaar is die Wenkommando bekendgestel. Die kommandostelsel, wat teen die laat agtiende eeu in die Kaapkolonie sy beslag as 'n mobiele burgerlike beskermingsmag verkry het, en mettertyd 'n unieke militêre rangstruktuur ontwikkel het, het nou die grondslag van die nuwe organisasiestruktuur gevorm. Die naam Wenkommando is oorgeneem vanaf die strafkommando wat in 1838 deur Andries Pretorius by Bloedrivier gelei is, en beklemtoon die AWB se siening van die Afrikaner as 'n Geloofvolk. Die ou burgerrade is in kommandemente omskep en die range in 'n kommando vorder van 'n burger tot 'n korporaal, veldkomet, kaptein, kommandant, hoofkommandant en generaal. Die opperbevelhebber is die kommandant-generaal (KG), 'n posisie wat die eerste deur Servaas de Wet, 'n oud-polisiekolonel, beklee is. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n sekretaris-generaal en twee assistent-kommandant-generaals. Die Opperraad was die hoogste wetgewende gesag en is deur die AWB-leier, wat nou die posisie van president beklee het, aangestel. In 1991 was dit vir die beweging nodig om sy grondwet te verander aangesien die beweging, wat aanvanklik as 'n kultuurorganisasie gestig is, nou meer op

¹⁰⁴ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 299.

¹⁰⁵ J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 95.

¹⁰⁶ H. Kotze & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 60; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 144-147.

weerbaarheid en selfverdediging ingestel was. Die Brandwagte, wat sedert 1985 deel van die AWB was, het nou 'n integrerende deel van die kommando gevorm. Dit het die hele gesin omsluit en was verantwoordelik vir die beskerming van huis en haard en die administratiewe organisasie van die kommando. Die jeugafdeling, die Penkopkommando, het dieselfde opleiding as die ander groepe, naamlik skietlesse, selfverdediging, brandbestryding, noodhulp en kommunikasie, ontvang.¹⁰⁷

Een van die meer positiewe aspekte van die AWB was die Volkshulpskema, aanvanklik bekend as die AWB-Voedingskema. Dit is in 1986 deur die AWB begin nadat dit bekend geword het dat duisende blanke kinders behoefte is. Beroepe is op lede gedoen vir geldelike donasies, maar dit is gou uitgebrei na die skenk van voedsel, klere en komberse. Voedingsprojekte is by skole in Pretoria en aan die Rand begin en Giel Groenewald, broer van Jan Groenewald, en 'n handvol vrywilligers het dit op hulself geneem om die voedsel te versprei. Dr J.S.M. Boshoff het as leier van die Boervrou en die Volkshulpskema opgetree en sedert 1987 het Susan Pellechien as uitvoerende sekretaresse gedien. Die verspreiding van voedsel is deur Boervrou-burgerrade en die Boerejeug onderneem en Burgerraadsleiers is dwarsoor die land opdrag gegee om hulpbehoewende blankes in hul streke te help. Teen 1989 is ongeveer 14 000 kinders landswyd van 'n daaglikse maaltyd voorsien. Gedurende die laaste drie maande van 1986 is meer as 300 ton voedsel versprei en teen 1988 het die skema na bewering meer voedsel en klere versprei as die amptelike liefdadigheidsprojekte van die regering. Die voedsel is in kleiner houers met AWB-etiket verpak sodat die ontvangers altyd bewus was van wie dit kom. Hierdie optrede, onder die leuse van "Ons gee om", het sekerlik daartoe gelei dat die steun vir die AWB onder die blanke werkersklas gestyg het.¹⁰⁸ Tog is hierdie onderafdeling van die AWB misbruik om van die harder optredes te versag, en verskeie klagtes het later ingestroom van mense wat te veel klere gekry en dit vir drank vernuil het. Die gevolg was dat die skema mettertyd verdwyn het.¹⁰⁹

Daar was ook van tyd tot tyd sekere spesialiseenhede of paramilitêre groepe by die AWB betrokke. Die eerste hiervan was die Stormvalke, 'n motorfietsseenheid wat in 1979 ontstaan en teen 1983 self ontbind het. Die Blitsvalke, met hul wit hemde en swart broeke, het met die stigting van die AV vir die eerste keer in die openbaar verskyn, maar het nie lank bestaan nie. Die Brandwagte het in 1986 tot stand gekom as 'n gewapende kommandotipe organisasie wat blankes en hul eiendom in onrusituasies moes beskerm. In 1988 is 'n vliegklub, die Goue Arende, gestig. Aquila is in 1987 as 'n sekereheidsmaatskappy geregistreer met die doel om orde op vergaderings te handhaaf en om die leierskorps te beskerm. Dit was nooit amptelik deel van die AWB nie, maar die eiendom van Willie Olivier wat die beweging in 1989 verlaat het. Hierna het die AWB sy kommando's georganiseer en in Februarie 1992 is die na beweerde hoogs opgeleide elite-eenhede, die Ystergarde en die vroulike

¹⁰⁷ H. Schlenter, Nuwe bedeling vir AWB, *Transvaler*, 1991-10-09; Anon., By die kamp stap jy nie sommer in, *Beeld*, 1990-09-18, p. 4; M. Theron, AWB gaan optree teen wegbreker, *Beeld*, 1991-03-05; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 241; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 159-160; C.M. Bakkes, Die kommandostelsel met spesiale verwysing na die historiese ontwikkeling van sy rangstruktuur, in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 294-295, 300.

¹⁰⁸ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 147-149; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 120-124; K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, p. 60.

¹⁰⁹ K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, pp. 110-112.

eweknie, die Rooivalke, aan die publiek bekendgestel.¹¹⁰ Daarbenewens het die AWB ook sy eie orkes met hulle kenmerkende blou uniforms en 'n onderwater-duikeenheid op die been gebring.

Die AWB het sy eie koerantjie, *Sweepslag*, wat in 1981 vir die eerste keer uitgegee is. Die beweging het ook op 'n tyd die *AWB-Bulletin* gepubliseer waarvan Kokkie van Heerden tot met 1987 die redakteur was. *Die Stem* van Robert van Tonder, het ook vir 'n tyd lank tot ongeveer Desember 1986, as mondstuk vir die AWB gedien. Die AWB het verder ook sy eie kommunikasiemiddele georganiseer om sy boodskap uit te dra, bestaande uit 'n kassettediens wat die toesprake van die leier opgeneem en aan die publiek verkoop het.¹¹¹

Lidmaatskap van die beweging is beperk tot blanke Suid-Afrikaanse Christene. Die magsbasis van die AWB lê op die Transvaalse en Vrystaatse platteland, maar daar is ook 'n stewige stedelike ondersteuning. Die AWB se ledetal was nog altyd 'n bron van spekulاسie en dit is dan ook AWB-beleid om nie enige inligting daarvoor bekend te maak nie. Volgens Jan Groenewald was die aantal ingeskrewe lede in 1988 ongeveer 14 900. Kemp het die aantal ondersteuners, wat ingeskrewe lede sowel as aktiewe simpatiseerders en mense wat gereeld vergaderings bywoon insluit, op ongeveer 300 000, dit wil sê amper 15% van die blanke kieserskorps, geskat. Terre'Blanche self het in 'n onderhoud in 1992 genoem dat die wenkommando's alleen tussen 15 000 en 20 000 lede het.¹¹² Volgens Kays Smit egter was die totale inkomste van die beweging in Mei 1986, wat ledegelde teen R10 per maand, verkope, koerante, vergaderingsinkomste en donasies ingesluit het, slegs R35 000. Vir Maart 1987 was dit slegs R27 000 en skat hy die ledetal vir 1987 as nie meer as 2000 nie.¹¹³

iv. Ideologiese beskouings

Die AWB se eerste program van beginsels is in 1979 net na die Van Jaarsveld-insident in boekvorm beskikbaar gestel. Jan Groenewald was hoofsaaklik hiervoor en vir die opstelling van die eerste grondwet verantwoordelik. In 1986 het die Hoofraad besluit om die program van beginsels en die grondwet te hersien. 'n Komitee onder die voorsitterskap van prof. Alkmaar Swart is aangestel en hul verslag is in 1987 aanvaar. Die nuwe program van beginsels en die hersiene grondwet het in 1988 verskyn. Alhoewel die grondwet nie veel veranderings ondergaan het nie, het die program van beginsels heelwat van die eerste een verskil. In Oktober 1991 is 'n nuwe grondwet aanvaar, terwyl die 1988 program van beginsels behoue gebly het.¹¹⁴

Die AWB se beleid berus sterk op 'n Christelike grondslag. Hiervolgens word die opperheerskappy van die Drie-enige God en die leiding wat dié neem in die lotgevalle van volkere en enkelinge erken,

¹¹⁰ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 149, 158-163; Anon., Oorlog: ET en APT byeen, *Beeld*, 1992-02-03; S. Gastrow, *Who's who in South African politics IV*, p. 298.

¹¹¹ P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 108, 119-120; A. Kemp, *Victory or violence*, p. 105.

¹¹² A. Kemp, *Victory or violence*, p. 150; Anon., AWB g'n op sy laaste bene, sê ET, *Beeld*, 1992-08-08, p. 7; A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 175.

¹¹³ K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, pp. 65, 89, 112.

¹¹⁴ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 5, 18, 142, 144; H. Schlechter, Nuwe bedeling vir AWB, *Transvaler*, 1991-10-09.

terwyl die Protestantse geloof en Christelik-nasionale lewensbeskouing die ontwikkeling van die volkslewe op alle lewensgebiede bepaal. Hierbinne versinnebeeld die Gelofte van Bloedrivier, wat op 29 November 1986 deur die beweging herbevestig is, die volk se verbondenheid met God.¹¹⁵ Hierdie amper obsessiewe godsdienstige siening vorm die grondslag van die AWB se wêreldbeskouing: "Hierdie Volk het nie doodgemaak en vertrap nie, maar het beskaaf en lewe gebring, waar dood was. Hierdie Volk is egter nooit vergewe, omdat hy God se lig in Afrika ingedra het nie. Hierdie Volk word gehaat, omdat hy 'n kontrak het met die Lewende God. Daarom moet ons aanvaar dat hierdie Volk die teiken sal wees van die wêreld met sy siek Liberalisme, Kommunisme en kapitaalkragtige maatskappye, wat die wêreld moet verower."¹¹⁶

Die AWB het ten doel die instandhouding van die Gelofte en die sabbatsaard daarvan, asook die bevordering van 'n kragtige bewussyn by Afrikaner-Boere van hulle blanke afkoms en erfenis, hulle bloedverwantskap en nasionalisme en van die belangrikheid van rassesuiwerheid. Hiervolgens moet alle volksvyandige magte soos die vyandige geldmag, die liberalisme, humanisme, kommunisme en Marxisme, uitgeken, openbaar gemaak en met alle beskikbare middele bestry word.¹¹⁷ Terre'Blanche het dan ook by geleentheid verklaar: "The resistance movement is not a party political movement, but rather a cultural political movement. We are what you call a 'volks' movement."¹¹⁸ Die beweging omvat die hele volk en een van die doelstellings van die AWB is dan ook om alle Afrikaner-Boere en inlyfbare blanke Christene tot een Afrikaner-Boerevolk te verenig.¹¹⁹

Volgens Liebenberg plaas die AWB 'n hoë premie op die eie identiteit en die uniekheid van die volk. Hiervolgens kan die individu en groep alleen leef en ontwikkel binne die sosiale struktuur van die volk en daar moet dus teen enige vorm van volksvervreemding gewaak word. Die geestelike waardes en volksidentiteit van die Afrikaner word deur die AWB verabsoluteer. Etnosentrisme en rassemeerderwaardigheid speel hierbinne 'n belangrike rol soos blyk uit die gebruik van 'n eie ideologiese taal waarin woorde soos 'gelofteland', 'verbondsvolk', 'blanke volkstaat', 'koelies', 'verkaffering' en 'basters' 'n groot rol speel. Hiervolgens word enige pogings van regeringskant om rassediskriminasie reg te stel gesien as 'n beplande aanslag en verraad teen die volk.¹²⁰ Dit kom ook tot uiting in handelinge teen sekere individue soos in die geval met prof. F.A. van Jaarsveld waar Terre'Blanche verduidelik het: "Ons as jong Afrikaners is moeg daarvoor dat die geestesgoedere en alles wat vir die Afrikaner heilig is, ontheilig en verneder word deur liberalistiese politici, verloopte akademici en valse profete wat skuil onder die dekmantel van geleerdheid en 'n valse godsdien

...¹²¹

¹¹⁵ AWB, *Program van beginsels*, p. 28.

¹¹⁶ Anon., *Ons stryd eindig nooit*, *Sweepslag* 4(2), 1992, p. 1.

¹¹⁷ AWB, *Program van beginsels*, pp. 28-29.

¹¹⁸ A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 178.

¹¹⁹ AWB, *Program van beginsels*, p. 29.

¹²⁰ J.C.R. Liebenberg, 'n Sosiologies-historiese ontleding van die Afrikaner Weerstandsbeweging as 'n subkultuur, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 14(1), Junie 1989, pp. 24-28.

¹²¹ Soos aangehaal in A.B. Du Plessis, *Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB)*, in C.J. Maritz (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika*, p. 121.

Alhoewel die beweging ontken dat hy rassisties is, vorm rassisme en blanke heerssugtige beskouings 'n integrale deel van die AWB se filosofie. Dit vloei hoofsaaklik uit die beweging se etnosentrisme en die geloof dat God die Afrikaner hier gevestig het met die doel om beskawing na Afrika te bring. Op sy tipies emosionele manier het Terre'Blanche in 'n toespraak aangevoer: "Hulle het uit die see gekom, die witmense van hierdie land. Hulle het uit die see na die suidpunt van Afrika gekom. Nie omdat hulle wou nie, maar omdat die skip gestrand het en hulle móés uitstap. Want vir baie donker jare het Afrika gelê en wag vir beskawing wat moet kom. Vir duisende jare toe ouer beskawings al gevestig was en weer geval het, het hierdie land leeg en onbewoon onder woeste vryheidswinde gewag vir die nasie wat God sou kies om hierheen te kom."¹²² Die AWB se geloof in blanke meerderwaardigheid kom ook tot uiting in die beweging se sterk teenkanting van magsdeling. Terre'Blanche het dan ook by geleentheid verklaar: "The new state will have no need for blacks ... We will govern ourselves with our own superior white genes."¹²³

Verskeie AWB-lede het hulle deur die jare aan rassisme skuldig gemaak. Een van die bekendste voorbeelde is die geval van die Wit Wolf, Barend Strydom, wat in November 1988 sewe swartes op Strijdom-plein in Pretoria gedood en twee-en-twintig ander gewond het. Tydens sy hofspraak het hy vertel dat swartes nie mense is nie. In 1990 is swart kinders in Louis Trichardt met sambokke geslaan en in 1991 het 'n AWB-lid, 'kommandant' Daniel Bothma van De Aar, op 'n televisie dokumentêr genoem dat swartes diere is. In Maart 1996 het Terre'Blanche self een van sy swart werkers en 'n petroljoggie aangerand. Weens hierdie voorval is hy in April 1997 aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en poging tot moord, skuldig bevind.¹²⁴

Die beweging se eerste program van beginsels van 1979 was baie rassisties van aard en vol anti-Semitiese stellings en verwysings na die Wit Ras, die anti-Christ en die Internasionale Joodse geldmag wat dui op 'n invloed van die gedagte van 'n Joodse sameswering wat sou poog om die Christendom en die Wit Ras te vernietig. Die doel van die AWB was om hierdie aanslag teen die Christelike Wit Ras, wat deur die kragte van die Kommunisme, Liberalisme en Sionisme geloods is, af te weer. In die tweede program het die klem van ras na kultuur verskuif en word daar eerder van Boere en Boere-Afrikaners as van Blankes, gepraat. Alhoewel beide programme sterk klem op die Christendom gelê het, het die tweede een geen verwysings meer na die Jode bevat nie.¹²⁵

Die gedenkdiens vir Rudolf Hess in 1987 en die AWB se deelname daaraan het groot kontroversie en ontevredenheid onder die Joodse gemeenskap uitgelok. Terre'Blanche het hierop gereageer deur die Jode te waarsku om nie onverdraagsaam jeens ander volke te wees nie en om nie oorsese twispunte binne die Suid-Afrikaanse politiek in te bring nie. Volgens hom het hulle bloot 'n man vereer wat die Marxisme en Kommunisme geïdentifiseer en beveg het: "It seems very strange to me that any person

¹²² E. Terre'Blanche, Inleiding tot die mosie, in *Afrikanervolkswag*, *Stigting*, p. 85.

¹²³ G. Leach, *The Afrikaners*, pp. 155-156.

¹²⁴ Anon., 'Prys die Heer' toe regses na selle stap, *Beeld*, 1990-12-04; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 168-169; Anon., Kerkleiers kap terug na 'dieruitlatings', *Beeld*, 1991-02-18; L. Du Preez, Terre'Blanche skuldig aan poging tot moord, *Beeld*, 1997-04-24, p. 1.

¹²⁵ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 18-19.

in South Africa could object to Mr Hess being honoured. Our Minister of Foreign Affairs, Mr Pik Botha, honoured the Communist Mr Samora Machel after his death. If people now say the AWB is a Nazi organisation does that mean that Pik Botha is a Communist?" En verder: "This is my country and no one will tell me whom I may or may not honour, or where I may or may not lay a wreath."¹²⁶ Die AWB se deelname aan die gedenkdiens is egter deur die media uit verband geruk. Volgens Kays Smit was die seremonie een van die goedkoopste nuusmakers vir die beweging: "Ek het die uitnodiging aan die hoofleier gegee, maar hy was nie baie geïnteresseerd nie. Intendeel, hy was glad nie geïnteresseerd nie. Gelukkig het ek die bestelling ewe getrou in my dagboek aangeteken. Op die genoemde datum herinner ek vir Terre'Blanche weer aan die geleentheid. Sonder veel belangstelling sê hy dat ek en P.W. Bingle 'n krans moet gaan koop en namens die AWB daar moet gaan optree."¹²⁷

Volgens Terre'Blanche verbied die Bybel die Christen om met enige ander groep 'n kompromis aan te gaan. Ten opsigte van die Jode verklaar hy: "They stand by money and power. They want to exploit the country for financial reasons. I don't think they have a loyalty for the country and for the Afrikaners."¹²⁸ Hy verduidelik verder dat die Jode links is en linkse partye finansier, en alhoewel hy erken dat die Jode 'n problematiese gemeenskap is, ontken hy dat hy hulle haat of selfs anti-Semities is.¹²⁹ In 1982 het Terre'Blanche in 'n onderhoud geëis dat die Jode van hul stemreg ontnem moes word aangesien hulle nie die RSA nie maar Israel as hul vaderland erken, en dat hulle moes besluit tussen politieke regte en ekonomiese vryheid aangesien hulle nie altwee kon kry nie. Hy het verder aangevoer dat die AWB nie anti-Semities nie, maar eerder pro-Christen is, en het ontken dat hy deur Hitler of Mussolini beïnvloed is. Alhoewel die AWB nie die Jode haat nie, het Terre'Blanche gedreig dat daar teen hulle gediskrimineer sal word indien hulle nie lojaal tot die Afrikaner vaderland is nie.¹³⁰

Volgens Kemp kan anti-Semitisme in twee kategorieë verdeel word, naamlik die tradisionele of 'irrasionele' soort en die wetenskaplike of 'rasionele' tipe. Die Nazi's het wetenskaplike anti-Semitisme beoefen deurdat hulle beskuldigings teen die Jode met wetenskaplike feite en syfers probeer bewys het en op die Joodse betrokkenheid by kommunisme en linkse politieke en sosiale bewegings gedui het. Die meer tradisionele soort fokus op die Jode as geldskieters en die moordenaars van Christus en gebruik 'n Christelike basis as vertrekpunt. Hiervolgens val die AWB se anti-Semitisme volgens Kemp binne die tradisionele soort van die ou Christelike tradisie van Jodevervolging, alhoewel elemente van die meer fanatieke Nazi-filosofie ook voorkom. Die AWB het dan ook sterk stappe geneem om lede te verbied om aan die anti-Semitiese en ateïstiese Kerk van die Skepper te behoort. Daar was ook ten opsigte hiervan meningsverskille met die beleid van die BBB.¹³¹

¹²⁶ Anon., AWB warns Jewish groups, *South African Observer* 32(3), September 1987, p. 15.

¹²⁷ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 99.

¹²⁸ T. Hoffman & A. Fischer, *The Jews of South Africa*, p. 187.

¹²⁹ T. Hoffman & A. Fischer, *The Jews of South Africa*, pp. 188-189.

¹³⁰ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 154.

¹³¹ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 153, 155-156.

Die idee van 'n partylose volkstaat was van die begin af deel van die AWB se beleid. Die doel van die staat sou wees om die Christelike wit ras te beskerm en om skeiding tussen die rasse te bewerkstellig. Die grondgebied van die blanke staat het feitlik ooreengestem met dié van die HNP waaruit die AWB ontstaan en op daardie stadium nog bande mee gehad het. Waar die swartes en Kleurlinge onafhanklike tuislande sou kry, is die Indiërs as vreemdelinge beskou wat geen aanspraak op enige grond in die RSA het nie.¹³² Terre'Blanche het ook verklaar dat magsdeling met swartes onmoontlik was: "They are very different to the White man. It is not the skin colour. I am not a racist who wants to discriminate against the Black man. We are a minority group, and it is *impossible* for a minority group to share power with a majority group who are not interested in sharing power."¹³³

Dit is reeds vermeld dat die AWB se tweede program van beginsels van 1988 groter klem op volkskap gelê het en daarom meer aanvaarbaar en in ooreenstemming met die internasionale erkenning van die selfbeskikkingsreg van volke was. Hierdie beleidsverandering kan hoofsaaklik aan die invloed van Robert Van Tonder toegeskryf word. Van Tonder het al in 1977 in 'n boek, *Boerestaat*, die herstel van die voormalige Boererepublieke in 'n moderne nuwe Boerestaat bepleit. Sedert 1985 het hy al meer by die AWB betrokke geraak en was sy nuusbrief, *Die Stem*, vir 'n tyd lank die amptelike mondstuk van die beweging. Dit was dan ook in hierdie tyd dat sy idees die AWB begin binnesypel het. Die gevolg was nie net dat die AWB Van Tonder se Boerestaatgedagte as beleid aanvaar het nie, maar dat baie van die organisasies soos die BWP en BVB, wat in 1989 van die beweging weggebreek het, ook die beleid aangeneem het.¹³⁴

Die AWB verwerp die eenheidstaat en al sy embleme wat in 1910 tot stand gekom het en verwys na die Republiek van 1961 as 'n 'vertaalde' republiek wat op die lange duur nie die vryheidsideaal van die volk kon beantwoord nie. Met 'n 'vertaalde' republiek word bedoel dat die struktuur van die Britse regeringstelsel met republiekwording behoue gebly het en dat net die titels van amptenare verander het soos in die geval van die goewerneur-generaal wat deur 'n staatspresident vervang is. Die AWB grond sy eis om die herstel van die voormalige Boererepublieke en Noord-Natal op die historiese aanspraak wat die Boervolk daarop sou hê. Hiervolgens is die ZAR en die Vrystaatse Republiek gedurende die Anglo-Boereoorlog deur die Britse Ryk van hul internasionaal erkende onafhanklikheid beroof en is die afstammeling van hierdie burgers dus wetlik op restitusie geregtig. Die AWB verwerp derhalwe hul vroeëre partisiebeleid en verklaar selfs dat die Indiërs grond in Natal kan kry aangesien die Boervolk geen wetlike regte op enige ander grond in Suid-Afrika het nie.¹³⁵ Volgens Terre'Blanche: "... daar is geen Noorde meer waarheen ons kan gaan nie. Ons kan nie meer antwoord gee op die roep van ons gees, aan die soeke na vryheid nie, wat ons as Boerkind in die eensame vlug van die adelaar lees nie. Daar is vir ons geen wêrelddeur nie, daar is vir ons net een

¹³² A. Kemp, *Victory or violence*, p. 19-20, 104.

¹³³ A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 179. Fischer & Albeldas kursiveer.

¹³⁴ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 105.

¹³⁵ J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 93; H. Zille, The right wing in South African politics, in P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, pp. 73-74; A. Kemp, *Victory or violence*, p. 110; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 7-8.

wêreld en dit is daardie wêreld, daardie aarde wat met vrou en kind se lykekleed betaal is as ons heilige besit.¹³⁶

Die AWB se hoofdoel is derhalwe om die onafhanklike voortbestaan van die Afrikaner-Boerevolk in sy eie land en sy vooruitstrewendheid op geestelike en stoflike gebied, te verseker. Hiervolgens word die stigting van 'n vrye Christelike, republikeinse Afrikaner-Boerevolkstaat, afgeskei van die RSA, met 'n eie owerheid en waarin die geestelike grondslae en beginsels van die Boererepublieke eerbiedig word, bepleit. Binne die voorgestelde republiek moet die oppergesag en leiding van God erken en eerbiedig word. Die nuwe Boererepubliek sal 'n volkstaat wees waarin burgerskap die uitsluitlike voorreg van lede van die volk sal wees. Ander blanke Suid-Afrikaners en immigrante kan wel deur vereenselwiging met en inlywing by die volk, burgerskap verwerf. Alle burgers sal onverdeelde trou en toewyding aan die volk en sy staat verskuldig wees en enige geheime organisasies, asook alle kommunistiese en volksvreemde staats- en regeringsvorme, sal verbode wees. Die Vierkleur en ander Boerevlae sal eerbiedig word by die bepaling van 'n nasionale vlag en Afrikaans sal as enigste amptelike taal gehandhaaf, uitgebou en beskerm word.¹³⁷ Dit regverdig Terre'Blanche soos volg: "I think there is only one European or White nation, and that is the Afrikaner nation. Not that they want to discriminate against other language groups but they are the only White nation outside of Europe in Africa, with their own cultural language."¹³⁸

Die owerheid ontvang sy gesag van God en is aan dié onderworpe. Die AWB staan vir 'n verteenwoordigende republikeinse grondwet en regeringsvorm. Die beginselgrondslag van die Boererepublieke sal nagevolg word waarin die verdeling van die volk in politieke partye uitgesluit sal wees. Aanvullend tot verkose volksverteenvoording op gebiedsgrondslag, moet 'n stelsel van verkose en aangestelde beroeps- en bedryfsverteenvoording in 'n raadgewende hoedanigheid ingestel word.¹³⁹ Hierdie laasgenoemde korporatiewe invloed is nie eie aan die Afrikaner nie en waarskynlik ontleen aan die fascistiese ideologieë van die dertigerjare.

Alhoewel die AWB buite die parlement weerstand gebied het, het die beweging volgens Chris Jooste, 'n prominente AWB-lid, nie die partystelsel volkome afgeskryf nie. Die AWB het in Oktober 1979 sy eie politieke party, die Blanke Volkstaatparty, geregistreer om die volkstaatidee te bevorder en om as 'n wettige front vir die insameling van fondse te dien. Sommige stadsrade het die oprig van AWB-plakkate verbied omdat die AWB nie 'n politieke party is nie. Dit is oorkom deurdat die naam van die Blanke Volkstaatparty in fyndruk daarop aangebring is. Indien die regering sou besluit om die AWB te verban, kon dit ook onder dié naam voortgaan. Die party is nooit geaktiveer om aan parlementêre verkiesings deel te neem nie alhoewel Terre'Blanche in 1989 gedreig het om homself in Rustenburg verkiesbaar te stel. Die party is egter op gereedheidsgrondslag gehou indien die omstandighede die gebruik daarvan sou regverdig. Aangesien parlementêre weerstand gegroei en meer partye sedert

¹³⁶ E. Terre'Blanche, Inleiding tot die mosie, in *Afrikanervolkswag, Stigting*, p. 88.

¹³⁷ AWB, *Program van beginsels*, p. 20-21, 28-30; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, pp. 27-29.

¹³⁸ A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 181.

¹³⁹ AWB, *Program van beginsels*, p. 29-30.

die vroeë tagtigerjare regs van die NP ontstaan het, kon die AWB hom al meer op sy eintlike taak van buiteparlementêre verset toespits. Die gemengde parlement word nie as die instelling en die plek waar die Afrikaner se lot bepaal gaan word, aanvaar nie.¹⁴⁰ Jooste het dan ook verklaar: "Die stryd in die parlement sal voortgaan solank dit die strewe na aparte vryheid doeltreffend kan dien, maar indien dit nie slaag nie, is dit nie die einde van die pad nie. Die stryd buite die parlement duur dan voort en neem in hewigheid toe."¹⁴¹

Die gedagte van rentmeesterskap moet volgens die AWB dwarsdeur die ekonomie geld. Hiervolgens is God die Skepper en Eienaar terwyl die volk die rentmeesters is wat die stoflike moet uitbou om die geestelike te dien. Die vrye ondernemingstelsel word as die sleutel tot 'n lewenskragtige ekonomie beskou en moet gehandhaaf word, terwyl kleinondernemerskap aangemoedig en beskerm moet word. Prysbinding, alleenhandel en ander belemmeringe van die vrye ondernemerskap sal nie toegelaat word nie. Die AWB het die nasionalisering van natuurlike hulpbronne en sekere industrieë voorgestaan sodat hierdie volkseienendom van buitelandse inmenging gevrywaar kon word. Vreemdelinge se grond sou gekonfiskeer word en spekulasie met grond sou onwettig wees. Die volk moet afhanklikheid van vreemde arbeid vermy. Die landbou word gesien as die ruggraat van die volkstaat en die heropbou van die platteland sou deur owerheidsweë gesteun word.¹⁴²

Die Christelik-nasionale onderwys is deur die AWB as 'n vereiste vir die voortbestaan van die volk gesien waarbinne die geestelike vorming van die jeug vir roepingvervulling en volksdiens vooropgestel moes word. Die gesin word as die kerninstelling van die samelewing beskou.¹⁴³ Die AWB se program van beginsels omvat egter nie 'n totale samelewingsverandering soos wat wel die geval by die OB was nie. Volgens Kays Smit: "Die gewone AWB soek aksie, weerstand, oproepinstruksies en opdragte. Hy verstaan nie die gedroom oor die verlede nie en die toekoms maak lankal nie meer sin nie."¹⁴⁴ Vir Terre'Blanche is die lewe dan ook 'n ewigdurende stryd om oorlewing en hy beklemtoon dikwels hierdie aspek, sowel as die rebelse aard van die Afrikaner, in sy toesprake: "En hy het op die klein skippies en op die groot oseaan na 'n wilde onbekende land moes gaan omdat sy naam Protestant is, 'n protesteerder, 'n rebel in die naam van sy God en sy vaderland. Hy wou nie buk en hy wou nie buig soos hul mag dit wou nie, eerder sou hy sy knie breek of sy rug, maar self sou hy nooit buig nie. En deur die dorstrand, die hartseerland, die groot berge trek hulle oor. Protestant, protesteerders, rebelle Rebelle, saamgekoek, gelaer, in die buik van enkele waens op die pad na 'n nuwe Afrika. Hulle is nooit anders as wat hulle ooit was nie."¹⁴⁵

Vir Smit het die emosionele opsweping by die opbreek van NP-vergaderings gedurende 1986 plofpunt bereik: "Dit is asof al die verregse frustrasie, kruhede en leiersaftakeling van die afgelope dekade nou saamkom in een wanklankige geheel wat op sy lelike manier sin maak. Daardie sin vind

¹⁴⁰ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 21-22; K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 10, 31.

¹⁴¹ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 10.

¹⁴² AWB, *Program van beginsels*, pp. 31-32.

¹⁴³ AWB, *Program van beginsels*, p. 32.

¹⁴⁴ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 39.

¹⁴⁵ P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p.37.

ons in die refreinwoorde: veg, weerstand, wapens, ensovoorts. Aanvanklik is in verregse kringe gepraat van beleidsafwyking. Dit het ontwikkel tot uitverkoop, tot verraad, verraaiers Voeg hierby woorde met 'n politiek-religieuse gevoelswaarde soos blanke bloed en witmansland en dit word duidelik dat die toneel voorberei is vir 'n emosionele uitbarsting.¹⁴⁶

Gebeure soos dié by Ventersdorp, die Wêreld-Handelsentrum in Kempton Park, die inval in Bophuthatswana, en die bomontploffings voor die algemene verkiesing in 1994, dui op die AWB se potensiaal vir geweld. Die gewelddadige en rassistiese beeld van die beweging word aangehelp deur Terre'Blanche se dreigemente van oorlog, sy openlike uitdaging van die regering, die beklemtoning van geweld in sy vurige toesprake en die militêre inslag van die Wenkommando's. Alhoewel die Wenkommando's se doel dié van selfverdediging is indien 'n burgeroorlog sou uitbreek, kan dit maklik rassebotsings veroorsaak soos wat amper in 1990 in Welkom gebeur het toe 'n swarte tydens 'n ANC-optog deur die dorp se strate, met 'n kruisboog gewond is. Daar is ook die gevaar dat meer fanatieke en ongedissiplineerde elemente, onder die leier se aansporing tot weerbaarheid, self tot optrede en geweld kan oorgaan soos in die geval van die Orde van die Dood, almal oud-lede van Aquila, wat 'n aanslag op F.W. de Klerk en ander politici se lewens wou maak.¹⁴⁷

Stories oor geheimsinnige huursoldate wat AWB-lede professioneel oplei, het soms die rondte in die media gedoen en die propagandawaarde wat die beweging vir byvoorbeeld die Nasionale Party gehad het, verhoog. Keith Conroy, wat voorheen aan die Rhodesiese weermag verbonde was, was die hoofinstrukteur van die Ystergarde en is deur Hans de Leeuw, 'n kenner van die Oosterse gevegskuns, bygestaan. Alhoewel die AWB beweer het dat die opleiding wat die kommando's kry baie gespesialiseerd en van die beste in die wêreld is, is daar egter in die pers genoem dat Conroy, wat sy kennis en ondervinding tydens die Rhodesiese bosoerlog opgedoen het, se metodes outmodies en ontoepasbaar vir die hedendaagse situasie was.¹⁴⁸

Terre'Blanche het ten opsigte van die AWB se bereidheid om geweld te gebruik, onder meer verklaar: "The Afrikaner will never create a revolution. There is only one organisation that could do that, and that is our organisation. But we would never start a revolution. What we have said is that, 'When the Government capitulates and all the power is handed over, the Black Revolution will start because law and order will go. Then the resistance movement will take the law and order into their own hands. They will restore law and order'."¹⁴⁹ In die beweging se program van beginsels word ook aangevoer: "Die AWB as Volksbeweging begeer nie 'n rewolusie nie maar as dit op hom *afgedwing* word, sal hy met die *hulp van God* as oorwinnaar uit die stryd tree. Uit die asse van die rewolusie sal

¹⁴⁶ K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, pp. 61-62.

¹⁴⁷ J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 93, 95; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 172-174; Anon., *Welkom se dag van vrees*, *Rapport*, 1990-08-19, pp. 1-2; G. Leach, *The Afrikaners*, p. 171; A.B. Du Plessis, *Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB)*, in C.J. Maritz (red.), *Weerstandsbewegings in Suider-Afrika*, p. 138.

¹⁴⁸ K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, p. 263; P. Swart, Niks uitheems aan AWB-ler en -Kaas, *Rapport*, 1992-01-12.

¹⁴⁹ A. Fischer & M. Albeldas (eds.), *A question of survival*, p. 179.

dan die ideaal van die Boerevolk verrys: 'n Boerevolkstaat waarin die Vryheidsideaal uiteindelik verwesenlik sal word.¹⁵⁰

v. Die AWB en ander regse organisasies

Reeds in 1980 het die AWB daarop gedui dat hy ten gunste van samewerking met ander regse groepe is en dat dit nie AWB-beleid was om na regs aan te val nie. In 1981 is die Aksie Red Blank Suid-Afrika (ARBSA) gestig waarin die kragte van Aksie Eie Toekoms, die AWB, die Kappiekommando, die Nasionale Konserwatiewe Party (NKP) van Connie Mulder en die South Africa First Campaign saamgesnoer is. Die HNP is hiervan uitgesluit en HNP-lede wat by die AWB aangesluit het se lidmaatskap is beëindig.¹⁵¹ Gedurende 1986 het die KP egter dubbele lidmaatskap met die AWB toegelaat.¹⁵²

Alhoewel daar algemeen aanvaar is dat die AWB nie veel internasionale verbintenisse het nie,¹⁵³ blyk AWB-bronne self 'n ander storie te vertel. Hiervolgens het die AWB sterk bande met regse groepe in die buiteland aangeknoop. In Augustus 1992 het 'n AWB-afvaardiging waaronder Terre'Blanche, Brittanje, België en Griekeland besoek. Die doel van die besoek was blykbaar om stewiger bande met nasionalistiese organisasies in hierdie lande te smee. Daar is ook in Mei 1992 'n Wêreldkongres in Klerksdorp onder leiding van die AWB gehou wat deur enkele buitelanders bygewoon is. Volgens *Sweepslag* het die AWB teen die vroeë negentigerjare met ongeveer 400 buitelandse organisasies gekorrespondeer en bande aangeknoop.¹⁵⁴

Volgens berigte in *Sweepslag* het steun en begrip vir die AWB se saak teen die laat tagtigerjare sterk in die buiteland gegroei, was daar intekenaars in die VSA en Europa en is daar gereeld briewe ontvang van steun en versoeke om beleidlektuur.¹⁵⁵ Tommy Rydén, verbonde aan die Sweedse tak van die Kerk van die Skepper, het byvoorbeeld geskryf: "The White movement is alive here in Sweden too. I am involved with a project inspired by your Ystergarde. We would like to get in touch with AWB soldiers. Send us clippings, real-life stories and advice, to inspire our own youth to set higher goals in life."¹⁵⁶ Ene Philippe Vigneaud van Frankryk het sy hulp en goeie wense aangebied: "I would really appreciate more news about South Africa and about your fight for our race. Let me know how I can support your struggle which is in any case the prelude to what will hapen [sic] in Europe." En verder: "All my sympathy and best wishes to Eugene Terre'Blanche, that wonderful Huguenot [sic] descendant."¹⁵⁷ Volgens *Sweepslag* het verskeie onbekendes in die naam van die AWB die lewe van

¹⁵⁰ AWB, *Program van beginsels*, p. 12. AWB kursiveer.

¹⁵¹ A.B. Du Plessis, *Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB)*, in C.J. Maritz (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika*, p. 122.

¹⁵² K. Smit, *Die wei en weë van die AWB*, p. 57.

¹⁵³ C. Terreblanche, *Die regse pluimsaad waai ver*, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, p. 15.

¹⁵⁴ Anon., *Buitelandse betrekkinge*, *Sweepslag* 5(2), 1993, p. vii; Anon., *Terre'Blanche gaan oorsee*, *Beeld*, 1992-03-26; Anon., *Groot kongres*, *Sweepslag* 4(2), 1992, p. 2; Anon., *Buitelandse bande verstewig*, *Sweepslag* 4(2), 1992, pp. 3-4.

¹⁵⁵ Anon., *AWBs maak stem dik in buiteland*, *Sweepslag* 1(3), Mei 1989, p. 3.

¹⁵⁶ *Sweepslag* 5(4), 1993, p. 11.

¹⁵⁷ *Sweepslag* 1(3), Mei 1989, p. 9.

die vyande van Suid-Afrika versuur en oral in die buiteland het stemme opgegaan wat die AWB se boodskap verder uitgedra het. So byvoorbeeld het Engelse 'AWBs' met nagemaakte sewes en arende op hul arms en hemsakke in die strate op skollies en leegleërs toegeslaan. In Australië is 'n winkelpop in die naam van die AWB volgens die 'necklace'-metode verbrand. Ook in Amerika, Kanada, Duitsland, Nederland, Frankryk en Nieu-Seeland het die AWB se naam opgeklink en is die Drie Sewes-teken nogal gewild onder skinhead-groepe in die buiteland.¹⁵⁸

Hierdie buitelandse verbintnisse moet egter nie oorbeklemtoon word nie. Volgens Smit was regsies in die buiteland teen 1986 in vervoering met die AWB en sy leier. Skriftelike navrae het ingestroom, maar geen aandag gekry nie: "Verskeie briewe word geskryf om raad te vra, oor weerstand teen kommunisme, om hulp aan te bied indien nodig. Almal stel belang in hierdie organisasie met sy groot en beroemde leier. Min, bittermin het niksseggende antwoorde gekry."¹⁵⁹ En verder: "Wat het die buitelanders dan verwag? Binnelandse navrae was by tye tot ses maande agterstallig. Oor die algemeen was dit teen hierdie tyd baie duidelik: hier is 'n Tuisnywerheid wat net ingestel is om geld in te bring. In nasorg en bou het hulle nie belang gestel of van geweet nie. Daar was soms nie tyd nie, of ander kere het die kennis ontbreek."¹⁶⁰

vi. Simboliek

Die heel eerste kenteken van die AWB was 'n vierpuntige ster binne 'n sirkelmotief met 'n 'A' en 'W' daarvoor geplaas. Dit is as die teenoorgestelde van die sespuntster van die Sionisme beskou. Die bekende drie-sewes-motief binne 'n wit sirkel teen 'n rooi agtergrond, is teen 1979 as amptelike embleem van die beweging aanvaar. Die aanvanklike ontwerp daarvan is deur Jan Groenewald gedoen terwyl Dries Alberts dit later verfyn en meer simmetries gemaak het. Die sewes-simboliek loop sterk deur die beweging; die AWB is na bewering byvoorbeeld op die sewende dag van die sewende maand deur sewe lede gestig. Die drie sewes verteenwoordig vir die AWB die Bybelse getal van voleindiging en finale oorwinning in en deur Jesus Christus. Dit staan in teenstelling en in stryd met die getal 666 van die anti-Christus. Die sirkelvorm simboliseer aaneenlopende beweging en dus 'n ewige lewe in Jesus Christus. Die rooi simboliseer die bloed van Christus sowel as dié van die Christen en Afrikaner-Boer. Die wit staan vir die suiwerheid van die ideaal, terwyl die swart dapperheid verteenwoordig in teenstelling met die 1979-verklaring van kontras met die wit as 'n simbool van skeiding en rassesuiwerheid. Die pers het die embleem aanvanklik as 'n mannetjie wat in 'n sirkel hardloop beskryf, maar verwysings daarna het gou na 'swastika-agtige' en 'Nazi-agtige' beskrywings verander.¹⁶¹

¹⁵⁸ Anon., AWBs maak stem dik in buiteland, *Sweepslag* 1(3), Mei 1989, p. 3; Sien ook D. Voll, A few good Nazis, *Esquire* 125(4), April 1996, pp. 108, 112.

¹⁵⁹ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 73.

¹⁶⁰ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, pp. 112-113.

¹⁶¹ P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 126; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 18, 21, 152-153; AWB, *Program van beginsels*, p. 16.

Die drie-sewes-vlag herinner sterk aan die swastika-vlag van die NSDAP en Jan Groenewald het in 'n onderhoud met Kemp erken dat, alhoewel die oorspronklike idee agter die drie sewes die voorstelling van die Bybelse getal van volmaaktheid was, die Duitse geskiedenis wel 'n rol kon gespeel het in die ontwerp en kleurkeuse van die embleem. Kemp het dan ook beweer dat, aangesien geen Suid-Afrikaanse geskiedkundige voorganger daarvoor gevind kon word nie, die verskillende betekenisverklarings van die kleure van die vlag die AWB verskeie probleme besorg het. Die rooi, wit en swart kleurkeuse is ooglopend uit Nazi-Duitsland ontleen wat dit weer vanaf die ou Duitse keiserlike vlag afgeneem het.¹⁶² 'n Versoek van die beweging om die drie-sewes-embleem as alleen eiendom van die AWB te registreer, is gedurende 1990 deur die heraldiek-komitee van die Departement van Nasionale Opvoeding afgekeur: "Die besluit van die komitee is gebaseer op sy bevindings dat die voorgestelde embleem, wat ten opsigte van ontwerp en kleure, 'n sterk ooreenstemming toon met die kentekens van die NSDAP (Nazi-party) uit die tyd van die Hitlerbewind in Duitsland, aanstootlik is. Ingevolge 'n beleidbeslissing van die raad van heraldiek ..., is embleme wat deur die bevoegde heraldiese instansies as aanstootlik bevind word, nie vir registrasie aanvaarbaar nie."¹⁶³

Die Drie Sewes is ook nie so uniek as wat algemeen aanvaar word nie. Dit herinner sterk aan die antieke Griekse driebeen of Triskelion wat reeds 500 vC op munte aangebring en vooruitgang en mededinging gesimboliseer het. Die driebeen, wat as 'n variasie van die swastika beskou word, het algemeen in Klein-Asië en dele van Keltiese Europa in die jare voor Christus voorgekom en het waarskynlik 'n verband met die vuurkultus en aanbidding van die Son gehad. Binne die kontemporêre wêreld gebruik die eilandstaat Man steeds die driebeen as amptelike wapen en kom dit ook op die eiland se geld voor.¹⁶⁴ Die ooreenkomste tussen die Drie Sewes en die antieke driebeen-simbool het ook nie die AWB verbygegaan nie en die beweging het in *Sweepslag* sarkasties daarop gereageer: "Is die Britse Regering nog altyd in die geheim Nazi's, of behoort die plaaslike regering van die Isle of Man heimlik aan die AWB?"¹⁶⁵

Tydens 'n besoek aan Londen in 1990 het Terre'Blanche op Britse televisie, op 'n vraag of die AWB met voorbedagte rade kentekens aangeneem het wat baie met dié van die Nazi's ooreenstem, geantwoord dat dit bloot toevallig is as daar sodanige ooreenkomste sou wees. Hy het ook aangevoer dat die lede van sy beweging nie bruin uniforms dra nie, maar die tradisionele kakieklere van die Afrikaner.¹⁶⁶ Ten spyte hiervan stem die vlag van die Ystergarde egter ook te veel ooreen met die ou vlag van die Duitse keiserryk, sodat dit nie bloot toevallig kan wees nie. Die ou keiserlike vlag, wat steeds gewild is onder skinheads en neo-Nazi groepe, het bestaan uit 'n wit agtergrond met swart strepe in die vorm van 'n kruis daaroor. Waar die strepe bymekaarkom is die swart keiserlike arendembleem in 'n sirkel geplaas. 'n Swart Ysterkruis met 'n rooi streep daaronder kom in die

¹⁶² A. Kemp, *Victory or violence*, p. 152.

¹⁶³ K. Smit, *Die wel en weë van die AWB*, p. 219.

¹⁶⁴ E. Krause, *Tuisko-Land der arischen Stämme und Götter Urheimat*, p. 351; C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 194, 360.

¹⁶⁵ Anon., Is die "Isle of Man" AWB of Nazi?, *Sweepslag* 3(1), Januarie/Februarie 1991, p. 9.

¹⁶⁶ Anon., AWB-leier in Londen, *Sweepslag* 2(7), Julie/Augustus 1990, p. 1.

boonste linkerkantste hoek voor. Die Ystergarde-vlag van die AWB volg die basiese patroon en kleurskema, maar bestaan uit 'n swart vlag met wit strepe. In plaas van die arend is daar 'n man in 'n hamas en die Duitse Ysterkruis is met 'n arend en drie sewes vervang.¹⁶⁷ Die swart uniforms van die Ystergarde herinner dan ook baie aan dié van die Nazi's se SS.

Die arend is 'n ander kenteken wat 'n prominente plek in die beweging beklee en wat saam met die Drie Sewes al dikwels tot vergelykings met die Nasionaal-Sosialisme gelei het. Hierdie beskuldigings word deur die AWB ontken en afgeskryf as regeringspropaganda. Volgens die program van beginsels word die AWB-arend stillisties uitgebeeld om hom van alle ander arendemblemte te onderskei. Die arend is vir die AWB die simbool van die beskermende sorgsaamheid van God, en dit is in die verlede al deur baie Christenvolke gebruik en het ook bokant die landswapens van die Boererepublieke gepryk.¹⁶⁸ Die arendsimbool van die Boererepublieke is egter realisties uitgebeeld en Kemp beweer dan ook dat wanneer die arend met uitgestrekte vlerke bokant die drie-sewes-simbool geplaas word, daar nie enige twyfel oor die ware oorsprong daarvan kan wees nie.¹⁶⁹

Die Transvaalse Vierkleur is die derde embleem wat algemeen deur die AWB gebruik word. Dit was die amptelike landsvlag van die ZAR en vir die AWB is die Vierkleur steeds die simbool "... van 'n roemryke stryd en die volk se onlusbare strewe na vryheid in 'n eie vrye Boerevolkstaat."¹⁷⁰ Die drie embleme van die beweging word in die Wenkommando's se uniforms byeengebring: die Vierkleur op die linkerbors, die Sewes op die regterarm en die wit arend op die linkerarm. Die kommando's se kakiekleurige uniforms stem baie ooreen met die bruin uniforms wat deur die Nazi's se SA gedra is. Teen die middel negentigerjare is hierdie uniforms egter deur spesiaal ontwerpte kamoefleerdrag vervang. Die beweging het verder ook sy eie lied wat deur Terre'Blanche geskryf is, 'n eie handdruk bestaande uit 'n greep om die gewrig, en 'n saluut bestaande uit 'n opwaarts gebuigde regterarm met die handpalm na buite. Terre'Blanche het die saluut die eerste keer in die openbaar na sy toespraak by die stigtingsvergadering van die Afrikaner-Volkswag gegee, 'n handeling wat groot opspraak gemaak en veroorsaak het dat hy met Hitler vergelyk is.¹⁷¹

vii. Die AWB as fascistiese beweging

Dit is reeds genoem dat die AWB as 'n nostalgiese vorm van die fascisme beskou kan word wat baie van die ideale van die Ossewa-Brandwag wil laat herleef. Die AWB voer self sy ontstaan na die OB terug en verskeie oud-lede van die OB was dan ook deur die jare by die AWB betrokke. 'n Bekende voorbeeld is die befaamde rofstoeier, Manie Maritz, die seun van genl. Manie Maritz, wat in sy jeug aan die OB behoort het.¹⁷² 'n Ander oud-lid van die OB was die redakteur van die *AWB-Bulletin*,

¹⁶⁷ Sien *Sweepslag* 5(4), 1993, p. 1.

¹⁶⁸ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 151; AWB, *Program van beginsels*, p. 15.

¹⁶⁹ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 152.

¹⁷⁰ AWB, *Program van beginsels*, p. 15.

¹⁷¹ Sien AWB, *Program van beginsels*, p. 4; A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 36-37; Vir afbeeldings van die handdruk en saluut sien *Beeld*, 1991-08-13 en *Rapport*, 1990-05-13, p. 3 onderskeidelik.

¹⁷² M. Maritz, *Bloed en sweet*, p. 15.

Kokkie van Heerden, van wie Terre'Blanche na sy afsterwe in 1987 in 'n huldeblyk geskryf het: "Vir my as leier van die AWB was jy die grootste inspirasie. Ek is dankbaar dat die Beweging wat jy gebou het, jou na jou laaste rusplaas, die Heldeakker van die OB kon neem."¹⁷³ In 'n onderhoud het Terre'Blanche ook opgemerk: "My pa was 'n stormjaer in die OB gewees, ek het in 'n OB huis grootgeword."¹⁷⁴

Verskeie elemente binne die AWB-ideologie dui op 'n fascistiese inslag waaronder die verabsoluttering van die volk, die korporatiewe stelsel van beroepsverteenvoording en Terre'Blanche se klem op die belangrikheid van grond en die gebruikmaking van die sogenaamde bloed-en-bodem retoriek in sy toesprake. Dit herinner sterk aan die idees van die Nazi Walther Darré waarvolgens daar 'n verband tussen bloed en bodem bestaan en 'n volk se aard deur die bodem bepaal word.¹⁷⁵ In een van sy toesprake noem Terre'Blanche byvoorbeeld: "En die Witman en die nuwe blanke volk, die word soos sy land. Hy word só hard soos sy land. Hy word só suiwer en só sterk."¹⁷⁶ En ook: "n Volk wat nie grond het nie, is 'n swerwersvolk, want uit grond groei krag, uit grond groei trou, uit grond groei kultuur. Dit is die akker, dit is die basis waarop 'n volk se totale volkwees groei. As jy op 'n ander se grond woon, sterf jou kultuur."¹⁷⁷

Alhoewel die militaristiese inslag van die beweging nie noodwendig vreemd is aan die Afrikaner met sy militêre leierskapstradisie nie en die kommandostelsel uniek aan die Afrikanervolk is, is die ikonografiese gebruik van embleme en uniforms uitheems van aard en nie deel van die hoofstroom Afrikanemasionalisme nie. Die AWB se uniforms bring dan ook nie, soos wel die geval by die OB was, enige elemente van die tradisionele Afrikanerdrag byeen nie. Die beweging het verder ook 'n hoogs gesentraliseerde burokrasie wat rondom die persoon van Terre'Blanche, wat besluitneming en vetoregte op elke vlak van die beweging het, georganiseer is. Die Hoofleier se dinamiese persoonlikheid en besondere leierskaps- en oratoriese eienskappe speel 'n belangrike rol in die vestiging en uitbouing van die beweging en die AWB leun swaar op die openbare trefkrag van sy leier. Dit het dan ook veroorsaak dat Terre'Blanche se privaat lewe en beweerde verhouding met Jani Allan die AWB se ontwikkeling as politieke beweging grootliks in die wiele gery het.¹⁷⁸

Vir Van Tonder dui die beweging se program, optrede en organisasiestruktuur daarop dat dit 'n nasionaal-sosialistiese beweging met 'n fascistiese struktuur en eie burgermag is: "Die AWB is uitgesproke anti-Semities, verwerp die partywese, is 'n anti-stelselbeweging, met ander woorde, wil die bestaande orde omverwerp en 'n volksdiktatuur - 'n eksklusiewe Blanke (Afrikaner) staat - stig. ... Die AWB ... grond baie van sy standpunte op argumente rondom soortgelyke bewegings gedurende die dertigerjare. Soos vroeëre organisasies van dié soort het dit ook 'n kultuskarakter met die

¹⁷³ P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 108.

¹⁷⁴ Anon., Die waarheid agter die leuens: Eugene Terre'Blanche - orator en volksleier, *Boerant*, Augustus/September 1998, p. 9.

¹⁷⁵ Sien I. Scöffer, *Het nationaal-socialistische beeld van de geschiedenis der Nederlanden*, gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Amsterdam, 1956, p. 26.

¹⁷⁶ E. Terre'Blanche, Inleiding tot die mosie, in *Afrikanervolkswag*, *Stigting*, p. 86.

¹⁷⁷ P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 34.

¹⁷⁸ A.B. Du Plessis, Die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), in C.J. Maritz (red.), *Weerstandsbewegings in Suider-Afrika*, p. 119; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Unisa, 1992, pp. 302-303.

gepaardgaande karakteristieke nasionaal-sosialistiese eksentrieke fascistiese leierspatroon, -beeld en -retoriek.¹⁷⁹ Vir Leach is die AWB ook nie tipies van hoofstroom Afrikanemasionalisme nie. Hy verwys spesifiek na die beweging se anti-parlementarisme en bereidheid om geweld te gebruik, die kragtige gebruik van simbole, baniere en embleme en die idee van Terre'Blanche as 'n soort *Führer*. In hierdie verband noem hy dat terwyl die Afrikaner nog altyd sterk leiers ondersteun het, hulle vanuit die volk self ontstaan het en nie soos Terre'Blanche, daarop afgedwing is nie.¹⁸⁰

Die AWB self ontken dat dit 'n nasionaal-sosialistiese beweging is en maak sodanige beskuldigings af as regeringspropaganda om die beweging te diskrediteer: "Diegene wat hom [Terre'Blanche] aan Adolf Hitler verbind en hom uitmaak vir 'n neo-Nazi suig hierdie bewerings uit die duim. Gebruikmaking van die woorde Hitler, Nazi en neo-Nazi het effektiewe skelwoorde van die twintigste-eeuse liberalis geword. Om iemand hiervoor uit te skel is, danksy die media, 'n finale metode om iemand te diskrediteer."¹⁸¹ Hierdie ontkenning het dan ook veroorsaak dat die beweging toestemming aan Roger Griffin om 'n gedeelte van hul partybeleid in sy antologie oor die fascisme aan te haal, geweier het.¹⁸²

Kemp voer aan dat die AWB die toets vir 'n ware Nasionaal-Sosialistiese filosofie faal. Die beweging se wêreldbeskouing is, ten spyte van 'n rasse-standpunt, op kultuur en nie ras nie gebaseer, en sy anti-Semitisme is volgens die tradisionele Christelike beskouing en derhalwe nie heeltemal in navolging van Hitler nie. Kemp noem egter ook dat daar uitwaarts, in die geüniformeerde bruinhemde, embleme en organisatoriese struktuur, sterk ooreenkomste met dié van die Nazi's se SA en partystruktuur is. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat die AWB 'n kombinasie is van die uitwaartse eienskappe van die Nasionaal-Sosialisme, terwyl dit op 'n suiwer filosofiese vlak 'n kombinasie van ekstreme Afrikanemasionalisme en Christelike anti-Semitisme verteenwoordig.¹⁸³ Griffin voer ook aan dat alhoewel die AWB-leierskap elke reg het om die taksonomiese klassifikasie van 'fascisties' te verwerp, akademiërs wel elke reg het om die beweging as 'n oorspronklike voorbeeld van 'n na-oorlogse, nie-Europese vorm van die fascisme, te beskou.¹⁸⁴

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die AWB wel aan die meeste kenmerke van 'n fascistiese beweging voldoen en alhoewel die palingenetiese mite nie sterk teenwoordig is nie, word terme soos 'nuwe Afrika' en die nuwe, moderne volkstaat wat uit die 'asse van die revolusie' kan verrys, wel gebruik. Aangesien die beweging nie bloot die Boererepublieke wil herstel nie, maar 'n nuwe en moderne volkstaat wat daarop gebaseer is, wil stig, kan die AWB eerder as 'n voorbeeld van 'n akkulturatiewe versetbeweging en meer spesifiek as 'n kulturele vernuwingsbeweging, gesien word. Griffin beskryf dan ook die AWB as 'n separatistiese nasionalistiese beweging wat wel sekere fascistiese eienskappe toon. In die beweging se vermenging van ultra-nasionalisme en Christelike

¹⁷⁹ J.J. Van Tonder, Die ver-regse groepe in die Suid-Afrikaanse politieke spektrum, *Buurman* 12(3), Maart-Mei 1982, p. 7.

¹⁸⁰ G. Leach, *The Afrikaners*, p. 169.

¹⁸¹ P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Die opmars van die AWB*, p. 32.

¹⁸² R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 376.

¹⁸³ A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 156-157.

¹⁸⁴ R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 378.



fundamentalisme verkry dit vir hom 'n kenmerkende eiesoortigheid wat die aaneenlopendheid daarvan met die OB illustreer.¹⁸⁵

Volgens Leach kan die opkoms van die AWB nie noodwendig aan 'n latente fascisme binne die Afrikanerdom toegeskryf word nie. Vir hom hou die sukses van die beweging eerder verband met die verval van apartheid en die onvermoë van die NP om dit met 'n nuwe filosofie te vervang. Die onsekerhede wat deur die ideologiese vakuum veroorsaak is, en die behoefte aan 'n anker en 'n gevoel van behorendheid wat vanweë die veranderende tradisionele verwysingsraamwerk ontstaan het, het die regse Afrikaner toeganklik vir die ideologie van die AWB gemaak.¹⁸⁶ Binne hierdie verband verklaar Welsh dan ook dat alhoewel dit aantreklik is om die AWB as 'n neo-Nazi beweging te beskryf en dat die AWB se uitlatings en aktiwiteite hierdie versoeking versterk, dit misleidend kan wees om bloot enige vorm van blanke nasionalistiese politiek binne 'n fascistiese vorm in te forseer. Hy vergelyk daarom die AWB eerder met die Amerikaanse KKK wat aanvanklik as 'n vigilante-groep gestig is om die instelling van rassegelykheid binne die oorwonne Konfederasie teë te staan.¹⁸⁷

Die AWB is derhalwe 'n inheemse nostalgiese variasie van die fascisme wat soos die Boerenasie, verskeie mimetiese eienskappe toon. Afgesien van hierdie twee bewegings en die ander nostalgiese variasies van die fascisme wat na die oorlog in Suid-Afrika te voorskyn gekom het, het die veranderende politieke omstandighede teen die sewentiger- en tagtigerjare ook tot die ontstaan van meer fanatieke, uitheemse en mimetiese fascistiese groepe aanleiding gegee.

¹⁸⁵ R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 376-378.

¹⁸⁶ G. Leach, *The Afrikaners*, p. 168.

¹⁸⁷ D. Welsh, South Africa's ultra right - part two, *Patterns of Prejudice* 23(1), 1989, p. 7.

HOOFSTUK IV

NEO-NAZISME IN SUID-AFRIKA: MIMETIESE FASCISME, 1970-1995

"When the talk of reform became a signal of the country's departure from Verwoerdian apartheid, South Africa began to witness the proliferation of fascist neo-Nazi Afrikaner right-wing groups. The mushrooming of these Hitlerite groups is an expression of frustration by those whose existence relied mainly, if not entirely, on the benefits accrued from racial discrimination."¹

1. Mimetiese fascisme

Die mimetiese fascisme verwys volgens Griffin na daardie groepe wat die Nazisme met sy palingenetiese siening as hoofbron vir hul ultra-nasionalisme en rassisme gebruik.² Baie van hierdie groepe het hul ontstaan te danke gehad aan die veranderende omstandighede van die na-oorlogse tyd waaronder die Koue Oorlog met sy klem op die gevaar van die Kommunisme, en die ekonomiese probleme van die Derde Wêreld wat tot grootskaalse immigrasie na Europa aanleiding gegee het. Ook in Suid-Afrika het politieke probleme en gebeure soos die invloed van dekolonisasie in Afrika, die Nasionale regering se standpunt van die Republiek as 'n bolwerk teen die kommunistiese aanslag, en pogings om die beleid van apartheid afgeskaf te kry, tot die ontstaan van verskeie wit heerssugtige en anti-kommunistiese bewegings bygedra.

2. Die National Front

a. Die National Front in Brittanje

Die National Front (NF) is in 1967 in Brittanje deur leidende lede van verskeie ver-regse groepe, waaronder die LEL, die Racial Preservation Society (RPS), die British National Party (BNP), en die Greater Britain Movement van John Tyndall en Martin Webster, gestig. A.K. Chesterton het tot en met 1971 as voorsitter opgetree waarna hy die beweging vanweë die Nazi-idees van Tyndall-hulle verlaat het. Tyndall het dan ook in 1972 as voorsitter opgevolg en die beweging hierna saam met Webster gedomineer.³

Gedurende 1975 tot 1976 het die eerste van verskeie ernstige skeurings binne die beweging plaasgevind. In 1980 het Tyndall self na 'n twis met Webster weggebreek en die New National Front, later bekend as die British National Party (BNP), gevorm. Hy is deur Andrew Brons as NF voorsitter opgevolg. Gedurende 1983 tot 1984 is Webster deur Nicholas Griffin en Joe Pearce uit die beweging gestoot waarna hy Our Nation gevorm het. Hierna het die NF, onder die invloed van die Griffin/Pearce-faksie, al meer in 'n revolusionêre nasionale beweging soortgelyk aan die Italiaanse Nuclei Armati Rivoluzionari (NAR), ontwikkel. Dié faksie was algemeen bekend as die Strasseriste

¹ D. Cloete, Right-wing fascism in South Africa, *African Communist* 125, 1991, p. 47.

² R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 164.

³ Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 310; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 73-74.

omdat hulle 'n soortgelyke vorm van 'linkse Nazisme' as dié van die Strasser-broers in Nazi-Duitsland aangehang het. Hulle het kontakte opgebou met voortvluggende Italiaanse terroriste en ook die bloed-en-bodem filosofie van die Italiaanse Derde Posisie oorgeneem. Dit was juis hierdie betrokkenheid van Italiaanse terroriste in die aktiwiteite van die NF wat veroorsaak het dat die beweging teen 1987 in twee strydende faksies verdeel was. Die een groep, onder leiding van Pearce, het 'n meer tradisionele nie-militêre benadering voorgestaan en wou terugkeer na die beweging se vroeëre klem op anti-swart rassisme. Die ander faksie, onder leiding van Griffin en Derek Holland, wou die beweging se stedelike fokus met 'n rustieke filosofie en waardes vervang. Hulle het 'n paramilitêre drie-strata struktuur voorgestel waarvolgens die beweging in 'n elite van 'politieke soldate', ondersteunende lede en straataktiviste verdeel sou word.⁴

Die NF was die enigste Britse fascistiese groep sedert Mosley se BUF om wye openbare erkenning te verkry. Die beweging het gedurende die sewentigerjare 'n hoogtepunt beleef toe dit saam met die Britse Konserwatiewe Party en Monday Club aan veldtogte teen swart immigrasie deelgeneem het, maar hulle kon nooit daarin slaag om enige verkiesings te wen nie en hul lidmaatskap was minder as die helfte van dié van die BUF. Straatgeweld en optogte was 'n algemene kenmerk van NF-byeenkomste in hierdie tyd, terwyl baie lede en ondersteuners deur die jare tronkstraf opgelê is vir geweld, die opswep van rassehaat en wapensmokkelary. Alhoewel die beweging steeds een van die grootste fascistiese groepe in Brittanje bly, het dit deur die jare baie van sy lede en ondersteuners aan ander regse en fascistiese bewegings verloor. Die ouderdoms- en klasprofiel van die lede het ook met die jare verander. Waar die NF vroeër hoofsaaklik deur middeljarige middelklas regse konserwatiewes ondersteun is, het die meerderheid lede teen die tagtigerjare uit werklose twintigjarige skinheads bestaan. Die NF het dan ook gedurende die tagtigerjare wegbeweeg van die liberale demokrasie en 'n groter klem op politieke aktivisme begin lê. Hierdie beleidsverandering kan onder meer aan die opbloeit van Britse nasionalisme tydens die Falkland-oorlog, en Margaret Thatcher se opposisie teen Europese integrasie en haar wetgewing teen immigrasie, toegeskryf word. Dit het alles daartoe bygedra om die platform vir parlementêre deelname onder die NF uit te neem.⁵

Die NF omskryf 'n nasionale en populistiese ideologie wat op die idees van G.K. Chesterton, Hillaire Belloc, William Morris en William Cobbet, gebaseer is, asook 'n ekonomiese verspreidingsfilosofie wat teen beide die kapitalisme en kommunisme gekant is. Hierdie beleid is vergelykbaar met dié van die Nazi Gregor Strasser en die Derde Posisie Ruralisme wat deur die Italiaanse fasciste gedurende die sewentigerjare ontwikkel is. Alhoewel die NF ontken dat dit 'n neo-Nazi organisasie is, het heelwat van die leidende lede wel Nazi-bande gehad en word kodewoorde in plaas van die tradisionele Nazi-terminologie gebruik. So byvoorbeeld, word verwysings na die Jode vervang deur die woorde Sioniste, kosmopolitane en vreemdelinge, terwyl *one-worldism* en Internasionale

⁴ Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 310-311; C.T. Husbands, Extreme right-wing politics in Great Britain: the recent marginalisation of the National Front, *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 65, 69-70.

⁵ Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 311; C.T. Husbands, Extreme right-wing politics in Great Britain ..., *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 70-71; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 175; S. Taylor, The radical right in Britain, in P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 182.

Sionisme na die Joodse sameswering vir wêreldoorheersing verwys. Ten spyte daarvan dat die beweging gedurende die sewentigerjare op openbare vlak op populêre rassisme, die repatriasie van swartes en verwysings na agteruitgang as gevolg van immigrasie klem gelê het, was die NF se leierskorps en kernideologie egter fascisties van aard en wel volgens die anti-Semitiese Nazi-voorbeeld. Die NF is verder ten gunste van die repatriasie van immigrante en ondersteun die Lojaliste in Noord-Ierland. Hulle eis ook die herinstelling van die doodstraf en die onttrekking van Brittanje aan multilaterale instellings soos die VN en Europese Gemeenskap. Hulle is gekant teen multikulturele en kapitalistiese instellings en glo dat die sogenaamde 'Joods-geïnspireerde' liberalisme, kommunisme en internasionalisme die wit ras en spesifiek die Britse volk probeer vernietig. Teen die middel tagtigerjare het die beweging, onder die invloed van die Strasserisme, ook groter klem op die werkersklas begin lê, en daar is geglo dat die anti-kapitalistiese Ruralisme, deur middel van die skep van 'n selfonderhoudende en ware verbruikerseconomie, die sosio-ekonomiese probleme in die stede sou oplos.⁶

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die NF in sy ontwikkelingsgeskiedenis deur drie ideologiese fases beweeg het. Alhoewel die beweging aanvanklik deur nostalgiese fasciste gestig is, is dit vanaf die sewentigerjare deur neo-Nazi's gedomineer wat die toename in nie-blanke immigrante en die gepaardgaande opkoms van rassistiese sentimente, uitgebuit het. Teen die middel van die tagtigerjare het neo-fascistiese elemente soos die Derde Posisie-idee van die Revolusionêre Nasionalisme, die Nuwe Regse-ideologie van GRECE en die Italiaanse Tradisionalisme, asook enkele krypto-fascistiese kenmerke, binne die NF se ideologie te voorskyn gekom.⁷ Aangesien die invloed van die beweging in Suid-Afrika gedurende die sewentigerjare plaasgevind het toe die beweging deur sy mimetiese, neo-Nazistiese fase gegaan het, word dit hier onder die mimetiese fascisme bespreek.

b. Die South African National Front

Die South African National Front (SANF) is gedurende die vroeë sewentigerjare deur 'n aantal rassistiese aktiviste in Suid-Afrika gestig, maar min is verder oor die beweging se aktiwiteite bekend. Onder die stigterslede was die Brit, Ray Hill, terwyl Max Bollo, een van die lede van die latere Wit Kommando, ook 'n lid van die Nasionale Direkoraat van die SANF was.⁸ In 1978 het die parlementêre opposisie by die statutêre Komitee vir Publikasies beswaar aangeteken teen 'n pamflet van die National Front wat volgens hulle rassisties en beledigend was. Die betrokke pamflet getiteld *White Supremacy or Black Supremacy*, het onder meer verklaar: "Daily, the blacks encroach increasingly on our lives - sports, theatres, jobs, parks, restaurants, they are even creeping into our schools. Where will it end? ... in black supremacy. Do you know what black supremacy entails? ...

⁶ Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 312; R. Eatwell, Why has the extreme right failed in Britain?, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 177; S. Taylor, The radical right in Britain, in P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, pp. 172-173, 174-175; C.T. Husbands, Extreme right-wing politics in Great Britain ..., *West European Politics* 11(2), April 1988, pp. 71-72.

⁷ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 173-174.

⁸ Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 248.

Under black rule you will have no job, have no home, have no rights, and possibly lose your life and your family's. Black rule means bloodshed, chaos and corruption. Just look at Uganda, Angola, Mozambique and Zaire.⁹ Die pamflet is egter deur die Komitee goedgekeur. In Januarie 1979 het 'n aantal Jode buite 'n Johannesburgse hotel, waar 'n NF vergadering gehou sou word, teen die beweging betoog.¹⁰

Ray Hill het gedurende die sestigerjare, vanweë die instroming van nie-blanke immigrante, by die ver-regse politiek in Brittanje betrokke geraak en was as fascistiese militant vir sewentien jaar deel van die neo-Nazi onderwêreld in daardie land. Hy het mettertyd tot redenaar en organiseerder gevorder en was onder meer voorsitter van die Leicester-tak van Colin Jordan se British Movement. Na 'n gewelddadige straatgeveg het hy uit Engeland gevlug om arrestasie te vermy en hom in Suid-Afrika gevestig. Hier is hy na bewering deur die lewensomstandighede van nie-blanke Suid-Afrikaners ontnugter en het hy sy fascistiese sienings laat vaar. Teen die vroeë tagtigerjare het hy na Brittanje teruggekeer waarna hy vir vyf jaar as ondergrawer binne die fascistiese onderwêreld gewerk het. Hy het doelbewus fascistiese groepe ondernyn, vals inligting versprei, twis tussen leiers veroorsaak en gegewens aan die polisie deurgegee. Op hierdie manier is onder meer 'n aantal wegkruipplekke van Franse en Italiaanse terroriste in Brittanje ontbloot. In 1987 het Hill, nadat hy deur die fascistiese beweging onder verdenking geplaas is, sy dubbele lewe verlaat en sy wedervaringe in 'n boek, *The other face of terror*, gepubliseer.¹¹

c. Brendan J. Willmer

In 1962 het Colin Jordan die British National Youth, ook bekend as die National Youth League (NYL), in Brittanje gevorm. Sedert 1964 het Brendan Willmer die leierskap daarvan oorgeneem. Die beweging was aanvanklik simpatiek teenoor die nasionaal-sosialisme, maar het teen 1965 die fascistiese ideologie begin veroordeel. In 1969 het Willmer by die National Front aangesluit en in 1971 het hy na Suid-Afrika geëmigreer nadat finansiële en ander ongerymdhede in Brittanje aan die lig gekom het. Hier het hy by verskeie regse en rassistiese groepe, waaronder die South Africa First Campaign, die Save Rhodesia Campaign, die pro-apartheid Civic League en die National Forum van Ivor Benson, betrokke geraak. Verskeie finansiële skandale het Willmer ook in Suid-Afrika omring en hy het, byvoorbeeld, die Save Rhodesia Campaign, waarvan hy een van die stigterslede was, in skuld agtergelaat. Hy het in Maart 1982 by die KP aangesluit, maar is egter in Mei 1984 gedeporteer, omdat hy na dertien jaar in Suid-Afrika nooit vir permanente verblyf of burgerskap aansoek gedoen het nie.¹²

⁹ Anon., N.F. pamphlet passed, *S.A. Observer* 23(8), April 1979, p. 14.

¹⁰ Anon., Jewish demonstration: questions still unanswered, *S.A. Observer* 23(7), March 1979, p. 14.

¹¹ S. Sullivan, A fascist who came in from the cold, *Newsweek* 111(15), 1988-04-11, p. 12. Die boek, *The other face of terror: inside Europe's neo-Nazi network* (London, 1988) deur R. Hill & A. Bell, kon ongelukkig nie vir gebruik in hierdie studie opgespoor word nie.

¹² Anon., Con-man is deported, *S.A. Patriot* 22, April-June 1984, p. 7. Sien ook *S.A. Patriot* 24, September-Desember 1984, p. 6; A.D. Harvey, The "Save Rhodesia Campaign" - why it failed, *Kommando* 5, Maart-Mei 1988, p. 29; R. Davies et al, *The struggle for South Africa*, pp. 156-157; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 248, 323.

d. Die *South African Patriot*

Die *South African Patriot* is in Maart 1980 deur onder andere John Hiddleston, 'n Ierse immigrant en oud-lid van die National Front, begin. Die eerste uitgawe het in Mei 1980 verskyn en is in Durban deur die Patriotic Press uitgegee. Hiddleston het tot en met die einde van 1981 as redakteur opgetree waarna Alan D. Harvey die redakteurskap, met Leon van Wyk as assistent-redakteur, oorgeneem het. Sedert Junie 1984 het J. Samuel die assistent-redakteurskap behartig. Volgens Ó'Maoláin het Hiddleston vanweë 'n finansiële dispuut in 1983 na Noord-Ierland teruggekeer en is daar later ook aantygings teen hom gemaak dat hy as 'n polisie-informant sou gewerk het.¹³

Alhoewel die *South African Patriot* onafhanklik uitgegee is en die hoofdoel van die publikasie was om 'n deursnee van patriotiese menings te reflekteer, het dit tog openlik die beleid van die Herstigte Nasionale Party (HNP) ondersteun. Die blad was uitgesproke rassisties, ten gunste van wit heerskappy en gekant teen die kommunisme, liberalisme, meerderheidsregering en rassegelykheid. In die eerste uitgawe het Hiddleston onder meer verklaar: "White men everywhere in South Africa are gradually realising that our land is being taken from us - not by jack-booted Communist troops, but by those who pretend to represent our interests - and handed over, lock, stock and barrel, to a race which is not capable of maintaining, let alone developing, a modern technological society The White race must remain firmly in control of South Africa for all time."¹⁴

Die redaksie het die stigting van 'n beweging voorgestaan om die sogenaamde uitverkoop-beleid van die NP-regering teë te staan en was ook sterk teen die totstandkoming van die Zimbabwiese staat gekant: "Zimbabwe is not the new name for Rhodesia. It is the name given to a conquered territory by an alien power."¹⁵ Artikels en advertensies van verskeie buitelandse regse, fascistiese en rassistiese organisasies soos die NAAWP van David Duke, en publikasies, waaronder die *National Vanguard* van die fascistiese National Alliance in die VSA, *Instauration, Heritage & Destiny, Nationalism Today, Folk & Race* en *NF News*, is ook geplaas. Die subtitel van die koerant was aanvanklik *Spearhead of White Resistance* en die Suid-Afrikaanse vlag met 'n springbokkop is as embleem gebruik. Nadat Harvey die redakteurskap oorgeneem het, is dit verander na *The Voice of the White Worker* en is die vlag met 'n Odal-teken vervang. Teen 1983 het die publikasie finansiële probleme begin ondervind en het die laaste uitgawe teen die einde van 1985 verskyn.¹⁶

¹³ A. Harvey, *Selling Patriot*, *S.A. Patriot* 1(2), 1980, p. 8; sien ook *S.A. Patriot* 1(10) November/December 1981, p. 2; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 245-246. Ó'Maoláin se werk bevat egter sekere feitefoute: Hy beweer bv. dat die koerant deur John Hiddlestone [moet wees Hiddleston] en John Harvey [Alan D. Harvey ?] begin is. Volgens hom was Harvey 'n Britse immigrant en ook 'n lid van die NF.

¹⁴ J. Hiddleston, Editorial, *S.A. Patriot* 1(1), 1980, p. 2.

¹⁵ Hereward, *Awakenings!*, *S.A. Patriot* 1(3), October/November 1980, p. 3.

¹⁶ Sien *S.A. Patriot* 1(1), 1980 - 26, July-December 1985.

3. Die Wit Kommando

Die Wit Kommando, 'n fascistiese terroristegroep, is in Mei 1980 in Suid-Afrika gevorm om die sogenaamde paaibeleid van die NP-regering teë te staan. Bomaanvalle is teen verskeie swart, anti-apartheids- en pro-regering teikens geloods. In Mei 1980 is onder meer gepoog om die Eerste Minister in 'n ontploffing te dood en in Augustus 1980 was daar 'n bomaanval by die kantore van prof. Jan Lombard van die South African Institute of Race Relations en prof. Frans Maritz, beide van UNISA. Bomontploffings het ook by die kantore van 'n Natalse Lid van die Uitvoerende Raad (LUR), die Transkeise Konsulaat en in die projeksiekamers van twee inryteaters, plaasgevind. Daar was ook 'n voorval van brandstigting by die SA Institute of Race Relations se kantore in Braamfontein. Die Wit Kommando, wat verantwoordelikheid vir die geweldpleging aanvaar het, het beweer dat hulle daarmee in die ware belange van Afrikanernasionalisme en rassesuiverheid gehandel het.¹⁷

In 1981 is twee lede van die groep weens hierdie terreurdade in hegtenis geneem. Die Italianers Massimo Domingo Bollo en Fabio Miriello het in September 1981 in die hof verskyn op aanklagte van diefstal, sabotasie en deelname aan terroriste-aktiwiteite. Monica Huggett, 'n oud-lid van die Wit Kommando, het as staatsgetuie opgetree en aangevoer dat dit nie die doel van die beweging was om die regering omver te werp nie. Sy het beweer dat die Kommando met die aanvalle bloot wou aantoon dat die geleidelike pad van toegewings deur die NP-regering uiteindelik tot rassevermenging sou lei en dat baie mense daarteen gekant was.¹⁸ Die regter het in sy uitspraak ter versagting in ag geneem dat die beweging lewensverlies probeer vermy het, dat hulle nie enige ondersteuning van organisasies in Suid-Afrika of oorsee gehad het nie, en dat hulle nie 'n staatsgreep beplan het nie.¹⁹

Bollo (ca 1943) se sienings oor die politieke situasie in Suid-Afrika is grootliks beïnvloed deur sy wedervaringe in vier Afrikalande nadat onafhanklikheid toegeken is. Hy is in Somalië gebore waar sy familie al hul besittings in die chaos wat na onafhanklikwording gevolg het, verloor het. Die gesin het vir 'n tyd in Italië gewoon voordat hulle weer na Somalië teruggekeer het. Weens die politieke spanning het hulle na Kenia verhuis totdat die situasie ook daar teen 1952 onstabiel geraak het. Met die opkoms van die Mau-Mau het hulle besluit om in Julie 1953 na die Belgiese Kongo te vertrek. Hier was alles rustig tot onluste in 1960 uitbreek en die gesin genoodsaak is om na Suid-Afrika te vlug. Bollo het vir 'n jaar ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand gestudeer waarna hy by Olivetti begin werk het. In 1970 het hy as verteenwoordiger van Olivetti na Angola gegaan totdat hy in 1975 weens politieke beroering genoodsaak is om na Suid-Afrika terug te keer. Met sy terugkoms was hy geskok toe hy besef het dat Apartheid besig was om te verkrummel en dat selfs die Afrikaanse pers meer liberaal geword het. Hy het derhalwe besluit om die United International Defence Organization (Unido) te stig met die doel om die Latynse gemeenskap in die land in burgerlike verdedigingsaksies en opleiding te verenig. Met die ineenstorting van hierdie

¹⁷ P. Wilkinson, *The new fascists*, p. 96; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 246; Anon., Court proceedings in the Wit Kommando case, *S.A. Observer* 26(10), September 1981, p. 13.

¹⁸ Anon., Court proceedings in the Wit Kommando case, *S.A. Observer* 26(10), September 1981, p. 13.

¹⁹ Anon, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation, *S.A. Observer* 26(11), October 1981, p. 13.

organisasie weens 'n tekort aan fondse, het hy besluit om hom tot onwettige metodes te wend om sy boodskap deur te kry. Bollo was ook lid van die Nasionale Direkoraat van die South African National Front. Hy is altesaam tot 52 jaar tronkstraf gevonniss, maar sou 'n effektiewe vonnis van tien jaar uitdien. In November 1985 is hy vrygelaat en omdat hy nooit Suid-Afrikaanse burgerskap verkry het nie, is hy na Italië gedeporteer.²⁰

Fabio Miriello (ca 1936) is in Italië gebore waar hy as ingenieur gekwalifiseer het. Sy sterk anti-kommunistiese sienings is beïnvloed deur sy ondervinding in Milaan in 1945 toe duisende anti-kommuniste deur kommunistiese partysane vermoor is. In 1977 het hy na Suid-Afrika verhuis waar hy op die spoorweë as ingenieur gewerk het. Hy het later burgerskap verkry en by die burgermag aangesluit waarin hy die rang van Stafsersant gehad het. In 1976 het hy 'n maandelikse Italiaanse koerant, *Neuropa*, begin waarin hy teen die bedreigings vir die blanke beskawing in Suid-Afrika gewaarsku het. Hy het later beseef dat dae ook nodig was en het daarom by die Wit Kommando betrokke geraak. Miriello is effektief tot vyf jaar gevangenisstraf gevonniss.²¹ Na sy vrylating sou hy en Huggett by die Kerk van die Skepper betrokke raak.

Alhoewel die hof bevind het dat die Wit Kommando onafhanklik van enige buitelandse hulp opgetree het, is dit tog bekend dat Bollo in kontak met die fascistiese New European Order in Switzerland was.²² Enkele lede van die beweging, waaronder Huggett, het ook bande met die Ku Klux Klan in die VSA gehad.

4. Die Ku Klux Klan

a. Die Ku Klux Klan in die VSA

i. Die oorspronklike beweging

Die Suide van Amerika was na die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) verwoes, die slawe vry en sonder werk en die blanke inwoners verarm en sonder veel regte. Tydens die periode van Rekonstruksie het korrupte persone binne die Noordelike administrasie swart Amerikaners binne die geheime Union League georganiseer en hulle misbruik om die blanke inwoners tot onderdanigheid te dwing. Hierdie organisasie het onder meer rassehaat gepredik, die swartes aangemoedig om wapens te dra, die plantasie-eienaars se skure af te brand en om die blankes se vee te skiet. Aangesien die blanke inwoners nie wettiglik kon optree nie, was hul enigste uitweg om geheime bewegings ter wille van selfbehoud te organiseer. Een van hierdie organisasies was bekend as die Ku Klux Klan (KKK).²³

²⁰ Anon, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation, *S.A. Observer* 26(11), October 1981, pp. 13-14; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 246-247.

²¹ Anon, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation, *S.A. Observer* 26(11), October 1981, pp. 13-14.

²² C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 248.

²³ R.B. Gruver, *An American history II*, p. 598; N.M. Blake, *A short history of American life*, p. 368; E.R.A Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, p. 606; J.A. Garraty, *The American nation*, p. 448.

Die oorsprong van die KKK, waarvan die naam van die Griekse woord *kuklos* (sirkel) ontnem is, kan teruggevoer word na 'n sosiale klub wat in 1866 in Pulaski, Tennessee deur ses oud-offisiere van die Konfederale weermag gestig is. Die klub het gou van die meer ongure karakters in die samelewing getrek en was teen 1868 hoofsaaklik 'n terroriste-organisasie wat gewelddoptredes teen die Republikeinse Rekonstruksieregering gerig het. Vanweë hierdie geweldsrigting het sekere lede in 1869 onsuksesvolle pogings aangewend om dit te laat ontbind. Teen 1870/1871 het die beweging se aktiwiteite die regering genoodsaak om stappe te neem en drie wetsontwerpe is uiteindelik deurgevoer om die groep se wetteloosheid aan bande te lê. Die gevolg was dat die Klan teen 1872 feitlik verdwyn het. Die beweging, wat gedurende 1868 tot 1871 vinnig deur die Suide versprei het, het 'n ledetal van byna 550 000 gehad wat byna die totale manlike Southerner bevolking omsluit het.²⁴

Die Klan was 'n geheime organisasie uitsluitlik vir blanke mans en is georganiseer in 'n *Invisible Empire* met die *Grand Wizard of the Empire*, bygestaan deur tien *Genii*, as outokratiese leier. Ander amptenare was die *Grand Dragon of the Realm*, bygestaan deur agt *Hydras*, die *Grand Titan of the Dominion*, bygestaan deur ses *Furies*, en die *Grand Cyclops of the Den* wat deur twee *Nighthawks* ondersteun is. Afgesien van hierdie vreemde titels is daar ook van rituele en die kenmerkende wit uniform gebruik gemaak. Die doel van die beweging was hoofsaaklik om die bygelowige swartes en hul wit leiers te intimideer. Dit is onder meer gedoen deur in die nag met wit uniforms, en met wit lakens oor hul perde, rond te ry en in gedempte stemme te praat om die indruk te skep dat hulle die geeste van gestorwe soldate was. Hulle het ook dreigbriewe en ander waarskuwings verprei en brandende kruise opgerig, terwyl verdere intimidasie lyfstraf, marteling en selfs moord ingesluit het. Die beweging was teen rassegelykheid gekant, wou van die Suide 'n witmansland maak, die blanke se politieke regte herstel en 'n einde aan die Rekonstruksie bring. Verder is blankes teen swart misdad beskerm en die Klan het dan ook daarin geslaag om die misdadadyfer drasties te laat afneem en om die nie-blankes uit die politiek te intimideer. Die beweging het 'n groot invloed op die politieke en sosiale lewe in die Suide gehad en het, deur middel van die verswakking van die Republikeinse Party se houvas in die gebied, waarskynlik 'n belangrike rol in die verkryging van selfregering gespeel.²⁵

ii. Die KKK-herlewing

Na die Eerste Wêreldoorlog het swart soldate meer regte begin eis en ernstige rassebotsings het in 1919 in Amerikaanse stede plaasgevind. In 1915 is die Knights of the Ku Klux Klan in Atlanta, Georgia deur William Simmons gestig. Die beweging het 5000 lede gehad, maar het eers werklik in 1920 momentum begin kry nadat Edward Clarke en Elizabeth Tyler as promosie-agente aangestel is.

²⁴ B. Catton (ed.), *The national experience*, p. 367; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 599; R.V. Harlow, *The United States*, pp. 387-389; N.M. Blake, *A short history of American life*, p. 369; E.R.A. Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, pp. 606-607; "Ku Klux Klan", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

²⁵ B. Catton (ed.), *The national experience*, p. 367; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 598; R.V. Harlow, *The United States*, p. 388; "Ku Klux Klan", Microsoft Encarta 97 Encyclopedia.

Koerantberigte en ondersoek na ongerymdhede in 1921 het egter veroorsaak dat die beweging geskeur het. Hiram Evans het die *Imperial Wizard*-skap oorgeneem en onder sy leierskap het die KKK vinnig gegroei. Teen 1925 was daar ongeveer 5-6 miljoen lede, maar kort hierna is *Dragon* David Stephenson weens die moord op sy sekretaresse gevonniss. Die KKK se morele reputasie was aan skerwe en baie lede het die beweging ontnugter vertaat. Vanweë swak leierskap, 'n swak politieke program, korrupsie en verdere skandale, het die beweging teen 1941 slegs sowat 10 000 lede oorgehad. In 1939 is die Klan ook in diskrediet gebring vanweë die openbaarmaking van bande met die pro-Nazi German-American Bund en in 1944 is dit, na 'n belastingskandaal, finaal ontbind.²⁶

Slegs blanke, Amerikaansgebore Protestante kon lede van die KKK word en die beweging se aktiwiteite en motiewe het van streek tot streek verskil. Waar dit in die Noorde anti-vreemdeling en anti-bolsjewisties georiënteerd was, is daar in die Suide meer klem gelê op 'n fundamentalistiese geloof in godsdienstige en morele waardes. Die 20ste eeuse KKK het van die oorspronklike beweging verskil deurdat hul invloed buite die Suide versprei en die beweging naas die swartes nou ook teen immigrante, Katolieke en Jode gekant was. Hulle het hulself voorgehou as die bewakers van die openbare en private sedelikheid, en was gekant teen dobbelaars, prostitute, vroueslaners, dranksmokkelaars en vakbonde. Hulle was voorstanders van *Americanism* en wou terugkeer na 'n vroeëre en 'betere' Amerika. Die gebruik van geheime handgrepe, misterieuse titels en dogmas en wit uniforms was algemeen en dit was juis in hierdie geheime en mistieke aard dat hul mag en aantrekkingskrag gelê het. Lede het mekaar in die veld ontmoet om onder 'n brandende kruis, wat deur die beweging as simbool aangeneem is, na vurige toesprake met 'n sterk patriotiese en morele ondertoon te luister. Hul intimidasietegnieke is teen enigiemand wat die Klan teëgegaan het, gerig. Dit het bestaan uit die uitsegging van teenstanders uit sekere poste, die hou van parades, die vertoon van intimiderende plakkaat, en die boikot van besighede om eienaars te beïnvloed om swartes en ander ongewenste af te dank. Daar is ook gebruik gemaak van anonieme dreigbriewe, die teer-en-veer van andersdenkendes, brandstigting, ontvoerings, lyfstraf en moord, en daar was selfs enkele gevalle waar persone met suur gebrand en verminck is. Ten spyte hiervan het die KKK 'n belangrike rol in veral die Suide se politiek gespeel deurdat die beweging beheer oor die nominasies en verkiesings van plaaslike amptenare, en selfs goewerneurs en kongreslede, gehad het. Die KKK was oor die algemeen op onverdraagsaamheid, rassisme en vrees gebaseer en was derhalwe in lyn met baie van die kontemporêre Europese fascistiese bewegings van die twintigerjare.²⁷

²⁶ B. Catton (ed.), *The national experience*, pp. 611-612; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 884; H.W. Degenhardt (ed.), *Revolutionary and dissident movements*, p. 405; R.V. Harlow, *The United States*, p. 685; N.M. Blake, *A short history of American life*, pp. 626-627; E.R.A. Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, pp. 607-608; J.A. Garraty, *The American nation*, pp. 690-691; J.K. Martin et. al, *America and its people*, p. 757; M. Cox, *Beyond the fringe: the extreme right in the United States of America*, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 288-289.

²⁷ B. Catton (ed.), *The national experience*, p. 611; R.B. Gruver, *An American history II*, p. 884; H.W. Degenhardt (ed.), *Revolutionary and dissident movements*, p. 405; R.V. Harlow, *The United States*, p. 685; N.M. Blake, *A short history of American life*, p. 626; E.R.A. Seligman & A. Johnson (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII*, p. 607; J.A. Garraty, *The American nation*, pp. 689-691; J.K. Martin et. al, *America and its people*, pp. 757-758; M. Cox, *Beyond the fringe ...*, in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 288-289.

iii. Die KKK na 1945

Sedert 1945 was daar verskeie mislukte pogings om die beweging opnuut te herstig en dit was eers tydens die burgerregtebeweging van 1964-1966 dat die KKK weer momentum begin kry het. In 1965 is die ledetal van die verskillende faksies op 42 000 geskat. Gedurende die vroeë sewentigerjare is hierdie faksies deur nasionaal-sosialiste as frontorganisasies begin gebruik. Teen die middel sewentigerjare was daar slegs ongeveer 4500 lede in meer as 'n dosyn splintergroepe en gedurende die tagtigerjare was daar 'n aantal klein, maar aktiewe, KKK-groepies in veral die Suide van die VSA. In 1982 is daar gepoog om al die faksies te koördineer, maar teen 1986 was die KKK steeds in drie groot groepe verdeel, naamlik The Knights of the Invisible Empire, United Klans of America Inc en die Knights of the KKK. Teen hierdie tyd het die beweging se invloed sterk begin afneem aangesien van die gevaarlikste lede eerder by neo-Nazi groepe aangesluit het. Waar die Klan in 1984 8000-10 000 lede gehad het, het dit teen 1986 uit 6000-8000 en teen die laat tagtigerjare uit slegs 5000 lede bestaan. Daarteenoor het neo-Nazi en ander groepe, waarvan baie van die leiers gewese lede van die KKK was, gesamentlik 17 000 lede gehad.²⁸

Die beleid van die KKK het na 1945 basies met dié van ander neo-Nazi en ekstremistiese regse en fascistiese groepe ooreengestem. Die beweging se lede is voorstanders van blanke oorheersing, rassessekiding, patriotisme, 'n hiërargiese gesagstaat, ekonomiese proteksionisme en die beskerming van wit Christelike Amerika en die Westerse beskawing. Hulle is anti-swart, anti-Semities en anti-aborsie georiënteerd, gekant teen nie-blanke immigrasie en rassegelykheid, wat volgens hulle tot verval en agteruitgang lei, en hulle beskou enige regeringstrukture in 'n vyandige lig: "... 'the federal government controlled by the anti-Christ Jews' has as its goal 'the destruction of our race, our faith and our people, and our goal is the destruction of them'."²⁹ In die praktyk laat die KKK se morele standaarde en patriotisme egter veel te wense oor. Tydens 'n KKK-konvensie in 1986 is vyf lede vir dronkenskap en ander oortredings gearresteer, terwyl 'n hoë lid in 1985 as 'n spioen van die USSR ontmasker is.³⁰

Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het fascistiese groepe gepoog om takke van die Klan in Australië, Wes-Duitsland en Engeland te stig, en in 1980 het *Grand Wizard* David Duke Brittanje opnuut met hierdie doel voor oë besoek. Die grootste en belangrikste Klan-beweging buite die VSA is egter in 1980 in Kanada tot stand gebring, alhoewel daar sedert die sestigerjare gerugte van Klan-bedrywighede in daardie land was. Lede van die Canadian Knights of the KKK was dan ook in 1981 by 'n mislukte staatsgreppoging in die Dominikaanse Republiek betrokke.³¹

²⁸ H.W. Degenhardt (ed.), *Revolutionary and dissident movements*, p. 405; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 337, 370-371, 44; Anon., Neo-Nazisme reik tot hier, *Transvaler*, 1991-11-18; M. Cox, Beyond the fringe ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, pp. 291, 292.

²⁹ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 372.

³⁰ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 337, 368, 372; M. Cox, Beyond the fringe ..., in P. Hainsworth (ed.), *The extreme right in Europe and the USA*, p. 293.

³¹ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 16, 44, 72, 325; P. Wilkinson, *The new fascists*, pp. 106, 141.

b. Die Ku Klux Klan in Suid-Afrika

Die bedrywighede van die Klan in Suid-Afrika is duister. Alhoewel die polisie geen konkrete bewyse gehad het dat die beweging in Suid-Afrika bedrywig was nie, is daar in die laat sewentigerjare wel bewerings in die pers gemaak van takke wat in die land sou bestaan.³² Volgens Eisenberg was takke van die Ku Klux Klan reeds gedurende die sestigerjare in Suid-Afrika bedrywig en was Rudman, die leier van die Boerenasie-beweging, na bewering 'n verteenwoordiger van die Klan. Monica Huggett, 'n lid van die Wit Kommando, wat saam met Bollo en Miniello in hegtenis geneem is en later staatsgetuie geword het, het ook getuig dat sy 'n lid van die KKK was.³³

Die Orde van die Dood (OVD) is teen die laat tagtigerjare deur sekere ekstremistiese lede van Aquila, die veiligheidsmag van die AWB, wat deur Terre'Blanche se optrede ontnugter is, gestig. Die leier was Dawie de Beer wat na bewering hoof van AWB-intelligensie was. Die doel van die OVD was om sewe NP-ministers te vermoor sodat die regse opposisie die land kon oorneem, maar die plan is laat vaar omdat dit ook die ANC kon bevoordeel. Hulle het verder in Julie 1989 'n bom by Jani Allan se woonstel laat ontplof om haar skrik te maak en het beplan om 'n Dawidster op Eugene Terre'Blanche se boud te brand. Na die moord op 'n swarte en diefstal uit 'n drankwinkel in September 1989 om geld te bekom, is twee lede van die OVD, Corrie Lottering en Fanie Goosen, in hegtenis geneem en tot onderskeidelik 24 en 13 jaar tronkstraf gevonniss. Tydens hul hofspraak in 1990 het van hul familie en vriende KKK-lapelwapens gedra en een het aan joernaliste verklaar: "Die Orde bestaan lankal nie meer nie. ... Dis nou die Ku Klux Klan."³⁴ Hy het bygevoeg dat dit onmoontlik was om by die plaaslike leier van die Klan uit te kom: "Dit werk amper soos die Broederbond. ... Jy moet deur 'n lid voorgestel word en jou rekord moet skoon wees - as jy die Klan teleurstel, word jy én die lid wat jou voorgestel het, afgedank."³⁵ Een persoon het selfs na die hofspraak met 'n tuisgemaakte wit mus by die hof uitgestap.³⁶ Dit is ook bekend dat die Kerk van die Skepper, waarby Monica Huggett betrokke is, geskrifte van die KKK in Suid-Afrika versprei.³⁷

David Ernest Duke (1951-) het in 1968 die White Youth Alliance (later die National Party) op die kampus van die Louisiana Staatsuniversiteit in die VSA gevorm. Hier het hy in koördinasie met die National Socialist White People's Party gewerk en het selfs met tye 'n kakie-uniform met 'n swastika-armband op die kampus gedra. Gedurende die sewentigerjare het hy by die KKK betrokke geraak en teen 1975 was hy *Grand Wizard* van die Knights of the KKK, Inc wat hy tot een van die grootste Klan-faksies opgebou het. Teen 1980 het hy egter die Klan verlaat na gerugte dat hy homself probeer verryk het. Daar was ook gerugte dat hy in 1981 by die staatsgreppoging in die Dominikaanse

³² Sien Republiek van Suid-Afrika, *Volksraad: vrae en antwoorde* 76, 27 Januarie - 16 Junie 1978, pp. 502-503.

³³ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 125; D. Potgieter, Verrege vriendin van Klens, makkers ondervra, *Rapport*, 1994-03-27, p. 6.

³⁴ P. Terblanche, Ku-Klux Klan nou ook hier, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.

³⁵ P. Terblanche, Ku-Klux Klan nou ook hier, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.

³⁶ Anon., Hulle wou Dawidster op ET se boud brand, *Beeld*, 1990-11-14, p. 8; Anon., Orde van Dood: kruisboogplan teen Jani gehad, *Beeld*, 1990-11-13, p. 2; W. Zwecker, Hulle wou regmaak wat 'AWB-god' verbrou het, *Beeld*, 1990-11-16, p. 1; Anon., Orde-twee saam 37 jaar in die tronk, *Beeld*, 1990-11-28; P. Terblanche, Ku-Klux Klan nou ook hier, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.

³⁷ J. Taljaard, Sekte glo aan 'moddermense', *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.

Republiek betrokke was, maar geen bewyse kon teen hom gevind word nie. Kort hierna stig hy die National Association for the Advancement of White People (NAAWP) met die doel om die Westerse beskawing se waardes en erfenis te beskerm. Die NAAWP verkoop ook regse en fascistiese literatuur, waaronder *Mein Kampf* en Alfred Rosenberg se *Myth of the twentieth century*. In 1989 is Duke as Republikeinse lid tot die Louisiana staatswetgewer verkies. In November 1990 het hy daarin geslaag om 44% van die stemme vir 'n setel in die Senaat op hom te vestig en in November 1991 het hy 39% van die stemme in die goeweneursverkiesing in Louisiana getrek. Hy behou na bewering steeds politieke en persoonlike kontak met Klan-leiers, neo-Nazi's en ander ekstremiste regdeur die VSA. 'n Groot deel van sy verkiesingsveldtogte is dan ook deur die Liberty Lobby gefinansier.³⁸

In April 1994 het Duke 'n besoek aan Suid-Afrika gebring en met verskeie leiers van regoor die politieke spektrum samesprekings gevoer. Hy het tydens sy besoek onder meer genoem dat veelrassigheid nooit kan werk nie en dat integrasie tot ekonomiese probleme, 'n verlaging van lewenskwaliteit, misdaad en die vernietiging van beskawing lei. Duke het aangevoer dat dit in Amerika tot die vernietiging van die infrastruktuur aanleiding gegee het, dat skole ontwig en kinders geïntimideer en aangerand word, en dat die misbruik van dwelms en die geboorte van buite-egtelike kinders daagliks toeneem. Hy het ook verwys na die 'Geldmagte' as die vyande van die Westerse erfenis. Volgens hom was die regses in Suid-Afrika nie alleen nie en was daar baie buitelanders wat die idee van 'n volkstaat vir die Afrikaner sou ondersteun. Hy het ook na die verkiesing van April 1994 verwys as 'n oorgawe aan die 'donker magte, tirannie en die godlose kommunisme'.³⁹

5. Die NSDAP/AO-SA

a. Die NSDAP/AO in die VSA

Die Nationalsozialistische Deutsche Arbeiterpartei / Auslands- und Aufbauorganisation (NSDAP/AO) is 'n uitvloeisel van die National Socialist Combat Groups (NSKG), 'n terroristegroep wat in 1973 in Wes-Duitsland verbied is. Gary "Rex" Lauck (1953-) wat in Milwaukee, Wisconsin gebore is en sedert 'n jong ouderdom aktief in neo-Nazi kringe betrokke was, was vanaf die stigting in 1971 by die NSKG betrokke en het 'n Auslandsorganisation daarvan in die VSA gestig. Nadat die NSKG verbied is en Lauck in 1974 deur die Wes-Duitse owerhede uitgesit is, het hy die aktiwiteite van die beweging na die VSA verskuif en sy eie beweging in die NSDAP/AO geherorganiseer. Hier het dit tot een van die hoofverskaffers van Nazi-brosjures, rolprente en ander propaganda aan ekstremistiese groepe regdeur die wêreld ontwikkel. In 1976 is Lauck tydens 'n besoek aan Wes-Duitsland weens die besit van onwettige propaganda in hegtenis geneem en gedeporteer. Nadat hy later weer die wet teen Nasionaal-Sosialistiese aktiwiteite in Duitsland oortree het, is verskeie arrestasiebevele hierna deur

³⁸ Newton, M. & J.A. Newton, *The Ku Klux Klan*, pp. 173-174; B. Turque *et al*, The real David Duke, *Newsweek* 118(21), 1991-11-18, pp. 24-28; M. Ellison, David Duke and the race for the Governor's mansion, *Race & Class* 33(2), Oct-Dec 1991, pp. 71-72, 74; Anon., 'Rampokker' klop 'rassis', *Transvaler*, 1991-11-18.

³⁹ Persoonlike inligting: David Duke, tydens 'n heruitsending van 'n onderhoud met hom op Radio Pretoria, 1994-04-14; sien ook Z.B. Du Toit, 'Smeltkroes' stuur af op ramp, sê Duke, *Rapport*, 1994-04-17, p. 10; Anon., Duke by Yster-en-Staal, *Die SA Werker* (Bylae tot *Metro*), 1994-04-29, p. 29.

die Wes-Duitse owerheid teen hom uitgereik. Lauck is uiteindelik in April 1995 in hegtenis geneem nadat hy 'n neo-Nazi konvensie in Denemarke bygewoon het. Hy is in Augustus 1995 aan Duitsland uitgelewer en van die aanvuur van rassehaat en die verspreiding van onwettige propaganda aangekla.⁴⁰

Die NSDAP/AO beskou hulself as die opvolgers van die Hitler-beweging en volg feitlik dieselfde beleid as dié van die ou NSDAP. Alhoewel die aanvanklike doel van die beweging die heropbou en wettigmaking van Hitler se ou party was, het dit deur die jare geleidelik verander. Dit bestaan tans uit 'n internasionale netwerk met die doelstelling om 'n wêreldwye nasionaal-sosialistiese-geleide Wit Revolusie tot stand te bring om Wit Mag in alle blanke nasies te herstel. Vir hierdie doel is verskeie ondergrondse terroristeselle regdeur Europa en veral in Duitsland georganiseer. Die mondstuk van die beweging, *The New Order*, wat in tien tale verskyn en in Duitsland as die *NS-Kampfruf* gepubliseer word, moedig gereeld geweld teen die staat en sy instellings aan. Lauck voorsien Duitse ekstremistiese groepe, naas propaganda, ook van geldelike hulp en instruksies oor die voer van terroriste-aktiwiteite. Hy het sterk bande met die Ku Klux Klan en skinhead-groepe in die VSA en met oud-Nazi's in Suid-Amerika van wie hy geldelike donasies ontvang. Die NSDAP/AO is grootliks 'n sambreelorganisasie wat, alhoewel dit nie enige direkte beheer oor plaaslike groepe het nie, tog daarin slaag om orde binne 'n andersins chaotiese subkultuur te behou. Ingo Hasselbach, 'n oud-lid van die Duitse neo-Nazi beweging, het in hierdie verband opgemerk: "To say that the international neo-Nazi scene would collapse without Lauck was an understatement. He was the source of practically all the neo-Nazi propaganda pasted up on walls and windows from Berlin to São Paulo, as well as the center of a worldwide organization of which practically every serious neo-Nazi was a member."⁴¹ Alhoewel die NSDAP/AO die meeste van hul aktiwiteite op Duitsland fokus, het die beweging ook takke in Australië, België, Kanada, Denemarke, Finland, Frankryk, Nederland, Hongarye, Italië, Japan, Noorweë, Oostenryk, Spanje, Brittanje, Suid-Afrika, Swede, Switserland, Rusland en Portugal.⁴²

Vir Lauck, wat daarvan hou om Gerhard genoem te word en Engels met 'n Duitse aksent praat, is die VSA, wat hy die *Jew-nited States* noem, slegs bruikbaar vanweë die beleid van vryheid van politieke spraak en die geringe beperkings wat daar op die besit van wapens bestaan. Hy beskou Duitsland steeds as die enigste vaderland en die heilige tuisgrond waaruit die Nasionaal-Sosialisme opgegroeï het. Lauck is 'n Strasseris wat sterk teen die kapitalisme gekant is, sluit sy toesprake met "Heil Hitler!" af, en is uitgesproke anti-Semities.⁴³ Tydens 'n besoek aan Denemarke in 1990 het hy onder meer in 'n toespraak aangevoer: "I think that the Jews were treated a little too nicely in the

⁴⁰ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 387; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 219-220; Anon., Duitsers verhoor neo-Nazi van VSA, *Beeld*, 1996-05-10, p. 7; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, p. 86; I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 382; L. Weinberg, The American radical right, in P.H. Merkl & L. Weinberg (eds.), *Encounters with the contemporary radical right*, p. 195.

⁴¹ I. Hasselbach, *Führer-Ex*, p. 161.

⁴² C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 387; *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 3; M. Schmidt, *The new reich*, pp. 219-220; E. Jensen, International Nazi cooperation ..., in T. Björge & R. Witte (eds.), *Racist violence in Europe*, pp. 85-86; I. Hasselbach, *Führer-Ex*, pp. 161, 163.

⁴³ Sien I. Hasselbach, *Führer-Ex*, pp. 163, 297.

concentration camps. Personally, I'd say that's a mistake we should not make again."⁴⁴ Toe hy later na sy sienswyse van die Jode gevra is, het hy aangekondig: "I have no objections to Jewish people and their race and their culture surviving, but if they systematically try to exterminate my race, I will defend my race. If in defending my race I have to annihilate a few of them ... fine. And if it's a matter of saving the last white man dying on this planet or having to kill the last Jew, it's bye-bye Jew ..."⁴⁵

b. Die NSDAP/AO-SA in Suid-Afrika

Die Nasionaal-Sosialistiese Party van Suid-Afrika (NSDAP/AO-SA) het *Die Nuwe Orde/The New Order* as mondstuk en berigte daarin verskyn in Afrikaans, Engels, Nederlands en Duits. Dit is onbekend wanneer die beweging in Suid-Afrika gestig is. Dit is reeds genoem dat die Nederlandse Nazi Gerrit Wolsink byvoorbeeld teen 1990 as internasionale koördineerder vir die beweging opgetree en kontakte in Suid-Afrika gehad het. Daar kan egter aangeneem word dat die NSDAP/AO se invloed in Suid-Afrika moontlik reeds vanaf die tagtigerjare dateer. Die eerste uitgawe van *Die Nuwe Orde* het in 1995 verskyn. Die Suid-Afrikaanse tak het ook 'n sekuriteitsafdeling, naamlik die SA-Stormtroepe, gevorm waarvan die lede se kakie-uniforms met die Vierkleur op die regtermou en die swastika-teken op die linkermou, versier is.⁴⁶

Geen Jode mag lid van die NSDAP/AO word nie, maar lede van ander regse organisasies is welkom om by die beweging aan te sluit. Ten spyte hiervan het *Die Nuwe Orde* aangevoer dat die NSDAP/AO hom van die Wit Wolwe en Witras Brigade distansieer. Die beweging sou in 1996 'n Hitlerfees organiseer en het ook kassette met toesprake van die Amerikaanse Nazi George Lincoln Rockwell, verkoop.⁴⁷ Dit is onbekend wie die hoofleier van die party in Suid-Afrika is, maar 'n kontakadres van ene C. Pieterse in Warmbad word in die nuusbrieff gegee.⁴⁸

Die berigte in *Die Nuwe Orde*, wat met 'n gewone tikmasjien getik en afgerol word, is van 'n swak taalkundige gehalte en vol leë propaganda. Die blad is uitgesproke anti-Semities en alhoewel daar ontken word dat die Holocaust ooit plaasgevind het, kom die haat vir die Jode (wat deurgaans met 'n kleinletter "j" gespel word) en die geloof in 'n Joodse sameswering sterk na vore. Volgens die redaksie is die wit ras die 'meesterras' en is dit nie 'n skande om 'n rassis te wees nie: "n [*sic*] Rassis is n [*sic*] persoon wat trots is op sy ras en ook nie skaam is om te sê aan watter ras hy/sy behoort. n [*sic*] Persoon wat sê dat hy/sy nie n [*sic*] rassis is nie, dan tot watter ras behoort hy/sy? n Kleurling

⁴⁴ M. Schmidt, *The new reich*, p. 221.

⁴⁵ M. Schmidt, *The new reich*, p. 223.

⁴⁶ Sien *Die Nuwe Orde* 7, November 1995, p. 3; M. Schmidt, *The new reich*, p. 239.

⁴⁷ George Lincoln Rockwell word algemeen beskou as die vader van die Amerikaanse neo-Nazi beweging. Hy is egter in 1967 deur een van sy ondersteuners vermoor en daar was bewerings dat hy as regeringsagent gewerk het. Sien C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 389.

⁴⁸ *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 4.

ras [sic]. ... Die jood [sic] wat die witman breinspoel, en die witman glo die jood [sic]. Die jood [sic] wil dat die Witras meng sodat hy uitgewis kan word.⁴⁹

Volgens die NSDAP/AO-SA verkeer die Westerse beskawing huidiglik in 'n fase van verval en sal rasvermenging uiteindelik tot die uitwissing van die totale blanke ras lei: "This sick, degenerate society can only end with the complete loss of all its culture-bearers because those who can and do withstand the decay will one day be such a tiny minority that they will no longer be able to sustain civilization. The moment the untermenschen realize this they will rise up to plunder and pillage the few White survivors, who will in a generation be race-mixed out of existence. ... Unless we fight back with all our might, what future will our children inherit? ... We have a choice: a subhuman future, or a bright, thriving Aryan Utopia ..."⁵⁰

Die beweging se standpunt ten opsigte van geweld is dubbelsinnig: "Die NSDAP/AO keur geweld nog goed nog af. Geweld is slegs 'n middel. Wesenlik is dit nog goed nog sleg. ... In lande waar Nasionaal Sosialisme onwettig is, val ondergrondse aksies in twee kategorieë [sic], gewelddadig [sic] en nie gewelddadig [sic]. Hier, ewe eens is eersgenoemde veel moeiliker as laasgenoemde. ... Daarom beperk die NSDAP/AO homself tot vreedsame aktiwiteite in lande waar Nasionaal Sosialisme wettig is en tot vreedsame onwettige optrede in lande waar Nasionaal Sosialisme geban is."⁵¹

Die huidige sosio-ekonomiese probleme in Suid-Afrika, die armoede, werkloosheid en misdaad, word met die toestande in die Weimar Republiek na die Eerste Wêreldoorlog vergelyk: "Duitsland was destyds net so deurmekaar as wat Suid Afrika [sic] vandag is. Die dag toe Adolf Hitler aan bewind kom in Duitsland het hy die land reg geruk [sic], hy het fabrieke laat bou, die geld stelsel [sic] verander, die jode [sic] weg gejaag uit sy land, want die jode [sic] het alles beheer in Duitsland. Adolf Hitler het Duitsland binne 5jaar [sic] n [sic] model land gemaak. Suid Afrika [sic] kan ook weer reg kom, as die Witras nie meer skaam is vir mekaar nie, en hulle begin 'guts' kry. Die Witras is die Meesterras of nie?"⁵²

Die redaksie van *Die Nuwe Orde* het aangekondig dat daar gereeld artikels sou verskyn rakende regstelling jeens die Nazi's: "Die leuns [sic] wat die afgelope jare na die Tweede Wereld Oorlog [sic] versprei is rakende die Nazis, is so gruwelik onwaar dat daar met n [sic] tang aangevoel kan word dit is leuns [sic]. Leuns [sic] wat versprei word is dat die Nazis moordenaars is en dat hulle die jode [sic] vermoor het, dat daar gaskamers was, die fee verhaal [sic] van anne frank [sic] die jodin [sic] en vele meer spookstories verkondig deur die spooksmouse."⁵³ In 'n brief in die November 1995-uitgawe skryf die internasionale leier, Lauck, dan ook: "Teenspoed is daar om oorbrug te word. Probleme is

⁴⁹ *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 2.

⁵⁰ *The New Order* 7, November 1995, p. 1.

⁵¹ *Die Nuwe Orde* 8, Desember 1995, p. 1.

⁵² *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 1.

⁵³ *Die Nuwe Orde* 8, Desember 1995, p. 2.

daar om opgelos te word, vyande is daar om verslaan te word. JODE IS DAAR OM⁵⁴ en laat die res aan die verbeelding van die leser oor.

In 'n ander brief skryf Lauck vanuit die gevangenis aan sy ondersteuners in Suid-Afrika: "... TOGETHER WE ARE STRONG. That has become a reality. Not just a slogan. That is a battle cry. Directed against every anti-White government [sic] which suppresses its own Aryan people and aims to racially exterminate it through race-mixing. That is a holy oath [sic]. Each National Socialist double his effort in order to compensate for the loss of an imprisoned-or-fallen-comrade. In this sense i [sic] call on all comrades: do not worry so much about me, instead actively support the NSDAP/AO and its leaders through concrete deeds. Struggle. Sacrifice. Work. Heil Hitler."⁵⁵

6. Die Kerk van die Skepper

a. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis

Die Kerk van die Skepper (KvS) is die Suid-Afrikaanse tak van 'n Amerikaanse beweging, die Church of the Creator (COTC). Die stigter van die COTC, Bernard (Ben) Klassen is in 1918 in Rusland gebore waar sy Duitssprekende ouers binne 'n Mennonitiese gemeenskap aan die Molotschnarivier in die suidelike Oekraïne gewoon het. Sy voorsate, wat oorspronklik van Holland afkomstig was, het eers na Pruise en teen die vroeë negentiende eeu, na Rusland verhuis. In Mei 1924 het hulle vanweë die kommunistiese revolusie uit die land gevlug en saam met vier ander families na die staat Chihuahua in Mexiko geëmigreer. Na 'n jaar en 'n half het die Klassens na Kanada verhuis waar Klassen in Herschel, Saskatchewan binne 'n Mennonitiese gemeenskap van ongeveer veertig families sou grootword. Teen 1938 het hy 'n BA behaal en as onderwyser begin werk. Later sou hy ook 'n graad in elektriese ingenieurswese verwerf. In die veertigerjare het hy na Amerika verhuis en hom in die staat Florida gevestig. Hier het hy as eiendomsagent 'n bestaan gemaak voordat hy in 1966 vir 'n kort tydperk tot die Florida Staatswetgewer verkies is.⁵⁶

Klassen beweer dat sy politieke ontwaking in 1938 op twintigjarige ouderdom plaasgevind het toe sy pa *Mein Kampf* by die plaaslike biblioteek uitgeneem het: "It was at this time that marked the beginning of a commitment that was to last for the rest of my life, and result in the final culmination of a full-fledged racial religion for the White Volk."⁵⁷ In 1963 het hy lid geword van die John Birch Society (JBS) wat in 1958 as 'n ultra-konserwatiewe, anti-kommunistiese drukgroep gestig is. Hy was ook lid van die American Independence Party en voorsitter daarvan in 1969. Hy het egter gou ontnugter geraak, in 1969 uit die JBS, wat hy as 'n Joodse front beskryf het, bedank en sy eie Nationalist White Party gestig. Hiema het hy al meer tot die besef gekom van die beweerde rol wat die Christendom in die ondermyning van die wit ras speel en het hy begin om 'n nuwe religie,

⁵⁴ *Die Nuwe Orde* 7, November 1995, p. 2. Hoofletters deur Lauck.

⁵⁵ *Die Nuwe Orde* 6, Oktober 1995, p. 3. Hoofletters deur Lauck.

⁵⁶ B. Klassen, *The Klassen letters*, pp. 5-7, 15; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 455-458.

⁵⁷ B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 6.

lewensfilosofie en wêreldbeskouing vir die ras te ontwikkel. In Februarie 1973 het hy die Church of the Creator tot stand gebring om voordeel te trek uit die belastingvrye status van godsdienstige groepe en vir homself die titel van *Pontifex Maximus* toegeken.⁵⁸ Klassen het 'n aantal boeke gepubliseer waarin hy sy ideologie uiteengesit het, naamlik *Nature's eternal religion* (1973), *The white man's bible* (1981), en *Salubrious living* (saam met Arnold DeVries). Die artikels wat in die COTC se amptelike blad, *Racial Loyalty*, verskyn het, is in *Expanding creativity* (1985), *Building a whiter and brighter world* (1986) en *Rahowa! This planet is all ours* (1987) gepubliseer.⁵⁹

Alhoewel Ó'Maoláin beweer het dat die beweging teen 1987 nie meer bestaan het nie, is daar teen die middel tagtigerjare na 'n Groot Promotor begin soek om Klassen as leier op te volg. Gedurende die vroeë negentigerjare het Rick McCarty, 'n psigoterapeut, die leierskap van die beweging oorgeneem. Onder McCarty het die beweging tot een van die invloedrykste maar ook gewelddadigste rassistiese beweging in die wêreld ontwikkel. Die COTC het sterk bande met Skinhead- en Klangroepe in Amerika en versprei hul propagandamateriaal na Europa, Rusland, Suid-Amerika en Suid-Afrika. Die beweging het na bewering takke in 37 lande waaronder ook Suid-Afrika.⁶⁰

Dit is onseker wanneer die Suid-Afrikaanse tak gestig is aangesien drie verskillende datums genoem word, naamlik 1979, 1984 en 1986. Die inisiatief vir die stigting is deur Jan S. Smith (ca. 1943-) geneem wat homself as *Primus Dominus* of Eerste Leraar aangestel het. Smith, wat 'n meestersgraad in kernfisika en reaktorfisika het, het vir twee jaar in Antarktika as geofisikus gewerk waar hy baie tyd gehad het om sy gedagtes te ontwikkel. By sy terugkeer het hy mense gesoek wat soos hy dink, die COTC ontdek en 'n briefwisseling met Klassen aangeknoop. Smith, wat ook lid van die Opperraad van die BBB was, het in Mei 1994 na Auckland, Nieu-Seeland geëmigreer waar voormalige anti-apartheidsaktiviste teen sy aankoms betoog het.⁶¹ Die leierskap van die Kerk van die Skepper is hiema deur Jim South van Pretoria oorgeneem. Lede van die KvS en ander regse organisasies soos die AWB en Boerestaats Party, vergader gereeld as die Kulturele Studiegroep (KSG) in die Randburg gedenkerk waar na lesings geluister word.⁶²

Dit is onbekend hoeveel lede die beweging het, maar daar was op 'n stadium vier gemeentes in Suid-Afrika. Alhoewel Smith aangevoer het dat die beweging heelwat ondersteuners het, het hy erken dat daar minder lede was wat bereid was om die eed van getrouheid af te lê. In die eed verklaar die voornemende lid sy onwrikbare trou teenoor die wit ras en die KvS en onderneem hy om die belange van die wit ras te bevorder. Hy moet met die filosofie van Kreatiwiteit vertrou wees en die geskifte

⁵⁸ B. Klassen, *The Klassen letters*, pp. 7-8, 15, 18; B. Klassen, *The white man's bible*, p. 6; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 369, 409; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 458-462.

⁵⁹ Sien B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 293.

⁶⁰ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 409; B. Klassen, *Rahowa!*, p. 39; A. Kreye, "Die besten krieger", *Der Spiegel* 49, 1994-12-05, pp. 121, 123.

⁶¹ J. Taljaard, "Sekte glo aan 'moddermense'", *Rapport*, 1990-11-18, p. 2; M. Waldner, "Jan Smit los toe God vir die wit ras", *Rapport*, 1992-08-02; Anon., "Waar dié kerk vandaan kom", *Transvaler*, 1991-11-26; B. du Plessis, "Superras'-leraar gee pad uit SA", *Beeld*, 1994-05-07, p. 4; Anon., "Kerk an die Skepper-man mag bly", *Beeld*, 1994-05-21, p. 4.

⁶² Sien *Boerant*, Februarie/Maart 1997, p. 10.

van Klassen as die hoeksteen van sy religie, wat hy moet ondersteun en bevorder, beskou. Dit alles word gesweer by die 'heilige bloed van die glorieryke Wit Ras' en as die lid strydig met die eed optree kan hy van sy lidmaatskap ontnem word. Onder die sewentigtal lede van die kerk is 'n aantal hoogs gekwalifiseerde mense waaronder prof D.J.P. Haasbroek, dr. S.W. Potrebowski, dr. Pol Doussy, 'n invloedryke lid van die KvS, Wêreld-Apartheidsbeweging (WAB) en ANS, dr. Silvano Lorenzoni, dr. Doucho Costadinov en dr. Walter Helm. Helm, ook 'n lid van die ANS, is in Augustus 1987 by die Hess-gedenkdien afgeneem waar hy 'n Nazi-saluut uitgevoer het. Ander lede sluit in Fabio Miriello, voorheen van die Wit Kommando, Johan Greeff en Lenus van Rooyen.⁶³

'n Geslote byeenkoms wat in November 1990 in die Hansahuis in Pretoria gehou is en deur Lorenzoni georganiseer is, het aan die pers uitgelek en groot opslae gemaak, veral omdat Koos van der Merwe, die KP se woordvoerder oor verdediging, ook 'n toespraak gehou het. Die beweging het na bewering elke eerste Sondag van die maand in hierdie Pretoriusstraat-gebou, wat aan Doussy behoort, bymekaargekom. Die tema van hierdie spesifieke byeenkoms het gehandel oor die toekoms van die wit ras in Suid-Afrika en is onder die vaandel van die European Cultural Association (ECA) aangebied wat, alhoewel dit deur die ECA-voorsitter, E. Clarke, ontken is, na bewering as front vir die KvS opgetree het. Buiten invloedryke lede van die KvS, het verteenwoordigers van die ANS en WAB, asook immigrante en enkele lede van die KP en HNP, onder die gaste getel. Name wat in die pers genoem is sluit in dié van Koos Vermeulen van die WAB en ANS, Johan Schabort, Hannes Ferguson, die redakteur van die HNP-lyfblad, *Die Afrikaner*, en Willie Olivier, die voormalige private sekretaris van dr. H.F. Verwoerd en voorheen verbonde aan die AWB.⁶⁴

Die kentekens van die KvS is deur Klassen ontwerp en bestaan uit 'n wit sirkel op 'n rooi agtergrond. Binne die sirkel is 'n swart 'W' wat met 'n rooi kroon en wit ligkrans getooi is. Klassen het die betekenis soos volg verduidelik: "The Crown over the 'W' signifies that our White Race is the Aristocrat of all races and is the Creator's crowning glory. It is a symbol of White Supremacy; that we are the Master Race. The Halo signifies that we regard our White Heritage and Blood Lines as a divine trust and that it is our eternal mission to pass this sacred heritage on to future generations, pure and unimpaired."⁶⁵

b. Ideologiese beskouings

Die beweging se filosofie en godsdiens is op die natuurwette, as vaste en overanderlike waarhede, gebaseer. Die mens kan vir hulle nie anders as om die wette van die natuur, waarvan die belangrikste die stryd om die oorlewing van die sterkste is, na te volg nie. Volgens Klassen bevorder die natuur skeiding tussen die verskillende diersoorte sodat hulle in die oorlewingstryd verbeter kan

⁶³ J. Taljaard, Sekte glo aan 'moddermense', *Rapport*, 1990-11-18, p. 2; J. Taljaard, Duiwel los oor kerk, *Rapport*, 1990-11-25; Anon., Waar dié kerk vandaan kom, *Transvaler*, 1991-11-26.

⁶⁴ J. Taljaard & K. Brynard, Koos by Neo-Nazi's, *Rapport*, 1990-11-18, pp. 1-2; J. Taljaard, Duiwel los oor kerk, *Rapport*, 1990-11-25.

⁶⁵ B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 41.

word. Hiervolgens is die doel van die mens se lewe dan ook om sy eie ras te bevorder en derhalwe moet 'n persoon nie eerste aan die land, die vlag of grondwet nie, maar aan die ras tot wie hy behoort, getrou wees. Aangesien nasionalisme verdeelend is en oorloë tussen wit volke veroorsaak, is die KvS derhalwe nie 'n Nasionaal-Sosialistiese organisasie nie, maar 'n voorstander van die Rasse-Nasionalisme. Volgens Klassen besef alle rasse, behalwe die blanke, dat rassegetrouheid en -solidariteit een van die fundamentele instinkte van die natuur en daarom deurslaggewend in die oorlewingstryd is, en hy verklaar dat geen ander ras die blanke se 'idiotiese program' van barmhartigheid jeens die sogenaamde uitvaagsels, swakkeling en minderwaardiges, uitoefen nie.⁶⁶

Vir Klassen is die natuurlike lewensvorm van elke spesie nie as individu nie, maar in die geval van die mens, as lid van 'n stam of 'n groter groep. Verder kan slegs 'n homogene gemeenskap volgens hom stabiel wees en oorlewing verseker. Rasse-Sosialisme omvat die totale wit ras en sluit al die blanke volke van Europa en hul onbesoedelde direkte afstammelingen in die res van die wêreld in. Volgens die KvS is die wit ras tans in 'n oorlewingstryd gewikkel en feitlik besig om uit te sterf, en het die beweging ten doel om elke blanke persoon op die planeet vir hul saak te mobiliseer.⁶⁷ Klassen verklaar dan ook dat die massa die kragentrale in hul stryd om rasse onafhanklikheid en oorheersing is en dat die hele godsdienstige beweging daarom op die massa gerig moet word.⁶⁸

Klassen het 'n groot bewondering vir die antieke Grieke en Romeine en beskou hierdie beskawings as een van die glorierykste tydperke in die wit ras se geskiedenis. Die ou Romeine en Grieke is volgens hom voorbeelde van die fisies en verstandelik mees voortreflikste komponente van die wit ras wat ooit bestaan het, terwyl die Grieke se eugeniese veredelingsprogram vir hom bewonderings- en navolgingswaardig is. Die titel, *Pontifex Maximus*, waarmee Klassen homself onderskei het, is dan ook uit die Romeinse godsdienstige organisasie ontleen. 'n *Pontifex* was 'n lid van die Romeinse priesterlike orde, terwyl die *Maximus* die hoof daarvan was en die KvS-titel verwys derhalwe na 'n hoof van 'n priesterorde.⁶⁹ Volgens Klassen was die Christendom en Jode verantwoordelik vir die verbastering en gevolglike verval van die Romeinse beskawing: "If Roman civilization had prevailed, what a blessing for this world it would have been! Instead of a Jew-ridden world racked by revolution, dissension and anarchy, teeming with increasing floods of mongrels and mud races, we would today have a beautiful White world in every part of every continent, prosperous, peaceful, orderly, and productive."⁷⁰

Die verskillende menserasse is volgens Klassen nie gelyk aan mekaar nie en kan in 'n hiërargie van hoog tot laag ingedeel word. Hy noem dat daar selfs binne dieselfde ras groot verskille kan wees en verklaar dan dat die meerderwaardigheid van die wit ras ooglopend is.⁷¹ Die wit ras, as die enigste

⁶⁶ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 254, 256, 264-266, 310; J.S. Smith, *Kreatiwiteit. Kerk van die Skepper. Antwoorde op 'n aantal vrae*, p. 3.

⁶⁷ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 323; J.S. Smith, *Kreatiwiteit ...*, p. 1; B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 102-103, 136.

⁶⁸ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 496.

⁶⁹ J.S. Smith, *Kreatiwiteit ...*, pp. 3-4.

⁷⁰ B. Klassen, *The white man's bible*, p. 123.

⁷¹ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 416-417.

skeppers van beskawings, is vir Klassen die voortreflikste in alle opsigte van alle rasse en beklee die toppunt van die evolusionêre leer. Heel onder aan die leer is die swartes wat volgens Klassen nie werklik mense is nie, maar eerder as onderrasse of humanoïede beskryf kan word: "Webster's dictionary defines 'nigger' as 'a vulgar, offensive term of hostility and contempt for the blackman.' Very good. We'll accept that. That is exactly how we feel about niggers and it describes precisely what the White Man's proper attitude should be towards these animals. Our attitude towards niggers at all times must be one of hostility, contempt and derision."⁷² Klassen noem ook dat die swartes nie die wiel of skrif kon uitvind en geen beskawings tot stand kon bring nie, en ten opsigte van enkele swart presteerders verklaar hy: "People such as ... [these] have more White blood in them than they do black blood and what intelligence (if any) they have, was derived from the White side."⁷³ Tussen die swartes en 'die Natuur se Voortreflikste', die wit ras, word al die ander rasse van die wêreld, kollektief na verwys as die 'moderrasse', ingedeel.⁷⁴

Elke spesie is volgens die wette van die natuur in 'n oorlewingstryd gewikkel en het sy eie beskermings- en aggressiemeganismes ontwikkel om te oorleef. Volgens Klassen is daar onder die mens 'n hoogs ontwikkelde parasiet, die 'Ewige Jood', wat gebruik maak van bedrog en misleiding om te oorleef. Die Jood gebruik godsdiens as 'n magtige wapen om hul eie ras te verenig en om hul vyande te vernietig. Hulle bevorder volgens Klassen rassegetrouheid onder swartes, vuur rassehaat teen die blanke wêreldwyd aan en volg 'n program van doelbewuste rassevermenging en uitwissing teen die wit ras. Die Amerikaanse Burgeroorlog en die twee wêreldoorloë is volgens Klassen deur die Jode begin om hulself te verryk en blank teen blank te stel. Gevolglik is die wit ras in 'n bittere oorlewingstryd met die Jood gewikkel en vorm die Kommunisme en Christendom deel van die Joodse program vir die vernietiging van die wit ras en Westerse beskawing:⁷⁵ " ... the Jews could never have foisted modern communism on a long suffering humanity, had they not first softened up, unhinged and confused the intellect of the White Race with the fallacious snares of Christianity."⁷⁶

Godsdiens is vir Klassen 'n ingebore en natuurlike eienskap in die mens en is saam met 'n lewensfilosofie noodsaaklik vir oorlewing en om betekenis aan die lewe te gee. Hoe nader 'n godsdiens aan die rassesiël van 'n groep gewortel is, hoe meer gesond en dinamies is dit vir daardie groep. 'n Filosofie is nodig om 'n realistiese en rasonale siening van die oorlewingstryd te hê, en hoe nader dit aan die wette van die natuur is hoe meer waardevol en realisties sal dit wees. 'n Goeie godsdiens ontwikkel en bevorder die groep wat dit aanhang. So byvoorbeeld is die Joodse geloof volgens die KvS uitsluitlik gemaak vir 'n parasitiese ras. Die meeste godsdienste is egter verdorwe en die blanke is volgens Klassen die afgelope 2000 jaar met een van die slegstes daarvan, naamlik die Christendom of wat die KvS die Christenisme noem, gestraf. Klassen het derhalwe 'n nuwe godsdiens vir die wit ras geskep, naamlik Kreatiwiteit, en waarvan die navolgers daarvan as Skeppers

⁷² B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 166-167.

⁷³ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 422.

⁷⁴ Sien B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 135, 136; J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 3.

⁷⁵ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 252, 255, 258, 291, 353, 385.

⁷⁶ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 388.

bekend staan. Hierdie filosofie is gebaseer op die wette van die natuur en het ten doel die oorlewing, uitbreiding en bevordering van die wit ras.⁷⁷

Die Skeppers glo daarin om in harmonie met die natuur te werk, en vir hulle is die sogenaamde Joods-geskepte Christenisme se klem op barmhartigheid en medelye, in konflik met die natuur en Kreatiwiteit. Volgens Klassen is die wit ras die meesters en verwerp hy die Jode se aanspraak as uitverkorenes: "That any God could choose such a treacherous and despicable, perfidious gang of scoundrels as the Chosen People could hardly be believed by anyone. It is doubtful if very many Jews themselves believe this monstrous hoax."⁷⁸ Die Skeppers glo nie in die bestaan van gode nie en verwys na God as 'n superspook: "Ons standpunt oor dié god is eenvoudig. Die ding *bestaan* gladnie [*sic*]. Niemand het ooit in die verlede of kan nou die bestaan van die god met *feitelike* bewyse *staaf* nie. Die god is bloot die perverse produk van die onewewigtige Jood se wilde verbeeldingsvlugte."⁷⁹ Smith verklaar ook verder: "Dat so 'n god nog die mees misrabele woestynparasiete as sy 'uitverkorenes' moes 'kies' dui op totale afwesigheid van gesonde oordeel - indien nie totale onnoselheid nie - allermins 'almagtigheid'.⁸⁰

Volgens Klassen is 'n godsdienstige organisasie beter as 'n politieke party toegerus om die oorlewing van die wit ras te verseker. Godsdienste omvat elke aspek van die mens se lewe, het 'n groter aanspraak op 'n individu se lojaliteit en het die vermoë om vir duisende jare te bestaan. Kreatiwiteit is vir hom 'n vierdimensionele konstruktiewe godsdienst gebaseer op 'n gesonde verstand in 'n gesonde liggaam in 'n gesonde gemeenskap en in 'n gesonde omgewing.⁸¹ Om hierin te slaag is 'n totale nuwe samelewingsorde nodig en is die grootste probleem wat volgens Klassen oorkom moet word die heroriëntasie van die blanke se denke: "Once we have cleared his brain of the Jewish poison, clearing the Jews and the Niggers from our midst, too, will be child's play."⁸²

Die middelpunt van hierdie samelewingsomwenteling wat die KvS vir die blanke ras voorstel en wat ook die kern van hul godsdienste vorm, is die veredeling van die blanke ras en die bevordering daarvan tot hoër standaarde van prestasie, skoonheid en kultuur. Volgens Klassen vorm 'n gesonde verstand in 'n gesonde liggaam die raamwerk van 'n dinamiese superras en het die rasverbeteringsleer gevolglik 'n sleutelplek in die beweging: "We must first of all *survive*, secondly, *expand* to take over all the good earth of this planet, and thirdly, *improve our Genetic Qualities* to ever greater heights - to become the Super Man of the future and a dazzling beyond."⁸³ Om dit te bewerkstellig moet die genetiese besoedeling wat die wit ras oor die eeue heen van ander rasse verkry het, deur 'n eugeniese veredelingsprogram uitgeskakel word. Daarna moet die ras se intelligensie en fisieke voorkoms verder verbeter word deur 'n genetiese graderingstelsel in te stel.

⁷⁷ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 249-250, 262, 266.

⁷⁸ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 390-391.

⁷⁹ J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 1. Smith kursiveer.

⁸⁰ J.S. Smith, *Kreatiwiteit* ..., p. 3.

⁸¹ B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 412, 433.

⁸² B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 252.

⁸³ B. Klassen, *The white man's bible*, p. 163. Klassen kursiveer.

Hiervolgens sal elke persoon volgens sy fisiese, geestelike en genetiese gesondheid 'n genetiese graderingskaart toegeken word wat die aantal kinders wat die persoon mag voortbring sal aandui. Die suiwerder en meer intelligente lede van die ras sal dus aangemoedig word om groter families te hê terwyl diegene met genetiese en psigiese afwykings gesteriliseer sal word.⁸⁴

Volgens die KvS is die wit ras vandag in 'n oorlog om oorlewing met die modderasse van die wêreld gewikkel: "The White Race is enmeshed in a race war that will not end until it, the White Race, is either exterminated or it inhabits the Planet Earth supreme. ... The Jews, the niggers and mud races are keenly aware of it and will wage it unto death, whether we want it or not."⁸⁵ Om hierdie aanslag die hoof te bied is dit nodig vir alle lede van die wit ras om terug te veg en die vyande van die ras te vernietig en die KvS het in antwoord hierop en in navolging van die *Jihad* of heilige oorlog van die Moslems, 'n oorlogskreet vir die herlewing van die wit ras ontwikkel, naamlik *Rahowa!* wat beteken 'White Racial HOly War.'⁸⁶ Elke lid van die ras sal moet kies waar hy binne hierdie oorlog staan: "We, of the CHURCH OF THE CREATOR, intend to put every White Racial Comrade in a position where he or she will be forced to take a stand - either for the White Race, or against it - either demonstrate loyalty to the White Race by word, deed and action, or be branded a traitor to it. ... We will ruthlessly identify, pursue and prosecute racial traitors. We will hunt them down like mad dogs. They will get their just deserts for their foul treachery - death by hanging."⁸⁷

Indien die program van die nuwe godsdiens gevolg word, is dit volgens Klassen moontlik om Amerika te red en om beheer van die land deur wettige metodes, en sonder enige bloedverlies, oor te neem. Daarom moet die wit ras se denke eerstens verander word: "However, should struggle and bloodshed become necessary, then we, too, must pay this price and use this means. If necessary, we must, and will, invoke the highest law of Nature. We must and will use all means and every means necessary to insure the survival of our race."⁸⁸ Indien die beskaafde metodes van arbitrasie en oordeel nie genoeg is nie, regverdig die KvS ter wille van oorlewing handelinge van geweld, terrorisme en selfs moord.⁸⁹ "... unlike the Jews, we CREATORS are neither bloodthirsty, nor do we like killing. ... What sets us apart from the Jews and Christians is that we are not hypocrites. We flatly state that killing per se is not a sin but a necessary action of any race or society that has the will to survive."⁹⁰

Alhoewel die KvS nie 'n omvattende beskrywing van hul voorgestelde staatstruktuur gee nie, word sekere riglyne waaraan so 'n staat moet voldoen wel genoem. Die beweging is oor die algemeen gekant teen die demokrasie en republikenisme omdat dit die volk in verskillende partye verdeel. Omdat hulle in Rasse-Sosialisme glo, wil hulle 'n sosiale regering gebaseer op 'n rassegrondslag daarstel. Vir Klassen beteken sosialisme 'n georganiseerde samelewing waarin daar gestrewe word

⁸⁴ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 391; B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 158-159, 161-163; J.S. Smith, *Kreatiwiteit ...*, p. 1.

⁸⁵ B. Klassen, *Rahowa!*, p. 123.

⁸⁶ Sien B. Klassen, *Rahowa!*, pp. 12, 28-31, 123; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 393-394.

⁸⁷ B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 130-131.

⁸⁸ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 426.

⁸⁹ B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 367, 397-398, 402.

⁹⁰ B. Klassen, *The white man's bible*, p. 367.

om die ras se belange kollektief te bevorder. Dit lei tot interafhanklikheid wat die grondslag van die beskawing vorm. Die USSR is nie volgens hom 'n sosiale of kollektiewe staat nie, maar 'n slawestaat onder 'n tiranniese Joodse diktatorskap. 'n Ware kollektivistiese gemeenskap is 'n natuurlike gemeenskap met natuurlike leiers en hy gebruik dan ook Nazi-Duitsland as vertrekpunt en as voorbeeld vir hierdie tipe natuurlike leierskap en natuurlike orde.⁹¹ Vir Klassen vorm die kerk en die staat twee belangrike pilare van die sosiale struktuur. Die toekomstige regeringstelsel sal derhalwe in harmonie met die wit ras se godsdiens gekombineer moet word en sal in der waarheid een struktuur vorm.⁹²

Die doel van die beweging is om alle gebiede wat deur blankes bewoon word eksklusief blank te maak en te hou. Geografiese skeiding tussen die wit ras en die modderrasse word sterk bepleit en Klassen het voorgestel dat alle swartes in Amerika na Afrika gerepatreer moes word.⁹³ In hierdie opsig het hy van die Suid-Afrikaanse hoof van die Kerk, Jan Smith, verskil. Smith het Klassen laat weet dat die wit ras in Afrika nie kan bekostig om met nog 'n groep swartmense oorspoel te word nie. Volgens Smith het die blanke op grond van sy prestasie, vermoë en skeppende aard die reg om die hele Suid-Afrika as woonplek op te eis en dat die 'agterlike en destruktiewe modderrasse' geen aansprake op bestaansreg in Suid-Afrika het nie. Hy het verder genoem dat die KvS hom in Suid-Afrika beywer vir 'n uitsluitlike wit Suid-Afrika en die daaropvolgende verblanking van die res van Afrika.⁹⁴

Die leierskapsbeginsel is volgens Klassen deur die geskiedenis bewys as die beste en mees effektiewe organisasie vir 'n regering asook vir elke ander tipe organisasie, en sal daarom in die nuwe staatstruktuur nagevolg word. Die massas het leiers nodig en die leierskapsbeginsel, wat op gesag gebaseer is, is vir Klassen onversoenbaar met die 'Joods uitgedinkte' demokrasie wat uiteindelik vir hom in gepeupelbewind, kibbelary, bevangenhede en verkwisting eindig.⁹⁵ Die Leier van die toekomstige wit staat moet naas 'n toewyding tot Wit Rasseloyaliteit, die mees begaafte en beste gekwalifiseerde persoon beskikbaar wees en moet oor 'n tydperk deeglik vir hierdie doel voorberei word. Klassen stel voor dat 'n elite van jong mans gekies en spesiaal vir die doel opgelei moet word. 'n Permanente raad van oudstes sal die leier kies wat dan vir 'n dekade lank die staat sal lei.⁹⁶

Klassen gee baie min aandag aan die ekonomiese stelsel van sy voorgestelde wit staat. Hy is gekant teen vrye ondernemerskap aangesien dit tot monopolieë aanleiding gee, maar noem dat privaateienaarskap voorgestaan word, selfs al sou alle eiendom gemeenskaplik besit word.⁹⁷ Jan Smith het egter op 10 Oktober 1990 tydens die Boerestaat Kongres wat in Heidelberg deur die Boerestaat Party aangebied is, 'n voordrag gelewer oor 'n voorgestelde ekonomie en geldstelsel vir

⁹¹ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 318-322; B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 416-417.

⁹² B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 433; B. Klassen, *The white man's bible*, p. 417.

⁹³ B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 130, 173.

⁹⁴ Anon., Kerk van Skepper had bewondering vir Adolf Hitler, *Beeld*, 1994-05-24, p. 6; M. Waldner, Jan Smit los toe God vir die wit ras, *Rapport*, 1992-08-02.

⁹⁵ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 329.

⁹⁶ B. Klassen, *The white man's bible*, p. 418.

⁹⁷ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 318, 323.

die toekomstige wit staat in Suid-Afrika. Volgens Smith is politieke vryheid nie moontlik terwyl uitheemse volksgroepe en volksvyandige geldbelange in beheer van die ekonomie is nie. Alhoewel die twee onderling afhanklik is, moet politieke vryheid ekonomiese vryheid voorafgaan. In die nuwe staat sal die ekonomie gerig wees op die geestelike, stoflike en genetiese gesondheid van die Boerevolk en sal dit volgens die aard van die volk ontwikkel word.⁹⁸ 'n Revolusie van waardes met 'n nuwe etiek sal daargestel word: "Daarom sal ons 'n selfbeskikkingsdrang moet ontwikkel en ons slawe-mentaliteit met minagting verwerp en daarmee ook die materialistiese en sentrerende tendense van beide kapitalisme en kommunisme asook die egalitariese teenstrydigheid van sosiale demokrasie."⁹⁹

Die staat sal volgens Smith die uitreiking van geld deur 'n sentrale bank beheer en aangesien geen monopolie of kartelvorming in die bankwese toegelaat sal word nie, sal private banke as agentskappe van die sentrale bank diens doen. Die nuwe geldeenheid sal bekend staan as die Daler met 100 Stuiwers in een Daler. Geen buitelandse lenings sal aangegaan word nie, die uitvoer van onverwerkte grondstowwe sal beperk en later gestaak word en geen inkomste- en uitgawebelastings sal gehef word nie. Spekulاسie in alle vorme sal moreel ongeregverdigbaar en strafbaar wees. Die verbruikersindroom en kredietfinansiering sal ontmoedig word en vervang word met 'n etiek van besparing en kontantkoop. Wettige beroepsverenigings sal ten doel hê die verhoging van opleiding, standarde en vakmanskap en nie-assimileerbare arbeid sal verbied word om sodoende 'n homogene arbeidsmag daar te stel. Die landbou sal as ruggraat en reserwebron beskerm en bevorder word terwyl die groothandel en waar moontlik die kleinhandel van landbouprodukte deur landboukorporasies hanteer en bedryf sal word om produksie en bemarking te verlaag. Persoonlike eienaarskap, inisiatief, vindingrykheid, skeppendheid en verantwoordelikheid sal aangemoedig word terwyl opvoeding op 'n tegnologiese gevorderde ekonomie met die toepassing van wetenskaplike tegnieke en bestuur en hoë morele waardes, gerig sal wees.¹⁰⁰

Vir Klassen is Amerika die basis van die wit ras en dit is van hier dat die geveg sal moet plaasvind, die Jode oorwin sal moet word en die nuwe wêreldfilosofie vir die oorlewing van die wit ras geformuleer moet word. Grondgebied en ruimte is noodsaaklik vir die oorlewing van die ras en daarom beskryf Klassen die Apartheidsbeleid van Suid-Afrika as selfmoordend. Alle gekleurdes is volgens hom vyande van die wit ras en aangesien hulle nie hulself kan onderhou nie sal hulle mettertyd uitsterf. Grond behoort volgens die natuur en die geskiedenis aan diegene met die wil, sterkte en determinasie om dit te oorwin en te bevolk en daar is volgens Klassen nie genoeg grond op die planeet vir die wit ras en die gekleurdes om beide te oorleef nie:¹⁰¹ "We do not want to just control the world ..., nor do we want to enslave anybody or rule over other inferior races ... we want the White Race to exclusively populate the world."¹⁰²

⁹⁸ J.S. Smith, *Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland*, *Boerestaats Nuusbrief* 3, 1990, pp. 18-19.

⁹⁹ J.S. Smith, *Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland*, *Boerestaats Nuusbrief* 3, 1990, p. 19

¹⁰⁰ J.S. Smith, *Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland*, *Boerestaats Nuusbrief* 2, 1991, pp. 6-8.

¹⁰¹ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 337-338, 341, 344-345, 348-349, 350.

¹⁰² B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 286.

Klassen beskou die hele planeet as die tuiste van die wit ras en sy beweging het ten doel om 'n wêreldwye program van stapel te stuur waarbinne elke wit volk homself van die beweerde Joodse beheer bevry en saamwerk om die gunstige gebiede op die planeet te koloniseer en te bevolk. 'n Beleid van aggressiewe uitbreiding sal gevolg word waarvolgens die gebiede wat uitsluitlik deur blankes beheer en bewoon word mettertyd uitgebrei sal word. 'n Wêreldwye, verenigde wit regering is selfs moontlik. Om ekonomiese en wetenskaplike interaksie tussen die verskillende wit volke te vergemaklik het Klassen voorgestel dat, behalwe 'n universele geldstelsel, die metrieke stelsel as universele stelsel van mates deur alle wit volke aangeneem moes word. Ter wille van verbeterde kommunikasie het hy ook gepleit dat Latyn, met aanpassings vir die moderne wêreld, as tweede universele taal en later moontlik as enigste taal van die wit ras bevorder moet word.¹⁰³

c. Die Kerk van die Skepper as fascistiese beweging

Alhoewel Smith ontken het dat die Kvs in Suid-Afrika enige bande met die KKK of neo-Nazi groepe het, is dit wel bekend dat die moederbeweging in Amerika nou met hierdie groepe saamwerk.¹⁰⁴ Klassen het dan ook 'n bewondering vir Nazi-Duitsland gehad en volgens hom sal Hitler se bydrae tot die wit ras en die vernietiging van die sogenaamde Joodse sameswering in die geskiedenis onthou word as een van die mees heroïese stryde in die geskiedenis van die mensdom: "... Adolph Hitler stands head and shoulders above any other man as the greatest leader the White Race has ever produced, and as the greatest White Man that ever lived."¹⁰⁵ Sonder Hitler sou die hele Europa volgens Klassen deur die Joods-Marxistiese kommunisme verslaaf gewees het. Hy het aan die wit ras hoop, 'n voorbeeld en ideologie geskenk en het die eerste wit regering met 'n rassegrondslag gestig. Die beginsels wat in *Mein Kampf* uiteengesit is, vorm volgens Klassen steeds die baken wat die weg moet baan vir die bevryding van die wit ras. Die negatiewe propaganda teen Hitler word daaraan toegeskryf dat dié se rassefilosofie 'n gevaar vir die Jode en hul plan vir wêreldoorheersing was.¹⁰⁶

Die Hitler-beweging dien vir Klassen as inspirasie en hoop dat die Joodse sameswering wel vernietig kan word en een van die belangrikste bydraes daarvan was dat dit die Joodse en kommunistiese gevaar beklemtoon het. Tog omvat die Nazi-filosofie volgens Klassen sekere tekortkominge. *Mein Kampf* was byvoorbeeld beïnvloed deur die probleme van die Duitse Weimar Republiek, en die Nazi-filosofie was gebaseer op die eng grondslag van Duitse meerderwaardigheid in plaas van die meerderwaardigheid van die wit ras. Dit dra derhalwe 'n latente vermoë om konflik tussen wit volke te veroorsaak. Dit was ook op 'n politieke eerder as 'n godsdienstige basis georganiseer en was daarom verdraagsaam teenoor die Christendom. Boonop het die Nazi's 'n alliansie met die

¹⁰³ B. Klassen *The white man's bible*, pp. 130, 417-418, 420-422; B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 490-491.

¹⁰⁴ Sien M. Waldner, Jan Smit los toe God vir wit ras, *Rapport*, 1992-08-02; A. Kreye, "Die besten krieger", *Der Spiegel* 49, 1994-12-05, pp. 117, 123.

¹⁰⁵ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, p. 290.

¹⁰⁶ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 290, 292, 302, 209.

Japannese, 'n sogenaamde modderras, gevorm. Die Nasionaal-Sosialisme, wat as 'n komponent van die Rasse-Sosialisme wel 'n bydrae tot eugeniese veredeling kan lewer, is derhalwe vir Klassen nie die regte oplossing vir die oorlewing van die wit ras nie, en daar moet volgens hom eerder aangegaan word waar Hitler opgehou het.¹⁰⁷

Die KvS is in 'n mate anti-modernisties en alhoewel hulle nie noodwendig teen tegnologiese en wetenskaplike ontwikkeling gekant is nie, het die beskawing volgens Klassen 'n negatiewe invloed op die genepoel van die wit ras gehad, omdat dit die natuurlike uitdunningsproses vertraag het. Hierdeur is die genetiese en intellektuele kwaliteit van die wit ras verlaag en dra beskawing volgens Klassen die kiem van selfvemietiging deurdat dit die swakkeres ook 'n kans op oorlewing gee.¹⁰⁸

Die KvS voldoen egter verder aan die vereistes van 'n fascistiese beweging. Hulle beleid van Rasse-Sosialisme dui op 'n organiese, populistiese inslag en die beweging is sterk teen die demokrasie, liberalisme en kommunisme gekant. Die KvS is onbeskaamd rassisties en anti-Semities. Alhoewel die beweging populisties georiënteerd is, kom hul elitisme binne hul wit heerssugtige filosofie, verwysings na die Super Mens en Super Ras, hul bepleiting van 'n eugeniese veredelingsprogram, hul geloof in ongelykheid selfs binne dieselfde ras en hul voorgestelde leierskapsmodel vir die toekomstige staat, na vore. Die beweging is revolusionêr nie net in hul bereidheid om geweld te gebruik nie, maar ook vanweë hul voorgestelde wêreldorde wat 'n totale omwenteling en breuk met die hede verteenwoordig en 'n inherente palingenetiese visie in hul doelstellings dra: "In a rapidly degenerating world that is now overcrowded and overrun with an explosion of inferior mud races; a world that is drug-ridden and already overly polluted with toxic chemicals and nuclear wastes; a world now steeped in anarchy, chaos and terrorism, it is nevertheless our ultimate and continuing goal to build in its place a WHITER AND BRIGHTER WORLD for our future generations."¹⁰⁹

7. Die Blanke Bevrydingsbeweging

a. Stigting en ontwikkelingsgeskiedenis

Die Blanke Bevrydingsbeweging (BBB), ook in Engels bekend as die White Liberation Movement (WLB), is in Junie 1985 deur prof. Johan Schabot gestig. Die beweging het na bewering vir twee jaar in die geheim deur middel van militêre styl kommando's geopereer voordat dit in die openbaar verskyn het.¹¹⁰ In Junie 1987 het dit aktief begin lede werf en mense deur middel van hul reguit boodskap en uitgesproke plakkate geskok.

Schabot het in 1972 sy professorkap aan die RAU ontvang waar hy die Departement Biochemie tot stand gebring het. Hy is as 'n briljante dosent en navorser beskou en het verskeie toekennings

¹⁰⁷ B. Klassen, *Nature's eternal religion*, pp. 309-314; J.S. Smith, *Kreatiwiteit ...*, p. 2.

¹⁰⁸ B. Klassen, *The white man's bible*, pp. 110-113.

¹⁰⁹ B. Klassen, *Rahowa!*, p. 262.

¹¹⁰ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 75; J. Grobbelaar et al., *Vir volk en vaderland*, pp. 40-41.

ontvang. Hy het ook as adviseur gedien vir instansies soos die Raad op Atoomkrag en was verbonde aan die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die New York Academy of Science. Hy is wyd belese en het 'n groot belangstelling in die modeme filosofie, politieke en ekonomiese ideologieë en die geskiedenis. In 1986 het hy op die ouderdom van 49 jaar weens 'n chroniese nierkwaal as hoof van die Departement Biochemie afgetree en hom voltyds op die politiek begin toelê. Hy was egter reeds voor dit berug vir sy vurige konserwatisme en sy stryd om nie-blanke studente van die kampus af te hou. Hy was reeds vir agtien jaar by die regse politiek betrokke, is 'n lid van verskeie regse organisasies en het ook as ondervoorsitter van die HNP gedien. Naas die politiek is die wetenskap sy groot liefde en lê dit dan ook sy filosofie ten grondslag.¹¹¹ Toe daar op 'n keer aan hom gevra is of hy 'n dissipel van Hitler is, het hy nee geantwoord en bygevoeg dat die wetenskap in Hitler se tyd nie so gevorderd was nie en dat hy daarom vandag baie méér as Hitler weet en beter toegerus is om oplossings vir die blanke rasseprobleem te vind.¹¹²

Die BBB se hoofkantoor het in Januarie 1988 vanaf Johannesburg na Bokfontein naby Brits verskuif. Tydens 'n hoofraadsvergadering op 18 Junie 1988 en verdere vergaderings in Julie en Augustus is die organisatoriese netwerk van die beweging gefinaliseer. Dit het ingesluit die samestelling van die Opperraad, die Dagbestuur, die twaalf werkskomitees en die dagbestuur van die werkskomitees. Daar is ook besluit dat die Erelede van die Opperraad voortaan as die Adviesraad bekend sou staan en dr. Theuns Stoffberg, oud-lid van die Gryshemde, is as Ereleier van die Adviesraad aangewys. Die ouderdomsperk van die jeugbeweging is tot tien jaar verminder. Die beweging het ook 'n aantal streeksrade gehad soos die Streeksraad vir Suid-Natal met Pieter Smith as leier en Alan Harvey, voorheen van die *S.A. Patriot*, as onderleier. Die streeksbestuur van die Wes-Kaap het onder leiding van Wynand de Beer, wat ook die redakteur van *Die Kaapse Rebel* was, en Keith Conroy, ook verbonde aan die AWB, gestaan. Die Opperraad van die BBB het teen Maart 1988 bestaan uit die Erelede, A.J. McDonald van Johannesburg, Theuns Stoffberg van Suid-Natal, E. van den Berg van Pretoria, Mev. S.R. van Heerden van Johannesburg, dr. H.J. van Rensburg van Pretoria; en die gewone lede, Keith Conroy en W.A. de Beer van die Wes-Kaap, J.C. du Plessis van die Wes-Transvaal, en D.B. Fourie en J.S. Smith, die eerste leier van die KvS in Suid-Afrika, van die Wes-Rand. Leon Strydom het as nasionale organiseerder opgetree, terwyl Jan en Henk van de Graaff ook bekende lede van die beweging was.¹¹³

Die *Kommando. Voice of the White Race* is sedert November 1986 aanvanklik deur die Patriotic Press in Durban gepubliseer. In 1988 het die *Kommando. Stem van die Blankedom* in 'n tweetalige blad verander en die amptelike mondstuk van die BBB geword. J.C. du Plessis van Brits is as redakteur aangewys terwyl H. Victor van Brits en Mev. S.R. van Heerden van Johannesburg as subredakteurs sou dien.¹¹⁴ Schaborn het vanweë partybeleid geweier om die beweging se ledegetalle

¹¹¹ K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56; Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 1-2.

¹¹² K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.

¹¹³ Sien *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 11; *Kommando* 5, March/May 1988, pp. 3, 10-11; *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, pp. 3-4

¹¹⁴ Sien *Kommando* 2, Febr/March 1987, p. 3; *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 11.

te openbaar, maar wel genoem dat ondersteuning vir die BBB algemeen en landswyd onder alle regse groepe was en dat hulle selfs navrae van NP-ondersteuners ontvang het.¹¹⁵ Ten spyte van hierdie bewering is daar egter algemeen in regse kringe geglo dat die organisasie 'n klein, maar luidrugtige groep was.¹¹⁶

Die beweging was betrokke by verskeie voorvalle van openbare versteuring en was ook aktief betrokke by groepsgebiede-aksies in blanke woonbuurte. In Oktober 1987 het die BBB 'n protesbyeenkoms in Mayfair, Johannesburg teen die intrek van nie-blanke inwoners in die gebied georganiseer. Die polisie het opgedaag en die groep gewaarsku om uiteen te gaan. Die skare van ongeveer 100 persone het na 'n naby geleë skoolsaal verskuif waar hulle deur Schabort toegespreek is. Tydens die optog het die polisie aanhoudend gewaarsku dat die saamtrek onwettig was en het ten einde raad traangas gebruik om die optog op te breek. Drie mense, waaronder Leon Strydom, is gearresteer en twee plakkate van die BBB is gekonfiskeer. In November 1987 het die beweging die Staatspresident, P.W. Botha, gewaarsku om die Groepsgebiedewet teen Januarie 1988 toe te pas of andersins sal die beweging genoodsaak wees om sake in eie hande te neem en die nie-blanke inwoners self uit Mayfair te verwyder. Volgens Schabort het die nie-toepassing van die wet tot toestande aanleiding gegee wat tot rassevermenging kon lei.¹¹⁷

Die BBB het, nadat dit in 1988 verkiesingsvergaderings van die NP saam met die AWB begin ontwig het, waarskuwings van die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, ontvang om hul aksies van intimidasie en opsweping te staak. Schabort het in reaksie hierop verklaar dat Vlok nie net 'n vyand van die BBB nie, maar van die wit ras, was. In Augustus het die polisie die BBB gewaarsku dat hulle nie toegelaat sou word om die wet in hul eie hande te neem nie. In November 1988 is die moord van sewe swartes in Pretoria deur die sogenaamde Wit Wolf en lid van die AWB, Barend Strydom, deur die regering as verskoning gebruik om aan die BBB dieselfde beperkings as die UDF en AZAPO op te lê. Schabort is binne die landdrostdistrik van Brits ingeperk en verbied om vergaderings waar meer as tien mense teenwoordig was, by te woon. Hy het gewaarsku dat die verbod tot 'meer ernstige dinge' sou lei.¹¹⁸

In Desember 1988 is die Blanke Nasionale Beweging (BNB) as 'n direkte uitvloeisel van die verbod op die BBB, gestig. Wynand de Beer het as leier opgetree en aangedui dat hulle die beleid van die BBB sou voortsit. Ook hierdie beweging se aktiwiteite is na twee maande deur die regering beperk. Gedurende die algemene verkiesing van 1989 het Schabort sy steun aan die Konserwatiewe Party (KP) gebied. Nadat die verbod op sekere politieke partye waaronder die BBB, op 2 Februarie 1990 opgehef is, het die organisasie grootliks op die agtergrond gebly. Schabort het ook in 1985 die Blanke Party gestig wat openlik rassisties was en die afskeidingsvariasie van die partisiebeleid

¹¹⁵ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 6.

¹¹⁶ H. Zille, The right wing in South African politics, in P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 61.

¹¹⁷ C. Cooper et al., *Race relations survey 1987/88*, pp. 500, 718-719; Anon., White demo teargassed, *S.A. Observer* 32 (5), November 1987, p. 14.

¹¹⁸ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; J. Grobbelaar et al., *Vir volk en vaderland*, p. 41; C. Cooper et al., *Race relations survey 1988/89*, p. 651.

voorgestaan het. Teen 1989 was ondersteuning vir die party beperk tot die onmiddellike familie van die stigter en is dit kort daarna ontbind waarna Schabort in 1990 by die KP aangesluit het.¹¹⁹

b. Ideologiese beskouings

Grondliggend aan die filosofie van die BBB is 'n geloof in die fisiese en etiese wette van die natuur en wetenskaplike logika. Die filosofie is volgens Schabort op liefde vir alle lewendige dinge, en nie op haat nie, gebaseer. Hy glo in die oorlewing van die sterkste en dat kompetisie tussen verskillende groepe deel van die natuur se kreatiewe evolusionêre proses is. Hierdie evolusie en oorlewing kulmineer in mag en binne die raamwerk van hierdie natuurwette het die blanke ras as kreatiewe mag die verantwoordelikheid om die bestaande kulturele, beskawings en omgewingsorde van die planeet teen enige vernietigende organisme, hetsy insek of dier, te beskerm. Binne hierdie konteks het die wit ras daarom ook die plig en die reg om die aarde se ekostelsel teen die vernietigende aksies van die nie-blanke of sogenaamde 'modderrasse' te bewaar.¹²⁰

Die BBB het die blanke ras nie as 'n samevoeging van blanke individue nie, maar as 'n versameling van blanke volke, beskou. Die krag van die ras is opgesluit in die kollektiewe krag van die onderskeie volke en daarom word die soewereiniteit, kulturele identiteit en afsonderlikheid van hierdie volke beklemtoon. Binne hierdie verband staan ook die oppermag van die Afrikaner of Boerevolk binne sy eie grondgebied wat slegs deur solidariteit met ander blanke volke verkry kan word. Die BBB het die Afrikaner as die belangrikste familie van die blanke ras beskou, omdat dit die enigste blanke volk op aarde is waarvan die meerderheid lede verstaan dat bloedvermenging tot die dood van die ras sal lei. Daarom is elke blanke volk op die aarde, ter wille van die oorlewing van die ganse blankedom, aan die Afrikaner 'n veilige tuiste verskuldig. Die BBB het die gebied van die Kaap tot die Kunene en Zambezi asook Namibië as witmansgebied beskou. Binne hierdie staat kon aan die Engelse, indien nodig, onafhanklikheid gegee word.¹²¹

Die BBB se filosofie sentreer rondom die oorlewing en genetiese verbetering van die wit ras en Schabort beskryf dan ook eugenetika as 'n evolusionêre verantwoordelikheid. Volgens hom het die 'modderrasse' histories bewys dat hulle minderwaardig is en nie die standaard van die wit ras kan handhaaf nie. Die BBB beskou nie die nie-blankes as 'n arbeidsmag nie, maar as 'n parasitiese invalsmag wat net vir die regte oomblik wag om mag in die land oor te neem en die wit ras en sy prestasies te vernietig. Terrorisme, misdaad, stakings, ekonomiese sabotasie en die genetiese besoedeling van die blanke rassepoel, vorm deel van hierdie veldtog.¹²² Binne die raamwerk van die natuurlike stryd om oorlewing is gemeenskaplike belange en kollektiewe vryheid belangriker as die reg en vryheid van die individu: "Real righteousness and freedom can only be found and, is of real

¹¹⁹ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; J. Grobbelaar *et al.*, *Vir volk en vaderland*, p. 41; C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1988/89*, p. 652.

¹²⁰ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 2-3.

¹²¹ *Kommando* 5, March/May 1988, pp. 2-3.

¹²² Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 2-3.

significance, within the freedom of a specific people or race. This freedom can be acquired only by the morally correct use of collective power and the establishment of a homogeneous community in terms of a race and people within a geographically defined territory in competition with other races.¹²³ Gevolglik word meerderwaardige kulturele ontwikkeling volgens die BBB slegs bevorder in afsondering van die kulturele omgewingsbesoedeling van onaanvaarbare rasse, en is die BBB se filosofie inherent rassisties.

Schabot het erken dat sy beweging positiewe rassisme aanhang en dat hulle openlik ten gunste van hul eie ras, volk en kultuur diskrimineer. Hul sienings is gegrond op 'n liefde vir die eiendomlike, die voortreflike, die edele en skone, en positiewe rassisme was volgens die BBB eie aan elke regdenkende blanke op die aarde. Dit sluit 'n liefde en waardering in vir alle vorme van verantwoordelike lewe wat 'n positiewe bydrae tot die uitbouing en instandhouding van die skeppingsorde binne die raamwerk van die natuur lewer.¹²⁴

Volgens Schabot was rasseverskille nie die gevolg van omgewingsfaktore nie maar wel van genetiese verskille en daarom onveranderbaar. Die stryd om oorlewing het 'n invloed op die kollektiewe vlak van prestasie, verantwoordelike gevoel en samelewingstandaarde van elke ras gelaat en hiervolgens is die wit ras die naaste aan volmaak. Schabot verantwoord sy stellings deur na die beskawings van die verlede te verwys en te noem dat almal, insluitende die Sumeriese, Egiptiese, Mesopotamiese, Indiese en Romeinse beskawings, deur blanke inisiatief en mag gestig is. Geen soortgelyke beskawingsprestasies is volgens hom deur die nie-blanke tot stand gebring nie en hy voer aan dat bloedvermenging juis tot die verval van hierdie beskawings aanleiding gegee het.¹²⁵ Hy erken die bestaan van swak blankes en briljante nie-blankes, maar noem dat die kollektiewe verskille in ag geneem moet word: "Skin colour is not the basis, but only an excellent superficial indicator for distinguishing between the collectively excellent and the collectively backward."¹²⁶

Schabot meld dat die BBB 'n rassistiese organisasie is indien rassisme beteken dat die witman eerste gestel word. Volgens die BBB behoort Suid-Afrika uitsluitlik aan die blankes wie se aanspraak op die land op die enigste reg van mag gebaseer is en daarom die historiese aanspraak van die ander groepe neutraliseer. Hulle glo in die genetiese meerderwaardigheid van die wit ras en huldig die mening dat dit die blanke se plig is om te keer dat die swart rasse se natuurlike aanwas en dekadensie die planeet vernietig. Volgens Schabot staan die twee genepoele van die blanke en nie-blanke regstreeks teenoor mekaar. Alle nie-blankes het volgens hom negatiewe karaktereenskappe teenoor die blanke wat 'n 'voortreflike' ras is en in wie se geledere die swakkeres reeds tot 'n groot mate uitgesterf het.¹²⁷ Die swart rasse hou volgens Schabot 'n bedreiging vir die blankes in: "Die

¹²³ J.C. Schabot, The racial problems of the world cannot be solved without taking into consideration the scientific basis of race differences, *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p. 7.

¹²⁴ *Kommando* 5, March/May 1988, pp. 1-2.

¹²⁵ J.C. Schabot, The racial problems of the world ..., *Kommando* 6 Jul/Aug 1988, pp. 6-7.

¹²⁶ J.C. Schabot, The racial problems of the world ..., *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p. 7.

¹²⁷ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; H. Zille, The right wing in South African politics, in P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 61; K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.

wetenskap het bewys dat só 'n vyand òf uitgewis òf vernietig moet word ... Die vernietigers van die skeppingsorde moet nié ruimte of mag gegee word om die planeet verder af te takel nie. Om dié rede gryp die natuur reeds in - soos 'n mens kan sien aan die hongersnood en ander natuurrampe in Afrika. Ek weet 'n mens kry baie briljante swartes, maar hulle staan apart. Jy moet hulle egter aan die kollektiewe eienskappe van hul ras meet.¹²⁸

Die BBB se ideologie was ook openlik anti-Semities en die Jode is in die 'grys gebied' tussen blank en nie-blank geplaas. Schabort het George Lincoln Rockwell, wat hy as 'die groot Amerikaner' beskryf het, aangehaal deur te beweer dat die Jode aan 'n soort kollektiewe vervolgingswaansin lei: "... the two symptoms of paranoia are - a) delusions of grandeur, and b) delusions of persecution.... the Jews are the only people actually to have made a religion out of paranoia. They go around telling everybody that a) they are the chosen people of God (delusions of grandeur), and b) that everyone hates them, (delusions of persecution)."¹²⁹ Volgens Schabort is die Joodse godsdiens en die Ou Testament by uitstek etnosentries aangesien dit rondom die behoud van die Joodse identiteit, eerder as 'n filosofiese boodskap, gebou is. Die Jode se jaloesie veroorsaak dat hulle die blanke beskawing deur middel van ekonomiese uitbuiting en deur sielkundige oorlogvoering, wat hul betrokkenheid by kommunistiese en teokratiese humanitêre bewegings verklaar, wil vernietig.¹³⁰

Vroeg in 1988 is daar in die *Kommando* beweer dat Schabort sedert Augustus 1987 verskeie doodsdreigemente van die JDO en selfs die Mossad, die Israeliese geheime diens, ontvang het. Die BBB was ook ontevrede oor die Joodse kritiek teen die Hess-gedenkdienis waaraan die beweging deelgeneem het, en die sogenaamde anti-Nasionaal-Sosialistiese propaganda wat deur die Jode in Suid-Afrika versprei is. Die BBB het in reaksie hierop aangedui dat hulle nie geweld predik of konfrontasie soek nie, maar die Jode gewaarsku dat hul dreigemente tot ernstige konflik kon lei. Daar is ook aangevoer dat die Joodse Holocaust nie plaasgevind het nie, en 'n beroep is op die regering gedoen om die 'Holocaust-propaganda' stop te sit en die Sionisme as 'n gevaar vir rassevrede in Suid-Afrika te beskou.¹³¹ In 'n persverklaring het die BBB gewaarsku: "... the BBB foresees retaliatory action from the Whites in the form of propaganda against well established Jewish actions against the Whites of Europe and South Africa of a more serious nature than the alleged holocaust."¹³²

Volgens Schabort was daar twee maniere om die bewind in die land oor te neem, naamlik deur 'n meerderheidstem in 'n verkiesing, of deur die wit woede of energie te ontgin: "Ek hoop nie iemand soos Tutu of Boesak word vermoor en daardeur 'n martelaar nie. Hulle moet óns skiet! Dit sal die wit woede laat ontplof. Dit is waarvoor ons wag. Maar dit beteken nie ons wil die regering deur geweld tot 'n val bring nie - ons het ander meganismes om dit te doen. Ek bepleit nie wit geweld nie - maar

¹²⁸ K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.

¹²⁹ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 5.

¹³⁰ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 5.

¹³¹ *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, pp. 10-11; L. Strydom, Public press statement, *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, Aug/Okt 1987, p. 8.

¹³² L. Strydom, Public press statement, *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, Aug/Okt 1987, p. 8.

ek kan waarsku dat daar vir verraaiers (wit linksgesindes) geen plek onder 'n BBB-bewind sal wees nie."¹³³

Schabort het verklaar dat hy nie in 'n parlementêre setel belanggestel het nie en die drie-kamer parlement wou vernietig. Tog was die pad na demokrasie steeds oop omdat mag verkry kon word deur openlik die regte beleid, naamlik 'n ware Wit Mag filosofie, te bevorder. Indien mag egter nie deur middel van 'n verkiesing verkry kon word nie, was daar volgens Schabort 'ander metodes' wat gebruik kon word. Die BBB het 'n meritokrasie as staatsvorm voorgestaan waarin elke persoon moes kwalifiseer om te stem. Stemgeregtigdes sou aan die regte blanke afstamming, 'n voorbeeldige gedragsverlede en voldoende kennis van rasse- en politieke dinamika, moes voldoen.¹³⁴ Schabort het beweer dat die BBB binne sewe jaar mag kon oorneem. Dit sou geskied nie deur geweld nie, maar deur die eenheid van alle blankes onder die BBB. Vir hierdie doel is die land in negentien kommandostreke verdeel waarvan agt teen 1987 glo reeds kommando's gehad het.¹³⁵

Die BBB se standpunte was gebaseer op 'verfynde Nazisme'. Hul ideologie was gerig op die herstrukturering van Suid-Afrika om die bestaande rasse- en ekonomiese beleide reg te stel voordat dit tot die vernietiging van die wit man in Afrika kon lei. Daar is na die swartmense as 'moddermense' verwys en aangevoer dat hul minderwaardigheid wetenskaplik bewys kon word. Alle nie-blankes, waaronder die Jode en swartes, moes indien nodig met geweld na hul tuislande gerepatreer word waar die natuur na hul getalle sou omsien: "Dit is ons morele plig om hulle aan hulself en die natuur oor te laat. Ek dink selfs dat dit in 'n stadium ons morele plig sal word om in te gryp in die demokratiese regte wat die mense van Afrika hulself toegeëien het - gesien teen die agtergrond van die skade wat hulle die planeet aandoen ..."¹³⁶ Kleurlinge sou na trustgebiede gestuur word en die Indiërs sou die keuse hê om hulle by een van dié twee groepe aan te sluit. Die minderheidsgemeenskappe in Suid-Afrika waaronder die Jode, Libanese, Grieke en Portugese, was volgens die beweging ook problematies.¹³⁷

Volgens Schabort kon konfrontasie binne die natuur op drie maniere eindig: die swakkere kon óf verslaaf, óf uitgewis óf verwyder word of self vlug. Die BBB het op die derde en volgens hulle die mees regverdigste opsie, naamlik repatriasie, besluit om die vernietiging van die blanke te keer.¹³⁸ Volgens Schabort is hierdie opsie eintlik liberaal: "... the other options will probably happen spontaneously, as the mud races are incapable of the slightest achievement, let alone being able to feed themselves."¹³⁹ Hierdie beleid van repatriasie sou in fases geskied. Eers moes mag bekom word en daarna sou 'n twee jaar plan in werking gestel word waarin die nie-blankes aangemoedig sou word om die blanke gebiede te verlaat. Hierna moes repatriasie na die tuislande binne weke geskied.

¹³³ K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, pp. 56-57.

¹³⁴ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 5-6.

¹³⁵ C. Cooper *et al.*, *Race relations survey 1987/88*, p. 719.

¹³⁶ K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56.

¹³⁷ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 76; A.J. Day (ed.), *Political parties of the world*, p. 490.

¹³⁸ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, pp. 2-3.

¹³⁹ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 3.

Indien die nie-blanke nie die ekostelsels van die tuislande sou beskerm nie, is daar gewaarsku dat hulle na die sentrale oerwoudgedeeltes van Afrika uitgedryf kon word.¹⁴⁰

Die herstrukturering van die ekonomie was nou verbonde aan die twee-jaar plan van repatriasie. In hierdie tyd moes die ekonomie van 'n arbeidsintensiewe na 'n tegnologiese en inligtingsintensiewe ekonomie verander word waarin die blanke nie meer van swart arbeid of koopmag afhanklik sou wees nie. Die ekonomiese infrastruktuur kon volgens die BBB binne twee jaar deur middel van rasionalisasie verander word. Binne hierdie teknokratiese ekonomie sou swart arbeid nie bloot deur blanke arbeid vervang word nie, maar wel deur blanke inisiatief en vaardighede. Schabort het erken dat die instelling van hierdie nuwe ekonomiese orde tot 'n ekonomiese verlies van 30% kan lei, maar bygevoeg dat dit vereffen sou word deur die geld wat bespaar sal word deur hulp aan swartes te staak, die nasionalisering van die minerale en industriële rykdom, en die vermindering van misdaad. Hy het geglo dat die blanke se lewenstandaard binne vyf jaar verdubbel sou kon word. In September 1987 het die BBB verklaar dat hulle 'n eerste-wêreldland onafhanklik van swart arbeid wou skep en dat alle industrieë óf moes meganiseer óf moes sluit. Alhoewel dit ook die sluiting van sommige myne sou beteken, sou die blanke steeds 'n hoë lewenstandaard kon handhaaf aangesien Suid-Afrika volgens die beweging een van die rykste lande in die wêreld is.¹⁴¹

Die buitelandse beleid moes nie verdedigend nie, maar aggressief van aard wees deurdat dit in plaas van verskonings, eerder wit heerskappy moes bevorder. Die BBB se idees moes nie net as die beste oplossing vir Suid-Afrika nie maar vir alle Europese lande voorgestel word. Binne hierdie verband was dit vir die BBB belangrik om materiële sowel as finansiële ondersteuning aan pro-wit groepe in ander lande te gee. Dit was dan ook die BBB se hoofdoel om alle blankes, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld te verenig.¹⁴²

c. Die BBB en ander regse bewegings

Die BBB het juis hierdeur van die ander regse organisasies in die land verskil deurdat hulle probeer skakels vestig het met internasionale regse organisasies ter wille van die globale stryd vir die oorlewing van die wit ras en die planeet.¹⁴³ Volgens Schabort was een van die belangrikste redes vir die stigting van die BBB juis die feit dat sy beleid van die ander regse bewegings verskil en derhalwe 'n leemte gevul het. Die ander regse bewegings het volgens hom óf nie die rassekwessie gekonfronteer nie óf nie praktiese, realistiese oplossings voorgestel nie. Hulle het ook nie die veelrassige interafhanklike ekonomiese infrastruktuur geheel en al verwerp of die werklikhede van die nie-blanke se negatiewe karaktereenskappe in ag geneem nie. Ander bewegings het ook die totale verwydering van swartes verniy en het, anders as die BBB, die onafhanklikheid van swart state

¹⁴⁰ Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 3.

¹⁴¹ A. J. Day (ed.), *Political parties of the world*, p. 490; Anon., A remarkable interview, *Kommando* 3, Aug/Sept 1987, p. 4.

¹⁴² Anon., The white power manifesto, *Kommando* 1, November 1986, p. 3; C. Cooper et al., *Race relations survey 1987/88*, p. 719.

¹⁴³ H. Zille, The right wing in South African politics, in P. L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 61; J. van Rooyen, *Hard right*, p. 77.

erken. Teenoor hierdie regse bewegings, hetsy Afrikaans, Engels, kultureel, godsdienstig, militêr of polities, het die BBB 'n broederlike houding gehandhaaf en dubbele lidmaatskap met alle regse bewegings toegelaat.¹⁴⁴

Volgens Schabort was sy beweging meer regs as die AWB wat hy as te 'pienk' beskryf het. Hy sou toesien dat die AWB en sy leier gekonfronteer word oor hul liberalistiese neigings. Die AWB het in reaksie BBB-lede lidmaatskap geweier, hulle as 'n klomp siek mense beskryf en die beweging van 'naakte rassisme' beskuldig.¹⁴⁵ Na aantygings uit AWB-geledere dat die BBB onchristelik en ateïsties sou wees, het die BBB ontkenend geantwoord dat geen organisasie nader aan die 'Ware Skepper' is as hulle nie en sonder skroom bygevoeg: "Bogenoemde skelwoorde wat ... veral deur A.W.B.-leiers teen die BBB op geslote A.W.B.-vergaderings gebruik is, is van Oosterse Nie-blanke oorsprong. Ons doen 'n beroep op ons medestryders in die A.W.B. om hierdie laakbare agter-af optrede te staak en liewers ondersoek in te stel na die Joodse betekenis van die 3 sewes."¹⁴⁶

Schabort het in die pers beweer dat die BBB nou saamgewerk het met buitelandse organisasies soos die National Alliance en White Power Movement in die VSA, die Front National in Frankryk, die National Front en British Movement in Brittanje en Voorpost in België. Hulle het ook kontakte met regse groepe in Australië, Wes-Duitsland en Skandinawië gehad.¹⁴⁷ Die beweging het na bewering positiewe reaksie vanuit die buiteland ontvang en regs in die VSA en Europa het aansoek om lidmaatskap gedoen of hul ondersteuning aangebied. Mnr. Tiffany, die redakteur van *Spotlight*, het byvoorbeeld by die BBB aangesluit, en Peter Coleman, 'n leier van die Australian National Movement het telefonies in verbinding getree om sy steun en hulp aan te bied. Die BBB is deur hierdie buitelandse regs as die enigste ware blanke beweging in Suid-Afrika beskou en hul beleid is deur regse leiers in Europa en die VSA as die mees realistiese vir Suid-Afrika beskryf. Hieronder was Paul Riis-Knudsen, die seun van 'n hoë SS-offisier en die sekretaris-generaal van die WUNS in Denemarke.¹⁴⁸

d. Die BBB as fascistiese beweging

Die BBB het die Odal-teken, een van die simbole van die oud-Germaanse rune-alfabet, as kenteken gebruik. Die swart Odal-teken is soos die swastika-vlag van die Nazi's, in 'n wit sirkel teen 'n rooi agtergrond geplaas. Odal is afgelei van die woord *othalo* wat vaderland beteken. Binne die ou Germaanse godsdienste waar die tekens van die rune-alfabet ook as magiese simbole gebruik is, het dit 'n verband met 'n persoon se familie of geestelike erfenis voorgestel. Binne hierdie konteks simboliseer dit derhalwe ook die BBB se ideologie, aangesien die rune 'n waardebevestiging van die

¹⁴⁴ *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 10; J.C. Schabort, Reasons for the founding of the BBB, *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, pp. 11-12.

¹⁴⁵ K. Steyn, 'n Ver-regse praat so ..., *Insig*, September 1987, p. 56; C. Cooper et al., *Race relations survey 1987/88*, p. 718.

¹⁴⁶ *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p. 1.

¹⁴⁷ C. Cooper et al., *Race relations survey 1987/88*, p. 719.

¹⁴⁸ *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 9; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 69.

opvattinge en gebruike van die ouer geslag voorgestel het en die vraer aangemoedig het om die maniere waarop sy wortels die huidige kon beïnvloed, te ondersoek.¹⁴⁹

Die BBB het ideologies grootliks aan die kernvereistes van die fascisme voldoen. Hul populistiese ultra-nasionalisme het te voorskyn gekom in hul sienings van die wit ras as 'n organiese werklikheid wat bevry moes word uit die fisieke, geestelike en ekonomiese verslawing en strukture waarin dit vasgevang was. Die BBB het dit ten doel gestel om die blankedom van die wêreld organisatories op diplomatieke, politieke, kulturele, militêre, ekonomiese en sportgebied te konsolideer, sodat die aanslag van die anti-blanke magte teengestaan kon word. Binne hierdie konteks was die beweging 'n vurige voorstander van positiewe rassisme waarmee hulle 'n liefde vir alle vorme van lewe aan 'n verantwoordelikheid om die skeppingsorde en die blanke ras teen enige vernietigende lewensvorm te beskerm, gekoppel het. Hul belangrikste doelstelling was die veredeling van die blanke ras, die uitbouing van die Westerse beskawing, en die bewaring van die kulturele en natuurlike erfenis van die blanke ras op 'n globale basis. Hul modernisme het in hul klem op tegnologiese ontwikkeling te voorskyn gekom.¹⁵⁰ Hul staatsbeskouing was egter vaag en hulle het nie soseer teen die demokrasie en die parlementêre stelsel uitgevaar nie. Tog is anti-demokrasie in hul beleid geïmpliseer deurdat stemreg byvoorbeeld beperk sou word tot diegene wat aan die nodige vereistes sou voldoen. In geheel gesien het die beweging vir die skep van 'n dinamiese en sterk nuwe blanke ekonomiese, sosiale, maatskaplike en staatkundige orde in Suid-Afrika gestaan.¹⁵¹ Die BBB is deur 'n klein groepie gestig en alhoewel hulle die blanke ras wou verenig, was die beweging in samehang met hul beskouing van die edelheid van die ras, inherent elitêr georiënteerd: "We want to identify the true leaders first, who will be willing to fight and sacrifice for their race's survival before involving the masses for obvious reasons."¹⁵² Die beweging se palingenetiese beskouing was ook in hetself revolusionêr en idealisties van aard: "The BBB brings a new message and a vision of a New White South Africa which never existed in the past. We offer a plan of action which combines white racial idealism with the realities of the South African situation. A new white economic order in South Africa which will function in conjunction with the right-wing world will be created. This will inspire a belief and trust in the future into our youth. Elevated ideals will be set to be worked and fought for and it will ensure more children for our nation."¹⁵³

8. Die Vermeulen-netwerk

a. Die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste

Jacobus Johannes Vermeulen, wat deur die regse joernalis Arthur Kemp as 'n selfonderhoudende en geslepe sakeman beskryf is, was een van die AWB's wat in 1979 by die berugte teer-en-veer voorval

¹⁴⁹ Time-Life Books, *Mysteries of the unknown: Magical arts*, p. 29.

¹⁵⁰ *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p.17.

¹⁵¹ *Kommando* 6, Jul/Aug 1988, p.17.

¹⁵² J.C. Schabert, Reasons for the founding of the BBB, *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 13.

¹⁵³ J.C. Schabert, Reasons for the founding of the BBB, *Kommando* 4, Jan/Febr 1988, p. 12.

van prof. F.A. van Jaarsveld betrokke was. Hy het egter na 'n paar jaar met die AWB gebreek omdat dié beweging volgens hom net 'halfpad daar' was, en sy eie organisasie, die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste, gestig.¹⁵⁴

Volgens Kemp was die ANS geensins publisiteitsoekend nie en is byeenkomste agter geslote deure op Vermeulen se kleinhoewe buite Pretoria gehou. Vir baie jare was die enigste funksies wat deur die beweging gereël is, die herdenking van Hitler se geboortedag en soms ook die oud-Germaanse sonnewenderite of Sonfees waardeur die verbygaan van die winter- en somerkeerpunte gevier is. Die byeenkomste is gekenmerk deur die voorkoms van swastika-baniere as versiering en die hou van toesprake. Die ANS het in 1987 sy eerste wydverspreide publisiteit met die Hess-gedenkdien gekry, veral omdat Vermeulen se twee kinders, geklee in die uniforms van die Voortrekkerbeweging, ook teenwoordig was. Die beweging het 'n wêreldwye netwerk van nasionaal-sosialistiese kontakte opgebou wat gereeld aan mekaar geskryf en nuus en menings uitgeruil het. Dit het waarskynlik die fondament gevorm vir die ander beweging wat deur Vermeulen gestig sou word en waarby die ANS geaffilieerd was, naamlik die Wêreld-Apartheidsbeweging.¹⁵⁵

Die ANS en die Europese organisasie, Voorpost, was na bewering verantwoordelik vir die werwing van Europese huursoldate om vir die witmense in Suid-Afrika te kom veg. Monica Huggett was betrokke by ANS-aktiwiteite en het na bewering in Januarie 1994 drie Duitsers op die Jan Smuts-lughawe ontmoet en aan hulle huisvesting verskaf. Thomas Franz Kunst (32) en Stephen Rays (26) het die land op 11 Januarie binnegekom en moes dit weer op 10 Maart verlaat het. Op 14 Maart 1994 het 'n skietgeveg tussen dié twee asook Heinrich Siems (57), wat glo die vorige tien jaar op 'n kleinhoewe in die Tierpoort-omgewing suid-oos van Pretoria gewoon en na bewering nie 'n verblyfpermit gehad het nie, en die polisie ontstaan nadat dié ondersoek ingestel het na die motor waarin die Duitsers gery het. Kunst is in die voorval, wat naby Siems se kleinhoewe plaasgevind het, doodgeskiet en die twee konstabels is gewond. Die wapens wat by die Duitsers gekry is, het 'n AK 47-masjiengeweer en 'n Scorpion-submasjiengeweer ingesluit. Rays is die volgende dag in hegtenis geneem. Kunst en Rays is na bewering as huursoldate gewerf nadat hulle in Duitsland vanweë hul betrokkenheid by gewapende rooftogte voor die gereg moes vlug. Hulle het glo vir 'n jaar aan die kant van die Kroatse teen die Serwiërs in Oos-Europa geveg. Na hul aankoms in Suid-Afrika het hulle opleiding ontvang en by die bewaking van Radio Pretoria betrokke geraak waarna hulle deur Siems gewerf is. Siems is in Duitsland bekend vir die baie skuilname wat hy gebruik en is na bewering nou betrokke by die werwing van regse huursoldate in Duitsland.¹⁵⁶

¹⁵⁴ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 78; P.J. Kotzé & C.P. Beyers, *Opmars van die AWB*, p. 46.

¹⁵⁵ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 78.

¹⁵⁶ D. Potgieter, Gerugte oor 'n volksleër rondom dié 15000, *Rapport*, 1994-06-12, p. 1; N. Bezuidenhout, Duitser dood in woeste geveg met SAP, *Beeld*, 1994-03-16, p. 1; A. Gouws & N. Bezuidenhout, Twee Duitsers glo geharde rowers, *Beeld*, 1994-03-17, p. 2; N. Bezuidenhout, Met arm aan flarde het hy by gewonde gewaak, *Beeld*, 1994-03-16, p. 2; D. Potgieter, 'Oorlog' is toe net wat drie Duitsers in SA kry, *Rapport*, 1994-03-20, p.5; D. Potgieter, Verregse vriendin van Klenz, makkers ondervra, *Rapport*, 1994-03-27, p. 6.

Die voorval het verdiep toe dit aan die lig gekom het dat die voortvluggende Siems eintlik Alfred Horst Klenz, 'n bekende in ver-regse kringe is. Klenz se naam is reeds gedurende die vroeë sewentigerjare in Duitsland aan neo-Nazi groepe gekoppel. In 1980 is hy in Wes-Duitsland in hegtenis geneem weens die onwettige besit van 'n rewolwer en na sy vrylating in 1985 het hy na Suid-Afrika uitgewyk. Hy het vir 'n tyd lank in Duiwelskloof gewoon waarna hy na Namibië verhuis het. Hier was hy in 1989 saam met Leonard Veenendal en Daryl Stopforth betrokke by die skietvoorval op die Untag-kantoor in Outjo, waarna hy in 1990 na Suid-Afrika gevlug het. Hy is in 1991 in hegtenis geneem, maar is na 'n eetstaking vrygelaat hangende sy uitleweringsverhoor wat tot Oktober 1991 uitgestel is. Hy het in April 1992 verdwyn en na bewering na Duitsland teruggekeer waarna hy later onder die skuilnaam van Siems na Suid-Afrika teruggekom het. Klenz is op 20 Maart 1994 saam met Alexander Neidneleün in hegtenis geneem. Klenz, Rays en Neidneleün het in die hof verskyn op aanklagte van moord en die onwettige besit van vuurwapens en in April het Klenz weer op 'n eetstaking gegaan om sy uitlewering aan Namibië te verhoed. Klenz en Rays is later weens die onwettige besit van wapens gevonnissen en gevangenisstraf opgelê.¹⁵⁷

b. Die Wêreld-Apartheidsbeweging

Die WAB is waarskynlik teen ongeveer 1990 gestig, en het na bewering 4000 lede, waaronder verskeie Oos-Europeërs, Belgiese en Britse burgers, gehad. Wim Booyse het die totale lidmaatskap in 1990 egter op 8000 vir die WAB en 3500 vir die ANS geskat. Die WAB en ANS het na bewering as koördineerders vir ongeveer dertig regse groepe, waarvan die lidmaatskap van drie tot vyftig lede gewissel het, in Suid-Afrika opgetree.¹⁵⁸

Lede van die WAB is in 1990 daarvan verdink dat hulle beplan het om biologiese en chemiese wapens te gebruik om groot getalle swartes te vermoor. Sluipmoorde op kabinetslede is glo ook beplan.¹⁵⁹ Op 11 Augustus 1990 het 'n bom by 'n taxi-staanplek in Pretoria ontplof en in Oktober van dieselfde jaar is 'n werknemer van 'n Durbanse rekenaaronderneming in 'n pakketbom-ontploffing gedood. Dié onderneming het onder meer die ANC en Black Sash ondersteun en rekenaardienste aan hulle verskaf. Vier lede van die WAB, drie Britte en 'n Suid-Afrikaner, is in November 1990 in verband met die ontploffings in hegtenis geneem.¹⁶⁰ Vermeulen het later verklaar dat die vier reeds voor hul inhegtenisneming weens sekere oortredings uit die beweging geskors is: "Die WAB bestaan uit 'n gedissiplineerde groep mense wat daarteen gekant is dat swartmense voor die voet doodgeskiet

¹⁵⁷ A. Gouws, Nelson-sluipmoord was Duitser se doel, *Beeld*, 1994-03-19, p. 4; R. Rademeyer, Ver-regse Duitser en makker in hegtenis geneem, *Beeld*, 1994-03-21, p. 1; N. Bezuidenhout, Vier mans in hof ná skietgeveg tussen drie Duitsers en die Polisie, *Beeld*, 1994-03-23, p. 4; N. Bezuidenhout, Klenz op eetstaking om sy uitlewering te keer, *Beeld*, 1994-04-23, p. 4; A. Pienaar, Klenz wou glo keer dat polisie hom uitlewer, *Beeld*, 1995-11-10, p. 7.

¹⁵⁸ C. Terreblanche, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, p. 15; H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 63; W. Booyse, Regse ekstremisme - grap of bedreiging?, *Suid-Afrika-Stigting Oorsig* 16(9), September 1990, p. 7.

¹⁵⁹ J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 97.

¹⁶⁰ J. Taljaard, Vier regses gevang oor ontploffings, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2; Anon, Regse Belg wil in Suid-Afrika bly, *Beeld*, 1990-11-19, p. 2.

word. Ons het vyande, maar ons wil in vrede saamleef met swart stamme soos onder meer die Zoeloes wat self vrede nastreef.¹⁶¹

Op 10 November 1990 is 'n pop met kakieklere in Boksburg teen 'n paal vasgemaak om 'n opleidingskursus van die WAB aan te kondig, terwyl pamflette wat die kursus adverteer in die dorp versprei is.¹⁶² 'n WAB-lid, Jean Bultot, wat in November 1989 na Suid-Afrika uitgewyk het nadat aanklagte van onwettige wapenbesit in België teen hom ondersoek is, is terselfdertyd in hegtenis geneem juis in verband met die kursusse in gevegstechnieke wat hy vir lede van die WAB aangebied het. Bultot was 'n Belgiese burger en sou na bewering gedeporteer word.¹⁶³

In Junie 1994 het die polisie ondersoek ingestel na bewerings dat meer as 15 000 Europese toeriste die land binnegekom, maar nie weer verlaat het nie. Dit het gerugte laat posvat van 'n ondergrondse 'volksleër' van internasionale vryheidsvegters met noue neo-Nazi bande. Nederlanders, Duitsers, Kroatse en Skinheads, wat almal op die Transvaalse platteland opgemerk is, sou hierby betrokke wees. Twee Nieu-Seelandse huursoldate, in AWB-uniforms, wat na bewering as lyfwagte vir Eugene Terre'Blanche opgetree het, is in dieselfde maand weens die besit van onwettige wapens in Johannesburg in hegtenis geneem. 'n Nederlandse huursoldaat en gewese lid van die Franse Vreemdelingelegioen, Ronald Deuster (46), wat aan die burgeroorlog in Bosnië deelgeneem en daar geworf is om in Suid-Afrika te kom veg, het homself later aan die polisie oorgegee nadat hy ontnugter geraak het met die amateuragtige wyse waarop ver-regse ekstremiste hul ondergrondse stryd op die been probeer bring het.¹⁶⁴

Een van die simbole wat Vermeulen op die armband van sy WAB-uniform aangebring het, was 'n skuins kruis (X) met 'n opwaartse pyl (↑) daaroor wat beide deel van die ou Germaanse rune-alfabet gevorm het.¹⁶⁵ Die skuins kruis of *Gebo* het vir die Germane na enige geskenk, insluitende onselfsugtige aksies, of vereniging en kameraderie, verwys. Die pyl of *Tiwaz* was die teken van die Noorse god Tyr en het binne die Germaanse mitologie die kwaliteite van dapperheid, waarheid en regverdigheid verteenwoordig.¹⁶⁶

c. Die Wêreld-Preserviste-Beweging

Die WAB is gedurende die negentigerjare na die Wêreld-Preserviste-Beweging (WPB) verander. Die WPB het hom vir 'preservisme', dit wil sê die behoud van elke etniese groep in Suid-Afrika, beywer. Die doelwit sou wees om elke etniese groep, taal, tradisie en ras te bewaar en om grondgebied vir

¹⁶¹ Anon, Regse Belg wil in Suid-Afrika bly, *Beeld*, 1990-11-19, p. 2.

¹⁶² Anon., Apartheidspop laat oë rek, *Beeld*, 1990-11-13, p. 7.

¹⁶³ Taljaard, J., Vier regsgevang oor ontploofings, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.

¹⁶⁴ D. Potgieter, Gerugte oor 'n volksleër rondom dié 15000, *Rapport*, 1994-06-12, p. 1; D. Potgieter, 'Volksleër' se geheime verkap, *Rapport*, 1994-06-19, p. 2.

¹⁶⁵ Vir 'n afbeelding van Vermeulen met die WAB-uniform, sien J. Taljaard, Vier regsgevang oor ontploofings, *Rapport*, 1990-11-18, p. 2.

¹⁶⁶ Time-Life Books, *Mysteries of the unknown: Magical arts*, pp. 28-29.

elke bepaalde groep opsy te sit. Die beweging het vir alle groepe die geleentheid gebied om teen die internasionale sosialisme van die ANC saam te werk. Die WPB-stelsel is ook so vir alle groepe aangepas dat daar ten gunste van 'n beroepsverteenvoerdigende stelsel, met die partypolitiek weggedoen kon word. Elke beroepsgroep sou hiervolgens sy eie minister kon kies, maar die president sou deur die volk verkies word. Vermeulen het hierdie 'volk' verder omskryf deur te verklaar: "Ons sal verkies dat die blanke volk hom kies."¹⁶⁷ Daar is egter ook aangevoer dat geen groep 'n ander sal domineer nie. Alle rasse se tale, tradisies en kulture moes gerespekteer word. Hulle kon ook saamwerk om die 'aanslag' die hoof te bied en indien konflik met 'n rebellegroep ontstaan en dié se grondgebied word verower, kon dit onder die ander etniese groepe verdeel word.¹⁶⁸

Die WPB het in April 1993 aangekondig dat dit die regsonkoste van Janusz Walus, die moordenaar van die hoofsekretaris van die SA Kommunistiese Party, Chris Hani, sou betaal. Walus was na bewering 'n lid van die WAB.¹⁶⁹ In Julie 1993 is bewerings in die pers gemaak van 'n sogenaamde 'Derde Mag' waarby regsbesette betrokke sou wees en wat geweld in swart woongebiede aanvuur. Die ANC het selfs so ver gegaan om te beweer dat Vermeulen 'n bevelvoerder van die berugte Vlakplaas-polisiebasis was. Dit is ten sterkste deur Vermeulen sowel as die Suid-Afrikaanse Polisie ontken. Hierdie beskuldigings het gevolg op die inhegtenisname en dood in polisie-aanhouding op 10 Julie 1993 van 'n swarte, Victor Kheswa, wat na bewering vroeg in Julie lid van die WPB geword het. Kheswa, 'n lid van die Inkatha-Vryheidsparty, was ook bekend as die 'Vaalmonster' en was sedert 1990 betrokke by verskeie menseslagtings in die Vaaldriehoek. Hy is in hegtenis geneem vir ondervraging in verband met die dood van negentien mense in Sebokeng kort voor die begrafnis van Chris Hani, en was na bewering ook betrokke by die Boipatong-slagting in 1992. Vermeulen het later ontken dat Kheswa 'n lid van die WPB was en verduidelik dat hy stellings van Kheswa se beweerde lidmaatskap ter wille van publisiteit aan die pers gemaak het. Die ondersoekspan van die Goldstone-kommissie wat 'n klopjag op Vermeulen se kleinhoewe buite Pretoria uitgevoer en op dokumente beslag gelê het, kon ook geen aanduiding vind dat Kheswa 'n lid van die beweging was nie. Volgens die polisie-ondersoek was Kheswa tot 1990 'n lid van die ANC waarna hy deur 'n boendoehof weens 'afvalligheid' ter dood veroordeel is. Hy het egter ontsnap en by die IVP aangesluit waarna wraakaanvalle tussen hom en sy nuwe makkers en die Comrades toegeneem het. 'n Lykskouing het verder bevind dat Kheswa nie weens ongerymdhede nie, maar aan 'n virus wat sy hartspier aangetas het, dood is.¹⁷⁰

¹⁶⁷ Anon., Wat is Wêreldpreserviste-Beweging?, *Beeld*, 1993-07-27, p. 14.

¹⁶⁸ Anon., Wat is Wêreldpreserviste-Beweging?, *Beeld*, 1993-07-27, p. 14.

¹⁶⁹ Anon., 'Eerste bewys' van Derde Mag agter slagtings, *Beeld*, 1993-07-15, p. 2.

¹⁷⁰ Anon., 'Eerste bewys' van Derde Mag agter slagtings, *Beeld*, 1993-07-15, p. 2; P. de Bruin, Vrae rondom Victor Kheswa verdiep, *Beeld*, 1993-07-16, p. 4; G. van der Westhuizen, Swart WPB-lid sterf glo in aanhouding, *Beeld*, 1993-07-12, p. 4; L. Steffen, Vaalmonster dood weens hart-virus, *Beeld*, 1993-07-31, p. 2; Anon., Kheswa nie lid van die WPB, *Beeld*, 1993-07-29, p. 2; P. de Bruin, 'Onsterflike Vaalmonster' het geen bande met regsbesette gehad, *Beeld*, 1993-07-21, p. 1.

d. Die Nasionaal-Sosialistiese Partisane

In November 1991 het vier jong mans by die basis van 8 Pantserdivisie Mobilisasiesentrum by Wallmansthal ingebreek en wapens geroof. Hulle was ook verantwoordelik vir die vroeëre diefstal van wapens by die Weermag op Potchefstroom. Twee van die diewe, Johannes Jurgen Grobbelaar (19) en Jurgen Matthew White (22), is op 7 November by Noenieput in 'n skietgeveg met die polisie oorfede. 'n Groot arsenaal wapens, waaronder 'n AK 47-geweer, 'n R1-geweer, twee R4-gewere, mortiere, rookgranate en teenpersoneelmyne, is in hul motor gekry.¹⁷¹ Die amptelike weergawe was dat die twee vir die polisie weggejaag, later in die veld te lande gekom en verder te voet oor die duine is. Hulle het op die polisie geskiet en is daarna gewond waarna hulle selfmoord gepleeg het. Kort na die dood van Grobbelaar en White is bewerings egter vanuit regse geleedere gemaak dat hulle nie selfmoord gepleeg het nie, maar vermoor is. Volgens 'n nadoodse ondersoek was dit onmoontlik vir Grobbelaar om homself onder die ken te skiet aangesien sy een arm en skouer vergruis was deur die polisiekoel wat hom gewond het. Sy nek en regterarm was gebreek, sy linkerribbes was vergruis en onverklaarbare skaafmerke is aan sy liggaam gevind. Daar was ook bewerings dat besonderhede van die amptelike lykskouing deur die staat weerhou is en dat die ondersoek doelbewus vertraag is.¹⁷²

Die ander twee, Cornelius Johannes van Wyk (21) en Jean Prieur du Plessis (21) is later in hegtenis geneem. Die vier is ook verbind met die moord op 14 Oktober op Maria Roux en twee van haar swart werknemers op 'n kleinhoewe buite Louis Trichardt. Van Wyk en Du Plessis is in September 1992 na 'n aantal mislukte aansoeke, op borgtog vrygelaat. Van Wyk is vir moord aangekla maar die saak is in Februarie 1993 uitgestel nadat hy vir vrywaring aansoek gedoen het. In September 1994 is hulle egter aan motordiefstal, die onwettige besit van vuurwapens, huisbraak met die opset om te steel, diefstal en roof skuldig bevind. Van Wyk is ook skuldig bevind op drie aanklagte van moord en een van poging tot roof en is lewenslange gevangenisstraf opgelê. Du Plessis is effektief vir twaalf jaar tronk toe gestuur.¹⁷³

Die vier was na bewering deel van 'n ondergrondse sel, die Nasionaal-Sosialistiese Partisane (NSP), wat in Junie 1991 in Pretoria gestig is. Die NSP het ondergronds as 'n versetgroep opgetree om weerstand teen die politieke bestel in die land te bied en het beplan om die regering omver te werp en dit met een wat die Afrikanervolk goedgesind sou wees, te vervang. Die beweging was naas wapens, ook in besit van kamoefleeruniforms, vals paspoorte en vals nommerplate. Du Plessis was die leier van die groep en het gereeld briewe uit Frankryk ontvang. Hy en Van Wyk het na bewering ook

¹⁷¹ G. Van der Westhuizen, *Gevange Tukkie het ook bande met fanatieke 'kerk'*, *Beeld*, 1991-11-11, p.1.

¹⁷² S. Coetzee, *Regses los kos*, *Transvaler*, 1991-11-21; Anon., *Ernstige vrae oor regse strydery se dood in die Kalahari*, *VEG* 16, Maart 1992, pp. 9-10; B. Pretorius, *Raaisels oor die dood by Noenieput*, *Transvaler*, 1991-07-20; Anon., *'Selfmoord' van 2 regses ná jaagtog beskryf in hof*, *Beeld*, 1992-09-24, p. 19.

¹⁷³ Anon., *Twee ontken hulle is lid van fanatieke Kerk van die Skepper*, *Beeld*, 1991-11-12; S. Van der Walt, *Ver-regses het wit vrou dalk vermoor*, *Beeld*, 1991-11-14; M. Snyman, *Kerk van Skepper-man kry R.13000-borgtog*, *Beeld*, 1992-09-19, p. 2; Anon., *Regse vreugde bruis oor borgtog aan 2*, *Beeld*, 1992-09-18; M. Liebenberg, *Moordsaak uitgestel teen man*, *Beeld*, 1993-02-24, p. 9; R. Rademeyer, *2 neo-Nazi's van Pretoria is skuldig*, *Beeld*, 1994-09-02, p. 2; R. Rademeyer, *Lewe van 2 jong mans is verwoes, sê regter*, *Beeld*, 1994-09-06, p. 4.

beplan om na Frankryk te vlug as die polisie na hulle sou begin soek. Die groep was in noue kontak met Christine Beauissart, wat met 'n internasionale neo-Nazi netwerk verbind is en na bewering bande gehad met 'n groep Belge wat weer in noue kontak met radikale skinheads in Johannesburg was. Beauissart het glo na Suid-Afrika gevlug uit vrees vir haar lewe nadat haar pa, Jean Claude Beauissart, 'n lid van L'Assaut, vermoor is. Hierdie beweging het uit oud-VMO en PFN lede in die Brussel-omgewing in België bestaan en was betrokke by geweld teen immigrante en het ook bande met skinhead-groepe en die Franse tak van die KKK gehad.¹⁷⁴ Volgens 'n ander weergawe het sy Oliver Mathieu, 'n voortvluggende neo-Nazi, in Augustus 1990 in Frankryk ontmoet en ter wille van avontuur saam met hom na Suid-Afrika gekom. Hier is sy aanvanklik deur Monica Huggett en Petra Burell gehuisves en het sy ook vir Koos Vermeulen ontmoet. Sy is deur Mathieu aan Pol Doussy voorgestel waarna sy vir 'n tyd lank as kelnerin by die Hansa-restaurant van Doussy gewerk het. Mathieu, wat glo in Frankryk gesoek is vanweë sy betrokkeheid by neo-Nazi en anti-Semitiese groepe in daardie land, het later Suid-Afrika verlaat en na Italië gevlug. Hy was na bewering een van die NSP se kontakte met die buiteland.¹⁷⁵

Jurgen Grobbelaar was 'n voormalige lid van die WAB en voorsitter van die Tuks Nasionaal-Sosialiste (TNS) wat waarskynlik 'n tak van die ANS was. Hy was 'n ondersteuner van Hitler se idees, het *Mein Kampf* sewe maal gelees, en het in 'n artikel in 'n studentekoerant dan ook op Hitler se grootsheid en dié se meerderwaardigheid bo ander leiers soos Churchill en Stalin, gewys.¹⁷⁶ Hy het na bewering tydens sy verblyf in die koshuis van die Hoërskool Monument op Krugersdorp by die WAB betrokke geraak. Hy het ook kontak met verskeie regse jeuggroepe in Europa gehad en het hom beywer vir 'n nasionaal-sosialistiese orde onder die jeug.¹⁷⁷ Koos Vermeulen het Grobbelaar en White bestempel as die "...eerste ware helde van ons nuwe generasie-vryheidsvegters wat die dood voor oneer verkies het' ..."¹⁷⁸

Na Grobbelaar se dood het die Tuks Nasionaal-Sosialiste pamflette op die kampus van die Universiteit van Pretoria versprei met 'n foto van Grobbelaar en die woorde 'Die ideaal leef voort!' en 'Ons sal nie vergeet nie'. 'n Soortgelyke boodskap is saam met 'n groot swastika aan die kampus se graffiti-muur gevef. Die TNS is na bewering op 20 April 1991 op Hitler se verjaarsdag gestig met die doel om volksnasionalisme aan te wakker. Dreigemente van geweld is teen die vyande van die Afrikanervolk en die kommunisme gerig. Na bewering was ongeveer twintig studente by die organisasie betrokke en het hulle onder meer geheime vergaderings gehou en vlugskrifte versprei. Hulle was ook op 29 April 1991 betrokke by die opbreek van die vergadering wat Nelson Mandela op

¹⁷⁴ G. Ford (ed.), *Fascist Europe*, p. 10.

¹⁷⁵ Z. Venter, Dit lyk nou na moord, *Transvaler*, 1991-11-15; S. Coetzee, Regses los kos, *Transvaler*, 1991-11-21; Anon., Neo-Nazi verloof aan ver-regse, *Beeld*, 1991-11-25; D. Snyman, Franse skakel tussen regs en neo-Nazi's?, *Beeld*, 1991-11-18; sien J. Du Plessis, Is daar hoop agter tralies?, *Dexter* 3(3), Maart 1992, p. 4; D. Potgieter, Neo-Nazi's al meer by regs in SA betrokke, *Rapport*, 1993-12-19, p. 4; D. Potgieter, Weër hoor hof van nooi in neo-Nazi verhoor ..., *Rapport*, 1994-08-07, p. 6; D. Potgieter, Franse skakel van neo-Nazi's klaar met regs, *Rapport*, 1994-08-14, p. 6.

¹⁷⁶ Sien J. Grobbelaar, Eksklusief! Neo-Nazisme op Tuks, *Die Perdeby*, 1992-02-21, p. 7.

¹⁷⁷ Anon., 'Fanatici' oopgevlék, *Transvaler*, 1991-11-11, p.1; Anon., Regse Tukkie eer wapendief ná selfmoord, *Beeld*, 1991-11-12; J. de Waal, 4 het rassitiese kerk 'gesteun', *Beeld*, 1991-11-12.

¹⁷⁸ G. Van der Westhuizen, Wapendiewe was helde - WAB-leier, *Beeld*, 1991-11-11, p. 2.

die kampus sou toespreek en het kort daarna 'n vlugskrif versprei waarin sekere 'Verraaiers van die Afrikanerboervolk' gewaarsku is dat die loon van verraad die dood is. Beweringe dat die TNS 'n sel van die Kerk van die Skepper sou wees, is deur lede ontken.¹⁷⁹

Tydens die borgeansoek van Van Wyk en Du Plessis is ook aangevoer dat hulle sou gesê het dat hulle lede van die Kerk van die Skepper was. Na bewering het Grobbelaar slegs een diens van die Kerk van die Skepper bygewoon en hulle as "n klomp dom rassiste" bestempel.¹⁸⁰ Volgens die eertydse Suid-Afrikaanse leier van die beweging, Jan Smith, was hulle nie verbonde aan die KvS nie, maar slegs ondersteuners daarvan en het hy die KvS soos volg verontskuldig: "Indien hy enigszins gebreinspoel was om te doen wat hy en sy maat gedoen het, moes dit gebeur het voor hy hom by ons kerk aangesluit het."¹⁸¹

e. Internasionale bande

Booyse het beweer dat daar ongeveer dertig fundamentalistiese organisasies met 'n openlike fascistiese benadering in Suid-Afrika bestaan. Die WAB en ANS het glo as keuringsagente vir hierdie groepe opgetree en het ook noue bande met buitelandse organisasies opgebou. Vermeulen se netwerk het onder meer bande met die KKK en neo-Nazi groepe in Oos-Europa ingesluit. Ander organisasies wat al in verband met die beweging genoem is, is die International White Power Network (VSA), die Australian Nationalists Movement, die SS Action Group (VSA), en die American Afrikaner Union. Die Vermeulen-beweging het as skakel gedien tussen Suid-Afrikaanse blanke ekstremiste en internasionale bewegings soos die Baskiese Separatiste in Spanje, L'Assaut in Frankryk, Dare in Brittanje, die Companions of Justice en die New Force Party. Regse en fascistiese persoonlikhede wat ook al met die beweging geassosieer is, sluit in Fabio Miriello en Monica Huggett (beide oud-lede van die Wit Kommando), Pol Doussy en Walter Helm (beide van die Kerk van die Skepper), Clive Derby-Lewis en die buitelandse regse leiers, Jean-Marie Le Pen van die Front National en Manfred Roeder van die Deutsche Bürgerinitiative.¹⁸²

9. Suid-Afrikaanse Skinheads

Skinheads is nie 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika nie. In Yeoville is egter 'n klein groepie wat hulself die SA Skins noem en wat al die kenmerke van hul Europese en Amerikaanse eweknieë toon, naamlik kaalgeskeerde koppe, militêre tipe drag, Doc Marten-stewels, leeruitrustings en

¹⁷⁹ Anon., Regse Tukkie eers wapendief ná selfmoord, *Beeld*, 1991-11-12; M. Waldner, 'Bedrywige Nazi-sel' op Tuks-kampus, *Rapport*, 1991-11-17; S. Coetzee, Neo-Nazi's woel by Tukkie, *Transvaler*, 1991-11-18; Anon., Nazi's op kampus, *Dexter* 2(3), Mei 1991, p. 2; Vlugskrif van die Tuks Nasionaal-Sosialiste, *Verraaiers van die Afrikanerboervolk*. Op 14 Mei 1991 op die UP-kampus versprei.

¹⁸⁰ Anon., 'Fanatici' oopgevlék, *Transvaler*, 1991-11-11, p.1; G. Van der Westhuizen, Gevangene Tukkie het ook bande met fanatieke 'kerk', *Beeld*, 1991-11-11, p. 1; J. de Waal, 4 het rassitiese kerk 'gesteun', *Beeld*, 1991-11-12; Anon., Twee ontken hulle is lid van fanatieke Kerk van die Skepper, *Beeld*, 1991-11-12; Z. Venter, Dit lyk nou na moord, *Transvaler*, 1991-11-15.

¹⁸¹ J. De Waal, 4 het rassitiese kerk 'gesteun', *Beeld*, 1991-11-12.

¹⁸² W. Booyse, Regse ekstremisme - grap of bedreiging?, *Suid-Afrika-Stigting Oorsig* 16(9), September 1990, p. 7; C. Terreblanche, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, pp. 14-15; H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 63.

tatoeëmerke. Hulle beskryf hulself as 'n werkersklasbeweging, is voorstanders van 'n wit staat en glo in die meerderwaardigheid van die wit of Ariese ras. Hulle luister ook na die rassistiese musiek van Oi-groepe soos Screwdriver, wie se plate in Suid-Afrika verbode is, No Remorse en Public Enemy.¹⁸³ Die Britse groep No Remorse het onder meer 'n lied oor Suid-Afrika geskryf, *Hold on South Africa*, waarvan 'n gedeelte lui:

From every nation around the world,
you've been condemned.
But if you don't bite back, defend yourself,
then it will be the end.
The terrorists are still fighting,
behind the flag of red.
Their solution is a Marxist state,
and see your country dead.

Communist affliction,
the Government grows weak,
You must stand by your people,
support the AWB.¹⁸⁴

Die Skins groepeer hulself binne die White Alliance Movement (WAM) waarin die meer gewelddadige sy van die beweging na vore kom. Mense is al op straat aangeval en petrolbomme is na huise gegooi. In 1993 was daar gerugte dat hulle mense sou werf vir 'n 'oorlog' teen die swart bevolking. Die skinheads het beweer dat hulle ongeveer 600 lede het wat aktief besig was om die swart magte te beveg: "Baie van ons lede is korporaals in die AWB. Dit is logies dat ons soms opleiding by die AWB ontvang. Ons woon gereeld ook ons eie kampe by waar ons teiken skiet en oorlogspeletjies speel."¹⁸⁵ Dit is dan ook algemeen bekend dat skinheads soms by AWB-vergaderings opgemerk word,¹⁸⁶ en alhoewel dit nie bekend is hoeveel kontak daar met ander groepe soos die KvS en WAB is nie, is dit reeds genoem dat Christine Beauissart byvoorbeeld na bewering bande met skinheads in Johannesburg gehad het. Die Skinhead-beweging in die VSA is in noue kontak met die COTC in daardie land en 'n mens kan waarskynlik aanneem dat die KvS in Suid-Afrika ook kontakte met skinheads het.¹⁸⁷

In die VSA vorm baie van die mimetiese groepe waaronder die NSDAP/AO, Church of the Creator, die skinheads en faksies van die KKK, 'n soort netwerk van gemeenskaplike beïnvloeding en dubbele lidmaatskap. In Suid-Afrika kan dieselfde skakeling tussen veral lede van die KKK, ANS, WAB en KvS waargeneem word. As onderdeel van hierdie netwerk bestaan daar egter ook enkele ander groepe wat, alhoewel hulle sekere raakpunte met van die voorafbespreekte fascistiese bewegings in gemeen het, nie suiwer nostalgiese of mimetiese bewegings is nie, en eerder onder die neo-fascisme as algemene onderafdeling ingedeel kan word.

¹⁸³ D. Snyman, SA dissipels van Hitler ..., *Die Huisgenoot*, 1992-06-04, pp. 10-11.

¹⁸⁴ *Sweepslag* 4(3), 1992, p. 11.

¹⁸⁵ L. Steffen, Skinheads glo in wit heerskappy, *Beeld*, 1993-09-06, p. 1.

¹⁸⁶ Sien K. Smit, *Die wel en weê van die AWB*, p. 199; Persoonlike ondervinding tydens 'n AWB-vergadering te Kempton Park, 1992-05-06.

¹⁸⁷ A. Kreye, "Die besten krieger", *Der Spiegel* 49, 1994-12-05, p. 117.

HOOFSTUK V

NEO-FASCISTIESE GROEPERINGS IN SUID-AFRIKA, 1970-1995

*"These aroused and militant patriots instinctively know that if the White nation in South Africa is destined to fight for survival, and even be destroyed in the process, it will be better for them to go to their death fighting for their principles than to go to their death with no principles at all. Patriotism ... does not merely mean dying for the nation. It means dying with the nation. It means regarding the fatherland not merely as a real resting place but as a final resting place."*¹

- S.E.D. Brown

1. Neo-fascisme

Alle na-oorlogse fascistiese groeperings word gewoonlik onder die neo-fascisme as algemene sambreelterm ingedeel. Griffin gebruik die term egter meer spesifiek om na sekere bewegings te verwys wat, ten spyte van 'n palingenetiese, ultra-nasionalistiese mitiese kern, nie noodwendig vroeëre fascistiese bewegings wil laat herleef nie en daarom nie onder die neo-Nazisme ingedeel kan word nie. Hieronder val 'n verskeidenheid uiteenlopende verskynsels soos die kripto-fascisme, die Historiese Revisionisme, die idees van die konserwatiewe revolusie en die revolusionêre nasionalisme.² Aangesien laasgenoemde nie werklik enige manifestasies in Suid-Afrika getoon het nie, sal daar hier slegs aan die eerste drie tipes aandag gegee word.

2. Kripto-fascisme

Die kripto-fascisme verwys na enkele politieke partye en drukgroepe wat ooglopend tot die liberale demokrasie verbind is en hulself van enige openlike fascistiese bewegings en verwysings distansieer, maar tog vanweë 'n latente ultra-nasionalistiese program, fasciste as lede en ondersteuners aantrek en deur fascistiese bewegings of individue befonds word. Hierdie groepe funksioneer dikwels ook deur middel van hul politieke en/of joernalistieke aktiwiteite as skakels tussen die regses en meer ekstremistiese fascistiese groepe.³

a. Politieke drukgroepe

i. Die Deutsche Bürgerinitiative

Griffin beskou die Deutsche Bürgerinitiative (DBI) as 'n voorbeeld van 'n kripto-fascistiese drukgroep.⁴ Die beweging is in 1971 deur Manfred Roeder (1930-) gestig en was oorspronklik in Buffalo in die VSA gebaseer. Roeder, 'n prokureur, het sedert die oorlog verskeie politieke groepe gevorm en is gedurende die sewentigerjare 'n aantal kere weens opsweping en anti-grondwetlike

¹ S.E.D. Brown, A.W.B. are not extremists - they're patriots!, S.A. *Observer* 32(8), March 1988, p. 4.

² R. Griffin, *The nature of the right*, p. 166.

³ R. Griffin, *The nature of the right*, pp. 166-167.

⁴ R. Griffin, *The nature of the right*, p. 167.

aktiwiteite in Duitsland gearresteer. Teen die laat sewentigs is hy dan ook van die balie geskraap. In 1976 is hy 'n opgeskorte vonnis van sewe maande en 'n boete van R1000 opgelê vir die opsweep van rassehaat teen die Jode nadat hy in die voorwoord van *The Auschwitz Lie* van Thies Christophersen aangevoer het dat die moord van ses miljoen Jode deur die Nazi's 'n leuen was en nie bewys kon word nie. In Junie 1981 is Roeder 'n gevangenisstraf van dertien jaar opgelê vir sy intellektuele leierskap van die Deutsche Aktionsgruppen. Hierdie groep was in 1980 in Duitsland verantwoordelik vir 'n bomaanval op vlugtelingehostels en die gevolglike dood van twee mense. Roeder se eggenote het hierna vir 'n tydperk in die VSA gaan woon waar sy 'n gereelde eregas by byeenkomste van die fascistiese Aryan Nations was.⁵

Die Deutsche Bürgerinitiative het fascistiese en pan-Germaanse nasionalistiese idees bevorder en ook die konfederale beskouing van 'n 'Europa van Volke' ondersteun. Die beweging het die *Deutsche Bürgerinitiative* in Engels en Duits gepubliseer en het bande met die Amerikaanse nuusbrief, *Teutonic Unity*, wat in 1980 deur Roeder-ondersteuners gevorm is, en die Franse ondersteuningsbeweging, *Mouvement de liberation de l'Europe*, opgebou. Roeder het na bewering ook sterk bande met die PLO en ander terroristegroepe gehad en het glo finansiële ondersteuning vir sy werk vanaf Amerikaanse en Suid-Afrikaanse bronne verkry. Hy het dan ook by geleentheid die mening uitgespreek dat slegs 'n revolusie Duitsland se probleme kon oplos.⁶ Gedurende die laat sewentigerjare het hy 'n briefwisseling met Ben Klassen van die Church of the Creator in die VSA aangeknoop. In 'n brief aan Roeder in 1976 het Klassen onder meer geskryf: "I am happy to know that you have received my book, NATURE'S ETERNAL RELIGION, and that you concur with the main philosophy of the book." En verder, voordat Klassen noem dat Roeder kopieë van die boek kon bestel om in Duitsland te versprei: "...if you could send me a tape of any of Hitler's speeches I would greatly appreciate it ..."⁷

Roeder het gedurende sewentigerjare na bewering twee takke van sy beweging in Suid-Afrika gestig. Gedurende Oktober/November 1975 het hy 'n lesingtoer in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika onderneem om die aktiwiteite van sy organisasie bekend te stel. In sy toesprake het hy daarop gewys dat die DBI die Duitse partystelsel en demokrasie bestry het, 'n Duitse Ryk wou herskep, en vanaf 'n buiteparlementêre basis gepoog het om hul doelstellings te bereik. 'n Opname van die vergadering wat hy op 31 Oktober 1975 in Kaapstad toegesprek het, is deur die Joodse Raad van Afgevaardigdes aan die owerhede gestuur, met die gevolg dat 'n volgende vergadering in Windhoek deur die polisie bygewoon is.⁸ Roeder bly steeds 'n gereelde besoeker aan Suid-Afrika en het onder meer net na die algemene verkiesing in 1994 die land besoek en enkele byeenkomste toegesprek.

⁵ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 124; Anon., German lawyer prosecuted for seeking the truth, *S.A. Observer* 20(12), May 1976, p. 12. Volgens Ó'Maoláin was Roeder 'n offisier in die Duitse Lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Indien die geboortejaar van 1930 korrek is, is hierdie stelling egter te betwyfel aangesien Roeder dan slegs 15 aan die einde van die oorlog in 1945 sou wees.

⁶ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 124, 399; Simon Wiesenthal Center, *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 15.

⁷ B. Klassen, *The Klassen letters*, p. 285.

⁸ D.M. Scher, Defaming the Holocaust, *Kleio* 21, 1989, p. 23; Anon., Rettet Deutschland!, *Afrika-Spiegel* 87, 1975-11-25, p. 14; Sien *Afrika-Spiegel* 87, 1975-11-25, p. 11.

ii. Die National Forum

Die National Forum is gedurende die vroeë sewentigerjare deur Ivor Benson gevorm en was die Suid-Afrikaanse tak van die World Anti-Communist League (WACL) wat in 1967 in Taiwan as 'n anti-kommunistiese drukgroep gestig is. Die WACL is as een van die belangrikste ver-regse netwerke in die wêreld beskou en was instrumenteel in die samesnoering van konserwatiewe politici, militêre strategiste, moordbendeleiërs en afgetrede CIA en ander intelligensie-amptenare, tot 'n internasionale alliansie van ver-regses. Teen die vroeë sewentigerjare het die beweging groter ondersteuning van anti-Semitiese en fascistiese organisasies in verskeie lande, maar veral vanuit Suid-Amerika, begin trek. Dit het tot wrywing binne die hoofstroom konserwatiewe groepe aanleiding gegee en veroorsaak dat hulle mettertyd uit die alliansie onttrek en deur meer radikale bewegings vervang is. Gedurende die sewende jaarkongres in 1973 in London het pogings om die fasciste uit die netwerk te sluit, misluk deurdat die Britse afdeling, East-West Digest, onttrek en deur die anti-Semitiese British League of Rights vervang is. In 1975 het die VSA-afdeling, die American Council for World Freedom, ook onttrek en is hul plek deur Roger Pearson se Council on American Affairs oorgeneem. Pearson het dan ook tydens die elfde kongres in Washington in 1978 as voorsitter opgetree. Ander anti-Semitiese en fascistiese persoonlikhede wat deur die jare byeenkomste van die WACL bygewoon het, sluit Giorgio Almirante van die Italiaanse MSI, William Pierce van die Amerikaanse National Alliance, Eric Butler van die Australian League of Rights, lede van die Liberty Lobby, verteenwoordigers van GRECE en Ivor Benson van Suid-Afrika, in.⁹

Die stryd tussen die pro- en anti-fascistiese faksies binne die WACL het tot en met die vroeë tagtigerjare voortgeduur. Teen 1983-1984 het 'n suiwering plaasgevind toe genl. John K. Singlaub die leiers oorgeneem het en alle fascistiese assosiasie op die sewentiende jaarkongres in 1984 in San Diego met die instelling van die nuwe leierskap ontken is. Singlaub, wat by die SOG (Special Operations Group) in die Vietnam-oorlog betrokke was, is in 1977 vanweë insubordinasie deur president Carter uit die Amerikaanse weermag ontslaan en was sedertdien by verskeie regse groepe betrokke.¹⁰ Die WACL het as doelstellings die handhawing van menseregte en die bestryding van kommunistiese totalitarisme voorgedra. Die organisasie het, deur middel van lt.-kol. Oliver North, vriendelike verhoudings met die Wituis in Washington gehandhaaf totdat die Iran-Nicaragua skandaal van 1986-1987 tot dié se ontslag gelei het. Teen die middel tagtigerjare was die WACL aktief betrokke by die ondersteuning van en verskaffing van wapens aan teen-revolusionêre bewegings waaronder die *contra*-rebelle in Nicaragua, guerrillagroepes in Afghanistan, Laos en Kambodja, Renamo in Mosambiek en Unita in Angola.¹¹

⁹ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 182; C. Terreblance, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Aug/Sept 1993, p. 14.

¹⁰ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, pp. 182, 402.

¹¹ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 183; C. Terreblance, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Aug/Sept 1993, p. 14.

Ivor Benson is in Bethlehem in die Vrystaat gebore, maar het sy opvoeding in Rhodesië en Natal ontvang. Hy het as joernalis in Suid-Afrika vir *The Natal Mercury* en in Brittanje vir die *Daily Telegraph* en *Daily Express* gewerk. Later sou hy tot assistent-redakteur vir *The Rand Daily Mail* in Johannesburg vorder. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy in die Unieverdedigingsmag in Noord-Afrika en Italië gedien. Teen 1963 het hy bekend begin raak vanweë 'n politieke kommentare-reeks op Radio Suid-Afrika en van 1964 tot vroeg 1966 het hy as inligtingsraadgewer vir die Eerste Minister van Rhodesië gewerk. Gedurende die vroeë sestigerjare was hy 'n subredakteur van *Western Destiny*, die tydskrif van die rassitiese antropoloog Roger Pearson in die VSA. Hy was ook die Suid-Afrikaanse korrespondent van *The Spotlight*, die anti-Semitiese tydskrif van die Amerikaanse Liberty Lobby, het artikels vir die Nazitiese *Nation Europa* geskryf en het Mosley op een van sy besoeke aan Suid-Afrika geprys. Benson het ook verskeie boeke waaronder *Behind communism in Africa*, *Know your enemy*, *The opinion makers* en *This worldwide conspiracy*, gepubliseer.¹²

Benson het gereeld op lesingsreise na die buiteland vertrek. Tydens een van sy besoeke aan Frankryk in 1970 het hy in Orsay by Oswald Mosley besoek afgeleë: "Sir Oswald remembered and 'played back' a remark I made when I met him last in South Africa in 1963, to the effect that the resurrection of Europe cannot begin at the centre but must come from the periphery of what can still be described as the Western World. ... [W]hat this means is that the White man is being most deeply awakened and alerted in those parts of the world where he finds himself in close juxtaposition with races vastly different from his own."¹³

Die National Forum in Suid-Afrika het oor die algemeen wit heerssugtige beskouings en die idee van 'n Joodse sameswering bevorder.¹⁴ Die maandblad *Behind the News* is sedert Desember 1969 tot Augustus 1987 as mondstuk gepubliseer met die doel om die leser oor die 'ander kant van die saak' in te lig en van sy vyande bewus te maak.¹⁵ Die National Forum het hulself as 'n nie-partygebonde politieke studie- en aksiegroep met Christelike beginsels as grondslag, beskryf.¹⁶ Die doelstelling van die groep was om die individu en dié se deelname en verantwoordelikheid ten opsigte van openbare sake te versterk, en om getrouheid aan Suid-Afrika en aan die Christelike beskouing van God en die gesin, te bevorder. Alle vorme van totalitarisme en alle propaganda en aktiwiteite wat die ondermyning en vernietiging van die Weste se tradisies en erfenis ten doel gehad het, moes ontbloot en teengestaan word. Verder het die National Forum bande met alle lande wat in stryd met die Internasionale Kommunisme was, en veral dié met soortgelyke kulturele en geestelike waardes, en spesifiek die lande van die ou Britse Gemenebes waaronder Rhodesië, Australië, Kanada en Nieu-Seeland, asook die VSA, hoog aangeslaan.¹⁷

¹² C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 244; D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 308; Sien I. Benson, *Behind communism in Africa*, agterblad en p. 25.

¹³ Ivor Benson, sien *Behind The News*, November 1970, p. 1.

¹⁴ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 244.

¹⁵ *Behind The News*, June 1977, p. 8.

¹⁶ *Behind The News*, June 1977, p.8.

¹⁷ *Behind The News*, April 1977, p. 8; *Behind The News*, August 1980, p. 12.

Die beweging het 'n elitêre beskouing onderskryf en het daarom nie probeer om massa-ondersteuning op te bou nie: "We have no interest whatever in appealing to crowd sentiment. We believe that the decisive element today is that very small minority which Spengler has described as the 'culture-bearing stratum'. People in the mass will always be ruled by minorities Without a sufficiently large and sufficiently well-formed 'culture-bearing stratum', there can be no salvation for Western culture in South Africa, or anywhere else."¹⁸ Volgens Benson het anti-nasionale monetêre magte die politieke partye van die Weste beheer: "What has happened in American politics, ... is that an extremely powerful anti-national, anti-patriotic element, backed with the maximum of wealth and all that wealth provides, has planted itself firmly in both the major parties so as to be able to confuse every issue and produce the results it wants, by presiding over the party struggle."¹⁹ Tydens 'n lesingsreis in Kanada het die beweging se onderliggende rassisme ook na vore gekom toe Benson onder meer aangevoer het: "...the African - that is, the black people - are very poor revolutionary material. They are not motivated by abstract ideas, and they are poor at carrying out elaborate instructions.' ..."²⁰

Die National Forum het aangevoer dat hulle nie aan ander groepe in Suid-Afrika verbonde was nie, maar dat die beweging wel binne die raamwerk van sy doelstellings met twee of drie groepe saamwerk. Die National Forum en Benson spesifiek het ook noue bande met die Liberty Lobby en die Crown Commonwealth League of Rights gehad.²¹ Die Liberty Lobby is in 1958 in die VSA deur Willis Allison Carto (1926-), een van die leidende figure binne die ver-regse Amerikaanse politiek, gestig. In 1978 het die Liberty Lobby die Washington-konferensie van die WACL georganiseer waarna daar beskuldigings van fascistiese insypeling geopper is.²² In 1984 het Carto ook die Populist Party, wat in 1988 vir David Duke as presidensiële kandidaat ondersteun het, tot stand gebring. Die Liberty Lobby is gekant teen die Gelyke Regte-veldtog, die VN, immigrasie, belasting, die federale regering, wapenwette, die welsynstaat en die liberalisme. Hulle is betrokke by die verspreiding van anti-Semitiese, anti-kommunistiese en anti-establishment propaganda en dien as 'n kontakpunt tussen ultra-konserwatiewe en fascistiese organisasies. Dit is ook bekend dat Carto noue bande met Duitse neo-Nazi's het.²³

iii. Publikasies en uitgewersgroepe

Die Patriotic Press, 'n regse uitgewersgroep in Durban wat onder meer die *S.A. Patriot* en *Kommando. Voice of the White Race*, gepubliseer het, het ook verskeie publikasies van buitelandse en sogenaamde Wit Nasionale groepe te koop aangebied. Dit het ingesluit *Heritage & Destiny*,

¹⁸ *Behind The News*, July 1980, p. 8.

¹⁹ *Behind The New*, November 1970, p. 4.

²⁰ *Behind The New*, November 1970, p. 10.

²¹ Sien *Behind The New*, August 1980, p. 12.

²² Sien I. Benson, 'Washington Post' attack on WACL - a reply, *Behind The News*, July 1978, p. 1.

²³ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 373; Simon Wiesenthal Center, *The neo-Nazi movement in Germany*, p. 8; sien ook D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 144-150.

Nationalism Today, *National Front News*, die *League Review* van die League of St. George, *The Phoenix* van die British Nationalist & Socialist Movement, *The Journal of Historical Review*, 'Holocaust' News, *Attack* van die New Force-beweging in Nieu-Seeland en die mondstuk van die VMO in België, *Alarm*.²⁴ Die Dolphin Press in Durban het onder meer *Behind the News* uitgegee en ook boeke oor rassestudies, wêreldrevolusie en kommunisme in samewerking met Veritas en Bloomfield Books in Brittanje gepubliseer.²⁵ Bloomfield Books is deur Donald A. Martin in Brittanje beheer en was anti-Semities georiënteerd. Dit het 'n verskeidenheid anti-Semitiese, anti-kommunistiese en wit heerssugtige literatuur asook werke soos die *Protokolle van die Oudstes van Sion* en Holocaust Revisionistiese titels versprei.²⁶ Thinkers Library in Johannesburg en die Hutten-Buchdienst in Pretoria het 'n wye verskeidenheid boeke waaronder werke oor die Joodse sameswering, Historiese Revisionisme, die Duitse militêre geskiedenis tydens die Tweede Wêreldoorlog, en klassieke fascistiese titels soos *Mein Kampf* en *The myth of the twentieth century* gedurende die tagtiger- en negentigerjare in Suid-Afrika verkoop.²⁷

Een van die belangrikste bydraes tot die regse uitgewerswese in Suid-Afrika is deur S.E.D. Brown gelewer. Sydney Eustace Denys Brown (1910-1990) is op Vryheid in Natal gebore en het op Pietermaritzburg grootgeword. In 1930 het hy by die Suid-Rhodesiese polisiemag aangesluit waarna hy polities bewus en teen die kommunisme gekant geraak het. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hy by die Unieverdedigingsmag aangesluit en tot die rang van kaptein binne die verkennerkorps gevorder. Hy het in Oos-Afrika en Egipte gedien, maar is ontslaan nadat hy geweier het om die Tweede Eed, waarvolgens Suid-Afrikaners buite Afrika sou veg, af te lê. In 1946 het hy die Sons of South Africa-organisasie gestig in 'n poging om Afrikaans- en Engelssprekendes binne 'n gedeelde patriotisme en nasionale konserwatisme bymekaar te bring. Brown het mettertyd met vele Nasionale politici waaronder J.G. Strijdom en Eric Louw, bevriend geraak en het gereeld briewe aan die pers geskryf. Die latere weiering van koerante om sy briewe te publiseer, het uiteindelik in 1955 tot die stigting van die *South African Observer* in Kaapstad aanleiding gegee.²⁸

Die bekende joernalis J.H.P. Serfontein het beweer dat Brown gedurende die dertigerjare verbintenisse met anti-Semitiese groepe gehad het en na die oorlog met die omstrede anti-kommunistiese VSA-senator Joe McCarthy gekorrespondeer het. Hy het ook beweer dat Brown na 1948 deur die Minister van Verdediging, adv. F.C. Erasmus, in die Militêre Inligtingsdiens aangestel is.²⁹ Gedurende die sestigerjare het Brown op die groter wordende invloed van die liberalisme in die Suid-Afrikaanse politiek gewys en gedurende die regeringstyd van B.J. Vorster het hy in die *Observer* sterk teenstand gebied teen die beleidsveranderinge wat die Nasionale regering begin inneem het. Dit het veroorsaak dat die NP hom probeer verdag maak het deur beweringe te versprei dat hy 'n lid

²⁴ Sien bv. *S.A. Patriot* 22, April-Junie 1984, teenoor p. 4.

²⁵ Sien *Behind The News*, October 1970, p. 11.

²⁶ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 295.

²⁷ Thinkers Library, *Mail order catalogue for researchers*, 23 ed, July 1994.

²⁸ Anon., Death of S.E.D. Brown, *S.A. Observer* 33(12), January 1991, pp. 1-2.

²⁹ J.H.P. Serfontein, *Die verkrampde aanslag*, p. 31.

van die BSS (British Secret Service) sou wees. Politici regdeur die regse spektrum het Brown egter vir sy sienings gerespekteer en na sy dood het bekendes in regse en ver-regse kringe soos Eric Holm, Jaap Marais, Koos Vermeulen en Eugene Terre'Blanche, hulde aan hom gebring.³⁰ In 'n spesiale uitgawe van die *Observer* is onder meer aangevoer: "SED Brown had the courage to tell the whole truth about what he knew, and to accept the consequences, which were severe. He was part of a small army of frontline fighters in the counter-revolution against the evil destroying our White heritage."³¹

Volgens Brown het die Christelike geloof nie uit die Joodse godsdiens ontwikkel nie, maar oorspronklik as 'n weerspreking van Joodse nasionalisme en rasse-uitverkorenheid tot stand gekom. Die Christendom is volgens hom mettertyd geïnfiltreer en omvorm om rassegelykheid voor te staan en tot die ondergang van die Westerse beskawing te lei: "Christianity - as a religion once fit for the survival of Western man, his nations and civilisation - is systematically being undermined and destroyed and being supplanted by 'Judeo-Christianity', the subversive creed devised by Zionist and communist Jews for their own political ends"³² Ten spyte daarvan of juis omdat die Jode self rasse- en nasionale eksklusiwiteit beoefen en die belangrikheid van rassebewustheid in die oorlewingsstryd beseft het, het hulle vir Brown die stryd om rassegelykheid teen rassediskriminasie beheer. Deur middel van die gelykheidsleer en onder die dekmantel van broederskap en liefde vir die mensdom, het hulle die wil en instink van die Westerling om vir sy eie ras, nasie en beskawing op te staan, probeer vernietig.³³

Brown het aangevoer dat die vakuum wat deur die val van die Westerse koloniale moondhede gelaat is, deur dinastieë van bankierfamilies gevul is. Hierdie Joodse families het glo die internasionale monetêre stelsel, sekere politieke sleutelposisies en bewegings soos die Sionisme en kommunisme, beheer, en het onder meer die VN as 'n 'Sionisties-kommunisties gedomineerde' organisasie gebruik om hul doelstellings te bereik. Hiervolgens is die 'Sionisties-beheerde' VSA deur 'n onsigbare regering, naamlik die Council of Foreign Relations (CFR) in samewerking met die Trilateral Commission, beheer. Die gelykheidsleer wat beweer dat rasseverskille bloot in omgewingsfaktore gegrond en daarom veranderbaar is, en poog om die belangrikheid van ras binne die wêreldpolitiek te ondermyn, het volgens Brown die grondslag van die liberalisme, sosialisme en kommunisme gevorm. Vir hom was die Sionisme en kommunisme bloot twee revolusionêre bewegings met dieselfde oorsprong en doelstellings, naamlik die denasionalisasie van alle rasse, nasies en regerings, die vernietiging van die Westerse Christelike beskawing en die vestiging van 'n kollektivistiese Nuwe Wêreldorde wat deur die Jode beheer sou word. Gevolglik was die Weste volgens Brown in 'n rasse-

³⁰ Anon., Death of S.E.D. Brown, *S.A. Observer* 33(12), January 1991, pp. 2-4; Anon., White South Africa the real scapegoat, *S.A. Observer* 23(5), January 1979, pp. 2-3.

³¹ Anon., Death of S.E.D. Brown, *S.A. Observer* 33(12), January 1991, p. 4.

³² Anon., Anti-gentilism - hidden factor in world politics, *S.A. Observer* 32(1), July 1987, p. 6.

³³ Anon., Anti-gentilism - hidden factor in world politics, *S.A. Observer* 32(1), July 1987, pp. 6-7; Anon., Total strategy for national and racial suicide, *S.A. Observer* 23(12), September 1979, p. 5; Sien ook Anon., The deformation of Christianity, *S.A. Observer* 30(11), April 1986, pp. 1-6; J.P. Kamp, The 'Judeo-Christian Heritage' hoax, *S.A. Observer* 22(6), February 1978, pp. 9-12.

oorlog teen die Sionisme, wat die politieke en ekonomiese stelsels van die Weste beheer en totale wêreldheerskappy ten doel gehad het, gehul.³⁴

Brown was van mening dat die huidige Jode nie die afstammeling van die Semitiese Bybelse Israëliete was nie en dat die vestiging van die Israëliese staat daarom geen godsdienstige, etniese of Bybelse gronde gehad het nie. Hy het die navorsing van die bekende Joodse skrywer Arthur Koestler onderskryf wat bevind het dat die hedendaagse Jode afstammeling van die Khazars van Suid-Rusland was en teen ongeveer 800 nC die Joodse geloof weens politieke redes aangeneem het. Brown het onder meer beweer: "Their Israeli state ... was conceived in atheism, is based on materialism, is nurtured by 'anti-semitism', led by communists, ruled by chauvinism, and today relies purely on militarism and on genocide in the Middle East. ... These are one and the same kind of people who, out of the Jewish casualties ... during the last war, including their own active participation, manufactured the extermination legend and hoax of the 'Six Million'.³⁵ Gevolglik het beskuldigings van anti-Semitiese volgens Brown 'n magtige wapen in die hande van die Jodedom geword om sodoende die openlike en rasonale bespreking van die Joodse vraagstuk te verhoed.³⁶ "The perpetuation of the myth of the 'Six Million', and the ceaseless cry of 'anti-Semitism', have also made it impossible to come to grips with the overwhelming race problem - a fact which is accelerating the downward drift of Western nations toward not only anarchy but to the irrecoverable loss of their European culture and racial heritage."³⁷

Die *South African Observer*, wat ook wyd in die buiteland versprei is, was openlik ten gunste van regse nasionale idees en wit heerskappy. Die blad was uitgesproke anti-Semities en die Julie 1979-uitgawe is as gevolg daarvan deur die publikasieraad as ongewens verklaar.³⁸ Artikels van regse buitelandse publikasies soos *Instauration*, *National Vanguard*, *Spearhead*, *League Review* en die *American Mercury* is soms geplaas. Grobbelaar het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n sorgvuldige studie van die *Observer* daarop dui dat Brown 'n ware blanke heerssugtige met neo-Nazi neigings was, iets wat veral in sy obsessie met die beweerde onheil van die internasionale kapitalisme en dié se klaarblyklike Joodse meesters tot uiting gekom het. Volgens Grobbelaar was daar ook gedurende die tagtigerjare verskeie bewerings dat die publikasie geldelik deur sogenaamde Suid-Amerikaanse bronne ondersteun is.³⁹

³⁴ Anon., Anti-gentilism - hidden factor in world politics, *S.A. Observer* 32(1), July 1987, pp. 3, 8; Anon., The total Zionist onslaught on apartheid, *S.A. Observer* 31(4), September 1986, pp. 2-6; Anon., South Africa, Israel and B'nai B'rith, *S.A. Observer* 30(5), September 1985, pp. 1-2; Anon., On the way to a black president, *S.A. Observer* 32(10), June 1988, pp. 2, 4-5; Anon., The crucial issue of race, *S.A. Observer* 33(11), August 1990, pp. 2-7; Anon., White nation in deadly peril, *S.A. Observer* 29(5), June 1984, pp. 2-3.

³⁵ Anon., Anti-gentilism - hidden factor in world politics, *S.A. Observer* 32(1), July 1987, pp. 5-6.

³⁶ Anon., Anti-gentilism - hidden factor in world politics, *S.A. Observer* 32(1), July 1987, pp. 2, 4, 5; Anon., The total Zionist onslaught on apartheid, *S.A. Observer* 31(4), September 1986, p. 1.

³⁷ Anon., Anti-gentilism - hidden factor in world politics, *S.A. Observer* 32(1), July 1987, p. 2.

³⁸ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 245; Anon., Banning of South African Observer July 1979 edition, *S.A. Observer* 23(12), September 1979, p. 14.

³⁹ J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners: a sociological analysis*, D.Phil.-proefskrif, UNISA, 1992, p. 160.

b. Politieke partye en bewegings

i. Die Herstigte Nasionale Party

In die bewindstyd van H.F. Verwoerd gedurende die sestigerjare het daar 'n toenemende ideologiese polarisasie tussen die sogenaamde 'verligtes' en 'verkrampes' binne die NP plaasgevind. Na Verwoerd se dood het 'n magstryd tussen die behoudendes wat die Verwoerdiaanse siening van apartheid onderskryf het, en die meer liberales onder B.J. Vorster, die interne politiek van die NP oorheers. Hierdie stryd binne NP-geledere sou uiteindelik kulmineer in die stigting van die Herstigte Nasionale Party (HNP) in Oktober 1969 nadat vier volksraadslede oor meningsverskille met die NP se sportbeleid en die uitruil van swart diplomate, van die NP weggebreek het. Dr. Albert Hertzog, die seun van die voormalige Suid-Afrikaanse premier en Boeregeneraal, J.B.M. Hertzog, was die eerste hoofleier van die party. In Mei 1977 het J.A. Marais die leierskap oorgeneem.⁴⁰

Die HNP se beleid is op die Verwoerdiaanse beleid van apartheid gebaseer en kan as rassisties en rasse-eksklusief beskryf word. Volgens die HNP behoort die hele Suid-Afrika, afgesien van die tuislande, aan die blanke en moet Afrikaans as enigste amptelike taal erken word. Die swartes wat in 'wit' Suid-Afrika werk het geen permanente verblyfreg nie en is bloot daar op 'n tydelike grondslag. Die Indiërs het volgens die party geen reg op enige grond in Suid-Afrika nie en moet gerepatrieer word. Die HNP, wat noue bande met sekere wit vakbonde handhaaf, se ekonomiese beleid reflekteer die party se werkersklassesprong en kan as sosialisties beskryf word. Hiervolgens onderskryf die HNP 'n soort volkskapitalisme waarvolgens werk deur die staat geskep en vir blankes gereserveer moet word. Die regte van die wit werker moet volgens die party beskerm word en privatisering sal nie onder 'n HNP-regering toegelaat word nie.⁴¹

Die HNP is egter, ten spyte van hierdie rassistiese oriëntasie, geensins 'n fascistiese beweging nie. Volgens Jaap Marais was die Afrikanemasionalistiese roete in beginsel 'n demokratiese en grondwetlike parlementêre pad en daarom was dubbele lidmaatskap met buiteparlementêre bewegings soos die AWB, vir die party onaanvaarbaar. Die HNP se geskiedenis van onsuksesvolle parlementêre deelname, die opkoms van die KP en die HNP se gevolglike verdere marginalisering, het egter teen 1986 veroorsaak dat die party wel nouer met die AWB en ander splintergroepe begin saamwerk het. Die HNP toon ook enkele kenmerke wat gewoonlik onder fascistiese groeperings gevind word. So byvoorbeeld, word die samesweringsteorie in hul ontleding van die plaaslike en wêreldpolitiek geopper en beskou hulle die sogenaamde internasionale geldmag as die wortel van alle sosio-ekonomiese, maatskaplike en politieke probleme.⁴²

⁴⁰ J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 27, 42; H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 95.

⁴¹ J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 75; H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 95; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners: a sociological analysis*, p. 148.

⁴² H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, pp. 95-96; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners: a sociological analysis*, pp. 147, 149.

Die stigter van die HNP, Johannes Albertus Munnik Hertzog, 'n sakeman en miljoenêr, het reeds in 1936 begin om die Mynwerkersunie wat in Engelse en semi-kommunistiese hande was, vir die Afrikaner te verower. In 1942 het hy die geheime Afrikaner-Orde gestig met die doel om die belange van die Afrikaner te bevorder. Serfontein het beweer dat lede van hierdie Hertzog-groep skakelings met ekstremistiese ultra-regse groepe in die buiteland gehad het, terwyl Ó'Maoláin gedurende die middel tagtigerjare aangevoer het dat die HNP uitgebreide internasionale bande met wit heerssugtige en ultra-regse bewegings, waaronder die Australiese National Action, opgebou het.⁴³

Albert Hertzog het die AWB gedurende die vroeë tagtigerjare finansieel ondersteun en onder meer die huurgeld vir hul kantore betaal, terwyl sy eggenote, Martie Hertzog, gedurende die middel tagtigerjare 'n grootraadslid van die beweging was.⁴⁴ Eugene Terre'Blanche het voor die stigting van die AWB as HNP-kandidaat in die algemene verkiesing van 1970 gestaan, terwyl die AWB se hoofsekretaris, Kays Smit, ook in 1991 'n tuiste in die HNP gevind het. Marais self het gedurende die vroeë negentigerjare dikwels gesamentlike vergaderings tussen die HNP en AWB saam met Terre'Blanche toegespreek. Dit is ook reeds genoem dat Johan Schabert van die BBB op 'n stadium ondervoorsitter van die party was, dat Hannes Ferguson, redakteur van die HNP-mondstuk, *Die Afrikaner*, byeenkomste van die KvS bygewoon het en dat Meinhard Peters 'n krans namens die party by die Hess-gedenkdiens gelê het. Die redaksie van die *S.A. Patriot* het die beleid van die HNP ondersteun, terwyl die Odal-teken, wat die amptelike embleem van die HNP in Suidwes-Afrika was, soms op veral Duitstalige plakkate van die HNP in Suid-Afrika aangebring is.

ii. Die Konserwatiewe Party

Gedurende die laat sewentigerjare het die NP gepoog om 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika daar te stel waarin Kleurlinge en Indiërs ook grondwetlik aan die landsregering kon deelneem. Meningsverskille rondom magsdeling binne hierdie nuwe bestel het uiteindelik tot 'n skeuring van die NP en die stigting van die Konserwatiewe Party (KP) op 20 Maart 1982 gelei. Aksie Eie Toekoms (AET), gelei deur Alkmaar Swart, en die South Africa First Campaign van Brendan Willmer, is onder meer ook in die party geïnkorporeer. Dr. A.P. Treumicht (1921-1993), wat gedurende die sestigerjare as lid van die konserwatiewe Hertzog-groep gebrandmerk is, was die eerste hoofleier van die party. Hy is na sy dood deur dr. Ferdie Hartzenberg opgevolg.⁴⁵

Die KP verwerp sosiale en ekonomiese integrasie en beskou die Suid-Afrikaanse bevolking as 'n samestelling van verskillende volke wat elk hul eie kultuur handhaaf. Hierdie verskeidenheid van volke noodsaak volgens die party 'n beleid van partisie sodat elkeen sy selfbeskikkingsreg kan uitleef. Anders as die HNP het die KP ook 'n tuisland vir die Indiërs voorgestel en beide Afrikaans en Engels sou as amptelike tale behou word. Sedert 1990 het die party egter begin wegbeweeg van hierdie

⁴³ J.H.P. Serfontein, *Die verkrampte aanslag*, pp. 20, 24-25; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 243.

⁴⁴ A. Kemp, *Victory or violence*, p. 8; K. Smit, *Die wêl en wêl van die AWB*, p. 111.

⁴⁵ J.P.C. Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika*, pp. 70-71; C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 242; Anon, Dr AP Treumicht oortede, *VEG* 19, April 1993, p. 21.

Verwoerdiaanse apartheidmodel en meer aandag aan die idee van Afrikanerselfbeskikking in 'n kleiner wit volkstaat begin gee.⁴⁶

Alhoewel die KP nie 'n fascistiese beweging is nie, vertoon dit wel sekere krypto-fascistiese kenmerke. Volgens Kotzé en Greyling het die KP ook bande met ander ver-regse en selfs neo-Nazi bewegings gehad.⁴⁷ In September 1991 het Treurnicht en Thomas Langley, KP-woordvoerder oor buitelandse sake, tydens 'n besoek aan Frankryk vir Jean-Marie Le Pen, leier van die ekstremistiese Front National, ontmoet. Die KP-afvaardiging is formeel deur die FN onthaal en Le Pen het aangedui dat die FN die KP goedgesind is en dat hulle verseker kan wees van Franse ondersteuning.⁴⁸ Die KP het lidmaatskap met die AWB toegelaat en die bekendmaking in die pers van enkele KP LPs wat aan die AWB behoort het, is gedurende die middel tagtigerjare vir propagandadoeleindes deur die regering gebruik.⁴⁹ Die party se mondstuk, *Die Patriot*, het ook, veral nadat die oud-BBB Henk van de Graaf die redakteurskap oorgeneem het, gereeld berigte oor buitelandse regse bewegings en artikels oor die internasionale geldmag en dié se beweerde sameswering teen die Westerse beskawing gepubliseer.

In Augustus 1985 het Clive Derby-Lewis die Stallard Foundation in Johannesburg gestig. Die Stigting het as 'n veelparty-forum vir die samesnoering van konserwatiewe Engelssprekendes gedien, het die 'n konserwatiewe filosofie en beleid bevorder, regse konferensies en seminare geborg, en ook as gasheer vir konserwatiewe buitelandse besoekers soos David Irving, opgetree. Die Stigting het ongeveer 1000 lede gehad en het aanvanklik goeie reaksie van Engelssprekendes gelok. Nadat die KP groter Engelse ondersteuning begin trek het, het die nut van die Stallard Foundation egter begin afneem. In 1991 het Derby-Lewis die Republican Unity Movement of South Africa (RUMOSA) gestig en die Kaap en Natal as volkstaat vir die afstammeling van die Britse setlaars opgeëis. Clive Derby-Lewis het wye bande met individue en organisasies in die buiteland gehandhaaf en het as skakel tussen hierdie groepe en die KP gedien. Sy ekstremistiese standpunte het egter na bewering ongemak binne die party veroorsaak en gevolglik is hy na die algemene verkiesing van 1989 nie meer as LP aangewys nie maar eerder tot die Presidentsraad benoem.⁵⁰

Derby-Lewis is onder meer deur David Irving aan die Western Goals Institute (WGI) bekendgestel. Die WGI bevorder die waardes van die Westerse beskawing en Derby-Lewis het daardeur tot wêreldwye anti-Semitiese en anti-kommunistiese organisasies toegang verkry. In Februarie 1992 is hy dan ook tot president van die WGI in die plek van Roberto d'Abuisson van El Salvador verkies. Sedert 1989 het hy ook bande met die Monday Club en WACL opgebou en was hy die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger van laasgenoemde. Hy was 'n ondersteuner van die British National

⁴⁶ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, pp. 120, 123; J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 65-67.

⁴⁷ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 120.

⁴⁸ Anon., Treurnicht praat met ver-regse Le Pen tydens sy Franse besoek, *Beeld*, 1991-09-24; A. Kemp, Treurnicht, Le Pen in lang gesprek, *Die Patriot* 10(37), 1991-09-27, p. 4.

⁴⁹ Sien A. Kemp, *Victory or violence*, pp. 83-92.

⁵⁰ H. Kotzé & A. Greyling, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z*, p. 190; H. Zille, The right wing in South African politics, in P.L. Berger & B. Godsell (eds.), *A future South Africa*, p. 59; J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 107; Anon., Onthul: Só is Hani gejag, *Rapport*, 1993-04-25, p. 2.

Party, een van Brittanje se gehardste Nazi-organisasies, waarvan die leier, John Tyndall, na bewering uitgebreide bande met Suid-Afrikaanse regsies gehad het. Hy was ook bevriend met Michelle Favard, wat in 1970 vanuit Frans-Algerië na Suid-Afrika gekom het en gedurende die vroeë negentigerjare as die Suid-Afrikaanse voorsitter van die Front National opgetree het. In 1993 is Derby-Lewis saam met Janusz Walus aan die sluipmoord op die leier van die SA Kommunistiese Party, Chris Hani, skuldig bevind en tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.⁵¹

iii. Die Boerestaat Party

Die Boerestaat Party (BSP) is op 30 September 1988 in Pretoria deur Robert van Tonder (1923-1999) gestig. Van Tonder, 'n selfstandige sakeman en die stigter van Randburg, was reeds sedert die sestigerjare by die regse politiek betrokke. In 1961 het hy vanweë ontevredenheid met Verwoerd se Britse immigrasiebeleid, uit die NP bedank en in 1963 die Konserwatiewe Studiegroep gestig. Gedurende die sewentigerjare het hy die bynaam van Taalbul gekry vir sy stryd om die handhawing van die Afrikaanse taal in die sakewêreld. Hy was na bewering ook verantwoordelik vir die HNP se taalbeleid waarvolgens Afrikaans as enigste amptelike taal erken moes word.⁵² Van Tonder se uitgesprokenheid en sy openlike ondersteuning van ekstremiste soos die Wit Wolf, Barend Strydom, en selfs Saddam Hoesein, het dikwels opslae in die pers gemaak.

Vir Van Tonder het die Boere as Afrikavolk die vryheidsbeweging in Afrika vooruitgeleed. Die Boere is egter sedert 1902 in 'n staatsraamwerk ingetrek wat hulle wel die politieke heersers, maar ook die kulturele en ekonomiese verloorders, gemaak het. Hy het ook van die standpunt uitgegaan dat die Boerevolk, dit wil sê die afstammeling van die Voortrekkers en burgers van die ou Boererepublieke, 'n afsonderlike volk vorm en nie deel van die Afrikaner of sogenaamde *Cape Dutch* is nie. Van Tonder het die benamings van 'Afrikaner', 'Suid-Afrikaner' en 'Blank' as integrasiebegrippe beskou wat die Boere-identiteit ondermyn het. Hy was gekant teen die Unie van 1910, die Republiek van 1961 asook die idee van partisie en die skep van 'n onafhanklike wit staat. Die BSP staan eerder vir die herstel van die voormalige Boererepublieke in 'n moderne, nuwe Boerestaat en voer aan dat hul eise nie op kleur gebaseer is nie, maar op die feit dat die internasionaal erkende onafhanklikheid van die republieke militêr deur die Britte verower is. Van Tonder het die Britte daarvan beskuldig dat hulle die grootste volksmoord van die moderne geskiedenis, waarin byna 'n sesde van die volk uitgewis is, gedurende die Tweede Vryheidsoorlog teen die Boere gepleeg het.⁵³ Die BSP beklemtoon hierdie siening van die Boerevolk as verontregte en hou gevolglik gereeld gedenkdiens by die ou konsentrasiekampbegraafplase.

⁵¹ C. Terreblanche, Die regse pluimsaad waai ver, *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993, pp. 14, 15; J. Van Rooyen, *Hard right*, p. 107; A. Du Plessis, Derby-Lewis se vriendin vlug voor swartes, *Beeld*, 1993-06-24, p. 10; Z.B. Du Toit, Sy dog haar laaste uur was hier, sê regse vrou, *Rapport*, 1993-06-27, p. 3; Anon., Onthul: Só is Hani gejaag, *Rapport*, 1993-04-25, p. 2.

⁵² R. Van Tonder, *Boerestaat*, p.89.

⁵³ R. Van Tonder, *Boerestaat*, pp. 3-4, 26, 32, 36-39, 43-44, 60-61.

Die BSP is nie 'n fascistiese beweging nie, maar 'n separatistiese volksbeweging wat op die grondslag van 'n politieke party georganiseer is. Tog toon die party tipiese kripto-fascistiese kenmerke. Die BSP het teen die vroeë negentigerjare nou met die BWB van Andrew Ford saamgewerk en die BWB is dan ook as die militêre vleuel van die party beskou.⁵⁴ Van Tonder self het noue bande met die AWB gehandhaaf en dit is reeds genoem dat sy lyfblad, *Die Stem*, gedurende die middel tagtigerjare as mondstuk van die AWB gedien het. Die BSP gee sedert 1992 die *Boerant* as nuusblad uit waarin ook berigte oor AWB-bedrywighede ingesluit word, terwyl Van Tonder en Terre'Blanche gereeld gesamentlike byeenkomste gedurende die negentigerjare gehou het. Piet Rudolph, verbonde aan die AWB, het vir 'n tyd as onderleier van die BSP opgetree, maar is in 1990 deur Ben Strijdom as waarnemende onderleier opgevolg. Strijdom was ook vir etlike jare streeksleier van die AWB in Oos-Transvaal.⁵⁵

Die BSP is waarskynlik die enigste blanke regse party in Suid-Afrika wat 'n beleid van godsdienstvryheid handhaaf. Hiervolgens mag geen lid sy godsdienstooruigings op die party of op ander lede afdwing nie. Dit het veroorsaak dat twee hoofbestuurslede, die akteur Schalk Jacobsz en die onderleier Ben Strijdom, albei aanhangers van die Gemeente van die Verbondsvolk en die Israelvisie, in 1991 uit die party geskors is nadat die insydeling van lede van die Kerk van die Skepper glo tot wrywing en onenigheid aanleiding gegee het. Die Israelvisie gee voor dat die blanke Westerse volke die direkte afstammeling van die Bybelse twaalf stamme van Israel sou wees, 'n beskouing wat nie met die anti-Semitisme en ateïstiese sienings van die KvS versoenbaar is nie. Die enkele aanhangers van die KvS, waarvan Boerstaat Bosman waarskynlik die bekendste is, het ondemeem om nie die BSP as platform vir die uitbouing van hul program te gebruik nie. Die eerste Suid-Afrikaanse leier van die KvS, Jan Smith, was 'n hoofbestuurslid van die BSP en het Strijdom as onderleier opgevolg. Smith het tydens die Boerestaat Kongres in Heidelberg op 10 Oktober 1990 'n referaat gelewer oor die ekonomie en geldstelsel van die Boererepublieke en die voorgestelde Boerestaat.⁵⁶ Op 31 Julie 1992 was hy deel van 'n BSP-afvaardiging wat vir Cyrus Vance, 'n gesant van die VN en eertydse Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, ontmoet het. Die afvaardiging het 'n versoek aan Vance gerig om vir F.W. de Klerk daarop te wys dat die huidige tendens in die wêreldpolitiek die herstel van volkevrhede in eie state en nie die skepping van konglomerasiestate nie, is.⁵⁷ Lede van die KvS en WAB, waaronder Pol Doussy, die huidige KvS-leier Jim South, Koos Vermeulen en Monica Huggett, het gereeld gedurende die negentigerjare saam met Robert van Tonder as deel van die Kulturele Studiegroep in die Randburg gedenkkerk vergader.⁵⁸

Bosman, die Oos-Randse streeksvoorsitter van die BSP, was ook betrokke by die Wit Wolwe-organisasie wat na bewering op 6 Februarie 1988 gestig is. In Januarie 1993 is 'n mediakonferensie

⁵⁴ Sien Anon., Boerestaat en BWB werk saam, *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1990, p. 1.

⁵⁵ Sien *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1990, p. 1.

⁵⁶ Sien J.S. Smith, Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boerland, *Boerestaat Nuusbrief* 3, 1990, pp. 18-20, *Boerestaat Nuusbrief* 1, 1991, pp. 6-7, 22, *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1991, pp. 6-8.

⁵⁷ N. Oosthuizen, BSP verhoor glo nog van sy lede, *Transvaler*, 1991-06-10; Anon., Twee Boerestaat-lede geskors, *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1991, p. 16; sien brief van Boerstaat Bosman, *Boerestaat Nuusbrief* 1, 1992, pp. 8-9; Sien *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1990, p. 13; *Boerant* 1ste Uitgawe, ca. Augustus 1992, p. 1.

⁵⁸ Sien bv. *Boerant*, September/Okttober 1994, p. .3; *Boerant*, November 1994, pp. 3, 9.

in Brits gehou om die bogrondse struktuur van die organisasie bekend te stel en om die regering te waarsku dat die Azanian Peoples' Liberation Army (APLA) se aanvalle op blankes nie ongestraf sou voortgaan nie. Bosman het onder meer gedreig dat as die regering nie ingryp nie, die Wit Wolwe met ewe genadelose dade van bloedvergieting op swartes sou toeslaan. Die leier, Barend Strydom, kon weens sy paroolvoorwaardes nie die byeenkoms bywoon nie. Lede van die Wit Wolwe het met klapmusse voor 'n groot Nazi swastika-vlag vir 'n koerantfoto geposeer. Later het 'n godsdienstdispuut binne die beweging ontstaan tussen die aanhangers van die KvS onder leiding van Bosman, en die Strydomfaksie wat die Israelvisie ondersteun het. Laasgenoemde het daarop aangedring dat Bosman bande met die Wolwe moes verbreek, maar Strydom is egter self uit die beweging gewerk.⁵⁹

Die BSP se afkeur van die Britse imperialisme en Verwoerd se Briste immigrasiebeleid het ook veroorsaak dat die party noue bande met die Dietse beweging, wat die bevordering van die Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse volksnasionalsmes beklemtoon, gehandhaaf het. In 1990 het Jan van de Graaf (1921-1993), hoofsekretaris van die Afdeling Suid-Afrika van die Dietse Federasie (DDF), by die BSP aangesluit. Van de Graaf, wat sedert 1953 in Suid-Afrika gewoon het, was 'n bekende binne joernalistieke en kultuurkringe en die regse politiek.⁶⁰ Hy en sy seun was onder meer lede van die BBB, terwyl Henk van de Graaf tot onlangs nog redakteur van die KP-blad, *Die Patriot*, was. Onder dié se redakteurskap is *Boerant* dan ook op *Die Patriot* se toerusting geset en persklaar gemaak.⁶¹

Met die Van de Graafs as kontakpersone het die BSP uitgebreide bande met Nederlandse en Belgiese ultra-nasionale en fascistiese groeperings soos die Centrum Party 86, die Vlaams Blok en die Vlaamse Federale Party, opgebou. 'n Afvaardiging van Vlaams Blok het onder leiding van Karel Elzen, die voorsitter van die Vlaamse Oud-Strydersbond (VOS), die BSP se kantore in 1991 en 1993 besoek.⁶² Tydens die Desember 1994 Geloftefeestviering is groetboodskappe deur Elzen en Henk Ruitenbergh, voorsitter van CP-86 in Nederland, op die BSP-byeenkoms voorgedra.⁶³ In 1993 het Monica Huggett 'n besoek van die Vlaamse Vriende van die Boerenatie gereël. Die leier, Roger Spinnewijn, was voorheen 'n prominente lid van die fascistiese Vlaamse Militanten Orde (VMO) wat in 1950 gestig is en in 1982 deur die Belgiese regering verbied is. Die VMO was 'n nasionaal-revolusionêre beweging wat Vlaamse kulturele en politieke onafhanklikheid ondersteun en 'n pan-Europese alliansie van fascistiese groepe bepleit het. Die beweging het vanweë hul organisering van die jaarlikse Ijzerbedevaart uitgebreide internasionale bande opgebou.⁶⁴

⁵⁹ N. Oosthuizen, Wit Wolwe sê: 'Kom kyk', *Transvaler*, 1993-01-04, p. 7; Anon., Wit Wolwe hou 'n nuuskonferensie, *Beeld*, 1993-01-04, p. 2; S. Coetzee, Wit Wolwe wil oor 'n week skiet, *Transvaler*, 1993-01-05, p. 2; G. Van der Westhuizen, 'Wit Wolwe val op 12 Januarie aan', *Beeld*, 1993-01-05, p. 2; G. Van der Westhuizen, Wit Wolwe skaars in die daglig of Strydom se kop word geëis, *Beeld*, 1993-01-07, p. 1; M. Waldner, Wit Wolwe vreet nou vir Barend, *Rapport*, 1993-01-10, p. 4.

⁶⁰ Anon., Kultuurleier sluit aan by Boerestaats Party, *Boerestaats Nuusbrief* 2, 1990, p. 2; R. Van Tonder, Groot kultuurkrag heen, *Boerant*, ca. Mei 1993, p. 7; sien J. Van de Graaf, Wat is Diets?, *VEG* 17, Oktober 1992, pp. 18-21.

⁶¹ Anon., Boerant byna in die slag, *Boerant*, Junie/Julie 1998, p. 1.

⁶² C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 30; *Boerant*, ca. Mei 1993, p. 13; *Boerestaats Nuusbrief* 1, 1991, p. 9; Anon., Kontak met België, *Boerestaats Nuusbrief* 2, 1991, p. 11; J. Van de Graaf, Wat is Diets?, *VEG* 17, Oktober 1992, pp. 20-21.

⁶³ Sien *Boerant*, November 1994, p. 16.

⁶⁴ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 31; *Boerant*, ca. Mei 1993, p. 13.

iv. Ander regse bewegings

Verskeie ander regse bewegings is deur die jare in Suid-Afrika gestig waarvan sommige waarskynlik 'n fascistiese of krypto-facistiese program gevolg het. Gedurende die sestigerjare het ene P. Willers, die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nazi Party, byvoorbeeld verklaar dat die Jode agter alles sit en dat Verwoerd te sag optree.⁶⁵ In 1985 was die Defenders of the White Race in Pretoria op soek na 'n gebou om 'n 'Wit Man kulturele sentrum en argief' met die volgende doelstellings te vestig: "Film shows of the best films of the 3rd Reich; soirées of Classical Music (strictly Aryan musicians, performers and composers); Lectures of prominent Right-wing personalities from abroad and S.A.; (Soldiers, scientists, philosophers and poets) Courses in racial hygiene en eugenic improvement of of [sic] our race (responsible marriage counseling); History of the White Man; Revisionist History of the 20th century; Basic courses in European languages (French, German, Spanish); 'The pure White state of tomorrow'; Support actions for deserving Right-wingers and comrades in distress; Protection of our fine self-sacrificing women ..."⁶⁶ Tydens 'n AWB-byeenkoms in 1990 het lede van die Afrikaner Fascistiese Beweging swastika-vlae vertoon.⁶⁷ Min is egter verder oor hierdie bewegings bekend.

Griffin het in sy boek oor die aard van die fascisme verkeerdelik na die Vereniging van Oranjewerkers as die suiwerste uitdrukking van Afrikaner fascisme verwys.⁶⁸ 'n Studie van hierdie beweging se lektuur wys daarop dat dit nie 'n fascistiese beweging is nie, maar eerder 'n Afrikaner separatistiese groepering wat poog om, vanweë veronderstelde probleme rondom die handhawing van die Afrikanerkultuur binne 'n Suid-Afrikaanse eenheidstaat, Afrikaneronafhanklikheid binne 'n kleiner wit volkstaat te vestig. Die beweging tree nie namens alle Afrikaners op nie, maar slegs namens dié wat hul volkskap en volksaard wil behou en beskerm. Afsiesien van die klem op blanke selfwerkzaamheid en swart arbeidsonafhanklikheid, word geen algehele samelewings- en waardeveranderings voorgestel nie. Alhoewel die volkstaat eksklusief blank en die Afrikanerkultuur daarin dominant sal wees, kom geen fascistiese rassisme of paligenetiese sienings in hul geskrifte na vore nie.⁶⁹

3. Die Historiese Revisionisme

Revisionisme binne 'n historiografiese konteks verwys na 'n kontroversiële historiese skool van Eerste Wêreldoorlog revisioniste wat aangevoer het dat die Duitsers onregverdig vir die oorlog verantwoordelik gehou is. Dit is ook die benaming van 'n meer kontemporêre benadering ten opsigte van historiese navorsing onder die leiding van die Amerikaanse historikus William Appleton Williams. Hierdie sogenaamde Wisconsin-skool staan krities jeens die VSA se buitelandse beleid ten opsigte

⁶⁵ J.C. Moll, *Fascisme ...*, p. 153.

⁶⁶ Sien S.A. *Patriot* 1(25), January-June 1985, p. 2.

⁶⁷ Sien A. Kemp, *Victory or violence*, teenoor p. 152.

⁶⁸ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 159.

⁶⁹ Sien bv. Vereniging van Oranjewerkers, 'n *Plan van hoop vir Afrikanervoortbestaan*; Vereniging van Oranjewerkers, *Versoekskrif: 'n versoek om die beginselaanvaarding en skepping van 'n eie staatsgebied en owerheidsliggame vir die Afrikanervolk*.

van die oorsprong van die Koue Oorlog en die konflik tussen die Weste en kommunistiese wêreld. Volgens Lipstadt beoefen elke ware historikus in werklikheid ook revisionisme aangesien historici voortdurend die verlede aan die hand van nuwe bewyse herinterpreteer. Die ontkenners van die Holocaust het egter mettertyd die benaming van Historiese Revisioniste vir hulself toegeëien, 'n selfbeskrywing wat vir Lipstadt deel van hul basiese misleidingstrategie en hul pogings om hulself as wetlike historici voor te stel, uitmaak.⁷⁰

Die Holocaust Revisioniste probeer bewys dat die Holocaust óf nooit plaasgevind het nie óf dat daar nooit 'n amptelike plan was om die Joodse volk uit te wis nie. Hulle wys ook daarop dat nie net die Duitsers skuldig was aan daade van aggressie nie maar dat die Geallieerdes erger oorlogsmisdade, waaronder die bomaanvalle op Dresden, die 'onregverdige' behandeling van Nazi's by die Nürnberg-verhoor, die wrede behandeling van Duitse krygsgevangenes en die na-oorlogse gedwonge verskuiwings van die Duitse bevolking, gepleeg het. Hulle erken wel dat Jode gesterf het, maar skryf dit aan natuurlike ontberings weens die oorlog toe. In hul geskryfte word die Jode as bedrieërs uitgebeeld wat die 'mite van die Holocaust' versprei het ten einde internasionale simpatie te verwek vir die toekenning van oorlogsvergoedings en om die totstandkoming van die Israeliese staat te verseker. Verskeie Holocaust ontkenners volg ook 'n onderliggende politieke agenda deurdat hulle redeneer dat indien die Holocaust as mite bewys kan word, baie van die kritiek teen die fascisme as 'n politieke stelsel daarmee kan wegval. Hulle gee in hul artikels ook aandag aan onderwerpe soos die Amerikaanse burgeroorlog, die Eerste Wêreldoorlog en die Pearl Harbour-voorval om hul openbare skyn as soekers na die waarheid en hul selfopgelegde benaming van Historiese Revisioniste wat op 'n globale basis historiese valshede aanval en hersien, gestand te doen. Hulle poog om met sulke artikels aan te toon hoe gewone historici soms met bedekte politieke motiewe gereeld verdraaide beskouings van die geskiedenis sou weergee en dat hierdie beleid van verdraaiing 'n hoogtepunt in die Holocaust 'mite' sou bereik het.⁷¹

a. Die ontstaan en ontwikkeling van die Holocaust Revisionisme

Volgens Lipstadt is die moderne Holocaust Revisionisme vanuit 'n verskeidenheid bronne geïnspireer waaronder 'n historiese tradisie wat mettertyd deur die ontkenners van die Holocaust oorgeneem is, en wat hoogs krities jeens regeringsbeleid en dié se gebruik van die geskiedenis ter regverdiging was. 'n Eeue-oue samevoeging van samesweringsuiteensettings, asook die oordrewe beoordeling van regeringsbeleide, wat mettertyd tot uiterste veronderstellings en selfs wanvoorstellings ontwikkel het, het ook 'n invloed op die ontstaan van die Historiese Revisionisme gehad.⁷²

Die Franse fascistiese ondersteuner, Maurice Bardèche, het reeds in 1947 begin om die Geallieerdes se oorlogspropaganda aan te val en om die Nazi's en die kollaborasie-politiek te verdedig. In 1948

⁷⁰ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, p. 20. Lipstadt kursiveer.

⁷¹ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 21-23.

⁷² D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, p. 31.

het hy *Nuremberg or the Promised Land* gepubliseer waarin hy een van die eerstes was om te beweer dat die dokumentêre bewyse ten opsigte van die konsentrasiekampe vervals was en dat die gaskamers slegs vir ontsmetting gebruik is. Bardèche het ook aangevoer dat die sterftes bloot die gevolg van oorlogsontberings, waaronder hongersnood en siektes, was en dat die Nazi's se 'Finale Oplossing' na die plan om die Jode na ghetto's in die Ooste te verskuif, verwys het. Vir hom was die Nüremberg-verhoor moreel en wetlik verkeerd en hy het die Geallieerdes se beleid van bomaanvalle op Duitse stede as 'n oorlogsmisdad beskou.⁷³

Paul Rassinier (†1967), 'n oud-kommunis en sosialis wat in die konsentrasiekampe van Buchenwald en Doar gevange gehou is, het in 1948 *Crossing the line* gepubliseer. Dit was die eerste van 'n reeks boeke waarin hy probeer bewys het dat die stories van oorlewendes oordrewe en nie geloofwaardig was nie en dat daar nooit 'n beleid van uitwissing teen die Jode gevolg is nie. Later sou hy in *The drama of European Jewry* (1964) selfs beweer dat die gaskamers 'n fabrikasie van die 'Sionistiese establishment' was en nooit werklik bestaan het nie, en dat ses miljoen Jode derhalwe nie gesterf het nie. Rassinier se belangrikste werke is in 1977 in *Debunking the genocide myth* byeengebring.⁷⁴

In die VSA word Harry Elmer Barnes (1889-1968) dikwels as die vader van die Revisioniste beskou. Hy het 'n belangrike skakel tussen die aanvanklike Amerikaanse revisioniste en die Holocaust ontkenners gevorm. Barnes het verskeie werke oor oorlogsverantwoordelikheid, waaronder *The struggle against the historical blackout* (1947), gepubliseer en was sterk gekant teen Amerika se deelname aan die oorlog. Hy het die aantyging van Nazi oorlogsmisdade teen die Jode as onakkuraat en polities gemotiveerd verwerp en aangevoer dat die oortredings van die Geallieerdes veel meer en erger was. Later het hy ook beweer dat die gaskamers eers ná die oorlog ter wille van propaganda opgerig is en dat die berugte *Einsatzgruppen*, wat Jode binne Sowjetgebied vermoor het, bloot vir teenguerilla doeleindes agter die gevegslynies gebruik is.⁷⁵

Austin J. App (1902-) het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Holocaust Revisionisme in die VSA gespeel. App, wat 'n aktiewe verdediger van die Duitsers en Nazi-Duitsland was, het net na die oorlog begin om die getal van ses miljoen as leuen af te maak en om die Jode van bedrog te beskuldig. Waar Barnes wel pro-Duits maar nie fascisties was nie, was App aangetrokke tot die idees van die herlewing van 'n totalitêre regeringstelsel en het hy die skuld vir die aanvang van die oorlog voor die deur van die Geallieerde magte gelê. Hy het ook beweer dat gedwonge emigrasie en nie uitwissing nie, die Derde Ryk se plan vir die oplossing van die Joodse vraagstuk was, dat die gaskamers nooit bestaan het nie en dat daar geen bewyse vir die getal van ses miljoen vermoordes was nie. Sy argumente is in 1973 in *The six million swindle* uiteengesit.⁷⁶

⁷³ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, p. 50.

⁷⁴ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, p. 16; D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 51-52, 55.

⁷⁵ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, p. 16; D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 67, 70, 73, 77, 79.

⁷⁶ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 85-88, 98-100.

In 1961 is *The forced war* deur David L. Hoggan gepubliseer. Hierin is die Duitsers as onskuldige slagoffers van 'n oorlog wat deur die Engelse en Pole op hulle afdwinging is, uitgebeeld. Hy het ook daarop gewys dat aantygings van Duitsland se diskriminasie teen die Jode voor die oorlog oordrewe was en dat erger maatreëls in Pole gebruik is.⁷⁷ In 1969 het *The myth of the six million* deur 'n anonieme skrywer verskyn. Later is bevind dat Hoggan die skrywer was en dat Willis Carto onder 'n skuilnaam die voorwoord geskryf het. Die publikasie is deur *Noontide Press* wat aan die Liberty Lobby verbonde is, uitgegee. In 1974 is 'n opspraakwekkende pamflet in Brittanje gepubliseer wat sterk deur hierdie boek beïnvloed is, naamlik *Did six million really die? The truth at last*. Dit is voorgedhou as 'n historiese werk deur ene Richard Harwood van die Universiteit van Londen. Hierin is beweer dat die dood van ses miljoen Jode 'n mite was, dat daar geen gaskamers en selfs geen hongersnood in die kampe was nie en die dagboek van Anne Frank is as 'n vervalsing uitgemaak. Die Holocaust was volgens Harwood bloot 'n vorm van politieke afpersing om kompensasie van die Wes-Duitse regering te eis. Die pamflet is aan alle lede van die Britse parlement gestuur en 75 000 kopieë is in Engeland alleen versprei. Aksie teen die pamflet is deur die Britse Joodse Raad van Afgevaardigdes ondemeem en die Universiteit van Londen het laat weet dat Harwood nooit aan hulle verbonde was nie. Dit is later bevind dat Harwood die skuilnaam van Richard Verrall, die redakteur van *Spearhead*, die mondstuk van die National Front, was. Verrall is die seun van 'n sakeman met beweerde uitgebreide Suid-Afrikaanse kontakte.⁷⁸

In 1976 het Arthur R. Butz, 'n professor in elektriese ingenieurswese, in *The hoax of the twentieth century* probeer bewys dat die getal dooies onwaar was en in werklikheid nog geleef het. Volgens hom was die Holocaust 'n Sionistiese bedrogspul en het hy beweer dat dokumente vervals is om die leuen te bevorder. Sy boek is in Amerika deur die Noontide Press versprei en in Duitsland deur die Nazi Udo Walendy as *Der Jahrhundert Betrug* in Duits vertaal.⁷⁹

Die Institute for Historical Review (IHR) is in 1978 deur Willis Carto gestig met die doel om die ontkenning van die Holocaust vanaf die politieke kantlyn van rassitiese en anti-Semitiese ekstremisme tot binne die hoofstroom akademiese debat te bring. William David McCalden, 'n Ierse immigrant wat in Brittanje bekend was vir sy fascistiese en ekstremitiese bande en onder meer 'n lid van die National Front was, het van 1978 tot 1981 as direkteur gedien. Hy is hierna deur Tom Marcellus opgevolg. Die IHR het in 1979 'n Revisionistiese Konvensie in Los Angeles gehou en 'n prys van \$50 000 aangebied aan enigeen wat kon bewys dat die Nazi's gaskamers gebruik het om die Jode uit te wis. Die Instituut publiseer die *Journal of Historical Review* waarin hoofsaaklik artikels oor die Tweede Wêreldoorlog en die Holocaust verskyn.⁸⁰

Ernst Zündel (1939-), die skrywer van *The Hitler we loved and why*, het 'n uitgewersfirma, Samisdat Publishers, in Kanada gestig om 'n wye verskeidenheid anti-Semitiese, rassitiese en Holocaust

⁷⁷ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 71-72.

⁷⁸ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, pp. 16-17; D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 104-105.

⁷⁹ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, pp. 20-21; D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 126-127.

⁸⁰ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 137-138, 142-144.

Revisionistiese materiaal te herdruk en regdeur die wêreld te versprei. Zündel self het ook verskeie pamflette geskryf waarin hy Nazisme geprys en die fascistiese ideologie probeer bevorder het. In 1984 het die Kanadese regering hom van die opsweping van anti-Semitisme en die bewustelike verspreiding van valshede aangekla. Hy is skuldig bevind en tronkstraf opgelê, maar na 'n appèlsaak vrygelaat. Tydens die tweede saak in 1988 het Robert Faurisson en David Irving Zündel se verweer help voorberei en ook vir hom getuig. 'n Ander getuie vir die verdediging was Fred A. Leuchter, wat in die bou en installering van teregstellingstoerusting vir die Amerikaanse korrektiewe dienste gespesialiseer het. Hy het getuig dat dit, volgens die ontwerp en fabrikasie van die gaskamers, fisies en chemies onmoontlik vir die Duitsers sou wees om vergassings uit te voer. Sy bevindings, wat volgens Holocaust-ontkenners finaal bewys het dat die gaskamers bloot vir ontsmetting gebruik is of selfs na die oorlog opgerig is, is in *The Leuchter report* gepubliseer en deur Samisdat Publishers en Irving se Focal Point Publications verder versprei.⁸¹

David Irving is waarskynlik die bekendste en produktiefste vervaardiger van gesofistikeerde revisionistiese literatuur. Hy is die skrywer van verskeie populêre historiese werke waarin hy beweer dat Brittanje 'n taktiese fout begaan het om oorlog teen Duitsland te verklaar en dat die Geallieerdes en Nazi's ewe skuldig aan die uitbreek van die oorlog was. Hy is ook van mening dat die gaskamers vir propaganda deur die Geallieerdes gebruik is. In 1984 het hy tydens 'n lesingtoer in Oostenryk vir Rudolf Hess as genomineerde vir die Nobel-vredesprys voorgestaan. Hy woon ook gereeld byeenkomste van die Deutsche Volks Union (DVU) van Gerhard Frey en ander ekstremistiese groepe in Duitsland by. In een van sy bekendste werke, *Hitler's war*, ontken hy dat Hitler ooit die bevel vir die Finale Oplossing gegee het en stel hy voor dat meer ekstreme elemente binne die SS die uitwissings sonder die *Führer* se medewete georganiseer het. Hiervolgens sou Hitler se dreigemente om die Jode uit Europa te verwyder ook slegs verwys na 'n plan van massadeportasie na Madagaskar. Die Nazi's het derhalwe volgens Irving geen sistematiese beleid van uitwissing teen die Jode gevolg nie en die konsentrasiekampe is gevolglik ook nie volgens hom as uitwissingsentra gebruik nie.⁸²

b. Die Holocaust Revisionisme in Suid-Afrika

Die ontkenning van die Holocaust in Suid-Afrika strek sover terug as die veertigerjare toe die amptelike opposisie, naamlik die Herenigde Nasionale Party, 'n sterk anti-Semitiese faksie onder leiding van Eric Louw bevat het. In 1944 het Louw die idee dat Hitler bewustelik die Jode wou uitwis, verwerp. In 1947 het dr. Karl Bremer, LP en later Minister van Gesondheid, aangevoer dat die behandeling van die Jode in Duitsland nie so erg was in vergelyking met die Geallieerdes se behandeling van die Duitsers nie.⁸³

⁸¹ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 157-163.

⁸² R. Griffin (ed), *Fascism*, pp. 335-336; D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, p. 8.

⁸³ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, pp. 22-23.

Johan Schoeman van Broederstroom was volgens Eisenberg 'n luidrugtige fascistiese ondersteuner wat gedurende die vyftiger- en sestigerjare veral bekend was vir sy uitgesproke anti-Semitiese publikasies en die verspreiding van geskifte soos die *Protokolle van die Oudstes van Sion*. Aan Smuts het hy op 'n stadium met tipiese emosioneelbelaaide retoriek gevra: "General, for humanity's sake, for the little children's sake, for God's sake, let us stop prevaricating and lying, and let us admit that for every crime the so-called Nazi-criminals and S.S. have committed in their superhuman fight against the Powers of Hell and Earth and Gold and Godless Communism - for every crime they committed under superhuman strain, stress and utter military necessity, we Allies, with a thousand odds in our favour and with the hired and bought help of all the parasites of earth and Heaven, perpetrated ten or more. ... Let us repent our unspeakable crimes against the Leader of the West ..."⁸⁴ Tydens 'n besoek van Mosley in Januarie 1959 aan die Rand, het 'n Joodse jeugbeweging met plakkate soos "Go back, we Jews mourn 6,000,000", teen die eertydse BUF-leier betoog. Schoeman het bitsig hierop gereageer: "Your onesidedness provokes Heaven, your arrogance hell. Your behaviour to our guest Sir Oswald Mosley is an insult to our Fatherland and civilization."⁸⁵ Gedurende die vroeë sestigerjare het hy onder meer aangebied om fondse vir die verdediging van Eichmann, wie hy dan ook in 'n boek geprys het, by te dra.⁸⁶ Ten spyte van hierdie optredes het Schoeman dubbelsinnig ontken dat hy anti-Semities was: "I am not anti-semitic - only idiots are and only liars and fools accuse the writer of anti-semitism. *But I am unalterably anti-Semitic when Semitism stands for Bolshevism.*"⁸⁷

Die *South African Observer* het gereeld artikels van Historiese Revisioniste gepubliseer. In 1976 en weer in 1984 is die televisiereeks, *The World at War*, waarvan die twintigste episode, *Genocide*, oor die Holocaust handel, deur die SAUK vertoon. S.E.D. Brown het in reaksie hierop 'n artikel gepubliseer waarin hy die reeks as propaganda afgemaak het en beweer het dat dit eensydig was aangesien bevindings van 'historici' soos Harry Elmer Barnes en Paul Rassinier nie in ag geneem is nie.⁸⁸ Hy het verder aangevoer dat dit nie die doel van die SAUK moes wees om Sionistiese en anti-Duitse propaganda te versprei nie en verklaar: "Presented as a 'straightforward documentary' of the Second World war, the whole 'World at War' series ... is nothing more than history of the last war selected, compiled and purveyed, *not* by qualified historians, but by two Zionist Jews Their representation is certainly not the full story of World War II, or of its hidden origins or aims. As for the *other side of the story*, this has been completely blacked out or smothered out. Their presentation of the 'Genocide' episode is nothing else than another instalment in the gross, continuing libel against Germany and the German people as a whole, at the hands of Zionists."⁸⁹

⁸⁴ J. Schoeman, Retribution for the Allies, in J. Schoeman, *Die krisis in Suid-Afrika, 1952 ...*, pp. 130-131.

⁸⁵ J. Schoeman, And we non-Jews mourn 60,000,000 and more, in J. Schoeman, *Die krisis in Suid-Afrika, 1952 ...*, pp. 79-80.

⁸⁶ D. Eisenberg, *The re-emergence of fascism*, p. 306.

⁸⁷ J. Schoeman, And we non-Jews mourn 60,000,000 and more, in J. Schoeman, *Die krisis in Suid-Afrika, 1952 ...*, p. 80. Schoeman kursiveer.

⁸⁸ D.M. Scher, Defaming the Holocaust, *Kleio* 21, 1989, pp. 23-24; Anon., Ensuring that Holocaust stories 'never die!', *S.A. Observer* 29(10), November 1984, pp. 4-5.

⁸⁹ Anon., Ensuring that Holocaust stories 'never die!', *S.A. Observer* 29(10), November 1984, p. 7. *S.A. Observer* kursiveer.

Richard Verrall se omstrede pamflet, *Did six million really die?*, is deur die *S.A. Observer* en *Die Afrikaner* in Suid-Afrika versprei. Die bestaan van Suid-Afrikaanse wetgewing wat vir die verbanning van ongewenste materiaal en die vervolging van diegene wat vyandigheid tussen rassegroepe aanwakker, voorsiening maak, het dit vir die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes moontlik gemaak om 'n beroep op die Direkoraat van Publikasies te doen om die boek volgens die Publikasiewet van 1974 te verban. In Junie 1976 is die publikasie dan ook as ongewens verklaar en die verdere verspreiding daarvan is verbied. S.E.D. Brown en Helmut Hansel, sekretaris van die League Against Anti-German Propaganda, het onder andere in reaksie hierop appèl aangeteken. Hulle het aangevoer dat die werk 'n *bona fide* historiese dokument was en daarom buite die wet geval het.⁹⁰ "We of the South African Observer find it strange that a booklet such as 'Did six million really die?', which clearly is an attempt to get to the facts of the matter - and written in the interests of historical truth, and for the sake of the future of Western man - should be found by the Censor Board to be 'undesirable' We of the South African Observer, who have devoted time to research on the subject of the 'Six Million' - and devoted much space to the subject in its columns - intend now to appeal the banning decision ..."⁹¹

Die Joodse Raad van Afgevaardigdes het ondemeem om die nodige bewyse te verkry om die appèlaansoek teë te staan en Arthur Suzman, 'n advokaat en voorsitter van die Raad se komitee oor openbare betrekkinge, het saam met die uitvoerende direkteur, Denis Diamond, met dié doel na Europa vertrek. Die resultaat van hul navorsing is daarna in 'n beëdigde verklaring saamgevat wat ook die verklarings van enkele individue wat bereid was om in die saak te getuig, ingesluit het. Hieronder was Lord Shawcross, die vorige prokureur-generaal van Brittanje, en Lord Elwyn Jones, die destydse voorsitter van die Britse Hoërhuis, wat beide by die Nüremberg-verhore betrokke was, asook Gideon Hausner, die prokureur-generaal van Israel wat verantwoordelik was vir die verhoor van Adolf Eichmann. Historici soos Hugh Trevor-Roper, Raul Hilberg en John Toland, was bereid om teen die historiese valshede in die publikasie te getuig. Otto Frank het die geloofwaardigheid van sy dogter se dagboek bevestig, terwyl Albert Speer, Hitler se argitek, vertroueling en Minister van Oorlog, getuig het dat die vervolging van die Jode en die moord van miljoene van hulle wel plaasgevind het.⁹²

Die verklarings is as bewyse by die hof ingedien, maar Brown-hulle het dae voordat die verhoor in September 1977 sou plaasvind, hul appèl teruggetrek sonder om enige bewyse voor te lê. Die oorspronklike bevinding van die Publikasieraad het dérhalwe van krag gebly. Die Joodse Raad van Afgevaardigdes het hierna die bewyse wat hulle versamel het in boekvorm laat publiseer as *Six million did die: the truth shall prevail*. 'Harwood' se geloofwaardigheid is hierin vernietig deurdat daar aangetoon is hoe hy sy bronne vervals het, die waarheid verdraai het en hoe hy leuens, verkeerde aanhalings of aanhalings buite konteks, foutiewelike toeskrywings, vervalste statistiek en die

⁹⁰ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, p. 18.

⁹¹ S.E.D. Brown, *Did six million really die? - an appeal against banning*, *S.A. Observer* 21(3), August 1976, p. 8.

⁹² D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, p. 19.

doelbewuste weglating van afwysende gedeeltes in sy bronne, gebruik het om sy teorie te probeer staaf.⁹³ Brown het in reaksie op die publikasie verklaar: "We agree with the Jewish Board in South Africa that the truth about the 'six million' will prevail in the end, but we do so for quite different reasons: Were we to publish a book, as they have done, its title would be, 'Yes, Six Million Did Not Die.!' "⁹⁴

Brown het as verduideliking vir hul onttrekking aan die saak verklaar: "We do so primarily and solely because we do not have the financial resources to pursue a case which, as a result of certain developments and possible developments, could carry on indefinitely and involve us in unlimited costs. In withdrawing our appeal we do not depart one iota from our firm belief that the allegation that six million Jews died during the second world war as a direct result of an official German policy of extermination is unfounded and cannot stand up to competent, objective and truthful investigation of the extermination question."⁹⁵ Hansel het terselfdertyd die volgende verskoning aangevoer: "... having studied the argument presented in favour of the banning we are still convinced that this publication could stimulate historical fact finding. However, we are not interested in becoming involved in a monstrous law suit merely to have this booklet readmitted to the open market. We are particularly concerned about the political implications which our opponents have dragged into this matter, and we doubt whether a continuation of the argument would at present be in South Africa's interest."⁹⁶

Enkele Revisioniste het Suid-Afrika deur die jare besoek waaronder Thies Christophersen, 'n oud-lid van die SS, 'n leidende Revisionis en een van die sogenaamde 'ooggetuies' van die Holocaust-ontkenningsindustrie. In 1973 het hy in *The Auschwitz lie* beweer dat hy in 1944 by Auschwitz as landbounavorser diens gedoen het en dat die kamp nooit vir die uitwissing van die Jode gebruik is nie. In 1976 is Christophersen in Denemarke vir die publikasie van Nazi-propaganda gevonnissen en in 1981 is hy nege maande tronkstraf vir 'n soortgelyke oortreding opgelê. Hy het egter sy inhegtenisname tot 1983 ontduik.⁹⁷ Sy uitgewery, Kritik Verlag, het teen die vroeë tagtigerjare 'n wye verskeidenheid regse materiaal versprei, waaronder sy eie regse rustieke en patriotiese tydskrif, *Die Bauernschaft*, wat gedurende die middel tagtigerjare onder Duitse en buitelandse Nazi-groepe versprei is.⁹⁸ Christophersen het Suid-Afrika al by verskeie geleenthede besoek en was teenwoordig by die Hess-gedenkdienste in 1987. Artikels uit sy *Bauernschaft* is gereeld in *Der Deutsch-Südafrikaner* en *Afrika Spiegel* gepubliseer.

David Irving is ook 'n gereelde besoeker aan Suid-Afrika en het veral sterk bande met Clive Derby-Lewis, vir wie hy aan die Western Goals Institute bekendgestel het, opgebou. In Februarie 1992 het Irving, wie se omstrede uitsprake 'n lasbrief vir sy inhegtenisname in Oostenryk teweeggebring het, 'n

⁹³ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, pp. 19-20.

⁹⁴ Anon., *Yes, Six million did not die*, *S.A. Observer* 22(10), June 1978, p. 5. *S.A. Observer* kursiveer.

⁹⁵ S.E.D. Brown, *Appeal against banning withdrawn*, *S.A. Observer* 22(3), September 1977, p. 13.

⁹⁶ H. Hansel, *Second letter*, *S.A. Observer* 22(3), September 1977, p. 14.

⁹⁷ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 129; R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 331.

⁹⁸ C. Ó'Maoláin, *The radical right*, p. 129.

besoek aan Suid-Afrika afgelê om 'n reeks lesings oor die Holocaust aan te bied. Hy het onder meer beweer dat Hitler nie van die massamoorde op die Jode bewus was nie, dat die massamoorde in gaskamers in werklikheid 'n legende was waarvoor daar geen bewyse bestaan nie, en dat die gaskamers self eers na die oorlog as toeriste-aantreklikhede gebou is.⁹⁹

4. Die Konserwatiewe Revolusie

Die term Konserwatiewe Revolusie het gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu na 'n ideologiese aanval op moderniteit en die idees en instellings wat die liberale, sekulêre en industriële samelewing onderlê het, verwys. Die aanhangers hiervan het elke aspek van die kapitalistiese samelewing en dié se materialisme verwerp, die geestelike leegheid van 'n kommersiële beskawing, en die verval van verstandelike vermoëns en waardes binne 'n massasamelewing, gekritiseer. Die konserwatiewe revolusionêres het die sosialiste vir hul internasionalisme, en die liberaliste vir hul pasifisme en onbelangstellendheid jeens nasionale grootsheid, veroordeel. Hulle het hulself as die ware voorstanders van nasionalisme voorgedou, die idee van 'n nasionale redding oorheenliggend hul ontevredenheid met die liberale kultuur gelê, en groter nasionale gesag en eenheid bepleit. Hul verlange na 'n nasionale heldhaftigheid het tot 'n verering van geweld gelei wat hulle met argumente vanuit die Sosiaal-Darwinisme en rassisme probeer regverdig het.¹⁰⁰

Die oorsprong van die konserwatiewe revolusie-gedagte kan tot die negentiende eeu en in Duitsland spesifiek na die idees van Paul Lagarde, Julius Langbehn en Moeller van den Bruck, teruggevoer word. Hulle was almal gekant teen die moderniteit en die gepaardgaande opkoms van die liberalisme en sekularisme. Hulle het teen die verlies van geloof, eenheid en waardes gewaarsku en hulself as profete, wat die weg na 'n nasionale hergeboorte moes wys, beskou. Alhoewel die ideologie 'n pan-Europese verskynsel was, was dit slegs in Duitsland dat dit 'n sterk invloed op die intellektuele klasse aan die einde van die vorige eeu gehad het. Hierdeur het dit 'n intellektuele en politieke mag geword wat ook die opkoms van die Nasionaal-Sosialisme beïnvloed het.¹⁰¹

'n Belangrike bron van inspirasie vir die hedendaagse konserwatiewe revolusionêres of Nuwe Regses is dan ook die sogenaamde nie-Nazi Duitse fascisme van die tussenoorlogse jare waarvan Armin Mohler die grootste eksponent was. Mohler het die gebruik van die term Konserwatiewe Revolusie gewild gemaak en dit met 'n ultra-regse revolusie geïdentifiseer wat die tipiese fascistiese siening dat daar in 'n waterskeiding tussen 'n era van liberale verval en hergeboorte geleef word, beklemtoon het. Ander bevorderaars van die gedagte wat deur die Nuwe Regses vereer word, was Oswald Spengler, Friedrich Nietzsche, Ernst Jünger en Moeller van den Bruck.¹⁰² Die kontemporêre revolusionêre konserwatisme, wat ook deur die negentiende-eeuse Sosiaal-Darwinisme en die gepaardgaande

⁹⁹ Anon., 'Hitler was nie van gaskamers', *Transvaler*, 1992-02-19.

¹⁰⁰ F. Stern, *The politics of cultural despair*, p. xx.

¹⁰¹ F. Stern, *The politics of cultural despair*, pp. xi, xvi, xviii, xxiii, xxvi.

¹⁰² R. Griffin (ed.), *Fascism*, pp. 351-352, 356.

erflikheidswette beïnvloed is, word deur anti-liberale en anti-kapitalistiese denke en 'n gekantheid teen die gelykheidsleer en die utopiese wêreldhervormingsdrome van die sosialisme, gekenmerk.¹⁰³

Pierre Krebs is die belangrikste ideoloog van die Duitse Nuwe Regse-beweging wat die daarstelling van die grondslae van 'n kulturele revolusie beklemtoon. Dit sluit onder meer in die verwerping van die gelykheidsleer ten gunste van die verskeidenheidsgedagte, die sogenaamde Joods-Christendom ten gunste van 'n Indo-Europeanisme, die Verligtingshumanisme vir 'n organiese humanisme, en pluralisme en rassevermenging vir die regte van volke om elk 'n afsonderlike identiteit te handhaaf. In 1980 het Krebs, wat van mening is dat metapolitieke kulturele omvorming die voorwaarde vir politieke verandering is, die Thule Seminar in Duitsland gestig om hierdie allesomvattende Europese hergeboorte teweeg te bring.¹⁰⁴ Die woord Thule (of oerstreek), die naam wat die Griekse seevaarder, Pytheas van Massalia, in 300vC aan die noordelikste landgedeelte wat hy ontdek het, gegee het, was volgens Germaanse oorleweringe 'n eiland in die hoë noorde en die eindpunt van die bekende wêreld. Dit woord is ook gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeue deur die ariosofiese beweging in Duitsland gebruik ter weerspieëling van hul magiese verering van die ou Germane.¹⁰⁵

In Suid-Afrika het heelwat van die idees van die konserwatiewe revolusie gedurende die vroeë negentigerjare in die maandblad *VEG* tot uiting gekom. Die tydskrif het onder meer artikels oor die samesweringsgedagte asook uittreksels uit werke van die Europese Nuwe Regses gepubliseer. In die Julie 1991-uitgawe is byvoorbeeld 'n artikel wat een van die beweging se grootste ideoloë en een van die stigters van GRECE, Alain de Benoist, oor die demokrasie geskryf het, geplaas. Enkele van die kenmerke van die beweging soos dit in Suid-Afrika tot uiting gekom het, waaronder die romantiese nasionalisme, anti-liberalisme, anti-materialisme, die beklemtoning van etnisiteit en die elitêre samelewingsbeskouing, sal vervolgens bespreek word.

a. Die romantiese nasionalisme

Die Nuwe Regses is behep met 'n romantiese nasionalisme en die utopiese verlede van die sogenaamde Ariërs waarna hulle as Indo-Germane of Indo-Europeërs verwys om vergelykings met die Nazi's te voorkom. In die April/Mei 1991-uitgawe van *VEG* is 'n resensie deur Pierre Krebs van 'n boek wat deur Jean Haudry oor die Indo-Europeërs geskryf is, geplaas. Dit het oorspronklik in die Duitse Neue Rechte-tydskrif *Elemente*, wat die herlewering van die Europese kultuur beklemtoon, verskyn. Volgens Haudry was die samelewingsstruktuur binne die Indo-Europese kultuur hoofsaaklik van 'n organiese aard en met 'n streng hiërargiese ordening waarin stamverwantskap en grondbesit van groot belang was.¹⁰⁶ Krebs het in sy resensie onder meer aangevoer: "... wanneer Jean Haudry die herinnering oor ons herkoms in ons opwek, gee hy ons nie net 'n waardevolle werktuig in die hand

¹⁰³ J. Vinks, Links en regs: die sin of onsin van 'n politieke indeling, *VEG* 23, April 1995, p. 16.

¹⁰⁴ R. Griffin (ed.), *Fascism*, p. 348.

¹⁰⁵ Sien N. Goodrick-Clarke, *The occult roots of Nazism*, p. 145; "Thule", Microsoft *Encarta 97 Encyclopedia*.

¹⁰⁶ P. Krebs, Ons wil wees wat ons is, *VEG* 10, April/Mei 1991, pp. 19-21.

nie, maar ook 'n onvervangbare hulpmiddel in die oorlewingstryd van ons Europese volke en ons kultuur. Ons ken nou ook die wortels van ons erfenis en kan die plig nie meer ontwyk nie om dit te beskerm en om doeltreffende verteenwoordigers daarvan te wees."¹⁰⁷

Volgens die aanhangers van die romantiese nasionalisme was die ou Germane, die voorouers van die hedendaagse Westerse volke, verantwoordelik vir die val van die Romeinse Ryk. Hierdie Ryk was volgens hulle moreel en geestelik verval en moes vernietig word voordat vernuwing kon plaasvind, 'n rol wat deur die Germaanse invallers vervul is: "Oor die heuwels kom hulle gestroom. Duisende barbare besiel met 'n strewe om die verval voor hulle oë uit te vee. Gespierde goue reuse met baarde wat in die rebelse wind swiep. Met buitende staaarms wat breed beblaaide byle swaai, bulder hulle die boodskap van rewolusie uit. Van 'n wêreld wat weer skoonheid waardeer, 'n orde waarin liefde vir die eie gekoester word. Dit het tyd geword, bulder die hemele terwyl weerligstrale om die vegters val, asof natuur en wese vereng is in die stryd teen euwel, dat die strewe na die lig, na natuurlike prag weer versterk vereis."¹⁰⁸ Hierdie oordrewe romantiek en bewondering vir die Germane is selfs met die Suid-Afrikaanse konteks in verband gebring: "In die woorde van die Nordiese barbare wat die weg van vooruitgang voorberei het roep ons uit: 'Ons is die volk wat ontwaak uit die slaap van die dood. Ons is die nuwe Hoop. Ons bring weer vryheid en brood aan 'n sterwende en verslaafde volk. Laat die swaard van waarheid die leuen onthoof. Hierdie land wat gebore is uit 'n rewolusie en aan ras en hoop geskenk is sal weer aan die wêreld die glans van vryheid gee en die grootsheid van die oneindige strewe na die lig gee.' Want ons is werklik die nuwe barbare!"¹⁰⁹

Hierdie emosioneelbelaaide sienings vind sterk aansluiting met die Odinisme of Wodanisme wat beweer dat die sogenaamde Joodse Christendom die wit man se 'Ariese siel' in 'n vreemde filosofie vasgevang het. Die Odinisme is gebaseer op die mitologie van die Vikings en stel voor dat die gode van die ou Nordiese panteon waarvan Odin of Wodan die hoofgod was, weer aanbid moet word. Hulle is ook ten gunste van die bevordering van rassebewustheid en Ariërisme.¹¹⁰ Die Odinistiese godsdiens weerspieël die Nordiese voorvaders se dapperheid, kragdadigheid en entoesiasme, hul intense getrouheid aan volksgenote en leiers, en hul voorkeur vir eerlike en opregte mense. Die studie van die mitologie word nie deur die Odiniste gesien as 'n ontsnapping van die werklikheid nie, maar as 'n soeke na groter kennis van die menslike gees: "Deur uit te reik na die mistige heuwels waar die gode eens gewandel het en na die donker dieptes waar monsters eens geskuil het ontdek ons dalk die pad huis toe. Sal ons dalk onverwags ons geestessiel ontsluit om na die lewe te kyk met nuwe oë omdat ons uiteindelik weet waar ons vandaan kom."¹¹¹

¹⁰⁷ P. Krebs, *Ons wil wees wat ons is*, VEG 10, April/Mei 1991, p. 21.

¹⁰⁸ D. Pols, *Nordiese bloed en eer*, *Dexter* 3(5), Augustus 1992, p. 14.

¹⁰⁹ D. Pols, *Nordiese bloed en eer*, *Dexter* 3(5), Augustus 1992, p. 14.

¹¹⁰ B. Klassen, *Rahowa!*, p. 187, 192.

¹¹¹ D. Pols, *Odinisme*, *Dexter* 3(5), Augustus 1992, p. 14.

b. Anti-liberalisme, anti-materialisme en die beklemtoning van etnisiteit

Die Nuwe Regses is sterk teen die liberalisme, kommunisme en materialisme gekant. Meinhard Peters het in 'n artikel aangedui dat die mensbeeld-verskynsels van die ekstreme individualisme en die ideologie van die massamens, en so ook die kapitalistiese wêreldbeeld en die dialektiese materialisme, dieselfde oorsprong het en nou aan mekaar verwant is: "Die kreet van die Franse rewolusie, "Vryheid, Gelykheid en Broederskap", hou oënskynlik 'n belofte in vir die individu, maar in wese is dit 'n sug van die massamens. Wat die individu gekry het, is 'vryheid' sonder identiteit, 'gelykheid' sonder opheffing, en 'broederskap' sonder liefde. Ironies bly hierdie kreet nog die filosofiese ondergrond van beide die eietydse individualisme en eietydse kollektiwisme."¹¹² Volgens Peters is "[a]lbei ... potensiële bestanddele van 'n nuwe, valse godsdiens, die godsdiens van die individu òf die godsdiens van die massamens. Elkeen van hierdie mensbeelde het sy eie onvrugbare, ideologiese gestalte gekry in New York sowel as in Moskou; terwyl die massamens óók in Amerika woon en die eksistensiële mens óók in Rusland."¹¹³

Peters voer aan dat hierdie mensbeelde die biologiese grondslag van menslike verskeidenheid en die implikasies daarvan vir sosiale denke onderdruk en verswyg, en daarom noodwendig die uitwissing van sosiale grense teweeg sal bring: "Rasse- en volksgrense moet as hindernisse verwyder word sodat 'menseregte' en 'vryheid' sy volle loop sal neem. ... Die sosiale verbande van gesin, familie, gemeenskap en die eie volk, waaruit 'n mens se 'regte' organies afgelei behoort te word, word vervang met 'n politiek-ideologiese begroning van 'regte' in 'n abstrakte, algemene mensdom wat geen grense of onderskeid erken nie."¹¹⁴ In teenstelling hiermee stel Peters die sosiobiologiese model, wat die biologiese basis van sosiale gedrag sowel as die idee dat die Westerse beskawing slegs deur die handhawing van die Westerse volke se eiesoortige kulture opgebou kan word, erken, as uitgangspunt voor: "Die volksverband is uiteindelik biologiese- én kultuurverband. Deur dit te negeer eindig die Weste by die abstrakte enkeling en die identiteitslose, siellose massa. Laasgenoemde sienings van die mens maak die Weste weerloos teen die dialektiese materialisme, en weerloos teen die materialistiese waardestelsel van die kapitalisme."¹¹⁵

Die sosiobiologiese mensbeeld herstel volgens Peters die belang van die geskiedenis, omdat dit na die wortels van die bestaan en na die wording van die huidige samelewingstrukture en daarom ook die onderliggende kulturele waardes, teruggaan. Omdat die volksmens en die rasmens die individuele wil versterk en die weerbaarheid van die groep verhoog, moet rassebewustheid en blanke rassessolidariteit volgens hom as deel van 'n strategie vir die verdediging van die witman beklemtoon word. Omdat natuurlike verskeidenheid noodwendig funksioneel tot 'n totale skeppingsorde is, sal die klem op rassebewustheid ook die verband van die mens met die natuur herstel. Hierdie ingebore drang om aan 'n eiesoortige groep te behoort, veroorsaak dat die individu groter individuele

¹¹² M. Peters, Individu en massa: twee uitgangspunte wat verwerp moet word, VEG 8, Februarie 1991, p. 5.

¹¹³ M. Peters, Individu en massa ..., VEG 8, Februarie 1991, p. 5.

¹¹⁴ M. Peters, Individu en massa ..., VEG 8, Februarie 1991, p. 6.

¹¹⁵ M. Peters, Individu en massa ..., VEG 8, Februarie 1991, p. 7.

ontplooiing binne die groep vind sonder dat sy persoonlike identiteit verlore gaan.¹¹⁶ Volgens Peters bring ras "... die edele in 'n mens na vore, veral omdat dit die manifestasie van sedelike wilskrag moontlik maak. Dit is asof die selfbewussyn van die rasmens oorgaan in 'n offerbereidheid vir die ras en 'n bereidwilligheid om individuele belange ondergeskik te stel aan die eise van 'n historiese lewensverband. Deur die volk en die ras te dien, word die individu gedien."¹¹⁷

Konrad Lorenz (1903-1989) het in 1973 die Nobelprys vir sy ontdekking van gedragpatrone by diere ontvang en word beskou as 'n pionier van die Etologie, die studie van die gedrag van diere in hul natuurlike omgewing. Hierdie studieveld kan ook op die mens en sy beskawings toegepas word. Lorenz het aangevoer dat gedrag uit 'n verre biologiese verlede oorgeërf is en sy klem op die instinktiewe aard van gedragpatrone in teenstelling met die idees van die gedragsteorie, het hom heelwat kritiek op die hals gehaal. Sy bevindings het vir die konserwatiewe revolusionêres 'n skaduwee gewerp op die linkse utopiese drome van die pasifisme, die geloof in die ingebore goedheid van die mens, en die gelykmakingsdogma van die gelykheidsleer. Hiervolgens sou evolusie vir die Nuwe Regses altyd verdere opwaartse en uitwaartse ontwikkeling beteken en kan die mens derhalwe sy eie bestemming bepaal. Binne 'n politieke konteks bring dit hoop vir die vervalde beskawing, omdat die mens deur die bepaling van sy eie lot ook die gevaar van agteruitgang kan afweer.¹¹⁸

Die Nuwe Regses beskou die fisiese en psigiese verskille tussen rasse as die gevolg van isolasie, natuurlike seleksie en aanpassings aan die eise van die omgewing. In 'n artikel in *VEG* is aangevoer dat daar bevind is dat breinvolume met 'n afname in omgewingstemperatuur toeneem, en dat die aanpassing van swartes by 'n tropiese klimaat derhalwe nie die ontwikkeling van 'n aktiewe brein begunstig het nie. Alhoewel die skrywer erken het dat breinvolume nie 'n aanduiding van intelligensie is nie, het hy beweer dat verskeie toetse bewys het dat die swarte se gemiddelde IK laer as dié van die blanke is. Volgens hierdie sienings verskil rasse kwantitatief in die graad van inherente hoedanighede en sal gelykstelling derhalwe nie fundamentele rasseverskille uitwis nie, maar eerder rassewrywing verskerp.¹¹⁹

c. Elitisme en die aristokratiese wêreldbeskouing

Walter Helm, 'n medewerker van *VEG* en 'n bekende Nazi, het 'n aristokratiese wêreldbeskouing voorgestel om die liberalisme die hoof te bied. Volgens Helm is dit die mens se lotsbestemming om rasse opsetlik en stelselmatig te behou, en omdat die blanke ras hieraan uiting gee, is dié bestem om as ordeningsfaktor op te tree en die leiding te neem. Helm het gepleit dat die bevorderingsplig van die behoud en die ontplooiing van die eie ras die hoogste prioriteit moet geniet. Omdat hierdie

¹¹⁶ M. Peters, *Individu en massa* ..., *VEG* 8, Februarie 1991, pp. 7-8.

¹¹⁷ M. Peters, *Individu en massa* ..., *VEG* 8, Februarie 1991, p. 8.

¹¹⁸ Anon., *Konrad Lorenz en die oorsprong van gedrag*, *VEG* 21, Oktober 1993/4, pp. 16-19.

¹¹⁹ J.D.J. Hofmeyer, *Rasseverskille deel 1: raseienskappe en intelligensie*, *VEG* 8, Februarie 1991, pp. 11-13; J.D.J. Hofmeyer, *Rasseverskille deel 2: die valsheid van 'gelykstelling'*, *VEG* 9, Maart 1991, pp. 8-10.

lewensbeskouing deur die liberalisme ontken word, is die liberalis die doodsvyand van die blanke ras wat op die politieke terrein die demokrasie vir die vernietiging van die blanke gebruik.¹²⁰

Helm voer aan dat alle liberalistiese inrigtings anti-aristokraties georiënteerd is en dat die parlementêre demokrasie die heerskappy van minderwaardiges in die hand werk. Dit is derhalwe vir hom noodsaaklik dat enige polities-georiënteerde aktiwiteite die totale vernietiging van die liberalisme en dié se instellings ten doel het. Daar is vir Helm niks in die gedagte-wêreld van die liberalisme wat aanvaarbaar is nie en aangesien dit nie gesuiwer of verbeter kan word nie, moet dit vernietig word. Om dit te kan doen "...moet 'n aristokrasie in die lewe geroep word, wat tot 'n indrukwekkende lewensopvatting opgevoed moet word, en wat die lede daarvan tot doeltreffende optrede verplig."¹²¹

Helm het beweer dat 'n opwaartse ontwikkeling nie sonder die massale bestaan van 'n keurkorps, wat oor 'n lang tyd geselekteer is, kan plaasvind nie. Die grondslag van leiding berus volgens hom op die oortuiging dat slegs die behoud en ontwikkeling van die eie ras of volk, die opoffering van die bestes regverdig. In plaas daarvan om die lewensomstandighede van die huidige te verbeter, is dit eerder die leierskorps se plig om 'n menswaardige lewe vir die nasate moontlik te maak. Die bereidwilligheid van die massa om hierdie onselfsugtige werk te doen, kan net deur leiers verkry word wat vertroue en gesag by hulle inboesem, en die aristokrasie kan derhalwe slegs vanuit 'n magposisie leiding gee.¹²²

Volgens Helm word die aristokrasie gekenmerk deur beginselvastheid, pligsgevoel, 'n beroep op eer, moed en dapperheid, 'n verbondenheid aan die verlede op grond van die heroïese selfopoffering van die voorsate, inisiatief en 'n verantwoordelike gevoel vir die toekoms, 'n oproep tot selftug en dissipline, 'n uitdaging tot offervaardigheid en die konsep van vryheid as individuele pligsvervulling. In onversoenbare kontras hiermee staan die verbruikersproletariaat wat gekenmerk word deur opportuniste, aanmatiging van individuele regte, prikkeling deur drif en begeerte, die afmaking van die heroïese as onnoselheid, beloftes om die welsyn van die hedendaagse te bevorder, selfsugtigheid, die opvoeding van die massa tot verbruikersgepeupel, en die beskouing van vryheid as geslaagde pligsversuim.¹²³

Hierdie elitêre beskouings vind saam met die ander idees van die konserwatiewe revolusie soos die romantiese nasionalisme en dié se klem op 'n veronderstelde heroïese verlede, die beweging se gekantheid teen die liberalisme, kommunisme, materialisme en die gelykheidsleer, en die beklemtoning van etnisiteit en rasseverskille, 'n direkte aansluiting by fascistiese denke. Dit bied 'n lewensbeskouing wat die kontemporêre verval diagnoseer en 'n moontlike redding in die vooruitsig stel en verskaf 'n intellektuele basis ter regverdiging van fascistiese aktiwiteite. Die Historiese Revisionisme wat nie 'n uitsluitlik fascistiese kenmerk is nie en deel van die breë anti-Semitiese verskynsel uitmaak, het op 'n soortgelyke wyse 'n aantrekkingskrag vir fasciste. Sekere drukgroepe

¹²⁰ W.R. Helm, 'n Aristokratiese wêreldbeskouing, VEG 10, April/Mei 1991, pp. 6-7.

¹²¹ W.R. Helm, 'n Aristokratiese wêreldbeskouing, VEG 10, April/Mei 1991, p. 7.

¹²² W.R. Helm, 'n Aristokratiese wêreldbeskouing, VEG 10, April/Mei 1991, pp. 7-8.

¹²³ W.R. Helm, 'n Aristokratiese wêreldbeskouing, VEG 10, April/Mei 1991, p. 8.



en regse politieke partye se ultra-nasionalisme en rassisme, anti-kommunisme, anti-liberalisme en simpatieke beoordeling van die Joodse samesweringsgedagte, vind ook aansluiting by fascistiese ondersteuners. Hierdie neo-fascistiese idees van die krypto-fascisme, Holocaust Revisionisme en die konserwatiewe revolusie, dien grootliks om die verskille tussen die ver-regses en fasciste te oorbrug en om nasionale en internasionale bande binne die fascistiese netwerk te verstewig. Hiermee word die bespreking van die ontwikkeling van die fascisme in Suid-Afrika dan ook afgesluit en sal daar vervolgens in die slothoofstuk na die ideologiese beginsels wat die verskynsel in Suid-Afrika ten gronde lê, gekyk word.

HOOFSTUK VI

DIE IDEOLOGIESE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE FASCISME

*"No one must lightly dismiss the question of Race. It is the key to World History and it is precisely for this reason that written history so often lacks clarity. It is written by people who do not understand the race question and what belongs to it... Language and religion do not make a race, only blood does that."*¹

- Disraeli

1. Europese en Suid-Afrikaanse ideologiese grondslae

Die bepaling van die oorsprong van die fascisme, en derhalwe ook die ideologiese veronderstellings wat dit ten grondslag lê, is problematies en word deur die verskillende benaderings van navorsers bemoelijk. Sommige skrywers voer die wortels van die fascisme tot die negentiende eeu terug, terwyl andere dit as 'n uitsluitlik twintigste-eeuse verskynsel beskryf. Die intellektuele basis van die fascisme omvat ook strydige idees oor ras, godsdiens, ekonomie, sosiale welsyn en moraliteit. Hayes het gevolglik aangevoer dat die fascisme uit 'n verskeidenheid idees wat uit verskillende kulture oorgeneem is, bestaan en daarom amper as internasionaal beskou kan word. Die fascisme is in der waarheid 'n kombinasie van teenstrydige ideologieë en praktiese aanpassings van die teorie in 'n poging om aan belangrike institusionele, administratiewe, ekonomiese of sosiale eise te voldoen. 'n Samehangende beeld van die fascistiese teorie kan wel met die ondersoek van hierdie idees en die historiese omstandighede wat dit help vorm het, geskep word.²

Baie van die idees wat die Europese en Suid-Afrikaanse algemene fascisme onderlê, vorm die grondslag van 'n verskeidenheid teenstrydige ideologieë en was reeds vir eeue binne die Westerse beskawing aanwesig. Na die Eerste Wêreldoorlog is dit in sekere kombinasies en volgens verskeie omstandighede in die fascisme as een van hierdie ideologieë gekombineer, waarna dit na die na-oorlogse bewegings oorgedra is en as voorbeeld dien van hoe iets nuut uit die oue geskep kan word. Alhoewel die Suid-Afrikaanse fascisme, as 'n onderdeel van die breëre Westerse beskawing en dié se verskynsels, grootliks deur die Europese strominge gevoed is, het elemente vanuit eie bodem en meer spesifiek die Afrikanemasionale ideologie soos vertolk deur die ultra-regse politieke beweging, ook 'n invloed gehad. Daar sal vervolgens na sekere van hierdie aspekte, wat uit die voorafgaande hoofstukke afgelei is, gekyk word ten einde tot 'n finale gevolgtrekking oor die ideologiese grondslae van die Suid-Afrikaanse fascisme te kom.

Enige ideologiese beskouing kan as 'n versameling van idees, waardes en doelstellings wat op die sosiale orde inwerk, beskou word. Dit omvat gewoonlik alle uitdrukkings van menslike denke wat as werklikhede deur die aanhangers daarvan uitgeleef word. 'n Ideologie kan egter ook ideaal-tipes volgens 'n kern van gemeenskaplike waardes en geskiedsbeskouings omskryf word.³ In die

¹ Aangehaal in S.A. *Observer* 30(6), October 1985, p. 14.

² P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 17-19.

³ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 15-17.

vooraangaande hoofstukke is die fascisme algemeen gedefinieer as 'n politieke ideologie wat die palingenetiese ultra-nasionalisme, rassisme, revolusionêre idealisme, die elitisme en die idee van die totalitêre staat, sowel as 'n korporatiewe tipe selfonderhoudende ekonomiese beleid, voorstaan. Die Europese grondslae van hierdie ideologiese kenmerke het ook op Suid-Afrikaanse bodem op verskeie maniere tot uiting gekom.

a. Palingenetiese ultra-nasionalisme

Hayes wys daarop dat die opkoms van nasionalisme 'n groot rol in die ontstaan van die fascistiese bewegings van die tussenoorlogse tyd gespeel het.⁴ Die nasionalisme kan as 'n gedagtestelsel waarin die nasie sentraal geplaas word, gedefinieer word. Die nasie of volk moet volgens nasionaliste bestendig en verkieslik in 'n eie, soewereine staatsverband in stand gehou word, die welsyn daarvan moet bevorder word en dit moet die hoogste liefde, trou, eer en lojaliteit ontvang. Die volk verteenwoordig sekere gemeenskaplike kenmerke, waardes en belange wat aan dit 'n bepaalde identiteit verleen en dit van ander volkere onderskei.⁵ Gemeenskaplike rassekenmerke kan ook beklemtoon word en in hierdie verband verklaar Hertz dat die moderne nasionalisme en rassehaat altyd bereid is om rasionele en ervaringsgegronde argumente ten gunste van die irrasionele verheerliking van die mistieke volksiel, instink en die sogenaamde 'stem van die bloed', te verwerp.⁶

Die besit van gemeenskaplike kodes, gedeelde simbole, mites van 'n gemeenskaplike oorsprong vanaf 'n veronderstelde en gewoonlik heroïese voorvader, en selektief onthoude herinneringe aan 'n gemeenskaplike historiese verlede, vorm volgens Smith 'n unieke kollektiewe kulturele identiteit en 'n roepingsgevoel by 'n volk. Mites van etniese uitverkorenheid is volgens hom noodsaaklik vir langtermyn etniese oorlewing. Dit help om samelewings te mobiliseer deurdat dit 'n gemeenskap tot uitbreiding en oorlog kan aanmoedig en 'n groep se gehegtheid aan 'n spesifieke historiese grondgebied kan versterk. Smith beskou dan ook die taal en simboliek van die moderne nasionalisme as 'n kontemporêre plaasvervanger van hierdie eeue oue beskouing van etniese voorbeskikking.⁷

Die ontstaan van die nasionalisme kan tot die ontbinding van die sosiale orde in Europa aan die einde van die Middeleeue, toe state gewoonlik op godsdienstige of dinastiese bande gebaseer was, teruggevoer word. Nasionalisme het egter eers teen die agtiende eeu as 'n beweging begin verskyn. Met die uitbreek van die Franse Revolusie in 1789 is 'n keerpunt in die ontwikkeling daarvan ingelei deurdat lojaliteit daarna nie meer aan die heerser nie, maar slegs aan die vaderland verskuldig was. Gedurende die negentiende eeu het verskeie nasiestate tot stand gekom en die beweging na groter

⁴ P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 53-55.

⁵ D.J. Kotzé, *Nasionalisme I: 'n vergelykende studie*, p. 19.

⁶ F. Hertz, *Nationality in history and politics*, pp. 271-172.

⁷ A.D. Smith, Chosen peoples: why ethnic groups survive, *Ethnic and Racial Studies* 15(3), July 1992, pp.438, 440, 445-446, 449-450.

nasionale selfbeskikking was dan ook grootliks verantwoordelik vir die uitbreek van die twee wêreldoorloë in die vroeë twintigste eeu. Na die Tweede Wêreldoorlog het hierdie gees na die Westerse kolonies uitgebrei waar dit 'n einde aan die kolonialisme gebring het en veroorsaak het dat nasionalisme steeds 'n belangrike vormende mag binne die internasionale politiek is.⁸

Laat negentiende-eeuse Europa is die eerste deur sekularisasie en die gevolglike ontbinding van die tradisionele politieke stelsels, die opkoms van wetenskaplike rasionalisme, die nasiestaat en liberale politiek, populistiese nasionalisme en 'n wye verskeidenheid sosialistiese en ultra-konserwatiewe politieke stelsels beïnvloed. Dit is alles deur die ontbinding van die feodalisme, die opkoms van kapitalisme, verstedeliking, industrialisasie, sosiale mobiliteit en die ander komponente van modernisasie aangehelp. Teen die einde van die eeu was 'n gevoel van die mislukking van die Westerse beskawing algemeen in intellektuele en kultuurkringe aanwesig. Hierdie sogenaamde *fin de siècle*-sindroom het in 'n verskeidenheid nie-politieke en politieke redenasies ten opsigte van godsdiens, spiritualiteit, moraliteit en kultuur, estetika, teorieë aangaande die evolusie van menslike samelewings of ras, en die letterkunde, tot uiting gekom ten einde 'n herlewing van die gewaarde ontaarde en vervalde Westerse beskawing te bewerkstellig.⁹

Hierdie hergeboortemite bevat 'n konstante of argetipe van menslike mitevormende denke en was nog altyd 'n onderdeel van verskeie wêreldbeskouings en waardestelsels. Die populistiese weergawe van die ultra-nasionalisme is volgens Griffin egter kultuur-spesifiek en van 'n meer onlangse oorsprong. Populistiese nasionalisme, van 'n onvrysinnige en anti-liberale aard, het die gaping gevul wat deur die ontbinding van die tradisionele samelewing- en godsdiensstrukture aan die einde van die Middeleeue gelaat is. Hierdie nasionalisme, wat die volk as 'n mitiese samevoeging of 'denkbeeldige samelewing' gesien het, het in samehang met die herlewingsmites, teen die vroeë twintigste eeu in 'n nuwe anti-konserwatiewe, revolusionêre en onvrysinnige variant, naamlik die palingenetiese ultra-nasionalisme of fascisme, verander.¹⁰

Die totstandkoming van die kontemporêre regse politieke beweging in Suid-Afrika, en derhalwe ook die fascisme, kan teen die agtergrond van die opkoms van Afrikanemasionalisme verklaar word. Afrikanemasionalisme was egter nooit 'n monolitiese beweging nie en is in sy ontwikkelingsgeskiedenis deur ideologiese, sosio-ekonomiese en streeksverskille gekenmerk. Die blanke koloniste aan die Kaap het teen die agtiende eeu 'n eie identiteit begin ontwikkel wat deur hul isolasie met die onderskeie stamlande, hul konflik met die Khoisan en swartes, en hul stryd met die Britte se imperiale beleid, aangehelp is. Die Afrikaner se selfbeskouing as 'n afsonderlike volk is hoofsaaklik deur twee lewensbeskouings beïnvloed. Die Calvinistiese beskouing van soewereiniteit in eie kring is teen die einde van die agtiende eeu deur die revolusionêre beginsel van volksoewereiniteit en mettertyd ook deur die Britse liberale vertolking daarvan, aangevul. Die

⁸ "Nationalism", Microsoft *Encarta 97 Encyclopedia*.

⁹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 203.

¹⁰ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 201.

ontwikkeling van die Afrikaanse volksidee en die ontstaan van 'n nasionalistiese beweging was 'n spesifieke gevolg van die laat negentiende-eeuse snelle industrialisasieprosesse, en is teen die vroeë twintigste eeu verder deur die nagevolge van die Anglo-Boereoorlog beïnvloed. Teen 1902 het die Afrikaner nie net sy politieke onafhanklikheid en ekonomiese voorspoed verloor nie, maar sy taal, kultuur en identiteit het ook die gevaar gestaan om te verdwyn. Gevolglik is 'n suksesvolle etniese mobilisasiebeweging sedert die twintigerjare van stapel gestuur wat grootliks daarin geslaag het om die volk weer ekonomies en kultureel te verhef. Verdeeldheid op politieke gebied het egter verdiep soos die verskille tussen die voorstanders van Afrikaner-eksklusiwiteit en politieke selfregering, en die aanhangers van 'n breër blanke Suid-Afrikaanse nasionalisme, beklemtoon is.¹¹

Vanaf die middel van die dertigerjare het Afrikanemasionalisme meer ideologies gegrond, aggressief en georganiseerd geraak en met Smuts se toetreding tot die Tweede Wêreldoorlog is die ou anti-Britse en anti-imperiale sentimente wat tydens die Groot Trek en twee Anglo-Boereoorloë gevestig is, weer opgeroep. Dit was ook die tydperk toe die fascistiese idees van die Europese Nuwe Orde Suid-Afrika binnegedring en tot 'n verskuiwing van die tradisionele inklusiewe nasionalisme na 'n meer outoritêre en eksklusiewe vorm van volksnasionalisme geleidelik het. Die intellektuele regverdiging van Apartheid en die moderne regse politieke ideologie kan ook tot 'n mate hierna teruggevoer word. Na die 1948-oorwinning van die NP is Afrikanerbelange en -welsyn deur die staat bevorder en beskerm en die Afrikanemasionale beweging het uiteindelik met die totstandkoming van die Republiek in 1961, waarmee Afrikanerdominansie binne die Suid-Afrikaanse politiek bevestig is, 'n hoogtepunt bereik. Omdat die beweging egter nooit eenvormig was nie, het die stryd tussen die konserwatiewes en liberales sedert die sestigjare in intensiteit en omvang toegeneem.¹² Dit het uiteindelik tot die ontstaan van verskeie politieke partye en buiteparlementêre bewegings regs van die NP aanleiding gegee wat hulself as die ware draers en vertolkers van die Afrikanemasionale ideologie gesien het, en waarvan sommige 'n fascistiese program gevolg het.

Die verskeie kontemporêre regse bewegings is hoofsaaklik die hoofvertolkers van die ultra-nasionale gedagte in Suid-Afrika wat probeer om die Afrikaner se identiteit en status deur die beklemtoning van nasionale strewes te beskerm. Hierdie strewes is deels op rassisme en etnosentrisme gebaseer en in 'n vrees vir dominansie gegrond. Die regse politieke interpretasie van nasionalisme het die meer positiewe aspekte daarvan soos die beskerming van die Afrikaner se taal en kultuur, met etnosentriese sienings van die meerderwaardigheid van die Afrikaner en die blanke ras, gekombineer. Die regsgesindes se subjektiewe interpretasie van die geskiedenis het ook sekere elemente en simbole van Afrikanemasionalisme met historiese mites vermeng ten einde hul eie weergawe van die Afrikanergeskiedenis te regverdig en om die kontemporêre politieke en sosio-ekonomiese werklikhede van Suid-Afrika te verklaar. Die gevolg was dat Afrikanemasionalisme, deur

¹¹ J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 7-11.; J.A. Coetzee, *Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika (1652-1968)*, pp. 35, 38.; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners*, p. 102.

¹² Sien J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 14, 17-18; J. Grobbelaar, *Ultra-rightwing Afrikaners*, pp. 119, 123; A.J. Venter, *Prologomena to a Voegelinian perspective on Afrikaner nationalism and apartheid*, *Politeia* 6(2), 1987, p. 31.

die regsse, met rassisme, apartheid en wit heerssugtige idees geassosieerd geraak het.¹³ Die fascistiese bewegings se omsluiting van hierdie idees is egter so nou verbonde aan hul rassebeskouing dat die bespreking van die vertolking van die ultra-nasionale gedagte deur hierdie bewegings by die hieropvolgende gedeelte oor rassisme ingevoeg word.

b. Rassisme

i. Idees oor rassemeerderwaardigheid

Een van die leidende verkondigers van die rasseteorie was die Franse graaf Joseph Arthur de Gobineau (1816-1882) wat in 1853 in sy *Essay on the inequality of human races* die belangrikheid van ras as bepalende faktor in die opkoms en verval van beskawings beklemtoon het. Hy was teen enige vorm van gelykheid en demokrasie gekant en was vyandig teenoor die materialisme. Hy het in 'n geordende, hiërargiese gemeenskap geglo waarin die waarde van die gesin en aristokrasie beklemtoon sou word, en het 'n elite nodig geag vir die bewaring van 'n beskaafde samelewing. De Gobineau het 'n hiërargiese rassestruktuur voorgestel met die wit ras aan die bopunt en waarbinne die suiwerder wit rasse soos die Duitsers, Engelse en Skandinawiërs, volgens hom 'n groter potensiaal vir beskawing gehad het. Hy het ontken dat hy anti-Semities was en het beweer dat die minderwaardigheid van die Jode nie as gevolg van inherente rassefoute nie, maar vanweë hul vermenging met swartes ontstaan het. De Gobineau se teorieë het in samehang met die Darwinistiese leerstelling van die oorlewing van die sterkste eers veertig jaar later in Duitsland binne die raamwerk van 'n aanvaarbare ideologie erkenning verkry. Dit het later 'n belangrike onderdeel van die filosofiese regverdiging van die Nazi's en die hedendaagse fasciste se rassistiese wêreldbeeld geword.¹⁴

Alhoewel filosowe reeds eeue lank oor die evolusieteorie gespekuleer het, was dit eers met die publikasie van Charles Darwin (1809-1882) se *On the origin of species by means of natural selection* (1859) en *Descent of man* (1871), dat dit as algemene wetenskaplike feit aanvaar is. Volgens Darwin se teorie was die stryd om oorlewing of die universele kompetisie tussen organismes, nie net natuurlik nie, maar ook onafwendbaar en het dit tot natuurlike seleksie of die oorlewing van die sterkste gelei. By mense het die stryd die vorm van konflik en oorloë tussen verskillende stamme en lande asook ekonomiese wedywing binne dieselfde groep, aangeneem. Die oorlewingswet van die sterkste was egter nie afhanklik van enige kwaliteite, sterkte en intelligensie nie, en het bloot beteken dat dié wat die beste op 'n spesifieke tydperk en plek aangepas was, sou oorleef. Gevolglik impliseer Darwin se evolusieteorie nie noodwendig morele, materiële of fisiese vooruitgang nie. Ten spyte hiervan is die leerstellings van evolusie weens 'n oorlewingstryd mettertyd tot die sosiale en politieke sfeer oorgedra waar dit 'n omwenteling binne die politieke filosofie veroorsaak het en tot die ontstaan van die

¹³ J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 35, 37.

¹⁴ P.M. Hayes, *Fascism*, p. 22; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 26-27; "Gobineau, Joseph Arthur, Comte de", *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia*.

Sosiaal-Darwinisme, wat die teorie op politieke en sosiale verhoudings toegepas het, aanleiding gegee het. Hiervolgens is nasies of etniese groepe as biologiese organismes beskou en het die Sosiaal-Darwiniste geglo dat die sterker volke die natuurlike reg tot dominasie of selfs die uitwissing van die swakkere volke in die algemene stryd om oorlewing gehad het. Alhoewel die oorspronklike Darwinistiese teorie geen anti-Semitiese of rassistiese elemente bevat het nie, is hierdie idees wel geleidelik bygevoeg soos die evolusieleer met die meer suiwer rasseteorieë vermeng geraak het. Die ondersteuners van die Sosiaal-Darwinisme het die beginsel van natuurlike seleksie as die grondslag vir die hoëre ontwikkeling van volke beskou. Aangesien die beskawing met hierdie natuurlike proses ingemeng het deur aan die swakkeringe en onbevoegdes ook 'n kans op oorlewing te gun, het hulle die toepassing van 'n vorm van rassehygiëne voorgestel om die ongunstige elemente uit die volk te isoleer.¹⁵

Houston Stewart Chamberlain (1855-1927) het die idee van die volk wat vanweë meerderwaardige genetiese eienskappe tot oorwinning bestem is, ontwikkel. Hy was die grootste stukrag vir die popularisering van die rasseteorie in Duitsland en het die Duitsers met die idee van 'n meerderwaardige Germaanse ras wat vanweë hul rassesuiverheid bestem was om die wêreld te regeer, besiel. Sy *Foundations of the nineteenth century* (1900), waarin hy wetenskaplike navorsing met die Romantiek gekombineer het, was 'n vermenging van anti-Semitisme en die idees van rassemistisisme soos De Gobineau en die komponis Richard Wagner. Dit word as die eerste uiteensetting van sommige van die basiese teorieë wat later deur die Nasionaal-Sosialiste verkondig sou word, beskou. Vir Chamberlain was alles wat geniaal was die ware uitdrukking van die Ariëse siel wat vir hom onversoenbaar met die fundamentele idees van die liberalisme en demokrasie was. Hy het die Jode as die grootste vyande van die sogenaamde Ariërs, en die persoonifikasie van alles wat sleg en verdorwe was, beskou. Sy idees het 'n invloed op verskeie Duitse intellektuele gehad en het hulle met 'n trots vir die eie ras en nasie vervul en 'n weersin gewek teen die idees van Frankryk en Brittanje wat volgens Chamberlain deur die Joodse kapitalisme beïnvloed is.¹⁶

Rassemeerderwaardigheid is 'n prominente kenmerk van die fascistiese ideologie en oorvleuel met die ander eienskappe van ultra-nasionalisme, die idee van 'n regerende elite en die klem op militarisme. Die beskouing van blanke meerderwaardigheid soos dit deur De Gobineau, Chamberlain, die Sosiaal-Darwiniste en vele ander skrywers vertolk is, was reeds teen die middel van die negentiende eeu goed gevestig in die Europese kulturele tradisie en die sogenaamde rasmitie het in die tydperk voor die Eerste Wêreldoorlog verskeie vooraanstaande aanhangers gehad. Die ekonomiese en sosiale druk wat vanweë die veranderende industriële patrone veroorsaak is, het 'n uitlaat in imperialisme gevind en groepe in verskeie Europese lande het die argumente van die rasseteorie aangeneem om hul eie politieke doelstellings te regverdig. Idees oor ras is vermeng met

¹⁵ H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 27-29; W.M. Mc Govern, *From Luther to Hitler*, pp. 453-457.

¹⁶ P.M. Hayes, *Fascism*, p. 23; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 30-31; F. Hertz, *Nationality in history and politics*, pp. 408-409.

sosiale en ekonomiese vroeë en gevolglik het die idees oor imperialisme, rassebestemming, nasionale vooruitgang en die verspreiding van die Westerse beskawing, verbandhoudend geword.¹⁷

Rassisme is sedert 1652, toe die eerste blanke inwoners met vooropgestelde idees van swartes as barbare en heidene na die Kaap gekom het, 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse blanke psige. Die wit koloniste het hulself in terme van hul Christelikheid en beskawing as meerderwaardig gesien en gevolglik was dit algemeen teen die einde van die agtiende eeu dat beskaaf en onbeskaaf met wit en swart geassosieer is. Die grensoorloë aan die Oos-Kaap het rasseverhoudings versleg en 'n nuwe rassegevoel ingelei waarin die blanke die groot getalle swartes as 'n bedreiging vir voortbestaan gesien het. Alhoewel rassewrywing derhalwe altyd teenwoordig was, het die eerste pogings tot 'n teologiese regverdiging daarvan eers in die tagtigerjare van die negentiende eeu verskyn. Ds. S.J. du Toit, algemeen beskou as die vader van 'teologiese apartheid', het die slagspreuk van die negentiende-eeuse Calvinistiese hernuwing in Nederland, naamlik dat daar in alleenheid krag lê, omgekeer en daarvan die regverdiging vir rasse-apartheid gemaak. Teen die dertigerjare was hierdie idee van soewereiniteit in eie sfeer waarvolgens elke volk 'n afsonderlike identiteit deur God se wil vorm, algemeen binne die Afrikanergemeenskap aanvaar. Alhoewel die NP nie rassese segregasie ontwikkel het nie en die wortels daarvan tot diep in die geskiedenis nagespeur kan word, is dit na 1948 deur die party geïnstitusionaliseer binne die ideologie van Apartheid en die beskouing van selfhandhawing binne die tuislande. Ten spyte daarvan dat die NP en ander Afrikanerinstansies teen die negentigerjare 'n beleid van nie-rassigheid aangeneem het, bly rassisme steeds 'n intrinsieke deel van die moderne regse politiek alhoewel die openlike uitdrukkings daarvan van beweging tot beweging verskil.¹⁸

Hanneke Du Preez het in 'n studie van skoolhandboeke bevind dat die Afrikaner se algemene simboolstelsel sekere meestersimbole of simboliese beelde bevat wat so diep in die waardestelsel van die volk ingegrif is dat dit algemeen as vanselfsprekende feite aanvaar word. Hieronder val die idee dat blankes meerderwaardig en swartes minderwaardig is, dat die Afrikaner 'n spesiale verhouding met God het en as 'uitverkore' volk verbied word om met die heidene te vermeng, en die beskouing dat die volk deur die ongenaakbare land, swartes, immigrante, Engelse, verstedeliking, armoede, die buiteland, Afrikastate, die kommunisme en die toekoms bedreig word.¹⁹ Die beklemtoning van ras weens 'n vrees vir dominasie en uitwissing, was nog altyd 'n belangrike element van Afrikanemasionalisme. Hiervolgens sou die Afrikaner se Godgegewe identiteit deur die vermenging met inheemse groepe en die afdwing van vreemde beleide soos gelykstelling, bedreig word. Teen die vroeë twintigste eeu het daar dan ook 'n verskuiwing binne die breë Afrikanerpolitiek vanaf 'n Afrikaner-eksklusiewe volksnasionasialisme na 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse nasionalisme, dus van 'n etniese na 'n rasse-identifikasie, plaasgevind.²⁰

¹⁷ P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 20, 21, 24, 25.

¹⁸ J. Leatt et al., *Contending ideologies in South Africa*, pp. 69-72; J. Van Rooyen, *Hard right*, pp. 51-52; H. Muller, Die wolf in ons midde, *Insig*, Julie 1989, pp. 10-11.

¹⁹ Sien H. Muller, Die wolf in ons midde, *Insig*, Julie 1989, pp. 12-13.

²⁰ J. Leatt et al., *Contending ideologies in South Africa*, pp. 77-78.

Waar die breëre Afrikanemasionalisme nog altyd in twee groepe verdeel kon word volgens diegene wat 'n konserwatiewe, eksklusiewe Afrikanemasionalisme voorgestaan het en die voorstanders van 'n breëre en meer liberale blanke Suid-Afrikaanse nasionalisme, het dieselfde verdeling egter ook op 'n ander vlak binne die fascistiese bewegings tot uiting gekom. Die fasciste se klem op ras en hul strewe na blanke rasse-eenheid en dominasie, was in konflik met die Afrikaner se sterk eiesoortige identiteit, sy anti-Britse sentiment en sy strewe na selfhandhawing en onafhanklikheid. Gevolglik is daar binne die rassebeskouing van die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings 'n teenstrydigheid opgesluit, aangesien die ondersteuners van hierdie bewegings nie werklik tegelykertyd Afrikanemasionaliste én wit rassiste kan wees nie. Venter het in hierdie verband ook aangevoer dat wit rassisme per definisie Afrikanemasionalisme oortref.²¹

Die Boerenasie-beweging was byvoorbeeld in twee bewegings verdeel om die Engelse en Afrikaanse kulturele identiteite in ag te neem, maar het hulself ook as 'n Nordiese beweging ten gunste van die bevordering van rassesuiwerheid gesien. Die BBB se ideologie was op die natuurwette en die leerstellings van die Sosiaal-Darwinisme gebaseer en hulle het die blanke ras as 'n versameling van blanke volke, elk met sy eie kulturele identiteit, beskou. Die wit ras was hivolgens geneties meerderwaardig en eugenetika is deur die beweging geregverdig om die oorlewing en genetiese verbetering van die ras te verseker. Die BBB het ook, in teenstelling met die tradisionele regse Afrikaner se neiging tot inklusiwiteit en isolasionisme, 'n aggressiewe buitelandse beleid voorgestel om die blanke ras regoor die wêreld te verenig. Die Kerk van die Skepper se ideologie het op 'n soortgelyke wyse die natuurwette beklemtoon en kan as 'n vorm van rasse-nasionalisme beskryf word. Die beweging het dan ook die veredeling van die ras ten doel gehad en het die hele planeet as die tuiste van die wit ras, waarbinne kulturele verskille mettertyd sal moet verdwyn, beskou. Hierteenoor is die AWB, alhoewel ten gunste van rassesuiwerheid en die behoud van die blanke erfenis en meerderwaardigheid, eerder 'n populistiese volksbeweging wat die afsonderlike kulturele identiteit en geskiedenis van die sogenaamde Afrikaner-Boerevolk beklemtoon.

ii. Die Ariese mite en Germaanse kultus

Die ontstaan van sekere heroïese oorsprongsmities is nou verbonde aan die opkoms van die beskouing van die volk as afsonderlike identiteit en die idee van rassemereerderwaardigheid. Von Maltitz haal Freud aan wanneer hy aanvoer dat die prehistoriese vertede vir baie volke 'n magtige sielkundige werklikheid is: "... 'every piece that returns from oblivion gains acceptance with special power, exerts an incomparably strong influence on the human masses, and asserts an irresistible claim to truth, against which any logical objection remains without power'.²² In Duitsland het dit gedurende die laat negentiende eeu in samehang met die oorheersende beskouings van die Romantiek en die gepaardgaande opkomende belangstelling in die okkultisme, tot die ontstaan van

²¹ A.J. Venter, Prologomena to a Voegelinian perspective on Afrikaner nationalism and apartheid, *Politeia* 6(2), 1987, p. 35.

die sogenaamde Ariese mite en 'n intense verering van die Germaanse voorverlede aanleiding gegee.

Aanhangers van die Germaanse kultus het egter min ernstige navorsing oor die geskiedenis van die ou Germaanse stamme gedoen. Weinig aandag is aan historiese detail gegee en die tekort aan konkrete kennis het die geloof vir sommige in die Germaanse verlede as iets esoteries, magies en irrasioneel bevorder. Die kultus is tot uiterstes geneem in die aanbidding van die son en oud-Germaanse gode soos Odin en Thor, die viering van die Germaanse sonstilstandrites en die meevoering met die misterie van die Germaanse runeskrif. Guido von List (1848-1919) was die eerste skrywer wat die Duitse *völkische* ideologie as 'n kombinasie van nasionalisme, rassisme, kulturele pessimisme en anti-liberalisme, met die okkultisme en teosofiese beskouings van die laat negentiende eeu vermeng het. Hy het vanuit die runeskrif en die Eddas, 'n versameling van oud-Noorse sages, afgelei dat die Germane 'n gnostieke en anti-modernistiese godsdiens, naamlik die Odinisme of Wodanisme, beoefen het waarin die mistieke band tussen die mens en die heelal met sy magiese kragte beklemtoon is.²³ Die Odinisme en ander elemente van die Germaanse kultus wat later deur sekere individue binne Nazi-Duitsland aangehang is en deur enkele hedendaagse fascistiese bewegings ondersteun word, verteenwoordig derhalwe nie soseer 'n herlewing van ou gebruike nie, maar eerder 'n projeksie van kontemporêre idees op die verlede.

'n Groot aantal intellektuele en opgevoede lede van die Duitse middelklas was bereid om die mistieke idees oor die Germaanse voorverlede, wat dan ook deel van die algemene patroon van die Duitse Romantisme was, te aanvaar. Die verering van goeie stryd as 'n Germaanse ideaal was 'n belangrike element van die kultus en die beeld van die heroïese Germaanse kryger is dan ook as 'n geërfde Duitse rassedeug voorgehou. Die beweerde Germaanse beginsels van getrouheid, onderdanigheid en lojaliteit aan die leier of saak is ook beklemtoon. Dit het veroorsaak dat die Duitsers die leierskapsbeginsel as iets vanuit die mitologiese verlede en as 'n teenstelling van die demokrasie aanvaar het. So byvoorbeeld, het Richard Wagner se operas soos *Der Ring des Nibelungen*, *Götterdämmerung*, *Siegfried* en *Die Walküre*, die Germaanse verlede vereer, die heroïese mites laat herleef en as inspirasie gedien vir die stryd teen die kontemporêre onheroïese Westerse beskawing. Wagner se geskrifte was ook sterk anti-Semities en hy het die stereotipe van die 'onkreatiewe, parasitiese Jood' as teenstander van die Germaanse held beklemtoon.²⁴

Die wetenskaplike ontdekkings van die sestiende eeu het die Bybelse oorsprongsverhaal en die veronderstelling dat alle mense van Adam afstam, in twyfel gebring. Tog was dit teen die agtiende eeu steeds 'n algemeen aanvaarde idee dat Hebreeus die oorspronklike moedertaal was. Met die groeiende belangstelling in Indië en die bekendmaking aan die Weste van Sanskrit en dié se

²² H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 204-205.

²³ H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 189-190; N. Goodrick-Clarke, *The occult roots of Nazism*, pp. 2, 33, 49-51.

²⁴ H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 183-184, 189-190, 194, 201; "Wagner, (Wilhelm) Richard", Microsoft *Encarta 97 Encyclopædia*.

soortgelykheid aan Grieks en Latyn, het die idee van 'n familie van Indo-Europese tale begin ontstaan. Aangesien die oorsprong van die mens en die oorsprong van taal as verbandhoudend gesien is, het die linguistiek en rasse-antropologie in die negentiende eeu vermeng geraak. Dit het aanleiding gegee tot die beskouing dat die Europeërs lede van die Indo-Europese of Ariese ras was, dat hulle oorspronklik van die hoë plato van Asië afkomstig was en dat hulle van die Semiete onderskei kon word. Teen die twintigste eeu het die term Ariër, wat aanvanklik taalkundig na die Mede en Perse verwys het, sy Indiese verbintenis verloor en met die teorieë oor blanke meerderwaardigheid en verwysings na die Nordiese of wit ras verbonde geraak.²⁵

Die Ariese mite en die intense verering van die antieke Germaanse voorouers is algemeen met die aanvaarde rasseteorieë van die tyd geassosieër en was deel van die historiese grondslag waarop die Nazi's hul teorie van rassemeerderwaardigheid gebou het. Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het die kultus die afmetings van die verering van 'n algemeen aanvaarde stereotipe aangeneem, naamlik die idee van heroïese blonde krygers en jagers met blou oë, vroue wat goeie moeders was, mense wat suiwer van siel was, naby aan die natuur geleef en die son vereer het, in 'n misterieuse runeskrif geskryf en uiteindelik die sogenaamde 'ideale persoon' verteenwoordig het. Die direkte teenstelling van die Germaanse held is volgens ondersteuners van die rasseteorieë deur die Jood verteenwoordig en gevolglik het anti-Semitisme ook 'n belangrike element van die rasmitte uitgemaak.²⁶

Alhoewel die Germaanse kultus nie algemeen in Suid-Afrika teenwoordig was nie, het elemente daarvan tog na vore gekom. Die Duitse Nazi, Bruno Stiller, het byvoorbeeld die invoer van die aanbidding van Odin en ander Germaanse gebruike soos die sonnewenderite, gedurende die dertigerjare na Suid-Afrika bevorder. Dit is ook bekend dat die Afrikaner Nasionaal-Sosialiste van Koos Vermeulen soms gedurende die tagtigerjare die Sonfees wat die verbygaan van die winter- en somerkeerpunte merk, gevier het. Die gebruik van runetekens as embleme deur enkele van die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings sal later onder die bespreking van fascistiese simboliek behandel word.

In 1985 het Walter Helm op die Afrikaner se Germaanse verbintenis gesinspeel deur aan te voer: "... meer as driehonderd jaar van sy oerheimat afgeskei, omring deur vyande en sonder bondgenote, blootgestel aan verraad van buite en van binne, soek die Afrikaner aan die suidpunt van Afrika na die oorsprong van sy bloed! Sy instink is nog ongedeerd en dié sê vir hom dat hy dáár die antwoord sal vind op die knellende vraag wat sy bestaanskrisis tot hom rig."²⁷ Hy het verder aangehandig dat die verhaal van die Duitse Ryk vir die Afrikaner wys dat sy heldedom ouer as dié van Majuba of Bloedrivier is, dat sy voorsate saam geskep het aan die totstandkoming van hierdie 'mees verhewe werk' in die Duits-Germaanse geskiedenis en dat hy saam gely en gestry het vir dié se voortbestaan:

²⁵ Sien L. Poliakov, *The Aryan myth*, pp. 188, 190-191, 193-194, 255-256.

²⁶ H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 182-183.

²⁷ Sien "n Woord vooraf" in W.R. Helm, *Die Duitse Ryk - triomf en tragedie*.

“En as afstammeling van die Hugenote het hy dieselfde bloed geërf as die onsterflike soldate van die Waffen-SS-brigade Charlemagne wat hulself op die puinhoop van die Rykskansellary opgeoffer het terwyl hulle 'n gewisse ondergang in die gesig gestaar het So seker as wat die Duitse Ryk weer op die fondament van die heldedom van vergange geslagte sal herrys, so seker sal ook die Afrikaner op dieselfde fondament sy eiesoortige gemeenskapsorde heroprig en sy doodsvyande vernietig.”²⁸

iii. Anti-Semitisme

Anti-Semitiese gevoelens was nog altyd algemeen en die Jode se godsdienst is al in die Romeinse Ryk as regverdiging vir politieke diskriminasie teen hulle gebruik. Binne die Westerse wêreld is hulle as die moordenaars van Christus beskou en teen die laat negentiende eeu sou die element van die rasseteorie hierby gevoeg word om Jodevervolging te verdedig. Anti-Semitisme het egter eers teen die negentiende eeu as leerstelling begin verskyn en die term self is in 1879 die eerste keer gebruik. Hiema het georganiseerde anti-Semitisme tot 'n politieke wapen ontwikkel wat teen die eerste helfte van die twintigste eeu uiteindelik in die Oos-Europese pogroms en die Nazi's se Holocaust gekulmineer het. Alhoewel veral laasgenoemde enige vorm van populêre anti-Semitisme ongewild gemaak het, het sporadiese voorvalle van Jodehaat steeds regdeur Europa en Amerika binne militante reaksionêre en rassistiese groepe gedurende die na-oorlogse tyd na vore gekom. 'n Nuwe dimensie in die vorm van die groeiende vyandigheid van swart Amerikaners teenoor die Jode en die opkoms van Jodehaat in die Midde-Ooste weens die totstandkoming van die Israeliese staat in Palestina, is na 1945 hierby gevoeg.²⁹

Anti-Semiete het deur die eeue verskeie beskuldigings teen die Jode gemaak om hul haat te regverdig. Só is byvoorbeeld beweer dat die Jode Christus met Paasfees sou vermoor om hul bloed tydens seremonies te gebruik, dat hulle Christus vermoor het en die Christelike leerstellings verwerp, dat hulle hulself eenkant hou en 'n eksklusiewe gemeenskap vorm, dat hulle vuil, smerig en olierig sou wees en gelduitbuiters was.³⁰ Een van die meer blywende beskuldigings wat steeds prominent binne die kontemporêre wêreld is, is dat hulle samesweerders sou wees wat volgens 'n geheime plan probeer om die wêreld oor te neem. Die samesweringsgedagte word tot 1776 teruggevoer toe die Illuminati deur Adam Weishaupt in Duitsland gestig is. Hierdie geheime groep het ambisieuse en vir daardie tyd liberale politieke idees gehad, en het na bewering die Vryemesselaarslosies van die Weste geïnfilteer. Die beweging is in 1790 deur die Beierse regering verban waarna beslag op hul dokumente gelê is, 'n gebeurtenis wat saam met die openbaarmaking van hul idees, die openbare verbeelding aangegryp het. Beskuldigings van sameswering teen die Illuminati het mettertyd in omvang toegeneem en uiteindelik weens massahisterie deel van 'n omvangryke teorie geword. Die beweerde samesweerders sou glo verantwoordelik wees vir die

²⁸ Sien “n Woord vooraf” in W.R. Helm, *Die Duitse Ryk - triomf en tragedie*.

²⁹ P.M. Hayes, *Fascism*, p. 28; H. Von Maltitz, *The evolution of Hitler's Germany*, pp. 77-74; “Anti-Semitism”, *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia*.

³⁰ A.H. Jonker, *Israel*, pp. 91, 96, 98, 100, 102.

Franse, Amerikaanse en Bolsjewistiese Revolusies en al die groot oerloë daarna, die sluipmoord op J.F. Kennedy, die Rockefeller-dinastie, die New Age-beweging, asook vir politieke bewegings soos die liberalisme en sosialisme. Frontorganisasies van die Illuminati is volgens ondersteuners van die samesweringsteorie mettertyd in alle Europese lande en ook elders gestig, waaronder byvoorbeeld die CFR in die VSA, om sodoende totale beheer oor die Weste se politieke en ekonomiese stelsels te bewerkstellig.³¹

'n Hoofbron van die moderne anti-Semitisme en die aanklagte teen die Joodse beheer van die ekonomie en pers, die wêreldorganisasie en die demoralisasie van nie-Jode, is die sogenaamde *Protokolle van die Wyses van Sion*. Hierdie Protokolle gee voor om gesaghebbende onthullings te bevat van 'n Joodse sameswering wat die hele wêreld onder Joodse oorheersing wil bring, 'n groot Joodse wêreldryk wil stig en vir al die onheil van die kontemporêre wêreld verantwoordelik sou wees. Gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu het Theodor Herzl wat algemeen as die vader van die politieke Sionisme beskou word, 'n beweging begin om 'n tuisland vir die Jode in Palestina te vestig. In hierdie verband is 'n Sionistiese kongres in 1897 in Basel, Switserland gehou, en die vier en twintig Protokolle is na bewering die notules van geheime vergaderings wat tydens hierdie kongres gehou is. Tog was daar gerugte dat die Protokolle reeds voor dit al in omloop was, en daar bestaan in werklikheid verskeie variasies oor hoe, wanneer en waar daaraan gekom is. In 1921 is die dokument as 'n vervalsing ontmasker en daar is bevind dat groot gedeeltes woordeliks uit 'n boek van Maurice Joly oorgeneem is. Joly het in 1865 'n bedekte aanval op die beleid van Napoleon III in *Dialogues in hell between Machiavelli and Montesquieu* gepubliseer, en die vervalsers van die Protokolle, na bewering lede van die Russiese geheime polisie, het bloot die Jode daarby ingewerk om dit vir propagandadoeleindes te gebruik.³²

Vankin is van mening dat die geskiedenis van samesweringsteorieë die geskiedenis van geheime verenigings en uiteindelik die geskiedenis van die beskawing self is.³³ Ook volgens die historikus Walter Laqueur is die samesweringsteorie van die geskiedenis, naamlik die oortuiging dat al die wêreld se onheil en omwentelings deur 'n sentrale sameswering verklaar kan word, so oud soos die historiografie self. Dit het met tye as 'n vervolgingsmanie by verskeie individue en volke te voorskyn gekom. Binne die moderne tyd is beide die Puriteinse Revolusie in Brittanje en die Franse Revolusie aan 'n sameswering van filosowe, Illuminati en Vryemesselaars toegeskryf. Die Jode is in 1869 hierby gevoeg na die verskyning van 'n boek deur Gougenot des Mousseaux, *Le Juif, le judaïsme et la judaïsation des peuples chrétiens*, wat later deur Alfred Rosenberg in Duits vertaal is. Teen 1880 was die geloof in 'n wêreldsameswering algemeen onder die ultra-regse bewegings van Frankryk, Duitsland en Rusland teenwoordig, en was die Protokolle-legende bloot 'n onderdeel van hierdie tradisie.³⁴

³¹ M.C. Fagan, *Die Illuminati-C.F.R.-komplot*, pp. 1-3; J. Vankin, *Conspiracies, cover-ups and crimes*, p. 267; Time-Life Books, *Mysteries of the unknown: ancient wisdom and secret sects*, p. 105.

³² A.H. Jonker, *Israel*, pp. 106-110, 114; I. Harand, *His struggle*, pp. 176-184; W. Laqueur, *Black hundred*, pp. 32-33.

³³ J. Vankin, *Conspiracies, cover-ups and crimes*, p. 266.

³⁴ W. Laqueur, *Black hundred*, pp. 34-35.

Volgens Lipstadt bestaan daar sedert die sestigerjare 'n noue verband tussen rassitiese nasionalisme, anti-Semitisme en die ontkenning van die Joodse volksslagting deur die Nazi's. Volgens die ultra-regses sou die 'leuen van die Holocaust' die groei van nasionalisme bedreig en word beskuldigings van neo-Nazisme teen enige Europese land gemaak wat sou poog om sy nasionale ongeskondenheid te bewaar. Omdat die Holocaust dit onmoontlik maak om die rasseprobleem te hanteer, bedreig hierdie 'mite' volgens die regsies die oorlewing van die ras self. Hiervolgens is die sogenaamde gelykheidneurose en integrasiemanie op die Holocaust gegrond wat 'n geweldige uitwerking op die psige van die Westerse mens gehad en die grondslag vir die na-oorlogse openbare moraliteit gelê het. Gevolglik is nasionalisme en enige vorm van onderskeiding tussen mense van verskillende volke, rasse, kulture en godsdienste, totaal gediskrediteer.³⁵

Die ontkenning van die Holocaust het sedert die sewentigerjare in omvang en intensiteit toegeneem. 'n Deel van die ontkenners se sukses word deur Lipstadt aan die intellektuele klimaat binne die akademiese wêreld gedurende die afgelope twee dekades toegeskryf. Sedert die laat sestigerjare is begin argumenteer dat tekste geen vaste betekenis het nie en dat betekenis nie deur die skrywer se oogmerk nie, maar deur die leser se interpretasie daarvan bepaal word. In plaas van objektiewe waarhede is daar nou van relatiewe waarhede gepraat en het die gevolglike idee ontstaan dat geen feit of gebeurtenis 'n vaste betekenis het nie, dat enige waarheid hervertel kan word en dat daar derhalwe geen finale historiese werklikheid is nie. Hierdie aanvalle op kennis en die geskiedenis het die potensiaal om die manier waarop vasgestelde waarhede na opvolgende generasies oorgedra word, dramaties te verander. So het die relativistiese benadering byvoorbeeld binne die kontemporêre populêre kultuur veroorsaak dat daar 'n groter wordende belangstelling in en aanvaarding van die irrasionele is. Die ontkenning van die Holocaust is volgens Lipstadt 'n onderdeel van hierdie verskynsel.³⁶

Volgens Milton Shain was anti-Semitisme as gevolg van die oorheersende rassevraagstuk nooit kenmerkend van die Suid-Afrikaanse kultuur nie en het die ontwikkeling daarvan in Suid-Afrika parallel met die voorkoms van die verskynsel in die VSA eerder as met die Europese vertolking daarvan, plaasgevind. Alhoewel die Jode in Suid-Afrika aan min formele uitsluiting en opsegging van regte onderwerp is, het hulle tog voor negatiewe kulturele en literêre stereotipering te staan gekom. Die anti-Joodse manifestasies van die dertiger- en veertigerjare kan volgens Shain nie net in terme van die kontemporêre toestande soos die ekonomiese depressie en amblanke-vraagstuk, die opkoms van Nazisme en die gevolglike toename in Duits-Joodse immigrante, en die ontstaan van 'n eksklusiewe Afrikanemasionalisme, gesien word nie. Alhoewel hierdie elemente 'n rol gespeel het om die aard en omvang van anti-Semitisme in Suid-Afrika te verander, was dit die voorkoms van 'n bestaande algemene negatiewe Joodse stereotipe waarvan die wortels tot die negentiende eeu terugstrek, wat die weg vir die populêre en programmatiese anti-Semitisme van die tussenoorlogse

³⁵ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 106-107; P. Bruwer, *Nuwe hoop uit verval van ou wêreldorde*, pp. 8, 41.

³⁶ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, pp. 17-20.

tyd gebaan het. Sedert die Tweede Wêreldoorlog was daar binne Suid-Afrika 'n skerp afname in anti-Semitiese sentimente alhoewel openbaarmakings daarvan steeds binne die ultra-regse politiek voorkom en ook onder sekere swart groepe en die Moslemgemeenskap gevind word.³⁷

Alhoewel Suid-Afrika se tussenoorlogse fascistiese bewegings in hul anti-Semitisme deur die Nazi-ideologie en *völkische* dialoog beïnvloed is, was hul vertolking daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks gegrond. Hiervolgens is die Jode daarvan beskuldig dat hulle die Anglo-Boereoorlog begin het, die swartes teen die blankes opgestook het, die pers beheer en die Afrikaners uitgebuit het, dat hulle die sakewêreld en sekere beroepe domineer en onassimileerbaar met die Afrikaner is.³⁸ Hierdie idees het steeds in die na-oorlogse tyd na vore gekom en die huidige krisis in Suid-Afrika word dan ook binne die regse en fascistiese geskiedsbeeld vertolk as die gevolg van 'n sameswering om Suid-Afrika tot die sogenaamde Nuwe Wêreldorde te dwing: "Before the New World Order can be imposed, racial identity and a sense of nationhood have to be eradicated and mankind standardised into a passive, hybrid society. As this can be brought about only through the integration of blacks with whites, that policy is an essential part of the one-worlders' plan. ... It may therefore be appreciated that the election to power in South Africa of a segregationist government in 1948 caused great consternation among the one-worlders. Ethnic self-determination was anathema to their plan and could not be allowed to succeed. To scuttle it, the vicious anti-apartheid campaign was launched."³⁹

Die meeste Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings ondersteun hierdie Joodse samesweringsteorie en glo dat die Westerling, en spesifiek die Afrikaner, in 'n oorlewingstryd met die internasionale kapitalisme en kommunisme gewikkel is. Verskeie regse publikasies publiseer artikels wat die kontemporêre plaaslike en wêreldgebeure binne konteks van hierdie beweerde sameswering verklaar. Bedekte anti-Semitisme kom ook in die AWB se ideologie te voorskyn en spesifiek volgens die ou Christelike idee van die Jode as die moordenaars van Christus, alhoewel elemente van die samesweringsteorie ook daarby ingevoeg is. Daarteenoor is die BBB en die Kerk van die Skepper uitgesproke anti-Semities en word daar van 'n 'heilige rasseoorlog' teen die Jode in hul geskifte melding gemaak. Hierdie bewegings sien die Joodse vraagstuk in terme van 'n rassevraagstuk en is in hierdie opsig hoofsaaklik deur buitelandse idees, en wel soos dit deur die Duitse Nasionaal-Sosialiste vertolk is, beïnvloed.

c. Revolusionêre idealisme

i. Fascistiese aktivisme

Sedert die Renaissance het die Westerse politieke tradisie gepoog om 'n beperkte styl van politiek daar te stel. Die fascisme verwerp hierdie styl ten gunste van 'n aktivistiese styl wat

³⁷ M. Shain, *The roots of antisemitism in South Africa*, pp. 142, 144, 148-153.

³⁸ M. Shain, *The roots of antisemitism in South Africa*, pp. 144, 147.

³⁹ Think Right, *The conspiracy against South Africa*, p. 3.

onvoorwaardelike trou aan 'n fascistiese 'leier' en 'n lewe van eindelose selfopoffering in totale en militante toewyding aan die volkstaat en in oortreffing van enige ander voorwerp van menslike toegeneentheid, as die hoogste goed vir die mens versinnebeeld. Vir die fascisme is dit die ideologie of siening van die ideale sosiale orde wat moet verwerklik word, en nie die wet nie, wat as samelewingsband behoort te dien. Waar die staat binne die beperkte politieke styl bloot die hoogste gesag is en daar 'n onderskeid tussen die openbare en private lewe en tussen die staat en samelewing getrek word, staan die individu binne die aktivisme nie alleen nie en word die kollektivistiese bestemming vooropgestel. Die fascistiese aktivistiese styl word gekenmerk deur die beklemtoning van nasionalisme, rassebewustheid, korporatisme en irrasionalisme, en is derhalwe 'n revolusionêre beweging. Daar word geglo dat slegs 'n nuwe lewensfilosofie die aard van die mens en die samelewing kan verander. Hierdie samelewingsverandering sluit nie net die politieke en sosiale orde in nie, maar behels ook 'n totale verandering van geestelike waardes.⁴⁰

Volgens O'Sullivan kan die oorsprong van die fascistiese aktivisme na die agtiende-eeuse morele en politieke denke van Jean Jacques Rousseau (1712-1778) teruggevoer word. In teenstelling met die beskouing dat onheil 'n intrinsieke deel van die mens was, het Rousseau aangevoer dat dit eerder 'n afgeleide van die samelewingstruktuur was. Binne hierdie konteks was dit derhalwe die politiek se doel om, ooreenkomstig met die militante fanatisme, die massas van die onderdrukkende sosiale orde bewus te maak. Die komende redding het mettertyd 'n kollektiewe eerder as individuele karakter verkry en dit is hierdie gesekulariseerde godsdienstigheid waarin die politiek as 'n veldtog om die wêreld van onheil te bevry, gesien word, wat uitendelik sy suiwerste uitdrukking in die fascisme gevind het. Rousseau kan egter nie vir hierdie ekstremisme verantwoordelik gehou word nie en dit was dan ook nie in sy werk teenwoordig nie. Tog sou die aktivistiese siening van die politiek wat uiteindelik deur die Franse Revolusie as die leerstelling van populêre soewereiniteit tot binne die politieke arena gedra is, sonder sy nuwe teorie geen sekulêre filosofiese basis gehad het nie.⁴¹

Van Jaarsveld het aangevoer dat die beeld van die geskiedenis wat in die volksbewussyn gevorm word, nie net 'n voorstelling is van wat in die verlede gebeur het nie, maar ook 'n selfvoorstelling is. Geen geskiedsbeeld is derhalwe sonder 'n mate van historiese mitologie nie en daar is 'n noue verband tussen geskiedenis en nasionale selfregverdiging en -verdediging.⁴² Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan dan ook op die belangrikheid van historiese mites vir mobilisasie gedui word. Volksnasionalisme is 'n uitdrukking van selfdeterminasie waarvoor die geskiedenis van die Afrikaner 'n ryk teelaarde vir simbole verskaf.⁴³ Hierdie historiese temas lewer belangrike mites vir volksmobilisasie en dien as regverdiging en voorbeeld vir aktivistiese verset en rebellie. Die Groot Trek, die twee Vryheidsoorloë en die 1914-Rebellie word veral deur die regsgeleerde beklemtoon. Hierby

⁴⁰ N. O'Sullivan, *Fascism*, pp. 33, 35-36, 38, 40.

⁴¹ N. O'Sullivan, *Fascism*, pp. 42-46; "Rousseau, Jean Jacques", Microsoft *Encarta 97 Encyclopedia*.

⁴² F.A. Van Jaarsveld, Die ontmitologisering van die Afrikaner se geskiedsbeeld, in F.A. Van Jaarsveld, *Die Afrikaner se groot trek na die stede en ander opstelle*, pp. 296, 298.

⁴³ J. Leatt *et al.*, *Contending ideologies in South Africa*, p. 77.

kan elemente van die Afrikaner se tradisionele militêre leierskapstradisie, waarvolgens sy militêre leiers soos die Voortrekkerkommandante en die Boeregeneraals gewoonlik ook sy politieke leiers was, en die tradisionele Afrikanerpionier se organisasiestruktuur waarbinne die totale burgerlike bevolking ter verdediging in die kommandostelsel ingedeel is, gevoeg word. In hierdie lig gesien is die vorming van paramilitêre groepe derhalwe nie werklik vreemd aan die Afrikanerkultuur nie.

Onder die meestersimbole van Afrikanemasionalisme word die idee gehuldig dat wettige gesag nie bevraagteken mag word nie, omdat die owerheid deur God geroepe is en daarom die volk se verhouding met God versinnebeeld. Tog word die idee ook gehandhaaf dat die Afrikaner militêr vernuftig en sterk is en die klein vernuftige held wat die potensiaal het om die massiewe gewapende reus te verslaan, kom veral ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog na vore. Hiervolgens het elke burger daarom ook die plig om militêr betrokke te raak ten einde die blanke Afrikanerdom te beskerm.⁴⁴ Ten spyte van hierdie tradisionele respek vir gesag, word dit algemeen binne die regse politiek aanvaar dat die individuele burger in 'n demokrasie die instrument vir die daarstelling van staatsgesag geword het en op verantwoordelike wyse moet toesien dat 'n eerlike owerheid en wette die staat in stand hou: "Indien die owerheid nie sy taak na behore verrig nie, moet die burger sy owerheid tot verantwoording kan roep en moet hy hom selfs kan vervang. Indien so 'n owerheid nie gehoor wil gee aan die burgers se regmatige eise nie, en ook nie uit sy gesagsposisie wil tree nie, en in hierdie geval indien hy die burgers daardeur van hul volle magte en regte ontnem, het die burger die reg om tot verset oor te gaan."⁴⁵

Baie van die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings vertoon kenmerke van die aktivisme en militarisme. Die AWB is 'n openlike paramilitêre organisasie, vertoon 'n groot potensieële bereidheid om geweld te gebruik en vertolk opstand teen die staat as deel van die Afrikaner se geskiedkundige erfenis. Die Boerenasie-beweging van Rudman was na bewering by wapenhandel betrokke en het die uiteindelijke oomame van mag in die land ten doel gehad om sodoende die blanke inwoners van die internasionale kapitalisme, die Katolieke en die Jode te bevry. Die BBB het klem gelê op die totale herstrukturering van die Suid-Afrikaanse samelewing en was by verskeie voorvalle van openbare onrus en protes betrokke, terwyl die Wit Kommando en WAB handeling van terrorisme en intimidasie ondersteun het. Ook die Kerk van die Skepper stel 'n totale nuwe samelewingsorde voor en beklemtoon die idee dat die blanke ras in 'n rasseoorlog om oorlewing gehul is en dat geweld daarom geregverdig is.

ii. Fascistiese simboliek

Die mens het nog altyd van simbole of ideogramme gebruik gemaak om sekere idees of beskouings te illustreer of te verteenwoordig. Die simbool is die draer van 'n argetipe wat nooit self gedefinieer kan word nie en 'n sielkundige inhoud word daarom onbewustelik aan sekere vorms of voorwerpe

⁴⁴ Sien H. Muller, *Die wolf in ons midde*, *Insig*, Julie 1989, p. 12.

⁴⁵ P. Bruwer (red.), *Toepassing van tydelike verset*, p. 3.

sfeer gebruik om hergeboorte en voorspoed aan te toon. Die woord swastika is dan ook die Sanskrit-term vir 'welstand', terwyl die spieëlbeeld of sauvastika met donkerheid, ongeluk en lyding geassosieer is. Die vroegste voorkoms van die teken in Europa word in Griekeland gevind waar dit sedert ongeveer 1000 vC in verskeie variasies op vase, potte, munte en geboue aangebring is. Na die geboorte van Christus is die swastika waarskynlik as 'n anti-Christelike en heidense simbool beskou en gevolglik het dit in die grootste deel van Europa, met uitsondering van die Nordiese lande, in onbruik verval en is dit mettertyd deur die Christelike kruis vervang.⁵⁰

Die vroegste voorkoms van die swastika in Noord-Europa dateer terug tot ongeveer 500 nC, en die simbool het daarom oorspronklik nie veel met die Germaanse en Nordiese rasse te doen gehad nie. Die simbool was onder verskillende name soos *fyftot* (Engeland), *hakenkreuz* (Duitsland) en *crux gammata* (Rome) bekend, terwyl die arms van die swastika soms ook met hul kromming 'n boogagtige in plaas van 'n reghoekige gestalte aangeneem het. Alhoewel dit nie in hierdie tyd algemeen in Europa was nie, was dit tog nie onbekend nie en enkele swastikas is op runiese stene, piktorale stene en grafstene gegraveer. Dit is ook op dekoratiewe voorwerpe soos gespes aangebring of as amulette gedra, het as merkteken vir huise gedien en is algemeen as 'n beskermmiddel vir die afweer van demoniese magte aangewend.⁵¹

Die swastika is as teken van voorspoed en vrugbaarheid deur die Teosofiese Vereniging van Madame Blavatsky aanvaar. Die teosofiese beweging het eers teen die negentigerjare van die vorige eeu in Duitsland ontwikkel en die neo-romantieke beweging, waarvan die herlewing van die okkultisme deel was, het 'n verband gehad met die talle *völkische* bewegings wat die swastika as 'n heilige Ariese simbool beskou het. Die swastika is tydens die eeuwending in Duitsland en Oostenryk as 'n algemene anti-Semitiese teken deur die bevorderaars van rassesuiverheid gebruik en het dikwels in anti-Semitiese tydskrifte, pamflette en op plakkate voorgekom. Sommige Duitse Vryekorps-eenhede het dit ook in die Weimar Republiek as embleem gebruik om hul stryd teen die afbrekende invloed van die Jode en alles wat on-Duits en vernietigend vir rassesuiverheid was, te simboliseer. Die mistiese Germanenorden en Thulegesellschaft, wat onder meer die swastika gebruik het, het 'n rol gespeel in die totstandkoming van die NSDAP en die gevolglike aanvaarding van die simbool as Nasionaal-Sosialistiese kenteken. Friedrich Krohn, 'n lid van beide organisasies, het in 1919 reeds die swastika en die rooi, wit en swart kleure as simbool van die Duitse Arbeider Party, wat in 1920 na die NSDAP verander het, voorgestel. Daar word egter ook beweer dat die Oostenrykse Nazi-party die eerste was om die swastika as embleem te gebruik.⁵²

Die swastika, wat deur Hitler vereenvoudig, op sy sy gedraai is om beweging voor te stel en in 'n effektiewe propaganda instrument verander is, is op 7 Augustus 1920 amptelik as die teken van die

⁵⁰ C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 14, 48, 178-179.

⁵¹ J. Hoops, *Reallexikon der Germanischen Altertumskunde II*, p. 363; C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 48, 68, 179; D. Wilson, *Anglo-Saxon paganism*, pp. 115, 118-119.

⁵² N. Goodrick-Clarke, *The occult roots of Nazism*, pp. 24-25, 129, 150-151; C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 64, 66; P.G.J. Pulzer, *The rise of political anti-Semitism in Germany and Austria*, pp. 322-323.

NSDAP aanvaar. Dit is in alle beskikbare media herhaal, in uniforms geïnkorporeer en die groot trefkrag daarvan het byna 'n religieuse aanbidding by volgelinge afgedwing. In 1935 is dit as die amptelike Duitse nasionale vlag aanvaar.⁵³ Hitler het die betekenis daarvan soos volg verduidelik: "We National Socialists regarded our flag as being the embodiment of our party programme. The red expressed the social thought underlying the movement. White the national thought. And the swastika signified the mission allotted to us - the struggle for the victory of Aryan mankind and at the same time the triumph of the ideal of creative work which is in itself and always will be anti-Semitic."⁵⁴

Nadat die Nazi's die alleenbesit van die swastika aan hulself toegeëien het, is dit ook deur fascistiese bewegings in onder meer Nederland en Swede as embleme oorgeneem. Die Britse Imperial Fascists het in 1933 hul teken van die *fascies* na die swastika verander terwyl dit steeds die simbool van die huidige American Nazi Party is.⁵⁵ Gedurende die sewentigerjare het die White Power Movement in die VSA ook die simbool as hul eie aanvaar en verklaar: "The Swastika is not a German symbol. It has been the white [*sic*] Man's Symbol from the dawn of time, proudly displayed by the Vikings, the Aryan conquerors of India, Alexander the Great and American presidential candidates. The White Man's Sign belongs no more to the Nazi's of Hollywood than does the Cross of the Christian belongs no more to the telephone companies. The Swastika is our talisman against cowards, weaklings and do-nothings."⁵⁶ Volgens Liungman het die kloksgewyse rigting van die swastika 'n verband met reïnkarnasie en terugkeer en simboliseer dit nasionale hergeboorte.⁵⁷ Aangesien palingenese die kern van die fascistiese ideologie vorm, is dit 'n ideale teken vir 'n fascistiese beweging. Alfred Rosenberg het dan ook verklaar: "... the sacred hour of the Germans will appear when the symbol of awakening - the flag with the swastika of resurgent life - has become the sole prevailing creed of the Reich."⁵⁸

Die swastika het van tyd tot tyd ook sy verskyning in Suid-Afrika gemaak. Met Uniewording in 1910 en met die feestelike opening van die parlement van die Unie, het die komitee van die Historiese Optog 'n boekie uitgegee, naamlik *Historical sketch and description of pageant*. Op die eerste bladsy is verklaar dat die komitee die swastika as embleem van die Unie gekies het en dat die vier arms die vier kolonies van die Unie voorstel.⁵⁹ Met die stigting van die SACNSB of Gryshemde in 1933 is die swastika as simbool van die beweging aanvaar. Die amptelike vlag van die beweging het bestaan uit 'n oranje swastika in 'n wit sirkel teen 'n blou agtergrond. Dit is as 'n rasssimbool en kenteken van die Afrikaner se bloedverwantskap aan die Germaanse volksfamilie beskou. Vir die Gryshemde was dit die simbool van die roeping van die Nordiese fascistiese stryd om die handhawing van die blanke beskawing teen die Jood, en van die determinasie om die Joodse bedreiging uit te roei. Weichardt het bewerings van Duitse alleenreg op die simbool verwerp en verklaar dat dit 'n internasionale

⁵³ C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 66, 68; E.W.W. Fowler, *Nazi regalia*, pp. 24-25.

⁵⁴ A. Hitler, *Mein Kampf*, p. 276.

⁵⁵ C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, pp. 67

⁵⁶ Anon., *White power*, *Der Deutsch-Südafrikaner* 7, August 1977, p. 5.

⁵⁷ C.G. Liungman, *Dictionary of symbols*, p. 369.

⁵⁸ A. Rosenberg, *The myth of the twentieth century*, p. 463.

⁵⁹ J.A. Steenkamp, Die swastika - betekenis en invloed op die Suid-Afrikaanse politiek, *Acta diurna historica* 2(3), September 1973, p. 7.

simbool is wat deur alle nasionaalbewuste dele van die verskillende volke aangeneem is as die banier waaronder vir die behoud van die Christelike Idee en die Westerse Beskawing, en teen die geweldige oormag van die Internasionale Joodse Kommunisme en Joodse Kapitalisme, geveg word.⁶⁰

Sover bekend is die enigste na-oorlogse beweging wat die swastika as embleem oorgeneem het, die Suid-Afrikaanse tak van die NSDAP/AO, alhoewel lede van die Afrikaner Fascistiese Beweging en die Wit Wolwe al met swastika-vlae in die openbaar verskyn het. Beskuldigings is verder dikwels teen die AWB gemaak dat hul Drie Sewes-embleem en kleurskema van die Nazi's se swastikamotief afgelei sou wees. Die AWB-embleem is in der waarheid 'n triskelion, 'n driebeen-variasie van die swastika.

d. Elitisme en die totalitêre staat

Elitêre teorieë het 'n lang geskiedenis, maar het sedert die Renaissance 'n dieper politieke analise en bespreking ondergaan. Die filosoof Johann Herder (1744-1803) was die eerste om die konsepte van nasionalisme, elitisme en 'n verwerping van die rasionalisme in 'n betekenisvolle geheel te verbind. Hiervolgens was die verenigde Duitsers bestem om die regerende elite van Europa te word. Georg Hegel (1770-1831) was meer pragmaties en sy metode het die plan vir toekomstige teoretici oor die elite en die leier voorsien. Hegel was ook die eerste om na die supermens te soek. Dit was volgens hom noodsaaklik dat leiers bo die massa uitstaan, en dat hul lewe een van plig en nie net plesier en mag nie, moes wees. Na die publikasie van Darwin se teorieë in 1859 is die teorie van die oorlewing van die sterkste by hierdie sienings aangepas om die waarde van aristokrasie en leierskap te bewys.⁶¹

Friedrich Nietzsche (1844-1900) was een van die leidende figure in die ontwikkeling van die elitêre teorie. Die tradisionele waardes soos vertolk deur die Christendom, het volgens hom hul mag in die lewe van individue verloor en moes deur nuwe waardes vervang word. Hy was sterk gekant teen die slawementaliteit van die konformerende massa, die Christendom, swakkeling en verdraagsames, en teen enigiets, hetsy instellings of vorme van moraliteit en godsdienste, wat in die pad van instinktiewe reaksies sou staan. Hy het die geskiedenis as die aksies van groot mense vertolk en wou die mensdom met individualistiese en selfstandige supermense vervang. Vir Nietzsche was geweld en nihilistiese terreur die eindbestemming van die beskawing en het hy daarom 'n elitêre struktuur voorgestel, omdat verlossing volgens hom slegs deur 'n nuwe ras van Supermense sou kon geskied. 'n Waninterpretasie van hierdie teorie het tot die idee van die sogenaamde meester-slaaf samelewing aanleiding gegee en 'n groot invloed op die totalitêre filosofie van die Nasionaal-Sosialisme uitgeoefen.⁶²

⁶⁰ J.A. Steenkamp, Die swastika - betekenis en invloed op die Suid-Afrikaanse politiek, *Acta diurna historica* 2(3), September 1973, pp. 7-8.

⁶¹ P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 31-33.

⁶² P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 33-34; "Nietzsche, Friedrich (Wilhelm)", *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia*.

Totalitarisme is een van die oudste politieke filosofieë en verwys na 'n geïntegreerde volkstaaidie waarin enige elemente van vrye keuse verdwyn. In antieke Griekeland het Heraclitus in die totaliteit van die wêreld en die idee dat alles deel van 'n geordende geheel is, geglo, terwyl Plato teen die beskouing van 'n oop samelewing gekant en ten gunste van die eenheid van die staat was. Ook vir Aristoteles was die ideale staat 'n geïntegreerde stelsel. Hierdie idees is deur latere filosowe soos Hegel en Spengler, geherinterpreteer en binne 'n morele raamwerk geplaas.⁶³ Hegel het die elemente van mistisisme, universaliteit, aristokrasie, anti-demokrasie en die nuttigheidsleer, binne die hoofstroom Duitse politieke denke ingebring en tot 'n magtige filosofie saamgevoeg. Vir hom was die staat die einddoel van bestaan en was dit die basis en sentrum van alle elemente van 'n volk se lewe. Die negentiende-eeuse popularisering van die idee van 'n organiese staat as 'n organisme bevry van enige morele verpligting, kan ook tot sy filosofiese beskouings teruggevoer word.⁶⁴

Die opkoms van die demokrasie as 'n politieke stelsel waar die landsburgers die land deur middel van verkose verteenwoordigers help regeer, is nou verbonde aan die opkoms van nasionalisme. Die idee van direkte regering deur die volk het 'n belangrike rol in die voor-Christelike era en spesifiek binne antieke Griekeland en in die Romeinse Republiek gespeel. Binne die Westerse wêreld is die opstand teen outokratiese regerings deur filosowe soos Montesquieu en Rousseau ingelei en het dit met die uitbreek van die Franse Revolusie 'n hoogtepunt bereik.⁶⁵ Die deursnee Afrikaner was nog altyd demokraties en republikeins ingestel en het die idee van vryheid met staatsoewereiniteit verbind. Hiervolgens is die staat volks- en grondgebonde, word die Calvinistiese idee van soewereiniteit in eie kring gehandhaaf en het die staat dus nie onbeperkte of absolute gesag nie.⁶⁶

Olivier wys daarop dat die filosofiese element van die demokrasie van 'n ideaal-tipes aard is en dat daar derhalwe 'n verskeidenheid metodes is waarvolgens die demokratiese ideaal nagestrew kan word. Die parlementêre demokrasie verteenwoordig volgens hom 'n ononderbroke groeiproses wat tot die antieke Grieke, die Romeine, die Germane, die vestiging van die Christendom, die Hervorming en die Industriële Revolusie teruggevoer kan word. Die staatkundige ontplooiing van die Boererepublieke het uit die Afrikanerpionier se jarelange demokratiese strewes wat deur gebeure soos die Amerikaanse Vryheidsoorlog en die Franse Revolusie aangespoor is, gespruit. Die Afrikaner se volksregering word deur die Calvinistiese beginsel van Goddelike oppergesag, die demokratiese begrippe van volksoewereiniteit, die verdeling van staatsmagte en die Afrikanerkenmerke van sterk leierskap en georganiseerdheid, gekenmerk. 'n Verdere invloed op die staatkundige ontwikkeling van die Afrikaner was die kontak met Britse regeringspraktyke en -styl en die aanvaarding van die Westminsterstelsel waarteen daar volgens Olivier in Afrikanerkringe min kritiek of bedenkinge ten opsigte van die geskiktheid daarvan vir Suid-Afrika uitgespreek is.⁶⁷ Die huidige regse bewegings

⁶³ P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 39-42.

⁶⁴ P.M. Hayes, *Fascism*, pp. 44-46.

⁶⁵ "Democracy", *Microsoft Encarta 97 Encyclopedia*.

⁶⁶ W.J.G. Lubbe (red.), *Witman, waar is jou vryheid?*, pp. 30-32.

⁶⁷ G.C. Olivier, Die staatkundige ontwikkeling en bydrae van die Afrikanervolk, in P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp. 266-269.

ondersteun die beginsel van die demokrasie, maar is gekant teen die konsep van 'n burgerstaat, dit wil sê 'n omlynde grondgebied met 'n owerheid en bevolking. In teenstelling hiermee is hulle eerder voorstanders van die volkstaatgedagte waarvolgens 'n volk onder sy eie owerheid en op sy eie grondgebied woon.⁶⁸

Marais het daarop gewys dat die Britse parlementêre regeringstelsel deur eeue vanuit die gewoontes van die Germaanse stamme wat regering deur die volk of deur verteenwoordigers van die volk voorgestaan het, ontwikkel het. Die stelsel is egter eers prakties verwerklik nadat die nodige instellings daarvoor gedurende laaste twee eeue ontstaan het. Die kabinet as uitvoerende instelling het reeds duisend jaar gelede bestaan, terwyl politieke partye as middele van kabinetsregering ongeveer 800 jaar gelede op die toneel verskyn en eers na 1832 met die ontwikkeling van stemreg gedy het.⁶⁹ Die beskuldigings van fasciste dat die Britse parlementêre regeringsvorm 'n 'Brits-Joodse' stelsel is, is derhalwe ongegrond. 'n Verdere mite wat deur fascistiese groepe in Suid-Afrika voorgedra word, is dat die Boererepublieke eendragtig was en geen politieke partye bevat het nie. Coetzee het egter daarop gewys dat die Afrikaner se konserwatiewe-liberale verdeeldheid reeds in die Boererepublieke teenwoordig was en dat daar in werklikheid verskeie politieke groeperings binne die staatsregering van die ZAR bestaan het.⁷⁰

Vir die Boerenasie-beweging was die apartheidsbeleid van die NP te liberaal en het hulle die afstaan van die witman se grond aan die swartes as verraad beskou. Hulle het ook die demokratiese staatsvorm ten gunste van verantwoordelike leierskap en beroepsverteenvoording verwerp. Die BBB het, soos die Kerk van die Skepper, die hele suidelike Afrika as witmansgebied beskou. Die KvS staan ook 'n sosiale staat waar die idee van natuurlike leierskap en orde sou geld, voor. In teenstelling hiermee is die AWB ten gunste van 'n partylose volkstaat wat die herstel van die ou Boererepublieke moet verteenwoordig en voer die beweging aan dat die Boerevolk geen regte op ander se grond in Suid-Afrika het nie. Hulle bepleit 'n verteenwoordigende republikeinse grondwet en regeringsvorm asook 'n stelsel van beroeps- en bedryfsverteenvoording. Al die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings is sterk uitgesproke teen die vorming van politieke partye en die sogenaamde 'Brits-Joodse' parlementêre demokrasie. Hierdie beskouings kan waarskynlik na die fascistiese idees en bewegings van die tussenoorlogse tyd teruggevoer word.

e. Ekonomiese beskouings

Die organisasie van verskeie samelewingsektore in korporasies wat gedeeltelik onafhanklik en gedeeltelik deur die staat beheer word, dateer uit die Romeinse tyd. Dit was ook 'n algemene organisatoriese kenmerk van die stadstate gedurende die Middeleeue. Sedert die vroeë negentiende

⁶⁸ C.W.H. Boshoff *et al.*, *Die volkstaat as Afrikanerbepemming*, pp. 49. Daar moet gelet word op die subtiel verskil tussen die organiese beskouing van 'n volkstaat as 'n regeringstelsel deur die volk, en die regsgeleerde versugting na 'n volkstaat as 'n onafhanklike geografiese gebied.

⁶⁹ D. Marais, Die vroegste herkoms van die Britse parlementêre stelsel, *Politica* 9(1), 1990, pp. 24, 36-37, 40.

⁷⁰ J.A. Coetzee, *Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika (1652-1968)*, pp. 169-170.

eeu het enkele korporatiewe leerstellings as 'n reaksie teen die opkoms van die individualisme en die nuwe vorme van sentrale staatsgesag wat vanuit die Franse Revolusie en die moderne liberalisme ontwikkel het, ontstaan. Teen die begin van die twintigste eeu is baie van hierdie regse en konserwatiewe korporatiewe beskouings binne 'n beweging met groter nadruk op staatskorporatisme gekombineer.⁷¹

Alhoewel daar geen samehangende teorie van die korporatisme bestaan nie, word dit algemeen as 'n derde weg tussen die kapitalisme en sosialisme beskou. Waar die Italiaanse korporatisme byvoorbeeld ekonomies rationeel was, het die Duitse weergawe 'n eie karakter aangeneem in 'n romantiese *völkische* sin waarin die ekonomie aan rassebelange onderhewig was. Binne 'n fascistiese konteks kan die korporatisme slegs in terme van die allesomvattende siening van 'n organiese, spiritueel verenigde en moreel herleefde samelewing verstaan word. Dit word deur die aanhangers van die fascisme voorgedra as die enigste vorm van demokrasie vir die twintigste eeu deurdat dit die verdeelende parlementêre stelsel wat op geografiese besonderhede en politieke partye gebaseer is, met 'n waarlik verteenwoordigende staatstruktuur wil vervang. Hierdie organiese stelsel sal uit 'n korporatistiese parlement waarin natuurlike ekonomiese sosiale groepe eerder as abstrakte geografiese en politieke groeperings verteenwoordig word, bestaan. O'Sullivan waarsku egter dat die korporatiewe stelsel ook die potensiaal het om, in plaas van 'n derde weg, bloot groter staatsbeheer oor die samelewing te bewerkstellig.⁷²

Die Afrikaner heg in sy ekonomiese beskouings groot waarde aan privaatbesit, klein en middelslagondememerskap en grondgebondenheid. Die landbou en 'n landelike leefwyse word hoog geag, terwyl die oorheersing van ekonomiese bedrywighede deur amptenare afgekeur word. Die ekonomie behoort volgens die nasionale Afrikaner in lyn met die volk se politieke bestemming te ontwikkel. Beskerming teen ekonomiese kolonialisme, werkloosheid, armoede en oormatige vreemde mededinging wat ontwrigting en onvryheid in die hand werk, is daarom noodsaaklik. Binne die regse politiek word daar geglo dat die kapitalisme 'n ontwrigtende uitwerking op die Afrikaner se leef- en werkswyse asook op sy selfbeskikking gehad het. Alhoewel die kapitalisme, vrye mark en verwante begrippe nie sodanig volksvreemd is nie, is die volksontdruynende werking van die stelsel en die kragte wat dit beheers asook die materialisme wat daaruit voortvloei, nie vir die regses aanvaarbaar nie.⁷³ Die tradisie van 'Afrikanersosialisme' of 'volkskapitalisme' kan dan ook na die dertigerjare teruggevoer word toe die sogenaamde uitheemse, Britse, monopolie kapitalisme tesame met imperialisme as die oorsaak van die Afrikaner se ellende en die verdeling van die volk volgens klasgrense, gesien is. Gedurende die veertigerjare het die NP daarin geslaag om 'n alliansie van die klasse te organiseer wat uiteindelik in 1948 politiek gemobiliseer sou word. Hierna is die volk se ekonomiese belange deur die NP-staat beskerm en deur nasionalisasie bevorder.⁷⁴

⁷¹ S.G. Payne, *Fascism*, pp. 23-24.

⁷² N. O'Sullivan, *Fascism*, pp. 131-132, 135-136.

⁷³ M.R. Marais, Ekonomiese beleid vir 'n Afrikanerstaat, in C.W.H. Boshoff et al., *Die volkstaat as Afrikanerbestemming*, pp. 102-104.

⁷⁴ D. O'Meara, *Volkskapitalisme*, pp. 151-152, 248.

Rudman se Boerenasie-beweging het die nasionalisering van die minerale rykdomme voorgestaan en die regte van die blanke werker beklemtoon. Die BBB het 'n totale herstrukturering van die ekonomie wat uiteindelik technokraties en onafhanklik van swart arbeid moes wees, in die vooruitsig gestel. Die KvS is sterk gekant teen die kapitalisme en het in die VSA 'n kollektivistiese samelewingstruktuur probeer bevorder. Vir die AWB is die gedagte van rentmeesterskap in die ekonomie sentraal. Die beweging lê verder klem op die landbou en is ten gunste van vrye ondernemerskap en nasionalisasie. Byna al die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings is ten gunste van 'n korporatiewe stelsel van beroepsverteenvoording wat geen historiese voorganger in Suid-Afrika het nie en na die invloed van die tussenoorlogse periode teruggevoer kan word.

f. Organisasoriese en ideologiese verskeidenheid

Die voorafbespreekte ideologiese grondslae van die fascisme is nie volledig nie en dien oorsigtelik om die eklektiese aard van die ideologie, wat idees uit verskeie lande en vanuit verskillende tydperke binne variasies daarvan kombineer, aan te toon. Die fascistiese bewegings in Suid-Afrika vertoon in lyn met die kontemporêre ontwikkeling van die verskynsel in die buiteland, 'n groot verskeidenheid wat vorme van organisatoriese ordening en ideologiese beskouings betref. Die fascistiese beweging in Suid-Afrika het enkele drukgroepe soos die National Forum, internasionale en nasionale sambreelorganisasies soos die NSDAP/AO en die Wêreld-Apartheidsbeweging, pseudo-akademiese instansies waaronder die invloed van die Holocaust Revisionisme getel kan word, uitgewerye soos Dolphin Press en Patriotic Press, tydskrifte soos die *South African Observer*, adreslyste soos Thinker's Library se boekebesteldiens, plaaslike besprekingsgroepe soos die byeenkomste wat van tyd tot tyd deur die Kerk van die Skepper gereël is, terroristeselle soos die Wit Kommando en die Nasionaal-Sosialistiese Partisane, en paramilitêre bewegings soos die AWB, omsluit.

Die fasciste se ultra-nasionalisme en rassisme het veroorsaak dat feitlik al die bewegings in Suid-Afrika 'n sterk afkeer aan die kommunisme, liberalisme, geldmag, parlementêre demokrasie en die ander beweerde vervalle verskynsels van die moderne tyd, gehad het. Die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings was in hul ekonomiese beskouings almal gekant teen enige vorm van buitelandse inmenging en ten gunste van nasionalisasie en 'n korporatiewe stelsel van beroepsverteenvoording. Alhoewel die belangrikheid en wenslikheid van rassesuiverheid en die meerderwaardigheid van die blanke ras deur almal beklemtoon is, het elke beweging verskillende oopspunte benadruk waaronder byvoorbeeld die beklemtoning van volksnasionalisme teenoor die bevordering van 'n wyer rassenasionalisme. Hierdie verskille het ook in beskouings soos dat die partisiebeleid en die beklemtoning van etnisiteit in Suid-Afrika behou moes word, teenoor die benadering dat die hele land as witmansgebied beskou moes word, tot uiting gekom. Ook ten opsigte van die voorkoms van aktivisme en revolusionisme het die bewegings van mekaar verskil, sodat sommige openlik verklaar het dat hulle mag in die land wou oorneem, terwyl ander bloot voorgegee het om weerstand te bied of gepoog het om deur middel van 'n veranderende waardestelsel hul

doelstellings te bereik. Die AWB was die enigste beweging wat openlik en op 'n groot skaal die fascistiese ikonografie van die Nazi's nageboots het. Die beweging se aktiwiteite is uitgekien aan die dra van uniforms en kentekens, die gereelde hou van verbymarste en parades, die versiering van byeenkomste met baniere en vlae, die voorkoms van charismatiese leierskap, retoriek van verset en verwysings na die 'komende oorlog' wat die huidige orde sal verander.

Uit die voorafgaande kan afgelei word dat die fascistiese beweging in Suid-Afrika wel enkele idees vanuit die Suid-Afrikaanse nasionale, politieke en sosio-ekonomiese bodem oorgeneem en dit met die kontemporêre beskouings van die buitelandse fascisme vermeng het. Die idees wat deur eeue in die Weste ontwikkel en in spesifieke kombinasies 'n invloed op die ontstaan van die fascisme gedurende die tussenoorlogse tydperk gehad het, is dergeliks steeds beklemtoon of by die na-oorlogse tyd aangepas. Hierdie invloed het volgens die voorbeeld van die plaaslike bewegings gedurende die dertiger- en veertigerjare of deur middel van kontak met kontemporêre buitelandse bewegings geskied. Vanuit hierdie grondslae het elke beweging verskillende oogpunte benadruk om die fascistiese verskeidenheid in die land te vestig.

2. Kriteria vir die totstandkoming van die fascisme

Griffin beweer dat enkele kriteria gewoonlik die totstandkoming van fascistiese bewegings in 'n land voorafgaan. Hiervolgens ontstaan fascistiese bewegings veral in daardie lande waar sekularisme en pluralisme reeds wortel geskied en tot die ontstaan van plaaslike of buitelandse fascistiese voorbeelde vir inspirasie, of nie-fascistiese ultra-nasionale strominge wat deur palingenetiese mitevormers tot elemente van 'n revolusionêre ideologie omvorm kan word, aanleiding gegee het.⁷⁵ Griffin is van mening dat die fascisme slegs 'n kans het om tot ontplooiing te kom binne 'n relatief gevorderde liberale demokrasie wat deur 'n strukturele krisistydperk gaan en aan 'n sterk nie-fascistiese ultra-regse politieke beweging ontbreek. Die pluralisme binne so 'n samelewing verseker 'n mate van politieke ruimte waarbinne teenstrydige ideologieë kan ontwikkel, terwyl die liberalisme se onderskraging van die materialisme, internasionalisme, partypolitiek en rasseverdraagsaamheid maklik deur ultra-nasionaliste met 'n korrupte en vervalde stelsel wat vernietig en vervang moet word, gelykgestel kan word.⁷⁶

In die voorafgaande bespreking is aangetoon dat daar in Suid-Afrika beide 'n inheemse ultra-nasionalisme en plaaslike sowel as buitelandse fascistiese rolmodelle was waaruit die Suid-Afrikaanse fascistiese bewegings van die na-oorlogse tyd inspirasie kon trek. Die meeste van hierdie bewegings kon egter nooit die steun van die massas oorhaal nie en volgens Griffin se teorie kan dit waarskynlik aan die voorkoms van 'n sterk nie-fascistiese ultra-regse tradisie in Suid-Afrika toegeskryf word. Die enigste uitsondering is die AWB wat gedurende die tagtigerjare 'n redelike openbare steun geniet het. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die beweging die

⁷⁵ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 208.

⁷⁶ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 210-211.

fascistiese ideologie in terme van Suid-Afrikaanse elemente en die breëre Afrikanemasionale ideologie vertolk het.

Die bestaan van 'n strukturele krisis is volgens Griffin 'n ander maatstaf wat tot die ontstaan van fascistiese bewegings kan lei. Vanweë die negatiewe reaksie van die buiteland jeens die apartheidsbeleid, die interne druk van swart versetbewegings en Suid-Afrika se betrokkenheid by die grensoorlog in Angola, het die land veral sedert die sewentigerjare 'n kritieke fase in sy geskiedenis beleef. Sedert die regering se hervormingspogings en veral met die oorgang na 'n veelrassige regeringstelsel aan die einde van die tagtiger- en vroeë negentigerjare, het Suid-Afrika 'n baie onrustige periode binnegegaan wat deur ekonomiese verval, openbare onrus, sosiale onstabiliteit en misdaad gekenmerk is. Hierdie strukturele krisis kon maklik deur die fascistiese bewegings as tekens van verval voorgelê word. Jordaan het in hierdie verband aangevoer dat die regse mens, en dus ook die fascis, nie kan begryp dat hervorming weens die sielkundige gaping wat dit tussen stygende verwagtinge en die vlak waarop daaraan voldoen word laat, noodsaaklikerwys die kiem van konflik of geweld dra nie.⁷⁷

Binne die breë regse beweging is hierdie krisis as 'n spesifieke buitelandse aanslag teen die Afrikaner en met die uitsluitlike doel om Suid-Afrika onder 'n swart bewind te plaas, vertolk. Hierdie aanslag het die isolasie van Suid-Afrika en die toepassing van sanksies, die verspreiding van onwaarhede in die pers om die wêreldmening teen Suid-Afrika te draai, en die opstoot van swart verset, ingesluit. Vir baie regsies was die liberalisme die vernaamste oorsaak van die verval en die grootste bedreiging vir Afrikanervoortbestaan. Andere het die aanslag in verband met die samesweersnetwerk van geheime magte, wat die hele mensdom in 'n kollektivistiese wêreldstaat wil indwing, probeer verklaar.⁷⁸

Binne hierdie konteks is Suid-Afrika, wat strategiese en ekonomiese betekenis vir Afrika en die Westerse wêreld het, as bolwerk van die Westerse beskawing beskou, 'n gedagte wat ook by die Afrikaner se idee dat hy 'n unieke volk met 'n besondere doelstelling is, aansluiting gevind het. Hierdie idee is nie net deur Suid-Afrikansers gehandhaaf nie, maar het ook onder buitelandse fascistiese groepe voorgekom. Vanuit Duitsland het ene Michael Wolf byvoorbeeld in 1982 geskryf: "We are a small group of youth who intend to emigrate to RSA because we despair in the future of Germany. ... But mankind without hope is a dead mankind. We don't like to go back to the stone-age, and that is the very reason we concentrate our hopes onto South Africa. One day there will be a revival for the world coming from the Southern part of Africa. You are the last bastion! Stand Through! There is a predetermination for you folks."⁷⁹ Die redaksie van die *South African Patriot*, waarin die brief gepubliseer is, het in reaksie hierop verklaar: "It is ... symbolic of a growing spirit of

⁷⁷ W. Jordaan, Die bevrore psige van die regse radikaal, *Insig*, April 1990, p. 16.

⁷⁸ Sien bv. P.F. Bruwer, *Die derde vryheidsoorlog woed ...*, pp. 189-204; K.D. Vaqué, *Verraad teen Suid-Afrika*, pp. 11, 51, 57, 258-259; H. Booysen, *Die aanslag teen selfbeskikking in die RSA*, pp. 1-21; C.W.H. Boshoff et al., *Die volkstaat as Afrikanerbestemming*, pp. 4-6.

⁷⁹ Brief gepubliseer in *S.A. Patriot* 1(11), January/February 1982, p. 6.

racial re-awakening taking place throughout Germany, with the example of their South African kinsmen acting as an inspiration ...⁸⁰

Volgens Tom Wilson, direkteur van publikasies van die NAAWP in New Orleans: "I am ashamed of the way my government has treated the Whites in Southern Africa. Believe me, if the White majority controlled this country, we would treat our White brothers in Africa with respect and decency rather than with ... unfairness and hypocrisy Someday the White majority of America will regain control of the nation its forefathers founded and do our part in the Worldwide White Renaissance that's sure to come."⁸¹ In 1982 het Joe Pearce van die Britse National Front die ondersteuners van die *South African Patriot* in 'n brief vir hul ondersteuning gedurende sy tyd van aanhouding bedank: "I very much appreciate your support and I want all White patriots in South Africa to know that our struggle is a common one. The White Race finds itself under attack from all quarters, and Racial Nationalists must fight together against our common enemies. The international forces of Zionism, Big Business, multi-racialism and Communism pose a threat to all nations in the world. It is up to us as the enlightened few to form the vanguard of White Resistance throughout the world."⁸²

Suid-Afrika voldoen in terme van Griffin se kriteria aan die belangrikste vereistes wat die ontstaan van fascistiese bewegings voorafgaan en bevorder. Die land is nie net 'n liberale demokrasie wat 'n lang strukturele krisistydperk beleef het nie, maar het ook 'n sterk gevestigde tradisie van inheemse ultra-nasionalisme, sowel as die voorkoms van inheemse en buitelandse fascistiese rolmodelle wat as inspirasie kan dien. Binne die Suid-Afrikaanse konteks gee die fascistiese ideologie nie net vir die aanhangers daarvan 'n verduideliking van die politieke, sosiale en ekonomiese chaos nie, maar die fokus op Suid-Afrika as 'n bolwerk van die Westerse beskawing plaas hulle sentraal in die stryd as belangrike deelnemers in die veronderstelde geveg om die oortewing en handhawing van die blanke ras en beskawing.

In hierdie verband het Griffin ook aangevoer dat Suid-Afrika sedert 1945 'n vrugbare teelaarde vir fascistiese bewegings geword het en bygevoeg dat die AWB slegs die bekendste voortbrengsel van die land se na-oorlogse fascistiese kultuur is. Dit het ook guerrillagroep (die Wit Kommando), 'n organisasie vir die verspreiding van 'rassefeite' (National Forum), en 'n uitgebreide joernalistieke industrie wat ingevoerde en inheemse ultra-regse literatuur versprei het, ingesluit. Griffin het ook opgemerk dat Suid-Afrika 'n natuurlike toevlug vir lede van organisasies soos die KKK of die National Front en ander groepe wat dit op hulself gehaal het om die Weste teen agteruitgang en rasseverval te beskerm, geword het. Gevolglik is Suid-Afrika wêreldwyd deur fasciste en rassiste as die frontlyn binne die konflik tussen gesonde nasionalisme en die Marxistiese en Liberalistiese magte wat poog om dit met hul eenwêreldse ideologie te ondermyn, beskou.⁸³

⁸⁰ S.A. *Patriot* 1(12), March/April 1982, p. 3.

⁸¹ S.A. *Patriot* 1(13), May/June 1982, p. 6.

⁸² S.A. *Patriot* 1(15), September/October 1982, p. 6.

⁸³ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 158, 160.

3. Fascistiese bewegings in perspektief

Verbandhoudend met die uiteensetting van die grondslae van die fascisme, het Griffin daarop gewys dat daar nie aangeneem moet word dat alle fascistiese ondersteuners noodwendig al die idees wat in 'n fascistiese politieke program of mite saamgevat word, verstaan of selfs ondersteun nie. Elkeen verpersoonlik dit gedeeltelik en eiendomlik en beklemtoon verskillende aspekte daarvan volgens hulle eie unieke persoonlikheid en omstandighede. Derhalwe sal 'n fascistiese beweging se leierskap, lede, ondersteuners en taktiese bondgenote nie noodwendig vanuit 'n enkele sosiale groep of klas getrek word nie en motiverings vir steun aan die beweging sal terselfderwyse ook te heterogeen wees om tot 'n enkele faktor, persoonlikheidstipe of neurose afgelei te word.⁸⁴ Ten spyte hiervan kan sekere psigo-historiese veronderstellings oor die menslike aard wel gebruik word om ondersteuning van die fascisme te verklaar.

Eric Voegelin het 'n belangrike bydrae tot die studie van die politieke simbolisme gelewer. Hiervolgens het elke samelewing sy eie simboliek wat die produk van elkeen se geskiedenis is en 'n oneindige interpretasie van die onbekende behels. Vir Voegelin word die aardse bestaan deur onsekerheid gekenmerk en soek die mens gedurig om deur middel van simbole 'n orde daarin te vind wat sy bestaan sal verklaar. Binne hierdie konteks kan die verskynsel van antieke gnostisisme as die filosofiese grondlegger van die moderne rassistiese, fascistiese en kommunistiese massabewegings beskou word. Gnostisisme kan verstaan word as 'n reaksie teen die bestaansmisterie en gesien word as 'n bekendmaking van die universele menslike soeke na sekerheid. Hiervolgens kan die mens deur spesiale kennis sy eie redding verseker en derhalwe vergoddelik die gnostisisme die werklikheid deur 'n tweede werklikheid of droomwêreld te skep waarin die bestaansdruk opgehef kan word.⁸⁵

Hierdie teorie kan help om die fascistiese bewegings in perspektief te plaas en Baigent, Leigh en Lincoln skryf dan ook die sukses van byvoorbeeld die Nasionaal-Sosialisme daaraan toe dat dit die tradisionele godsdienstige funksie, naamlik om betekenis en samehang aan 'n deurmekaar wêreld te verleen, verskaf het.⁸⁶ Volgens Erich Fromm het die mens 'n ingeboude vrees vir isolasie en 'n gepaardgaande saamhorigheidsbegeerte. Die tradisionele gevoel van deelheid aan 'n groter geheel is deur die opkoms van die individualisme, die Hervorming, industrialisasie en kapitalisme afgebreek. Gevolglik is dit vir sommige mense vanweë 'n vrees vir vryheid en alleenheid en vir baie ander in krisistye sielkundig noodsaaklik om tot die illusie van 'n hoër werklikheidsorde 'n toevlug te neem.⁸⁷

In hierdie verband verklaar Eatwell dat die trefkrag van die samesweringsteorie juis daarin lê dat dit 'n eenvoudige verklaring vir ingewikkelde en uiteenlopende politieke gebeure verskaf. 'n Gevoel van meerderwaardigheid kan geskep word, omdat daar gevoel word asof mens 'n verborge waarheid weet

⁸⁴ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 185.

⁸⁵ A.J. Venter, Prologomena to a Voegelinian perspective on Afrikaner nationalism and apartheid, *Politeia* 6(2), 1987, pp. 24, 26-27.

⁸⁶ M. Baigent *et al.*, *The messianic legacy*, p. 204.

⁸⁷ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 191.

of andersins kan onderdrukte emosies op die beweerde samesweerders geprojekteer word.⁸⁸ Ook Vankin voer aan dat daar in geheimhouding 'n gevoel van andersheid is, 'n gevoel dat iets heiligs besit word wat niemand anders het nie, en daarom 'n gevoel van mag vergestalt word.⁸⁹

Griffin kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat die oortuigde fascis iemand is wat sy betekenis krisis oorkom het deur die ervaring van wanorde en die verlange na saamhorigheid en sin op 'n uiterlike werklikheid te projekteer, sodat dit dan die volk word wat as siek ervaar en herstel moet word. 'n Psigies gesonde persoon oorkom krisis en materiële ontberings deur 'n nuwe sielkundige orde te skep waardeur hy geestelike selfbeheer, selfkennis en vryheid kan bereik. Die fascis daarenteen wil 'n heroïese rol in die openbare lewe speel deur aan die stigting van 'n nuwe sosiale en politieke orde onder die bevel van 'n nasionale leier wat selfversekerd oor die lotsbestemming van die volk besluit, deel te neem. Op hierdie manier kan hy volgens Griffin aan die las van vryheid en individualisme ontkom en bo die wisselvallighede van die lewe verhef word.⁹⁰

4. Gevolgtrekking

Die fascisme as politieke verskynsel het met sy verskeie uiteenlopende openbaringsvorme 'n hewige debat onder akademiërs van die politieke en sosiale wetenskappe oor die presiese aard en omvang daarvan ontketen. Ten spyte van meningsverskille is dit tog moontlik om die ideaal-tipes kemelemente wat alle voor- en na-oorlogse vorme van die fascisme in gemeen het, te identifiseer. Hierdie gemeenskaplike ideologiese onderdele sluit die populisme, ultra-nasionalisme, anti-liberalisme, anti-demokrasie, anti-kommunisme, anti-konserwatisme, rassisme, revolusionisme, anti-rasionalisme, idealisme, anti-materialisme, aktivisme, elitisme, outoritarisme, eklektisisme en modernisme in. Die fascisme kan ter opsomming gedefinieer word as 'n revolusionêre vorm van nasionalisme wat 'n politieke, sosiale en etiese revolusie wil ontketen om die volk tot 'n dinamiese nasionale gemeenskap onder 'n nuwe elite en besiel met nuwe heroïese waardes, saam te snoer. Die kernite wat hierdie bedrywighede inspireer, is die geloof dat slegs 'n populistiese, nie-klasgebonde beweging van gesuiwerde nasionale hergeboorte die huidige samelewingsorde se oorweldigende verval en agteruitgang kan teëstaan.⁹¹

Die eerste ware direkte invloed van die fascisme in Suid-Afrika was in die vorm van die Duitse Nasionaal-Sosialisme wat gedurende die dertigerjare op verskillende maniere probeer het om die Duitsers in Suid-Afrika binne die groter Volksgemeenskap van die Nazi's se Derde Ryk te koördineer. Anti-Semitiese propaganda is deur die NSDAP en dié se frontorganisasies onder die Suid-Afrikaanse bevolking versprei. Die Nazi's het verder op Duitsers in die Unie gespioeneer en veral gedurende die Tweede Wêreldoorlog inligting ten opsigte van die skeepsvaart om die Kaap van simpatieke Suid-Afrikaners bekom. Gedurende die dertigerjare het die voorbeeld van die Hitler-beweging in Duitsland, in samehang met die plaaslike invloed van die droogte, ekonomiese depressie en die

⁸⁸ R. Eatwell, *The Holocaust denial: a study in propaganda technique*, in L. Cheles et al., *Neo-fascism in Europe*, p. 140.

⁸⁹ J. Vankin, *Conspiracies, cover-ups and crimes*, p. 283.

⁹⁰ R. Griffin, *The nature of fascism*, pp. 196-197.

⁹¹ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. xi.

groter wordende bedreiging van swart ekonomiese mededinging, verskeie anti-Semitiese geüniformeerde bewegings laat ontstaan. Hierdie bewegings, waarvan die Gryshemde die bekendste was, het in navolging van Hitler die Jood as sondebok uitgesonder en openlik die taal, simboliek en wêreldbeskouing van die Nazisme aangeneem.

Die fascisme is gedurende die periode tussen die twee wêreldoorloë algemeen beskou as 'n nuwe gees wat deur die wêreld posgevat het en in elke land met sy eie kenmerkende eienskappe na vore gekom het. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die fascisme met sy klem op ultra-nasionalisme en rassisme, ook 'n groter invloed op die nasionaalgesinde Afrikanerpolitiek begin uitoefen. Gevolglik het meer inheemse variasies van die fascisme in bewegings soos die Ossewa-Brandwag en die Nuwe Orde, wat gepoog het om hierdie uitlandse ideologie by Suid-Afrikaanse omstandighede aan te pas, tot uiting gekom. Alhoewel die Gryshemde en Nuwe Orde, wat die nasionaal-sosialisme ten volle nagestreef het, se invloed beperk was, het die Ossewa-Brandwag se samevoeging van die fascisme met elemente uit die Afrikanemasionale ideologie 'n wyer politieke trefkrag en invloed gehad.

Ten spyte van enkele verskille het al hierdie bewegings min of meer dieselfde beginsels en doelstellings gehandhaaf, naamlik 'n organiese volksbeskouing, 'n sterk anti-kommunistiese, anti-kapitalistiese en anti-demokratiese inslag, die bevordering van een Suid-Afrikaanse nasie bestaande uit Afrikaners, Engelse en ander inlyfbare blankes, 'n beklemtoning van rassesuiverheid en 'n simpatieke benadering jeens 'n beleid van segregasie en eiesoortige ontwikkeling ten opsigte van die nie-blankes. Furlong het daarop gewys dat die terme Fascisme en Nazisme in die tussenoorlogse tyd in die denke van die Afrikaner vertroebel geraak het. Terwyl die voorbeeld van Mussolini se Fascisme die basis van die meeste ernstige teoretiese pogings ter wille van 'n Suid-Afrikaanse fascistiese variasie gevorm het, het die Nazi-regeringstelsel as hoofinspirasiebron vir die meeste fascistiese groepe in Suid-Afrika gedien. Gevolglik het Nazi-simbole soos die swastika, Nazi-eienskappe soos anti-Semitisme, en Nazi-terme soos 'nasionaal-sosialisme', enige verwysings na Mussolini of die Fascisme in Suid-Afrika vervang.⁹²

Die leierskap van die Herenigde Nasionale Party het hulself sedert 1943 al meer van die fascistiese bewegings waarmee hulle in gemeenskaplike anti-oorlogsgesinde regeringsopposisie geassosieer was, begin distansieer. Na die einde van die oorlog is pogings om al die verskillende Afrikanemasionalistiese faksies binne die party te verenig, egter verwelkom. Na die Nasionale Party-koalisie se verkiesingsoorwinning in 1948, en veral vanweë dié se simpatieke en vergewingsgesinde houding jeens inheemse fascistiese ondersteuners, is beskuldigings van fascistiese verwantskap dikwels teen die Suid-Afrikaanse regering gemaak. Die Apartheidsbeleid van die Nasionale Party is volgens willekeurige kriteria en sonder inagneming van die verskillende strominge binne die NP, openlik deur teenstanders as 'n vorm van Suid-Afrikaanse fascisme of Nazisme beskryf. Die

⁹² P.J. Furlong, *Between crown and swastika*, p. 5.

belangrikste gevolg hiervan was dat terwyl die Suid-Afrikaanse regering met fascisme gelykgestel is en alle verwysings na die na-oorlogse fascisme in Suid-Afrika met Apartheid in verband gebring is, die ware fascistiese bewegings aan die kantlyn van die Suid-Afrikaanse politieke spektrum ongesiens gebly het en feitlik ongestoord op die agtergrond met hul bedrywighede kon voortgaan.

Ten spyte van populêre oorlewing, is die fascisme as 'n politieke ideologie nie aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog saam met die regeringstelsels van Mussolini en Hitler vernietig nie. Dit het in die na-oorlogse periode as 'n permanente onderdeel van die moderne politieke kultuur bly voortleef om van tyd tot tyd in nuwe vorme soos deur die sosio-politieke toestande genoodsaak, te voorskyn te kom. Nostalgieuse en mimetiese bewegings het sedert 1945 in hul fascistiese beskouings volhard en nuwe generasies fasciste het in elke Westerse land te voorskyn getree om verbruikersdruk, pluralisme en hedonisme te beveg. Hierdie groepe het óf die tussenoorlogse fascisme nageboots of aangepas óf met nuwe voorskrifte van die nasionale herlewingsmitiese, wat vir sommige 'n pan-Europese of globale hergeboortebeweging sou wees, vorendag gekom.⁹³

Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog was daar ook verskeie individue in Suid-Afrika wat gepoog het om deur middel van die vorming van enkele nostalgiese fascistiese bewegings, die Europese en Suid-Afrikaanse fascistiese idees van die tussenoorlogse periode lewend te hou en opnuut te bevorder. Binne die Duitse gemeenskap het enkele persone, waaronder Nazi-immigrante vanuit Duitsland, steeds die Nazi-ideologie aangehang en die Derde Ryk geïdealiseer. 'n Aantal regsgerigte Duitse bewegings en koerante het vir die bevordering van Duitse nasionalisme en die vereniging van Duitsland gepleit, en geweier om die Joodse volksmoord deur die Nazi's as historiese feit te aanvaar. Kontak met kontemporêre regse en fascistiese idees in Duitsland is ook deur die aantal ondersteuners van Duitse fascistiese groeperings wat die land van tyd tot tyd besoek en hul propaganda hier versprei het, behou.

Suid-Amerikaanse fasciste het beperkte verbintenisse gedurende die sestigerjare met Suid-Afrikaanse regsgeestes opgebou. Fascistiese elemente in die Britse samelewing soos Oswald Mosley en A.K. Chesterton, het ten spyte van hul afwysing van die Fascisme en Nazisme, steeds gepoog om hul eie fascistiese idees te laat voortleef en takke van hul onderskeie na-oorlogse bewegings in Suid-Afrika gestig. Die enigste ware inheemse nostalgiese bewegings het binne Afrikanergeleedere ontstaan. Die Boerenasie was die voortsetting van een van die sogenaamde anti-Semitiese geüniformeerde bewegings van die tussenoorlogse periode. Die beweging is reeds in 1940 gestig, maar het gedurende die sestigerjare 'n oplewing beleef en kontakte met buitelandse fasciste opgebou. Die AWB, wat in 1971 gestig is, het 'n groot deel van die Ossewa-Brandwag se ideologie oorgeneem, maar terselfdertyd ook hul eie unieke en mimetiese ikonografie geskep.

⁹³ R. Griffin, *The nature of fascism*, p. 219.

Teen die sewentiger- en tagtigerjare het die veranderende politieke omstandighede in Suid-Afrika tot die ontstaan van meer militante, fanatieke en uitheemse groepe wat eerder onder die mimetiese fascisme ingedeel kan word, bygedra. Verskeie ekstremistiese neo-Nazi bewegings het sedertdien in Suid-Afrika bestaan wat in 'n groot mate deur die Nasionaal-Sosialisme en Sosiaal-Darwinisme beïnvloed is en in plaas van etnisiteit eerder op ras as ideologiese uitgangspunt gekonsentreer het. Baie van hierdie bewegings het nie werklik enige historiese voorgangers in Suid-Afrika gehad nie, en was takke van buitelandse fascistiese bewegings wat enkele Nazi-leerstellings wou herinstel en in sommige gevalle selfs 'n openlike bewondering vir Hitler en die Derde Ryk getoon het. So byvoorbeeld, het enkele lede van die Britse National Front gedurende die sewentigerjare 'n rol in die buiteparlementêre politiek van Suid-Afrika gespeel en 'n Suid-Afrikaanse tak van die National Front hier gestig. Die Ku Klux Klan, die Church of the Creator en die NSDAP/AO wat almal in die VSA gevestig is, het ook takke in Suid-Afrika tot stand gebring. Bewegings wat op eie bodem ontstaan het en deur hul mimetiese ideologiese grondslae bande met buitelandse ekstremiste en fasciste bevorder het, sluit die Blanke Bevrydingsbeweging en die Wêreld-Apartheidsbeweging, later die Wêreld-Preserviste-Beweging, in.

'n Aantal regse Suid-Afrikaanse drukgroepe en uitgewersgroepe wat nie aan al die vereistes van die fascisme voldoen het nie en spesifiek aan die populistiese en aktivistiese kenmerke ontbreek het, kan as deel van die krypto-fascisme saam met die Holocaust Revisionisme en die Konserwatiewe Revolusie-gedagte, onder die neo-fascisme ingedeel word. Bewegings soos die National Forum, en tydskrifte soos die *South African Observer*, was veral gedurende die sewentiger- en tagtigerjare instrumenteel in die verspreiding van fascistiese idees en die oorbrugging van die fascisme met die breëre ver-regse ideologie. Enkele regse en konserwatiewe politieke partye waaronder die HNP, KP en Boerestaat Party, volg nie noodwendig 'n fascistiese program nie, maar is wel deur enkele fascistiese idees beïnvloed en het gedurende die tagtiger- en negentigerjare dikwels met fascistiese bewegings en ondersteuners saamgewerk.

Die ontkenning van die Joodse Holocaust is nie uniek aan die regse politiek nie. Dit kom ook tot uiting in die ideologie van sekere radikale linkse groepe en ondersteuners van die Palestynse revolusie wat dit as 'n Sionistiese slenter ter regverdiging van die Israeliese staat beskou en die Jode as aggressors teen die tenagekome Duitsers en Arabiere voorhou.⁹⁴ Die ontkenning van die Holocaust is egter baie nou verbonde aan 'n fascistiese politieke agenda, is 'n integrale deel van die neo-fascistiese verskynsel, en het sedert die sewentigerjare 'n onderdeel van 'n verskeidenheid ekstremistiese, rassistiese en nativistiese sentimente binne die Westerse wêreld geword.⁹⁵ In Suid-Afrika is die ontkenning van die Holocaust op soortgelyke wyse simpatiek deur die meeste fascistiese en regse bewegings en publikasies ontvang.

⁹⁴ D.M. Scher, *Defaming the Holocaust*, *Kleio* 21, 1989, pp. 25-26.

⁹⁵ D. Lipstadt, *Denying the Holocaust*, p. 4.

Die wêreldorde wat aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom het, word vir die regses deur die VSA se ekonomiese oormag, die USSR se ideologiese oormag, die Joodse Holocaust en gepaardgaande gelykheidsneurose en die sogenaamde Tydvak van die Swart Man wat die gevolg van bogenoemde was, gekenmerk. Hierdie orde wat deur die konserwatiewe revolusionêres verwerp word, is huidiglik besig om weens ekonomiese, ideologiese en normatiewe magsverskuiwings in duie te stort, en sal volgens hulle uiteindelik op 'n herontwaking van volksnasionisme uitloop.⁹⁶ Die idees van die Konserwatiewe Revolusie-gedagte vind daarom aansluiting met baie idees van die fascisme en het ook op 'n beperkte omvang in Suid-Afrikaanse regse publikasies na vore gekom. Dié gedagte wat die palingenetiese siening van 'n herleefde Europa ondersteun en die romantiese nasionalisme en 'n gekantheid teen die liberalisme, kommunisme, materialisme en gelykheidsleer insluit, dien om bestaande rassitiese en ultra-nasionale denkpatrone te verskerp. Daardeur vorm dit dan ook 'n emosionele en motiverende intellektuele krag vir baie fasciste.

Die ontstaan van hierdie groot verskeidenheid na-oorlogse fascistiese bewegings in Suid-Afrika kan waarskynlik aan die politieke en staatkundige oorgangsfase wat die land sedert die sewentigerjare betree het, toegeskryf word. Die gepaardgaande gebrek aan ingeligtheid, politieke opvoeding en begrip, en die voorkoms van faktore soos kommer, vrees vir verandering en werklikheidsontvlugting, het ook 'n rol in die aanvaarding van die ideologie gespeel, en by die fasciste se beskouing van die vervalde huidige aansluiting gevind.⁹⁷ Verskeie buitelandse organisasies en plaaslike voorgangers het as inspirasiebronne vir die ontstaan van fascistiese bewegings in Suid-Afrika gedien, terwyl inheemse ultra-nasionale en rassitiese tradisies ook beweegredes vir die aanvaarding van sekere fascistiese beskouings geskep het. Die bestaan van 'n sterk en omvattende regse beweging in Suid-Afrika het egter veroorsaak dat die lidmaatskap en invloed van die meeste van die fascistiese bewegings in die land beperk gebly het.

Die Europese en Suid-Afrikaanse ideologiese grondslae van hierdie bewegings het op 'n unieke manier in elke beweging na vore gekom. Sedert die sestigerjare het verskeie nostalgiese organisasies vanweë kontak met buitelandse bewegings soos die NPD in Duitsland, of onder die invloed van buitelandse fascistiese leiers soos Mosley en Chesterton, ontstaan. Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare is verdere takke van buitelandse mimetiese bewegings soos die National Front, die NSDAP/AO en die Kerk van die Skepper, in Suid-Afrika gestig. Selfs inheemse nostalgiese en mimetiese groepe soos die Boerenasie en Blanke Bevrydingsbeweging, wat op eie bodem ontstaan het, se belangrikste ideologiese grondslae kan na buitelandse denke en idees teruggevoer word. Die AWB is 'n uitsondering wat soos die Ossewa-Brandwag voor hulle, 'n sintese tussen die uitheemse Europese idees en die Afrikanemasionale tradisie gemaak het om sodoende 'n ware inheemse fascisme te ontwikkel wat waarskynlik ook as hoofbron van inspirasie vir toekomstige fascistiese of ultra-regse groepe sal dien. Die idees wat die verskeie openbaringsvorme van die neo-

⁹⁶ P. Bruwer, *Nuwe hoop uit verval van ou wêreldorde*, pp. 6, 8.

⁹⁷ J.J. Van Tonder, Die ver-regse groepe in die Suid-Afrikaanse politieke spektrum, *Buurman* 12(3), Maart-Mei 1982, p. 10.

fasisme onderlê, het verder ook nie enige ideologiese voorgangers in Suid-Afrika gehad nie en is grootliks vanuit die buiteland oorgeneem.

Die Nasionale Afrikaner se interpretasie van die geskiedenis met sy gepaardgaande ultranasionalisme, ingebore rassistiese tradisies en verheerliking van geregverdigde vernet, het wel belangrike mobilisasetemas aan die fascistiese verskaf en daartoe bygedra om die fascistiese teorie ten opsigte van die Suid-Afrikaanse werklikhede relevant te maak. Tog was die buiteland, en spesifiek Duitsland, Brittanje en die VSA, die ideologiese en selfs organisatoriese hoofbron vir die ontstaan van die meeste fascistiese bewegings in Suid-Afrika en was die land dus nie soos dikwels deur kommentators beweer word, ideologies geïsoleerd van die res van die wêreld nie.

BRONNE

I. ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEER

Meester van die Hooggeregshof, Pretoria
Nr. 8334/85 Sterfkennis, De Villebois Mareul [sic] Terre Blanche.

II. REGERINGSPUBLIKASIES

FORD, G. (ed.), *Fascist Europe. The rise of racism and xenophobia*. London, 1992.
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, *Volksraad: vrae en antwoorde* 76, 27 Januarie - 16 Junie 1978.

III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

Afrika-Spiegel, 19, April 1964 - 100, 1977-12-16.
Behind The News, December 1969 - November 1982.
Boerant, Augustus 1992 - Augustus/September 1998.
Boerestaat Nuusbrief, 2, 1990 - 1, 1992.
Der Deutsch-Südafrikaner, 1, Februar 1977 - 53, Juni/Juli 1989.
Die Nuwe Orde/The New Order, 6, Oktober 1995 - 8, Desember 1995.
Ivor Benson's Behind the News, January 1983 - August 1987.
Kommando, 1, November 1988 - 6, July/August 1988.
Sweepslag, 1(1), 1989-03-14 - 6(1), 1994.
The South African Observer, 22(10), March 1976 - 36(1-3), January-March 1993.
VEG, 6, Desember 1990 - 24, September 1995.

IV. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

ANONIEM, Apartheidspop laat oë rek. *Beeld*, 1990-11-13.
ANONIEM, AWB g'n op sy laaste bene, sê ET. *Beeld*, 1992-08-08.
ANONIEM, AWB-leier in London. *Sweepslag* 2(7), Julie/Augustus 1990.
ANONIEM, AWBs maak stem dik in buiteland. *Sweepslag* 1(3), Mei 1989.
ANONIEM, Boerant byna in die slag. *Boerant*, Junie/Julie 1998.
ANONIEM, Buitelandse bande verstewig. *Sweepslag* 4(2), 1992.
ANONIEM, Buitelandse betrekkinge. *Sweepslag* 5(2), 1993.
ANONIEM, By die kamp stap jy nie sommer in. *Beeld*, 1990-09-18.
ANONIEM, Die waarheid agter die leuens: Eugene Terre'Blanche - orator en volksleier. *Boerant*, Augustus/September 1998.
ANONIEM, Duitsers verhoor neo-Nazi van VSA. *Beeld*, 1996-05-10.
ANONIEM, Duke by Yster-en-Staal. *Die SA Werker* (Bylae tot *Metro*), 1994-04-29.
ANONIEM, 'Eerste bewys' van Derde Mag agter slagtings. *Beeld*, 1993-07-15.
ANONIEM, Ernstige vrae oor regse strydse se dood in die Kalahari. *VEG* 16, Maart 1992.
ANONIEM, 'Fanatici' oopgevelek. *Transvaler*, 1991-11-11.
ANONIEM, Fascisme met 'n pruil. *Insig*, Mei 1992.
ANONIEM, Groot kongres. *Sweepslag* 4(2), 1992.
ANONIEM, 'Hitler wis nie van gaskamers'. *Transvaler*, 1992- 02-19.
ANONIEM, Hulle wou Dawidster op ET se boud brand. *Beeld*, 1990-11-14.
ANONIEM, Is die "Isle of Man" AWB of Nazi? *Sweepslag* 3(1), Januarie/Februarie 1991.

- ANONIEM, 'n Jeugrevolusie. *Dexter* 3(2), Februarie 1992.
- ANONIEM, Kerk van die Skepper-man mag bly. *Beeld*, 1994-05-21.
- ANONIEM, Kerk van Skepper had bewondering vir Adolf Hitler. *Beeld*, 1994-05-24.
- ANONIEM, Kerkleiers kap terug na 'dieruitlatings'. *Beeld*, 1991-02-18.
- ANONIEM, Kheswa nie lid van die WPB. *Beeld*, 1993-07-29.
- ANONIEM, Konrad Lorenz en die oorsprong van gedrag. *VEG* 21, Oktober 1993.
- ANONIEM, Nazi's op kampus. *Dexter* 2(3), Mei 1991.
- ANONIEM, Neo-Nazi verloof aan ver-regse. *Beeld*, 1991-11-25.
- ANONIEM, Neo-Nazisme reik tot hier. *Transvaler*, 1991-11-18.
- ANONIEM, Ons stryd eindig nooit. *Sweepslag* 4(2), 1992.
- ANONIEM, Oorlog: ET en APT byeen. *Beeld*, 1992-02-03.
- ANONIEM, Orde van Dood: kruisboogplan teen Jani gehad. *Beeld*, 1990-11-13.
- ANONIEM, Orde-twee saam 37 jaar in die tronk. *Beeld*, 1990-11-28.
- ANONIEM, 'Prys die Heer' toe regses na selle stap. *Beeld*, 1990-12-04.
- ANONIEM, 'Rampokker' klop 'rassis'. *Transvaler*, 1991-11-18.
- ANONIEM, Rassistiese gebulder in nuwe punk-musiek. *Kalender (Beeld)*, 1992-11-24.
- ANONIEM, Regse Belg wil in Suid-Afrika bly. *Beeld*, 1990-11-19.
- ANONIEM, Regse Tukkie eer wapendief ná selfmoord. *Beeld*, 1991-11-12.
- ANONIEM, Regse vreugde oor bruis oor borgtog aan 2. *Beeld*, 1992-09-18.
- ANONIEM, 'Selfmoord' van 2 regses ná jaagtog beskryf in hof. *Beeld*, 1992-09-24.
- ANONIEM, Terre'Blanche gaan oorsee. *Beeld*, 1992-03-26.
- ANONIEM, Twee Boerestaats-lede geskors. *Boerestaats Nuusbrieff* 2, 1991.
- ANONIEM, Twee ontken hulle is lid van fanatieke Kerk van die Skepper. *Beeld*, 1991-11-12.
- ANONIEM, Waar dié kerk vandaan kom. *Transvaler*, 1991-11-26.
- ANONIEM, Wat is Wêreldpreserviste-Beweging? *Beeld*, 1993-07-27.
- ANONIEM, Welkom se dag van vrees. *Rapport*, 1990-08-19.
- ANONIEM, Wit Wolwe hou 'n nuuskonferensie. *Beeld*, 1993-01-04.
- ANONYM, A remarkable interview. *Kommando* 3, August/September 1987.
- ANONYM, AWB warns Jewish groups. *The South African Observer* 32(3), September 1987.
- ANONYM, Antikommunistische Touristen in SA nicht gefragt? *Der Deutsch-Südafrikaner* 2, März 1977.
- ANONYM, Con-man is deported. *South African Patriot* 22, April-June 1984.
- ANONYM, Court proceedings in the Wit Kommando case. *The South African Observer* 26(10), September 1981.
- ANONYM, Die alten Dämonen tanzen. *Der Spiegel* 1, 1994-01-03.
- ANONYM, Ein historisches Recht Hitlers'? *Der Spiegel* 40, 1994-10-03.
- ANONYM, Ensuring that Holocaust stories 'never die!' *The South African Observer* 29(10), November 1984.
- ANONYM, Enthüllung des Ehrenmals für die für Deutschland Gefallenen und Gestorbenen. *Afrika-Spiegel* 62, Jahreswende 1970/1971.
- ANONYM, Für ehrliche Zusammenarbeit. *Der Spiegel* 19, 1994-05-09.
- ANONYM, Gefallen und Gestorben für Deutschland. *Afrika-Spiegel* 60, Juli/August/September 1970.
- ANONYM, German lawyer prosecuted for seeking the truth. *The South African Observer* 20(12), May 1976.
- ANONYM, Hitlerites' refuge in South Africa. *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960.
- ANONYM, Hitler's friends in South Africa. *Wiener Library Bulletin* 4(3-4), ca 1950.
- ANONYM, Holocaust: myths and horrors. *Survey* 30(2), June 1988.
- ANONYM, Jewish demonstration: questions still unanswered. *The South African Observer* 23(7), March 1979.
- ANONYM, Nachruf für Rudolf Hess. *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, August/Oktober 1987.
- ANONYM, Nazis in South Africa. *Wiener Library Bulletin* 16(1), 1962.
- ANONYM, Nemesis in South Africa. *Wiener Library Bulletin* 14(2), 1960.
- ANONYM, Neo-Nazis in South Africa. *Wiener Library Bulletin* 19(3), July 1965.
- ANONYM, N.F. pamphlet passed. *The South African Observer* 23(8), April 1979.

- ANONYM, Rettet Deutschland! *Afrika-Spiegel* 87, 1975-11-25.
- ANONYM, Rudolf Hess. *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, August/Oktober 1987.
- ANONYM, The white power manifesto. *Kommando* 1, November 1986.
- ANONYM, Unsere Heldengedenkfeier 1972. *Afrika-Spiegel* 72, Januar/Februar 1973.
- ANONYM, Visa that was revoked. *The South African Observer* 32(11), August 1988.
- ANONYM, V-2 rocket chief inspired moon rocket. *The South African Observer* 14(9), August 1969.
- ANONYM, White demo teargassed. *The South African Observer* 32(5), November 1987.
- ANONYM, White renaissance. *South African Patriot* 20, October - December 1983.
- ANONYM, Wit Kommando trial - sentences and pleas in mitigation. *The South African Observer* 26(11), October 1981.
- ANONYM, Yes, six million did not die. *The South African Observer* 22(10), June 1978.
- BEZUIDENHOUT, N., Duitser dood in woeste geveg met SAP. *Beeld*, 1994-03-16.
- BEZUIDENHOUT, N., Klenz op eetstaking om sy uitlewering te keer. *Beeld*, 1994-04-23.
- BEZUIDENHOUT, N., Met arm aan flarde het hy by gewonde gewaak. *Beeld*, 1994-03-16.
- BEZUIDENHOUT, N., Vier mans in hof ná skietgeveg tussen drie Duitsers en die Polisie. *Beeld*, 1994-03-23.
- BOOYSE, W., Regse ekstremisme - grap of bedreiging? *Suid-Afrika-Stigting Oorsig* 16(9), September 1990.
- BRINK, A., Skinheads kan nie geskeer word oor dieselfde kam nie. *Beeld*, 1993-09-08.
- BROWN, S.E.D., Appeal against banning withdrawn. *The South African Observer* 22(3), September 1977.
- BROWN, S.E.D., A.W.B. are not extremists - they're patriots! *The South African Observer* 32(8), March 1988.
- BROWN, S.E.D., Did six million really die? - an appeal against banning. *The South African Observer* 21(3), August 1976.
- CACIAGLI, M., The Movimento Sociale Italiano - Destra Nazionale and neo-fascism in Italy. *West European Politics* 11(2), April 1988.
- CLOETE, D., Right-wing fascism in South Africa. *African Communist* 125, 1991.
- COETZEE, S., Neo-Nazi's woel by Tukkies. *Transvaler*, 1991-11-18.
- COETZEE, S., Regses los kos. *Transvaler*, 1991-11-21.
- COETZEE, S., Wit Wolwe wil oor 'n week skiet. *Transvaler*, 1993-01-05.
- DE BRUIN, P., 'Onsterflike Vaalmonster' het geen bande met regses gehad. *Beeld*, 1993-07-21.
- DE BRUIN, P., Vrae rondom Victor Kheswa verdiep. *Beeld*, 1993-07-16.
- DE WAAL, J., 4 het rassistiese kerk 'gesteun'. *Beeld*, 1991-11-12.
- DU PLESSIS, B., 'Superras'-leraar gee pad uit SA. *Beeld*, 1994-05-07.
- DU PLESSIS, J., Getalle nie meer demokrasie-kern. *Rapport*, 1994-08-14.
- DU PLESSIS, J., Is daar hoop agter tralies? *Dexter* 3(3), Maart 1992.
- DU PREEZ, L., Terre'Blanche skuldig aan poging tot moord. *Beeld*, 1997-04-24.
- DU TOIT, A., No chosen people: The myth of the Calvinist origins of Afrikaner nationalism and racial ideology. *American Historical Review* 88, 1983.
- DU TOIT, Z.B., 'Smeltkroes' stuur af op ramp, sê Duke. *Rapport*, 1994-04-17.
- ELLISON, M., David Duke and the race for the Governor's mansion. *Race & Class* 33(2), October-December 1991.
- FERREIRA, O.J.O., Die kultuurhistorikus en die gemeenskap. *Die Kultuurhistorikus* 2(2), Oktober 1987.
- FERREIRA, O.J.O., Kultuurgeskiedenis by 'n kruispad. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(2), November 1997.
- FURLONG, P.J., Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: an assessment of the historiography. *South African Historical Journal* 27, 1992.
- GELDENHUYS, D., Suid-Afrika is 'n samelewing wat verskeurd is. *Rapport*, 1995-05-28.
- GOUWS, A., Nelson-sluipmoord was Duitser se doel. *Beeld*, 1994-03-19.
- GOUWS, A. & N. BEZUIDENHOUT, Twee Duitsers glo geharde rowers. *Beeld*, 1994-03-17.
- GREENWALD, J., The inmate of Spandau's last wish. *Time* 130(9), 1987-08-31.
- GROBBELAAR, J., Eksklusief! Neo-Nazisme op Tuks. *Die Perdeby*, 1992-02-21.
- HAGEMANN, A., Very special relations: The 'Third Reich' and the Union of South Africa, 1933-1939. *South African Historical Journal* 27, 1992.
- HANSEL, H., Second letter. *The South African Observer* 22(3), September 1977.

- HARVEY, A.D., Selling Patriot. *South African Patriot* 1(2), 1980.
- HARVEY, A.D., The "Save Rhodesia Campaign" - why it failed. *Kommando* 5, Maart-Mei 1988.
- HELM, W.R., 'n Aristokratiese wêreldbeskouing. *VEG* 10, April/Mei 1991.
- HEREWARD, Awakenings! *South African Patriot* 1(3), October/November 1980.
- HIDDLESTONE, J., Editorial. *South African Patriot* 1(1), 1980.
- HUSBANDS, C.T., Extreme right-wing politics in Great Britain: the recent marginalisation of the National Front. *West European Politics* 11(2), April 1988.
- JORDAAN, W., Die bevrore psige van die regse radikaal. *Insig*, April 1990.
- KIRSTEN, J.M., Verskuiwinge in die eietydse kultuurbegrip. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(1), Januarie 1985.
- KREBS, P., Ons wil wees wat ons is. *VEG* 10, April/Mei 1991.
- KREYE, A., "Die besten krieger". *Der Spiegel* 49, 1994-12-05.
- KROMSCHRÖDER, G., Heil Hitler! gil die Ku Klux Klan. *Die Huisgenoot*, 1981-10-15.
- KRUGER, J., Ventersdorp en sy mense. *Sarie Marais*, 1988-03-23.
- LEINEMANN, J., Der doppelte Außenseiter. *Der Spiegel* 22, 1994-05-30.
- LE ROUX, Die Voortrekkereufoees en die stigting van die Ossewa-Brandwag. *Acta diurna historica* 2(3), September 1973.
- LIEBENBERG, J.C.R., 'n Sosiologies-historiese ontleding van die Afrikaner-Weerstandsbeweging as 'n subkultuur. *Joernaal vir Eiietydse Geskiedenis* 14(1), Junie 1989.
- LIEBENBERG, M., Moordsaak uitgestel teen man. *Beeld*, 1993-01-24.
- LOTTER, F., Hoeveel lewens het Eugene Terre'Blanche? *Beeld*, 1992-03-25.
- MARAIS, D., Die vroegste herkoms van die Britse parlementêre stelsel. *Politeia* 9(1), 1990.
- MARX, C., 'Dear listeners in South Africa': German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941. *South African Historical Journal* 27, 1992.
- MISCHKE, A. et. al, Só lyk plesierige Afrikaners se 'piekniek'. *Rapport*, 1993-06-27.
- MOLLER, M., Eerste vrou van die AWB. *Sarie* 45(14), 1992-04-29.
- MULLER, P., Die wolf in ons midde. *Insig*, Julie 1989.
- NAGORSKI, A., The ghost of Spandau. *Newsweek* 110(9), 1987-08-31.
- OOSTHUIZEN, N., BSP verhoor glo nog van sy lede. *Transvaler*, 1991-06-10.
- OOSTHUIZEN, N., Wit Wolwe sê: 'Kom kyk'. *Transvaler*, 1993-01-04.
- O'REGAN, M., Regse militante nou Amerika se nagmerrie. *Rapport*, 1995-04-30.
- PAUW, J., Heil Hitler in Pretoria. *Die Huisgenoot*, 1987-09-03.
- PIENAAR, A., Klentz wou glo keer dat polisie horn uitlewer. *Beeld*, 1995-11-10.
- POLS, D., Revolusie! *Dexter* 3(4), Mei 1992.
- POTGIETER, D., Franse skakel van neo-Nazi's klaar met regses. *Rapport*, 1994-08-14.
- POTGIETER, D., Gerugte oor 'n volksleër rondom dié 15000. *Rapport*, 1994-06-12.
- POTGIETER, D., Neo-Nazi's al meer by regses in SA betrokke. *Rapport*, 1993-12-19.
- POTGIETER, D., 'Oorlog' is toe net wat drie Duitsers in SA kry. *Rapport*, 1994-03-20.
- POTGIETER, D., Verregse vriendin van Klentz, makkers ondervra. *Rapport*, 1994-03-27.
- POTGIETER, D., 'Volksleër' se geheime verklap. *Rapport*, 1994-06-19.
- POTGIETER, D., Wéér hoor hof van nooi in neo-Nazi verhoor *Rapport*, 1994-08-07.
- PRETORIUS, A., Een se Nazi-jag laat wêreld onthou. *Beeld*, 1995-08-25.
- PRETORIUS, B., Raaisels oor die dood by Noenieput. *Transvaler*, 1991-07-20.
- PRINSLOO, T.; GREYLING, F. & F. Lötter, Regses se verset skop af. *Beeld*, 1993-06-25.
- RADEMEYER, R., 2 neo-Nazi's van Pretoria is skuldig. *Beeld*, 1994-09-02.
- RADEMEYER, R., Lewe van 2 jong mans is verwoes, sê regter. *Beeld*, 1994-09-06.
- RADEMEYER, R., Ver-regse Duitser en makker in hegtenis geneem. *Beeld*, 1994-03-21.
- RETIEF, H., Eugene Terre'Blanche praat oor sy lewe en vroue. *Sarie* 40(42), 1990-04-18.
- ROBERTS, J., Music's new dawn. *South African Patriot* 21, January - March 1984.
- SATCHELL, M., Rendezvous with destiny - Nazi style. *U.S. News & World Report* 103(9), 1987-08-31.
- SCHABORT, J.C., Reasons for the founding of the BBB. *Kommando* 4, January/February 1988.
- SCHABORT, J.C., The racial problems of the world cannot be solved without taking into consideration the scientific basis of race differences. *Kommando* 6, July/August 1988.

- SCHELLACK, W., The Afrikaners' Nazi links revisited. *South African Historical Journal* 27, 1992.
- SCHER, D.M., Defaming the Holocaust. *Kleio* 21, 1989.
- SCHER, D.M., Louis T. Weichardt and the South African Greyshirt movement. *Kleio* 18, 1986.
- SCHLENTER, H., Nuwe bedeling vir AWB. *Transvaler*, 1991-10-09.
- SMITH, A.D., Chosen peoples: why ethnic groups survive. *Ethnic and Racial Studies* 15(3), July 1992.
- SMITH, J., Ekonomie en geldstelsel in die Republiek van Boereland. *Boerestaat Nuusbrief* 3, 1990; *Boerestaat Nuusbrief* 1, 1991; & *Boerestaat Nuusbrief* 2, 1991.
- SNYMAN, D., Franse skakel tussen regs en neo-Nazi's? *Beeld*, 1991-11-18.
- SNYMAN, D., SA dissipels van Hitler *Die Huisgenoot* 3735, 1992-06-04.
- SNYMAN, M., Kerk van die Skepper-man kry R.13000-borgtog. *Beeld*, 1992-09-19.
- STEENKAMP, J.A., Die swastika - betekenis en invloed op die Suid-Afrikaanse politiek. *Acta diurna historica* 2(3), September 1973.
- STEFFEN, L., Skinheads glo in wit heerskappy. *Beeld*, 1993-09-06.
- STEFFEN, L., Vaalmonster dood weens hartvirus. *Beeld*, 1993-07-31.
- STEYN, K., 'n Ver-regse praat so *Insig*, September 1987.
- STRYDOM, L., Public press statement. *Der Deutsch-Südafrikaner* 49, August/Oktobre 1987.
- SULLIVAN, S., A fascist who came in from the cold. *Newsweek* 111(15), 1988-04-11.
- SULLIVAN, S., Europe's fire on the right. *Newsweek* 111(15), 1988-04-11.
- SULLIVAN, S., Ghosts of the Nazis. *Newsweek* 109(16), 1987-04-20.
- SWART, P., Niks uitheems aan AWB-ler en -Kaas. *Rapport*, 1992-01-12.
- TALJAARD, J., Duiwel los oor kerk. *Rapport*, 1990-11-25.
- TALJAARD, J., Sekte glo aan 'moddermense'. *Rapport*, 1990-11-18.
- TALJAARD, J., Vier regsgevang oor ontploffings. *Rapport*, 1990-11-18.
- TALJAARD, J. & K. BRYNARD, Koos by Neo-Nazi's. *Rapport*, 1990-11-18.
- TERBLANCHE, P., Ku-Klux Klan nou ook hier. *Rapport*, 1990-11-18.
- TERREBLANCHE, C., Die regse pluimsaad waai ver. *Die Suid-Afrikaan* 45, Augustus/September 1993.
- THERON, M., AWB gaan optree teen wegbreker. *Beeld*, 1991-03-05.
- TURQUE, B. et al, The real David Duke. *Newsweek* 118(21), 1991-11-18.
- VAN DE GRAAF, Wat is Diets? *VEG* 17, Oktober 1992.
- VAN DEN BERGH, M., AWB geskud. *Transvaler*, 1991-03-01.
- VAN DER MERWE, W., Suid-Afrika en "appeasement": Oswald Pirow se "vrede sending" na Nazi-Duitsland in November 1938. *Kleio* 20, 1988.
- VAN DER WALT, S., Ver-regses het wit vrou dalk vermoor. *Beeld*, 1991-11-14.
- VAN DER WESTHUIZEN, G., Gevang Tukkies het ook bande met fanatieke 'kerk'. *Beeld*, 1991-11-11.
- VAN DER WESTHUIZEN, G., Swart WPB-lid sterf glo in aanhouding. *Beeld*, 1993-07-12.
- VAN DER WESTHUIZEN, G., Wapendiewe was helde - WAB-leier. *Beeld*, 1991-11-11.
- VAN DER WESTHUIZEN, G., Wit Wolwe skaars in die daglig of Strydom se kop word geëis. *Beeld*, 1993-01-07.
- VAN DER WESTHUIZEN, G., 'Wit Wolwe val op 12 Januarie aan'. *Beeld*, 1993-01-05.
- VAN REENEN, C., Die vrou in Eugene se lewe ... *Transvaler*, 1990-06-01.
- VAN TONDER, J.J., Die ver-regse groepe in die Suid-Afrikaanse politieke spektrum. *Buurman* 12(3), Maart - Mei 1982.
- VAN TONDER, R., Groot kultuurkrag heen. *Boerant*, ca. Mei 1993.
- VENTER, A.J., Prologomena to a Voegelinian perspective on Afrikaner nationalism and apartheid. *Politeia* 6(2), 1987.
- VENTER, L., Borgtog vir 2de keer aan regsgevang toegestaan ná bomontploffings. *Beeld*, 1994-08-30.
- VENTER, Z., Dit lyk nou na moord. *Transvaler*, 1991-11-15.
- VINKS, J., Links en regs: die sin of onsin van 'n politieke indeling. *VEG* 23, April 1995.
- VOLL, D., A few good Nazis. *Esquire* 125(4), April 1996.
- VON BEYME, K., Right-wing extremism in post-war Europe. *West European Politics* 11(2), April 1988.
- WALDNER, M., 'Bedrywig Nazi-sel' op Tuks-kampus. *Rapport*, 1991-11-17.
- WALDNER, M., Jan Smit los toe God vir die wit ras. *Rapport*, 1992-08-02.
- WALDNER, M., Wit Wolwe vreet nou vir Barend. *Rapport*, 1993-01-10.

WALZL, H., Heldengedenkfeier 1971. *Afrika-Spiegel* 67, Jahreswende 1971/1972.
WELSH, D., South Africa's ultra right - part two. *Patterns of Prejudice* 23(1), 1989.
ZWECKER, W., Hulle wou regmaak wat 'AWB-god' verbrou het. *Beeld*, 1990-11-16.

V. LITERATUUR

- AWB, *Program van beginsels*. Pretoria, s.a.
- BAIGENT, M.; LEIGH, R. & H. LINCOLN, *The messianic legacy*. London, 1992.
- BENEWICK, R., *The Fascist movement in Britain*. London, 1972. (Revised edition).
- BENSON, I., *Behind communism in Africa*. Pinetown, 1975.
- BERGER, P.L. & B. GODSELL (eds.), *A future South Africa*. Cape Town, 1988.
- BEYERS, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*. Pretoria, 1981.
- BEYERS, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek V*. Pretoria, 1987.
- BOOYSEN, H., *Die aanslag teen selfbeskikking in die RSA*. Pretoria, 1981.
- BRUWER, P., *Nuwe hoop uit verval van ou wêreldorde*. Morgenzon, 1990.
- BRUWER, P. (red.), *Toepassing van tydelike verset. 165 vorme van nie-geweldadige protes*. Lynnwoodrif, 1993.
- BRUWER, P.F., *Die derde vryheidsoorlog woed ... ons kan wen*. Pretoria, 1986.
- BUNTING, B., *The rise of the South African Reich*. s.l., 1969.
- BJÖRGO, T. & R. WITTE (eds.), *Racist violence in Europe*. New York, 1993.
- BLAKE, N.M., *A short history of American life*. New York, 1952.
- BOSHOFF, C.W.H.; JOOSTE, C.J.; MARAIS, M.R. & D.J. VILJOEN, *Die volkstaat as Afrikanerbepaling*. Pretoria, 1989.
- CANTOR, N.F., *Twentieth century culture. Modernism to destruction*. New York, 1988.
- CATTON, B. (ed.), *The national experience. A history of the United States*. New York, 1963.
- CHELES, L.; FERGUSON, R. & M. VAUGHAN (eds.), *Neo-fascism in Europe*. London, 1991.
- CHESTERTON, A.K., *The new unhappy lords*. London, 1965.
- CIRLOT, J.E., *A dictionary of symbols*. London, 1962.
- COERTZEN, P., *Die Hugenote van Suid-Afrika 1688-1988*. Kaapstad, 1988.
- COETZEE, J.A., *Nasieskap en politieke groepering in Suid-Afrika (1652-1968)*. Pretoria, 1969.
- COOPER, C. et al., *Race relations survey 1987/88*. Johannesburg, 1988.
- COOPER, C. et al., *Race relations survey 1988/89*. Johannesburg, 1989.
- COSTELLO, J., *Ten days that saved the West*. London, 1991.
- DAVIES, R.; O'MEARA, D. & S. DLAMINI, *The struggle for South Africa. A reference guide to movements, organizations and institutions I*. London, 1988.
- DAY, A.J. (ed.), *Political parties of the world*. Essex, 1988, 3rd ed.
- DEGENHARDT, H.W. (ed.), *Revolutionary and dissident movements. An international guide*. Essex, 1988.
- DE VRIES, A., *Dictionary of symbols and imagery*. Amsterdam, 1974.
- EATWELL, R. & N. O'SULLIVAN (eds.), *The nature of the right*. London, 1989.
- EISENBERG, D., *The re-emergence of fascism*. London, 1967.
- EXECUTIVE INTELLIGENCE REVIEW (EIR), *Dope, Inc.*. Washington, 1992.
- FAGAN, M.C., *Die Illuminati-C.F.R.-komplot*. s.l., s.a.
- FARAGO, L., *Aftermath. Martin Bormann and the fourth reich*. London, 1974.
- FISCHER, A. & M. ALBELDAS (eds.), *A question of survival. Conversations with key South Africans*. Johannesburg, 1987.
- FOURIE, L.M., *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid 1939-1942*. Gepubliseerde D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1987.
- FOWLER, E.W.W., *Nazi regalia*. London, 1992.
- FRIEDMANN, W., *The Allied military government of Germany*. London, 1947.
- FURLONG, P.J., *Between crown and swastika. The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the Fascist era*. Hanover, 1991.
- GARRATY, J.A., *The American nation. A history of the United States*. New York, 1975.
- GASTROW, S., *Who's who in South African politics IV*. Johannesburg, 1990.

- GOODRICK-CLARKE, N., *The occult roots of Nazism. Secret Aryan cults and their influence on Nazi ideology. The Ariosophists of Austria and Germany, 1890-1935.* New York, 1992.
- GRIFFIN, R. (ed.), *Fascism.* Oxford, 1995.
- GRIFFIN, R., *The nature of fascism.* London, 1993.
- GROBBELAAR, J., *Ultra-rightwing Afrikaners: a sociological analysis.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UNISA, 1992.
- GROBBELAAR, J.; BEKKER, S. & R. EVANS, *Vir volk en vaderland. A guide to the white right.* Durban, 1989.
- GRUVER, R.B., *An American history II: from 1865 to the present.* Massachusetts, 1972.
- GUERBER, H.A., *The Norsemen.* London, 1994.
- HAGEMANN, A., *Südafrika und das 'Dritte Reich'. Rassenpolitische Affinität und machtpolitische Rivalität.* Gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Bielefeld, 1988.
- HAINSWORTH, P. (ed.), *The extreme right in Europe and the USA.* New York, 1992.
- HARAND, I., *His struggle (an answer to Hitler).* Chicago, 1938.
- HARLOW, R.V., *The United States. From wilderness to world power.* New York, 1964.
- HARRIS, G., *The dark side of Europe. The extreme right today.* Edinburgh, 1994.
- HARRISON, D., *The white tribe of Africa. South Africa in perspective.* Johannesburg, 1989.
- HAYES, P.M., *Fascism.* London, 1973.
- HELM, W.R., *Die Duitse Ryk - triomf en tragedie.* Pretoria, 1985.
- HERTZ, F., *Nationality in history and politics. A psychology and sociology of national sentiment and nationalism.* London, 1966.
- HOFFMAN, T. & A. FISCHER, *The Jews of South Africa: what future?* Johannesburg, 1988.
- HOOPS, J., *Reallexikon der Germanischen Altertumskunde II, F-J.* Strasburg, 1915.
- HYAMS, E., *A dictionary of modern revolution.* London, 1973.
- INTERNATIONAL SUBSCRIPTION SERVICES, *1,018-year calendar. 1582 A.D. to 2599 A.D.* Johannesburg, s.a.
- IRVING, D., *Göring. A biography.* London, 1989.
- JOES, A.J., *Fascism in the contemporary world: ideology, evolution, resurgence.* Boulder, 1978.
- JONKER, A.H., *Israel. Die sondebok.* s.l., 1940.
- KEDWARD, H.R., *Fascism in western Europe 1900-45.* London, 1969.
- KEITH, J. (ed.), *Secret and suppressed. Banned ideas & hidden history.* Portland, 1993.
- KEMP, A., *Victory or violence. The story of the AWB.* Pretoria, 1990.
- KENNEDY, P. & A. NICHOLLS (eds.), *Nationalist and racialist movements in Britain and Germany before 1914.* Oxford, 1981.
- KLASSEN, B., *Nature's eternal religion.* Otto, 1973.
- KLASSEN, B., *Rahowa! This planet is all ours.* Otto, 1987.
- KLASSEN, B., *The white man's bible.* Lighthouse Point, 1981.
- KOTZÉ, D.J., *Nasionalisme I: 'n vergelykende studie.* Kaapstad, 1969.
- KOTZÉ, H. & A. GREYLING, *Politieke organisasies in Suid-Afrika A-Z.* Kaapstad, 1991.
- KOTZÉ, P.J. & C.P. BEYERS, *Die opmars van die AWB.* Morgenzon, 1988.
- KRAUSE, E., *Tuisko-Land der arischen Stämme und Götter Urheimat.* Glogau, 1891.
- KRIEGER, J. (ed.), *The Oxford companion to politics of the world.* New York, 1993.
- LARSEN, S.U.; HAGTVET, B. & J.P. MYKLEBUST (eds.), *Who were the fascists. Social roots of European fascism.* Bergen, 1980.
- LAQUEUR, W., *Black hundred: the rise of the extreme right in Russia.* New York, 1993.
- LEACH, G., *The Afrikaners. Their last Great Trek.* London, 1990.
- LEATT, J.; KNEIFEL, T. & K. NÜRNBERGER (eds.), *Contending ideologies in South Africa.* Cape Town, 1986.
- LE ROUX, J.H., *Robey Leibbrandt - die rebel.* Bloemfontein, 1976.
- LINKLATER, M.; HILTON, I. & N. ASCHERSON, *The fourth reich. Klaus Barbie and the neo-fascist connection.* London, 1984.
- LIPSTADT, D.E., *Denying the Holocaust. The growing assault on truth and memory.* London, 1993.
- LIUNGMAN, C.G., *Dictionary of symbols.* Santa Barbara, 1991.
- LOFTUS, J., *The Belarus secret.* New York, 1982.

- LUBBE, W.J.G. (red.), *Witman, waar is jou vryheid?* Pretoria, 1985.
- MALAN, J., *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.* Pretoria, 1990.
- MARITZ, C.J. (red.), *Weerstandbewegings in Suider-Afrika.* Potchefstroom, 1987.
- MARTIN, J.K. et. al, *America and its people.* Illinois, 1989.
- MC GOVERN, W.M., *From Luther to Hitler. The history of Fascist-Nazi political philosophy.* Boston, 1941.
- MERKL, P.H. & L. WEINBERG (eds.), *Encounters with the contemporary radical right.* Boulder, 1993.
- MILLER, D. (ed.), *The Blackwell encyclopaedia of political thought.* Oxford, 1987.
- MOLL, J.C., *Fascisme - die problematiek van verklaringsvariante; Fascisme en Suid-Afrika.* Bloemfontein, 1985.
- MOSTERT, J.P.C., *Politieke partye in Suid-Afrika. Blanke politieke partye met parlementêre verteenwoordiging, 1910-1985.* Bloemfontein, 1986.
- NEL, P.G. (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner.* Pretoria, 1979.
- NEWTON, M. & J.A. NEWTON, *The Ku Klux Klan. An encyclopedia.* New York, 1991.
- OBERHOLSTER, A.G., *Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922.* Pretoria, 1982.
- Ó'MAOLÁIN, C., *The radical right: a world directory.* Harlow, 1987.
- O'MEARA, D., *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948.* Cambridge, 1983.
- O'SULLIVAN, N., *Fascism.* London, 1983.
- PAMA, C., *Die groot Afrikaanse familienaamboek.* Kaapstad, 1983.
- PAYNE, R., *The life and death of Adolf Hitler.* London, 1973.
- PAYNE, S.G., *Fascism. Comparison and definition.* Wisconsin, 1980.
- PEARSON, R., *Race, intelligence and bias in academe.* Washington, 1991.
- POLIAKOV, L., *The Aryan myth: a history of racist and nationalist ideas in Europe.* London, 1974.
- PRETORIUS, J.C., *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika.* Vlaeberg, 1992.
- PULZER, P.G.J., *The rise of political anti-Semitism in Germany and Austria.* New York, 1964.
- ROSENBERG, A., *The myth of the twentieth century. An evaluation of the spiritual-intellectual confrontations of our age.* English edition, California, 1982.
- SCHOEMAN, J., *Die krisis in Suid-Afrika, 1952; Min. Louw and the Jews; Min. Louw en die Jode; 'n eerlike Rabbie; our native problem's solution; Göring's last letter to Churchill, and we non-Jews mourn 60,000,000 and more - a reply to the Jewish: "Betar".* Broederstroom., 1959.
- SCÖFFER, I., *Het nationaal-socialistische beeld van de geschiedenis der Nederlanden. Een historiografische en bibliografische studie.* Gepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Amsterdam, 1956.
- SELIGMAN, E.R.A. & A. JOHNSON (eds.), *Encyclopaedia of the social sciences VIII.* New York, 1932.
- SERFONTEIN, J.H.P., *Die verkrampde aanslag.* Kaapstad, 1970.
- SHAIN, M., *The roots of antisemitism in South Africa.* Johannesburg, 1994.
- SIMON WIESENTHAL CENTER (SWC), *The neo-Nazi movement in Germany: an eye-witness documentary report.* Washington, 1993.
- SNYDER, L.L., *Encyclopedia of nationalism.* New York, 1990.
- SPARKS, A., *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of Apartheid.* London, 1990.
- STERN, F., *The politics of cultural despair. A study in the rise of the Germanic ideology.* Los Angeles, 1961.
- STEVENSON, W., *The Bormann brotherhood.* London, 1973.
- STULTZ, N.M., *The Nationalists in opposition 1934-1948.* Cape Town, 1974.
- THINK RIGHT, *The conspiracy against South Africa.* Link Hills, s.a.
- THOMAS, H., *Hess. A tale of two murders.* London, 1988.
- TIME-LIFE BOOKS, *Mysteries of the unknown: ancient wisdom and secret sects.* Amsterdam, 1989.
- TIME-LIFE BOOKS, *Mysteries of the unknown: magical arts.* Amsterdam, 1989.
- SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS (SAVK), *Die kultuurhistoriese bydrae van die Duitssprekendes in Suid-Afrika.* Pretoria, 1992.
- VAQUÉ, K.D., *Verraad teen Suid-Afrika.* Pretoria, 1989.
- VAN DER SCHYFF, P.F. (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras.* Potchefstroom, 1991.
- VAN HEERDEN, F.J., *Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1972.
- VAN JAARSVELD, F.A., *Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle.* Johannesburg, 1982.

- VAN JAARVELD, F.A., *Moderne geskiedskrywing. Opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis*. Durban, 1982.
- VAN ROOYEN, J., *Hard right. The new white power in South Africa*. London, 1994.
- VAN TONDER, R., *Boerestaaf*. Randburg, 1990.
- VANKIN, J., *Conspiracies, cover-ups and crimes. From JFK to the CIA terrorist connection*. New York, 1992.
- VATCHER, W.H., *White laager. The rise of Afrikaner nationalism*. London, 1965.
- VERBAND DEUTSCHER VEREINE IM AUSLAND, *Wir Deutsche in der Welt*. Berlin, 1938.
- VIERECK, P., *Metapolitics. From the romantics to Hitler*. New York, 1941.
- VON MALTITZ, H., *The evolution of Hitler's Germany. The ideology, the personality, the moment*. New York, 1973.
- WILKINSON, P., *The new fascists*. London, 1981.
- WILSON, D., *Anglo-Saxon paganism*. London, 1992.
- WOOLF, S.J. (ed.), *European fascism*. London, 1968.

VI. LETTERKUNDIGE BRONNE

- AFRIKANERVOLKSWAG, *Stigting: Die Afrikanervolkswag - Hoofredes gelewer op 4 en 5 Mei 1984*. Pretoria, 1984.
- GOEBBELS, J., *Michael. A novel*. English edition, New York, 1987.
- HASSELBACH, I., *Führer-Ex. Memoirs of a former neo-Nazi*. London, 1996.
- HITLER, A., *Mein Kampf*. English edition, s.l., 1942.
- KEMP, A., *Vuur en verraad: Die AWB in Bophuthatswana. Soos vertel deur die leier, generale staf en lede van die AWB aan Arthur Kemp*. Farramere, 1994.
- KLASSEN, B., *The Klassen letters. Volume one 1969-1976*. Otto, 1988.
- LEIBBRANDT, R., *Geen genade*. Pretoria, 1993.
- MANDELA, N., *Long walk to freedom. The autobiography of Nelson Mandela*. Randburg, 1994.
- MARITZ, M., *Bloed en sweet*. s.l., s.a.
- MARITZ, M., *My lewe en strewe*. Johannesburg, 1939.
- PIENAAR, M.J., *By die sterfbed van 'n volk*. Pretoria, s.a.
- SCHMIDT, M., *The new reich. Violent extremism in unified Germany and beyond*. London, 1993.
- SMIT, K., *Die wel en weë van die AWB*. Pretoria, 1995.
- STRYDOM, H., *Vir Volk en Führer*. Johannesburg, 1983.
- VAN RENSBURG, H., *Their paths crossed mine. Memoirs of the Commandant-General of the Ossewa-Brandwag*. s.l., 1956.
- VISSER, G.C., *OB. Traitors or patriots?* Johannesburg, 1976.
- VON STRAHL, O., *Seven years as a Nazi consul*. Port Elizabeth, 1944.

VII. ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

Microsoft *Encarta 97 Encyclopaedia*. 1993-1996, Microsoft Corporation.

VIII. PERSOONLIKE MEDEDELINGS

1. MONDELING

- DUKE, mnr. D.E., Bekende Amerikaanse regse ekstremis, Bandopname van 'n heruitsending van 'n onderhoud oor Radio Pretoria, 1994-04-14.
- IRVING, mnr D., Britse historikus en Historiese Revisionis, Persoonlike notas tydens 'n lesing in Pretoria, 1992-02-18.

2. SKRIFTELIK

- BREITBART, mnr. A., Senior Navorsingsbeamppte, Simon Wiesenthal Center, 9760 West Pico Boulevard, Los Angeles, California 90035-4792, USA, 1995-03-03.

HARRIS, mnr. G., Skrywer van *The dark side of Europe*, c/o European Parliament, Bur. 5.075, BELII, 97-133 rue Belliard, B-1047 Brussels, Belgium, gepos 1995-10-06.

TRASK, mev. M, Bibliotekaresse, Institute of Contemporary History and Wiener Library Limited, 4 Devonshire Street, London W1N 2BH, UK, 1995-04-03.

IX. DIVERSE

PAMFLET van die Hulpvereniging "Vryheid vir Rudolf Hess", *Verklaring deur die gesin Hess*. Johannesburg, s.a.

SMITH, J.S., *Kreatiwiteit. Kerk van die Skepper. Antwoorde op 'n aantal vrae*. Rekenaardrukstuk van 'n brief wat aan 'n onbekende persoon geskryf is en deur die KvS versprei is.

THINKERS LIBRARY, *Mail order catalogue for researchers*. Hillbrow, 23rd edition, July 1994.

VLUGSKRIF van die Tuks Nasionaal-Sosialiste, *Verraaiers van die Afrikanerboervolk*. Op 14 Mei 1991 op die kampus van die Universiteit van Pretoria versprei.

OPSOMMING

Titel:	Die ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings in Suid-Afrika, 1945-1995
Kandidaat:	M.M. Visser
Graad:	M.A. (Kultuurgeskiedenis)
Departement:	Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria
Datum:	1999
Studieleiers:	Dr. J.E.H. Grobler Mej. M. Van Heerden

Die fascisme is 'n revolusionêre vorm van nasionalisme wat 'n politieke, sosiale en etiese revolusie wil ontketen om die volk tot 'n dinamiese nasionale gemeenskap onder nuwe elites en besiel met nuwe heroïese waardes, saam te snoer. Die kern van hierdie bedrywighede inspireer, is die geloof dat slegs 'n populistiese, onklasgebonde beweging van suiwerende nasionale hergeboorte die huidige samelewingsorde se verval kan teëstaan.

Verskeie bewegings het sedert 1945 in Suid-Afrika gepoog om die fascistiese idees van die tussenoorlogse periode lewend te hou. Binne die Duitse gemeenskap het enkele individue steeds die Nazi-ideologie aangehang en die Derde Ryk geïdealiseer, terwyl regse bewegings vir die vereniging van Duitsland gepleit en die Holocaust as versinsel afgemaak het. Suid-Amerikaanse fasciste het enkele kontakte in Suid-Afrika opgebou, terwyl Britse fascistiese leiers takke van hul bewegings in Suid-Afrika gevorm het. Inheemse Afrikanerbewegings soos die Boerenasie en AWB, het ook deel van die nostalgiese fascisme uitgemaak.

Sedert die sewentigerjare het die veranderende politieke omstandighede tot die ontstaan van meer fanatieke en mimetiese groepe bygedra. Hierdie neo-Nazi bewegings wat in 'n groot mate deur die Sosiaal-Darwinisme beïnvloed is en op ras as uitgangspunt gekonsentreer het, het nie werklik enige historiese voorgangers in Suid-Afrika gehad nie. Die meeste was takke van buitelandse mimetiese fascistiese bewegings wat baie van die idees wat deur die Nazi's bevorder is, wou herinstel en in sommige gevalle selfs 'n openlike bewondering vir Hitler getoon het.

Sommige regse druk- en uitgewersgroepe was instrumenteel in die verspreiding van fascistiese idees en die oorbrugging van die fascisme met die breër ver-regse ideologie. Enkele regse politieke partye is ten spyte van hul nie-facistiese programme, wel deur fascistiese idees of individue beïnvloed en kan saam met die drukgroepe onder die krypto-fascisme ingedeel word. Die ontkenning van die Holocaust is nie uniek aan die regse politiek nie, maar is nou verbonde aan 'n fascistiese politieke agenda en 'n integrale deel van die neo-facistiese verskynsel. Die beskouing van die sogenaamde Konserwatiewe Revolusie vind aansluiting met baie idees van die fascisme en kan

saam met die krypto-fascisme en Holocaust Revisionisme onder die dekmantel van die neo-fascisme saamgevat word.

Die ideologiese grondslae vanuit Europa en die Suid-Afrikaanse bodem het in elke beweging op 'n unieke manier na vore gekom. Sedert die sestigerjare het verskeie bewegings vanweë kontak met buitelandse bewegings of onder die invloed van buitelandse individue ontstaan. Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare is takke van buitelandse fascistiese bewegings in Suid-Afrika gestig. Selfs inheemse fascistiese bewegings se belangrikste ideologiese grondslae kan na buitelandse denke en idees teruggevoer word. Die uitsondering is die AWB wat soos die Ossewa-Brandwag, 'n ware inheemse fascisme deur 'n sintese tussen die uitheemse Europese idees en die tradisionele Afrikanemasionale tradisie, ontwikkel het. Die Afrikanemasionale geskiedenis met sy ultra-nasionalisme en ingebore rassistiese tradisies het wel belangrike temas vir mobilisasie aan die fasciste verskaf en gehelp om die fascistiese teorie ten opsigte van die Suid-Afrikaanse werklikhede relevant te maak. Tog was die buiteland die ideologiese en organisatoriese hoofbron vir die ontstaan van die meeste fascistiese bewegings in Suid-Afrika.

Sleuteltermes: Fascisme, neo-fascisme, neo-Nazisme, nostalgiese fascisme, mimetiese fascisme, rassisme, regse ekstremisme, blanke supremasisme, palingenetiese ultra-nasionalisme, politieke ideologie.

SUMMARY

Title: The ideological foundations and development of white fascist movements in South Africa, 1945-1995

Candidate: M.M. Visser

Degree: M.A. (Cultural History)

Department: History and Cultural History, University of Pretoria

Date: 1999

Supervisors: Dr. J.E.H. Grobler
Miss. M. Van Heerden

Fascism can be defined as a revolutionary form of nationalism that strives to unite the nation through a political, social and ethical revolution, into a dynamic national community under new elites and infused with new heroic values. The core inspiring myth underlying this vision is that only a populist, trans-class movement of purifying, cathartic national rebirth can stem the perceived tide of decadence.

Nostalgic fascism has persisted in South Africa since 1945 in the form of movements that took up the basic world view and struggle of the inter-war fascist formations. Within the German community individuals were still committed to the Nazi ideology and the Third Reich, while some right-wing German movements and newspapers pleaded for the reunification of Germany, and denied the occurrence of the Jewish Holocaust. South American fascists formed connections within the country, while British pre-war fascist leaders started chapters of their respective post-war movements in South Africa. Even indigenous Afrikaner movements, like the Boerenasie and AWB, could be classified within the nostalgic fascist phenomenon.

Since the seventies South Africa has witnessed the creation of more fanatical and mimetic movements that assimilated Nazism into all forms of white supremacism. These movements did not have any historical predecessors in South Africa, were mostly influenced by Social-Darwinism, and used the issue of race as a main focal point within their ideologies. Most of them were chapters of foreign mimetic movements that tried to reintroduce Nazi doctrines, and even displayed an open admiration for Hitler and the Third Reich.

Despite an official commitment to liberal democracy, the latent ultra-nationalism within a number of right-wing pressure groups and political parties made them serve as bridges between fascism and the rest of the right-wing movement. Although the denial of the Holocaust is not unique to right-wing politics, it is closely related to a fascist political agenda, as are the romantic ultra-nationalist and racist theories of the Conservative Revolutionists. Together with the crypto-fascist formations, these ideas provided a common ground of communication between fascist and right-wing groups, and formed an integral part of the neo-fascist phenomenon.